’n Pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA vir die voorkoming van diensverlating – met behulp van ’n persoonlikheidsontleding.

G.J. Niemann
13029819

Proefskrif voorgelê vir die graad Doctor Philosophiae in Pastoraal aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Promotor: Prof G Breed
Medepromotor: Prof P Joubert

Mei 2017

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dankbetuigings

Ek wil graag die volgende persone bedank:

- My promotor, Prof. G. Breed, vir sy leiding, bystand en moeite tydens hierdie studie.
- My mede-promotor, Prof. P. Joubert, vir al sy moeite, tyd, hulp en bystand en die wyse waarop hy altyd bereid is om te help.
- My vroutjie, Annemie Niemann, vir al haar liefde, geduld en bystand deur die jare van my studies.
- My kinders, Germie en German, wat my altyd op my doelwitte help fokus.
- My ouers, Piet en Kobie Niemann, wat altyd in my geglo het en gehelp het om my drome te verwesenlik.
- Die deelnemers aan hierdie navorsing vir hulle bereidwilligheid om die vraelyste met soveel ywer te voltooi en so hulle leef- en ervaringswêreld aan my bekend te maak.
- Aan Marie de Kock vir die noukeurige taalversorging van my proefskrif.

“Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here”
(Romeine 7:25)

G.J. Niemann
2017

Opsomming

'n Pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA vir die voorkoming van diensverlating – met behulp van 'n persoonlikheidsontleding.

Hierdie studie het gepoog om 'n pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA ter voorkoming van diensverlating daar te stel. Om hierdie doel te bereik het hierdie studie gebruik gemaak van persoonlikheidsontleding as hulpdissipline. Hierdie interdissiplinêre studie het dus gedien as 'n heelhartige poging om die saak van diensverlating so effektief moontlik aan te spreek. Die pastoraat en die sielkunde is deur hierdie studie gebruik as komplimentêre dissiplines om die saak van die koninkryk van God te dien. Die doel was om predikante in die GKSA met behulp van persoonlikheidsontleding toe te rus om intra- en interpersoonlike vaardighede te bevorder.

Met hierdie studie is vasgestel dat predikante hulself in 'n krisis bevind. 'n Groot aantal predikante verlaat die bediening vanweë faktore soos stres, moedeloosheid, hoë eise wat die bediening stel, skuldgevoelens, negatiewe denke, uitbranding, verlies van passie, verlies van werkvreugde, interpersoonlike konflik, innerlike konflik asook eensaamheid en isolasie. Om die rede het hierdie studie gepoog om predikante vir die uitdagings van die hedendaagse bediening toe te rus deur hulle emosionele en geestelike welstand te bevorder. Hier is vasgestel dat die persoon van die predikant, of "wie hy/sy is", 'n integrale rol in elke aspek van sy/haar dienswerk en lewe speel. God roep persone met verskillende persoonlikheidstipes tot sy diens en rus hulle vir hulle dienswerk toe. Hier is ook vasgestel dat persoonlikheidsontleding gebruik kan word om predikante met selfkennis en selfinsig toe te rus. Die pastoraat neem met ander woorde persoonlikheidsontleding as afdeling van die sielkunde "in diens" ten einde die navorsingsdoelstelling te bereik.

Hier is aangetoon dat die wisselwerking tussen die pastoraat en sielkunde in 'n toerustingsmodel kan voortvloei om predikante in die GKSA vir die uitdagings in die hedendaagse bediening toe te rus. Dit is daarom ook noodsaaklik om persoonlikheidsontleding in die toerusting van predikante in te sluit. Die uiteensetting van verskillende persoonlikheidsmodelle het die deur oopgemaak om predikante met verbeterde selfkennis en selfinsig toe te rus. Die verstaan van eie persoonlikheidstipe en interne sielkundige prosesse wat aanleiding gee tot bepaalde gedrag, kan werkstevredenheid asook inter- en intrapersoonlike verhoudings verbeter. Hierdie selfkennis dra ook tot die ontdekking van swak en sterkpunte by. Gevolglik kan 'n deeglike selfkennis predikante bemagtig om hulle unieke eienskappe te benut. Indien

persone bewus is van hulle individuele waarde, eienskappe, wyse van optrede en tekortkominge - veral vanuit ’n Christelike perspektief gesien - sal hulle bemagtig word om stabiliteit in hulle lewens en verhoudings te bring.

Die verskillende persoonlikheidsteorieë verhoog eerstens die besef dat God die mens geskape het met sekere eienskappe wat die mens se natuurlike neigings bepaal. Tweedens, dat die interaksie tussen die mens en sy/haar omgewing die vertoning van persoonlikheidseienskappe beïnvloed. Derdens, dat die innerlike sterk en swak punte van persoonlikheidstipes gedrag op verskillende wyses bepaal en beïnvloed. Mense met verskillende persoonlikheidstipes sal verskillend op ’n stresvolle omstandigheid reageer. Persoonlikheid het veral ’n invloed op persone se beroepskeuse. Beroepskeuse, persoonlik benadering, die prediking, interpersoonlike verhoudings, gewoontes, motiveringsvlak, motiewe en selfs godsdiensbeoefening is alles eienskappe wat deur persoonlikheidstipe beïnvloed word. Diensverlating kan aktief teengewerk word indien predikante verstaan hoe hulle individuele persoonlikheidstipe hulle werk- en leefwêreld beïnvloed en die impak wat dit op hulle persoonlike lewens uitoefen.

Dit het uit ’n eksegetiese studie duidelik geword dat God doodgewone mense tot sy diens roep. Mense wat selfs tot dade soos moord, egbreek en verraad in staat is, word deur God se Gees getransformeer om doelgerigte en bruikbare instrumente in sy hand te wees. Dit blyk duidelik dat God nie ’n spesifieke prototipe persoon roep nie: God roep elke persoon binne sy eie individualiteit en persoonlikheid om ’n deurslaggewende rol in sy koninkryk en verlossingsplan te speel. Met elk van die bestudeerde persone kom die “wie ek is?” in die uitvoering van hulle roepings duidelik na vore.

Die doel van hierdie studie is om te illustreer hoe God uiteenlopende mense tot sy diens roep, toerus en gebruik. Hierdie ondersoek word dan gebruik om predikante geestelik toe te rus deur vergelykings tussen hulself en die spesifieke Bybelse persoon met dieselfde persoonlikheidstipe as hulle, te trek. Die studie het Petrus as Bybelse Sanguiniese persoonlikheidstipe, Paulus as Bybelse Choleriese persoonlikheidstipe, Moses as Bybelse Melancholiese persoonlikheidstipe en Abraham as Bybelse Flegmatiese persoonlikheidstipe eksegeties ondersoek. God het elk van hierdie persone met vrug in sy koninkryk gebruik. Elk van hierdie persone is deur die Heilige Gees getransformeer in bruikbare instrumente. Ook getuig hierdie persone se dienswerk dat hulle belangrikheid vir God ook nie onderskat moet word

nie. Deur hierdie persone het God sy volk verlos en sy kerk gebou. Hulle dien as voorbeelde van die tipe mense wat God wil gebruik.

Ongeag swakpunte en die worsteling met sonde word dit duidelik dat God juis gewone mense in staat stel om buitengewone resultate te verkry. God slaan duidelik ag op die individualiteit van elke persoon wat Hy roep en rus daardie persoon ook sodanig toe om vanuit sy/haar individualiteit op 'n unieke wyse en op bepaalde plekke 'n impak te maak. Hierdie studie kan om dié rede vir die predikant 'n basis van vergelyking word ten einde tot die insig te kom van hoe God hom/haar kan en wil gebruik.

In die lig van die verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante is risikofaktore geïdentifiseer wat bepaalde persoonlikheidstipes kwesbaar maak vir moontlike diensverlating. Daar blyk 'n verband te bestaan tussen die soort werksaktiwiteite wat persone vervullend vind en die tipe omgewing wat persone verkies. Wanneer daar 'n dinamiese interaksie tussen die persoon en die omgewing bestaan, blyk dit beroepservaring positief te beïnvloed. Dit blyk dat bepaalde persoonlikheidseienskappe persone aangetrokke tot sekere beroepe maak. Dit blyk dat verskillende werksomgewings verskillende belonings en geleenthede vir verskillende persoonlikheidstipes bied.

Persoonlikheidstipes wat 'n groter verteenwoordiging binne 'n gegewe beroep het vertoon normaalweg ook 'n groter mate van werkstevredenheid omdat hierdie persoonlikheidstipes gewoonlik ook meer "in-pas" met hulle gekose beroep is. Die persoonlikheidstipes wat 'n lae verteenwoordiging binne 'n gegewe beroep het, loop 'n groter risiko vir die ervaring van sielkundige spanning. Persone met hierdie persoonlikheidstipes vertoon ook 'n groter intensie om 'n beroep te verlaat as die persoonlikheidstipes wat meer verteenwoordig word. Persoonlikheidstipes blyk 'n bepalende rol te speel by positiewe of negatiewe beroepservaring. By die predikante in die GKSA is vasgestel dat die Flegmatiese persoonlikheidskombinasie die meeste verteenwoordig word wat beduidend is van die feit dat persone met hierdie persoonlikheidskombinasies die groep verteenwoordig wat die meeste tot die bediening in die GKSA aangetrokke is. Aan die teenoorgestelde pool is die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidskombinasies wat die laagste verteenwoordig word, moontlike risikogroepe vir diensverlating Hierdie groepe behoort oor die algemeen ook die laagste werkstevredenheid aan te toon.

Die verhouding tussen die verskillende persoonlikheidskombinasies en die twee stres-persoonlikheidstipes is ook ondersoek. Die resultate wat op die stres-persoonlikheidskaal verkry is toon dat die meerderheid predikante in die GKSA ten tyde van die navorsing ŉ Tipe B- stres-persoonlikheid vertoon het. Die rede vir die verspreiding van die Tipe B- persoonlikheidstipe onder predikante in die GKSA korreleer positief met die geneigdheid na die Flegmatiese persoonlikheidstipe wat soortgelyke verspreiding onder predikante in die GKSA vertoon.

Deur middel van pastorale toerusting met behulp van persoonlikheidsontleding is nuwe benaderings vir die individu ontwikkel wat binne ŉ bepaalde werksomgewing meer effektief en belonend mag wees. Om hierdie doelstelling te bereik het hierdie kortkursus gepoog om deur middel van teoretiese sowel as praktiese oefeninge inter- en intrapersoonlike bewustheid te verhoog. Met die kursus word die deelnemers sistematies begelei om ŉ beter begrip te hê oor die vrae: “wie is ek?”, “hoe tree ek op?”, “hoe behoort ek op te tree” en “hoe kan die Here my gebruik?” In ŉ poging om toekomstige diensverlating pro-aktief aan te spreek het die pastorale toerustingsmodel in hierdie studie ook spesifiek gefokus om predikante toe te rus met interpersoonlike bewustheid. Die deelnemers word spesifiek begelei om hulle eie persoonlikheidseienskappe in sosiale en interpersoonlike interaksie in ag te neem en gevolge van bepaalde gedrag te antisipeer. Die predikant word ook spesifiek begelei om hulle eie sterk- en swakpunte te begryp en te ontwikkel. Die eindresultaat van die studie is om die genoemde predikante tot indiepte introspeksie te begelei.

Laastens: om diensverlating pro-aktief teen te werk het hierdie pastorale toerustingsmodel gepoog om predikante tot effektiewe selfsorg te begelei. Hiermee is spesifiek gepoog om predikante in die GKSA toe te rus ten einde gevaartekens of rooi ligte in hulleself waar te neem en intervensiestrategieë in werking te stel.

Abstract

A Pastoral equipping model for ministers in the RCSA to prevent leaving of the ministry – with the use of personality analysis.

This study aimed to develop a pastoral model to empower ministers in the RCSA to prevent them from leaving the ministry. Personality analysis were used as a supplementary discipline to achieve this goal. The pastoral and psychology disciplines were used by this study as complementary disciplines to serve the cause of the kingdom of God. This interdisciplinary study serves as a whole hearted attempt to prevent ministers from leaving the ministry. The purpose was to equip ministers of the RCSA with the help of personality analysis to develop intra- and interpersonal skills.

This study established that ministers find themselves in a crisis. A large number of ministers leave the ministry due to factors such as stress, despondency, high demands of the ministry, feelings of guilt, negative thoughts, burnout, loss of passion, loss of work satisfaction, interpersonal conflict, inner conflict as well as loneliness and isolation. For this reason this study attempted to equip ministers for the challenges of modern ministry by improving their emotional and spiritual wellness. It has been established that the personality of the minister, or "who he/she is", is an integral part of every aspect of his/her ministerial work. God calls people with different personalities to serve him and equipping them accordingly. It has also been established that personality analyses can be used to equip ministers to increase their self-knowledge and insight. This pastoral study uses personality analysis to "serve" as a part of psychology to achieve the research goals.

This study showed that the interaction between the pastoral studies and psychology can flow towards an equipping model for ministers in the RCSA providing them with skills to meet the challenges of modern ministry. For this reason it is important to include personality analysis in the equipping of ministers. The discussion of different personality models opened the door to equip ministers by means of improving knowledge and insight of themselves. The understanding of one's own personality type and the internal psychological processes involved that leads to certain behaviour, can improve worksatisfaction as well as inter- and intrapersonal relationships. This increased self-knowledge also contributes to the discovery of their own strengths and weaknesses. An efficient self-knowledge can therefore empower ministers to utilise their own unique characteristics effectively. When people are aware of their own worth, characteristics, their actions and shortcomings – especially

seen from a Christian perspective, they may be empowered to bring stability in their lives and relationships.

As seen through the different personality theories, it firstly increases our understanding that God created men with certain characteristics that in turn determine their natural tendencies. Secondly, that the interaction between a person and his/her environment influence the visibility of personality characteristics. Thirdly, that the inherent strengths and weaknesses of personality types influence behaviour in different ways. People with different personality types will react differently in stressful circumstances. Personality especially has an influence on one's occupation. Choice of occupation, personal approach, preaching, interpersonal relationships, tendencies, motivational level, motives, and even religious practices are all aspects that are influenced by personality characteristics. Ministers could be prevented from leaving the ministry if they had a better understanding of how their individual personality type influences their work and the impact it has on their personal lives.

The exegetical study brought to light that God calls ordinary people to his ministry. This includes people that were capable of committing murder, adultery and betrayal that are transformed through the Spirit of God, directed by Him and then becoming useful instruments in His hands. It seems clear that God does not call a specific prototypical person: God calls each person within his own individuality and personality to play a crucial role in his kingdom and plan of salvation.

The reason for this study was to illustrate how God calls, equips and uses different people in his service. This investigation is used to aid ministers spiritually by making comparisons between themselves and a specific biblical figure with the same personality type as them. This exegetical study identified Peter as biblical Sanguine personality type, Paul as biblical Choleric personality type, Moses as biblical Melancholic personality type, and Abraham as biblical Phlegmatic personality type. God used each of these persons fruitfully in His kingdom. Each of these persons was transformed through the Holy Spirit into usable instruments. These biblical figures also attest that their importance for God that cannot be under estimated. Through these biblical figures God saved His people and built His church. They serve as examples of the kind of people God want to use.

Despite weaknesses and the struggle with sin, it becomes clear that God wants to use ordinary people and make them capable of achieving the extraordinary. God clearly pays attention to the individuality of each person whom He calls, and equips

them accordingly to impact their ministry effectively. This study can serve as a helping aid to ministers, by means of comparison on how God wants to use him/her in the ministry.

In the light of the distribution of personality types with regard to the minister's, certain risk factors was identified which makes certain personality types vulnerable for leaving the ministry. There seems to be a relationship between the type of work activity that a person regards as fulfilling and the type of environment they choose. When a dynamic interaction exists between a person and the environment, it seems to have a positive impact on work satisfaction. It seems that certain personality characteristics attract certain people to specific occupations. It also seems that different working circumstances present different rewards and opportunities for different personality types.

Personality types that have a larger representation within a group normally experience better work satisfaction because this personality types can be seen as being "a good fit" with the specific occupation. The personality types with a lower representation in a group have a larger risk of experiencing psychological distress. Persons with this personality types normally express a greater intention to leave a given occupation compared to the personality types with a larger representation. Personality types seem to play a definite role in positive or negative work experience. With regards to the ministers in the RCSA it was established that the Phlegmatic personality type has the largest representation. This is significant due to the fact that ministers with this personality type are largely drawn to the ministry in the RCSA. On the other side of the spectrum the Sanguine and Melancholic personality types, have the lowest representations which are the groups that represent the greatest biggest risk for leaving the ministry.

The relationship between the different personality combinations and the two stress personality types were also investigated. The results that were obtained on the stress-personality scale showed that most of the ministers in the RCSA, at the time of the study, showed a Type B- stress-personality. The reason for this distribution of the Type B- personality amongst ministers in the RCSA correlates positively with the tendency toward the Phlegmatic personality type that reported a similar distribution.

Through pastoral training with the help of personality analysis, new approaches for the individual personalities were developed that may be more rewarding or effective. To achieve this goal this short course attempted to increase inter- and intrapersonal

awareness through theoretical as well as practical exercises. With this course the participants will be guided to obtain a better understanding on the questions: “who am I?”, “how do I act?”, “how should I act?” and “how can I be used by the Lord?” In an attempt to pro-actively attend to the matter of ministers leaving the ministry the pastoral equipping model in this study will attempt to equip ministers with interpersonal awareness. The participants are specifically guided to take into account their own personality characteristics and anticipate specific behaviours in social and interpersonal interactions. The minister is also specifically guided to understand and develop his/her own strengths and weaknesses. The final result of this study is to lead ministers to deeper introspection. Lastly, to pro-actively prevent ministers from leaving the ministry, this pastoral equipment model attempts to lead ministers to effective self-care. Specific attention was given to equip ministers of the RCSA to effectively notice and tend to warning signs in themselves, by means of putting intervention strategies in place before it is too late.

INHOUDSOPGAWE

HOOFSTUK 1

INLEIDING: PERSOONLIKHEIDSONTLEDING AS HULPDISSIPLINE TOT 'N PASTORALE TOERUSTINGSMODEL

1. INLEIDING 1

1.1 VOORGESTELDE TITEL EN SLEUTELTERME 1

1.1.1 Titel 1

1.1.2 Sleutelterme 1

1.2. ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING 2

1.2.1 Oriëntering 2

1.2.2 Probleemstelling 7

1.3 DIE OORKOEPELENDE NAVORSINGSVRAAG 12

1.4 VERDERE VRAE VANUIT DIE PROBLEEMSTELLING 12

1.5 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE 12

1.5.1 Doelstellings van die studie 12

1.5.2 Doelwitte van die studie 13

1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT 13

1.7 METODOLOGIE 14

1.8 PERSOONLIKHEIDSONTLEDING AS HULPMIDDEL TOT DIE PASTORAAT 17

1.9 HOOFSTUKINDELING 21

1.10 SAMEVATTING 22

1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN NAVORSINGSPLAN 22

HOOFSTUK 2

EMPIRIESE ONDERSOEK:

PERSOONLIKHEIDSTIPES AS GELDIGE INTERVENSIEMODEL VIR PREDIKANTE IN DIE GKSA

2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 24

2.2 DIE VERTREKPUNT EN OOGMERK VAN HOOFSTUK 2 25

2.3 NAVORSINGSMETODIEK 25

2.3.1 Navorsingsmetode 26

2.3.2 Samestelling van navorsingsgroep 27

2.3.3 Die grootte en die aard van die navorsingspopulasie 27

2.3.4 Metode van data insameling en samestelling van navorsingsbattery 28

2.3.5 Etiese konsiderering 30

2.3.6 Bepaling van die geldigheid en betroubaarheid van resultate 33

2.3.6.1 Metode wat gevolg word om die geldigheid en betroubaarheid te bepaal 34

2.3.6.2 Die wetenskaplik- verantwoordbaarheid van die verifikasie metode 36

2.3.6.3 Navorsingsresultate na die verifiëring van die vraelys 37

2.4. DATA INTERPRETASIE 40

2.4.1 Riglyne vir data berekening 40

2.4.2 Data bespreking 40

2.4.2.1 Verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA 40

2.4.2.2 Rede vir die verspreiding van persoonlikheidstipes by predikante in die GKSA 44

2.4.2.3 Verspreiding van persoonlikheidstipes en beroepservaring 48

2.4.2.4 Verspreiding en die geslagtelike samestelling van die steekproef 55

2.4.2.5 Verspreiding van stres-persoonlikheidstipes 55

2.4.3 Die toepassing van die navorsing op ’n pastorale toerustingsmodel. 61

2.5 GEVOLGTREKKING 63

HOOFSTUK 3

DIE GEBRUIK VAN PERSOONLIKHEIDSONTLEDING IN DIE PASTORAAT

3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 67

3.2 DIE VERTREKPUNT EN OOGMERK VAN HOOFSTUK 3 67

3.3 PERSOONLIKHEID 68
3.3.1 'n Definisie van persoonlikheid 68

3.4 PERSOONLIKHEIDSTEORIEË 71
3.4.1 Die Dieptesielkunde benaderings 72
3.4.1.1 Psigoanalitiese benadering van Sigmund Freud 73
3.4.1.1.1 Freud se siening oor die samestelling van persoonlikheid 73
3.4.1.1.2 Vlakke van bewustheid 74
3.4.1.1.3 Interne konflik, aggressie, angs en verdedigingsmeganismes 75
3.4.1.1.4 Gevolgtrekking van die psigodinamiese benadering 78

3.4.1.2 Die analitiese teorie van Carl Jung 80
3.4.1.2.1 Die mensbeskouing onderliggend aan Jung se teorie 80
3.4.1.2.2 Jung se struktuur van persoonlikheid 82
3.4.1.2.3 Jung se dinamiek van persoonlikheid 84
3.4.1.2.3.1 Jung se basiese uitgangspunte 85
3.4.1.2.3.2 Die mens as energiesisteem 85
3.4.1.2.3.3 Houdings van die psige 86
3.4.1.2.3.4 Funksies van die psige 87
3.4.1.2.4 Optimale ontwikkeling van die persoonlikheid 89
3.4.1.2.5 Jung se beskouing van Godsdiens 90
3.4.1.2.6 Gevolgtrekking van Jung se persoonlikheidsteorie 90

3.4.2 Behavioristiese benadering van persoonlikheid 91
3.4.2.1 Skinner: Persoonlikheid as produk van kondisionering 91
3.4.2.2 Bandura: Sosiaal-Kognitiewe benadering tot persoonlikheid 92
3.4.2.3. Gevolgtrekking van die Behavioristiese benadering van persoonlikheid 94

3.4.3 Humanistiese of persoongeoriënteerde benaderings van persoonlikheid 95
3.4.3.1 Carl Rogers se persoongesentreerde teorie 95
3.4.3.2 Abraham Maslow se selfaktualiseringsteorie 99
3.4.3.3 Die eksistensiële teorie van Viktor Frankl 102
3.4.3.3.1 Frankl se mensbeskouing onderliggend aan sy persoonlikheidsteorie 103

3.4.3.3.2 Frankl se struktuur van die persoonlikheid 105
3.4.3.3.3 Frankl se dinamiek van die persoonlikheid 106
3.4.3.3.4 Frankl se siening oor optimale ontwikkeling 108
3.4.3.3.5 Gevolgtrekking oor Viktor Frankl se teorie 110
3.4.3.4 Gevolgtrekking van die Humanistiese benadering van persoonlikheid 111

3.4.4 Biologiese benadering tot persoonlikheid 111
3.4.4.1 Eysenck se biologiese teorie van persoonlikheidsontwikkeling 111
3.4.4.2 Die Vyf-Faktor Model van persoonlikheidseienskappe 114
3.4.4.3 Gevolgtrekking van die biologiese benadering 116

3.4.5 Alternatiewe perspektiewe tot persoonlikheid 117
3.4.5.1 Die Afrika-perspektief 117
3.4.5.1.1 Die mens- en wêreldbeskouing van die Afrika-perspektief 118
3.4.5.1.2 Die Afrika-perspektief en geestesgesondheid 119
3.4.5.1.3 Gevolgtrekking oor die Afrika-perspektief 120
3.4.6 Gevolgtrekking oor die persoonlikheidsteorieë 120

3.5 DIE AARD VAN PERSOONLIKHEID 121
3.5.1 Konsekwentheid en eiesoortigheid van persoonlikheid 121
3.5.2 Persoonlike karakter en persoonlikheid 122
3.5.3 Persoonlikheid en patrone van reaksie 122
3.5.4 Introversie en ekstroversie as onderdele van persoonlikheid 122
3.5.5 Persoonlikheid en die trekke benadering 126
3.5.6 Temperament en geaardheid 127
3.5.7 Persoonlikheid en pasgraad 128

3.6 DIE VIER PERSOONLIKHEIDSTIPES 129
3.6.1 Sanguiniese Persoonlikheidstipe 129
3.6.1.1 Omskrywing van die Sanguiniese persoonlikheidstipe 129
3.6.1.2 Die Sanguiniese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes 130
3.6.1.3 Die Sanguiniese persoonlikheidstipe en beroepsgewoontes 131

3.6.1.4 Sterkpunte van die Sanguiniese persoonlikheidstipe 131
3.6.1.4.1 Sanguiniese persone is genotvol 131
3.6.1.4.2 Sanguiniese persone is optimisties 132
3.6.1.4.3 Sanguiniese persone is vriendelik 132
3.6.1.4.4 Sanguiniese persone is barmhartig 133

3.6.1.5 Swakpunte van die Sanguiniese persoonlikheidstipe 133
3.6.1.5.1 Sanguiniese persone is rusteloos 133

3.6.1.5.2 Sanguiniese persone het swak wilskrag 134
3.6.1.5.3 Sanguiniese persone is egosentries 134
3.6.1.5.4 Sanguiniese persone is emosioneel onstabiel 134
3.6.1.6 Gevolgtrekking van die Sanguiniese persoonlikheidstipe 135

3.6.2 Choleriese Persoonlikheidstipe 135
3.6.2.1 Omskrywing van die Choleriese persoonlikheidstipe 135
3.6.2.2 Die Choleriese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes 136
3.6.2.3 Die Choleriese persoonlikheidstipe se beroepsgewoontes 137

3.6.2.4 Sterkpunte van die Choleriese persoonlikheidstipe 138
3.6.2.4.1 Choleriese persone het sterk wilskrag 138
3.6.2.4.2 Choleriese persone is prakties 139
3.6.2.4.3 Choleriese persone is sterk leiers 139
3.6.2.4.4 Choleriese persone is optimisties 139

3.6.2.5 Swakpunte van die Choleriese persoonlikheid 140
3.6.2.5.1 Choleriese persone worstel met woede 140
3.6.2.5.2 Choleriese persone kan wreed wees 140
3.6.2.5.3 Choleriese persone is onstuimig 141
3.6.2.5.4 Choleriese persone is selfgenoegsaam 141
3.6.2.6 Gevolgtrekking van die Choleriese persoonlikheidstipe 141

3.6.3 Melancholiese Persoonlikheid 142
3.6.3.1 Omskrywing van die Melancholiese Persoonlikheid 142
3.6.3.2 Die Melancholiese persoonlikheid se lewensgewoontes 143
3.6.3.3 Die Melancholiese persoonlikheid se beroepsgewoontes 144

3.6.3.4 Sterkpunte van die Melancholiese persoonlikheid 145
3.6.3.4.1 Melancholiese persone is sensitief 145
3.6.3.4.2 Melancholiese persone is perfeksionisties 145
3.6.3.4.3 Melancholiese persone is getroue vriende 146
3.6.3.4.4 Melancholiese persone is selfopofferend 146

3.6.3.5 Swakpunte van die Melancholiese persoonlikheid 146
3.6.3.5.1 Melancholiese persone is selfgesentreerd 146
3.6.3.5.2 Melancholiese persone is pessimisties 147
3.6.3.5.3 Melancholiese persone is temperamenteel 148
3.6.3.5.4 Melancholiese persone soek vergelding 148
3.6.3.6 Gevolgtrekking van die Melancholiese persoonlikheidstipe 149

3.6.4 Flegmaties Persoonlikheid 149
3.6.4.1 Omskrywing van die Flegmatiese persoonlikheid 150
3.6.4.2 Die Flegmatiese persoonlikheid se lewensgewoontes 151
3.6.4.3 Die Flegmatiese persoonlikheid se beroepsgewoontes 151

3.6.4.4 Sterkpunte van die Flegmatiese persoonlikheid 153
3.6.4.4.1 Flegmatiese persone het 'n skerp sin vir humor 153
3.6.4.4.2 Flegmatiese persone is betroubaar 153
3.6.4.4.3 Flegmatiese persone is effektief 153

3.6.4.5 Swakpunte van die Flegmatiese persoonlikheid 154
3.6.4.5.1 Flegmatiese persone is traag 154
3.6.4.5.2 Flegmatiese persone is tergend 155
3.6.4.5.3 Flegmatiese persone is selfsugtig en hardkoppig 155
3.6.4.5.4 Flegmatiese persone is besluitloos 155
3.6.4.6 Gevolgtrekking oor die Flegmatiese persoonlikheidstipe 156

3.6.5 Die Vier Persoonlikheidstipes en die hantering van stres 156

3.7 DIE TWAALF KOMBINASIES VAN DIE VIER PERSOONLIKHEIDSTIPES 157
3.7.1 Identifisering en plasing van persone in persoonlikheidskombinasies 158
3.7.2 Twaalf variasies in die persoonlikheidskombinasies 160

3.7.2.1 Groep een: Sanguiniese persoonlikheidstipe as dominante eienskap 160
3.7.2.1.1 Die Sanguinies-Choleriese persoonlikheidskombinasie 161
3.7.2.1.2 Die Sanguinies-Melancholiese persoonlikheidskombinasie 162
3.7.2.1.3 Die Sanguinies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie 163

3.7.2.2 Groep twee: Die Choleriese persoonlikheidstipe as dominante eienskap 164
3.7.2.2.1 Die Choleries-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie 164
3.7.2.2.2 Die Choleries-Melancholiese persoonlikheidskombinasie 166
3.7.2.2.3 Die Choleries-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie 167

3.7.2.3 Groep drie: Melancholiese persoonlikheidstipe as dominante eienskap 168
3.7.2.3.1 Die Melancholies-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie 168
3.7.2.3.2 Die Melancholies-Choleriese persoonlikheidskombinasie 169
3.7.2.3.3 Die Melancholies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie 170

3.7.2.4 Groep 4: Die Flegmatiese persoonlikheidstipe as dominante eienskap 172
3.7.2.4.1 Die Flegmaties-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie 172
3.7.2.4.2 Die Flegmaties-Choleriese persoonlikheidskombinasie 173
3.7.2.4.3 Die Flegmaties-Melancholiese persoonlikheidskombinasie 175

3.7.2.5 Gevolgtrekking: Twaalf persoonlikheidskombinasies.....176

3.7.3 Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes.....176
3.7.3.1 Tipe-A Persoonlikheid.....177
3.7.3.2 Tipe-B Persoonlikheid.....179
3.7.3.3 Verhouding tussen Tipe-A persoonlikheid en locus van beheer.....180
3.7.3.4 Tipe-A persoonlikheid en gesin-werk konflik.....180
3.7.3.5. Terapeutiese intervensie by die Tipe-A persoonlikheid.....181

3.8 GEVOLGTREKKING.....182

HOOFSTUK 4

SKRIFPERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE GEROEPE DIENAARS SE PERSOONLIKHEIDSTIPES

4.1. INLEIDENDE OPMERKINGS 184

4.2. PASTORAAL-EKSEGETIESE VERTREKPUNT VAN DIE HOOFSTUK 184
4.2.1 Persoonlikheidstipes kan waargeneem word. 185
4.2.2 Persoonlikheidstipes is ’n God gegewe kwaliteit. 185
4.2.3 Persoonlikheidstipes is voorspelbaar. 186
4.2.4 Persoonlikheidstipes het inherente sterk en swak einskappe 186
4.2.5 Persoonlikheidseienskappe kan verbeter word 187

4.3. GOD GEBRUIK GEWONE PERSONE VIR ’N ONGEWONE TAAK 187

4.4. BYBELSE SANGUINIESE PERSOONLIKHEID 193
4.4.1 Petrus as Bybelse Sanguiniese persoon 194
4.4.2 Petrus vertoon Sanguiniese persoonlikheidseienskappe 196
4.4.2.1 Die Sanguiniese Petrus is impulsief 196
4.4.2.2 Die Sanguiniese Petrus is openhartig 201
4.4.2.3 Die Sanguiniese Petrus is uitgesproke 202
4.4.2.4 Die Sanguiniese Petrus is egosentries 204
4.4.2.5 Die Sanguiniese Petrus is grootpraterig 207
4.4.2.6 Die Sanguiniese Petrus se ontkenning 208
4.4.2.7 Die Sanguiniese Petrus se inkonsekwentheid 210

4.4.2.8 Die Sanguiniese Petrus se vervulling met die Heilige Gees 210
4.4.2.9 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se konsekwentheid 212
4.4.2.10 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se dapperheid 214
4.4.2.11 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se wysheid 215
4.4.2.12 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se vreugde 216
4.4.2.13 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se nederigheid 217
4.4.2.14 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se gebedslewe 219
4.4.2.15 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se liefde 220
4.4.2.16 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se saggeaardheid 221
4.4.2.17 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se geloof 222
4.4.2.18 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se geduld 222
4.4.2.19 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se leierskap 223
4.4.2.20 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se terugslag 230
4.4.2.21 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se geestelike volwassenheid 231

4.4.3 Gevolgtrekking oor die Sanguiniese Petrus....231

4.5. BYBELSE CHOLERIESE PERSOONLIKHEID....233
4.5.1 Paulus vertoon Choleriese persoonlikheidseienskappe....234
4.5.1.1 Die Choleriese Paulus se gevoelloosheid....234
4.5.1.2 Die Choleriese Paulus se sterk wilskrag....236
4.5.1.3 Die Choleriese Paulus se vyandigheid....239
4.5.1.4 Die Choleriese Paulus se selfgenoegsaamheid....240
4.5.1.5 Die Choleriese Paulus is dinamies....241
4.5.1.6 Die Choleriese Paulus is prakties....243
4.5.1.7 Die Choleriese Paulus is 'n krygsman....244
4.5.1.8 Die Choleriese Paulus is kontroversieel....245
4.5.1.9 Die Choleriese Paulus se motivering....246

4.5.1.10 Die Choleriese Paulus se transformasie....248
4.5.1.10.1 Die Choleriese Paulus se transformasie: Liefde....249
4.5.1.10.2 Die Choleriese Paulus se transformasie: Vreugde....250
4.5.1.10.3 Die Choleriese Paulus se transformasie: Vrede....250
4.5.1.10.4 Die Choleriese Paulus se transformasie: Vriendelikheid....251
4.5.1.10.5 Die Choleriese Paulus se transformasie: Geloof....252
4.5.1.10.6 Die Choleriese Paulus se transformasie: Nederigheid....252
4.5.2 Samevatting oor die Choleriese Paulus....254

4.6. BYBELSE MELANCHOLIESE PERSOONLIKHEID....254
4.6.1 Moses vertoon Melancholiese persoonlikheidseienskappe....255
4.6.1.1 Die Melancholiese Moses is begaafd....255
4.6.1.2 Die Melancholiese Moses is selfopofferend....256
4.6.1.3 Die Melancholiese Moses het 'n minderwaardigheidskompleks....257
4.6.1.4 Die Melancholiese Moses se woede....265
4.6.1.5 Die Melancholiese Moses se depressie....268
4.6.1.6 Die Melancholiese Moses se perfeksionisme....269
4.6.1.7 Die Melancholiese Moses se lojaliteit....271
4.6.2 Gevolgtrekking oor die Melancholiese Moses....272

4.7. BYBELSE FLEGMATIESE PERSOONLIKHEID....272
4.7.1 Abraham vertoon Flegmatiese eienskappe....273
4.7.1.1 Die Flegmatiese Abraham is huiwerig....274
4.7.1.2 Die Flegmatiese Abraham is vredeliewend....275
4.7.1.3 Die Flegmatiese Abraham is betroubaar....276
4.7.1.4 Die Flegmatiese Abraham is Passief....277
4.7.1.5 Die Flegmatiese Abraham is vreesbevange....278

4.7.1.6 Die Flegmatiese Abraham se transformasie 280
4.7.2 Gevolgtrekking oor die Flegmatiese Abraham 281

4.8. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 282

HOOFSTUK 5

’N PASTORALE TOERUSTINGMODEL MET BEHULP VAN PERSOONLIKHEIDSONTLEDING

5.1 INLEIDENDE OPMERKINGS 284

5.2 DIE VERTREKPUNT EN OOGMERK VAN HOOFSTUK 5 284

5.3 ’N PASTORALE TOERUSTINGMODEL MET PERSOONLIKHEIDSONTLEDING .. 285

5.3.1 Leerafdeling A: Inleiding en kursusinhoud 285
5.3.1.1 Kursus doelstellings 285
5.3.1.2 Kursus inhoud 285
5.3.1.3 Studie Ikone 286
5.3.1.4 Die proses wat die kursus volg 286
5.3.1.5 Die Johari huis 286

5.3.2 Leerafdeling B: Die hoe, wat en waarom van persoonlikheid 288
5.3.2.1 Wat is persoonlikheid? 288
5.3.2.2 Waarom is kennis van my persoonlikheidstipe belangrik? 289
5.3.2.3 Hoe beïnvloed my persoonlikheid my lewe? 290

5.3.3 Leerafdeling C: My persoonlikheid en die vraag “wie ek is?” 291
5.3.3.1 Ontdek u persoonlikheidstipe 292
5.3.3.2 Berekening van u persoonlikheidstipe 294
5.3.3.3 Persoonlike eienskappe kieslys 295
5.3.3.4 Persoonlike eienskappe kieslys: Interpretasie 298

5.3.4 Leerafdeling D: Omskrywing van my persoonlikheid. 298
5.3.4.1 Wat is ’n Introvert en ’n Ekstrovert? 300
5.3.4.2 Wat is Onemosioneel (Denke) en Emosioneel (Gevoelens)? 301
5.3.4.3 Die verstaan van my persoonlikheidstipe 303

5.3.5 Leerafdeling E: My persoonlikheid en my verhouding met die Here. 308
5.3.6 Leerafdeling F: My persoonlikheid en my verhoudings met ander. 311
5.3.7 Leerafdeling G: My persoonlikheid en hoe dit vir my kan werk. 316

5.3.8 Leerafdeling H: My persoonlikheid en selfsorg 319
5.3.8.1 Stres: Persoonlikheidskaal 323
5.3.8.2 Interaksie met mense: U sosiale energie 328
5.3.8.3 Toon u beskikbaarheid aan 329
5.3.8.4 Skep ’n lewensvisie 330

5.3.8.5 Omhels u kwesbaarheid 333
5.3.9 Ten slotte 334

5.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING 334

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING.....336

6.2 DIE VERTREKPUNTE EN OOGMERKE VAN HIERDIE HOOFSTUK.....337

6.2.1 Persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot ’n pastorale toerustingsmodel. 337

6.2.2 Persoonlikheidstipes as geldige intervensiemodel vir predikante in die GKSA 338

6.2.3 Die gebruik van persoonlikheidsontleding in die pastoraat 341

6.2.4 Skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaar se persoonlikheidstipe.....342

6.2.5 ’n Pastorale toerustingsmodel met behulp van persoonlikheidsontleding. 344

6.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING.....345

BIBLIOGRAFIE 347

Bylaag A 366

Bylaag B 377

Bylaag C 382

HOOFSTUK 1

INLEIDING: PERSOONLIKHEIDSONTLEDING AS HULPDISSIPLINE TOT ’N PASTORALE TOERUSTINGSMODEL

1. INLEIDING

Hierdie hoofstuk dien as inleiding tot die studie om ’n pastorale toerustingsmodel vir predikante in die Gereformeerde Kerke in Suid Afrika (GKSA) met behulp van persoonlikheidsontleding te ontwikkel. In hierdie hoofstuk sal die uitleg van die totale studie gegee word. Verder sal hier ook gepoog word om die eerste navorsingsvraag van Osmer (2008:32) “Wat is besig om te gebeur?” te beantwoord. Hier sal deur resente navorsing aangetoon word wat die waarneembare probleme is waarmee Gereformeerde predikante in die hedendaagse bediening gekonfronteer word. Oorsake van diensverlating asook die noodsaak om predikante in die GKSA met intra- en interpersoonlike vaardighede toe te rus sal ondersoek word. Hierdie hoofstuk sal verder die navorsingsmetodiek van hierdie studie uitspel. In hierdie hoofstuk sal ook aantoon word hoe persoonlikheidsontleding, as afdeling van die sielkunde, tot ’n pastorale toerustingsmodel kan meewerk om predikante in die GKSA met intra- en interpersoonlike vaardighede toe te rus om ’n gebalanseerde emosionele, geestelike en interpersoonlike bedieningslewe te handhaaf. Omdat persoonlikheidsontleding, wat tot die sielkunde behoort, by hierdie studie betrek word, sal daar ook in hierdie hoofstuk aangetoon word hoe hierdie spesifieke interdissiplinêre studie aangepak gaan word.

1.1 VOORGESTELDE TITEL EN SLEUTELTERME

1.1.1 Titel

’n Pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA vir die voorkoming van diensverlating – met behulp van ’n persoonlikheidsontleding.

A Pastoral equipping model for ministers in the RCSA to prevent leaving of the ministry – with the use of personality analysis.

1.1.2 Sleutelterme

Pastorale toerustingsmodel, predikante in die GKSA (Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) en persoonlikheidsontleding.

Pastoral empowering model, ministers in the RCSA (Reformed Churches in South Africa) and personality analysis.

1.2. ORIËNTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.2.1 Oriëntering

Gedurende die tydperk tussen 2000 en 2015 het 35 predikante van die GKSA voortydig die bediening verlaat. In 2014 was daar ŉ totaal van 267 predikante in die bediening (Die Almanak van die GKSA, 2015:306-307). Dit impliseer dat 13.1% van die predikante tussen 2000 en 2015 die bediening vroegtydig verlaat het. Hierdie verlating het onder andere geskied op grond van Artikel 12 van die Kerkorde van die GKSA[1] (Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, 2014:18) wat beteken dat hierdie predikante oorgegaan het na ŉ *ander staat van lewe* en daarom nie meer aan die kerkdiens verbonde is nie.

Grobbelaar (2007:113) het met haar studie oor stres by predikante in die GKSA bevind dat faktore soos moedeloosheid, oorsensitiwiteit, verpersoonliking van kritiek, voortdurende skuldgevoelens, negatiewe denke en stresfaktore predikante in die GKSA beïnvloed. Hierdie faktore is einskappe wat direk aan die domein van persoonlikheid verbind kan word (Meyer *et al*, 2003:4). Badenhorst en Fleischmann (2008:41) het met ŉ stresopname tydens die Partikuliere sinode Vrystaat – Natal in 2006, bevind dat 25% van predikante wat aan die navorsing deelgeneem het, hoë vlakke van stres beleef. Wanneer hierdie resultate vergelyk word met statistiek oor stres onder die algemene Suid-Afrikaanse bevolking, kan bevestig word dat stresvlakke van Gereformeerde predikante ver bo die normale van slegs 2% is.

Niemann (2010:139) het met ŉ empiriese studie bevind dat ŉ groot persentasie van nagraadse teologiese studente van die GKSA reeds tydens hulle studies deur uitbranding beïnvloed word. Niemann (2010:140) het met sy studie bevind dat 35% van nagraadse teologiese studente van die GKSA in die akute stadium en ŉ verdere 15% in die ineenstorting stadium van uitbranding was. As primêre oorsaak van uitbranding by nagraadse teologiese studente is ŉ oorlading van werk en ŉ verlies van werksvreugde geïdentifiseer.

[1] Artikel 12 van die Kerkorde van die GKSA: "Omdat ŉ bedienaar van die Woord wat eenmaal wettig beroep is, lewenslank aan die kerkdiens verbonde is, mag hy nie tot ŉ ander staat van lewe oorgaan nie, behalwe om gewigtige redes waaroor die kerkraad en die klassis moet oordeel met advies van die deputate van die streeksinode."

Die navorsingsbevindinge van Grobbelaar (2007:117), Badenhorst en Fleischmann (2008:41) asook Niemann (2010:140) het bewys dat stres en uitbranding predikante en selfs teologiese studente van die GKSA negatief beïnvloed. Die vraag wat hieruit voortspruit is: Hoe kan predikante in die GKSA toegerus word om die uitdagings van die hedendaagse bediening te hanteer? Hoge en Wenger (2005:271) het navorsing in vyf hoofstroom Christelike kerke[2] in die VSA gedoen om vas te stel om watter redes predikante die bediening verlaat. Hoge en Wenger (2005:35) het gevind dat predikante van hierdie kerke die bediening vir die volgende redes verlaat het:

- Die noodsaak om kinders of ander familielede te versorg
- Konflik in die gemeente of met gemeentelede
- Konflik met ander leiers in kerkverband
- Uitbranding en moedeloosheid
- Egskeiding en huweliksprobleme

Rowell (2010:1) het met 'n studie oor diensverlating by predikante bevind dat spanning in gesinsverhoudings, swak gesondheid, emosionele stres en 'n gevoel van geestelike ineenstorting tot diensverlating aanleiding gegee het. Rowell (2010:6) voeg ook moegheid en verlies van visie en passie by as redes vir diensverlating. Faulkner (2001:2) het met sy studies bevind dat uitbranding, emosionele uitputting, depressie en fisieke siekte ook 'n rol speel by predikante wat die diens verlaat. Hoge en Wenger (2005:84) het verder vyf konflik areas geïdentifiseer by predikante wat die bediening verlaat: (1) Persoonlike leierskapstyl; (2) Swak kerklike finansies; (3) Veranderinge in tradisionele kerklike strukture; (4) Konflik met ander kerkleiers; asook (5) Konflik met gemeentelede. Binne die vyf denominasies wat Hoge en Wenger (2005:84) ondersoek het, was die hoofoorsake waarom predikante die bediening verlaat het, die volgende: (1) Om emosioneel getap te word deur werkseise; (2) 'n Gevoel van eensaamheid en isolasie; (3) Min of geen ondersteuning binne hulle kerkverband; en (4) Professionele stagnasie en 'n gevoel van ingeperktheid.

Faulkner (2001:7&8) gee verdere redes waarom predikante die bediening verlaat. Hy verwys na die sogenaamde "P.O.W" sindroom. Volgens hierdie sindroom sien predikante hulleself as "prisoners of war." Hulle voel met ander woorde vasgevang in hulle bedieningsomstandighede. Al hulle opleiding voel soos tyd en energie vermors. Soos krygsgevangenes voel hulle hulpeloos om aantygings teen hulle te beveg.

[2]Assemblies of God; the Evangelical Lutheran Church in America; the Lutheran Church-Missouri; the Presbyterian Church-USA & the United Methodist Church.

Hulle voel geboei teen die muur van ontevredenheid en voel beroof van liefde, aanvaarding en om self bedien te word. Kruger en Venter (2004:454) wys verder daarop dat hierdie predikante mishandel voel deur hulle belewenis van die gevoelloosheid van sommige gemeentelede wat hulle bedieningswerk minag.

Om egter die volledige prentjie te kry moet hier ook ondersoek ingestel word na die dieperliggende innerlike konflik wat predikante in die bediening beleef. Volgens Nel (2005:586) is predikante nie alleenlik in hulle dienswerk onder druk nie, maar ook as individue. Die bogenoemde krisisse in predikante se dienswerk het die navorser oortuig dat daar 'n indringende behoefte bestaan vir 'n "pastoraat vir predikante."[3] Persoonlikheidsontleding kan moontlik lig werp op die innerlike konflik en die ontwikkeling van intra- en interpersoonlike vaardighede.

Met bogenoemde as agtergrond sal hierdie studie spesifiek fokus op die ontwikkeling van 'n pastorale toerustingsmodel in die vorm van 'n kursus vir Voortgesette Beroep Ontwikkeling (VBO) vir predikante van die GKSA. Om hierdie doelstelling te bereik sal hierdie studie spesifiek van persoonlikheidsontleding gebruik maak. Hierdie strategie sal poog om predikante van die GKSA met 'n verbeterde selfkennis en 'n verhoogde intra- en interpersoonlike bewusthede toe te rus. Volgens Hogan (2013:2) dra selfkennis daartoe by om persoonlike reaksies in stresvolle of konfliksituasies pro-aktief te antisipeer om sodoende meer taktvol te reageer. Hogan (2014:1) noem verder dat persoonlikheidsontleding selfkennis en interpersoonlike vaardighede op 'n wetenskaplikgefundeerde wyse moontlik maak. Hy noem "dat selfkennis iemand in staat stel om hulle eie emosies te kan beheer." Selfkennis dra tot 'n groot mate tot 'n individu se werksukses en werkstevredenheid by. Iemand met 'n tekort aan hierdie vermoë vind dit moeilik om effektiewe interpersoonlike verhoudings te handhaaf en kan om die rede misluk, ongeag hoe intelligent of talentvol hulle ook al mag wees." (Hogan, 2013:1). Aan die ander kant kan persone met 'n tekort aan selfkennis en interpersoonlike vaardighede onbewustelik hulle sterkpunte oorskat en hulle tekortkominge ignoreer wat hulle reputasie en geloofwaardigheid in hulle beroep tot nadeel kan wees.

Volgens Pervin *et al* (2005:6) word daar met "persoonlikheid" die volgende bedoel: Persoonlikheid is dit wat van iemand 'n persoon maak. Dit is eienskappe wat dit

[3]Beide Coetzer (2008:12) sowel as Scholtz (1996:10) verwys in hierdie opsigte na die noodsaak vir 'n "pastor pastorum." Die "pastor pastorum" moet beoog om beide geloofshulp en lewenshulp aan die predikant te verleen. Om hierdie doel te bereik behoort 'n interdissiplinêre studie gedoen te word. Die interaksie tussen die Sielkunde en Pastoraat kan interessante, verrassende en vrugbare resultate oplewer.

moontlik maak om spesifieke persoonstipes se gedrag te voorspel, en die eienskappe waaraan persone geken word te beskryf. Dit sluit dus liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe in wat 'n persoon se gedrag bepaal (Sien figuur 1.4). Volgens LaHaye (1994:3) is persoonlikheid die mens se "uitwaartse uitdrukking" van hom- of haarself. Ten diepste gaan persoonlikheid volgens Nel (2001:13) oor "wie ek as mens in verhouding met my omgewing is." Wie "ek" is kom ook in die prediking en bediening van die predikant na vore. Nel (2001:13) verwys daarna dat die "prediking geen ek-lose gebeure is nie." Predikant-wees gaan oor meer as net 'n preek wat op die kansel is: "Niemand is meer sigbaar as die "ek" wat daar "is" nie." Die "ek" as predikant is onlosmaaklik deel van elke aspek van die bediening en van alles wat predikant-wees behels.

Heitink (1984:16) formuleer bogenoemde soos volg: "*Daarbij moet onderscheid gemaakt worden tussen zijn persoonlijke identiteit en zijn pastorale identiteit. Vooral twee vragen duiken in dit verband regelmatig op: Wie ben ik? Wat kom ik doen? Terecht dat er geen beroep is, waarbij persoonlijke existentie en ambt zozeer verweven zijn als bij een pastor het geval is.*" Heitink (1984:16) se insig vestig die aandag op die noue verband tussen predikante se persoonlikheid en die praktiese uitvoering van hulle ampswerk. Dit impliseer duidelik dat predikante se persoonlikheidsamestelling direk in hulle ampswerk en lewe meewerk.

Met inagneming van die beginsels, oorsprong, doel en aard van die amp van die predikant is oormatige stres en gevolglike diensverlating van predikante uiters problematies. In hierdie opsig bring diensverlating die roeping van predikante in gedrang. Volgens Smit en Du Plooy (2008:62) is die predikant se roeping 'n innige band tussen hom/haar en die Here. Die roeping van predikante is daarom in wese 'n geloofsverbintenis. Wanneer predikante tot die punt kom dat diensverlating die enigste uitweg is, ervaar hulle nie net 'n innerlike en emosionele krisis nie maar in diepte ook 'n geloofskrisis. Dit kan predikante wat die bediening verlaat op 'n geestelike en persoonlike vlak verwond of selfs ontwortel. Predikante verlaat nie net hulle beroep nie, maar verloor ook die identiteit wat hulle as predikant voorheen gedefinieer het. Dit is om die rede waarom die navorser persoonlikheidsontleding in 'n pastorale toerustingsmodel wil laat meewerk. Die insig wat vanuit individuele einskappe en gedrag na vore kom, kan insiggewende en merkwaardige bydrae lewer in die ontwikkeling van 'n intervensiestrategie.

Die vraag wat uit die bogenoemde voortvloei is: Hoe kan persoonlikheidseienskappe gemeet word? McAdams (2009:118) identifiseer vier basiese Persoonlikheidstipes

wat hulle identifikasie reeds omstreeks 400vC by monde van Hippocrates gehad het. Die basiese persoonlikheidstipes het elk ook volgens Allen (2010:16) hul eie sterk en swak punte. Hierdie persoonlikheidstipes is: Die Sanguiniese Persoonlikheidstipe, die Choleriese Persoonlikheidstipe, die Melankoliese Persoonlikheidstipe en die Flegmatiese Persoonlikheidstipe. Hippocrates het volgens Mischel *et al* (2008:54) geglo dat daar vier basiese elemente was: grond, lug, vuur en water. Hippocrates het hierdie vier basiese elemente in verband gebring met vier liggaamsvloeistowwe: Die eerste is bloed (warm bloed), die tweede "choler" (geelgal), die derde is "melancholy" (swartgal) en die vierde "phlegm" (flegma of slym). Vir Hippocrates het hierdie vier konsepte die volgende aangedui:



Figuur 1.1: Sterk- en swakpunte van die vier basiese persoonlikhede (Burger, 2004:249).

Hippocrates het die vier persoonlikheidstipes so genoem omdat hy van mening was dat die vier verskillende liggaamsvloeistowwe die oorsaak van die vier verskillende persoonlikheidstipes was (Louw & Edwards, 2003:515). Sowat 200nC. het 'n Griekse dokter by name van Galen, 'n gedetaileerde lys van die sterk en swak punte van die

vier persoonlikheidstipes saamgestel (sien Figuur 1.1). Hierdie lys het deur die eeue behoue gebly en maak steeds deel uit van verskeie persoonlikheidsteoretisering.

Tabel 1.1: Hippocrates se klassieke persoonlikheidstipologie (Strelau, 1998:2).

Element	**Liggaamsvloeistof**	**Persoonlikheidstipe**	**Eienskappe**
Grond	Swartgal	Melancholies	Teruggetrokke, ongeduldig
Lug	Bloed	Sanguinies	Vrolik, uitgaande, kalm
Vuur	Geelgal	Choleries	Geïrriteerd, knorrig, luidrugtig
Water	Flegma	Flegmaties	Stil, gelykmatig, onemosioneel

Met die ontwikkeling van die moderne mediese wetenskap is die gedagte dat 'n persoon se persoonlikheidstipe deur liggaamsvloeistowwe bepaal word verwerp, maar die viervoudige name om persoonlikheidstipes te klassifiseer word steeds gebruik en aanvaar. Carter (2012:1) wys daarop dat hierdie klassifikasie help om die kompleksiteit van persoonlikheidsvariasies te vereenvoudig.

Louw en Louw (2007:125) verwys ten opsigte van persoonlikheid na die konsep "pasgraad" (*goodness of fit/poorness of fit*) wat verwys na die aard van die interaksie tussen persone se persoonlikheidsamestelling en omgewing. Volgens hierdie model, sal optimale funksionering (bv. positiwiteit, optimisme, kreatiwiteit, goeie menseverhoudinge, goeie selfbeeld, ens.) plaasvind indien persone se persoonlikheidsamestelling en die omgewing waarin hulle hulself bevind in pas is. Burger (2004:267) wys verder op die feit dat indien persone se persoonlikheidsamestelling en die omgewingsinvloede waaraan persone blootgestel word nie versoenbaar (in passing met mekaar) is nie, kan probleme soos interpersoonlike konflik ontwikkel (Chess & Thomas 1996:191).

1.2.2 Probleemstelling

Met inagneming van die sensitiewe en komplekse aard van die saak, moet daar 'n geskikte weg gevind word om predikante effektief toe te rus om die uitdagings van die hedendaagse bediening effektief te kan hanteer en te bestuur. Die saak waarom dit hier gaan raak die eer van God en die koms van die Koninkryk. Die doel van die amp van die predikant vind gestalte in sy diens in die kerk van die Here (vgl. NGB: art 31). In hulle diens beywer predikante hulle vir die verkondiging van die evangelie. Volgens Smit en Du Plooy (2008:66) het die predikant as dienskneg van die Here die taak om die kudde van God te versorg, te lei en te beskerm. Die diens van predikante bestaan daarom, buiten die emosionele en fisiese, ook uit 'n geestelike of geloofsdimensie deurdat hulle geheel en al in die diens van die Here staan.

Omdat predikante se menswees deur hulle roeping gedefinieer word, is predikante lewenslank aan die kerkdiens verbind. Predikante word nie deur mense, kerkrade of gemeentes tot hierdie diens geroep nie maar deur die Here self. Die verbintenis tussen Christus en predikante is volgens Smit en Du Plooy (2008:66) die hoeksteen op grond waarvan die diens van predikante gedefinieer word. Deur diensverlating word predikante se roeping, doel en aard van hulle ampswerk in gedrang gebring en laat dit die totale persoon "wie ek is" op 'n persoonlike, geestelike en emosionele vlak in 'n krisis. Mens sou dit 'n eksistensiële lewenskrisis kon noem. Hierdie studie fokus daarom nie net op die persoon as predikant in isolasie nie, maar ook op hulle emosionele en geestelike welstand.

Die essensiële taak van die voorgestelde pastorale toerustingsmodel sal poog om die volgende vrae vir predikante in die GKSA te beantwoord: Tot watter mate speel my persoonlikheidstipe 'n rol in hoe ek interpersoonlike konflik hanteer? Watter rol speel my persoonlikheidsamestelling by my vermoë om negatiewe aspekte in die bediening te hanteer? Hoe het God Bybelse persone met dieselfde persoonlikheidstipe as ek gebruik en toegerus?

Baron *et al* (2009:401) definieer interpersoonlike konflik as "'n proses waarin 'n individu bewus word dat iemand anders se sienings of gedrag onversoenbaar is met die van hulle eie belange." Dit het interpersoonlike konflik en negatiwiteit as neweeffek tot gevolg. Interpersoonlike konflik kan eenvoudige wantroue uiteindelik tot woede laat eskaleer.

Volgens Mol (1997:15) kan persone byvoorbeeld die persoonlikheidsamestelling hê wat hulle in staat stel om maklik besluite te neem, terwyl ander in dieselfde groep besluitloos is. Wanneer hierdie uiteenlopende verskillende persone saam besluite moet neem kan daar gevolglik konflik ontstaan. Persone wat maklik besluite neem mag ongeduldig word met diegene wat besluitloos is. Kay (2000:85) het in verband met interpersoonlike konflik die volgende vasgestel: Hoe meer predikante se loopbane deur 'n kerkverband bepaal word, hoe meer konflik ervaar hulle (sien uiteensetting oor locus van beheer 3.7.3.3). Die konflikvrye bediening van predikante kan direk in verband gebring word met werkstevredenheid en die moontlikheid om selfstandig in hulle dienswerk te funksioneer.

Weaver *et al* (2002:398) wys op die feit dat predikante sigbare en publieke persone is en dat die bediening per definisie gaan om betrokkenheid by mense. Predikante mag onder druk wees om hulle foute en mislukkings weg te steek uit vrees vir kritiek.

Die effek van hoë sigbaarheid is dikwels meer opvallend in die lewe van predikante se huwelikslewe. Vrees vir kritiek en indringing in hulle persoonlike lewe kan spanning in predikante se huwelike veroorsaak. Omdat predikante as volledige mense in diens van die Here staan, raak interpersoonlike konflik en kritiek hulle dienswerk asook hulleself. Probleme kan veral ontstaan as predikante introverte persoonlikhede het. Daar mag van predikante verwag word om ten alle tye besonder spontaan of stemmig voor te kom, wat nie noodwendig in pas met hulle persoonlikheidstipe is nie. Labuschagne (2008:39) skryf in sy Outo-Etnografiese studie van die beroepsbelewenis van 'n predikant:

Ons was gedurig in die openbare oog. Gemeentebesit. Uitgelewer aan mense se opinies. En opinies het hulle gehad. Oor alles. Waar ons vakansie hou. Die klere wat ons dra. Die kos wat ons eet. Die skole waarheen ons, ons kinders stuur. Die soort motor wat ons ry. Dit mag nie te spoggerig of luuks wees nie. Die huis waar ons bly. Oor hoeveel geld ons kry.

Uit wat hierbo gesê is, blyk dit dat daar 'n noue band tussen predikante, hul roeping, hul ampswerk, hul persoonlikheid en hul gemeentes bestaan. Aan die een kant moet predikante naby aan gemeentelede wees ten einde hulle lewens aan te raak en hulle persoonlike roeping te vervul. Maar aan die ander kant is 'n mate van afstand en 'n begrensde persoonlike lewe ook van kritiese belang. Die geestelike en emosionele welstand van predikante vereis 'n gebalanseerde lewe in alle opsigte. 'n Wanbalans tussen predikante se persoonlike lewens en hulle ampswerk kan ook 'n bron van konflik tussen predikante en gemeentelede wees (Cloud & Townsend, 1992:51).

Du Toit (1995:3) wys daarop dat die praktiese toepassings en gebruik van persoonlikheidsontleding in beroepsleiding van predikante uiters noodsaaklik is. Daar is 'n betekenisvolle verband tussen persoonlikheidstipe en beroepstevredenheid. Baron *et al* (2009:443) wys verder in hierdie verband na interne stresfaktore. As gevolg van persoonlikheidsamestelling kan daar by predikante 'n innerlike stryd ontstaan. As predikante 'n groot behoefte aan goedkeuring het, mag dit vir hulle baie moeilik wees om enigiemand teleur te stel of om "nee" te sê as iemand met 'n versoek kom.

Die vraag kan nou gevra word: Wat is die doel met die ontleding van predikante se persoonlikheidstipe? Wanneer predikante selfkennis van hulle inherente persoonlikheidstipe dra, kan dit hulle bemagtig om ander se reaksies op hulle optrede meer effektief te hanteer om sodoende intra- en interpersoonlike konflik of

spanning te voorkom. Persone kan aanleer om bepaalde gedrag te verwag en die persoonlike grense van ander te respekteer en te bestuur. Dit loop egter uit op die verstaan van ’n individu se eie optrede asook die van ander. Scholtz (1996:95) wys daarop dat suksesvolle predikante persone is wat hulle eie grense herken en erken.

Die weg wat in hierdie studie vir die toerusting predikante in die GKSA gevolg word, is die weg van *bewuswording* en *integrasie*. Dit behels bewuswording van eie persoonlikheidseienskappe en die integrasie van hierdie selfkennis in hul daaglikse lewe en funksionering as predikante. Wanneer predikante hulle eie persoonlikheidstipe en patrone van gedrag verstaan kan dit bydra tot die besef van hulle eie sterk- en swakpunte. Predikante moet volgens Oswald en Kroeger (1999:97) ook hulle eie bedieningstyl herken en besef dat elkeen ’n persoonlike benadering tot die bediening het. Die verstaan van eie persoonlikheidsamestelling kan predikante in die GKSA intra- en interpersoonlik bemagtig. Die doel van hierdie pastorale toerusting is om predikante geestelik en emosioneel deur ’n weg van selfontdekking te bemagtig om die uitdagings van die hedendaagse bediening te hanteer.

In hierdie studie gaan dit nie daaroor om ’n spesifieke persoonlikheid te identifiseer wat as “voorspeller” of “waarborg” van suksesvolle predikantskap sal dien nie, maar om predikante as unieke persone toerusting te bied om hulself meer effektief in die bediening te handhaaf. Die studie sal daarom poog om predikante in die GKSA tot doeltreffende streshantering te lei deur effektiewe selfkennis te kweek. Scholtz (1996:89) wys daarop dat God “uiteenlopende soorte mense” tot sy diens roep en dat daar dus nie ’n “enkele predikant-persoonlikheid” geïdentifiseer kan word nie.

Die eindresultaat van die studie het *selfrefleksie* ten doel om predikante bewus te maak van hulle identiteit in Christus en as geroepe dienaars. Predikante word dus pastoraal begelei om die vraag “wie is ek binne die wêreld van my roeping” te beantwoord. Self-bewustheid is volgens Feldman en Mulle (2007:13) die fundamentele vaardigheid van emosionele intelligensie. Volgens Goleman (1996:6) bestaan emosionele intelligensie uit die volgende vaardighede:

- Pogings om eie en ander se emosies te verstaan
- Identifisering van die bron van eie en ander se emosies
- Ontdekking van die dryfveer agter eie emosies
- Erkenning van die effek van eie en ander se emosies op gedrag

Daarom is die wysiging en aanpassing van persoonlikheid nie die doel nie, maar dat predikante hulle eie uniek persoonlikheidsamestelling verstaan en hulle eie uniek swak- en sterkpunte ken en in ag neem in bepaalde situasies. Dit impliseer die bewustheid "hoe ek normaalweg optree" teenoor "hoe ek in 'n spesifieke situasie meer doeltreffend kan optree." Wanneer predikante volgens Berens en Nardi (1998:3) 'n beter begrip van hulle persoonlikheidsamestelling het, kan hulle meer objektief na hulle sterk- sowel as hul swakpunte kyk. Deur 'n Geesvervulde lewe kan elke mens volgens LaHaye (1994:87) die tipe persoon word wat God hom/haar in staat stel om te wees. In Galasiërs 5:22 word nege Geesvervulde eienskappe weergegee. Geesvervulde persone, of hulle nou 'n Sanguiniese, Choleriese, Melancholiese of Flegmatiese persoonlikheidstipe het, sal deur middel van 'n Geesvervulde lewe hierdie nege positiewe eienskappe kan vertoon. Geesvervulde predikante sal hulle natuurlike sterkpunte behou en verbeter terwyl hulle natuurlike swakpunte deur die Heilige Gees in positiewe eienskappe omskep kan word.

Volgens LaHaye (1994:15) asook Oswald en Kroeger (1999:30) kan elk van die genoemde vier persoonlikheidstipes in bepaalde Bybelse figure waargeneem word, naamlik: *Petrus, Paulus, Moses en Abraham.* Elkeen van hierdie persone was deur God geroep om op 'n besondere wyse in God se diens te staan (De Klerk & De Wet, 2013:227). God kies mense soos *Petrus, Paulus, Moses en Abraham* om op 'n bepaalde wyse God se versoeningswerk aan God se volke in die Ou Testament en die mensdom as geheel in die Nuwe Testament bekend te maak (Van der Walt, 2006:44). God roep Abraham uit genade om die vader van sy verbondsvolk te wees (Genesis 12:2 & Handelinge 3:25)[4]. Moses word geroep om as leier van die volk van God te dien. Moses se rol as profeet staan uit bo die van die ander profete (Deuteronomium 34:10 & Numeri 12:7). Vanuit Petrus se individualiteit word dit veral duidelik hoe God gewone persone kies om instrumente in sy hand te wees (Handelinge 4:13). Petrus en sy broer Andreas was vissermanne wat deur Jesus geroep is as sy eerste dissipels (Markus 1:16). Petrus het later vir Jesus verloën maar na Jesus se hemelvaart en die uitstorting van die Heilige Gees, het hy deur die genade van God op 'n kragtige wyse die verbondsbelofte en seën van Jesus verkondig (Handelinge 3:25; MacArthur, 2002:29). Paulus word op 'n besondere wyse deur Jesus geroep om die evangelie onder die heidennasies te verkondig (Handelinge 9:5-6 & Romeine 11:11-13). Aanvanklik was Paulus 'n vervolger van die kerk maar word later 'n kragtige verkondiger van God se genade.

[4]Slegs die Nuwe Afrikaanse vertaling (1983) word reg deur die studie gebruik

God se roeping van die bogenoemde Bybelse persone tot sy diens, maak die deur oop om die werking van God op die situasie van die hedendaagse predikant toe te pas. Elkeen van hierdie persone tree op 'n bepaalde wyse eie aan sy persoonlikheidsamestelling op. Die mense en plekke waarmee hulle te doen gekry het, die omstandighede waarin hulle hulself bevind het asook hulle reaksies daarop, maak 'n moontlike studieveld oop. Wat egter van belang is, is dat God aan predikante sy Heilige Gees gee wat hulle aan Christus deel laat kry en so in staat stel om hulle natuurlike sterkpunte te verbeter en deur 'n Geesvervulde lewe hulle swakpunte te oorkom. Hanekom en Hanekom (2010:9) wys daarop dat 'n vervulde en betekenisvolle lewe nie werklik moontlik is sonder deeglike selfkennis nie. 'n Groot deel van die pyn en worstelinge wat ervaar word, ontstaan juis weens 'n gebrek aan selfkennis by persone soos predikante.

1.3 DIE OORKOEPELENDE NAVORSINGSVRAAG

Hoe lyk 'n pastorale model wat met behulp van persoonlikheidsontleding predikante in die GKSA toerus ter voorkoming van diensverlating?

1.4 VERDERE VRAE VANUIT DIE PROBLEEMSTELLING

Die vrae wat hieruit voortspruit, is:

- Hoe kan persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot 'n pastorale toerustingsmodel meewerk?
- Kan die persoonlikheidsmodel van Hippocrates geldige en betroubare persoonlikheidsresultate oplewer en op die predikante in die GKSA as unieke groep toegepas word?
- Hoe kan persoonlikheidsontleding as hulpmiddel gebruik word om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus? Meer spesifiek, hoe kan die persoonlikheidsmodel van Hippocrates hiertoe bydra?
- Watter Skrifperspektiewe kan geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidstipes die beste omskryf?
- Watter pastorale toerusting kan met behulp van persoonlikheidsontleding daargestel word om predikante in die GKSA met selfkennis te bemagtig?

1.5 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

1.5.1 Doelstellings van die studie

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om 'n pastorale toerustingsmodel met behulp van persoonlikheidsontleding vir predikante in die GKSA te ontwikkel. Bepaalde Skrifperspektiewe ten opsigte van geroepe dienaars se spesifiekte

persoonlikheidstipes sal ook ondersoek word. Hierdie pastorale toerustingsmodel sal in die vorm van ’n VBO kursus vir predikante in die GKSA se ontwikkel word. Hierdie toerustingsmodel sal poog om predikante met selfkennis toe te rus om intra- en interpersoonlike vaardighede te bevorder. Spesifieke aandag sal ook gegee word aan die geldigheid en betoubaarheid van die persoonlikheidsontleding wat gebruik sal word.

1.5.2 Doelwitte van die studie

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is:

- Om vas te stel hoe persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot ’n pastorale toerustingsmodel kan meewerk.
- Om ondersoek in te stel na die betroubaarheid en geldigheid van Hippocrates se persoonlikheidsmodel om persoonlikheidstipes te identifiseer en in die konteks van predikante in die GKSA toe te pas.
- Om vas te sel hoe persoonlikheidsamestelling as hulpmiddel gebruik word om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus. Meer spesifiek om die persoonlikheidsmodel van Hippocrates vir hierdie doeleinde in diepte te ondersoek.
- Om bepaalde Skrifperspektiewe ten opsigte van geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidtipes te omskryf.
- Om ’n pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding daar te stel om predikante in GKSA met selfkennis te bemagtig en toe te rus om intra- en interpersoonlike vaardighede te bevorder.

1.6 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie is dat persoonlikheidsontleding ’n belangrike rol kan speel in ’n pastorale toerustingsmodel om predikante met selfkennis te bemagtig om intra- en interpersoonlike vaardighede te verbeter.

Die bewustheid van hoe die Here unieke en uiteenlopende individue in sy diens gebruik kan bydra tot geestelike en emosionele groei om die uitdagings van die hedendaagse bediening meer doeltreffend te kan hanteer en bestuur. Hierdie toerustingsmodel sal daarom poog om selfkennis en selfinsig by predikante te bevorder om hulle pro-aktief met intra- en interpersoonlike vaardighede toe te rus. Die selfbewustheid wat uit persoonlikheidsontleding voortvloei is ’n bewustheid van persoonlike voorkeure en sterk- of swakpunte in wisselwerking met die predikant se sosiale, lewens- en werksomgewing.

1.7 METODOLOGIE

Hierdie pastorale ondersoek word vanuit 'n *Gereformeerde perspektief* gedoen. Daar word met ander woorde gewerk met die Woord van God as grondslag (Die *Sola Scriptura*- vertrekpunt vir navorsing) (Breed *et al*, 2008:45; De Klerk & De Wet, 2013:9). Persoonlikheidsontleding word in hierdie studie as hulpdissipline gebruik. Hier kan gesê word dat die Pastoraat persoonlikheidsontleding, as afdeling van die Sielkunde, "in diens neem" om die navorsingsdoeleindes te bereik. In die beantwoording van die verskillende navorsingsvrae, sal die navorsingsmetodiek van Osmer (2008:81) gebruik word. Osmer (2008:33) stel 'n praktiese teologiese navorsingsmodel voor wat vier basiese navorsingsdoelwitte vervat. Die keuse van Osmer se navorsingsmodel kan as volg gemotiveer word:

Volgens Osmer (2008:32) is die eerste navorsingstaak 'n *beskrywende taak*. Praktiese teologie begin met 'n gebeurtenis, situasie of bepaalde konteks wat beskrywing nodig het. Om die rede het 'n praktiese teologiese studie eerstens die taak om die kontemporêre lewe en praktyk te beskryf (De Klerk & De Wet, 2013:278). Praktiese teologiese studies gaan dus eerstens oor die beskrywing van die konteks. Daarom poog die beskrywende taak om die vraag *"wat is besig om te gebeur*?" te beantwoord. In hierdie studie is die beskrywende taak om die uitdagings in die hedendaagse bediening van predikante in die GKSA vanuit resente navorsing te ondersoek (sien 1.21 en 1.2.2 vir uiteensetting van die beskrywende taak). Hier sal ook ondersoek ingestel word na hoe persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot 'n pastorale toerustingsmodel kan meewerk (sien 1.8). Ook gaan hier ondersoek ingestel word na die betroubaarheid en geldigheid van Hippocrates se persoonlikheidsmodel om persoonlikheidstipes te identifiseer en in die konteks van predikante in die GKSA toe te pas.



Figuur 1.2: Skematiese voorstelling van die wisselwerking van die verskillende navorsingstake van Osmer (2008:4-11) se navorsingsvoorstel.

Osmer (2008:83) beskryf die tweede navorsingstaak as 'n *interpretasie taak*. Hierdie taak poog om redes te soek vir die waargenome verskynsel. Daarom poog die interpretasietaak om die vraag "*waarom is dit besig om te gebeur*?" te beantwoord. Die navorser moet dus met hierdie taak die onderliggende kwessies wat uit die konteks na vore kom identifiseer en daarvolgens 'n teorie vorm wat die navorser help om die kwessies te verstaan. In hierdie studie sal persoonlikheidsamestelling as hulpmiddel ondersoek word om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus. Spesifiek sal die persoonlikheidsmodel van Hippocrates ondersoek en toegepas word.

Die derde navorsingstaak wat Osmer (2008:133) identifiseer is die *normatiewe taak*. Hierdie taak poog om die vraag "*wat behoort te gebeur*" te beantwoord (De Klerk & De Wet, 2013:278). Die navorser moet dus met die normatiewe taak vasstel hoe die situasie of konteks vanuit die Woord van God behoort te lyk. Met ander woorde om vas te stel wat God se oorspronklike doel en wil in hierdie situasie of konteks is? Met hierdie studie sal Skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaar se unieke persoonlikheidstipe omskryf word.

Die vierde navorsingstaak wat Osmer (2008) identifiseer is die *pragmatiese of strategiese taak*. Die pragmatiese taak het ten doel om persone praktiese toerusting, hulp of leiding te bied. Hierdie taak poog om die vraag "*hoe kan hierop gereageer word*?" te beantwoord. Dit gaan hier oor die formulering van 'n praktykteorie. In hierdie studie gaan gepoog word om 'n pastorale toerustingsmodel in die vorm van 'n VBO kursus met behulp van persoonlikheidsontleding daar te stel. Die doel hiervan is om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus om toekomstige diensverlating te help voorkom.

Tabel 1.2: Samevatting van Osmer se metodologie (De Klerk & De Wet, 2013:277):

Navorsingstaak:	Beskrywende taak	Interpretasie taak	Normatiewe taak	Strategiese taak
Navorsingsvraag:	"Wat is besig om te gebeur?"	"Waarom is dit besig om te gebeur?"	"Wat behoort te gebeur?"	"Hoe kan hierop gereageer word?"

Met die bogenoemde uiteensetting in gedagte word die volgende metodologie vir hierdie studie uiteengesit:

- ***Beskrywende taak*:** Met hierdie taak gaan 'n literatuurstudie gedoen word om vas te stel met watter uitdagings predikante in die hedendaagse bediening gekonfronteer word. Verder sal gepoog word om vanuit resente navorsing vas

te stel hoe predikante met intra- en interpersoonlike vaardighede toe te rus. Hierbenewens gaan 'n literatuurstudie ook gedoen word om vas te stel hoe persoonlikheidsontleding, as afdeling van die sielkunde, in die pastoraat as hulpmiddel kan meewerk. Hierdie literatuurstudie sal dus vanuit 'n interdissiplinêre meta-teoretiese oogpunt gedoen word. Met ander woorde - vanuit die wisselwerking tussen die pastoraal en die sielkunde. Met die predikante in die GKSA as spesifieke studiegroep, sal kwantitatiewe navorsing gedoen word deur middel van persoonlikheidsontleding. Die rede vir hierdie empiriese studie is om te bepaal of die persoonlikheidsontleding om die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates te bepaal betroubare en geldige resultate oplewer. Die predikante in die GKSA sal gevolglik as normgroep vir die spesifieke persoonlikheidsontleding ontwikkel word. Die resultate van hierdie empiriese studie sal direk op die predikante in die GKSA betrekking hê en ook direk op die pastorale toerustingsmodel meewerk.

- ***Interpretasie taak*:** Om hierdie taak te vervul sal hier vanuit 'n literatuurstudie vasgestel word hoe persoonlikheidsamestelling as hulpmiddel gebruik kan word om predikante in die GKSA met selfkennis en selfinsig te bemagtig. Hier sal aandag gegee word aan die algemene persoonlikheidsteorieë as agtergrond, maar die persoonlikheidsmodel van Hippocrates sal in diepte ondersoek en toegepas word. Hierdie persoonlikheidsteorieë sal vanuit 'n pastorale oogpunt beoordeel word.
- ***Normatiewe taak:*** Ten einde bepaalde Skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaars se persoonlikheidstipes te omskryf, sal *eksegese vanuit 'n Gereformeerde teologiese eksegetiese benadering* gedoen word. Riglyne vir eksegese soos uiteengesit in die publikasie *Preekgeboorte* (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005) sal gebruik word. Die rede vir die gebruik van hierdie handleiding is dat dit 'n didaktiese vertrekpunt tot eksegese bied. Die Eksegetiese en Hermeneutiese prosesse kom dus tot hulle volle reg. Hier sal gewys word hoe God gewone en uiteenlopende individue met verskillende persoonlikheidstipes tot sy diens roep, toerus en gebruik.
- ***Strategiese taak*:** Ten einde 'n pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding daar te stel sal 'n kursus vir Voortgesette Beroep Ontwikkeling (VBO) ontwerp word. Omdat hierdie toerustingsmodel sal poog om intra- en interpersoonlike vaardighede van predikante te bevorder, behoort dit hulle te bemagtig om pro-aktief gevaartekens in hulleself waar te neem en intervensiestrategieë in werking te stel.

1.8 PERSOONLIKHEIDSONTLEDING AS HULPMIDDEL TOT DIE PASTORAAT

Die interdissiplinêre benadering wat hierdie studie volg word deur Crabb (2013:41) omskryf. Die Woord van God spel nie alle aspekte van die lewe in detail uit nie. Die "twee boeke" model word gebruik om interdissiplinêre benaderings tot navorsing in die teologie te beskryf. In die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 2 word daarna verwys dat die mens God deur twee middele kan ken. Die eerste middel is die skepping van God of die algemene openbaring. Deur die skepping te bestudeer kan die mens tot die insig kom dat God die wêreld onderhou en regeer. Deur die skepping laat God die mens sy ewige krag en goddelikheid sien. Ten tweede maak God Hom duideliker en meer spesifiek deur sy geskrewe Woord of die spesifieke openbaring bekend. Deur sy Woord maak God bekend wat die mens benodig om tot sy eer en tot ons saligheid te lewe.

Studie van beide boeke is dus nodig om ons kennis te verbreed in enige navorsingsveld, hetsy in die mediese wetenskappe, argeologie, pastoraal of sielkunde. Indien God duideliker oor 'n spesifieke onderwerp in die een boek praat as in die ander, moet die navorser meer tyd spandeer aan die bestudering van daardie boek. Sielkunde studente sal byvoorbeeld meer leer oor sielkundige afwykings deur wetenskaplike boeke oor die onderwerp te lees as die Bybel. Indien hulle egter wil weet hoe om van die sonde verlos te word, het hulle die Bybel nodig. Die Bybel is in die eerste instansie nie bedoel om ons te leer hoe om sielkundige probleme te oorkom nie, maar wel hoe om van die sonde verlos te word. Net so beskryf die Bybel nie hoe om verskillende persoonlikheidstipes te verstaan nie, maar boeke oor die sielkunde beskryf dit wel. Die sielkunde beskryf gedrag op grond van direkte observasie van die menslike natuur. Om die rede kan die Pastoraal en Sielkunde as komplimenterende dissiplines benader word.

Hierdie interdissiplinêre benadering beklemtoon dus die feit dat die een vakgebied, in hierdie geval die sielkunde, 'n aanvullende rol in die beantwoording van die navorsingsvrae binne 'n praktiese teologiese studie kan speel. De Klerk en De Wet (2013:225) wys spesifiek daarop dat die praktiese teologiese wetenskap navorsingsvelde met ander wetenskappe soos die sielkunde deel. Om hierdie rede is 'n Bybelsverantwoorde antwoord nodig op gebiede waar die sielkunde hoofsaaklik uitgangspunte lewer.

Die Pastor wat hom- of haarself in die praktyk van berading of terapie bevind moet hom- of haarself deeglik met die werklikheid van die sielkunde asook die werklikheid van God se Woord verantwoord. Dit is die essensie van Christelike

wetenskapsbeoefening. Die sielkunde as wetenskap word as't ware deur die praktiese teologie "in diens geneem" om sodoende Bybelsverantwoorde terapeutiese intervensiestrategieë te ontwikkel. Howard (2012:16) beredeneer dat effektiewe terapeutiese intervensies nie sonder bepaalde hulp van die sielkunde kan plaasvind nie (by. hoe 'n persoon depressie, trauma of stres beleef). Die "twee boeke" benadering tot navorsing deur middel van die integrasie van die sielkunde en pastoraal, kan soos volg grafies voorgestel word:

Figuur 1.3: Twee Boeke Model tot interdissiplinêre studies (Crabb, 2013:41).



Joubert (2005:33) het 'n Trigotomiese terapeutiese model ontwikkel wat die wisselwerking tussen die Pastoraat, Sielkunde en Psigiatrie verduidelik en uitbeeld. Volgens Joubert (2005:5) is daar 'n duidelike wisselwerking tussen die drie dissiplines waarmee rekening gehou moet word. Met verwysing na Figuur 1.4 het Joubert (2005:177) gepoog om die onderliggende verwantskap tussen die Pastoraat, die Sielkunde en Psigiatrie op te los. Hy verwys daarna dat daar reeds 'n hele aantal verskillende modelle geformuleer is wat poog om die interaksie van die teologiese en sielkundige wetenskappe te regverdig. Onder andere kan verwys word na die werk van Larry Crabb (1977); William T. Kirwan (1993); John D. Carter en Bruce Narramore (1979) asook Eric L. Johnson en Stanton L. Jones (2000). Joubert (2005:178) beskryf die mens as 'n trigotomiese wese wat uit 'n gees, siel en liggaam bestaan. Om die rede is 'n meer holistiese terapeutiese benadering noodsaaklik.

Figuur 1.4 Trigotomiese terapeutiese model (Joubert, 2005:177)



Hier kan opsommend gesê word dat 'n berader primêr 'n "onderwyser" terwyl 'n psigoterapeut essensieel 'n "speurder" is. [5]Die doel van hierdie studie is dat die navorser as "speurder" en "onderwyser" op te tree. Persoonlikheidsontleding dien dus as die "speurder" wat ondersoek instel na die unieke persoonlikheidseinskappe wat die dienswerk van predikante beïnvloed. Die Bybelse perspektief ten opsigte van die individualiteit van die geroepe dienaar dien as "onderwyser" om predikante bewus te maak van hoe die Here hulle as unieke individue in sy Koninkryk gebruik. Gesamentlik vorm dit 'n pastorale toerustingsmodel om predikante vir die uitdagings

[5]In die verband dien vermeld te word dat die navorser buiten sy teologiese opleiding (BTh., *Hons* BTh., M.Div., MTh in Pastoraal) 'n Honneursgraad in Sielkunde (UNISA) asook 'n Honneursgraad in Psigometrie (UJ) voltooi het. Die navorser is ook by die Professionele Raad vir Sielkundiges as Psigometris in die kategorie Onafhanklike Praktyk geregistreer (HPCSA Reg No: PMT 0091596).

van die hedendaagse bediening toe te rus. Die sewe verskillende segmente van die drie oorvleuelende sirkels verteenwoordig sewe terapeutiese areas. Voorbeelde van hierdie terapeutiese tegnieke is:

1. Liggaam	Arbeidsterapie, fisioterapie, aromaterapie, oefening en medikasie (bv. antidepressante, kalmeermiddels, antipsigotiese middels).
2. Siel	Psigoterapie (bv. Gestaltterapie, Kognitiewe-Gedragsterapie, Persoongesentreerdeterapie, en Realiteitsterapie).
3. Gees	Pastorale berading (Pastorale terapeutiese tegnieke).
4. Liggaam en Siel	Spa-terapie, ontspanningstegnieke en meditasie.
5. Siel en Gees	Religieuse praktyke (bv. gebed, prediking, lofprysing en Bybelstudie).
6. Liggaam en Gees	Godsdienstige rituele (bv. Vaspraktyke).
7. Liggaam, Siel en Gees	Die Heilige Gees in die gees van die mens beheer die totale mens: (1) Die siel (emosies, denke en gedrag). (2) Die liggaam met die vyf sintuie (smaak, reuk, tas, sig en gehoor). (3) Die mens se begeertes. Trigotomiese terapie as terapeutiese tegniek kan gebruik maak van al die bogenoemde beradings/terapeutiese tegnieke.

Laastens moet hier gewys word dat berading gewoonlik as ’n probleem-georiënteerde benadering en psigoterapie weer as persoon-georiënteerde benadering beskou word. Joubert (2005:184) wys daarop dat die fokus van berading op die weergee van inligting, advies en die gee van opdragte lê deur iemand wat gesien word as ’n kenner van spesifieke probleem. Psigoterapie is weer ’n proses waardeur persone gehelp word om te ontdek waarom hulle op ’n onbevredigende wyse dink, voel en optree.

Volgens Howard (2012:18) is daar een onderliggende probleem waarmee elke mens worstel. In die woorde van die psigiater William Glasser: “alle mense wat hulp benodig het een basiese tekortkoming, naamlik die onvermoë om hulle essensiële persoonlikheidsbehoeftes te vervul.” Dit is hierdie onvermoë wat interpersoonlike konflik veroorsaak. Konfrontasie verteenwoordig om die rede die mens se pogings om hulle basiese persoonlikheidsbehoeftes te bevredig.

Die mens het volgens Nel (2001:17) twee essensiële persoonlikheidsbehoeftes. Die eerste is om liefde te gee en te ontvang. Die tweede is die behoefte om van waarde

te wees. Dit is in hierdie ruimte waar die pastoraat en die sielkunde ŉ gemeenskaplike doel wil dien. Hierdie twee behoeftes gee aanleiding tot een noodsaaklike behoefte: Die belewing van opregte liefde in ŉ vertrouensverhouding. Die vervulling van hierdie behoefte is nouliks verbind aan ŉ geloofsverhouding met God (Warren, 2012:5). Vanuit ŉ pastorale perspektief impliseer dit dat die mens van nature ŉ betekenisvolle verhouding met God benodig om ŉ vervulde lewe te kan lei (ŉ vertikale dimensie). Vanuit ŉ sielkundige perspektief impliseer dit dat die mens se persoonlikheidsbehoeftes alleenlik vervul sal wees wanneer die mens in ŉ verhouding staan wat gekenmerk word deur wedersydse "sensitiwiteit en erkenning" van mekaar se behoeftes (ŉ horisontale dimensie). Deurdat beide die pastoraat en sielkunde hierdie behoeftes in ŉ terapeutiese ruimte wil aanspreek kan die een uit die insig van die ander baat en sodoende beide die horisontale en vertikale dimensies aanspreek.

Howard (2012:20) toon aan dat pastorale hulpverlening ten doel het om die mens te begelei om hulle basiese persoonlikheidsbehoeftes te kan vervul. Die mate waarin individue die vermoë het om hierdie behoeftes te bevredig maak die volgende moontlik: "*Individuals will continue to grow toward the fulfilment of their unique personhood. They will develop constructive relationships and their relationship with God will become increasingly meaningful. They will become renewal agents in their families, communities and church*." Die doel van die pastorale toerustingsmodel is dus om predikante in staat te stel om hulle positiewe persoonlikheidseienskappe te maksimaliseer en te gebruik en daarbenewens die negatiewe faktore te verminder deur aktiewe bewustheid.

1.9 HOOFSTUKINDELING

Hoofstuk 1: Inleiding: Persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot ŉ pastorale toerustingsmodel.

Hoofstuk 2: Empiriese ondersoek: Persoonlikheidstipes as geldige intervensiemodel vir predikante in die GKSA**.**

Hoofstuk 3: Persoonlikheidsamestelling as hulpmiddel om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus.

Hoofstuk 4: Skrifperspektiewe ten opsigte van geroepe dienaars se persoonlikheidstipes.

Hoofstuk 5: ŉ Pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding vir Voortgesette Beroep Ontwikkeling vir predikante in die GKSA.

Hoofstuk 6: Gevolgtrekking.

1.10 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het gedien as inleiding tot die studie om predikante in die GKSA met behulp van persoonlikheidsontleding toe te rus om intra- en interpersoonlike vaardighede te bevorder. Hierdie hoofstuk het ook gepoog om Osmer (2008:32) se eerste navorsingsvraag "Wat is besig om te gebeur?" te begin beantwoord. Hierdie hoofstuk het vasgestel dat predikante hulself in 'n krisis bevind. 'n Groot aantal predikante verlaat die bediening vanweë faktore soos stres, moedeloosheid, hoë eise wat die bediening stel, skuldgevoelens, negatiewe denke, uitbranding, verlies van passie, verlies van werkvreugde, interpersoonlike konflik, innerlike konflik asook eensaamheid en isolasie. Om die rede is dit noodsaaklik om predikante vir die uitdagings van die hedendaagse bediening toe te rus deur hulle emosionele en geestelike welstand te bevorder. Die hoofstuk het vasgestel dat die persoon van die predikant of "wie hy/sy is" 'n integrale rol in elke aspek van sy/haar dienswerk en lewe speel. Die predikant se persoonlikheid is met ander woorde in alle aspekte van sy/haar ampswerk verweef. God roep persone met verskillende persoonlikheidstipes tot sy diens en rus hulle vir hulle dienswerk toe. Hierdie hoofstuk het ook vasgestel dat persoonlikheidsontleding gebruik kan word om predikante met selfkennis en selfinsig toe te rus. 'n Groot deel van die pyn en worstelinge wat ervaar word, ontstaan juis weens 'n gebrek aan selfkennis. Die pastoraat en die sielkunde deel in hierdie studie dieselfde navorsingveld. Die pastoraat neem met ander woorde persoonlikheidsontleding as afdeling in die sielkunde "in diens" om die navorsingsdoelstelling te bereik. Hierdie hoofstuk het aangetoon dat die wisselwerking tussen die pastoraat en sielkunde in 'n toerustingsmodel kan voortvloei om predikante in die GKSA vir die uitdagings in die hedendaagse bediening toe te rus.

1.11 SKEMATIESE VOORSTELLING VAN NAVORSINGSPLAN

Probleemstelling	Doelwitstelling en doelwitte	Metodologie
Hoe kan persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot 'n pastorale toerustingsmodel meewerk?	Om vas te stel hoe persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot 'n pastorale toerustingsmodel kan meewerk.	'n Literatuurstudie sal gedoen word om vas te stel met watter uitdagings predikante in die hedendaagse bediening gekonfronteer word. Verder sal gepoog word om vanuit resente navorsing vas te stel hoe predikante met intra- en interpersoonlike vaardighede toe gerus kan word. Hierbenewens gaan 'n literatuurstudie gedoen word om vas te stel hoe persoonlikheidsontleding, as afdeling van die sielkunde, in die pastoraat as hulpmiddel kan meewerk.

Kan die persoonlikheidsmodel van Hippocrates geldige en betroubare persoonlikheidsresultate oplewer en op die predikant in die GKSA as unieke groep toegepas word?	Om ondersoek in te stel na die betroubaarheid en geldigheid van Hippocrates se persoonlikheidsmodel om persoonlikheidstipes te identifiseer en in die konteks van predikante in die GKSA toe te pas.	Met die predikante in die GKSA as spesifieke studiegroep, sal kwantitatiewe navorsing gedoen word deur middel van persoonlikheidsontleding. Hierdie empiriese studie is om te bepaal of die persoonlikheidsontleding om die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates te bepaal betroubare en geldige resultate oplewer. Die predikante in die GKSA sal gevolglik as normgroep vir die spesifieke persoonlikheidsontleding ontwikkel word. Die resultate van hierdie empiriese studie sal direk op die predikante in die GKSA betrekking hê en ook direk op die pastorale toerustingsmodel meewerk.
Hoe kan persoonlikheidsontleding as hulpmiddel gebruik word om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus? Meer spesifiek, hoe kan die persoonlikheidsmodel van Hippocrates hiertoe bydra?	Om vas te stel hoe persoonlikheidsamestelling as hulpmiddel gebruik word om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus. Meer spesifiek om die persoonlikheidsmodel van Hippocrates in diepte te ondersoek.	Hier sal vanuit 'n literatuurstudie vasgestel word hoe persoonlikheidsamestelling as hulpmiddel gebruik kan word om predikante in die GKSA met selfkennis en selfinsig te bemagtig. Hier sal aandag gegee word aan die algemene persoonlikheidsteorieë as agtergrond, maar die persoonlikheidsmodel van Hippocrates sal in diepte ondersoek en toegepas word. Hierdie persoonlikheidsteorieë sal vanuit 'n pastorale oogpunt beoordeel word.
Watter Skrifperspektiewe kan geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidstipes die beste omskryf?	Om bepaalde Skrifperspektiewe ten opsigte van geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidstipes te omskryf.	Ten einde bepaalde Skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaars se persoonlikheidstipes te omskryf, sal *eksegese vanuit 'n Gereformeerde teologiese eksegetiese benadering* gedoen word. Riglyne vir eksegese soos uiteengesit in die publikasie *Preekgeboorte* (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005) sal gebruik word.
Watter pastorale toerusting kan met behulp van persoonlikheidsontleding daargestel word om predikante in die GKSA met selfkennis te bemagtig?	Om 'n pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding daar te stel predikante in die GKSA met selfkennis te bemagtig en toe te rus om intra- en interpersoonlike vaardighede te bevorder.	Ten einde 'n pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding daar te stel sal 'n kort kursus vir Voortgesette Beroep Ontwikkeling (VBO) ontwikkel word. Omdat hierdie toerustingsmodel sal poog om intra- en interpersoonlike vaardighede van predikante te bevorder, behoort dit hulle te bemagtig om pro-aktief gevaartekens in hulself waar te neem en intervensiestrategieë in werking te stel.

HOOFSTUK 2
EMPIRIESE ONDERSOEK: PERSOONLIKHEIDSTIPES AS GELDIGE INTERVENSIEMODEL VIR PREDIKANTE IN DIE GKSA

2.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

Met hierdie hoofstuk gaan daar empiriese navorsing gedoen word. Die doel met hierdie empiriese studie is om die persoonlikheidstipes wat in die vorige hoofstukke ondersoek is direk op die predikante in die GKSA van toepassing te maak. In hierdie studie sal persoonlikheidsontleding as hulpmiddel ondersoek word sowel as die toepassing daarvan in 'n pastorale toerustingsmodel. Met hierdie studie sal die persoonlikheidsmodel van Hippocrates in die spesifieke konteks van die predikante in die GKSA ondersoek word. Hierdie studie sal daarom in die lig van die verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA risikofaktore identifiseer wat bepaalde persoonlikheidstipes kwesbaar maak vir moontlike diensverlating. Verder sal hier ook gepoog word om die eerste navorsingsvraag van Osmer (2008:32) "Wat is besig om te gebeur?" verder te beantwoord.

Omdat persoonlikheid 'n meetbare konsep is (sien 4.2.3 vir uiteensetting), moet elke poging om persoonlikheid te meet wetenskaplik geverifieer word. Dit is noodsaaklik dat daar met oortuiging gesê kan word dat die meetinstrument waarmee persoonlikheidstipes gemeet word betroubaar is en geldige resultate lewer. Die hoofdoel van persoonlikheidsontleding is juis volgens Löhken (2015:67) om persone beter insig van inherente gedragspatrone te verskaf. Die persoonlikheidsontleding wat in hierdie studie gebruik word, moet vir predikante in die GKSA as selfontdekkingsreis dien. Hierdie ontdekkingsreis kan alleenlik plaasvind indien die meetinstrument wat gebruik word uiteindelik meet wat dit bedoel is om te meet.

Om dié rede gaan hierdie hoofstuk eerstens poog om vas te stel of die vraelys wat gebruik word om die vier persoonlikheidstipes (soos in hoofstukke 1, 3 en 4 uiteengesit is) te identifiseer, akkurate en geldige resultate oplewer. Ook sal hierdie hoofstuk die verhouding tussen die verskillendepersoonlikheidskombinasies en die twee stres-persoonlikheidstipes (Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes) ondersoek. Omdat die studie spesifiek op die predikante in die GKSA betrekking het gaan die klem in hierdie hoofstukval op die mate waartoe predikante se persoonlike geneigdheid hulle dienswerk en gevolglik moontlike diensverlating beïnvloed.

2.2 DIE VERTREKPUNT EN OOGMERK VAN HOOFSTUK 2

Met hierdie hoofstuk gaan 'n empiriese studie gedoen word. Die doel van hierdie empiriese studie is drieledig: Eerstens gaan gepoog word om vas te stel of die vraelys wat gebruik word om die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates te bepaal betroubare en geldige resultate oplewer. Tweedens gaan hierdie studie poog om vas te stel hoe persoonlikheidstipes die predikante in die GKSA se dienswerk beïnvloed. Derdens gaan daar in hierdie hoofstuk gepoog word om vas te stel of intrinsieke stres- of spanningsgedrag (Tipe-A of Tipe-B persoonlikheidstipes) in verband gebring kan word met bepaalde persoonlikheidskombinasies (sien 3.7.3).

Om hierdie doel te bereik sal 'n empiriese navorsingstudie onder predikante in die GKSA onderneem word. Respondente se primêre-, sekondêre- en stres-persoonlikheidstipe sal vir die doeleindes van die studie vasgestel word. Op hierdie wyse sal die navorsingresultate wat ingesamel word as 'n normgroep[6] ontwikkel word. Vanuit hierdie normgroep kan afleidings gemaak word wat spesifiek op die predikante in die GKSA as groep betrekking behoort te hê. Die rede hiervoor is dat die predikante in die GKSA as 'n [7]hoogs spesifieke ekosisteem gesien kan word. Teenoor navorsing onder die algemene populasie sal die resultate van hierdie studie dus op die predikante in die GKSA spesifiek betrekking hê. Hierdie hoofstuk sal ook deel vorm van die platform vir die pastorale toerustingsmodel wat uit hierdie studie voortvloei (sien Hoofstuk 5).

2.3 NAVORSINGSMETODIEK

In hierdie afdeling gaan aandag geskenk word aan die navorsingsmetode (2.3.1), die samestelling van die navorsingsgroep (2.3.2), die grootte en die aard van die navorsingspopulasie (2.3.3), metode van data-insameling en samestelling van 'n navorsingsbattery (2.3.4), etiese konsiderering (2.3.5) asook die bepaling van die geldigheid en betroubaarheid van resultate (2.3.6).

---

[6]**Met normgroep word bedoel:** Om 'n individu doeltreffend te vergelyk kan ingesamelde data geïnterpreteer word in verhouding tot 'n relevante en gestandaardiseerde verwysings- of normgroep (Foxcroft & Roodt, 2012:38). Die normgroep vorm dus 'n raamwerk van verwysing wat as verwysingspunt dien waarteen 'n individu se gedrag of geneigdheid vergelyk word. Op hierdie wyse kan patrone van gedrag in 'n homogene groep geïdentifiseer word (Terre Blanche *et al*, 2010:494).

[7]**Met hoogs spesifieke ekosisteem word bedoel:** 'n Homogene groep individue wat 'n groot aantal ooreenkomste deel. So 'n groep besit dieselfde homogene eienskappe en funksioneer in dieselfde tipe omgewing, byvoorbeeld: beroep, werksomgewing, lewensomstandighede, kultuur, oortuigings, waardesisteem, opleiding, verwantskap, lewens- en wêreldbeskouing, verantwoordelikheid, persepsies, godsdiens, ens. Hierdie eiesoortigheid van 'n groep vorm dan 'n spesifieke ekosisteem omdat die verskillende individue binne hierdie homogene ruimte funksioneer en leef. In hierdie verband kan die gesin byvoorbeeld as 'n ekosisteem gesien word (Becvar & Becvar, 2009:7).

2.3.1 Navorsingsmetode

Deur middel van kwantitatiewe navorsing het respondente 'n toetsbattery, wat uit verskeie persoonlikheidsvraelyste saamgestel is, voltooi (sien 2.3.4 en bylaag A). Dit is belangrik om hier te meld dat die kwantitatiewe inligting wat deur persoonlikheidsvraelyste ingewin word volgens Weiten (2004:511) ook kwalitatief geïnterpreteer kan word. Die rede hiervoor is dat persoonlikheidsvraelyste 'n [8]selfrapportering metode van navorsing volg. Respondente reageer op 'n verskeidenheid van stellings deur aan te toon of die stelling op die respondent betrekking het of nie. Die wyse waarop die respondente op die stellings reageer asook die response op 'n kombinasies van stellings skets volgens Briggs-Myers *et al* (2003:166) 'n direkte beeld van 'n respondent se persoonlike oortuigings en aannames wat spesifiek op 'n individuele respondent betrekking het. Byvoorbeeld: Die wyse waarop 'n respondent op die stellings "Eet jy normaalweg vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie?" en "Dink jy gewoonlik sorgvuldig voordat jy enige besluite neem?" reageer, kan 'n aanduiding wees dat die respondent 'n gedrewe of impulsiewe geaardheid mag vertoon. Alhoewel die finale resultate kwantitatiewe inligting weergee, gee die individuele responsies of patrone van responsies kwalitatiewe inligting weer.

Die individuele stellings waaruit die persoonlikheidsvraelys bestaan is so ontwerp om bepaalde gedragspatrone te ondersoek (bv. Introversie-Ekstroversie of Emosioneel-Onemosioneel). Die patrone van individuele reaksies skets 'n prentjie van elke respondent se persoonlikheidseienskappe. Hierdie eienskappe word binne 'n voorafsaamgestelde raamwerk van die spesifieke persoonlikheidsassessering geïnterpreteer (sien bylaag B). Vanuit hierdie bestaande raamwerk kan bepaalde gevolgtrekkings gemaak word. Volgens Colman (2009:683) kan die gevolgtrekking gemaak word dat sekere gedragspatrone verwag kan word omdat 'n respondent op 'n bepaalde wyse op stellings gereageer het. Van 'n persoon wat byvoorbeeld konstant hoë waardes aan items op die stres-persoonlikheidskaal toeken kan verwag word om stres of spanning in sekere situasies te beleef. Van 'n persoon wat konstant positief op stellings wat Introversie aandui reageer, kan verwag word om Introverte gedragspatrone te vertoon. Op die wyse kan kenmerklike gedragspatrone van introversie aan die persoon toegeskryf word.

[8]**Self-rapportering metode:** Metode waarmee persoonlikheidsfaktore gemeet word. Met hierdie metode evalueer 'n respondent 'n verskeidenheid van stellings en rapporteer sy/haar eie perspektief deur aan te toon hoe goed 'n bepaalde stelling die respondent beskryf. Dit is dus die respondent wat hom- of haarself evalueer en inligting dienooreenkomstig weergee of rapporteer (Louw & Edwards, 2003:563).

2.3.2 Samestelling van navorsingsgroep

Met hierdie studie gaan gepoog word om die predikante in die GKSA by die navorsing te betrek. In 'n poging om 'n verteenwoordigende steekproef te verkry is al die predikante in die GKSA tydens die navorsing betrek. Op hierdie wyse is alle bevooroordeling ten opsigte van wie by die navorsing betrek word uitgeskakel en al die respondente is 'n gelyke kans gegun om 'n bydrae tot die navorsing te lewer. Omdat die predikante in die GKSA oor Suid-Afrika en Namibië verspreid is het die navorser die saamgestelde navorsingsvraelys, wat spesifiek vir die data insamelings saamgestel is, in 'n identiese elektroniese internet gebaseerde weergawe met die gebruik van Google Survey[9] herskep. Hierdie elektroniese weergawe van die navorsingsvraelys is aan al die predikante wat huidig in die bediening is per e-pos via die Administratiewe Buro van die GKSA se poslys gestuur. 'n Moontlike totaal van 270 predikante het dus die vraelys ontvang (Die Almanak van die GKSA, 2016). Uit hierdie navorsingspopulasie is 'n totaal van 71 [10]geldige vraelyste terug ontvang wat vir dataverkenning gebruik is. 'n Totaal van 199 het dus vrywilliglik nie aan die navorsing deelgeneem nie. Die finale steekproef bestaan dus uit 26.3% van die totale predikante populasie in die GKSA.

2.3.3 Die grootte en die aard van die navorsingspopulasie

Met inagname dat die predikante in die GKSA as navorsingsgroep gebruik word, kan hier gevra word of die groep respondente wat aan die navorsing deelgeneem het as 'n verteenwoordigend steekproef beskou mag word? Indien wel, kan daar aanvaar word dat die gevolgtrekkings wat uit die navorsingsresultate gemaak word op die totale populasie (al die predikante in die GKSA) betrekking sal hê. Volgens Terre Branch *et al* (2010:236) is daar twee aspekte wat in oorweging hiervan tersaaklik is. Ten eerste moet die grootte van die steekproef in sy eie reg beoordeel word. Ten tweede moet die betekenisvolheid van die sosiale en kulturele veranderlikes ten opsigte van die navorsingspopulasie beoordeel word.

Met inagname van Branch *et al* (2010:236) se riglyne kan die steekproef eerstens, met inagname van die steekproef grootte, wel as verteenwoordigend van die totale

[9]**Google Survey:** Hierdie is 'n gratis en toegangbeheerde diens waarmee navorsingsopnames via die internet gedoen kan word. Die gebruiker skep die vraelys vir die opname waarna 'n unieke internet skakel geskep en aan die respondente via e-pos gestuur word. Die respondent klik bloot op die skakel, volg die instruksies en voltooi die vraelys sistematies. Die voltooide vraelys word dan gestoor en aan die navorser teruggestuur vir die verwerking van die resultate.

[10]**Met geldige vraelyste word bedoel:** Voltooide vraelyste word vir volledigheid nagegaan. Onvolledige, onvoltooide of gedupliseerde vraelyste word buite rekening gelaat en om die redes as ongeldig bestempel.

populasie beoordeel word. Wanneer die totale aantal predikante wat aan die navorsing deelgeneem het in verhouding met die totale populasie gebring word, het meer as een uit elke vier diensdoenende predikante in die GKSA aan die steekproef deelgeneem. Tweedens, met inagname van die sosiale en kulturele veranderlikes van die navorsingspopulasie, word die aanname dat die steekproef wel verteenwoordigend is ondersteun. Die homogene aard van die sosiale en kulturele faktore van die navorsingspopulasie dien as versterking in hierdie argument. Die groter studiepopulasie waaraan die steekproef behoort, deel dieselfde beroep, geloof, oortuigings, lewens- en wêreldbeskouing, kerkverband, opleiding, vlak van opleiding, sosiale konteks, ens. Met inagname van die steekproef grootte asook die homogene aard van die studiepopulasie kan die gevolgtrekking gemaak word dat die steekproef inderdaad as verteenwoordigend beskou kan word en dat die gevolgtrekkings wat uit die resultate voortvloei tot 'n groot mate op die totale populasie betrekking behoort te hê.

2.3.4 Metode van data insameling en samestelling van navorsingsbattery

Om die navorsingsvrae te beantwoord is 'n toetsbattery saamgestel wat drie afsonderlike persoonlikheidsvraelyste bevat:

1. Die eerste persoonlikheidsvraelys is 'n selfrapporteringsvraelys wat deur Prof. P. Joubert (2005) ontwikkel is om die vier primêre persoonlikheidstipes (Sanguinies, Choleries, Melancholies en Flegmatiese persoonlikheidstipes) vas te stel. Om hierdie vraelys te voltooi word daar van die respondent verwag om 48 kort stellings persoonlik te evalueer en telkens met "ja", "onseker" of "nee" te antwoord namate die respondent met die stelling ooreenstem. Die respondent word ingelig dat die vrae handel oor die wyse waarop hy/sy dink, voel en optree. Die respondent moet besluit hoe hy/sy normaalweg optree of voel wanneer hy/sy alleen of in die teenwoordigheid van sy/haar huweliksmaat of lede van sy/haar gesin is. Die respondent word dan versoek om sy/haar antwoord dienooreenkomstig aan te toon (sien afdeling A van bylaag A).
2. Die tweede persoonlikheidsvraelys is deur Tim LaHaye (1984) saamgestel. Hierdie vraelys kan as 'n kieslys van eienskappe beskryf word en dien as 'n selfassesseringsvraelys van Hippocrates se vier primêre persoonlikheid-stipes. Hierdie selfassesseringsvraelys bied die respondent geleentheid om vanuit sy/haar selfkennis sy/haar persoonlikheidstipe te ondersoek. Die vraelys bestaan uit 'n tabel met vier afsonderlike lyste met persoonlikheidseienskappe wat elk die vier primêre persoonlikheidstipes

verteenwoordig. Elke lys bevat ŉ reeks beskrywende woorde of frases wat kenmerkend van elk van die vier persoonlikheidstipes is (sien afdeling B van bylaag A). Die respondente se taak is om elke woord of frase na te gaan en telkens ŉ getalwaarde van 1 tot 4, afhangende tot watter mate die spesifieke eienskap volgens die respondent se oordeel op hom/haar van toepassing is, aan elke stellingtoe te ken. Die getalwaarde wat die respondent aan elke woord of frase toeken is ŉ aanduiding van hoe goed die woord of frase die "ware eienskappe" van die respondent beskryf. Die resultate van hierdie selfassesseringsvraelys word spesifiek gebruik om die respondent se persoonlikheidstipe, wat deur die aanvanklike selfrapporteringvraelys bepaal is, te bevestig of te verifieer. Hierdie vraelys word verder gebruik om die respondent se sekondêre persoonlikheidstipes of persoonlikheids-kombinasies te bepaal (sien 3.7 vir uiteensetting van die persoonlikheidskombinasies). Die respondent word spesifiek versoek om eerlik en objektief na hom- of haarself te kyk. Om die akkuraatheid van die finale resultate te bevorder word respondente versoek om nie ŉ getalwaarde toe te ken soos hy/sy graag deur ander gesien wil word nie, maar dat die waardes toegeken word soos wat hy/sy werklik is. Die respondent moet dink hoe hy/sy gewoonlik optree of geneig is om op te tree (sien afdeling B van bylaag A). Daar word (soortgelyk aan die MBTI se verifikasie metode) bo-aan elke kieslys ŉ kort beskrywing van die persoonlikheidstipe gegee waaraan die eienskappe in die lys behoort. Die respondent word sodoende beter ingelig oor die persoonlikheidstipes om ŉ meer akkurate selfassessering te kan maak (sien bylaag C vir elektroniese weergawe van die toetsbattery). .

3. Die derde vraelys is ŉ Stres-Persoonlikheidskaal wat deur Prof P Joubert (2005) ontwikkel en gestandaardiseer is. Hierdie Stres-Persoonlikheidskaal meet Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipe (sien afdeling C van bylaag A). Respondente word versoek om 35 stellings te beoordeel en elk persoonlik op ŉ vierpunt skaal te evalueer. Die responsskaal strek van "verskil beslis" tot "stem beslis saam." Die resultate word bereken deur die respondent se telling bymekaar te tel om ŉ somtotaal te verkry. Die somtotaal word daarna met die Stres-Persoonlikheidskaal vergelyk en dienooreenkomstig geklassifiseer as òf Tipe A+/A- òf Tipe B+/B- (sien bylaag B afdeling C vir interpretasie riglyne).

2.3.5 Etiese konsiderering

Met inagname van die NWU se riglyne vir etiese navorsings is die volgende stappe geneem om te verseker dat hierdie studie op ’n etiese wyse plaasgevind het. Die volgende stappe is geneem om die etiese aflewering van die navorsing te verseker:

- **Privaatheid van respondente:** Deeglike stappe is geneem om die privaatheid van die respondente te beskerm. Die deelname aan die studie het anoniem plaasgevind. Elke respondent se resultate kon om die rede ook totaal vertroulik hanteer word. Die respondente is nie gevra om enige persoonlike inligting (bv. naam, adres, ens.) weer te gee nie. Nadat elke respondent die vraelys voltooi het is slegs ’n nommer aan elke voltooide vraelys toegeken.
- **Vrywillige deelname:** Voor die aanname van die navorsing is elke respondent meegedeel dat sy/haar deelname aan die studie totaal vrywillig is. Geen respondentwas onder enige verpligting om aan die studie deel te neem nie. Die deelname aan die studie is ook op geen wyse op die respondente afgedwing nie. Die respondente kon bloot besluit of hulle aan die studie wou deelneem of nie. Die vrywaring is aan die respondente verduidelik voor die aanvang van die vraelys. Die respondente wat voortgaan om die vraelys te voltooi het daarmee hulle vrywillige instemming gegee.
- **Verduideliking waaroor studie handel:** Voor die aanvang van die vraelys was die respondente ingelig waaroor die studie handel. ’n Kort beskrywing van die studie se doelstellings was aan die respondente weergegee. Respondentewas ingelig dat die navorsing wil vasstel hoe persoonlikheidsontleding predikante kan help om hulle inter- en intrapersoonlike vaardighede te verbeter.
- **Verduideliking van hoe lank die deelname sal duur:** Voor die aanvang van die vraelys was die respondente ingelig van die moontlike tydsduur, lengte en uiteensetting van die vraelys.
- **Verduideliking hoe die resultate gebruik sal word:** Voor die aanvang van die vraelys was die respondente ook ingelig tot watter nut die resultate gebruik sal word. Die respondente is ingelig dat die resultate in die toekoms moontlik gebruik sal kan word om die geestesgesondheid van predikante in die GKSA te bevorder.
- **Die reg om antwoorde te wysig:** Omdat daar in hierdie studie van respondente verwag word om ’n formele vraelys te voltooi is daar aan die einde van die vraelys aan elke respondent die geleentheid gegun om sy/haar

antwoorde te hersien of vir korrektheid na te gaan. Respondente het daarom die geleentheid om antwoorde te verander of, indien die respondent dit sou nodig ag, aan te pas voordat die vraelys indien word.

- **Oorweging van geskiktheid van navorsingsmetode:** Verskillende metodes is vir die data insameling oorweeg. Die metode wat gevolg word, is dieselfde metode wat deur die Myers-Briggs-Tipe-Indikator (MBTI) gebruik word. Die rede vir hierdie keuse is omdat die vraelys wat in hierdie studie gebruik word - net soos die MBTI - persoonlikheidstipes meet en nie spesifiek persoonlikheidstrekke nie (sien 2.3.4). Die MBTI is ook die mees gebruike persoonlikheidsontleding in die wêreld (Briggs-Myers, 1998:5). Die resultate word op 'n voorafbepaalde gestandaardiseerde berekendsisteem verwerk om te verseker dat die resultate van elke respondent op presies dieselfde wyse bereken word.
- **Beoordeling van risiko's en voorsorgmaatreëls:** Normaalweg beskryf respondente persoonlikheidsontleding as 'n verrykende ervaring. Dit mag wel voorkom dat respondente deur die voltooiing van die vraelys sielkundige ongemak beleef deur op items te reageer wat vir die spesifieke respondent 'n emosionele verbintenis mag hê. Indien 'n respondent sodanige ongemak beleef kon die navorser direk gekontak word om 'n ontlontingstrategie in werking te stel. Die kans op die belewing van sodanige ongemak blyk egter in hierdie studie minimaal te wees omdat die vraelys slegs vasgestelde en normale gedragspatrone ondersoek.
- **Navorsingsvraelys identifiseer nie patologie nie:** Dit is belangrik om hier te let op die feit dat die vraelys wat in hierdie studie gebruik word nie ten doel het om [11]psigopatologie of abnormale gedrag te ondersoek nie. Met die instruksies aan die respondent word pertinent melding gemaak dat die respondent bloot op die items moet reageer hoe hulle "normaalweg" optree of voel en dan hulle antwoorde dienooreenkomstig te merk.
- **Kundigheid, vaardigheid en wettige bevoegdheid van navorser:** Die navorser het voor die aanvang van die studie gespesialiseerde opleiding in sielkundige assessering ontvang. Die navorser is ook by die Gesondheidsraad van Suid Afrika as professionele Psigometris geregistreer en is gevolmag om sielkundige assesserings af te neem, te verwerk, te interpreteer en terugvoer te gee.

[11]**Psigopatologie:** 'n Afdeling in die Sielkunde wat fokus op die bestudering van psigologiese afwykings of abnormale gedrag (Colman, 2009:620).

- **Gebruik van fasiliteite:** Die navorsingsvraelys is via internetskakel aan respondente per e-pos afgelewer. Slegs persone wat by die e-pos lys ingesluit is het die Internetskakel om die vraelys te voltooi ontvang. Die volgende vrywarings is by die e-pos ingesluit indien die vraelys die verkeerde adres sou bereik: "*This email and any attachments are intended solely for the addressee(s) and may be confidential. Access to this message by anyone else is unauthorised. If you have received it in error, please delete it from your system, do not use or disclose the information in any way, and notify the sender immediately*."
- **Kriteria vir deelnemerseleksie en ewekansigheid:** Al die predikante in die GKSA is by die studie betrek. Uitsluiting by die studie geskied op grond van die respondent self omdat die voltooiing van die navorsingsvraelys vrywillig is.
- **Verduideliking van die voordele van deelname:** Respondente is meegedeel dat indien die studie suksesvol voltooi kan word, kan elke predikant asook toekomstige predikante by die VBO kursus wat met die studie ontwikkel sal word baatvind. Die VBO kursus mag die emosionele en geestelike gesondheid van die predikante in die GKSA bevorder. Omdat die data wat ingewin is spesifiek op die predikante in die GKSA betrek het sal die inligting meer akkuraat op die predikante se spesifieke konteks toegepas kan word.
- **Aansporing en vergoeding van respondente:** Respondente word in kennis gestel dat die navorsing in die toekoms tot voordeel van die predikante in die GKSA gebruik kan word deur die emosionele en geestelike welstand van predikante te bevorder.
- **Geen misleiding van respondente:** Die respondente is volledig oor die doelstellings en redes vir die studie ingelig. Die respondente is ook ingelig oor hoe die ingesamelde inligting gebruik en hanteer sal word.
- **Bekendmaking van resultate aan respondente:** Resultate word nie onmiddellik na die afneem van die vraelys aan respondente bekend gemaak nie. Die aanvanklike inligting wat ingesamel is, is slegs rou data en moes eers verwerk word. Omdat die navorsing totaal anoniem geskied het en die resultate nie aan spesifieke respondente verbind word nie is die individuele resultate ook nie aan die respondente gegee nie. Die resultate en gevolgtrekkings van die totale studie sal wel na die afloop van die studie aan die belangstellende respondente bekend gemaak word.

- **Inagname van steuringsveranderlikes:** Die groot steuringsveranderlike in hierdie studie is die konteks waarbinne die vraelyste voltooi word. Omdat die vraelys elektronies afgelewer word voltooi die respondente die vraelys binne sy/haar unieke konteks. Maar omdat die vraelys persoonlikheidstipes meet ('n konsep wat normaalweg oor tyd konstant bly), behoort kontekstuele verskille die resultate minimaal te beïnvloed. Die metode van aflewering was ook vir al die respondente dieselfde.

2.3.6 Bepaling van die geldigheid en betroubaarheid van resultate

Dit is belangrik om hier te vermeld dat die navorsingsmetodiek wat gevolg word om die geldigheid en betroubaarheid van die resultate te bepaal gepas moet wees vir die spesifieke aard van die persoonlikheidsvraelys wat gebruik word. Hier moet in gedagte gehou word dat die vraelys wat die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates identifiseer gedefinieerde persoonlikheidstipes bepaal en nie individuele persoonlikheidstrekke probeer vasstel nie. Die trekkebenadering gaan volgens John *et al* (2010:577) van die standpunt uit dat 'n persoon se persoonlikheid saamgestel word uit bepaalde aantal persoonlikheidstrekke of eienskappe (sien 3.5.5) vir uiteensetting van die trekkebenadering tot persoonlikheid). Die mate of hoeveelheid van elke afsonderlike persoonlikheidseienskap word met hierdie tipe persoonlikheidsontleding bepaal. Hierdie metode maak die aanname dat 'n gegewe persoon se persoonlikheid uit 'n variasie van karaktereienskappe of trekke bestaan. Ook word met die trekkebenadering bepaal hoeveel van 'n bepaalde karaktereienskap 'n persoon besit of weerspieël. Met die trekkebenadering word die een end van die skaal gewoonlik as goed of beter bestempel en die ander end weer as ongunstig of minder goed beskou. Om te veel of te min van 'n bepaalde eienskap te besit, kan as afwykend bestempel word. 'n Persoon wat byvoorbeeld "te hoog" op 'n dominansie skaal meet kan moontlik as aggressief getipeer word of as iemand wat beheer in sosiale- of werksomstandighede moet neem. Net so kan 'n "te lae" telling op 'n dominansie skaal weer op submissie en lae selfkonsep dui.

In kontras met die trekkebenadering tot persoonlikheidsontleding, meet die vraelys wat in hierdie studie gebruik word om die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates te bepaal - net soos die MBTI - spesifiek persoonlikheidstipes en nie persoonlikheidstrekke nie. Die bedoeling met die identifisering van persoonlikheidstipes is om persone volgens geldige kriteria te groepeer, soos Hippocrates se teorie dit in hierdie geval beskryf. Met ander woorde, persone word vergelyk met 'n voorafbepaalde stel kriteria en daarvolgens ingedeel. Hierdie groepe

of persoonlikheidstipes is die 4 hoof persoonlikheidstipes met die 12 verskillende kombinasies (sien 3.6 vir die vier primêre persoonlikheidstipes en 3.7 vir die twaalf persoonlikheidskombinasies). Hierdie onderskeid het belangrike implikasies vir die interpretasie van die resultate sowel as die soort bewyse wat benodig word om die geldigheid en betroubaarheid van resultate te bepaal (sien 2.3.6.1 vir uiteensetting van die metode wat in hierdie studie gevolg word om die geldigheid en betroubaarheid van resultate te bepaal).

2.3.6.1 Metode wat gevolg word om die geldigheid en betroubaarheid te bepaal

Ten einde te bepaal of die vraelys wat in hierdie studie gebruik word om die vier persoonlikheidstipes vas te stel [12]betroubare resultate lewer, is 'n betroubaarheidstudie onderneem. Die rasionaal agter hierdie studie is gegrond op die konsep van akkuraatheid van die meetinstrument. Met ander woorde, die resultate wat verkry word moet as geldig, betroubaar en relevant vir die teikengroep bestempel word. Foxcroft en Roodt (2012:46) vergelyk in hierdie verband die betroubaarheid en geldigheid van 'n persoonlikheidsontleding met die akkuraatheid van 'n bouer se gereedskap. Net soos 'n bouer nie met 'n gebroke waterpas sy bouwerk akkuraat kan voltooi nie kan 'n gebroke persoonlikheidsassessering, binne sy spesifieke perke, ook nie 'n persoon se persoonlikheidstipe akkuraat beskryf nie.

Met hierdie studie gaan daar van 'n [13]alternatiewe-vorm betroubaarheidsmetode gebruik gemaak word. Met hierdie metode word daar volgens Moerdyk (2012:260) twee alternatiewe vraelyste wat presies dieselfde konstruksie meet aan presies dieselfde groep persone gegee om te voltooi. Die korrelasie tussen die resultate van die twee vraelyste word gebruik om die betroubaarheid van die oorspronklike vraelys te bepaal of te verifieer. Vir hierdie studie word die volgende alternatiewe weergawes gebruik:

1. Die eerste persoonlikheidsvraelys verwag van respondente om 'n formele vraelys te voltooi. Die respondente reageer op 'n reeks stellings wat geformuleer is om die twee skale (Introversie-Ekstroversie en Emosioneel-

[12]**Toets Betroubaarheid:** Die betroubaarheid van 'n toets verwys na die toets se vermoë om konstant dieselfde resultate te lewer. Met ander woorde, dieselfde resultate moet verkry word indien dieselfde toets deur dieselfde persoon na 'n verloop van tyd voltooi word (Foxcroft & Roodt, 2012:47)."

[13]**Alternatiewe-vorm betroubaarheidsmetode:** 'n Tegniek wat gebruik word om die betroubaarheid van 'n assessering te toets deur te bepaal of dieselfde resultate op verskillende geleenthede verkrygbaar is. Twee assesserings wat presies dieselfde konsep meet word aan dieselfde groep of persoon gegee om te voltooi. Indien daar 'n positiewe korrelasie tussen die resultate op die twee assesserings bestaan kan veronderstel word dat die assessering betroubare resultate opgelewer het (Moerdyk, 2012:40).

Onemosioneel) te bepaal (sien 2.3.4 metode van data insameling). Die resultate word bereken en oorgedra op 'n voorafbepaalde diagram wat die twee skale aantoon (sien afdeling A van bylaag B). Vanuit hierdie diagram word ook bepaal watter een van die vier persoonlikheidstipe die respondent se primêre persoonlikheidstipe is (sien bylaag figuur 1.1). Hierdie eerste resultate word die respondent se gerapporteerde persoonlikheidstipe of eerste hipotese tot sy/haar persoonlikheidstipe genoem.

2. Met die tweede persoonlikheidsvraelys word daar van die respondent verwag om deur middel van 'n "aftik-lys" verskillende persoonlikheidseienskappe te evalueer deur aan te toon tot watter mate die respondent die betrokke eienskap weerspieël. Hierdie vraelys bestaan uit vier kolomme. Elk van die vierkolomme verteenwoordig elk die eienskappe van die vier primêre persoonlikheidstipes (sien afdeling B van bylaag A). Hierdie metode staan bekend as 'n [14]selfassessering omdat die kandidaat self die eienskappe afsonderlik evalueer of ten opsigte van sy/haar selfkennis assesseer. Die kolom waaraan die respondent die hoogste telling toeken verteenwoordig sy/haar primêre persoonlikheidstipe. Die kolom met die tweede hoogstetelling verteenwoordig die respondent se sekondêre persoonlikheidstipe (sien afdeling B van bylaag B). Hierdie selfassessering vorm die respondent se tweede hipotese tot sy/haar persoonlikheidstipe.
3. 'n Derde vraelys is tot die toetsbattery gevoeg om verdere, meer gefokusde, korrelasies vas te stel. Hierdie vraelys is deur Prof. P. Joubert (2005) ontwikkel en gestandaardiseer. Hierdie vraelys meet persoonlikheidstipes maar op die vlak van stresgeneigdheid wat as die Stres-Persoonlikheidskaal bekend staan (sien afdeling C sien bylaag A). Hierdie assessering meet Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes (sien 3.7.3 vir uiteensetting van Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes) en volg ook 'n selfrapportering metode deurdat daar van die respondent verwag word om op 'n reeks stellings te reageer en op 'n skaal aan te toon tot watter mate die stellings die respondent persoonlik beskryf. Daar behoort 'n korrelasie te bestaan tussen die vlak van gedrewenheid en bepaalde persoonlikheidskombinasies. Indien daar wel 'n korrelasie tussen bepaalde persoonlikheidskombinasies en Tipe-A of Tipe-B

[14]**Self-assessering:** Anders as by die self-rapporteringsmetode, evalueer die respondent nie vooraf- geformuleerde stellings om bepaalde eienskappe te meet nie, maar die respondent evalueer die persoonlikheidstipes en eienskappe direk om self te assesseer en te bepaal watter persoonlikheidstipe en eienskappe hom/haar die beste beskryf.

persoonlikheidstipes bestaan mag dit as 'n verdere aanduiding van die geldigheid en betroubaarheid van die oorspronklike vraelys dien.

Die korrelasie tussen die selfrapporteringsvraelys en die selfassesseringsvraelys (die respondent se eerste en tweede hipotese tot sy/haar persoonlikheidstipe) word dan bereken. Hierna kan bepaal word of die resultate wat op die oorspronklike selfrapporteringsvraelys verkry is met die respondent se "self-persepsie" wat deur die selfassesseringsvraelys verkry is, korreleer. Op hierdie wyse kan bepaal word of die persoonlikheidstipe wat deur die oorspronklike selfrapporteringsvraelys bepaal is geldige resultate opgelewer het. Op hierdie wyse word ook bepaal wat die respondent se sekondêre persoonlikheidstipe is. Die samevoeging van die primêre persoonlikheidstipe (wat eerste vermeld word) en die sekondêre persoonlikheidstipe (wat tweede vermeld word) bepaal die respondent se persoonlikheidskombinasie (bv. Choleries-Melancholies). Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die Myers-Briggs-Tipe-Indikator (MBTI), wat as die mees akkurate persoonlikheidstipe indikator bestempel word, van hierdie verifikasie metode gebruik maak (Briggs-Myers *et al*, 2003:116).

2.3.6.2 Die wetenskaplik- verantwoordbaarheid van die verifikasie metode

Enige tegniek of metode wat gebruik word om persoonlikheid te identifiseer is volgens Foxcroft en Roodt (2012:55) onderhewig aan tekortkominge wat tot foutiewe resultate kan aanleiding gee. Dit is daarom noodsaaklik om 'n validasie metode in die assesseringsproses in te sluit om die resultate te bevestig of te verifieer. Deur resultate te verifieer word maksimale sekerheid verkry, nie net dat die resultate akkuraat of korrek is nie, maar ook dat die persoonlikheidstipe wat geïdentifiseer word die respondent die beste beskryf. Indien die oorspronklik geïdentifiseerde persoonlikheidstipe (wat deur die selfrapporteringsvraelys geïdentifiseer is) nie die respondent werklik sou pas of beskryf nie, kan ander moontlikhede ondersoek word om sodoende die mees geskikte persoonlikheidstipe te identifiseer. Verder verhoog die verifikasie van die respondente se persoonlikheidstipes volgens Quenk (2009:33) ook die mate waartoe die respondente by die assesseringsresultate kan baatvind.

Die rede vir die gebruik van die rapportering en verifiëringsmetode is omdat die MBTI instrument met hierdie selfde metode hoë betroubaarheidsresultate verkry het (sien Tabel 2.1). Die resultate wat deur die selfrapporteringsvraelys verkry word dien as die eerste hipotese of raming van 'n persoon se persoonlikheidstipe. Met die selfassesseringsvraelys beoordeel die respondent sy/haar eerste hipotese deur 'n tweede hipotese te vorm. Beide die hipoteses word dan in die lig van die literatuur

van die geïdentifiseerde persoonlikheidstipe asook die twee dimensies (Introversie-Ekstroversie en Emosioneel-Onemosioneel) beoordeel. Sodoende word die respondent se persoonlikheidstipe wat hom/haar die beste pas of beskryfbevestig.

Die navorsingsbattery wat vir hierdie studie saamgestel is het die selfrapporteringsvraelys en selfassesseringsvraelys as 'n aaneenlopende proses geïntegreer (sien bylaag A). Na voltooiing van die selfrapporteringsvraelys begin die respondent die selfassesserings- en verifiëringsproses. Elk van die vier persoonlikheidstipes word afsonderlik aan die orde gestel. Alvorens die respondent die onderskeie persoonlikheidstipes evalueer word 'n verduideliking van elk op 'n neutrale en nie-bevooroordeelde wyse kortliks omskryf. Op dié wyse kan die respondent die verskillende persoonlikheidstipes ten opsigte van sy/haar eie geneigdheid en lewensomstandighede evalueer. Die illustrasies van die verskillende persoonlikheidstipes en die verskille tussen dit bied aan die respondent geleentheid om 'n mees akkurate omskrywing van sy/haar persoonlikheidstipe te identifiseer. Sodoende word die selfrapporteringsvraelys se resultate bevestig en geverifieer.

Indien die resultate van die oorspronklike selfrapporteringsvraelys met die opeenvolgende selfassesseringsvraelys ooreenstem kan aanvaar word dat die resultate geldig is. Indien die resultate van die oorspronklike selfrapporteringsvraelys met die van die opeenvolgende selfassesseringsvraelys verskil of deur die respondent bevraagteken word is verdere verkenning van die verskillende persoonlikheidstipes nodig. Briggs-Myers *et al* (2003:118) waarsku egter daarteen dat die navorser in so geval daarteen moet waak om die respondent se "selfpersepsie" wat op die selfassesseringverkry is nie as foutief te bestempel nie. Ook moet die oorspronklike selfrapporteringsresultate nie swaarder gewig dra as die respondent se "selfpersepsie" op die selfassesseringsvraelys nie. Dit is egter via die respondent se assessering van hom- of haarself wat die resultate verkry word. Die navorser kan slegs die respondent begelei tot die ontdekking van die mees akkurate resultate.

2.3.6.3 Navorsingsresultate na die verifiëring van die vraelys

Omdat hierdie studie met die vraelys wat die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates bepaal dieselfde rapportering en verifiëring metodologie as die MBTI instrument volg, gaan hier op bestaande navorsing in hierdie verband gefokus word. Briggs-Myers *et al* (2003:116) toon aan dat 'n aantal studies gepoog het om vas te stel wat die korrelasie tussen die selfrapportering en selfassessering by die MBTI instrument is. Tabel 2.1 toon die resultate van twee studies aan wat ondersoek

ingestel het na die gerapporteerde en geverifieerde persoonlikheidstipes op die MBTI instrument.

Tabel 2.1 Persentasie wat op die MBTI met gerapporteerde resultate saamstem

Navorsingsbron	Persentasie wat met gerapporteerde tipe saamstem
Hammer & Yeakley (1987) Walck (1992)	85% 75%

Die data in tabel 2.1 skets ŉ moontlike projeksie van verwagte resultate wat in hierdie studie in verband met die vier persoonlikheidstipes verkry mag word. Teenstrydighede tussen die gerapporteerde en geverifieerde persoonlikheidstipes vind volgens Hammer en Yeakley (1987) hoofsaaklik plaas wanneer ŉ respondent nie ŉ duidelike voorkeur tussen die verskillende domeine (Introversie-Ekstroversie of Emosioneel-Onemosioneel) kan aantoon nie. In so geval het die respondente positief gereageer op die helfte van items wat òf die een òf die ander pool van ŉ bepaalde domein beskryf. In so ŉ geval sal dit nodig wees vir die respondent om die spesifieke domein verder te verken om duidelikheid te verkry.

Met hierdie studie is die geldigheid van die resultate ook met behulp van die rapportering en verifiëring metode bepaal. Elke respondent is die geleentheid gegun om na die voltooiing van die oorspronklike selfrapporteringsvraelys ook ŉ selfassesseringsvraelys te voltooi ten einde die oorspronklik geïdentifiseerde persoonlikheidstipe te verifieer. Na die afhandeling van hierdie proses het 63 uit die 71 respondente wat aan die studie deelgeneem het hulle primêre persoonlikheidstipe wat deur die oorspronklike selfrapporteringsvraelys geïdentifiseer is bevestig. Na die afloop van die studie het dus 88,7% van die respondente hulle persoonlikheidstipe wat deur die oorspronklike selfrapporteringsvraelys geïdentifiseer is bevestig of geverifieer. Hierdie verifiëringsdata korreleer positief met soortgelyke studies wat op die MBTI instrument gedoen is (sien Tabel 2.1).

Deur middel van hierdie metode het ŉ verdere 8 uit die 71 respondente wel aangetoon dat die persoonlikheidstipe wat deur die oorspronklike selfrapporteringsvraelys geïdentifiseer is wel hulle sekondêre persoonlikheidstipe geïdentifiseer het. Die selfrapporteringsvraelys was dus in staat om ŉ verdere totaal van 11,3% van die respondente se sekondêre persoonlikheidstipe, alhoewel nie die primêre persoonlikheidstipe nie, te identifiseer. In hierdie verband kon die respondente nie duidelik hul voorkeur tussen die twee domeine (Introversie-Ekstroversie en Emosioneel-Onemosioneel) na ŉ enkele assessering duidelik

identifiseer nie. Hierdie respondente kon dus eers na die verifikasie proses duidelikheid van hulle voorkeure op die verskillende domeine verkry.

Met inagneming van die bogenoemde data, maar veral met die inagneming van soortgelyke studies wat op die MBTI instrument gedoen is (soos in Tabel 2.1 uiteengesit), blyk die oorspronklike vraelys wat gebruik is om die vier persoonlikheidstipes te bepaal, wel geldige en betroubare resultate vanuit hierdie studiepopulasie op te lewer.



Figuur 2.1 Persentasie van persoonlikheidstipes bevestig na die verifiëringsproses van die vier persoonlikheidstipes.

Quenk (2009:53) het die volgende redes geïdentifiseer waarom die gerapporteerde en geverifieerde persoonlikheidstipes van mekaar mag verskil:

- Die respondent mag moontlik nie ’n duidelike voorkeur toon vir een of meer van die teenoorgestelde pole nie (bv. die Introversie-Ekstroversie skaal).
- Die respondent het die items op die selfrapporteringsvraelys beantwoord hoe hy/sy deur ander gesien wil word en nie noodwendig hoe die persoon werklik is nie.
- Die respondent het die items op die oorspronklike selfassesseringsvraelys so beantwoord soos hy/sy dink hy/sy moet wees en nie noodwendig hoe hy/sy werklik is nie.
- Die respondent mag moontlik deur sy/haar huidige werkvereistes of lewensomstandighede beïnvloed gewees het.
- Die respondent gaan deur ’n besondere stresvolle lewensituasie en het dit moeilik gevind om te identifiseer hoe hy/sy normaalweg funksioneer.

2.4. DATA INTERPRETASIE

In hierdie afdeling van die hoofstuk gaan daar gefokus word op die riglyne vir data berekening (2.4.1), data bespreking (2.4.2), asook die toepassing van die navorsingsgegewens op ŉ pastorale toerustingsmodel (2.4.3).

2.4.1 Riglyne vir data berekening

Riglyne vir die berekening van elke afsonderlike vraelys se resultate is gevolg (sien bylaag B vir die data berekening riglyne). Nadat elke respondent se resultate bereken is, is dit aangeteken en uiteengesit (sien bylaag C vir die berekende data van die totale steekproef). Die interpretasie van die resultate is ŉ gekombineerde proses tussen (1) die selfrapporteringsvraelys, (2) die selfassesseringsvraelys, (3) die stres-persoonlikheidskaal en, (4) die respondenteself.

Omdat die data insamelingsproses elektronies plaasgevind het en die respondente nie een tot een geassesseer is nie, kan slegs die data wat deur die drie afsonderlike vraelyste ingesamel is vir die interpretasieproses gebruik word. Die respondent se direkte insette by die verifiëring van sy/haar persoonlikheidstipe word in hierdie studie buite rekening gelaat. Die akkuraatheid, betroubaarheid en verifiëring van die resultate word daarom slegs op die ingesamelde data bereken.

2.4.2 Data bespreking

In hierdie onderafdeling gaan daar gefokus word op die verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA (2.4.2.1), die rede vir die verspreiding van persoonlikheidstipes by predikante in die GKSA (2.4.2.2), die verspreiding van persoonlikheidstipes en beroepservaring (2.4.2.3), die verspreiding en die geslagtelike samestelling van die steekproef (2.4.2.4), asook die verspreiding van stres-persoonlikheidstipes (2.4.2.5).

2.4.2.1 Verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA

Die verspreiding van persoonlikheidskombinasie van die predikante in die GKSA wat aan die studie deelgeneem het word in tabel 2.2 uiteengesit. Oorkoepelend is die verteenwoordiging van die persoonlikheidskombinasie binne die studiepopulasie verspreid en word elk van die vier primêre persoonlikheidstipes tot ŉ mindere of meerdere mate onder predikante in die GKSA verteenwoordig.

Tabel 2.2 Verteenwoordiging van die twaalf persoonlikheidskombinasies onder predikante van die GKSA

Onemosioneel

Flegmaties	Flegmaties-Choleries (19/71)(26.76%)	Choleries-Flegmaties (6/71)(8.45%)	Choleries
Flegmaties-Melancholies (13/71)(18.31%)	Flegmaties-Sanguinies (5/71)(7.04%)	Choleries-Melancholies (5/71)(7.04%)	Choleries-Sanguinies (4/71)(5.63%)
Melancholies-Flegmaties (8/71)(11.27%)	Melancholies-Choleries (3/71)(4.23%)	Sanguinies-Flegmaties (3/71)(4.23%)	Sanguinies-Choleries (2/71)(2.82%)
Melancholies	Melancholies-Sanguinies (0/71)(0%)	Sanguinies-Melancholies (3/71)(4.23%)	Sanguinies

Introvert — Extrovert

Emosioneel

Met 'n deursnee analise oor die verspreiding van persoonlikheidstipes binne die studiepopulasie blyk die grootste persentasie van respondente binne die Flegmatiese persoonlikheidskombinasies te sorteer met 52.11% van die respondente wat binne hierdie introvert-onemosionele kategorie val. Die tweede meeste respondente sorteer binne die Choleriese persoonlikheidskombinasies met 21.12% van die respondente wat binne hierdie ekstrovert-onemosionele kategorie val. Dit bring egter mee dat die oorhoofse meerderheid van die respondente primêr na die onemosionele domein geneig is met 'n totaal van 73.23% wat binne hierdie domein sorteer (sien Tabel 2.2 en Figuur 2.2).



Figuur 2.1 Verspreiding van die vierprimêre persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA

Wat die verspreiding van die Melancholiese persoonlikheidskombinasies betref het 'n verdere 15.5% van die respondente binne hierdie introvert-emosionele kategorie sorteer. Die oorhoofse minderheid van predikante wat aan die studie deelgeneem sorteer egter binne die Sanguiniese persoonlikheidskombinasies met slegs 11.28% van die respondente wat binne hierdie ekstroverte-emosionele kategorie sorteer. Dit bring mee dat slegs 26.77% van die respondente na die emosionele persoonlikheidskombinasies geneig is (sien Tabel 2.2 en Figuur 2.2 vir die grafiese uitbeelding van hierdie data).

In geheel beoordeel is dit merkwaardig dat die meeste respondente na die Flegmatiese persoonlikheidstipe as primêre persoonlikheidstipe neig. Dit is belangrik om daarop te let dat die Sanguiniese persoonlikheidstipe, wat die laagste in die studiepopulasie verteenwoordig word, die direkte teenoorgestelde van die Flegmatiese persoonlikheidstipe is. Hierdie lae verteenwoordiging van die Sanguiniese persoonlikheidstipe onder predikante in die GKSA dien as bevestiging dat die predikante wat aan die studie deelgeneem het grotendeels na die introvert-onemosionel eerder as ekstrovert-emosionele persoonlikheidskombinasie neig.



Figuur 2.2 Die verspreiding van respondente op die emosionele-onemosionele domein

Binne die Choleriese, Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidskombinasies blyk daar ook die tendens te bestaan dat die meerderheid respondente wat binne hierdie persoonlikheidskombinasie sorteer ook die Flegmatiese persoonlikheidstipe as sekondêre persoonlikheidstipe geïdentifiseer het. Binne hierdie kombinasies het 11,27% van die respondente die Melancholiese-Flegmatiese persoonlikheids-kombinasie vertoon; 8,45% van die respondente het 'n Choleries-Flegmaties

persoonlikheidskombinasie vertoon en 4,23% van die respondente het 'n Sanguinies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie vertoon. 'n Totaal van 23,95% van die respondente vertoon dus die Flegmatiese persoonlikheidstipe ook as sekondêre persoonlikheidstipe. Die laagste verspreiding van sekondêre persoonlikheidstipes word ook onder die Sanguiniese persoonlikheidskombinasies gevind waaronder slegs 12.67% van die studiepopulasie sorteer. Geen van die respondente het 'n Melancholies-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie aangetoon nie.



Figuur 2.3 Die verspreiding van respondente op die introversie-ekstroversie skaal

Met 'n deursnee analise van die verspreiding van respondente op die introversie-ekstroversie domein sorteer 67.61% van die respondente wat aan die studie deelgeneem het binne die introverte persoonlikheidskombinasies met 33,39% van die respondente wat binne die ekstroverte persoonlikheidskombinasies sorteer (sien Figuur 2.3). Oorhoofs beoordeel neig die predikante in die GKSA primêr na die onemosionele (73.23%) eerder as die emosionele domein (26.77%) (sien Figuur 2.2). Indien daar aanvaar kan word dat die verspreiding van persoonlikheidstipes binne die algemene populasie meer eweredig verspreid is as wat in hierdie studie onder predikante in die GKSA vasgestel is, kan aanvaar word dat die neiging van die steekproef na die introverte-onemosionele domein 'n aanduiding is dat hierdie spesifieke persoonlikheidskombinasies meer tot die bediening in die GKSA aangetrokke is. Hierdie verspreidingsgeneigdheid is veral betekenisvol indien dit gesien word in kontras met die verteenwoordiging van respondente op die ekstrovert-emosionele domein wat uit slegs 11.27% van die respondente bestaan. Hierdie verteenwoordiging is veral betekenisvol wanneer daar met individue op persoonlike vlak gewerk word. Navorsing in die verband met persoonlikheidstipes en

beroepskeuses het in die verlede volgens Owens (2015:22) ’n sterk korrelasie tussen hierdie twee konsepte aangenoon.

Die vraag wat hieruit voortvloei is: Waarom blyk daar onder die predikante in die GKSA ’n geneigdheid na die introvert-onemosionele persoonlikheidskombinasies te bestaan?

2.4.2.2 Rede vir die verspreiding van persoonlikheidstipes by predikante in die GKSA

Volgens Onoyase en Onoyase (2009:109) is dit belangrik om daarop te let dat sekere persoonlikheidstipes sekere beroepe meer geskik of gunstig sal vind as ander. Natuurlik word daar nie net een persoonlikheidstipe binne ’n bepaalde beroep gevind nie, maar - soos in die geval by die predikante in die GKSA - is daar ’n groter verteenwoordiging van een persoonlikheidstipe as ander. Volgens Briggs-Myers *et al* (2003:286) kan verskillende persoonlikheidstipes dieselfde werk verrig maar sal verskillende benaderings tot die uitvoer daarvan volg, die een moontlik meer effektief as die ander. Dit kom juis na vore in die uitvoer van ’n beroepsrol waar daar spanning kan ontstaan. Indien daarvolgens Lounsbury *et al* (2008:2) ’n groot verteenwoordiging van ’n bepaalde persoonlikheidstipe in verhouding met ander in ’n gegewe beroep voorkom, mag die waarskynlikheid van nuwe benaderings en innovasies vanweë “groepdenke” in die beroep laag wees.

Volgens Kristof-Brown *et al* (2005:281) blyk daar ’n verband te bestaan tussen die soort werksaktiwiteite wat persone vervullend vind en die tipe omgewing wat persone verkies. Volgens Nikolaou (2003:639) blyk pasgraad komplimenterend of aanvullend te wees. Komplimenterend pasgraad vind plaas wanneer die persoon soortgelyke eienskappe besit as ander individue in die werksomgewing. Aanvullend pasgraad ontstaan wanneer ’n persoon eienskappe of vermoëns in die werksomgewing inbring wat instrumenteel bydra tot die bestaande eienskappe wat die werksomgewing kenmerk. Pasgraad vind in ieder geval plaas wanneer daar ’n dinamiese interaksie tussen die persoon en die omgewing is.

Navorsing het volgens Nicodemus (2012:11) die belangrikheid van bepaalde werksomgewings vir verskillende persoonlikheidstipes aangetoon. Tabel 2.3 & 2.4 identifiseer verskeie voorkeure en afkeure op die introversie-ekstroversie en emosioneel-onemosioneel demensies binne die werksituasie. Om die rede affekteer persoonlikheidstipes met hulle bepaalde voorkeure en afkeure volgens Owens (2015:2) die tipe aktiwiteite sowel as die tipe omgewing wat persone as stimulerend

of bevredigend ervaar. Hierdie uitgangspunt staan bekend as die “persoon-omgewing-geskiktheid” teorie (sien 3.5.7 vir die beskrywing van persoonlikheidstipes en pasgraad).

Tabel 2.3 Voorkeure in die werksituasie op die Introversie-Ekstroversie domein

Introversie	Ekstroversie
✓ Hou van stilte vir konsentrasie. ✓ Is versigtig met detail en vermy radikale stellings. ✓ Verkies om alleen te werk aan projekte. ✓ Is geïnteresseerd in die detail of idees agter hulle werk. ✓ Hou nie daarvan om onderbreek te word nie. ✓ Hou daarvan om te dink voor hulle reageer. ✓ Hou daarvan om self tot ’n konklusie te kom.	✓ Hou van verskeidenheid en die neem van aksie. ✓ Hou nie van gekompliseerde en uitgerekte prosedures nie. ✓ Verkies om saam met ander te werk. ✓ Is geïnteresseerd in die aktiwiteite van hulle werk. ✓ Word nie gepla deur onderbrekings nie. ✓ Verkies om gou besluite te neem (sonder uitgerekte denkproses). ✓ Hou daarvan om ander se insette te verkry voor hulle tot ’n konklusie kom.

Die gegewens in Tabel 2.3 & 2.4 verskaf inligting in verband met eienskappe wat vir verskillende persoonlikheidstipes belangrik mag wees binne ’n ideale werksomgewing. Vriendelike en ondersteunende medewerkers blyk belangrik te wees vir Ekstroverte-Emosionele persoonlikheidstipes omdat hulle gefokus is om die eksterne wêreld van mense en gevoelens. Hierdie werksomgewing is weer minder belangrik vir Introverte-Onemosionele persoonlikheidstipes wat onafhanklikheid en selfstandigheid verkies. Hierdie voorkeur is waarskynlik minder belangrik vir die ideale werksomgewing vir Introverte-Onemosionele persoonlikheidstipe omdat hulle meer gefokus is op die teoretiese aspekte van hulle werk.

As gevolg van individuele voorkeure is dit belangrik om sensitief te wees vir faktore wat spanning in predikante se werkslewe veroorsaak. ’n Predikant wat spanning beleef mag homself in ’n werksomgewing bevind wat nie sy natuurlike voorkeure pas nie. Dit mag wees dat hierdie predikante vanweë verskeie redes nie sy omgewing kan verander nie (bv. keuse van verandering lê nie in die mag van die persoon self nie maar by eksterne faktore) en in hierdie spanning moet voortleef of die diens verlaat. In hierdie opsigte mag hierdie predikante voel dat hulle te veel tyd spandeer het aan opleiding om ’n ander beroep buite die kerk na te volg of dat die risiko vir die

verlies van inkomste te groot sal wees indien hulle ’n nuwe werksomgewing betree (sien beskrywing van die P.O.W sindroom onder 1.2.1).

Tabel 2.4 Voorkeure in die werksituasie op die Emosionele-Onemosionele domein

Emosioneel	Onemosioneel
✓ Verkies harmonie in die werksomgewing. ✓ Vermy konflik. ✓ Is geneig om simpatie teenoor ander te vertoon. ✓ Is meer bewus van die gevoelens van ander. ✓ Geniet dit om ander tevrede te stel. ✓ Is geneig om hul besluite te laat beïnvloed deur hulle eie of ander se opinies of voorkeure. ✓ Het ’n behoefte aan goedkeuring. ✓ Is meer persoon georiënteerd.	✓ Kan sonder harmonie werk. ✓ Konflik word gesien as ’n motiveerder. ✓ Verkies om op logika te fokus eerder as emosies. ✓ Is geneig om hardkoppig te wees. ✓ Wys nie maklik emosies vir ander nie en mag ongemaklik wees met die emosies van ander. ✓ Is meer gefokus op die logiese gevolge van dade. ✓ Mag onpersoonlike besluite neem (fokus minder op mense se behoeftes).

Briggs-Myers *et al* (2003:293) stel voor dat die persoon in hierdie geval een van twee keuses het: Hulle sal òf hulle werk moet aanpas om by hul persoonlikheidstipe te pas òf hulleself moet aanpas om by hul werksomstandighede te pas. Dit mag wees dat persone in hierdie omstandighede albei oplossings gedeeldelik sal moet toepas. Die ideaal sal wees dat predikante, sonder om die bediening te verlaat, ’n omgewing sal vind of skep wat meer in pas met sy persoonlikheidstipe sal wees. Vir predikante in die GKSA is dit vanweë die beroepingstelsel of vanweë die gemeenteprofiel self nie altyd moontlik om so verandering te maak nie en is aanpassing of diensverlating die enigste uiteindelike opsies.

Persoonlikheidstipes verskaf waardevolle inligting wat uit interaksie met die werksomgewing voortvloei. Coetzee en Schreuder (2002:54) wys daarop dat verskillende werksomgewings verskillende belonings en geleenthede vir verskillende persoonlikheidstipes bied. Verskillende persoonlikheidstipes word ook deur verskillende werksomgewings gemotiveer en beleef dit wat interessant en bevredigend is verskillend. Deur middel van pastorale toerusting met behulp van persoonlikheidsontleding kan nuwe benaderings vir die individu ontwikkel word wat binne ’n bepaalde werksomgewing meer effektief en belonend mag wees. Die uiteindelike gevolg moet die predikant se positiewe werkservaring wees.

Volgens die teoretisering agter die persoonlikheidstipologie kan die verspreiding van persoonlikheidstipes volgens Owens (2015:3) binne bepaalde beroepe met bepaalde eienskappe wat die werksomgewing kenmerk, in verband gebring word. Sekere beroepe sal sekere gedrag beloon en spesifieke gedrag vereis. Persone binne 'n bepaalde beroepe sal in lyn met die rolvereistes van die beroep optree. Om die rede sal persone met sekere persoonlikheidstipes aangetrokke wees tot bepaalde beroepe en ander weer nie. Volgens Onoyase en Onoyase (2009:114) ondersteun navorsing die aanname dat beroepskeuses deur die twee domeine (Introversie-Ekstroversie en Emosioneel-Onemosioneel) beïnvloed word en dat bepaalde gedragsvoorkeure in hierdie verband beroepskeuses beïnvloed. Oor die algemeen blyk die twee domeine beroepskeuses op die volgende wyses beïnvloed: Ekstroverte persoonlikheidstipes blyk werksomgewings te verkies wat konstante interaksie met ander verlang en wat aktiwiteite vereis wat buite blote roetine bestaan. Aan die teenoorgestelde pool blyk dit dat introverte persoonlikheidstipes werksomgewings wat selfstandigheid en tyd vir konsentrasie bied verkies (sien Tabel 4.3). Onemosionele persoonlikheidstipes blyk werksomgewings wat logies beredenering verlang te verkies. Aan die teenoorgestelde pool blyk die emosionele persoonlikheidstipes weer werksomgewings wat diens aan ander, vreedsaamheid en waardering aanbied, te verkies (sien Tabel 2.4).

Die verspreiding van persoonlikheidstipes binne 'n bepaalde beroep kan volgens Owens (2015:16) ook toegeskryf word aan spesialisasies binne die spesifieke beroep asook die verskillende benaderings wat persone volg om rolverwante take uit te voer. Persone binne dieselfde beroep kan byvoorbeeld meer persoon- georiënteerd of meer taak- georiënteerd wees. Daar is binne die teologie en die praktyk van die bediening ook spesialisasies waartoe verskillende persoonlikheidstipe aangetrokke sal wees. Hierdie diversiteit binne 'n beroep is volgens Briggs-Myers *et al* (2003:300) nodig om stagnasie en "groepdenke" binne die beroep te verhoed. Wanneer iemand se persoonlikheidstipe van die meerderheid verskil mag so persoon volgens Coetzee en Schreuder (2002:53) selfs die rol van 'n "baanbreker" inneem deurdat hy/sy nuwe insigte en benaderings tot die beroep mag bring.

Lounsbury *et al* (2008:4) maak melding daarvan dat persone wat 'n spesialisveld verkies dit gewoonlik in lyn met hulle persoonlikheidstipe doen. Dit kan dus veronderstel word dat dit 'n persoon se persoonlikheid is wat sy/haar beroep vorm en nie die beroep wat die persoonlikheid vorm nie. In hierdie opsigte word 'n predikant nie Flegmaties of Choleries nadat hy/sy die beroep betree nie, maar betree eerder die beroep as gevolg van sy/haar persoonlike voorkeure. Volgens die teorie

aangaande die persoonlikheidstipologie maak bepaalde persoonlikheidseienskappe persone aangetrokke tot sekere beroepe waarin hulle gemaklik met hulle voorkeur gedrag kan funksioneer. Om die rede deel persone in dieselde beroep soortgelyke persoonlikheidseienskappe. In hierdie opsigte blyk die Flegmatiese persoonlikheidstipe die "model" persoonlikheidstipe by predikante in die GKSA te wees. Dit blyk dus dat daar 'n duidelike neiging binne die verspreiding van persoonlikheidstipes maar ook individuele verskille by predikante binne die GKSA bestaan. Die besit van die "model" persoonlikheid waarborg natuurlik nie outomaties beroepsukses nie.

Predikante met verskillende persoonlikheidstipes mag verskillende gebiede binne die bediening vind of beklemtoon waarbinne hulle hul persoonlike voorkeure kan uitleef. Dit mag wees dat predikante met verskillende persoonlikheidstipes verskillende aspekte van hulle werk meer bevredigend mag vind. Dit is om die rede belangrik dat daar goeie kongruensie tussen die persoon en sy/haar werksomgewing bestaan. Indien daar kongruensie tussen die persoon en die werksomgewing bestaan behoort positiewe funksionering plaas te vind (sien 3.4.3.1 vir uiteensetting van persoonlikheid en kongruensie) en sal die persoon en die omgewing met mekaar korrespondeer. Briggs-Myers *et al* (2003:303) is van mening dat daar in so geval voorspel kan word dat daar hoër vlakke van werkstevredenheid mag ontstaan.

2.4.2.3 Verspreiding van persoonlikheidstipes en beroepservaring

Die aandag sal hier spesifiek toegespits word op die effek wat die verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA op beroepservaring het. Individuele verskille gaan met ander woorde nie in isolasie beoordeel word nie. Stone (2009:16) noem in hierdie verband dat die observasie van die groep insigte ten opsigte van die individu weergee. Hier gaan eerder gefokus word op die groter tendens van persoonlikheidstipes binne die GKSA. Sodoende kan bepaal word watter persoonlikheidstipes 'n groter risiko loop vir negatiewe beroepservaring en gevolglik diensverlating. Om vas te stel of bepaalde persoonlikheidstipes tot 'n gegewe beroep aangetrokke is of nie kan help om risiko groepe te identifiseer. Navorsing wat oorspronklik deur Holland (1996:397) gedoen is het vasgestel dat die persoonlikheidstipes wat 'n lae verteenwoordiging binne 'n gegewe beroep het, 'n groter risiko vir die ervaring van Sielkundige spanning het. Die rede vir die belewing van Sielkundige spanning is gegrond in die mate waartoe 'n persoonlikheidstipes "in-pas" met sy/haar werksomgewing is.

Navorsing in hierdie verband het volgens Nicodemus (2012:11) aangetoon dat daar ’n besondere verhouding tussen ’n persoonlikheidstipe, pasgraad en beroepservaring bestaan. ’n Onderliggende persoonlike geneigdheid beïnvloed volgens Johns en Saks (2005:115) beroepservaring. Hierdie persoonlike geneigdheid sal, by wyse van ’n persoon se persoonlikheid, meer of minder werkstevredenheid ervaar ten spyte van konteks of die ervaring van regverdigheid. Persoonlikheidstipes wat ’n groter verteenwoordiging binne ’n gegewe beroep het vertoon normaalweg volgens Owens (2015:22) ook ’n groter mate van werkstevredenheid omdat hierdie persoonlikheidstipes gewoonlik ook meer “in-pas” met hulle gekose beroep is. Navorsing wat deur Kristof-Brown *et al* (2005:285) gedoen is het aangetoon dat persone wat hulle beroep as positief ervaar gewoonlik ook hulle persoonlikheidtipe met ander in die beroep deel.

Alhoewel dit onmoontlik is om beroepservaring vanuit persoonlikheid alleen te bepaal omdat ander situasionele faktore (bv. die omgewing, interpersoonlike verhoudings, finansiële beloning, ens.) ook ’n rol by beroepservaring speel, blyk persoonlikheid volgens Nikolaou (2003:640) ’n bepalende rol by positiewe of negatiewe beroepservaring te speel. Om die effek van persoonlikheidstipes op beroepservaring te bepaal moet daar vanuit ’n toepaslike teoretiese raamwerk gewerk word. Die rede vir die verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante in die GKSA blyk daarom direk verband te hou met die teoretisering agter die persoonlikheidstipologie. Volgende hierdie teorie bestaan daar oor die algemeen ’n geneigdheid of aangetrokkenheid van sekere persoonlikheidstipes na sekere beroepe. Dit blyk dat hierdie persoonlikheidstipes hulle beroep ook positief ervaar.

Omdat daar ’n geneigdheid onder predikante in die GKSA na die Flegmatiese persoonlikheidstipe bestaan, blyk die rolvereistes van predikante in die GKSA ook in lyn te wees met die kenmerke van hierdie persoonlikheidstipe. Flegmatiese persoonlikheidtipe word tipies gekenmerk deur eienskappe soos kalmte, beheerste emosies, betroubaarheid, getrouheid, gemaklikheid, effektiwiteit, konserwatiwiteit, diplomasie, hoë spanningstoleransie en selfstandigheid (sien Figuur 1.1). Johns en Saks (2005:115) noem in hierdie verband dat sekere ingebore persoonlikheidseienskappe tot werkstevredenheid aanleiding gee. Alhoewel Flegmatiese persoonlikheid in die meerderheid onder predikante binne die GKSA verteenwoordig word bly hierdie persoonlikheidstipe aan ontwikkeling onderhewig. Eienskappe soos besluitloosheid, eiesinnigheid, traagheid en teruggetrokkenheid behoort steeds ontwikkel te word.

Dit is belangrik dat predikante in die GKSA nie noodwendig eksklusief volgens hierdie eienskappe gestereotipeer moet word nie. Al vier primêre persoonlikheidstipes word onder predikante in die GKSA verteenwoordig. Dit is bloot om aan te toon watter persoonlikheidseienskappe oor die algemeen van predikante in die beroep verlang word. Coetzee en Schreuder (2002:53) verwys na hierdie eienskappe as “beroepsankers” omdat dit primêr van die rol verlang word.

Wanneer daar volgens Nicodemus (2012:14) ’n mispassing tussen persoonlikheidstipe en werksomgewing bestaan voel hierdie persoon gewoonlik moeg en onbevoeg. Volgens hierdie teorie veroorsaak ’n mispassing gewoonlik uitbranding en gevoelens van onbevoegdheid omdat dit meer energie en inspanning verg om binne die teenoorgestelde pool van die voorkeurgedrag te funksioneer. ’n Mispassing tussen persoonlikheidstipe en beroep veroorsaak ook gevoelens van ontmoediging en depressie. Die rede hiervoor is dat ’n persoon ten spyte van groter inspanning en moeite die eindresultate steeds minder bevredigend vind as wat die geval sou wees met resultate wat deur voorkeurgedrag verkry so word. Take wat met voorkeurgedrag verrig word lei volgens Erdogan en Bauer (2005:862) tot minder inspanning, meer tevredenheid en beter prestasie. Gevolglik sal die beroepservaring ook meer bevredigend wees. Pasgraad tussen persoonlikheidstipe en omgewing dien dus as mediator tot positiewe of negatiewe beroepservaring.

Studies aangaande pasgraad en persoonlikheidstipes wat deur Owens (2015:23) onderneem is het aangetoon dat diegene wat die minste tevredenheid met hul beroep ervaar die persoonlikheidstipes blyk te wees wat aan die teenoorgestelde pool van die “model” persoonlikheidstipes lê. ’n Aantal studies wat deur Briggs-Myers *et al* (2003:303) onderneem is het ook aangetoon dat die persoonlikheidstipes wat die laagste in ’n gegewe beroep verteenwoordig word gewoonlik geneig is om minder tevredenheid met hulle beroep ervaar. Persone met hierdie persoonlikheidstipes vertoon ook ’n groter intensie om ’n beroep te verlaat as die persoonlikheidstipes wat meer verteenwoordig word. In beide hierdie gevalle het hierdie studie onder predikante in die GKSA vasgestel dat die Flegmatiese persoonlikheidskombinasie die meeste verteenwoordig word. Dit korreleer met die feit dat persone met hierdie persoonlikheidskombinasies die groep verteenwoordig wat die meeste tot die bediening in die GKSA aangetrokke is. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie persoonlikheidskombinasies om die rede oor die algemeen ook positiewe beroepservaring behoort te beleef. Aan die teenoorgestel pool is die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidskombinasies, wat die laagste verteenwoordig word,

moontlike risiko groepe. Volgens hierdie teoretisering behoort hierdie groepe oor die algemeen ook die laagste werkstevredenheid te toon.

Die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidskombinasie kan vanuit hierdie gegewens as die grootste risiko groep vir die belewing van negatiewe beroepservaring en moontlike diensverlating onder predikante in die GKSA bestempel word. Dit blyk egter dat hierdie persoonlikheidstipes 'n goed funksionerende ondersteuningsnetwerk in die bediening behoort te ontwikkel. Hierdie groepe benodig veral hulp om negatiewe emosies konstruktief te hanteer en te verwerk. In hierdie verband behoort daar spesifiek in die pastorale gesprek met die Melancholiese predikant aandag geskenk word aan eienskappe soos liggeraaktheid, wraaksug, selfbejammering, pessimisme, self-verkleinering, afgetrokkenheid en negatiwiteit. Volgens Spector (2012:221) mag hierdie negatiewe eienskappe die Sanguiniese predikant se belewenis van werkstevredenheid direk beïnvloed.

Daar moet dus in die pastorale gesprek met die Sanguiniese predikant gefokus word op die ontwikkeling van eienskappe wat hulle in hulle dienswerk mag belemmer. By die Sanguiniese predikant moet veral aandag geskenk word aan impulsiwiteit, swak wilskrag en selfaanvaarding. Voorkeurgedrag en positiewe eienskappe soos getrouheid, empatie, kreatiwiteit, entoesiasme en goedhartigheid behoort verder ontwikkel te word, veral as die spesifieke predikant hierdie eienskappe onderbenut of onbewus is daarvan. Dit is veral belangrik dat daar tydens die pastorale gesprek ondersoek ingestel moet word na elke persoonlikheidstipe se voorkeurgedrag, veral gedrag wat aanleiding kan gee tot interpersoonlike konflik of Sielkundige spanning.

Figuur 2.4 Respons verspreiding in verband met die ervaring van lewensukses

Op die vraag “Voel jy dikwels dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy kan trots wees nie?” het slegs Sanguiniese en Melancholiese respondente “ja” geantwoord (sien Figuur 2.4). Die positiewe response op hierdie vraag wat inherente lewensukses ondersoek is beduidend van ’n risiko groep wat moontlik lae lewenstevredenheid beleef. Die belewing van lae lewensukses mag ook ’n rol by die predikant se beroepservaring speel. Die ervaring van lae lewensukses is veral beduidend wanneer daar in ag geneem word dat die predikant se lewe en werk volgens Smit en Du Plooy (2008:66) met mekaar verweef is en dat daar in wese nie tussen die lewe en werk van die predikant onderskeid gemaak kan word nie.

’n Predikant wat lae lewensukses ervaar mag in wese ’n essensiële lewenskrisis ervaar wat hom/haar kwesbaar maak vir die belewing van Sielkundige spanning. Spector (2012:222) noem in hierdie verband dat sekere persoonlikheidstipes gekenmerk kan word deur “Negatiewe Affektiwiteit.” Dit is ’n individu se geneigdheid om negatiewe emosies soos angs en depressie tydens ’n groot verskeidenheid van situasies te beleef. Persone met Negatiewe Aktiwiteit mag moontlik ontevredenheid beleef omdat hulle geneig is om aspekte van hulle wêreld op ’n negatiewe wyse te beoordeel. Die Melancholiese persoonlikheidstipe het ’n positiewe korrelasie met Negatiewe Affektiwiteit wat hulle volgens Johns en Saks (2005:115) kwesbaar maak vir die ervaring van lae beroep- en lewenstevredenheid.

Omdat lewensukses volgens Weiten (2004:497) ’n essensiële rol speel by selfaktualisering, die behoefte van ’n persoon om sy/haar potensiaal te bereik, mag predikante wat lae lewensukses ervaar ’n groter behoefte hê aan diensverlating. Indien daar volgens Rothmann en Cooper (2015:44) bepaalde hindernisse in ’n predikant se bediening is wat hom/haar van werkstevredenheid en selfaktualisering beroof mag dit sy sin vir eiewaarde negatief beïnvloed. Dit mag veral gebeur wanneer ’n predikant voel dat hy nie slaag in sy persoonlike doelstellings nie (sien 3.4.3.2 vir Maslow se selfaktualiseringsteorie). ’n Persoon wat nie sy ware potensiaal, lewensdoel of belangstellings kan uitleef nie sal volgens Warren (2012:314) frustrasie ervaar. Hierdie frustrasie mag hom/haar motiveer om lewensvervulling in ’n ander werk- of lewensomgewing op te soek waar selfaktualisering wel moontlik mag wees.

Dit is daarom belangrik om in die pastorale gesprek te fokus op die individuele predikant se self-kennis, self-agting en persoonlike definisie van sukses. Waar ’n predikant se soeke na selfaktualisering en die verwesenliking daarvan in die uitvoer van sy beroep nie plaasvind nie moet spesifieke persoonlikheidseienskappe

ondersoek word wat die predikant in die uitvoering van sy beroep ontspoor. Die identifikasie van spesifieke [15]ontspoorders mag volgens Hogan (2016:15) help om interpersoonlike konflik en sielkundige spanning te verminder. Wanneer 'n predikant kennis dra van sy ontspoorders, byvoorbeeld oordrewe pessimisme, mag hy 'n nuwe pro-aktiewe sensitiwiteit kweek en dit konstruktief hanteer.

Op 'n verdere vraag, wat inherente lewenstevredenheid ondersoek, is respondente gevra: "Sou jy sê dat jy oor die algemeen tevrede is met wat jy tot dusver in jou lewe bereik het?" Die grootste meerderheid van die respondente (84.5%) het aangetoon dat hulle wel lewenstevredenheid ervaar. 'n Totaal van 12.7% het egter aangetoon dat hulle nie tot dusver met hulle lewens tevrede was nie. Alhoewel die belewenis van lewenstevredenheid taamlik verspreid onder die vier persoonlikheidstipes voorgekom het, was daar wel in hierdie verband 'n geringe geneigdheid by die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes om negatiewe lewenstevredenheid te ervaar.



Figuur 2.5: Die verspreiding op die responsitem oor lewenstevredenheid

Weens die emosionele aard van die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes mag hierdie persone meer deur stresfaktore in die bediening geaffekteer word. Met die navorsing van Grobbelaar (2007:117) wat 'n stresopname onder predikante in die GKSA gedoen het, is gevind dat veral faktore soos moedeloosheid, oorsensitiwiteit, verpersoonliking van kritiek, voortdurende

[15]Ontspoorders is die negatiewe eienskappe van persoonlikheid. Onder vermeerdere stres of druk kan hierdie eienskappe 'n persoon verhinder om konstruktief te funksioneer.

skuldgevoelens en negatiewe denke predikante se ervaring van stres in die bediening beïnvloed. Hierdie is faktore wat volgens Meyer *et al* (2003:4) direk aan die domein van persoonlikheid verbind. Hierdie faktore mag die Melancholiese en Sanguiniese predikante, weens hulle inherente aard en eienskappe, meer beïnvloed as die onemosionele persoonlikheidstipes.

In hierdie verband is die ervaring van Sielkundige spanning tydens 'n gebeurtenis volgens Nikolaou (2003:641) nie dieselfde vir alle persone nie. Spesifieke omstandighede of take mag gunstig wees vir ekstroverte persone maar nie noodwendig vir introverte persone nie. Sekere persoonlikheidstipes het sekere behoeftes wat vervul moet word wat nie deur ander gedeel word nie. Om dieselfde rede funksioneer onemosionele persoonlikheidstipes goed in seker omstandighede (bv. verandering, die hantering van kritiek en interpersoonlike konflik) wat weer meer emosionele energie van die emosionele persoonlikheidstipes vra. Wanneer hierdie individuele persoonlikheidsbehoeftes onvervuld gelaat word of in konflik met die omgewing is, mag dit die ervaring van Sielkundige spanning verhoog. Volgens Lounsbury (2008:3) beleef persone positiewe beroepservaring indien daar 'n dinamiese interaksie tussen die persoon en omgewing plaasvind. Omdat daar volgens Kristof-Brown *et al* (2005:282) 'n unieke verhouding tussen die persoon en sy omgewing bestaan moet daar tydens die pastorale sessie bepaal word wat die unieke omstandighede van die persoon is en hoe persoonlike ingesteldheid in daardie omstandighede spanning veroorsaak.

Figuur 2.6: Respons verspreiding op die vraag aangaande die lewering van nuttige bydrae

Op die vraag “Voel jy meestal dat jou lewe nuttig is en ’n bydrae tot die gemeenskap maak?” het 81.6% van die respondente aangetoon dat hulle wel voel hulle lewens ’n bydrae lewer tot die gemeenskap. ’n Totaal van 9.9% het aangetoon dat hulle voel hul lewens nie ’n bydra tot die samelewing lewer nie (Sien figuur 2.6). Hierdie groep het alleenlik uit Melancholiese of Sanguiniese respondente bestaan. ’n Verdere 8.5% het aangetoon dat hulle onseker is of hulle ’n bydra tot die samelewing maak. Hierdie groep het ook hoofsaaklik uit Melancholiese en Sanguiniese respondente bestaan.

Vanuit bogenoemde navorsing kan die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipe inderdaad as risikogroep bestempel word. In ooreenstemming met die navorsing van Grobbelaar (2007:117) oor stresfaktore onder predikante in die GKSA, blyk hierdie persoonlikheidstipes in die GKSA besonder kwesbaar vir die ervaring van spanning en moontlike diensverlating te wees.

2.4.2.4 Verspreiding en die geslagtelike samestelling van die steekproef

Dit is egter noodsaaklik om die geslagtelike samestelling van die steekproef en die impak daarvan op die verspreiding van die persoonlikheidstipes in die GKSA in gedagte te hou. Die steekproef van hierdie studie bestaan slegs uit manlike respondente omdat die navorsingsgroep slegs uit manlike persone bestaan. [16]Die geslagtelike samestelling van die navorsingsgroep mag ook ’n faktor wees by die verspreiding van persoonlikheidstipe binne die GKSA. Briggs-Myers *et al* (2003:295) toon aan dat daar wel ’n geringe verskille in die verspreiding tussen mans en vrouens in die algemene populasie bestaan. Vrouens vertoon ’n geringe geneigdheid tot die emosionele domein terwyl mans weer ’n geringe geneigdheid tot die onemosionele domein rapporteer. Alhoewel hierdie tendens nie in hierdie studie bepaal kan word nie blyk die navorsingsgroep wat uitsluitlik uit manlike respondente bestaan wel na die onemosionele domein te neig. Om die rede moet daar in gedagte gehou word dat die verspreiding van persoonlikheidstipes moontlike anders sou voorkom indien die steekproef uit beide manlike en vroulike respondente bestaan het.

2.4.2.5 Verspreiding van stres-persoonlikheidstipes

Met ’n deursnee analise van die resultate wat op die stres-persoonlikheidskaal verkry is blyk dit dat 62% van die predikante in die GKSA wat aan die studie deel geneem het, ten tye van die navorsing, ’n Tipe B- stres-persoonlikheidvertoon het (sien figuur 2.8). Persone met ’n B- stres-persoonlikheidstipe benader take op ’n sistematiese en planmatige wyse. In geheel geoordeel blyk die Tipe B- stres-persoonlikheidstipe die

[16]Op die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (2003, 2009, 2016) is daar besluit dat vroue nie in die diens van Bedienaar van die Woord mag staan nie.

ideale kategorie te wees omdat hierdie persone volgens Van Jaarsveld (2003:119) tipies geneig is tot onderdrukking van persoonlike gevoelens en rustigheid. Hierdie persone neem ook nie oorhaastige besluite nie en is gewoonlik planmatig in hulle optrede. Tipe B- persoonlikheid is volgens Moorhead en Griffin (1995:209) gemakliker mense, minder aan druk onderhewig, geduldiger, in staat om te ontspan sonder om skuldig te voel en minder geneig om vyandiggesind te wees. Tipe B-persone is ook bereid om 'n ruskans te neem wanneer die druk te veel raak maar sal makliker handdoek ingooi indien hulle gefrustreerd voel. Persone met Tipe B- gedrag toon ook nie uitermate emosies wanneer hulle vertel van hulle frustrasie nie.

Die rede vir die verspreiding van die Tipe B- persoonlikheidstipe onder predikante in die GKSA korreleer positief met die geneigdheid na die Flegmatiese persoonlikheidstipe wat soortgelyke verspreiding onder predikante in die GKSA toon (sien Figuur 2.1). Wat hier egter beduidend is, is die feit dat Tipe B- stres-persoonlikheidstipe tot die internalisering van emosies geneig is. Dit blyk dat persone met hierdie persoonlikheidstipe nie hulp in die hantering van stresvolle gebeurtenisse vanuit die eksterne omgewing verkry nie. Dit korreleer egter ook positief met 'n introverte karakter wat by die Flegmatiese en Melancholiese persoonlikheidstipes gevind word (sien Tabel 2.3).



Figuur 2.7 Die verspreiding op die vraag oor die internalisering van gedagtes en emosies.

Wanneer daar gekyk word na die korrelasie tussen Introversie en Tipe B- gedrag blyk daar 'n merkwaardige korrelasie te bestaan. Om die internalisering van gedagtes

en die onderdrukking van emosies te ondersoek, is respondente gevra: “Weet ander mense gewoonlik wat in u gedagtes en gemoed aangaan?” In hierdie verband het 57.7% van die respondente aangetoon dat hulle verkies om hulle gedagtes en emosies te internaliseer en nie aan ander bekend te maak nie (sien Figuur 2.7). Hierdie respondente is daarom van mening dat hulle nie maklik uiting gee aan hulle gedagtes en emosies nie en hulle persoonlike privaatheid waardeer. Russell en Karol (2002:64) wys daarop dat hierdie faktor integraal deel is van ’n persoon se benadering tot mense. Hierdie persone is geneig tot privaatheid en is meer sosiaal bewus, emosioneel afsydig en geneig om ’n sosiale masker te dra. Persone wat emosies internaliseer is persoonlik beskermend en vind dit moeilik om persoonlike inligting van hulleself aan ander bekend te maak. Aan die ekstreme kant mag hierdie persone hulle privaatheid ten koste van persoonlike verhoudings beskerm.

Indien persone stres en emosie internaliseer en nie op een of ander wyse daaraan uiting gee nie loop hierdie persone volgens Niemann (2010:137) ’n risiko vir koronêre hartsiektes, maagsere, depressie en ander psigosomaties simptome. Hierdie siektes verhoog weer die predikante se risiko vir diensverlating weens gesondheidsredes. Hier loop veral die Melancholiese persoonlikheidstipe die risiko vir oormatige selfkritiek en depressie tydens stres belewing. Dit is egter noodsaaklik om tydens die pastorale gesprek aandag te gee aan predikante se moontlike onvermoë om oor hulle persoonlike ervarings te praat. Die pastorale gesprek behoort ’n ruimte te wees waarin die predikant sy persoonlike ervarings kan deel sonder die vrees vir veroordeling of kritiek. In hierdie verband is dit belangrik om die persoonlikheidseienskappe, wat moontlik tot die internalisering van emosies aanleiding mag gee, binne die spesifieke konteks van die predikant te ondersoek. Hier is dit ook noodsaaklik dat hierdie predikante ’n goed gestruktureerde ondersteuningsnetwerk ontwikkel wat hulle die geleentheid gun om hul persoonlike emosies of ervaringe mee te deel. Hier kan die pastor ook ’n belangrike rol speel in die verwerking van onopgeloste emosionele pyn of sielkundige spanning.

’n Totaal van 27% van die respondente het ten tye van die navorsing ’n Tipe A- stres-persoonlikheid vertoon (sien figuur 2.8). Die Tipe A- stres-persoonlikheid is kenmerklik aan iemand wat in staat is tot dryfkrag en ambisie. Hulle het gewoonlik ook duidelike doelwitte, ’n sterk verantwoordelikheidsgevoel en ’n mate van aggressiwiteit. Hierdie persone handel take vinnig en deeglik af, is selfgedrewe en taakgeoriënteerd (sien 3.7.3 vir uiteensetting vir Tipe A en Tipe B persoonlikheidstipes). Dit is egter noodsaaklik dat hierdie persone moet leer om van tyd tot tyd te rus of hulle pas te verslap om oordrewe gedrag te verhoed.

Die Tipe A- stres-persoonlikheid blyk taamlik verspreid onder die vier primêre persoonlikheidstipes voor te kom. Dit is egter beduidend dat 50% van die persone wat Tipe A- persoonlikheid vertoon aan die Melancholiese persoonlikheidstipe behoort. Slegs 22% van die respondente wat Flegmatiese en Sanguiniese persoonlikheidstipe besit behoort tot hierdie groep. Die Sanguiniese persoonlikheidstipe word hier die laagste verteenwoordig met sleg 6% wat tot hierdie groep behoort. Die rede vir die groter verspreiding van die Melancholiese persoonlikheidstipe in hierdie kategorie hou waarskynlik direk verband met die inherente Melancholiese eienskappe. Melancholiese persoonlikheidseienskappe wat hiermee verband mag hou is perfeksionisme, idealisme, pligsgetrouheid, hoë persoonlike standaarde en selfopoffering (sien 3.7.3.4 Tipe-A persoonlikheid en gesin-werk konflik). In die pastorale gesprek moet daar aandag gegee word aan hierdie eienskappe veral as dit tot negatiewe gesinsverhoudings mag aanleiding gee.



Figuur 2.8 Verspreiding van stres-persoonlikheidstipes van predikante in die GKSA

'n Klein minderheid van die respondente het met die stres-persoonlikheidstudie aan die ekstreme punte van die stres-persoonlikheidskaal gesorteer met sleg 4% van die respondente wat onder die Tipe B+ en 7% wat onder die Tipe A+ gesorteer het (sien figuur 2.8). Tipe B+ stres-persoonlikheidstipe word tipies gekenmerk aan passiwiteit en 'n tekort aan dryfkrag. Slegs respondente met 'n Flegmatiese persoonlikheidstipes het Tipe B+ gedragspatrone gerapporteer.

Predikante wat Tipe B+ gedrag vertoon loop die risiko om afsydig te wees. Dit mag wees dat hierdie predikante belangstelling in hulle werk of in die lewe in die

algemeen verloor het. Hierdie groep predikante kan ook as 'n risiko groep beskou word. Die verlies aan lewensbelangstelling is volgens die DSM-IV-TR (2009:356) kenmerklik aan 'n depressiewe toestand. Hierdie verlies aan lewensbelangstelling is gekoppel aan die Flegmatiese eienskappe soos teruggetrokkenheid, ongemotiveerdheid, vreesagtigheid en lae dryfkrag. Predikante met die eienskappe loop 'n risiko vir die ontwikkeling of belewenis van depressie. Die DSM-IV-TR (2009:371) stel dit duidelik dat die belewenis van depressie sosiale- en rolfunksionering verder negatief beïnvloed. Die risiko vir die belewenis van depressie moet egter tydens die pastorale gesprek binne die spesifieke konteks van die individu ondersoek word.

Figuur 2.9: Die verspreiding op die vraag oor lewensbelangstelling

Op die vraag "Voel jy soms dat jy nie kan omgee wat met jou gebeur nie?" het 25.4% van predikante by tye van die navorsing positief gereageer. Hierdie vraag blyk inherente lewensbelangstelling te meet. Van hierdie groep wat positief op die vraag gereageer het, het 50% aan die Melancholiese en 33% aan die Sanguiniese persoonlikheidstipes behoort. Hiermee word bevestig dat die emosionele persoonlikheidstipes, maar veral die Melancholiese predikante met 'n introverte-emosionele persoonlikheidstipe, besondere risiko loop vir die belewing van negatiewe emosies en veral die verlies van lewensbelangstelling.

Die Tipe A+ stres-persoonlikheidstipe is 'n tipiese drywer-persoonlikheid. Hierdie persone is volgens Derlega *et al* (2005:467) geneig tot werkholisme. Indien hierdie persone die tipe gedrewe gedrag handhaaf loop hulle volgens Prinsloo (2014:11) 'n

groot risiko vir die belewenis van uitbranding en loop gevolglik ook die risiko vir hartverwante siektetoestande en hartaanvalle. Hierdie persone neig volgens Louw en Edwards (2003:596) tipies tot 'n gejaagde lewenspatroon, 'n oordrewe pligsbesef, aggressiwiteit, ongeduldigheid, humeurigheid en impulsiwiteit. Persone met 'n Tipe A+ stres-persoonlikheid poog ook om verskeie dinge gelyktydig te doen en neig om kompeterend te wees (sien punt 3.7.3 vir uiteensetting van Tipe A gedrag). Hulle dryf hulself ook voortdurend. Hierdie persone behoort drasties hulle lewenspas te verminder en 'n gebalanseerde lewenswyse aan te kweek. Geen verband tot 'n spesifieke persoonlikheidstipe kon egter in hierdie studie vasgestel word nie. Tipe A+ stres-persoonlikheid het onder die vier primêre persoonlikheidstipes verspreid voorgekom. Enige van die vier primêre persoonlikheidstipes staan dus 'n gelyke kans om Tipe A+ gedrag te toon en dit blyk eerder situasionele faktore as inherente geneigdheid te wees wat daartoe aanleiding gee.

Figuur 2.10: Verspreiding op die vraag na selfstandigheid

Tog is daar onder predikante in die GKSA 'n geneigdheid tot selfstandigheid en die onvermoë of onwilligheid om take of werk te delegeer. Op die vraag "Verkies jy meestal om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat iemand anders dalk nie die taak so goed soos jy kan doen nie?" het 54.9% van die respondente aangetoon dat hulle verkies om meestal take self af te handel eerder om dit te delegeer. Hierdie onvermoë om take te delegeer blyk direk verband te hou met die vrees dat iemand anders dalk nie die taak so goed soos hulle kan doen nie.

Dit mag ook verband hou met ’n behoefte aan goedkeuring of die behoefte om in beheer te wees (3.7.3.3 Verhouding tussen Tipe-A persoonlikheid en locus van beheer).

Hierdie behoefte om take self te hanteer en onvermoë om take te delegeer maak predikante - soos Grobbelaar (2007:117) asook Badenhorst en Fleischmann (2008:41) vasgestel het - kwesbaar vir die belewenis van stres en uitbranding (sien 1.2.1 vir uiteensetting van navorsing oor stresbelewing by predikante in die GKSA). Inherente persoonlikheidsbehoeftes wat tot hierdie tendens aanleiding gee moet tydens die pastorale gesprek ondersoek word om uitbranding te verhoed. Die selfstandigheid weerspieël volgens Russel en Karol (2002:45) geneigdheid om self-bepalend in optrede te wees. Dit mag wees dat hierdie predikante onaangenaam, onbuigbaar en dominerend vir ander mag voorkom. Hulle mag ook hulle opinies op ander afdwing, is self-genoegsaam, verkies om tyd alleen te spandeer en verkies om self tot ’n besluit te kom. Hulle mag dit moeilik vind om saam met ander te werk en vind dit ook moeilik om ander vir hulp te vra. In ekstreme gevalle mag hierdie persone aspekte in interpersoonlike verhoudings afskeep. Tydens die pastorale gesprek kan daar in hierdie opsigte ondersoek ingestel word na die inherente redes vir die internalisering van emosies en aandag geskenk word aan die oorsake daarvan.

2.4.3 Die toepassing van die navorsing op ’n pastorale toerustingsmodel.

Volgens Coetzee en Schreuder (2002:59) het persoonlikheidstipes bepaalde implikasies vir ’n spesifieke rol of situasie waarin ’n persoon goed funksioneer of pas. Dit bepaal ook of ’n gegewe persoon gelukkig sal wees om in daardie werksomgewing of rol te funksioneer. Dit is egter noodsaaklik om in gedagte te hou dat verskillende persoonlikheidstipes wel in ’n bepaald konteks goed kan funksioneer. Om die rede besit alle persoonlikheidstipes komponente wat aan ontwikkeling onderhewig is. Met ontwikkeling kan individue by bepaalde situasies aanpas deur bepaalde aspekte van hulle persoonlikheidstipe te benut of te ontwikkel.

Kennis van individuele persoonlikheidstipes kan om die rede ’n groot bydrae lewer om situasies en persoonlike aspekte te identifiseer waar individuele predikante moontlik spanning beleef. Ook kan dit individue help om by sekere situasies of beroepsrolle wat uit pas is of as stresvol beleef word, aan te pas. Dit is egter belangrik om daarop te wys dat, alhoewel die teenwoordigheid van persoonlikheidstipes soos hierbo aangetoon ’n merkwaardige rol speel by predikante se ervaring van hul dienswerk, blyk persoonlike roeping steeds dié bepalende faktor

te wees waarom individue die roeping as predikant in die GKSA opvolg. Dit is om die rede belangrik vir individuele predikante om kennis van hulle intrinsieke geneigdheid en voordeure te dra en hoe dit hulle belewenis van hulle beroep mag beïnvloed. Uit die navorsing, ook soos dit uit hierdie empiriese studie blyk, roep God uiteenlopende persone tot Sy diens. Elke predikant ervaar en benader sy dienswerk op 'n unieke wyse. Hierdie uniekheid skep die noodsaaklike rol wat persoonlikheid in die beroepservaring van predikante speel.

Die gegewens uit hierdie empiriese hoofstuk gee beduidend inligting oor hoe positief individuele predikante hulle dienswerk mag ervaar en hulle vatbaarheid vir die belewenis van Sielkundige spanning. Mense is volgens Nikolaou (2003:642) nie "gyselaars" van hulle persoonlikheid nie, maar besit juis aktiewe persoonlikheidstipes wat hulle in staat stel om doelbewustelik of onbewustelik gedrag aan te pas. Veral in die kontemporêre wêreld moet persone oor die vermoë beskik om hulle persoonlike benaderings te kan aanpas by veranderende omstandighede of omgewings. Dit is in hierdie konteks wat 'n pastorale toeligtingsmodel konstruktiewe toeligting mag bied.



Figuur 2.11: Verspreiding op die vraag na die sinvolheid van persoonlike gedagteontleding

Tydens die navorsing het die oorhoofse meerderheid van die respondente aangetoon dat hulle dit egter sinvol sal vind om hul gedagtes en emosies te ontleed. Op die vraag "Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelens te ontleed?" het 71.8% aangetoon dat hulle die ontleding van hulle eie gedagtes en gevoelens wel

sinvol vind. ’n Totaal van 16.9% het aangetoon dat hulle dit sinloos vind en ’n verder 11.3% was onseker.

Bogenoemde statistiek wys daarop dat die meerderheid van die predikante wat aan die studie deelgeneem het dit sinvol mag vind om hulle persoonlike geneigdheid deur middel van persoonlikheidsontleding te ondersoek. Coetzee en Schreuder (2002:53) wys op die belangrikheid wat persoonlikheidsontleding nie net in fasilitering van besluitneming nie, maar ook by beroepsaanpassing speel. Kennis van persoonlikheidstipes kan ook addisionele bydrae lewer tot individue se selfinsig en beroepservaring. Kennis en begrip van persoonlikheidstipes bied aan persone ’n sin van eiewaarde rakende hulle unieke kwaliteite. Individue kan pastoraal begelei word om hulle keuses en reaksies te verryk deur hulle te help om hulle unieke sterk- en swakpunte te ontwikkel. Beroepsrolle wat uit pas is kan meer aanloklik gemaak word indien dit in uitdagings vir persoonlike groei omskep word.

Predikante wat dus bewus is van hulle persoonlike ingesteldheid of hoe hulle byvoorbeeld verkies om met ander op individuele vlak te kommunikeer, mag hulle ingesteldheid positief gebruik of aanpas om ’n positiewe beroepservaring te bevorder. Met hierdie kennis kan ’n persoon ook kies om nie ’n bebaarde voorveronderstelde benadering te gebruik nie maar aanpassings te maak. Op dieselfde wyse kan ’n predikant van bepaalde eienskappe bewus word wat hy/sy nie vroeër van bewus was nie of huiwerig was om te benut. Predikante met bepaalde persoonlikheidstipes kan ook persoonlike eienskappe benut wat hulle vroeër nie geweet het hoe om te gebruik nie.

2.5 GEVOLGTREKKING

In hierdie hoofstuk is persoonlikheidsontleding as hulpmiddel in ’n pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA om diensverlating te verhoed ondersoek. Die persoonlikheidsmodel van Hippocrates is in die spesifieke konteks van die predikante in die GKSA ondersoek. In die lig van die verspreiding van persoonlikheidstipes is risikofaktore geïdentifiseer wat bepaalde persoonlikheidstipes kwesbaar maak vir moontlike diensverlating. In geheel beoordeel is die verteenwoordiging van die persoonlikheidskombinasie onder predikante in die GKSA verspreid en word elk van die vier primêre persoonlikheidstipes tot ’n mindere of mindere mate verteenwoordig. Die grootste persentasie van predikante sorteer binne die Flegmatiese persoonlikheidskombinasies. Die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes word die laagste onder predikante verteenwoordig. Daar is dus

vasgestel dat daar ’n algemene gerigtheid na die onemosionele persoonlikheidstipes bestaan.

Daar blyk ’n verband te bestaan tussen die soort werksaktiwiteite wat persone vervullend vind en die tipe omgewing wat persone verkies. Wanneer daar ’n dinamiese interaksie tussen die persoon en die omgewing bestaan, blyk dit beroepservaring positief te beïnvloed. Persoonlikheidstipes verskaf waardevolle inligting wat uit interaksie met die werksomgewing voortvloei. Dit blyk dat verskillende werksomgewings verskillend belonings en geleenthede vir verskillende persoonlikheidstipes bied. Dit blyk ook dat verskillende persoonlikheidstipes deur verskillende werksomgewings gemotiveer word en dit wat bevredigend is verskillend beleef. Dit blyk dat bepaalde persoonlikheidseienskappe persone aangetrokke tot sekere beroepe maak. Binne hierdie voorkeurberoep het persone dan die geleentheid om gemaklik met hulle voorkeurgedrag te funksioneer. Om die rede deel persone in dieselfde beroep soortgelyke persoonlikheidseienskappe. Omdat daar ’n geneigdheid in die GKSA na die Flegmatiese persoonlikheidstipe te bestaan, blyk die rolvereistes van predikant in die GKSA ook in lyn te wees met die kenmerke van hierdie persoonlikheidstipe.

Persoonlikheidstipes wat ’n groter verteenwoordiging binne ’n gegewe beroep het vertoon normaalweg ook ’n groter mate van werkstevredenheid omdat hierdie persoonlikheidstipes gewoonlik ook meer “in-pas” met hulle gekose beroep is. Die persoonlikheidstipes wat ’n lae verteenwoordiging binne ’n gegewe beroep het loop ’n groter risiko vir die ervaring van sielkundige spanning. Persone met hierdie persoonlikheidstipes vertoon ook ’n groter intensie om ’n beroep te verlaat as die persoonlikheidstipes wat meer verteenwoordig word. Persoonlikheidstipes blyk ’n bepalende rol te speel by positiewe of negatiewe beroepservaring. By die predikante in die GKSA is vasgestel dat die Flegmatiese persoonlikheidskombinasie die meeste verteenwoordig word wat beduidend is van die feit dat persone met hierdie persoonlikheidskombinasies die groep verteenwoordig wat die meeste tot die bediening in die GKSA aangetrokke is. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie persone om dié rede oor die algemeen ook positiewe beroepservaring behoort te beleef. Aan die teenoorgestelde pool is die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidskombinasies, wat die laagste verteenwoordig word, moontlike risiko groepe. Hierdie groepe behoort oor die algemeen ook die laagste werkstevredenheid aan te toon.

Hierdie studie het ook vasgestel dat die vraelys wat gebruik word om die vier persoonlikheidstipes soos in hoofstukke 1, 3 en 4 uiteengesit is te identifiseer, akkurate en geldige resultate oplewer. Die geldigheid van die resultate is met behulp van die rapportering en verifiëring metode bepaal. Die verifiëringsdata wat verkry is, het positief gekorreleer met soortgelyke studies wat op die MBTI instrument gedoen is. Daar is dus vasgestel dat die oorspronklike vraelys wat gebruik is om die vier persoonlikheidstipes te bepaal geldige en betroubare resultate vanuit hierdie studiepopulasie opgelewer het.

Uit hierdie studie is die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidstipes ook as risiko groep geïdentifiseer vir die belewing van lae lewensukses, lewenstevredenheid sowel as depressie. Die belewing van lae lewensukses en lewenstevredenheid mag ook ’n rol by die predikant se beroepservaring speel. Weens die emosionele aard van die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes mag hierdie persone meer deur stresfaktore in die bediening geaffekteer word. Stresfaktore soos moedeloosheid, oorsensitiwiteit, verpersoonliking van kritiek, voortdurende skuldgevoelens en negatiewe denke beïnvloed hulle ervaring van stres in die bediening. Met inaggenome stresfaktore onder predikante in die GKSA, blyk hierdie persoonlikheidstipes besonder kwesbaar vir die ervaring van spanning en moontlike diensverlating te wees.

Die verhouding tussen die verskillende persoonlikheidskombinasies en die twee stres-persoonlikheidstipes (Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes) is ook in hierdie hoofstuk ondersoek. Die resultate wat op die stres-persoonlikheidskaal verkry is toon dat die meerderheid predikante in die GKSA by tye van die navorsing ’n Tipe B-stres-persoonlikheid vertoon het. Die rede vir die verspreiding van die Tipe B-persoonlikheidstipe onder predikante in die GKSA korreleer positief met die geneigdheid na die Flegmatiese persoonlikheidstipe wat soortgelyke verspreiding onder predikante in die GKSA vertoon. Die Tipe B- stres-persoonlikheidstipe blyk geneig te wees tot die internalisering van emosies. Dit verhoog die risiko vir koronêre hartsiektes, maagsere, depressie en ander psigosomaties simptome. Hier loop veral die Melancholiese persoonlikheidstipe die risiko vir oormatige selfkritiek en depressie tydens stresbelewing. Met hierdie studie is bevestig dat die emosionele persoonlikheidstipes, veral die Melancholiese predikante met ’n introverte-emosionele persoonlikheidstipe, besondere risiko loop vir die belewing van negatiewe emosies en veral die verlies van lewensbelangstelling.

Die Tipe A- stres-persoonlikheid blyk taamlik verspreid onder die vier primêre persoonlikheidstipes voor te kom. Die meerderheid predikante wat Tipe A-persoonlikheid getoon het, het aan die Melancholiese persoonlikheidstipe behoort. ’n Groot minderheid van die respondente het met die stres-persoonlikheidstudie aan die ekstreme punte van die stres-persoonlikheidskaal gesorteer. Slegs respondente met ’n Flegmatiese persoonlikheidstipes het Tipe B+ gedragspatrone gerapporteer. Predikante wat Tipe B+ gedrag vertoon loop die risiko om afsydig te wees en mag moontlik belangstelling in hulle werk of in die lewe oor die algemeen verloor. Hierdie groep predikante kan ook as ’n risiko groep beskou word.

Tipe A+ stres-persoonlikheid het onder die vier primêre persoonlikheidstipes verspreid voorgekom. Tog blyk daar onder predikante in die GKSA ’n geneigdheid tot selfstandigheid en die onvermoë of onwilligheid om take of werk te delegeer te bestaan. Hierdie behoefte om take self te hanteer en onvermoë om take te delegeer maak predikante oor die algemeen kwesbaar vir die belewenis van stres en uitbranding.

Die navorsing in hierdie studie verskaf aan predikante ’n konseptuele raamwerk van effektiewe gedrag en individuele verskille. Hierdie hoofstuk het vasgestel dat daar ’n verhouding tussen persoonlikheidstipes, rolvereistes en persoonlike ingesteldheid bestaan wat perspektief bied oor die positiewe funksionering van predikante in die GKSA. Hierdie studie lewer ook ’n bydrae tot die passing van inherente persoonlikheidsbehoeftes by eksterne vereistes van die roeping by predikante in die GKSA. Deur middel van pastorale toerusting met behulp van persoonlikheidsontleding kan nuwe benaderings vir die individu ontwikkel word wat binne ’n bepaalde werksomgewing meer effektief en belonend mag wees. Die uiteindelike gevolg moet die predikant se positiewe werkservaring wees. Dit is veral belangrik dat daar tydens die pastorale gesprek ondersoek ingestel moet word na elke persoonlikheidstipe se voorkeurgedrag en inherente persoonlikheidsbehoeftes - veral gedrag en behoeftes wat aanleiding tot interpersoonlike konflik of Sielkundige spanningkan gee.

HOOFSTUK 3
DIE GEBRUIK VAN PERSOONLIKHEIDSONTLEDING IN DIE PASTORAAT

3.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In die poging om 'n Pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA vir die voorkoming van diensverlating daar te stel gaan hierdie hoofstuk primêr op die konsep "persoonlikheid" fokus. Met die ondersoek na persoonlikheid sal hierdie hoofstuk poog om Osmer (2008:83) se tweede navorsingsvraag "*waarom is dit besig om te gebeur*?" te beantwoord. Om hierdie doelstelling te bereik sal hierdie hoofstuk vanuit 'n literatuurstudie vasstel hoe persoonlikheidsontleding in die pastoraat kan meewerk. Persoonlikheidsontleding sal as hulpmiddel ondersoek word om predikante in die GKSA met selfkennis en selfinsig toe te rus. Om vas te stel hoe persoonlikheid tot selfkennis en selfinsig aanleiding gee sal hier as agtergrond aandag gegee word aan die algemene persoonlikheidsteorieë maar die persoonlikheidsmodel van Hippocrates sal in diepte ondersoek word. Hierdie persoonlikheidsteorieë sal vanuit 'n pastorale oogpunt benader en toegepas word om sodoende 'n bruikbare persoonlikheidsmodel binne die breë pastorale toerustingsmodel daar te stel. Die persoonlikheidsmodel wat in hierdie hoofstuk daargestel word sal as vertrekpunt dien om predikante in die GKSA tot selfkennis en selfbewustheid te begelei.

3.2 DIE VERTREKPUNT EN OOGMERK VAN HOOFSTUK 3

As gevolg van die onvolledige aard van mense se kennis oor die kragte wat persone se gedrag beheer, bring gebrekkige kennis mee dat mense dikwels uiteenlopende menings en foutiewe afleidings oor die aard van en redes vir menslike gedrag vorm. Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n sistematiese oorsig van die belangrikste sielkundige teorieë oor menslike gedrag te omskryf, veral met besondere aandag aan die vier persoonlikheidstipes wat aanvanklik deur Hippocrates ontwikkel is. Dus poog hierdie hoofstuk om 'n Meta-analitiese ondersoek oor persoonlikheid te doen. Foxcroft en Roodt (2012:61) beskryf Meta-analise as 'n metode waar bestaande navorsing oor 'n tema nagegaan en sistematies geïntegreer en geanaliseer word. Die doel hiervan is om 'n pastoraal-sielkundige teorie oor menslike gedrag te verfyn om predikante in die GKSA tot selfbewustheid te lei. Dit gaan hier oor die vraag: "Waarom is ek wie ek is?" Persoonlikheidsteorieë poog volgens Papalia *et al* (2007:395) om op die totale persoon te fokus, en poog om al die verskillende aspekte van 'n individu se funksionering te omskryf. Navorsing oor persoonlikheid poog

volgens Moerdyk (2012:127) om individuele verskille te omskryf wat noodsaaklik is vir die verstaan van hoe individue hulle omgewing en die mense daarbinne benader.

3.3 PERSOONLIKHEID

3.3.1 ’n Definisie van persoonlikheid

Die konsep persoonlikheid in die pastoraat is al reeds vir ’n geruime tyd ’n tema van debat. Tim LaHaye het reeds in 1984 in sy boek getiteld “Why you act the way you do” gepoog om persoonlikheidsontleding op ’n Bybelse wyse te benader. Maar sy benadering het die gebruik van persoonlikheid as toerustingsmodel in die pastoraat nie aangespreek nie. Voor persoonlikheid in diepte uiteengesit en ondersoek kan word moet die volgende vraag beantwoord word: Wat is persoonlikheid?

Papalia *et al* (2008:221) definieer persoonlikheid as “’n persoon se biologies gebaseerde karaktereienskappe en wyse van benadering en reaksie teenoor mense en situasies.” Persoonlikheid word daarom as die “hoe” van gedrag beskryf. Met ander woorde nie “wat” mense doen nie, maar “hoe” mense dinge doen. Moerdyk (2012:127) sluit hierby aan deur persoonlikheid te definieer as: “Die kombinasie van ingebore en aangeleerde eienskappe wat alle sielkundige sisteme beïnvloed.” Gevolglik bepaal persoonlikheid persone se uniek aanpasbaarheid in die omgewing waarin hulle hulself bevind. Persoonlikheid is volgens Louw en Edwards (2003:513) dit wat een persoon van ander onderskei. Elke persoon het ‘n unieke stel persoonlikheidseienskappe waaruit beide sterk en swak punte vloei.

Feist en Feist (2009:412) gee ’n definisie wat poog om die essensiële elemente van persoonlikheid saam te vat: “Persoonlikheid is ’n stel sielkundige eienskappe wat ’n georganiseerde en relatiewe standvastig meganisme is wat beïnvloed word deur interaksie met, en aanpassing tot intra-sielkundige asook fisiese en sosiale omgewing faktore.” Om die rede sê Berens en Nardi (1998:3) dat persoonlikheid ’n lewende sisteem genoem kan word.

Volgens Meyer *et al* (2003:3) is persoonlikheid bloot ’n verlengstuk van mensekennis. Om die rede moet die twee onderwerpe, mensekennis en persoonlikheid, met mekaar in verband gebring word. Dit is ook die doel van hierdie studie. Meyer *et al* (2003:4) definieer mensekennis soos volg: “Mensekennis is die vermoë om jou medemens se gedrag te beoordeel, te verstaan, te verklaar en te voorspel.” Hoewel elke mens oor mensekennis beskik, besit almal dit nie in dieselfde mate nie. Sommige mense het ’n gebrek aan mensekennis, omdat hulle byvoorbeeld die verkeerde dinge op die verkeerde tyd sê, terwyl ander hulle medemense só goed

verstaan dat dit soms voorkom asof hulle ander se gedagtes kan lees. Derlega *et al* (2005:5) beskryf persoonlikheid in terme van interpersoonlike vaardighede of vermoëns. Mensekennis is veral gebaseer op vier inligtingsbronne, naamlik kulturele oorlewing, mededeling, die waarneming van ander, en selfwaarneming.

Kultuurgoedere soos byvoorbeeld spreekwoorde verskaf volgens Louw en Edwards (2003:518) baie inligting oor die aard van die mens. Verder bestaan daar in elke sosiale groep opvattings en stereotipes oor mense in die algemeen, en oor die eienskappe van sekere mensetipes, byvoorbeeld die stereotipe dat mense met rooi hare kort van draad is. Dié soort kennis is volgens Cherniss en Goleman (2001:5) egter nie altyd betroubaar nie. Dit is onsistematies, onakkuraat, soms teenstrydig en soms eenvoudig foutief. Dieselfde geld vir die ander bronne van ons mensekennis. In die geval van mededelings van mense oor hoe hulle ander mense en hulself sien, weet 'n mens nooit hoe betroubaar, noukeurig en eerlik die mededeling is nie. Die mens se eie waarnemings van sy/haar eie en ander se gedrag is eweneens onvolledig, onsistematies, dikwels onakkuraat en meestal sterk gekleur deur 'n subjektiewe beoordeling en bevooroordeling. Daarom spits die studies van persoonlikheid volgens Meyer *et al* (2003:5) toe op spesifieke eienskappe van die individu en op verskille tussen persone. Dit dek dus in wese dieselfde terrein as mensekennis, naamlik dít wat iemand in staat stel om te kan sê hoe goed hy/sy iemand en hom/haarself ken.

Weiten (2004:343) gaan verder deur daarop te wys dat persoonlikheid uit karaktereienskappe, gemoedsgesteldheid, aktiwiteitsvlak en emosionele reaktiwiteit bestaan. Pervin *et al* (2005:295) sluit hierby aan om persoonlikheid te definieer as die individuele verskille in gemoedsgesteldheid en emosionele reaktiwiteit. Persoonlikheid bepaal of persone buigsaam en rustig of rigied en buierig is. Ook bepaal persoonlikheid die vlak van weerstand teen stres en die vlak van aanpasbaarheid in nuwe situasies.

Briggs-Meyers *et al* (2003:21) dui aan dat die woord "persoonlikheid" in die algemene spreektaal met verskillende betekenisse gebruik word: Eerstens word die woord persoonlikheid dikwels gebruik om op een of ander sosiale aspek van 'n persoon te dui. Soms word daarna verwys dat 'n persoon 'n "sterk persoonlikheid" het, met die bedoeling dat daardie persoon hom- of haarself maklik kan uitdruk of sy/haar mening kan lug. Tweedens word persoonlikheid gebruik om na iemand se gewone gedragswyse of geaardheid te verwys. Volgens Derlega *et al* (2005:5) stem hierdie

gebruik van die woord persoonlikheid hoofsaaklik ooreen met die wyse waarop persoonlikheid in die sielkunde en personologie gebruik word.

Volgens Sue *et al* (2010:203-204) verskil Individue in die mate waarop hulle persoonlikheidseienskappe vertoon. Twee persone kan byvoorbeeld totaal verskillend in dieselfde situasie optree. Een persoon kan byvoorbeeld kalm wees en sy/haar tyd effektief benut terwyl 'n ander persoon gespanne is en dit moeilik vind om stil en rustig te sit en werk. Wanneer twee persone kritiek ontvang kan die een teruggetrokke raak en die feit dat hy/sy seergemaak voel verberg, terwyl die tweede persoon onmiddellik negatief reageer en hom- of haarself aktief verdedig. Daar is volgens Larsen en Buss (2010:95) bewyse dat persoonlikheidseienskappe konstant bly van een situasie na die volgende. Van 'n persoon wat byvoorbeeld baie openlik en vriendelik is, kan verwag word om openlik en vriendelik te wees in sy werksomstandighede, by die skool, en in 'n sosiale konteks. Hierdie selfde persoon sal waarskynlik ook openlik en vriendelik wees teenoor vreemdelinge asook mense van verskillende kultuur en ouderdomsgroepe. Pervin *et al* (2005:6) wys in hierdie verband daarop dat persoonlikheid eerstens verwys na universele menslike eienskappe, tweedens op individuele verskille en derdens individuele uniekheid.

Volgens Papalia *et al* (2008:222) bly persoonlikheid relatief stabiel en blywend deur 'n persoon se lewe. Meyer *et al* (2003:10) wys daarop dat persone geneig is om week na week, jaar na jaar, op 'n bepaalde wyse te dink, te voel en op te tree. Dit beteken volgens Bennett en Bennett (2005:18) nie dat persone se persoonlikheid ten volle ontwikkel is by geboorte nie. Persoonlikheid ontwikkel deur persone se lewens en word tydens lewenservaringe en in verhouding met 'n sosiale- en kulturele omgewing gevorm. In die verband wys Derlega *et al* (2004:5) daarop dat die basiseienskappe van iemand se persoonlikheid deur sy/haar lewe voortbestaan. Persone kan bepaalde karaktereienskappe en gedrag ontwikkel en verbeter, maar die basispersoonlikheidsamestelling bly stabiel en sal lewenslank waargeneem kan word. Chess en Thomas (1996:191) wys daarop dat sekere sielkundige eienskappe soos streshanteringsmeganismes en aanpassingspatrone met verloop van tyd kan verander, verbeter of verswak. Uit wat hierbo gesê is blyk dit dat sommige persoonlikheidseienskappe aangebore is en relatief stabiel bly terwyl ander weer aangeleer word en kan verander.

Nel (2001:18) wys in die verband na persoonlikheid as 'n "dinamiese organisasie" en 'n integrasie wat nodig is om patrone van dink, doen en gewoontes te organiseer. Hierdie siening staan teenoor die sogenaamde biologiese benadering wat beweer

dat persone by geboorte reeds alle persoonlikheidseienskappe besit en lewenskonteks geen bydrae lewer nie (Sien biologiese perspektiewe tot persoonlikheid 3.4.4). Hierdie sieninge staan ook teenoor die sogenaamde sosialeleerteorie van John Locke en Bandura. Derlega *et al* (2005:161) wys daarop dat John Locke die mens se brein by geboorte gesien het as 'n "tabula rasa" of in 'n "leë toestand." Vir John Locke het dit beteken dat die mens alle kennis moet aanleer, selfs persoonlikheidseienskappe.

Volgens Louw en Edwards (2003:514) is daar vyf algemene eienskappe van persoonlikheid:

- Persoonlikheidseienskappe vorm 'n komplekse patroon;
- Persoonlikheidseienskappe beïnvloed elke aspek van persone se lewe;
- Persoonlikheidseienskappe is grootliks onbewustelik (persone is meestal onbewus daarvan);
- Persoonlikheidseienskappe is tot 'n groot mate outomaties (persone het min beheer daaroor);
- Persoonlikheidseienskappe kan nie maklik verander word nie.

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die definisie van Meyer *et al* (2003:10) gebruik word. Die rede vir hierdie besluit berus op die feit dat hierdie definisie persoonlikheid as 'n organisasie van alle liggaamlike of biologiese, psigiese en geestelike eienskappe beskou. Sodoende word die mees omvattende sintese van verskeie persoonlikheidteoretisering weergegee:

> "Persoonlikheid is die gedurige veranderende, maar tog relatief stabiele, organisasie van alle liggaamlike, psigiese en geestelike eienskappe van die individu wat sy of haar gedrag bepaal, in interaksie met die konteks waarbinne die persoon hom of haar bevind."

Met inagneming van die bogenoemde definisie van persoonlikheid is dit belangrik om te verstaan dat die verskillende sielkundige prosesse 'n geheel vorm. Persone funksioneer as 'n georganiseerde geheel. Dit is in die lig van hierdie organisasie (fisiese, psigiese en geestelike aspekte) wat die mens verstaan moet word.

3.4 PERSOONLIKHEIDSTEORIEË

Waarom is die oorweging van verskillende persoonlikheidsteorieë vir hierdie studie belangrik? Die verskillende teorieë help om die groter prentjie tot die verstaan van persoonlikheid te skilder. Om die rede gaan daar in hierdie afdeling na die hooftrekke

van die mees erkende persoonlikheidsteorieë volgens Meyer *et al* (2003) gekyk word. Sielkundiges het die vraag na persoonlikheid benader vanuit verskillende perspektiewe (Weiten. 2004:479). Meeste van hierdie teorieë poog om die groot aantal vrae aangaande die oorsake van gedrag te beantwoord. Met hierdie teorieë word daar gepoog om algemene mensekennis te verbeter. Volgens Meyer *et al* (2003:5) het persoonlikheidsteorieë drie sleutelfunksies: (1) dit organiseer bestaande inligting van persoonlikheid, (2) ontwikkel nuwe kennis en poog om 'n logies samehangende voorstelling te bied om menslike gedrag te verduidelik, en (3) om kennis van gedragsverklaring te verbeter deur leemtes in die bestaande teorieë te verminder of uit te skakel.

Wanneer die mens intensief bestudeer word, bied persoonlikheidsteorieë volgens Pervin *et al* (2005:7) 'n omskrywing van hoekom mense op 'n bepaalde wyse optree asook die faktore wat bydra tot die ontwikkeling van menslike denke, emosies en gedrag. Dit poog daarom om die "wat", "hoe", en "waarom" van gedrag te omskryf. Die "wat" van gedrag verwys na die karaktereienskappe van persone en hoe hierdie eienskappe georganiseer is in verhouding met ander eienskappe. Die "hoe" van gedrag verwys na die faktore wat gedrag beïnvloed. Faktore wat persoonlikheidsontwikkeling beïnvloed sluit onder andere genetiese, biologiese, omgewings- en sosialefaktore in. Die "waarom" van gedrag verwys na redes vir spesifieke individuele gedrag. Dit handel meer spesifiek oor die vrae: "Waarom tree persone op 'n bepaalde wyse op?" Persoonlikheidsteorieë help om byvoorbeeld die volgende vrae te beantwoord: "Tot watter mate is depressiwiteit 'n karaktereienskap, hoe het hierdie karaktereienskap ontwikkel, en waarom tree persone op 'n sekere wyse op as hulle depressief is?" en "As twee persone depressief is, waarom gaan die een persoon uit en koop 'n klomp onnodige dinge terwyl die ander hom- of haarself van die samelewing onttrek?"

Die verskillende persoonlikheidsteorieë word in vyf hoofafdelings verdeel, naamlik: Die Dieptesielkunde benaderings (3.4.1); Die Behavioristiese benadering (3.4.2); Die Humanistiese of persoongeoriënteerde benaderings (3.4.3); Die Biologiese benadering (3.4.4) asook Alternatiewe perspektiewe tot persoonlikheid (3.4.5). Hierdie vyf denkskole bied 'n verskeidenheid persoonlikheidsteorieë wat help om 'n geheelprent van die konsep "persoonlikheid" te vorm.

3.4.1 Die Dieptesielkunde benaderings

In hierdie afdeling gaan die psigoanalitiese benadering van Sigmund Freud (3.4.1.1) en die analitiese benadering van Carl Jung (3.4.1.2.2) bestudeer word. Besonderse

klem sal gelê word op Jung se teorie omdat daar later in hierdie studie na die werk van Jung verwys word.

3.4.1.1 Psigoanalitiese benadering van Sigmund Freud

Die Psigoanalitiese persoonlikheidsteorieë sluit al die teorieë in wat oorspronklik op die werk van Sigmund Freud gebaseer is. Hierdie teorieë fokus hoofsaaklik op die onderbewussyn en die impak daarvan op menslike gedrag. Om die rede gaan hier spesifiek op Sigmund Freud se teorie van persoonlikheid gefokus word. Psigoanalitiese teoretici toon aan dat komplekse sielkundige prosesse ("psigodinamika") die grondslag van die persoonlikheidsverskille tussen mense vorm.

Die Psigoanalitiese teorie poog volgens Louw en Edwards (2003:528) om persoonlikheid, motivering en sielkundige afwykings te beskryf. Volgens Larsen en Buss (2010:267) word hier spesifiek gefokus op die invloed van persoonlike ervarings uit die mense se kinderjare en die invloed daarvan op onbewustelike denkprosesse. Die teorie gaan volgens Mischel *et al* (2008:159) ook van die aanname uit dat die mens deur liggaamlike en psigiese kragte aangedryf word. Hierdie innerlike kragte is normaalweg in botsing met die norme van die samelewing. Vir die psigoanalise is hierdie kragte Volgens Perven *et al* (2004:76) die belangrikste oorsaak van gedrag. Die gevolg is dat die mens voortdurend daarop uit is om soveel drangbevrediging en so min skuldgevoelens as moontlik te ervaar. Daarom staan Freud se teorie as 'n psigososiale-konflikteorie bekend.

3.4.1.1.1 Freud se siening oor die samestelling van persoonlikheid

Freud het volgens Clinton en Hawkins (2011:443) die samestelling van persoonlikheid in drie komponente verdeel: die *id*, *ego* en die *superego* (sien figuur 3.1). Hy het die uitkoms van gedrag gesien as die interaksie tussen hierdie drie komponente. Die *id* is die primitiewe en instinktiewe komponent van persoonlikheid wat volgens die prinsiep van plesier funksioneer. Dit staan bekend as die *primêre denkproses* en het geen kontak met die eksterne werklikheid nie. Freud het volgens Larsen en Buss (2010:268) na die *id* verwys as die reservoir van psigiese energie. Hiermee het hy bedoel dat die *id* die rou biologiese drange huisves (om te eet, te slaap, voort te plant ens.) wat menslike gedrag dryf. Omdat die *id* deur die beginsel van presier gedryf word, vra dit volgens Corsini en Wedding (1995:24) na onmiddellike bevrediging van hierdie drange. Hierdie denkprosesse is volgens Freud primitief, onlogies, irrasioneel en word deur fantasie gedryf.

Die *ego* is volgens Freud die besluitnemende komponent van die persoonlikheid wat volgens rasionele prinsipe funksioneer (Louw en Edwards, 2003:528). Die *ego* is in konstante konflik met die *id.* Met ander woorde, die ego onderhandel met die id om nie die drange onmiddellik te bevredig nie en om binne bestaande sosiaal aanvaarbare norme gedrag te vorm. Die ego oorweeg die sosiale realiteit asook sosiale norms, etos, reëls en gebruike, om te besluit hoe om op te tree. Omdat die ego op rasionaliteit funksioneer poog dit om onmiddellike bevrediging van drange te vertraag totdat 'n toepaslike situasie gevind kan word waarin die drange bevredig mag word. Aan die einde van die dag poog die ego net soos die id om plesier te maksimaliseer. Maar die ego is betrokke by *sekondêre denkprosesse* wat meer rasioneel, realisties en probleemoplossend georiënteerd is. Dus poog die ego om negatiewe gevolge van die samelewing te vermy (byvoorbeeld, straf deur ouers, onderwysers of regstelsel) deur "aanvaarbaar" op te tree (Burger, 2004:47).

Waar die ego op die praktiese realiteit van die sosiale konteks fokus, vorm die *superego* die morele komponent van die persoonlikheid wat sosiale norme en standaarde inkorporeer om 'n beeld te vorm van wat reg en verkeerd is. Waar die id die ego met spanning en ongemak dreig indien drange nie bevredig word nie, dreig die superego weer die ego met straf en skuldgevoelens. Die superego oefen dus volgens Derlega *et al* (2005:125) druk op die ego uit om moreel op te tree. Volgens Freud ontvang persone deur die loop van hulle lewe, maar veral gedurende die kinderjare, opleiding oor wat goeie of slegte gedrag is. Hierdie moraliteit word mettertyd geïnternaliseer. Freud noem die bestraffende komponent van die superego die *gewete.* Freud het die positiewe aspek wat morele gedrag aanmoedig die *ego-ideaal* genoem. Die superego funksioneer volgens Clinton en Hawkins (2011:444) op al die bewussynvlakke, met die gevolg dat dit persone bewustelik skuldig laat voel. In sommige persone kan die superego irrasioneel funksioneer wat tot perfeksionisme aanleiding kan gee. Hierdie persone word dan gedomineer deur oordrewe skuldgevoelens.

3.4.1.1.2 Vlakke van bewustheid

Sigmund Freud het volgens Louw en Edwards (2003:529) veral in sy persoonlikheidsteorie gefokus op hoe onbewustelike denkprosesse gedrag beïnvloed. Hy het afleidings gemaak deur sy pasiënte waar te neem. Hy het tot die besef gekom dat "'n glip van die tong" dikwels persone se ware gevoelens weergee. Hy het ook besef dat sy pasiënte se drome soms hulle verborge begeertes ten toon

stel. Freud het die onderbewuste met die bewuste en die voorbewuste gekontrasteer om drie vlakke van bewustheid te skep.

Vir Freud het die bewustheid volgens McAdams (2009:444) bestaan uit wat ook al persone van bewus is op 'n bepaalde tyd en plek. Die voorbewuste bevat inligting net onder die vlak van die bewustheid wat maklik herwin kan word (byvoorbeeld, wat jy geëet het die vorige aand, waaroor jy en jou vrou 'n argument gehad het 'n week gelede, ens). Die onderbewuste bestaan volgens Weiten (2004:482) uit gedagtes, herinneringe en begeertes wat diep onder die oppervlak van die bewuste funksioneer, maar wat steeds 'n groot invloed uitoefen op gedrag. Volgens Freud is 'n vergete trauma in die kinderjare, verborge gevoelens van vyandigheid teenoor 'n ouer of onderdrukte seksuele drange voorbeelde van inligting wat in die onderbewussyn gevind kan word.

Freud se konsep van persoonlikheid word uitgebeeld in die vorm van 'n ysberg waar die meeste van die gewig onder die water versteek is (figuur 3.1). Hy het geglo dat die onderbewuste (die massa wat onder die oppervlakke is) veel groter is as die bewuste of voorbewuste. Hy het voorgestel dat die ego en die superego op al drie vlakke van bewustheid funksioneer. Maar die id funksioneer slegs in die onderbewuste, wat sy drange tot die bewuste bring deur die ego. Die gevolg is dat die id se drang vir onmiddellike bevrediging dikwels tot interne konflik tussen die ego en die superego aanleiding gee. Hierdie interne konflik speel 'n belangrike rol in Freud se persoonlikheidsteorie.



Figuur 3.1: Freud se persoonlikheidsmodel (Meyer *et al*, 2003:61)

3.4.1.1.3 Interne konflik, aggressie, angs en verdedigingsmeganismes

Freud het volgens Burger (2004:48) van die aanname uitgegaan dat gedrag die gevolg is van 'n konstante reeks interne konflikte. Hy het die konstante konflik tussen die id, die ego en die superego gesien as normale prosedure. Die rede hiervoor is

dat die id onmiddellike bevrediging van drange soek, maar die norms van die samelewing gee ander voorskrifte. Hierdie interne konflik gee dan aanleiding tot angs. Meeste van hierdie interne konflik is onbeduidend en word spoedig opgelos. Maar soms kan hierdie interne konflik vir dae, weke of selfs jare onopgelos bly. Meestal van die tyd is hierdie onopgeloste konflik volgens Freud aggressiewe impulse, onvervulde seksuele drange, of drange wat sosiaal onaanvaarbaar is. Hierdie konflik vind gewoonlik in die onderbewuste plaas. Alhoewel 'n mens onbewus van die konflik is kan dit tot 'n bewustelike angs aanleiding gee. Hierdie angs word volgens Larsen en Buss (2010:269) toegeskryf aan (1) die ego wat bewus word dat die id buite beheer raak, of (2) die superego wat buite beheer raak wat oormatige skuldgevoelens tot gevolg het. Hierdie proses kan soos volg grafies uitgebeeld word:



Figuur 3.2: Freud se model van innerlike konflik, angs en verdedigingsmeganismes (Perven *et al*, 2005:85).

Omdat angs 'n stresvolle ervaring is poog mense om ontslae te raak van die negatiewe emosies. Hierdie poging om ontslae te raak van angs behels die gebruik van wat Freud verdedigingsmeganismes genoem het. Verdedigingsmeganismes is hoofsaaklik 'n onbewustelike reaksie wat persone beskerm teen die ervaring van negatiewe emosies soos angs en skuldgevoelens. Hierdie kognitiewe prosesse is gebaseer op self-misleiding:

- ✓ ***Rasionalisering*** is volgens Burger (2004:49) 'n valse verskoning wat voorgehou word om gedrag te regverdig. 'n Voorbeeld van rasionalisering is: Nadat iemand tydens 'n toets afgeskryf het, oortuig die persoon hom- of haarself deur te dink "almal doen dit tog." Mense verklaar hulle gedrag op 'n manier wat hulle dink deur ander mense aanvaar sal word. Hierdie verduideliking is egter nie die werklike rede vir die persoon se gedrag nie.
- ✓ ***Onderdrukking of repressie*** is volgens Perven *et al* (2004:95) 'n direkte verdedigingsmeganisme teen angs. Onderdrukking is die outomatiese uitsluiting van gedagtes uit die bewussyn. Dit is gewoonlik herinneringe of gevoelens wat angs veroorsaak. Mense poog om begeertes wat hulle skuldig laat voel, konflik wat hulle angstig laat voel, en herinneringe wat pynvol is te onderdruk. Onderdrukking kan beskryf word as iemand wat "gemotiveer is om te vergeet." Mense kan woede of gevoelens van droefheid onderdruk. Mens is gewoonlik nie van die proses van onderdrukking bewus nie. Onderdrukking

kan volgens Freud daartoe lei dat iemand kronies gespanne voel maar nie weet waarom nie.

- ✓ ***Projeksie*** is ’n verdedigingsmeganisme waar persone hulle eie gedrag, gevoelens en motiewe aan iemand anders toeskryf. Normaalweg is die denke wat persone op ander projekteer dit wat hulle skuldig laat voel: “Dit was nie ek nie! Dit was sy wat my verlei het.” Mischel *et al* (2008:166) noem dat projeksie veral in groepsverhoudinge weerklank kan vind. Waar konflik tussen groepe plaasvind, verhef mense gewoonlik die goeie eienskappe van hulle eie groep en skryf die negatiewe eienskappe aan lede van ’n ander groep toe. Die een groep regverdig hulle gedrag deur te beweer dat die lede van die ander groep oor negatiewe eienskappe soos aggressie, hebsug, godloosheid of swak impulsbeheer beskik. Daar word beweer dat projeksie by alle stereotipering betrokke is.
- ✓ ***Verplasing:*** Deur middel van verplasing verskuif persone hulle emosies, gewoonlik woede, volgens Larsen en Buss (1010:281) van die oorspronklike bron na ’n plaasvervanger. Byvoorbeeld: nadat iemand ’n moeilike tyd ervaar het, kom hy/sy by die huis, slaan die deur toe, skop die hond en skreeu op sy/haar huweliksmaat. So verplaas die persoon sy/haar woede op ’n irrelevante teiken. Ongelukkig veroorsaak sosiale druk dat mense hulle woede terughou, en dit dan uithaal op die persone waarvoor hulle die liefste is.
- ✓ ***Reaksievorming*** is volgens Perven *et al* (2005:95) ’n ander prominente verdedigingsmeganisme wat Freud geïdentifiseer het. Dit is wanneer persone op ’n teenoorgestelde wyse optree as wat hulle ware gevoelens is. Persone wat byvoorbeeld woedend is vir iemand is doelbewus vriendelik in plaas daarvan om uiting te gee aan hulle woede.
- ✓ ***Regressie*** is volgens Chamorro-Premuzic (20011:93) ’n verdedigings-meganisme wat plaasvind wanneer ’n volwasse persoon doelbewus onvolwasse optree. Wanneer volwassenes min selfvertroue het kan dit gebeur dat hulle op ’n kinderlike manier oor hulleself spog. Dit is gewoonlik gepaardgaande met oordrewe gedrag.
- ✓ ***Identifisering*****:** Deur middel van identifisering poog persone volgens Colman (2009:363) om hulle selfbeeld te versterk. Dit vind plaas wanneer persone ’n denkbeeldige of ’n werklike verbintenis met ander persone of groepe vorm. Kinders versterk hulle selfbeeld gewoonlik om hulself met ’n sportster te identifiseer. Volwassenes versterk hulle selfbeeld deur hulself met een of ander eksklusiewe groep of persoon te identifiseer.

- ✓ ***Ontkenning*** is volgens Kübler-Ross en Kessler (2005:8) die onvermoë om ’n onaangename werklikheid te erken. Ontkenning kan byvoorbeeld ’n algemene respons wees op die tyding van ’n geliefde se dood. Ontkenning van hierdie aard mag van korte duur wees, maar dit kan ook maande of selfs jare volhou. Voorbeelde van langtermyn ontkenning mag wees dat ’n vrou nie wil glo dat haar man ’n verhouding het nie; ouers wat blind is vir die foute van hulle kinders; rokers wat die wetenskaplike inligting dat rook tot verskeie ernstige siektetoestande bydra ontken; en alkoholiste wat ontken dat hulle alkoholprobleem ernstige emosionele, fisiese en finansiële gevolge vir hulle gesinne inhou.
- ✓ ***Isolasie:*** Mense gebruik volgens Colman (2009:395) neutrale en afsydige taal om ’n emosioneel-ontstellende situasie te beskryf. Persone kan byvoorbeeld gevoelens van pyn, woede en haat teenoor ’n ouer koester wat hulle as kind beledig of mishandel het, maar wanneer hulle oor hulle kinderjare praat, sal hulle net sê “my ouers was redelike streng.” Volgens Louw en Edwards (2003:532) is hierdie ’n verdedigingsmeganisme wat só algemeen gebruik word dat daar in alledaagse taal baie voorbeelde hiervoor bestaan. In plaas daarvan dat gesê word dat iemand gesterf het, word gesê dat die persoon “heengegaan” het. Op dieselfde wyse word daar dikwels op versagtende maniere van menstruasie, seksuele omgang, swangerskap, urinering en ontlasting gepraat, aangesien dit dikwels met skande en skuldgevoelens geassosieer word.
- ✓ ***Ongedaanmaking:*** Volgens Pistorius (2013:24) gebruik persone wat skuldig voel oor iets wat hulle gedoen het gewoonlik ongedaanmaking. Hierdie persone poog om hulle eerste optrede ongedaan te maak met ’n opeenvolgende optrede. Met die opeenvolgende optrede poog iemand dus om die eerste te neutraliseer, asof nie een van die optredes ooit plaasgevind het nie. Hierdie verdedigingsmeganisme geskied gewoonlik op impulsie wanneer individu besef dat hulle ’n fout gemaak het.

3.4.1.1.4 Gevolgtrekking van die psigodinamiese benadering

Die psigodinamiese benadering het ’n fundamentele bydrae gelewer tot die verstaan van persoonlikheid deur veral aan te toon hoe die onderbewussyn gedrag beïnvloed. Dit het ook aangetoon hoe negatiewe ervarings in die kinderjare gedrag in die latere lewe beïnvloed. Verder het dit aangetoon hoe onopgeloste psigiese konflikte tot sielkundige nood aanleiding kan gee. Laastens het dit ook aangetoon hoe verdedigingsmeganismes werk. Die psigodinamiese benadering bied egter ’n baie

donker prentjie van menslike funksionering. Dit impliseer dat die mens vasgevang is in 'n voortdurende konflik tussen eise van die samelewing en innerlike seksuele en aggressiewe begeertes. Die navorsingsmetodes blyk twyfelagtig te wees omdat die teorie slegs gebaseer is op gevallestudies van persone met ernstige probleme. Dit beteken dat Sigmund Freud se pasiënte nie 'n verteenwoordigende steekproef van goed-aangepaste persone is nie. Die gebruik van die teorie in isolasie kan tot morele relativisme aanleiding gee.

Wanneer die psigoanalitiese teorie vanuit 'n Bybelse perspektief benader word, is dit duidelik dat die mens vanweë die sondeval (Genesis 3:1-24) tot alle kwaad geneig is en wel voortdurend daarop uit is om die sondige begeertes te bevredig (sien vraag en antwoord 5 van die Heidelbergse Kategismus). Paulus beskryf in [17]Efesiërs 2:3 waaruit die sondige natuur van mens se lewe bestaan: "Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het." Paulus beskryf ook die innerlike konflik wat hy ervaar het tussen sy sondige natuur en die wet van God wat sy lewe moet rig: "[14]Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop... [18]Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, nie in my sondige aard nie. Daar is wel by my die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie. [19]Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek... [21]So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte" (Romeine 7:14-21).

Maar in teenstelling met die psigodinamiese beskouing is die mens nie net bloot 'n slagoffer van sy sondige begeertes nie, God het ook 'n verlossingsplan vir die mens. Daarvan getuig Paulus ook met die woorde: "Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos? Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here" (Romeine 7:24-25). Vraag en antwoord 8 van die Heidelbergse Kategismus handel direk oor hierdie saak: "Is ons so verdorwe dat ons glad nie in staat is om iets goeds te doen nie?" Die antwoord op die vraag word soos volg gestel: "Ja, behalwe as ons deur die Gees van God wedergebore word." Vanuit 'n pastoraal-terapeutiese perspektief beskou, is dit die pastor se rol om God se bevrydende verlossingswerk duidelik in die terapeutiese proses te kommunikeer.

[17]Neem kennis dat alle Skrifverwysings en aanhalings voortaan in hierdie studie vanuit die 1983 Afrikaanse Bybelvertaling gedoen word (Die Bybel, 1983. Nuwe Afrikaanse vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika).

3.4.1.2 Die analitiese teorie van Carl Jung

Jung se teorie bou voort op sekere basiese beginsels van Freud se teorie. Beide Freud en Jung is volgens Meyer *et al* (2003:105) deur die wetenskaplike ontwikkelings en filosofiese beskouings van die negentiende eeu beïnvloed. As seun van 'n predikant van die Switserse Gereformeerde Kerk, word hy in 'n religieuse atmosfeer groot. Hierdie milieu het 'n belangrike rol in sy lewe gespeel en sy teoretiese beskouings beïnvloed. Jung was 'n gelowige en hy het 'n prominente plek aan die religieuse dimensie van die menslike psige in sy teorie toegeken. Jung het in Freud se werk begin belangstel nadat hy sy boek oor die interpretasie van drome gelees het. Jung het van Freud se idees in sy eie praktyk begin toepas en het aan Freud begin skryf. Jung kon egter volgens Louw en Edwards (2003:556) nie Freud se meganistiese mensbeskouing, waardeur die individu as die produk van 'n "verdronge seksuele verlede" gesien word, aanvaar nie. Jung het geglo dat gedrag die resultaat van gebeure in die verlede is, maar dat dit ook op die toekoms afgestem is. Jung het om die rede ook klem op 'n teologiese toekomsperspektief geplaas. Die gevolg is volgens Burger (2008:105) dat Jung se teorie minder pessimisties is as die van Freud, wat die mens bykans willoos aan sy of haar instinkte en verlede uitlewer. Vir Jung is die mens afgestem op voortdurende kreatiewe ontwikkeling in die strewe na 'n *volledige self*. Vir hom is dit die uitvloeisel van 'n religieuse dryfkrag in die mens. Jung se beskouings word as analities getipeer omdat hy met sy analise van die psige, dieper in die onbewuste ingedring het as Freud. Jung het nog meer samestellende komponente van die psige blootgelê en op die kompleksiteit van die mens se psige gewys.

3.4.1.2.1 Die mensbeskouing onderliggend aan Jung se teorie

Die mens is vir Jung volgens Perven en John (1997:143) 'n komplekse en dinamiese organisasie wat uit opponerende faktore bestaan wat die individu op 'n bewuste of onbewuste vlak tot aktiwiteit kan aandryf of aantrek. Op grond van die opponerende kragte wat Jung in die psige onderskei, kan sy mensbeskouing volgens Meyer *et al* (2003:106) as dialekties tipeer word. Hierdie opponerende kragte dien as stukrag waarvolgens die psige, vanuit 'n eenvoudige, ongedifferensieerde, onbewuste en natuurlike toestand, tot 'n komplekse toestand van hoër psigiese bewustheid en geestelike vervulling ontwikkel. Volgens Jung is die opponerende faktore in alle mense teenwoordig. Gevolglik is geen mens net goed of sleg nie, nie een is net introvert of ekstrovert, of beskik nie net oor manlike of vroulike eienskappe nie, want die teenpool van dit wat op die bewuste vlak domineer, domineer in die onbewuste.

Mense streef egter daarna om hierdie opponerende faktore in hulself met die bereiking van ’n self tot ’n harmonieuse eenheid te integreer.

Jung se beskouing kan volgens Burger (2008:105) as holisties beskou word, omdat hy nie net op die strukture, prosesse en inhoud van die individuele psige konsentreer nie, maar dit ook binne ’n breë oorgeërfde kollektiewe verband plaas. Jung se holistiese benadering word ook weerspieël in sy beskouing dat die einddoel van menswees, of die ontwikkeling van die persoonlikheid, op die bereiking van “heelheid” afgestem is, soos dit in die bereiking van ’n self verteenwoordig word. Jung se werk kan daarom primêr beskou word as die soeke na “heelheid.” Jung erken volgens Meier *et al* (2003:107) die volgende dimensies van die mens:

- *Die fisiologiese dimensie* wat alle fisiologiese prosesse en dryfvere insluit wat vir die liggaamlike voortbestaan van die mens noodsaaklik is, soos asemhaling, honger, dors en seks.
- *Die sosiale dimensie* het te doen met die omgang met die medemens en sosiale interaksie.
- *Die psigiese dimensie* verwys na al die bewussynsprosesse wat met die rede verstaan en verklaar kan word en wat die mens in staat stel om by sy of haar werklikheid aan te pas.
- *Die geestelike of religieuse dimensie* verwys na die mens se afhanklikheid van en onderwerping aan irrasionele ervarings. Dit wil sê, ervarings wat nie deur die menslike rede verstaan of verklaar kan word nie. Die mens is dus vir Jung ’n rasionele sowel as irrasionele wese en dit is veral die irrasionele wat volgens hom nie voldoende aandag by die bestudering van die mens kry nie. Jung gebruik die begrip “religie” om die irrasionele dimensie van die mens te beskryf. Jung bedoel egter meer met ’n geestelike of religieuse dimensie as net godsdienstigheid in terme van ’n spesifieke kerklike dogma.Hy sluit alle irrasionele aspekte van menswees daaronder in. Vir Jung dui die bereiking van die self waarop die menslike bestaan afgestem is, veral op die religieuse dimensie van die psige. Hy meen dat die menslike psige daardeur bo die alledaagse fisiologiese, sosiale en psigiese bestaan tot ’n hoër geestelike bestaan getransendeer word.

Dit is veral die psigiese en die religieuse dimensie wat baie prominente aandag in Jung se teoretiese beskouing oor die psige kry en waarin sy grootste bydrae tot die begrip van die menslik psige geleë is.

3.4.1.2.2 Jung se struktuur van persoonlikheid

Jung gebruik volgens Louw en Edwards (2003:557) die terme psige om na die "totaliteit van alle bewuste en onbewuste psigiese prosesse" te verwys. Die psige verteenwoordig vir hom die mens en die wêreld, en is as sodanig so kompleks dat dit vanuit verskillende invalshoeke bestudeer kan word. Die psige is vir Jung 'n omvattende begrip wat op universeel-menslike eienskappe dui. "Persoonlikheid", dui vir Jung weer meer spesifiek op individuele funksionering. Vir Jung is die psige 'n dinamies-gestruktureerde totaliteit of eenheid. Hy sien dit egter nie as 'n onverdeelbare eenheid nie, maar eerder as 'n verdeelbare of verdeelde eenheid wat voortdurend na "heelheid" streef (Jung, 1960:307). Alhoewel die onderskeie komponente van die psige binne 'n geheel met mekaar verbind is, funksioneer hulle volgens Quenk (2009:14) relatief onafhanklik van mekaar. Jung wys volgens Pervin en John (1997:144) egter daarop dat die komponente in die meeste gevalle in 'n polêre verhouding - persoonlik en onpersoonlik, bewus en onbewus, geïnternaliseer en geëksternaliseer, konstruktief en destruktief, publiek en privaat - teenoor mekaar staan. Die eensydigheid van die mens se bewuste word voortdurend gekorrigeer deur die werking van die onbewuste. Ten spyte van hierdie teenstellende aard van die komponente van die psige, is die hoofdoel van alle lewe egter 'n strewe na "heelheid" en 'n opheffing van die polariteite, om sodoende die uiteindelike integrasie van bewuste en onbewuste in 'n geheel, naamlik die self, te bewerkstellig.



Figuur 3.3 Jung se topografiese voorstelling van die struktuur van die psige (Meyer *et al*, 2003:110).

Burger (2008:105-109) wys daarop dat die mense se psige volgens Jung bestaan uit drie vlakke: die *bewuste*, die *persoonlike onbewuste* en die *kollektiewe onbewuste*:

- *Die bewuste:* Die kern van die bewuste is vir Jung die *ego*, en die bewussyn is vir hom 'n noodwendige voorwaarde vir die ontwikkeling van die ego. Die ego-bewussyn, dit wil sê die bewuste belewing van die "ek", differensieer vanuit die onbewuste. Die *ego* behels alle bewuste aspekte van funksionering - insluitend sensasies, waarnemings, gevoelens, denke, evaluerings en die aktiewe geheue. Die *ego* funksioneer ekstern sowel as intern. Met die *eksterne funksionering* word die ego gehelp om die werklikheid deur middel van sintuiglike waarneming te struktureer en dus interaksie met die eksterne wêreld te fasiliteer. Dit is dus die ego wat die individu in staat stel om die fisiese en sosiale wêreld te ken en daarin op te tree. Met die *interne funksionering* help die ego die individu se bewuswording van hom- of haarself struktureer om sodoende aan die persoon 'n eie identiteit te verleen wat met verloop van tyd redelik konstant bly.
- *Die persoonlike onbewuste:* Elke individu se persoonlike onbewuste is uniek, en word gesien as die stoorplek van individuele ervarings, interaksies met die wêreld en die gepaardgaande interpretasies van hierdie ervarings. Die inhoud van die persoonlike onbewuste is gewoonlik toeganklik vir die bewussyn en daar bestaan 'n voortdurende interaksie tussen die persoonlike onbewuste en die ego. Die belangrikste inhoud van die persoonlike onbewuste is vir Jung die individuele komplekse. Destyds het Jung (1960:123) reeds die komplekse as 'n "omvormde instink" beskryf. 'n Kompleks is 'n samestelling van idees of ervarings wat met spesifieke emosionele intensiteit gelaai is. 'n Kompleks ontstaan dus wanneer 'n instink met 'n persoonlike ervaring gekombineer word. Afgesien van die daaglikse ervarings, meen Jung dat trauma en morele konflikte van die mees algemene faktore is wat tot die ontwikkeling van komplekse aanleiding gee.
- *Die kollektiewe onbewuste:* Dit verteenwoordig die oorgeërfde moontlikhede wat van vorige geslagte oorgedra is. Dit is 'n soort "bloudruk" wat nie individueel is nie, maar universeel is vir alle mense. Die kollektiewe onbewuste bestaan geheel en al onafhanklik en word nie deur die persoonlike onbewuste of die bewuste ervaring beïnvloed nie. Die kollektiewe onbewuste bevat *instinkte* en *archetipes*. Die instinkte blyk op fisiologiese oorgeërfde impulse te dui wat gedrag bepaal, sonder dat die bewuste motivering 'n rol daarby speel. Daarenteen kan die archetipes of oerbeelde gesien word as 'n

aangebore psigiese predisposisie of “intuïsie” om op ’n sekere wyse waar te neem, te ervaar en beelde te vorm. Volgens Jung bestaan daar ’n archetipe vir elke universele menslike ervaring en hy noem dan ook ’n groot verskeidenheid soos geboorte, donkerte, mag, vroue, mans en moeder. Hy beskryf egter net ’n paar in detail, soos die *persona*, die *anima*, die *animus*, die *skaduwee* en die *self*. Die *persona* is ’n Griekse woord wat masker of fasade beteken. Jung gebruik die begrip om persone se openbare self mee te beskryf. Die persona ontwikkel as gevolg van die rol wat die individu in die samelewing moet speel. Aan die een kant reflekteer dit die individu se waarneming van die rol wat hy of sy volgens die samelewing se verwagtinge moet vervul, en aan die ander kant dui dit op die wyse waarop die individu graag deur ander gesien wil word. Wat die *anima* en *animus* betref is Jung van mening dat ’n mens nie net oor die fisiologiese eienskappe van beide geslagte beskik nie, maar ook oor psigologiese eienskappe van beide geslagte - soos emosies, houdings en waardes. Gevolglik beskryf Jung die anima as die vroulike archetipe wat op ’n onbewustelike vlak in elke man aanwesig is, en die animus as die manlike archetipe wat op ’n onbewuste vlak in elke vrou teenwoordig is. Op ’n onbewuste vlak verteenwoordig die anima gevoel en emosionaliteit by mans, terwyl die animus logika en rasionaliteit by vroue verteenwoordig. Die *skaduwee* verteenwoordig die primitiewe dierlike instinkte wat die mens in die evolusieproses van laer vorme van lewe oorgeërf het. Dit bevat die impulsiewe begeertes en emosies wat gewoonlik nie deur die samelewing aanvaar word nie. Die skaduwee is egter nie net ’n negatiewe krag nie, dit is ook die bron van vitaliteit, spontaniteit en kreatiwiteit. Die *self* is ’n archetipe wat die mens motiveer om die verskillende komponente van die psige in ’n harmonieuse geheel te integreer. Dit verteenwoordig dus die mens se strewe na eenheid, integrasie, voltooidheid en volkomenheid. Die self tree na vore wanneer die bewuste en die onbewuste nie meer in opposisie teenoor mekaar staan nie, maar mekaar aanvul om ’n groter geheel te vorm. Volgens Jung is die self die sentrale archetipe en vorm dit die kern van die persoonlikheid waarin al die ander sisteme sentreer.

3.4.1.2.3 Jung se dinamiek van persoonlikheid

In hierdie afdeling gaan daar gefokus word op Jung se basiese uitgangspunte (3.4.1.2.3.1), die mens as energiesisteem (3.4.1.2.3.2), houdings van die psige

(3.4.1.2.3.3) en die funksies van die psige (3.4.1.2.3.4). Hierdie konsepte skets die dinamiek waaruit Jung se persoonlikheidsteorie vloei.

3.4.1.2.3.1 Jung se basiese uitgangspunte

Jung het aan die een kant volgens Meyer *et al* (2003:116) Freud se *kausalistiese* benadering, wat beteken dat die mens as 'n meganisme beskryf word wat deur die instinkte tot aktiwiteit aangedryf word, aanvaar. Die gedrag wat openbaar word, word dan gesien as die resultaat van die mens se psigologiese verlede. Aan die ander kant erken Jung ook 'n *teologiese toekomsperspektief*. Die individu se gedrag is dus vir Jung nie net die resultaat van kragte wat uit die persoon se verlede hom of haar tot aktiwiteit aandryf nie, maar ook die individu se strewe om in die toekoms doelgerig na voltooidheid en volkomenheid te streef in die daarstelling van die self. Jung het later ook 'n derde beginsel, naamlik *sinchronisiteit*, erken. Hiervolgens word die oorsaak van gedrag nòg in die verlede, nòg in die toekoms gesoek, maar in 'n "betekenisvolle gelykheid" tussen gebeure. Gedrag word dus volgens Quenk (2009:16) nie oorsaaklik verklaar nie, maar betekenis word geheg aan die feit dat gebeurtenisse gelyktydig met mekaar plaasvind. Jung meen dat daar betekenis aan hierdie gelyktydigheid van gebeure geheg moet word en dat dit nie net aan toevallige kansfaktore toegeskryf moet word nie.

3.4.1.2.3.2 Die mens as energiesisteem

Soos Freud, beskou Jung die mens volgens Louw en Edwards (2003:557) ook as 'n komplekse energiesisteem. Jung gebruik die terme *libido* om na fisiese sowel as psigiese energie te verwys. Psigiese energie of "lewensenergie" is die energie van die persoonlikheid. Psigiese energie is vir Jung 'n hipotetiese konstruk en kan dus nie direk waargeneem word nie. Psigiese energie vind uitdrukking in alle psigiese houdings en funksies (sien 3.4.1.2.3.3 en 3.4.1.2.3.4), asook in die psige se poging om 'n balans tussen die verskillende sisteme van die psige te bewerkstellig (sien 3.4.1.2.2). Jung tref ook 'n onderskeid tussen psigiese energie as 'n krag wat bewegings genereer en psigiese energie as 'n toestand wat oor die potensiaal vir aktiwiteit beskik. Beide fisiese en psigiese energie word intern deur die metaboliese prosesse gegenereer en daar is volgens Jung 'n wederkerige wisselwerking tussen psigiese en fisiese energie. Die psige kan egter ook addisioneel psigiese energie van buite verkry deur middel van individuele ervarings. Soos wat die liggaam voedsel inneem en dit in energie omsit, is Jung van mening dat psigiese ervarings wat die mens opdoen ook "verteer" en in psigiese energie omgesit word.

3.4.1.2.3.3 Houdings van die psige

Jung onderskei volgens Quenk (2009:6) tussen twee tipe houdings of oriëntasies, naamlik *introversie* en *ekstroversie*. Hierdie houdings het te doen met die rigting waarin psigiese energie gekanaliseer word. Jung wys daarop dat elke individu, na gelang van die primêre kanalisering van sy of haar psigiese energie, as primêr innerlik- of primêr uiterlikgeoriënteerd gekarakteriseer kan word. Hoewel beide houdings in alle persone aanwesig is, is één gewoonlik bewus en dominant terwyl die ander onbewus en ondergeskik is:

Waar fokus persone hulle energie?

Ekstroversie – of – Introversie

Figuur 3.4: Jung se voorstelling van die ekstroverte en introverte houdings

- *Introversie* is 'n innerlike gerigtheid van psigiese energie of die subjektiewe ervarings van die ego. Introverte is met hulle eie emosies en belewenisse gepreokkupeer en kom gewoonlik baie afsydig en selfs onsosiaal voor. Volgens Briggs-Myers (1998:9) verkies introverte mense om op hulle eie innerlike wêreld van idees en ervaringe te fokus. Hulle fokus hulle energie en aandag dus inwaarts en verkry energie deur refleksie op hulle denke, herinneringe en gevoelens. Introverte is ook meer privaat en gereserveerd. Hulle fokus in diepte op hulle belangstellings en sal inisiatief neem wanneer 'n saak vir hulle baie belangrik is.
- *Ekstroversie* is 'n gerigtheid op die eksterne werklikheid van mense, objekte en gebeure buite die ego – sonder dat baie aandag aan eie belewenisse of subjektiewe waarnemings geskenk word. Die ekstrovert openbaar 'n lewendige belangstelling in die wêreld en kom baie sosiaal voor. Volgens Pervin en John (1997:144) verkies ekstroverte om op die eksterne wêreld van mense en aktiwiteit te fokus. Hulle fokus dus hulle energie en aandag uitwaarts en verkry energie deur interaksie met ander mense en deur betrokkenheid by aksies of deur die neem van inisiatief. Ekstroverte verkry idees deur daaroor te praat. Hulle het ook 'n wye veld van belangstelling en neem maklik inisiatief in werk- en sosialekonteks.

3.4.1.2.3.4 Funksies van die psige

Jung (1960:123) is van mening dat daar benewens die introverte en ekstroverte houdings ook vier funksies van die psige onderskei kan word, naamlik: *waarneming* en *intuïsie* asook *denke* en *gevoel*. Hy verdeel die vier funksies in twee groepe - naamlik in nie-rasionele funksies (waarneming en intuïsie) en rasionele funksies (denke en gevoel).

Die nie-rasionele funksies dui op die wyse waarmee die psige inligting insamel en tot die uiterlike werklikheid oriënteer, asook op die direkte reaksie op stimulering, sonder dat rasionele oorweging 'n rol speel.

Hoe neem mense inligting in?

Waarneming – of – Intuïsie



Figuur 3.5: Jung se voorstelling van waarneming en intuïsie

- *Waarneming* verwys na die wyse waarop die psige eksterne impulse deur middel van die sintuie - gesig, gehoor, reuk, smaak en tas - beleef en ervaar. Persone wat waarneming verkies, verkies volgens Briggs-Myers *et al* (2003:6) inligting wat konkreet en werklik is – dit wat werklik aan die gebeur is. Hulle is gefokus op die besonderhede wat rondom hulle aan die gang is en is veral gefokus op praktiese werklikhede. Persone wat waarneming verkies is dus gepreokkupeerd met die teenwoordige werklikheid en fokus op dit wat konkreet verstaanbaar is. Hulle werk sistematies deur inligting om tot 'n konklusie te kom. Hierdie persone vertrou ook op hulle persoonlike lewenservaring.
- *Intuïsie* is die onbewuste waarneming op 'n subliminale vlak. Met hierdie funksie word die psige bo die tyd-ruimtelike gebondenheid van die liggaam verhef en vind daar "onmiddellike ervaring en bewuswording" plaas wat nie deur een van die ander funksies verkry kan word nie. Persone wat intuïsie verkies hou volgens Quenk (2008:6) daarvan om inligting te verwerk deur die groter prentjie te sien. Hulle fokus op die verhoudings en konneksies tussen

feite. Hulle wil die betekenis van patrone in data begryp en is veral ingestel op die ontdekking van nuwe moontlikhede. Hulle is dus ingestel op toekomstige moontlikhede. Anders as persone met waarneming verkies persone met intuïsie om vinnig tot ’n gevolgtrekking te kom deur aannames te maak. Hulle verkies om idees en teorieë eers vir hulleself uit te klaar voor hulle dit in praktyk toepas. Hulle verkies ook om hulle eie intuïsie te vertrou.

Die rasionele funksies dui op die wyse waarvolgens inligting verwerk en besluite geneem word, asook op ’n meer indirekte reaksiewyse wat op ’n rasionele besluitnemingsproses berus:

Die wyse waarop mense besluite neem

Denke – of – Gevoel

Figuur 3.6: Jung se voorstelling van denke en gevoel

- *Denke* is ’n logiese ordeningsfunksie wat op die objektiewe verklaring en verstaan van die wêreld gerig is. Dit is dus die funksie waarvolgens die psige dit wat waargeneem is, interpreteer. Persone wat denke in die besluitnemingsproses verkies hou volgens Quenk (2009:8) daarvan om na die logiese gevolge van ’n besluit of aksie te kyk. Hulle wil hulself uit ’n situasie verwyder en die voor- en nadele van ’n saak objektief beoordeel. Hulle verkry energie deur ’n situasie te analiseer om uit te vind wat daarmee verkeerd is om so die probleem op te los. Hulle doel is om ’n standaard prinsiep daar te stel wat in soortgelyke situasies toegepas kan word.
- *Gevoel* is ’n evaluerende funksie op grond waarvan inligting as goed of sleg, reg of verkeerd, positief of negatief beoordeel word. Dit vorm die basis van die individu se belewenis van subjektiewe ervarings soos plesier, hartseer, woede of liefde. Persone wat gevoel in die besluitnemingsproses verkies, hou volgens Briggs-Meyers (1998:10) daarvan om te konsidereer wat vir hulleself en andere wat betrokke is belangrik mag wees. Hulle verkies om hulleself in die situasie te plaas om met almal betrokke te identifiseer. Hulle baseer hulle besluite op hulle waardes. Hulle verkry energie deur ander te waardeer en te ondersteun en benader elke persoon as ’n unieke individu.

Jung het ook 'n vierde funksie bygevoeg: naamlik oordeel en observasie. Dit handel hier oor hoe mense die eksterne wêreld hanteer. Dit gaan meer spesifiek oor hoe mense verkies om hulle werk te verrig of take af te handel:

Hoe mense verkies om die eksterne wêreld te hanteer

Oordeel – of – Observasie

Figuur 3.7: Jung se voorstelling van oordeel en observasie

- Mense wat volgens Briggs-Myers (1998:10) *oordeel* in die eksterne wêreld verkies, hou daarvan om op 'n planmatige en ordelike wyse hulle lewens in te rig. Hulle verkies om besluite te neem, tot 'n konklusie te kom en aan te beweeg. Hulle verkies om hulle lewens op 'n gestruktureerde en georganiseerde wyse te leef en hou daarvan om dinge af te handel. Om by 'n plan te hou en volgens 'n skedule te werk is vir hulle baie belangrik. Persone wat oordeel verkies, word gewoonlik geassosieer met kenmerke soos: geskeduleerd, georganiseerd, sistematies, metodies, maak kort- en langtermyn planne en vermy tydsdruk of om dinge op die laaste minuut af te handel.
- Mense wat *observasie* in die eksterne wêreld verkies, hou volgens Quenk (2009:9) daarvan om hulle lewens op 'n buigsame en spontane wyse te leef. Hulle verkies om die lewe eerder te ervaar as om dit te beheer. Gedetaileerde planne en finale besluite beperk hulle. Hulle verkies om oop te bly vir nuwe inligting en laaste-minuut keuses. Hulle verkry energie deur vindingrykheid en deur aan te pas by die uitdagings van die oomblik.

3.4.1.2.4 Optimale ontwikkeling van die persoonlikheid

Optimale ontwikkeling is vir Jung geleë in die bereiking van die self. Dit geskied volgens Meyer *et al* (2003:125) gewoonlik gedurende die middeljare as 'n resultaat van die individuasieproses en die transendente funksie. Dit is 'n toestand waar die grense tussen bewus en onbewus, asook tussen individu en wêreld, vervaag sodat die persoon opgaan in 'n nuwe groter eenheid. Daar word met ander woorde 'n sintese tussen die opponerende prosesse en kragte in die psige bewerkstellig. Optimale ontwikkeling is vir Jung nie net daarin geleë om 'n "middeweg" en balans tussen die polariteite te bereik nie, maar ook om die oorgang van 'n uiterlik-gerigte

aanpassing na ’n innerlik-gerigte aanpassing te maak. Burger (2008:109) wys daarop dat die mens volgens Jung die eerste helfte van sy of haar lewe aan die differensiasie van die psige en definiëring van die ego wy om by die uiterlike werklikheid aan te pas. Dit wil sê, om probleme wat in verband staan met seksualiteit, werk, huwelik, kinders en tussenmenslike verhoudings oor die algemeen te bemeester. Sodra hierdie uiterlike aanpassing bewerkstellig is en die psige se houding tot die uiterlike werklikheid gekonsolideer is, kan die psige sy energie tot innerlike werklikheid rig in ’n poging om ’n ware innerlike eenheid te probeer bewerkstellig. Jung (1953:73) verwys ook na die oorgang van die uiterlike gerigtheid na ’n innerlike gerigtheid as ’n oorgang van ’n natuurlike na kulturele bestaan. Jung wys verder daarop dat die oorgang van ’n natuurlike na ’n kulturele bestaan moontlik is en dat dit ’n noodsaaklikheid is vir psigiese gesondheid en optimale ontwikkeling. Hy stel dus psigiese gesondheid nie net gelyk aan optimale ontwikkeling nie, maar sien dit ook as ’n ideale toestand.

3.4.1.2.5 Jung se beskouing van Godsdiens

Jung erken volgens Meyer *et al* (2003:132) nie net ’n religieuse instink in die mens wat veel wyer as geloof en aanbidding van ’n god is nie, maar hy erken ook die belangrikheid wat godsdiens in die enger sin van geloof en aanbidding van ’n god in die mens speel. Jung wys daarop dat die individu nooit werklik sin vir die bestaan van sy of haar lewe kry as mens nie geestelike of morele outonomiteit bereik nie. Die individu wat nie in God geanker is nie, kan geen weerstand in die wêreld bied deur bloot op sy of haar eie vermoëns staat te maak nie. Jung se analitiese benadering tot godsdiens as ’n universele menslike verskynsel en sy spesifieke ontleding van die Christelike geloof, het heelwat kontroversiële idees gegenereer. Byvoorbeeld, volgens Jung is Christus ’n simbool van die self en God is nie net goed nie, maar beskik ook oor die polêre teenstelling van goed en kwaad.

3.4.1.2.6 Gevolgtrekking van Jung se persoonlikheidsteorie

Jung se teorie het die spektrum van menswees baie verruim en breek weg van die sielkunde se fokus op die “statisties-gemiddelde” mens. Hierbenewens is Jung se konseptualisering van die bereiking van die self, gepaard met sy aanvaarding van ‘n teologiese invalshoek van ’n toekomsverwagting meer werkbaar as die van Freud wat op die bevrediging van drange gefokus het. In hierdie konteks is Jung se teorie oor persoonlikheid ’n meer bruikbare teorie vir die pastoraal wat die mens tot ’n religieuse wese in verhouding met God maak. Dit is in hierdie religieuse demensie van die mens waar die konsep van hoop en persoonlike ontwikkeling en groei in die

pastoraal aansluiting kan vind. Die feit dat Jung geloof sien as 'n noodsaaklike komponent van persoonlikheid bied ryker inligting as enige van die ander persoonlikheidsteorieë. Dit is veral in Jung se siening dat 'n persoon sonder geloof nie kan weerstand bied in die wêreld nie. Hierdie siening maak die deur vir die pastoraal in die studieveld van persoonlikheid oopmaak. Dit is ook veral in die religieuse dimensie van persoonlikheid wat hierdie studie sy vertrekpunt vind. Omdat persoonlikheid 'n religieuse dimensie het kan dit ook vanuit die Bybel eksegeties nagevors word en kan aangetoon word dat God verskillende persoonlikheidstipes in sy koninkryk wil gebruik.

3.4.2 Behavioristiese benadering van persoonlikheid

Die behavioristiese perspektief is 'n teoretiese perspektief wat van die standpunt uitgaan dat slegs waarneembare gedrag wetenskaplik nagevors kan word. Omdat gedrag waargeneem kan word, is reaksievorming voorspelbaar. Alhoewel die behaviourisme die impak van biologiese faktore in gedrag erken, word groter klem gelê op die impak van die omgewing op gedrag. Twee persone wat die meeste invloed in hierdie denkskool van persoonlikheid uitgeoefen het was B.F Skinner en Albert Bandura.

3.4.2.1 Skinner: Persoonlikheid as produk van kondisionering

Volgens Weiten (2004:490) het Skinner hoegenaamd nie voorsiening gemaak vir die interne prosesse soos Sigmund Freud met sy gedagte van die id, ego en superego gedoen het nie. Die rede hiervoor is dat interne prosesse volgens Skinner nie objektief waargeneem kan word nie. Skinner was volgens Mischel *et al* (2008:261) van mening dat dit sinneloos is om oor private, onwaarneembare kognitiewe prosesse te spekuleer. In plaas daarvan het Skinner volgens Buss en Larsen (2010:236) gefokus op hoe die eksterne omgewing persone se gedrag beïnvloed. Hy was van mening dat menslike gedrag in totaliteit deur die eksterne omgewing beïnvloed word. Skinner het dit volgens Mash en Wolfe (2010:47) *respondente gedrag* genoem omdat gedrag deur 'n stimulus voorafgegaan en beheer word. Met ander woorde, 'n respons word direk deur 'n eksterne gebeurtenis veroorsaak. Hierdie patroon van gedrag word aangeleer deur 'n proses wat Skinner *klassiekekondisionering* genoem. 'n Stimulus is volgens Skinner die enigste waarneembare voorwerp of verandering in die omgewing wat gedrag voorafgaan. Persone se gedrag word bepaal deur persoonlike ervarings. Hierdie ervarings kan volgens Skinner verander omdat toekomstige ervarings verander. Skinner het

volgens McAdams (2009:69) persoonlikheid gesien as ’n versameling van reaksies wat verbind word met verskeie situasies waaraan mense blootgestel word.

’n Verdere vorm van gedrag waarin Skinner belang gestel het was volgens Papalia *et al* (2008:31) *operante gedrag*. Dit is gedrag wat nie deur ’n identifiseerbare stimuli voorafgegaan word nie. Operante gedrag vind spontaan plaas. Dit is die omgekeerde van respondente gedrag. Hierdie reaksies word Volgens Sternberg (2009:9) verkry deur ’n leerproses wat Skinner *operantekondisionering* genoem het. Volgens Derlega *et al* (2005:136) beweer Skinner dat die gevolge op gedrag (straf, plesier, pyn, ongemak, ens.) ’n direkte invloed het op hoe persone in ’n bepaalde situasie sal reageer. Hierdie neigings word gedurigdeur versterk of verswak deur nuwe ervaringe. Dit is volgens Meyer *et al* (2003:297) ’n proses waardeur persone leer om gedrag te herhaal wat suksesvol is in die bevrediging van behoeftes, of wat as positief of aangenaam ervaar word. Byvoorbeeld, wanneer werkgewers hulle werknemers prys of ’n verhoging gee wanneer hulle oortyd werk, vergroot dit die waarskynlikheid dat die werknemers in die toekoms weer oortyd sal werk. Indien die resultaat van gedrag egter negatief is sal hulle waarskynlik in die toekoms nie maklik weer oortyd werk nie. Om die rede het Skinner persoonlikheidsontwikkeling as ’n lewenslange proses beskou.

3.4.2.2 Bandura: Sosiaal-Kognitiewe benadering tot persoonlikheid

Bandura het volgens Meyer *et al* (2003:300) van die punt uitgegaan dat mense bewuste, denkende en emosionele wesens is. Anders as Skinner fokus hy meer op kognitiewe aspekte in sy persoonlikheidsteorie. Volgens Derlega *et al* (2005:137) staan Bandura se persoonlikheidsteorie bekend as die Sosialeleerteorie. Ook soos Skinner het Bandura geglo dat persone se persoonlikheid grotendeels deur ’n leerproses gevorm word. Maar volgens Papalia *et al* (2008:33) was Bandura van mening dat mense nie passiewe deelnemers is nie. Gedrag word nie bloot deur ’n eksterne omgewing gevorm nie. Bandura was van mening dat “mense self-organiserende, proaktiewe, self-regulerende en self-reflekterende organismes is. Volgens Weiten (2004:491) het Bandura self-refleksie gesien as ’n uniek-menslike vermoë om ’n selfbeeld te vorm, en gedurig te evalueer. Vir Bandura was mense se self-effektiwiteit die mees sentrale konsep van self-refleksie. Bandura het volgens Meyer *et al* (2003:301) die volgende drie aannames oor self-effektiwiteit-vermoë gemaak, wat ook deur die aangeduide skrywers gedeel word:

- ✓ Self-effektiwiteitpotensiaal bepaal volgens Larsen en Buss (2010:387) of iemand enigsins ’n poging sal aanwend om ’n situasie te hanteer of nie.

- ✓ Self-effektiwiteitpotensiaal het volgens Joseph (2011:30) 'n groot invloed op iemand se keuse van 'n situasie. Mense is geneig om situasies te kies waarin hulle meen hul kans op sukses hoog is.
- ✓ McAdams (2009:78) wys daarop dat persone met 'n hoë self-effektiwiteit geneig is om meer gemotiveerd te wees en om langer te volhard om 'n situasie te bemeester. Daarteenoor het mense met 'n lae self-effektiwiteit min vertroue in hulle eie vermoëns. Meyer *et al* (2003:302) wys verder daarop dat hoë self-effektiwiteit-vermoë volgens Bandura tot meer suksesbelewenisse lei. By persone met lae self-effektiwiteit gebeur die teenoorgestelde.

Volgens Becvar en Becvar (2009:227) het Bandura ook klem gelê op die belangrikheid van die mens se vermoë om te beplan. Hy het opgemerk dat mense doelstellings vir hulleself stel en tot 'n mate daaraan uitkoms gee. Bandura het dit die *vermoë om vooruit te dink* genoem. Dit bring mee dat mense nie net op die onmiddellike situasie hoef te reageer nie, en ook nie bloot deur hulle verlede beïnvloed word nie. Die mens kan planne en doelstellings vir die toekoms vorm en dienooreenkomstig optree. Corey (2013:229) identifiseer nog 'n faktor wat vir Bandura ten opsigte van persoonlikheid van belang was naamlik die mens se vermoë tot *selfregulering*. Volgens Bandura is die self-reguleringsvermoë die vermoë van persone om volgens hulle eie standaarde te lewe, en om dus relatief onafhanklik van goedkeuring en beheer van ander te lewe. Soos Skinner argumenteer Bandura volgens Corsini en Wedding (1995:204) dat die omgewing 'n groot bepalende faktor van gedrag is. Maar Bandura argumenteer verder dat gedrag ook 'n impak op die omgewing het, mense poog dus ook om hulle omgewing te verander. Maar persoonlike faktore soos geloof en ervaring bepaal beide die gedrag en omgewing waarin mense hulself wil bevind. Bandura het hierdie gedagte soos volg voorgestel:



Figuur 3.8 Bandura se sosialeleerteorie: Die wisselwerking van hoe gedrag, omgewing en persoonlike faktore persoonlikheid beïnvloed (Joseph, 2011:148).

Opsommend kan gesê word dat Bandura van mening was dat die bogenoemde faktore soos in figuur 2.8 uiteengesit persoonlikheidsfaktore uitmaak naamlik gedrag, omgewing en persoonlike oortuigings soos geloof en persoonlike ervarings. Variasies in persoonlikheidstipes kan gevind word in persone se vlak van self-effektiwiteit-vermoë, vlak van self-refleksie-vermoë, vlak van self-reguleringsvermoë, en die vermoë om vooruit te dink.

3.4.2.3. Gevolgtrekking van die Behavioristiese benadering van persoonlikheid

Die Behavioristiese benadering bied 'n goeie perspektief op die impak van omgewingsfaktore op die vorming van persoonlikheid en gedrag. Hierdie model bied ook 'n rare insig vanuit die sielkunde van hoe geloof 'n impak het op gedrag en persoonlikheid. Vir die pastoraat is dit besonders noodsaaklik om geloof as element van gedrag te ondersoek. Die Behavioristiese benadering is om hierdie rede 'n belangrike benadering tot persoonlikheid vir die pastoraat. Hardy en Carlo (2005:233) het vanuit hierdie benadering 'n psigo-pastorale model ontwikkel. Hulle wys daarop dat geloof en menslike ervaringe nie van mekaar geskei word kan nie. Geloof en persoonlikheid beïnvloed mekaar wedersyds. Persone se selfbeeld, identiteit, bewussyn, psige, denke en emosies speel alles 'n rol in die proses van geloofsvolwassenheid. Ons karakter, houding asook sielkundige faktore bepaal volgens Bornman (2013:4) dus ons persoonlikheidsamestelling en beïnvloed die toepassing en uitlewing van die Christelike geloof.

Vanuit die Behavioristiese benadering het die Kognitiewe Gedragsterapie ontstaan. Volgens Branch en Willson (2010:9) fokus Kognitiewe Gedragsterapie op die wyse waarop mense dink en poog om mense te help met emosionele- en gedragsprobleme. Die sentrale vertrekpunt van hierdie terapeutiese benadering lê volgens Becvar en Becvar (2009:237) daarin dat persone verandering te weeg kan bring deur hulle denke te verander en nuwe idees en strategieë te ontwikkel. Dit is hierin waar die pastoraat direk aansluiting vind. Paulus lê self klem op die noodsaaklikheid van denkverandering: "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is"[2] (Romeine 12:2). Hierdie denkverandering vind plaas in die pastorale gesprek waar die Woord van God sentraal staan.

3.4.3 Humanistiese of persoongeoriënteerde benaderings van persoonlikheid

Vir die doeleindes van hierdie studie gaan hier slegs gefokus word op die twee hoofteorieë van die Humanistiese perspektief ten opsigte van persoonlikheid: Carl Rogers se persoongesentreerdeteorie (3.4.3.1), en Abraham Maslow se selfaktualiseringsteorie (3.4.3.2). Hierdie perspektiewe is volgens Weiten (2004:495) humanisties omdat dit eksklusief op die unieke kwaliteite van menslike gedrag fokus, in besonder die mens se vryheid en potensiaal vir persoonlike groei. Volgens Louw en Edwards (2003:551) is die humanistiese perspektief van besondere belang op die gebied van persoonlikheid. Aanhangers van hierdie perspektief was ontevrede met die beperkte insig waarop die mens deur die behavioristiese- en psigodinamiese teorieë beskryf was. Hulle het veral uitgewys dat psigodinamiese teorieë baie min oor gesonde persoonlikheidsontwikkeling te sê gehad het. Die humanisme gaan van die standpunt uit dat (1) mense bo die vlak van hulle primitiewe dierlike herkoms kan uitstyg en hulle biologiese drange kan beheer, en (2) mense is bewuste en rasionele wesens wat nie deur hulle drange en irrasionele behoeftes beheer word nie. Hierdie humanistiese teorieë gaan ook van die standpunt uit dat persone se subjektiewe siening van die wêreld belangriker is as die objektiewe werklikheid. Hierdie siening wys volgens Sue *et al* (2010:53) uit dat die subjektiewe siening wat iemand van hom- of haarself het gedrag meer beïnvloed as die realiteit van hoe slim of sosiaal hy/sy werklik is. Daarom is die humanisme van mening dat individue se subjektiewe ervarings die ware verstaan van menslike gedrag is. Carl Rogers het dit soos volg gestel: "*The best vantage point for understanding behaviour is from the internal frame of reference of the individual himself*." Carl Rogers en Abraham Maslow het gefokus op die eienskappe wat gesonde en goed aangepasde persone beskryf.

3.4.3.1 Carl Rogers se persoongesentreerde teorie

Carl Rogers het volgens Corsini en Wedding (1995:136) klem gelê op die self-realisering van persone deur persoonlike groei. Omdat Rogers volgens Derlega, *et al* (2005:138) klem gelê het op die mens se subjektiewe sienings van die werklikheid word sy teorie die persoongesentreerdeteorie genoem. Volgens Rogers neem persone die eksterne omgewing waar en koppel dan betekenis daaraan. Rogers se siening van persoonlikheid word volgens Mischel *et al* (2008:304) gebou op slegs een konsep wat hy die "self" of die "ek" genoem het. Hierdie konsep staan meer algemeen bekend as die *selfkonsep*.

Corsini en Wedding (1995:141) beskryf selfkonsep as 'n versameling van oortuigings en unieke kwaliteite, gewoontes en tipiese gedrag. Omdat hierdie unieke kwaliteite

met die verloop van tyd konstant bly vorm die “self” die struktuur van persoonlikheid. Sue *et al* (2010:54) wys daarop dat die selfkonsep volgens Rogers niks anders as die prentjie is wat iemand van hom- of haarself skets nie. Volgens Perven *et al* (2005:167) verwys die self-konsep met ander woorde na ’n versameling van self-persepsies. Byvoorbeeld, ’n selfkonsep mag die oortuigings insluit dat “ek ’n gemaklike persoon is om mee oor die weg te kom” of “ek is hardwerkend.” Volgens Rogers is elke individu bewus van sy/haar selfkonsep. Dit is nie “begrawe” in die mens se onderbewuste soos wat Sigmund Freud van mening was nie. Omdat iemand se self-konsep uit subjektiewe oortuigings bestaan mag dit volgens Rogers (2007:421) wees dat iemand se selfkonsep nie geheel en al in pas is met sy/haar werklike persoonlike ervaringe nie.

Rogers was volgens McAdams (2009:272) ook van mening dat mense hulle ervarings tot ’n sekere mate verdraai om ’n meer positiewe selfkonsep te vorm. Rogers het hierdie gaping tussen die selfkonsep en die werklikheid *inkongruensie* genoem. Aan die ander kant, wanneer persone se selfkonsep taamlik akkuraat is, word gesê dat dit *kongruent* is met die werklikheid. Hy het dit soos volg voorgestel:



Kongruensie
Die self-konsep is meer in pas met die persoon se werklike ervaringe (’n sekere hoeveelheid inkongruensie is onvermydelik).

Inkongruensie
Die self-konsep is nie in pas met werklike ervaringe nie.

Figuur 3.9: Rogers se siening van die struktuur van self-konsep (Weiten, 2004:496).

Anders as Freud wat van mening was dat die mens gemotiveer word om plesier te soek en pyn te voorkom, was Rogers volgens Corey (2013:164) van mening dat mense in pas met hulle self-konsep optree, selfs al is die gedrag nie belonend nie.

Met ander woorde poog mense om hulle self-konsep in pas te bring met hoe hulle oor hulleself voel. Byvoorbeeld, indien iemand hom- of haarself as ’n warm en empatiese persoon sien en so deur ander aanvaar word, is daar ’n staat van kongruensie. Aan die ander kant, indien dieselfde persoon deur ander gesien word as koud of onsimpatiek ervaar daardie persoon ’n staat van inkongruensie. Louw en Edwards (2003:554) noem dat Rogers van mening was dat alle mense tot ’n mate inkongruensie ervaar, maar die vraag is: hoeveel? Rogers was van mening dat te veel inkongruensies iemand se psigologiese welstand in gedrang bring.

Corey (2013:156) wys daarop dat Rogers van mening was dat die mens ’n sterk behoefte aan toegeneentheid, liefde, warmte, respek, simpatie en aanvaarding van ander het. Hy het dit onvoorwaardelike positiewe agting genoem. In die kinderjare gee ouers meeste van die toegeneentheid, byvoorbeeld liefde en aanvaarding. Rogers (2007:243) verduidelik die ontwikkeling van die selfkonsep aan die hand van twee konsepte, naamlik *onvoorwaardelike aanvaarding* en *voorwaardelike aanvaarding.*

Rogers het volgens Larsen en Buss (2010:354) van die standpunt uitgegaan dat onvoorwaardelike liefde van ouers, vriende, kollegas, ens., kongruensie bevorder waar voorwaardelike liefde in teenstelling hiermee inkongruensie van die selfkonsep bevorder. Rogers was verder van mening dat wanneer mense glo dat hulle slegs voorwaardelik liefde ontvang hulle hul ervarings meer sal verdraai om sodoende hulle gevoel van self-waarde te verhoog. Clinton en Hawkins (2011:451) wys daarop dat empatie volgens Rogers ook ’n belangrike rol speel by die ontwikkeling van ’n positiewe self-konsep. Empatie word deur Rogers beskryf as die vermoë om op die gevoelens van ander ag te slaan, te respekteer en te verstaan. Mense wat oor die eienskappe van empatie, onvoorwaardelike positiewe agting, en kongruensie beskik, word gewoonlik deur ander aanvaar as warm en gemaklik.



Figuur 3.10: Rogers se siening van persoonlikheidsontwikkeling (Rogers, 2007:246)

Rogers was volgens Mischel *et al* (2008:310) verder van mening dat die bedreiging van iemand se selfkonsep die grootste oorsaak van angs is. Hoe meer die selfkonsep onakkuraat is, hoe meer sal daar konflik wees met iemand se eie self-persepsies en die werklikheid. Om die rede sal persone met ŉ hoë inkongruente selfkonsep meer vatbaar wees vir die herhaalde belewing van angs en ander sielkundige afwykings. Rogers was volgens Meyer *et al* (2003:365) van mening dat die grootste gedeelte van iemand se gedrag uit die selfkonsep vloei.

Burger (2004:307) wys daarop dat die aanpasbaarheid van persone by hulle omgewing volgens Rogers bepaal word deur die selfkonsep en dat persone hulle ervarings op ŉ simboliese of subjektiewe vlak met hulle selfkonsep in verband bring. Enige ervarings wat nie met die selfkonsep ooreenstem nie, kan as ŉ bedreiging gesien word. Hoe meer van hierdie bedreigende ervarings voorkom, hoe meer rigied word die selfkonsep georganiseer om die "self" in stand te hou. Hoe meer persone hulle persoonlike ervarings in verband bring met hulle selfkonsep, hoe meer sal dit moontlik wees om hulle self-konsep by die realiteit aan te pas en te integreer. Perven *et al* (2005:167) wys daarop dat Rogers na ŉ verwante konsep verwys wat hy die *ideale-self* genoem het. Die ideale-self verwys na die self-konsep wat iemand graag wil besit. Dit is met ander woorde die ideale persoon wat iemand graag wil wees. Die ideale-self bestaan volgens Derlega *et al* (2005:141) gewoonlik uit eienskappe waaraan persone hoë waarde heg. Volgens Rogers bestaan die siening wat persone van hulleself het uit twee komponente: (1) Die *werklike-self*, wat bestaan uit die persepsie wat iemand op die oomblik van hom- of haarself het, en (2) die *ideale-self*, wat bestaan uit die ideale prentjie wie iemand in die toekoms wil wees.

Rogers het geredeneer dat gesonde psigiese ontwikkeling nie kan plaasvind waar omstandighede ongunstig is nie. Clinton en Hawkins (2011:452) verduidelik Rogers se uitgangspunt aan die hand van die volgende voorbeeld: Indien kinders aanvoel dat hulle nie liefde (onvoorwaardelike positiewe agting) ontvang nie, sal hulle gevoelens van haat en verwerping ontken om sodoende te verhoed dat hulle hulself as ongeliefd sien. In hierdie geval is die gevoelens van haat en verwerping nie net inkongruent met hulle self-konsep nie, maar sal ook aanleiding gee dat kinders hulle gevoel van positiewe agting verloor. Dus, die onvermoë om aan kinders warmte en liefde te bewys gee daartoe aanleiding dat die kinders hulle werklike ervaringe (om ongeliefd of ongewens te wees) ontken. Die oorsprong van die inkongruensie in die self-konsep asook die konflik tussen persone se ervaringe en hulle selfkonsep, lê volgens Rogers (2007:242) in persone se pogings om aanvaarding te behou. Waar ouers ŉ gebrek aan betroubare liefde het, kan kinders se ontwikkeling tot uniekheid

en onafhanklikheid gesmoor word. Ouers wat byvoorbeeld vereis dat kinders altyd by hulle moet wees, of dieselfde gedagtes en gevoelens as hulle moet hê, beperk die ontwikkeling van die self-aktualisering.

Volgens Kirschenbaum en Jourdan (2005:47) gee Rogers die volgende as kenmerke van 'n "ten volle funksionerende persoon":

- Ten volle funksionerende persone het 'n duidelike en akkurate persepsie van die werklikheid en hulle kan op sistematiese wyse op probleme fokus en aan oplossings werk sonder om deur selfkritiese gedagtes afgelei te word.
- Hierdie persone is selfaanvaardend eerder as verdedigend. Hulle is in staat om die volle omvang van hulle eie emosies, impulse en motiverings te aanvaar en te ervaar.
- Hulle aanvaar ander sonder om veroordelend of krities te wees.
- Hulle ervaar positiewe emosies op 'n spontane wyse en het die kapasiteit vir opregte en blywende liefde.
- Volle funksionerende persone is outonoom en selfgerig. Hulle stel standaarde en neem besluite wat gegrond is op hulle eie gevoel en sin vir wat reg is, eerder as om beïnvloed te word deur eksterne eise of standaarde.
- Hulle is selfaktualiserend, en is met ander woorde gemotiveer om hulle eie sterk punte, belangstellings en vermoëns ten volle te ontwikkel.

3.4.3.2 Abraham Maslow se selfaktualiseringsteorie

Soos Rogers was Maslow van mening dat 'n meer optimistiese siening oor menslike gedrag ingeneem moet word. Maslow het met sy teorie volgens Boeree (2006:4) op die motivering agter menslike gedrag gefokus. Hy het voorgestel dat menslike gedrag georganiseer kan word in terme van 'n hiërargie van behoeftes. Dit is volgens Neher (1991:93) 'n sisteem wat menslike behoeftes in terme van prioriteite organiseer. Basiese behoeftes moet eerste bevredig word voor minder belangrike behoeftes bevredig kan word. Hierdie hiërargie van behoeftes word gewoonlik uitgebeeld in die vorm van 'n piramide (figuur 3.11). Die behoeftes aan die onderkant, die fisiologiese behoeftes, is volgens Meyer *et al* (2003:335) die mees basiese. Hoe hoër met die piramide op beweeg word, hoe minder belangrik word die behoeftes. Wanneer persone een vlak van behoeftes suksesvol bevredig het, moet die volgende vlak van behoeftes bevredig word.

Soos Rogers het Maslow van die standpunt uitgegaan dat mense 'n innerlike dryfveer het tot persoonlike groei. Daarom het hy volgens Bilsky en Schwartz (1994:168) die

behoefte aan selfaktualisering op die boonste punt van die piramide geplaas. Die behoefte aan selfaktualisering sluit onder andere self-kennis, self-verstaan, hoë self-agting, en sukses in. Hierdie elemente vorm ook die basis van Viktor Frankel se logoterapie wat van die standpunt uitgaan dat die lewe gefokus is op die soeke na betekenis. Selfaktualisering bestaan volgens Maslow (1970:70) daaruit dat persone hulle eie potensiaal bereik (Corey, 2009:131). Maslow het hierdie beginsel soos volg opgesom: "*What a man can be, he must be.*" Persone sal gefrustreerd voel indien hulle nie daarin slaag om hulle doelstellings te bereik nie. Indien persone byvoorbeeld musikale talente het maar hulle moet administratiewe werk doen, sal hulle behoefte aan selfaktualisering nie vervul word nie.

Figuur 3.11: Maslow se hiërargie van behoeftes (Mischel *et al*, 2008:307; Boeree, 2006:11).

As gevolg van sy belangstelling in selfaktualisering het Maslow volgens Ventegodt *et al* (2003:1050) gepoog om te identifiseer wat 'n gesonde persoonlikheid is. Volgens Maslow sal persone wat selfaktualisering bereik het gekenmerk word deur persoonlike groei. Maslow het volgens Dye *et al* (2005:1376) die eienskappe geïdentifiseer van 'n selfgeaktualiseerde persoon:

- Selfgeaktualiseerde persone is in pas met die werklikheid.
- Hulle is tevrede met hulself.
- Hierdie persone is oop vir nuwe ervarings.
- Hulle het die vermoë om die wêreld om hulle te waardeer.
- Selfgeaktualiseerde persone is probleemgesentreerd. Hulle het met ander woorde die missie om iets buite hulself te "moet" doen.
- Sosiaal is hulle sensitief teenoor ander se behoeftes en hulle geniet interpersoonlike verhoudings.
- Hulle is nie afhanklik van ander se goedkeuring nie en is ook nie ongemaklik om alleen te wees en onafhanklik van ander te funksioneer nie.

- Hulle floreer in hulle beroep en bereik emosionele hoogtepunte meer gereeld as ander.
- Hulle het ’n basiese behoefte aan rentmeesterskap.
- Hulle vorm sterk vriendskapsbande, maar het ‘n beperkte vriendekring.
- Hulle het demokratiese karakters. Hulle kan ’n goeie onderskeid maak tussen wat reg en verkeerd is.
- Hulle is nie vyandig nie en het ’n goeie sin vir humor.
- Laastens het Maslow gevind dat hulle ’n balans handhaaf tussen die gepolariseerde persoonlikheidstipes. Hulle kan byvoorbeeld beide kinderlik en volwasse optree, beide rasioneel en instinktief dink, asook beide konformerend en rebellerend wees.

Koltko-Rivera (2006:305) wys daarop dat Maslow van mening was dat persoonlikheidsontwikkeling in ooreenstemming met die hiërargie van behoeftes plaasvind. Hoe hoër persone in die hiërargie opbeweeg hoe hoër is die vlak van motivering asook die ontwikkelingsvlak en hoe gesonder is hul funksionering. Die bevrediging van elke stel behoeftes is ’n stap in die rigting van selfaktualisering. Maar Maslow wys volgens Meyer *et al* (2003:341) op ’n belangrike feit wat met sy teorie in gedagte gehou moet word:

> “Gratification of all the basic needs does not automatically solve the problem of identity, of a value system, of a calling in life, of the meaning of life. For some people, these are separate and additional life-tasks beyond the gratification of the basic needs.”

Dit is dus moontlik vir persone wat reeds op ’n hoër vlak gefunksioneer het, om tydelik na ’n laer vlak terug te keer. So kan persone wat byvoorbeeld deur hoër motiewe, ideale en doelwitte in hulle beroep gemotiveer is, terugkeer na ’n laer vlak na ’n egskeiding of trauma omdat hulle veiligheidsbehoeftes en behoefte aan liefde nie meer op gereelde basis vervul word nie. Verder kan gedrag volgens Bilsky en Schwartz (1994:168) nie slegs op een vlak gemotiveer word nie. Iemand wat op die vlak van selfaktualisering funksioneer, het byvoorbeeld steeds biologiese behoeftes en behoeftes aan veiligheid en sekuriteit wat bevredig moet word.

Ontwikkelingsvlakke word in die vorm van ’n leer voorgestel, waar persone op en af beweeg (sien figuur 3.11). Maslow erken egter volgens Meyer *et al* (2003:467) dat daar benewens die hiërargie van behoeftes ander moontlike paaie bestaan wat aanleiding tot ’n gesonde persoonlikheid kan gee. Dit is dus duidelik uit Maslow se

beredenering dat die klem val op die aktiewe wil van mense om te groei en hulle potensiaal te bereik. Die vraag waarom mense nie hierdie potensiaal bereik nie het Maslow ook beantwoord:

- Wanneer persone nie die vlak van selfaktualisering bereik nie, het hulle volgens Ventegodt *et al* (2003:1054) moontlik 'n gebrek aan selfkennis. 'n Gebrek aan selfkennis gee aanleiding daartoe dat persone hulle bloot deur eksterne aanwysings laat lei.
- Daar kan volgens Maslow (1970:68) persoonlike hindernisse bestaan wat persone verhoed om ware selfaktualisering te bereik. Byvoorbeeld werksomstandighede waar geleentheid vir bevordering, goedkeuring en erkenning van prestasies nie moontlik is nie.
- Die derde rede wat Maslow verskaf noem hy volgens Bilsky en Schwartz (1994:172) die "Jona-kompleks." Persone hardloop weg van hulle beste talente en dus ook van hulle verantwoordelikheid. Volgens Maslow voel hierdie persone minderwaardig en wil daarom nie die verwesenliking van hul potensiaal nastreef nie.

3.4.3.3 Die eksistensiële teorie van Viktor Frankl

Viktor Frankl word as een van die hoofverteenwoordigers van die eksistensiële sielkunde beskou. Frankl was 'n student van beide Sigmund Freud en Alfred Adler. Frankl was egter met beide leermeesters ontnugter. Freud se klem op 'n *wil-tot-plesier* as die hoofdryfveer van menslike gedrag, en Adler se klem op 'n *wil-tot-mag* was vir Frankl 'n eensydige en benouende beskouing van die mens. Frankl meen dat beide Freud en Adler die mens eensydig uitbeeld. Hy is volgens Melton en Schulenberg (2008:31) oortuig daarvan dat die *wil-tot-sin* die ware motivering is wat menslike gedrag onderlê. Frankl het gevolglik sy eie benadering, naamlik logoterapie, ontwikkel. Dit was 'n terapeutiese benadering om die mens te begelei om sin in sy of haar lewe te ontdek. Frankl het volgens Meyer *et al* (2003:556) tot die oortuiging gekom dat dit *waardes* is wat 'n belangrike rol in die mens se lewe speel. Met verwysing na die gevangenis in Nazi-konsentrasiekampe het Frankl besef die feit dat die mens iets het om voor te lewe stel die mens in staat om te wil aanhou lewe in omstandighede wat die dood na 'n uitkoms laat lyk. Met sy geloof in die onvernietigbare sinvolheid van die lewe, het Frankl 'n veel meer positiewe instelling as sy voorgangers. Die lewe word volgens Frankl eenmalig aan ons geskenk om, selfs in lyding, sin te vind en in ons eie lewens te vergestalt.

3.4.3.3.1 Frankl se mensbeskouing onderliggend aan sy persoonlikheidsteorie

Frankl se mensbeskouing berus volgens Meyer *et al* (2003:556) op die veronderstelling dat ons as mense vryheid gegee is om verantwoordelikheid te kan beoefen. Daar word 'n beroep op die mens gemaak om op 'n bestaansvlak hoër as dié van die dier te leef. Om met ander woorde in 'n sinsdimensie te leef waar ons gedurig gehoor gee aan aansprake wat op ons gemaak word, en waardes te ontwikkel wat van 'n transhumane of goddelike dimensie tot ons kom om sodoende hoogs verantwoordbare lewens te lei. Frankl werk met sy mensbeskouing dus op vier beginsels, naamlik: vryheid tot verantwoordelikheid, bestaansvlak hoër as dié van 'n dier, die transhumane dimensie en die hoogs persoonlike (verantwoordelike) leefwyse:

- *Die vryheid tot verantwoordelikheid:* Volgens die eksistensiële sielkunde is die mens by uitstek 'n geesteswese. Dit wil sê 'n wese met vryheid en verantwoordelikheid. Dit is hierdie eksistensiële mensbeskouing of persoonsvisie wat die grondslag vorm van Frankl se siening en omskrywing van persoonlikheid. Vir Frankl is ons as mense nie hoogs ontwikkelde diere wat deur die omgewing en oorerflikheid tot iets gemaak word nie. Die mens is volgens Burger (2008:289) 'n persoon wie se persoonwees die vryheid tot verantwoordelikheid omsluit wat 'n eienskap uniek aan die mens is. Vryheid tot verantwoordelikheid veronderstel dat ons as mense voortdurend voor keuses te staan kom, dat ons die vryheid het om te kies en dus nie tot 'n sekere optrede gedwing word nie. Omdat ons wil as mens vry is, kan ons volgens Melton en Schulenberg (2008:33) vir die soort keuses wat ons maak, verantwoordelik gehou word. Mense kan byvoorbeeld nie hulle gedrag aan kondisionering toeskryf of aan die hand van onbeheerbare drange verskoon nie. Dit is hierdie vryheid van keuse wat die geestesdimensie van menswees verteenwoordig, 'n dimensie wat die mens tot mens maak.
- *'n Bestaansvlak hoër as dié van die dier:* Frankl glo dat die mens 'n behoefte het om 'n rede of 'n doel te vind om te lewe. Werklike vervulling is nie moontlik sonder 'n gevoel dat die lewe 'n doel het nie. Frankl voer volgens Meyer *et al* (2003:557) aan dat dit nie gaan oor die stryd om te bestaan nie, maar die stryd om die sin van die bestaan. Frankl bedoel volgens Louw en Edwards (2003:551) met "sin" die geleentheid, taak of verantwoordelikheid wat elke unieke situasie van ons eie persoonlike lewens ons bied en, deur ons gewete, ons gebied om te benut en te vervul. Elke lewensituasie sluit 'n opdrag in. Ons word beveel om ons lewens nie maar net blindelings te lewe nie, maar om

doelgerig, sinvol, te lewe. ’n Blote gejaag na plesier en mag kan dus nooit die rede vir ons bestaan wees nie. Frankl is volgens Burger (2008:288) daarvan oortuig dat een van die mees kenmerkende aspekte van menswees selftransendensie is - ons vermoë om bo onsself en ons omstandighede te kan uitstyg. Ons kan vryelik teenoor onsself en die situasie waarin ons onsself bevind standpunt inneem en ons eie gedrag stuur en rig. Southwick *et al* (2006:162) wys daarop dat Frankl van mening is dat die mens primêr daarop ingestel is om sin in die eie lewe te vind, al is hierdie wil tot sin diep versteek of verdring. In ’n persoon wat geestelike rypheid ontwikkel het, is hierdie motivering sterker as enige ander motivering. Frankl (2000:40) wys daarop dat die mens nie net na ’n toestand van homeostase of behoeftebevrediging streef nie. Mense wil by meer as net hulself betrokke wees en wil van hulle menswees weet. Hulle wil weet waarom en vir watter rede hulle lewe. Hulle wil hulle lewens sinvol en met rede lewe. Die mens sal bereid wees om te strewe na ’n saak wat ’n lewensideaal geword het, of vir dinge wat hulle liefhet en aan wie hulle hul lewens kan toewy.

- *Die transhumane dimensie:* Frankl se mensbeskouing, dat die mens se wil vry is en dat die mens ’n wil tot sin het, is ingebed in ’n besondere wêreld- en lewensbeskouing, naamlik dat die lewe sin het. Sin is vir Frankl nie iets wat deur die mens geskep of aan iets toegeskryf kan word nie. Sin is iets wat ’n mens vind. Dit beteken dat sin volgens Burger (2008:289) iets is wat buite en selfs bo die mens bestaan, iets wat, omdat dit objektief van die mens se subjektiewe belewing daarvan bestaan, die mens kan aanspreek of tot verantwoordelikheid roep. Die duidelikste voorbeeld van sin is *geloof*, die konkrete wete dat daar ’n God is wat objektief bestaan, buite en bo die mens se belewing van sy teenwoordigheid en wil. Die subjektiewe ervaring van ’n objektiewe bestaan van God word volgens Frankl (2000:10) grafies uiteengesit in die Bybelse beskrywing van geloof as “’n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop en ’n bewys van die dinge wat ons nie sien nie” (Hebreërs 11:1). ’n Ware gelowige kan onder alle en selfs die ellendigste omstandighede “ja” sê vir die sin van die lewe. Vir gelowiges het die Skepper hulle lewens aan hulle met ’n doel gegee. In die vergestalting van goddelike of geestelike waardes van die mens in ’n roeping of lewenstaak wat eg, goed en mooi is, word diepe sin gevind. Die mens se lewe word dankbaar beleef as ’n eenmalige en unieke geskenk of geleentheid om dit tot ewige waarde te maak. Sin word dus volgens Meyer *et al* (2003:559) gevind in heelhartige

verantwoordelikheid, 'n ontvanklikheid vir die aanspraak wat ons lewens op ons maak.

- *'n Hoogs persoonlike (verantwoordelike) leefwyse:* Vir Frankl (1954:977) is dit belangrik om te besef dat elke mens op 'n unieke of hoogs persoonlike wyse die sin in sy of haar lewe sal en moet ondervind. Alle mens het die onmiskenbare reg en vryheid om te besluit teenoor wie of wat hulle hulself sal verantwoord: die gemeenskap, hulle eie gewete of God self. Sin is nie iets wat aan iemand beveel of voorgeskryf kan word nie. Iets kan vir iemand slegs sinvol wees as dit persoonlik beleef word. Frankl se lewensfilosofie, dat die lewe onvoorwaardelik sin het, vorm dus die onderbou van sy mensbeskouing, naamlik dat die mens 'n wese is wat die sin van die lewe kan ondersoek, wat sin in die lewe kan soek en vind, en dit verantwoordelik in sy of haar lewe kan verwesenlik.

3.4.3.3.2 Frankl se struktuur van die persoonlikheid

Frankl se siening van die struktuur van persoonlikheid bestaan volgens Melton en Schulenberg (2008:33) binne sy dimensionele ontologie, met ander woorde, 'n liggaam, 'n psige en 'n geestelike vlak. Op die liggaamlike vlak kan die mens beskryf word as 'n komplekse biologiese meganisme. Op die psigiese vlak het die mens oorlewingsinstinkte en behoeftes, drange, intelligensie, geheue en ander vermoëns wat wel baie met die dier in gemeen het. Dit is eers wanneer die mens se derde bestaansvlak, die geestelike dimensie, verreken word dat die ware aard van die mens duidelik word. Frankl meen die "mens is gees." Sou menslike gedrag slegs deur die nie-geestelike dimensie bestudeer word, word 'n onvolledige en daarom skewe beeld van die menswees verkry. Frankl (2000:35) verduidelik hierdie gedagte aan die hand van 'n beeld:



Figuur: 3.12 Frankl se struktuur van persoonlikheid (Meyer *et al*, 2003:560)

Veronderstel die mens is soos ’n driedimensionele glas wat aan die bokant oop is. Wanneer hierdie glas egter op ’n laer of tweedimensionele vlak geprojekteer word, gaan die driedimensionele aard daarvan verlore. Wanneer die driedimensionele glas met ’n lig van die een kant op ’n plat agtergrond geprojekteer word, vertoon die skaduwee soos ’n vierkant (’n tweedimensionele of geslote sisteem). Wanneer die lig vanuit ’n ander hoek skyn, vertoon die skadu egter soos ’n sirkel (’n ander tweedimensionele geslote sisteem). Die glas is vierkantig en rond. Dit het vierkantige en ronde eienskappe. Dit lyk egter slegs soos ’n glas as dit as ’n driedimensionele geheel gesien word. Op ’n soortgelyke wyse lyk die mens volgens Frankl (2000:36) op die vlak van die fisiese na ’n meganisme, en op die vlak van die psigiese na ’n dier. Beide is geslote sisteme, aangesien daar van wilsvryheid geen sprake is nie. Die twee beelde weerspreek nie alleen mekaar nie, maar is beide verwronge en onvolledige beelde van die mens. Die mens is egter ’n oop sisteem omdat hulle kragtens hulle gees vermoëns verkry wat hulle in staat stel om op verskeie wyses bokant hulself uit te styg en uit te reik. Frankl neem volgens Meyer *et al* (2003:561) die argument van volheid van die mens verder deur daarop te wys dat die mens, anders as die dier, ’n self-bewussyn het. Dit beteken dat ons ons liggame beleef, dat ons ons psige kan ontleed en begryp, dat ons teenoor onsself standpunt kan inneem. Ons kan beide liggaam en siel inspan om self-gekose doelwitte te bereik.

Frankl beskryf die geestelike dimensie ook as die *persoonsgrond*. Hiermee bedoel hy dat ons uit die geestelike dimensie ontwikkel, dat ons kragtens ons keuses en besluite ons eie persoonlikheid vorm. Frankl is volgens Louw en Edwards (2003:552) van mening dat dit dus nie soseer die genetiese samestelling en omgewingsinvloede is wat ons persoonlikhede vorm nie, maar eerder onsself. Ons persoonlikhede word gevorm deur ons unieke antwoord op die aansprake wat ons lewens, ons omstandighede en die belangrike ander persone op ons lewens maak.

3.4.3.3.3 Frankl se dinamiek van die persoonlikheid

Frankl (2000:25) praat nie van psigodinamika nie, maar van noödinamika of die geestelike dinamika van mens wees. As geesteswesens is die mens se wil vry. Ook is die mens nie op instinkbevrediging (plesier) of selfbehoud (mag) ingestel nie, maar op sin. Anders as diere, het mense die vermoë om bo hulself en buite hul omstandighede uit te reik, om na die sin van die lewe te vra en dit te ontdek, en hulself aan hierdie sin te wy. Die dinamiek van persoonlikheid berus dus op die volgende:

- *Die vryheid van die wil:* Frankl meen dus volgens Melton en Schulenberg (2008:33) dat onbevooroordeelde ontleding van ŉ persoon se ervaringswêreld aan die lig sal bring dat die mens sy of haar wil as vry ervaar. Elke mens sal erken dat hy of sy voor keuses te staan kom en besluite neem wat die verdere verloop van omstandighede bepaal. Selfs ŉ besluit om niks te doen nie en om omstandighede te laat oorneem, of van jouself en jou talente niks besonders te maak nie en om die verloop van jou lewe maar te laat bepaal deur dinge soos dit kom, is ŉ besluit en verteenwoordig ŉ besondere lewensgesindheid. ŉ Mens kan nie voorgee dat jy tot iets gedwing of gedryf, of daartoe gekondisioneer of geprogrammeer is nie. Die mens is egter nie grensloos vry nie. Mens kom voor hulle eie beperkinge en die belemmerende invloed van hulle omstandighede te staan. Hulle vryheid berus by wat hulle van hulself, hulle beperkinge en hulle omstandighede gaan maak.
- *Die wil tot sin:* Dieper en kragtiger as enige ander motivering van die mens, is die wil tot sin. Juis omdat die mens se wil vry is, omdat die mens nie maar net voorgeskryf en willoos gestuur word nie, juis omdat hy of sy kan dink en besluite neem, wil die mens weet waarom, vir wie en vir wat hy of sy bestaan. Die wil tot sin tree volgens Melton en Schulenberg (2008:34) na vore onder toestande van ontbering én in ŉ situasies waar alle behoeftes bevredig word. In sy observasie van die Nazi-konsentrasiekampe het hy opgemerk dat slegs diegene wat onder daardie haglike omstandighede nog ŉ rede kon vind om voor te lewe, die stryd om die lewe moedig en waardig kon aandurf en voortsit. Dringender as enige ander behoefte was dit nodig om sin te vind, en om aan iets te bly glo. Om die rede is die bevrediging van liggaamlike en psigiese behoeftes nie die doel of eindpunt van menslike strewe nie, maar is middel tot die doel om vry te wees om geestelike doelwitte na te streef.
- *Die sin van die lewe:* Frankl (1954:980) wys daarop dat sin in die lewe deur drie soorte belewenisse, wat as waardes beleef word, gevind kan word: naamlik die kreatiewe dinge wat ons doen, die positiewe dinge wat ons ervaar, en die soort houding wat ons teenoor onvermydelike lyding inneem. Die *kreatiewe waardes* is waardes wat ons ervaar deur wat ons aan die lewe gee. Enige kreatiewe bydrae wat ons maak, laat ons betrokke by die lewe voel. Die mens het ŉ taak, ŉ opdrag of doel in die lewe, daarom voel ons vervuld as mens. As werk ŉ kreatiewe beoefening van

verantwoordelikheid is, put ons sin daaruit. *Ervaringswaardes* is waardes wat ons van die lewe ontvang. Dit is opgesluit in wat die mens as goed, mooi en waar ervaar. Die mens gaan oop vir die goeie, die mooie en die regte. Hierdie waardes spreek die mens aan en betrek die mens in meelewing en waardering. Die oorkoepelende en grootste ervaring is egter die liefde. Hier is die mens in hul diepste wese en op sy eerlikste betrokke by ander mense. *Houdingswaardes* is waardes wat ons ervaar deur die houding wat ons inslaan teenoor die lewe, veral teenoor onvermydelike lyding. Vir Frankl is daar volgens Southwick *et al* (2006:163) drie onafwendbare feite waarvoor ons gedurig te staan kom: pyn, skuld en dood. As daar niks aan ’n situasie kan verander nie, as lyding onafwendbaar is, bly daar nog hierdie vryheid oor - die vryheid van die mens om sy of haar houding teenoor die situasie te verander. Die oomblik dat lyding sin kry, verloor dit sy ondraaglikheid en word dit nog ’n lewenstaak. Frankl meen dat lyding sin het. Dit bied die mens die geleentheid om bo benouende omstandighede uit te styg en - deur die soort lyding - respek vir menswees af te dwing.

3.4.3.3.4 Frankl se siening oor optimale ontwikkeling

As persoon, meen Frankl, bereik jy optimale ontwikkeling wanneer jy op die geestelike vlak funksioneer. ’n Persoon wat op hierdie vlak verkeer, besit wilsvryheid en verwesenlik die basiese menslike motief, naamlik om sin in sy of haar lewe te soek en dit te vind. Die optimaal ontwikkelde mens besit die volgende eienskappe:

- *Self-bepalende optrede:* Ryp Volwasse /Emosioneel volwasse / selfstandige/ Ervare/Bekwame / Lewenservare / Lewenswyse persone het volgens Frankl (1954:978) tot die besef gekom dat hulle nie hulle lot kan toeskryf aan dinge wat hulle van binne af dwing (drange en behoeftes) of van buite af (sosiale omstandighede) druk nie. Hulle beskou hulself vry van sulke gedetermineerdheid. Optimaal ontwikkelde persone neem gedurig standpunt teenoor hulself en hulle omstandighede in en besluit vrylik wat hulle te doen staan en hoe hulle gaan optree.
- *Realistiese waarneming:* Omdat optimaal ontwikkelde persone hulself kan losmaak van en ’n afstand kan plaas tussen hulself en wat binne en buite hulself aangaan, het hulle die vermoë en die moed om dinge objektief en krities te beskou. Sulke persone kan volgens Melton en Schulenberg

(2008:39) hulself en hulle omstandighede dus realisties en onverwronge waarneem.

- *Humor:* Ryp Emosioneel volwasse persone is deur humor in staat om só 'n afstand tussen hulself en hul swakhede en probleme te plaas dat hulle vir hulself kan lag. Hierdie soort humor moet onderskei word van die algemene grapperigheid en afbrekende spot wat by onvolwasse en onverantwoordelike persone voorkom.
- *Self-transendensie:* Dit is uit Frankl se teorie duidelik dat ryp volwasse persone na buite gerig en nie op hulself ingestel is nie. Hulle wil ingeskakel wees en aansluiting vind by wat hulle lewens 'n doel, 'n rede en daarom ook rigting gee. Hulle wil voor 'n taak gestel wees, uitgedaag en opgeroep voel. Dit is vir Frankl (2000:63) die aard van gesonde en vervulde menswees om toegewyd aan waardes en ideale te wees.
- *Toekomsgerigtheid:* Dit volg dat die gesonde of optimaal ontwikkelde persoon, wat gedurig uitwaarts gerig is, gekenmerk sal word deur 'n aktiewe toekomsgerigtheid. Dit is juis die toekoms wat hom of haar steeds afwag wat elke dag 'n kosbare geleentheid maak om daardie toekoms tegemoet te gaan. Die persoon se toekomsgerigtheid maak volgens Frankl (1954:977) elke dag nie alleen 'n unieke geleentheid nie, maar maak sy of haar verlede 'n ryk bêreplek van vervulde moontlikhede.
- *Werk as 'n roeping:* Dit is volgens Meyer *et al* (2003:568) vir Frankl duidelik dat ryp volwasse persone hulle werk as 'n roeping sal beskou. Deur hulle werk gee hulle gehoor aan die oproep tot verantwoordelikheid wat tot hulle kom. Hulle werk, soos die vele ander lewenstake waarmee hulle besig is, is vir hulle 'n geleentheid om 'n bydrae te lewer en vervuld en betrokke by die lewe te wees.
- *Waardering van die goeie, mooi en egte:* Die ryp persoon is vir Frankel volgens Southwick (2006:168) ontvanklik vir die ervarings van die goeie, mooi en die egte wat die lewe bied. Kuns, musiek, die natuur en menige ander dinge, verskaf die ryp persoon genot en betrek hom of haar in meelewing en waarneming. "Elke dag, elke oomblik, elke situasie staan gereed met nuwe sin." Die ryp persoon is dus oop vir die nuwe ervarings wat elke dag bied.
- *Respek en waardering vir die uniekheid van ander:* Ryp persone word volgens Melton en Schulenberg (2008:34) vir Frankl in hulle omgang met ander gekenmerk deur respek en waardering vir die persoon en uniekheid

van ’n ander. Ryp persone is vir Frankl nie lusbevredigend of magsoekend in hulle omgang met ander nie. Hulle wil sin put uit hulle verhoudings met ander en dit kan alleen gebeur as ander as unieke persone ontdek word en, in die ware sin van die woord, ontmoet word. Ryp persone sal daarom ook vry van bevooroordeelheid en diskriminasie in hulle houding teenoor ander wees.

- *Sin in lyding:* Vir Frankl (1954:976) kom ryp persone tot ’n vergelyking met die tragiek van die lewe en wel op so ’n wyse dat dit nie hulle lewensvreugde demp nie, maar juis hulle geloof in die sin van die lewe verdiep. Frankl beskou ’n ryp persoon as ’n persoonlike getuie van die feit dat daar sin in lyding, skuld en die dood te vind is. Mense wat sin in lyding ontdek, het die hoogste piek van ontwikkeling bereik. So ’n persoon se geloof in die sin van die lewe kan nie meer so maklik deur moeilike omstandighede of deur onverwagte tragiese gebeure of onvoorsiene probleme omver gegooi word nie. So ’n persoon het standvastigheid en sterkte en kalmte van gees verwerf en het in lewenswysheid verdiep.

3.4.3.3.5 Gevolgtrekking oor Viktor Frankl se teorie

Die geestelike verskynsels soos sin en geloof, wat in Frankl se teorie ter sprake kom, is skaars in die veld van personologie. Die belangrikheid van sy teorie lê daarin dat hy ’n aspek van die mens - die geestelike dimensie - toelig wat oor die algemeen in die tradisionele sielkunde nagelaat word. Hy sien die mens nie as ’n hoogs komplekse rekenaar, meganisme, organisme of dier nie. Die mens is uniek aan hom- of haarself, die mens het gees. Frankl lewer ’n unieke bydrae om geloof en sin in die lewe van die mens te verreken en dat ware sin in die lewe slegs gevind kan word deur geloof. In besondere aspek waar die pastoraal by Frankl se teorie kan aansluiting vind is die gedagte van sin in lyding veral op die vlak van geloof. 1 Petrus 2:19 sluit by hierdie beredenering van Frankl aan: “Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.” Vir gelowiges is sin in onverdiende lyding moontlik omdat - deur geloof - sin in lyding moontlik is: “Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid” (1 Petrus 4:13). Frankl (2000:77-82) staan ’n hele afdeling af aan die teologiese agtergrond van sin in lyding en Logoterapie. Hierdie bied ’n vertrekpunt vir die pastoraal om vanuit ’n interdissiplinêre benadering die terapeut toe te rus met basiese konsepte van die sielkunde in die mense se ervaring van lyding. Frankl se werk in hierdie verband is om die rede van kritiese belang vir die pastorale terapeut.

3.4.3.4 Gevolgtrekking van die Humanistiese benadering van persoonlikheid

Alhoewel Rogers en Maslow sterk vanuit die humanistiese perspektief werk, bied hierdie teorieë tog waardevolle insae met betrekking tot die noodsaak van liefde en veral onvoorwaardelike positiewe agting en selfaktualisering. 1 Johannes 4:18 is hier van besonder belang: "*Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees...*" Onvoorwaardelike liefde verdryf die vrees van verwerping en onvergenoegdheid. Onvoorwaardelike liefde gee inderdaad aanleiding tot onvoorwaardelike positiewe agting en speel 'n rol by self-aanvaarding en die vorming van die self-konsep. Die pastoraat kan aansluiting vind by die gedagte dat God in Christus onvoorwaardelike positiewe agting vir die gelowige het en dat selfaktualisering in Christen gelowiges se lewe plaasvind deur die vorming van hulle identiteit in Christus. Lewensvervulling vind dus plaas wanneer gelowiges in diens van Christus is en nie in diens van hulleself en voortdurend daarop uit is om hul eie behoeftes te bevredig nie.

3.4.4 Biologiese benadering tot persoonlikheid

Hierdie groep teorieë poog om die vraag "is persoonlikheid oorerflik?" te beantwoord. Met betrekking tot die biologiese perspektief gaan hierdie afdeling afsonderlik op Eysenck se Drie-Faktor model en Costa en McCrae se Vyf-Faktor model van persoonlikheidsontwikkeling fokus. Volgens Mischel *et al* (2008:54) was Eysenck een van die eerste sielkundiges wat die biologiese basis van persoonlikheid ondersoek het. Die Vyf-Faktor model van Costa en McCrea bou volgens Angleitner en Ostendorf (1994:86) op Eysenck se Drie-Faktor model om die leemtes in sy model aan te vul. Navorsing in die verband fokus veral op studies oor tweelinge. Aan die een kant word identiese tweelinge wat in verskillende huishoudings leef bestudeer, en aan die ander kant word identiese tweelinge wat in dieselfde huishouding leef bestudeer. Verskeie studies in hierdie verband het volgens Weiten (2004:501) bewys dat genetika 'n invloed op persoonlikheid het. Volgens Burger (2004:220) het hierdie studies onder ander bewys dat identiese tweelinge wat in verskillende huishoudings grootgeword het steeds meer soortgelyke persoonlikhede het as nie-identiese tweelinge wat in dieselfde huishouding grootgeword het. Hierdie navorsing dien as ondersteuning vir die argument dat persoonlikheid tot 'n groot mate oorerflik is.

3.4.4.1 Eysenck se biologiese teorie van persoonlikheidsontwikkeling

Perven *et al* (2005:230) wys daarop dat Eysenck met sy teorie gepoog het om die vraag "Wat is die mees fundamentele eienskappe wat persone van mekaar onderskei?" te beantwoord. Eysenck sien persoonlikheid volgens Corsini en Wedding

(1995:202) as ’n hiërargie van eienskappe. Volgens hom het kleiner eienskappe hulle oorsprong vanuit meer essensiële eienskappe. Die essensiële eienskappe het weer hulle oorsprong vanuit een hoërorde eienskap (Sien Figuur 3.13 en Figuur 3.14). Eysenck het volgens Burger (2004:253) voorgestel dat alle aspekte van persoonlikheid na vore kom vanuit slegs drie hoërorde eienskappe:

1. **Introversie-Ekstroversie:** Die introvert is privaat, kalm, het min vriende, is gereserveerd, nie-impulsief en georganiseerd. Die ekstrovert is sosiaal, aktief, selfgeldend, soek opwindende aktiwiteite, is impulsief, lewendig en spontaan.
2. **Neurotisisme:** Dit bestaan daaruit om angstig, gespanne en buierig te wees asook om ’n lae selfbeeld te hê (Figuur 3.13).
3. **Psigotisisme:** Dit bestaan daaruit om egosentries, impulsief, koud en antisosiaal te wees (Figuur 3.14). Eysenck se teorie staan om die rede as die Drie-Faktor model bekend.



Figuur 3.13: Eysenck se hiërargiese struktuur van Neurotisisme (Feist & Feist, 2009:412; Perven *et al*, 2005:233).

Volgens Eysenck (1991:773) word persoonlikheid hoofsaaklik deur persone se gene bepaal. Hy het sy teorie op die van Skinner se kondisioneringsteorie gebou. Eysenck was van mening dat sekere mense as gevolg van verskille in fisiologiese funksionering meer vatbaar is vir kondisionering as ander. Hierdie variasie in “kondisioneerbaarheid” beïnvloed die vorming van persone se persoonlikheids-eienskappe. Eysenck het volgens Weiten (2004:500) veral daarop gefokus om die variasie tussen ekstroversie en introversie te verduidelik. Hy was volgens Bilsky en Schwartz (1994:172) van mening dat introverte makliker psigologies opgewek word, wat hulle meer vatbaar maak vir kondisionering as wat by ekstroverte die geval is. Persone wat maklik deur hulle eksterne omgewing gekondisioneer word, moet egter die vlak van kondisionering inhibeer. As gevolg hiervan is introverte meer skaam en ongemaklik in ’n sosiale omgewing. Hierdie sosiale ongemak het tot gevolg dat hulle na binne gekeerd raak en om die rede introverte is.



Figuur 3.14: Eysenck se hiërargiese struktuur van Psigotisisme (Feist & Feist, 2009:414; Perven *et al*, 2005:234).

Dit is veral introverte se breinaktiwiteit wat makliker gestimuleer word deur die eksterne wêreld. As gevolg hiervan veroorsaak 'n hoë vlak sosiale stimulasie dat introverte maklik oorgestimuleer word wat daartoe aanleiding gee dat hulle meer terughoudend en geïnhibeerd optree. Aan die ander kant het ekstroverte volgens Eysenck (1991:784) weer minder brein aktiwiteit as introverte. As gevolg hiervan sal ekstroverte meer intense sosiale ervarings uitsoek om hulle te stimuleer.Burger (2002:219) wys daarop dat Eysenck se teorie verwant is aan Hippocrates se persoonlikheidsmodel wat uit die vier basiese persoonlikheidstipes bestaan, naamlik: Melancholiese (Introvert – Onstabiel), Flegmatiese (Introvert – Stabiel), Choleriese (Ekstrovert – Onstabiel), en Sanguiniese (Ekstrovert – Stabiel) persoonlikheidstipes (sien Figuur 1.1). Eysenck erken volgens Feist en Feist (2009:257) dat hierdie antieke Griekse teoretisering geldige en belangrike verskille tussen mense identifiseer. Vir Eysenck het mense wat volgens Hippocrates 'n sekere persoonlikheidstipe het (Choleriese persoonlikheidstipe) twee geassosieerde persoonlikheidseienskappe (in die geval van die Choleriese persoonlikheidstipe is dit ekstroversie en onstabiliteit). Die feit dat hierdie variasies in persoonlikheid geïdentifiseer is in beide die antieke en kontemporêre wêreld, bevestig dat daar fundamentele eienskappe by mense is wat deur die eeue voortbestaan het.

Eysenck se navorsing het volgens Feist en Feist (2009:258) bewys dat introverte se gedrag meer beïnvloed word deur straf en ekstroverte se gedrag weer meer beïnvloed word deur belonings. Eysenck (1991:782) was ook van mening dat persone hoog in neurotisisme geneig is om emosioneel afgestomp te wees en om meer gereeld te kla oor bekommernisse en angs as ander. Persone hoog in neurotisisme het ook meer fisiologiese klagtes soos hoofpyn, maagprobleme en lighoofdigheid. Eysenck was volgens Perven *et al* (2005:238) van mening dat dit nie die brein is wat die onderliggende biologiese oorsaak by neurotisisme soos by introversie – ekstroversie is nie, maar die outonome senuweestelsel. Individue hoog

in neurotisisme het volgens Eysenck ’n outonome senuweestelsel wat vinniger reageer op stres en stadiger reageer om simptome van stres te verminder. Persone hoog in neurotisisme kom om hierdie rede volgens Bilsky en Schwartz (1994:172) gewoonlik meer “senuweeagtig” en “gespanne” voor.

3.4.4.2 Die Vyf-Faktor Model van persoonlikheidseienskappe

Paul Costa en Robert McCrae het volgens Pervin en John (1997:262) ’n eenvoudige Vyf-Faktor model van persoonlikheid ontwikkel. Hierdie benadering tot persoonlikheid staan ook bekend as die trekbenadering. Volgens Larsen en Buss (2010:77) was hulle van mening dat meeste persoonlikheidseienskappe van net vyf sogenaamde hoërorde eienskappe afkomstig is wat as die “Groot Vyf” persoonlikheidsdimensies bekend staan. Hierdie vyf dimensies is dan onderskeidelik ekstroversie, neurotisisme, ontvanklikheid, instemmigheid en deugsaamheid genoem.

1. **Ekstroversie.** Persone wat volgens Angleitner en Ostendorf (1994:79) hoog meet in ekstroversie word gesien as uitgaande, uitgesproke, warm, sosiaal, groepsgerig, optimisties, vriendelik, selfgeldend, opgewonde, gevul met positiewe emosies, aktief en bekoorlik. Ekstroverte is daarom volgens Krebs-Hirsh en Kise (2011:4) sosiaal, het deernisvolle verhoudings en hou van aandag. Ekstroverte hou hulleself besig, soek voortdurend opwinding en geniet die lewe. Hierdie eienskappe besit *positiewe emosionaliteit*.
2. **Neurotisisme:** Persone wat hoog meet in neurotisisme is geneig om angstig, senuweeagtig, vyandig, selfbewus, onseker, bevrees, geïrriteerd, sensitief en kwesbaar te wees. Hierdie persone is ook geneig tot woede en ervaar emosionele skommelinge. Hierdie eienskappe besit volgens Strelau (1998:252) *negatiewe emosionaliteit*.
3. **Ontvanklikheid:** Persone wat hoog meet in ontvanklikheid word volgens Evans en Rothbart (2006:885) geassosieer met nuuskierigheid, buigsaamheid, vindingrykheid, kreatiwiteit, verbeeldingrykheid en onkonvensionaliteit. Costa en McCrae verwys daarna dat ontvanklikheid liberalisme bevorder, en dat hierdie spesifieke eienskap persone se politieke houding en persoonlike ideologie bepaal. Persone hoog in ontvanklikheid is betroubaar, opreg, onbaatsugtig, beskeie en word maklik oorreed.
4. **Openheid tot ervaringe:** Persone wat hoog meet in oopheid tot ervaringe is geneig om eienskappe soos simpatie, vertroue, samewerking, beskeidenheid en eenvoud te vertoon. Persone wat laag meet in hierdie dimensie word gekenmerk deur agterdog en aggressie. Openheid tot ervaringe is volgens

Mischel *et el* (2008:60) ’n eienskap wat vroeg in die kinderjare ontwikkel wat onbaatsugtigheid en selfopoffering bevorder. Hierdie persone is bereid om nuwe dinge te probeer en nuwe idees aan te gryp. Hulle is ook verbeeldingryk en beleef sterk emosies. Hulle waardeer kuns en die mooi dinge in die lewe. Maar hulle bevraagteken tradisionele waardes.

5. **Pligsgetrouheid:** Persone hoog in pligsgetrouheid is volgens Weiten (2004:479) geneig om ywerig, gedissiplineerd, georganiseerd, stiptelik en betroubaar te wees. Daar word ook in ander modelle na hierdie eienskap verwys as beheerstheid en word geassosieer met produktiwiteit. Pligsgetroue persone is van nature presteerders. Hulle is bevoeg, selfgedissiplineerd en pleeg maklik oorleg met ander.

Die benadering tot persoonlikheidseinskappe bied ’n maklik verstaanbare wyse om persoonlikheid te klassifiseer maar hierdie model word op verskeie gebiede gekritiseer. Sommige beweer volgens Louw en Edwards (2003:519) dat die model te simplisties is. Dit spreek nie die kompleksiteit van persoonlikheid ten volle aan nie. Die trekbenadering is volgens hierdie kritici te beperk deurdat dit slegs vyf persoonlikheidstipes identifiseer om die komplekse menslike gedragspatrone te beskryf. Sommige kritici is van mening dat die vyf geïdentifiseerde eienskappe nie die variasies beskryf wat persone van ’n bepaalde persoonlikheidstipe binne verskillende situasies vertoon nie.

Vir hierdie kritici het die trekbenadering slegs ’n beperkte vermoë om menslike gedrag in verskillende situasies te verduidelik. Maar Larsen en Buss (2010:81) is egter van mening dat hier in gedagte gehou moet word dat elke dimensie in hierdie model ook kleiner fasette verteenwoordig wat dit moontlik maak om ’n groot verskeidenheid subtiele persoonlikheidstrekke te identifiseer. Die eienskap neurotisisme bestaan byvoordeel uit ses kleiner eienskappe: “angstigheid, senuweeagtigheid, vyandigheid, selfbewustheid, onsekerheid en kwesbaarheid.” Hierdie kleiner eienskappe maak dit moontlik om die kompleksiteit en fyner nuanse van persoonlikheid te beskryf.



Figuur 3.15 Costa en McCrae se Vyf-Faktor model van Persoonlikheid (Weiten, 2004:479).

Angleitner en Ostendorf (1994:70) wys op die feit dat die Vyf-Faktor model alle moontlike individuele verskille insluit. Die Vyf-Faktor model beskryf universele persoonlikheidsdimensies wat deur middel van objektiewe items op 'n vraelys gemeet kan word. Clark (2005:506) wys daarop dat die Vyf-Faktor model effektief gebruik kan word vir diagnostiese doeleindes. Deur middel van uitsluiting[18] kan sielkundige afwykings geïdentifiseer word. In die negentigerjare is hierdie model se waarde vir die psigopatologie reeds goed gevestig. Sekere fasette binne elk van die vyf domeine word byvoorbeeld geassosieer met sekere afwykings. Persone wat uiters hoog meet in neurotisisme kan moontlike verband hê met skisofrenie, depressie of bipolêre depressie. Persone wat sosiaal vervreem is of persoonlikheidsversteuring het sal uiters laag of hoog meet in verskeie van die vyf dimensies. Uiterse hoë metings in ekstroversie en oopheid tot ervaringe word geassosieer met aandagafleibaarheid en hiperaktiwiteit. Persone wat uiters hoog meet in pligsgetrouheid kan moontlik geassosieer word met impulsiewe gedragsversteurings.

3.4.4.3 Gevolgtrekking van die biologiese benadering

Hoewel biologiese faktore 'n belangrike rol speel by persoonlikheid, het navorsing alleen nie daarin geslaag om die meer komplekse aspekte van persoonlikheid te beskryf nie. Eysenck het erken dat omgewingsfaktore nie uitgesluit kan word nie. Eysenck was volgens Perven *et al* (2005:239) van mening dat beide biologiese en

[18]Uitsluiting is 'n diagnostiese metodologie. Stelselmatig word simptome wat nie voorkom nie uitgesluit om tot 'n duidelike groep simptome te kom waarvolgens 'n diagnose gevorm kan word.

omgewingsfaktore tot die ontwikkeling van persoonlikheid bydra. Hierdie twee faktore moet nie op enige wyse teenoor mekaar gestel word nie maar eerder as aanvullend tot mekaar gesien word. Die een is essensieel vir die suksesvolle ontwikkeling van die ander. Dit is uiters belangrik dat individuele verskille tussen mense geïdentifiseer kan word alhoewel drie en selfs vyf dimensies te beperk mag wees. Om die rede het LaHaye (1994:35) twaalf kombinasies van Hippocrates se vier persoonlikheidstipes geïdentifiseer juis om die omvattendheid van persoonlikheidsvariasies beter te omskryf. Die pastoraat kan egter hierby aansluiting vind in die gedagte dat God die mense op 'n uniek wyse geskep het en dat elke mens se unieke eienskappe in diens van God benut kan word.

> "[2]Of ek sit of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom... [4]Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees... Dit weet ek seker: [15]gee been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand my kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in my moederskoot. [16]U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is (Psalm 139:2,4,14-16)."

Psalm 139 wys op 'n merkwaardige wyse hoe God met sy skepping van die mense selfs die biologiese verskille tussen mense tot stand gebring het. Dit blyk ook dat selfs die kognitiewe aspek van persoonlikheid, hoe persone normaalweg sou dink en optree, deur God in die skeppingswerk van die mens deurgrond is.

3.4.5 Alternatiewe perspektiewe tot persoonlikheid

In hierdie afdeling gaan, as alternatiewe perspektief op persoonlikheid, spesifiek op die Afrika-perspektief gefokus word. Hierdie perspektief bied 'n beeld van hoe die persoonlikheid vanuit die Afrika-perspektief benader word, veral in kontras met die Westerse teorieë.

3.4.5.1 Die Afrika-perspektief

Volgens Meyer *et al* (2003:664) is daar nog geen spesifieke persoonlikheidsteorieë vanuit 'n suiwer Afrika-perspektief ontwikkel nie. Daar bestaan enkele gefragmenteerde sielkundige ondersoeke oor spesifieke onderwerpe soos intelligensie, selfkonsep en bepaalde persoonlikheidseienskappe. Die verstaan van persoonlikheid is egter onderworpe aan die mens- en wêreldbeskouing van die Afrika-perspektief.

3.4.5.1.1 Die mens- en wêreldbeskouing van die Afrika-perspektief

Die Afrika mens-en-wêreldbeskouing is in ’n holistiese en antroposentriese ontologie gefundeer. Hiervolgens vorm die mens ’n ondeelbare eenheid met die kosmos (dus ’n eenheid met God en die natuur), en die mens vorm die vertrekpunt en die sentrum van die heelal waaruit alles verstaan en verklaar word. Binne die ondeelbare kosmiese eenheid kan daar tussen drie kosmiese ordes of werklikhede onderskei word, naamlik die makro-, die meso- en die mikrokosmos, wat in die praktiese daaglikse bestaan as vermeng figureer.

- *Die makrokosmos:* Die makrokosmos is die domein waar God aangetref word, asook die voorvaders en die geeste van spesifieke uitverkore gestorwenes. Dit is volgens Meyer *et al* (2003:646) ook die orde waarin die religieuse bestaan gefundeer is wat die totale menswees van die tradisionele Afrika-mens omvou. Die daaglikse funksionering van die tradisionele Afrika-mens is fundamenteel ’n religieuse funksionering. Die godsdiens dring tot alle vlakke van die lewe deur. Gevolglik word daar nie ’n onderskeid tussen heilig en wêrelds, tussen godsdiens en nie-godsdiens, of tussen ’n geestelike en ’n fisies-materiële faset van die lewe getref nie. Tradisionele godsdiens is ook nie primêr op die individu gerig nie, maar op die gemeenskap waarvan individue lede is. Dit hang dus ten nouste saam met die Afrika-mens se kollektiewe funksionering op die mikrokosmiese vlak.
- *Die mesokosmos:* Die mesokosmos is ’n soort niemandsland, waar toeval saam met die magte van bose geeste en towenaars regeer. Hierdie mesokosmos is gesetel in die wêreld van die individuele en kollektiewe verbeelding en dit betrek die lewende werklikheid sowel as die natuurfisiese werklikheid. Hierdie mesokosmos is volgens Meyer *et al* (2003:648) veral belangrik om die gedrag van die Afrika-mens te verstaan aangesien die Afrika-mens geneig is om alle konflikte en gebeurlikhede soos siekte en dood vanuit hierdie vlak te verklaar. Dit behels die werking van bose geeste, towenaars en tradisionele genesers wat menslike gedrag beïnvloed en bepaal. Hierdie vlak is dus volgens Mwamwenda (1995:422) van uiterse belang vir die personologie omdat dit die vlak is van waar menslike dinamika volgens die Afrika-perspektief verklaar word. Gedrag is dus nie die resultaat van ’n intra-psigiese of interpersoonlike dinamika nie, maar geheel en al die resultaat van eksterne agente buite die mens. Die mens is dus nie self verantwoordelik of self aanspreeklik vir

sy of haar gedrag nie omdat die oorsaak van alle gedrag en gebeure na eksterne, bonatuurlike wesens of magte herlei word. Per implikasie word die eie inisiatief in die soeke na oplossings onderdruk, aangesien die mens uitgelewer is aan die bonatuurlike wesens en magte. Gevolglik word gedrag en gebeurlikhede binne die tradisionele konteks nie altyd op empiriese en rasionele gronde verklaar nie, maar word dat daar gesoek na onsigbare mense en magte agter die empiriese en rasionele realiteit.

- *Die mikrokosmos:* Die mikrokosmos is die domein van die individuele persoon in sy of haar kollektiewe alledaagse bestaan wat ten volle beïnvloed word deur die makro- en mesokosmos. Dit is hierdie vlak waar die verskil in etos en waardes tussen die Westerling en die Afrika-mens volgens Mayer *et al* (2003:648) belangrike verskille in gedragsmodaliteite veroorsaak, veral ten opsigte van die individu en gemeenskapverhouding. Die Europese etos sentreer om die beginsel van individuele oorlewing, individuele regte en onafhanklikheid asook die beginsels van individualiteit, uniekheid, selfverantwoordelikheid en individuele verskille as konsepte om psigologiese gedragsmodaliteite te verstaan en te verklaar. In persoonlikheidsteorieë het hierdie beginsels neerslag gevind in konsepte soos die ego of ek-identiteit, selfkonsep, selfverwesenliking of selfaktualisering. In vergelyking hiermee is daar ander belangrike beginsels wat die tradisionele Afrika etos onderlê - soos die oorlewing van die gemeenskap en die eenheid met die natuur. Hierdie beginsels gee volgens Louw en Edwards (2003:702) weer aanleiding tot waardes wat sentreer om die samelewing, interafhanklikheid en kollektiewe verantwoordelikheid. In ooreenstemming met hierdie waardes word die psigologiese gedragsmodaliteit van individualiteit, uniekheid en verskille vervang met modaliteite soos gemeenskaplikheid, groepsgerigtheid en ooreenkomste. Indien die Afrika-beginsels en waardes dus op ’n konstruk soos die self-konsep toegepas word, sou dit beteken dat dit eerder as ’n “ons” gedefinieer sal word en nie as ’n “ek” nie. In hierdie konteks moet daar eerder na die kollektiewe persoonlikheid verwys word.

3.4.5.1.2 Die Afrika-perspektief en geestesgesondheid

Die belangrikste faktor wat optimale geestesgesondheid by die Afrika-mens bewerkstellig, is die kollektiewe bestaan. Die Westerling se stres en spanning kan volgens Meyer *et al* (2003:654) in ’n groot mate aan die beklemtoning van die individualiteit toegeskryf word, waardeur individue in die praktyk voortdurend op

hulself aangewese is en meestal in kompeterende en vergelykende verhoudings tot medemense staan. Daarenteen bied die selfloosheid van die Afrika-mens, wat ingebed is in hulle kollektiewe bestaan, die noodsaaklike sekuriteit wat kan dien as ŉ teenmiddel teen angs en spanning.

3.4.5.1.3 Gevolgtrekking oor die Afrika-perspektief

Die implikasie van die Afrika-beskouing is dat die Westerse fokus op selfverwesenliking en selfverantwoordelikheid nie dieselfde rol speel in die daaglikse lewe van die tradisionele Afrika-mens as by die Westerling nie. Vir die personologie hou dit die implikasie in dat daar volgens hierdie bestaanswyse nie sprake is van ŉ individuele persoonlikheidstruktuur nie en dat die dinamika teruggevoer moet word na die werking van voorvadergeeste en ander magiese kragte buite die individuele persoonlikheid. Vir die pastoraal is daar ŉ uitdaging op teologiese vlak waar die Afrika-perspektief nie met die Bybelse wêreldbeskouing ooreenstem nie. Die pastoraal moet die Afrika-perspektief in rekening hou wanneer daar op persoonlike- en geloofsvlak met die Afrika-mens gewerk word. Daar moet veral rekening gehou word met die kollektiewe benadering tot menswees en dat individuele persoonlikheidstipes nie vir die Afrika-mens intrinsieke gewig mag dra nie. Hierdie perspektief bied wel goeie perspektief oor die denkraamwerk van die tradisionele Afrika-mens wat veral in die terapeutiese ruimte verreken moet word.

3.4.6 Gevolgtrekking oor die persoonlikheidsteorieë

Meeste teoretici in die veld van persoonlikheid is van mening dat persoonlikheid nie deur ŉ enkele teorie beskryf kan word nie, maar dat persoonlikheid eerder ŉ produk van die interaksies tussen biologiese, sielkundige en omgewingsfaktore is. Cavanaugh en Blanchard-Fields (2011:151) beskryf hierdie wisselwerking as ŉ “verhouding wat die persoon definieer.” ŉ Persoon se persepsie van sy/haar omgewing, sowel as sielkundige aspekte speel ŉ belangrike rol in die aktualisering van ŉ persoon se persoonlikheid. Larsen en Buss (2010:9) is van mening dat mense nie bloot passiewe wesens is wat op omstandighede reageer nie. In menslike gedrag bestaan daar dieper emosionele, sielkundige en geestelike aspekte wat ŉ komplekse individu vorm. Met inagneming van bogenoemde is dit duidelik dat ŉ pastorale toerustingsmodel moontlik is met die gebruik van persoonlikheidsontleding. Lotter (2001:320) beklemtoon dat daar ŉ reformasie in die pastorale bediening nodig is, aangesien hierdie bediening dikwels deur die psigologie opgeslurp word. Maar met die gebruik van persoonlikheidsontleding en persoonlikheidsteoretisering moet op geen manier die toepassing van die Drie-Enige God se betrokkenheid by die persoon

buite rekening gelaat word nie. Daarom is die noodsaak van ŉ skriftuurlike uiteensetting ten opsigte van persoonlikheid uiters belangrik (sien Hoofstuk 3). De Klerk en De Wet (2012:227) wys daarop dat die rykdom vanuit God se Woord oor die verlossingswerk deur Jesus Christus die primêre vertrekpunt in die interdissiplinêre studie moet wees.

3.5 DIE AARD VAN PERSOONLIKHEID

Omdat persoonlikheid ŉ komplekse hipotetiese voorstelling is wat op verskeie wyses beskryf word, is dit belangrik om te let op die komponente waaruit persoonlikheid bestaan. Volgens Foxcroft en Roodt (2012:162) is die verskille in persoonlikheid talryk en kompleks en vra eerstens ŉ nadere verklaring van die verskillende komponente wat persoonlikheid omskryf. Die verskillende komponente word hieronder uiteengesit.

3.5.1 Konsekwentheid en eiesoortigheid van persoonlikheid

Volgens Larsen en Buss (2010:5) bestaan die struktuur van persoonlikheid uit stabiele en konsekwente eienskappe. Weiten (2004:478) vra die vraag: “Wat beteken dit wanneer gesê word dat iemand ŉ “optimistiese” persoonlikheid het? Hierdie aanname wys daarop dat daardie persoon ŉ taamlik konsekwente neiging het om op ŉ vrolike, hoopvolle en entoesiastiese wyse in verskillende situasies op te tree. Alhoewel geen persoon in totaliteit konsekwent optree nie, maak *konsekwente* gedrag volgens Berens en Nardi (1998:1) in verskille situasies die hart van persoonlikheid uit. Dieselfde geld vir die konsep van *eiesoortigheid*. Persoonlikheid word volgens Littauer en Sweet (2011:29) gebruik om te verduidelik waarom nie alle persone op dieselfde wyse in soortgelyke omstandighede optree nie.

Volgens Derlega *et al* (2005:3) besit mense sielkundige kwaliteite wat van dag tot dag en jaar tot jaar konsekwent bly. Volgens Lemma (1996:178) is dit hierdie konsekwentheid wat individue van mekaar onderskei. Dit is met ander woorde die eiesoortigheid van ŉ mens se persoonlikheid wat bepaal ‘wie ek is’ in vergelyking met ander. Byvoorbeeld, wanneer verskillende mense in ŉ hysbak vasgekeer is sal elke persoon verskillend reageer. Die een persoon sal grappies maak om die spanning te ontlont. ŉ Ander sal onheilspellende voorspellings maak soos “ons gaan nooit hier uit kom nie!” Die derde sal weer kalm by hom- of haarself aan ŉ ontsnappingsplan dink. Volgens McAdams (2009:5) reageer hierdie persone verskillend in dieselfde situasie omdat hulle persoonlikheidstipes verskil. Om die rede

kan daar ’n uniek stel persoonlikheidseienskappe by elke persoon geïdentifiseer word.

3.5.2 Persoonlike karakter en persoonlikheid

Volgens LaHaye (1994:2) verwys karakter na die kombinasie van persone se persoonlikheid, opleiding, morele waardes, geloof en gewoontes. Karakter verwys met ander woorde na wie iemand is wanneer hy/sy alleen is. Dit is wat elke individu doen as hy/sy die vryheid het om hom- of haarself te wees. In ’n sekere sin kan karakter omskryf word as die “werklike self” of “morele self.” Karakter is volgens Smit (2011:30) die resultaat van iemand se persoonlikheid wat ontwikkel deur ervaring, oortuigings, beginsels, opleiding, geloof, en motivering. Karakter omsluit vir Matthews *et al* (2003:4) iemand se gedagtes, emosies en motiewe. Quenk (2009:14) omskryf karakter as ’n spesifieke aspek van iemand se persoonlikheid wat bestaan uit sy/haar waardes en vermoë om konsekwent in ooreenstemming met sy/haar waardes op te tree. Wanneer daar gesê word dat bepaalde gedrag nie by iemand se karakter pas nie, word bedoel dat die betrokke gedrag nie by daardie persoon se eie etiese standaarde pas nie. Krebs-Hirsh en Kummerow (1998:5) bou verder op hierdie argument deur karakter te beskryf as die wisselwerking tussen persoonlike vaardighede, gewoontes, oortuigings, planne, doelwitte en die wisselwerking van persoonlike verhoudings. Matthews *et al* (2003:7) bring karakter ook in verband met opregtheid, eerlikheid, getrouheid en verdraagsaamheid.

3.5.3 Persoonlikheid en patrone van reaksie

Volgens Larsen en Buss (2010:7) is persoonlikheid iets wat binne-in ’n individu is. Dit impliseer dat persoonlikheid iets is wat iemand saam met hom- of haarself dra van een situasie tot die volgende. Persoonlikheid kan gewoonlik makliker verstaan word in terme van patrone van reaksie. Persone se reaktiwiteit sluit beide die spoed en tydsduur asook die intensiteit van reaksies in. Persone se reaksie op die omgewing kan vinnig of stadig wees. Iemand se reaksie kan vir ’n lang tydperk duur of kan vinnig na normaal terugkeer. Persone se reaksie kan matig of intensief wees. Berens en Nardi (1998:3) beskryf persoonlikheid bloot as ’n kenmerklike patroon van gedrag wat fisies uitgedruk word deur ’n spesifieke individu.

3.5.4 Introversie en ekstroversie as onderdele van persoonlikheid

Persoonlikheidstipes word volgens Moerdyk (2012:135) in twee primêre dimensies verdeel, naamlik introversie en ekstroversie asook emosionaliteit en onemosionaliteit. Carl Jung (1875-1961) het ’n persoonlikheidsteorie ontwikkel wat bogenoemde

dimensies as basis het (Jung, 1971). Dit behels die konsepte van “houdings” wat bestaan uit ekstroversie en introversie en “funksies” wat bestaan uit denke en gevoelens. Die houdings en die funksies kombineer op verskillende maniere om op ’n sielkundige vlak persoonlikheidstipes te skep. Gewoonlik sal een houding en een funksie oorheers. ’n Persoon kan byvoorbeeld ’n ekstroverte denktipe of ’n introverte emosionele persoon wees.



Figuur 3.16: Die vier basiese persoonlikhede (Burger, 2004:249; McAdams, 2009:118; Louw en Edwards, 2003:516-517)

Kummerow en Quenk (2003:9) wys daarop dat Carl Jung introverte as persone sien wat in hulleself gekeer is. Introverte fokus op die innerlike wêreld of op subjektiewe sielkundige prosesse. Jung beskryf introversie verder as energie wat inwaarts verbruik word. Volgens Colman (2009:390) is introverte met hulle eie emosies en belewenisse gepreokkupeer en kom gewoonlik baie afsydig en selfs onsosiaal voor. Introverte is volgens Strelau (1998:6) meer gereserveerd en toon meer reflektiewe denkpatrone. Moerdyk (2012:135) wys weer dat ekstroverte hulleself volgens Jung tot die eksterne of objektiewe wêreld oriënteer. Ekstroverte het volgens Colman (2009:270) baie sielkundige energie en openbaar ’n lewendige belangstelling en entoesiasme in die wêreld en kom baie sosiaal voor. Jung beskryf ekstroversie as energie wat uitwaartse verbruik word. Hoewel beide die introverte en ekstroverte houdings in alle persone aanwesig is, is één gewoonlik bewustelik en dominant, terwyl die ander onbewustelik en ondergeskik is.

Elke individu se persoonlikheid kan volgens Oswald en Kroeger (1999:29) dus êrens op hierdie introvert – ekstrovert skaal aangedui word. Let wel: Niemand is uitsluitlik òf die een òf die ander nie, daar is graadverskille. Sommige introverte is byvoorbeeld meer introvert as ander en sommige ekstroverte is meer ekstrovert as ander. Volgens Bennett en Bennett (2005:20) probeer die denker of onemosionele persoon om hom- of haarself asook ander persone en die wêreld waarin hy/sy leef te verstaan. Daarom is introverse 'n [19]intra-kognitiewe funksie. Denke of idees word met mekaar in verband gebring ten einde algemene persepsie of oplossings vir 'n probleem te vind. Emosie aan die ander kant is vir Du Toit (1995:3) 'n evaluerende funksie. Dit gaan oor die aanvaarding of verwerping van idees op grond daarvan of die idee aangename of onaangename gevoelens wek.

Elke persoon se persoonlikheid kan dus ook êrens op hierdie emosioneel – onemosioneel (denke – gevoel) skaal aangedui word. Uiters emosionele persone sal volgens Larsen en Buss (2010:76) 'n groot mate van emosionele skommeling ervaar, een dag is hulle in die wolke, die ander dag in 'n put van terneergedruktheid. Sulke persone se gedrag word sterk beïnvloed deur hul gemoedstoestand. Aan die ander kant van die skaal is uiters onemosionele persone volgens McAdams (2009:118) iemand wat feitlik geen emosionele skommeling ervaar nie. Hierdie persone raak nie dikwels ontsteld of terneergedruk nie, maar terselfdertyd raak hulle ook nie dikwels opgewonde nie. Weer eens is geen persoon òf die een òf die ander nie, ook hier is graadverskille. Volgens Feist en Feist (2009:259) is sommige mense meer emosioneel as ander terwyl ander weer meer onemosioneel is. Wanneer hierdie twee sake reghoekig op mekaar geteken word, kry ons vier kwadrante wat die vier basiese persoonlikheidstipes aandui (sien figuur 3.16).

Ekstroversie en introversie beteken volgens Briggs-Myers (1998:9) nie bloot "uitgaande" of "skaam" nie. Baie introverte is nie skaam nie, hulle verkies om hulle tyd rustig in 'n bekende omgewing deur te bring. Die twee ekstroverte persoonlikheidstipes wat Hippocrates geïdentifiseer het, is die Choleriese en Sanguiniese persoonlikheidstipes. Beide is geneig om tot aksie oor te gaan en druk hulle emosies en gedagtes uitwaarts uit. Beide hierdie persoonlikheidstipes is konstant bewus van en reageer op dit wat buite hulself gebeur. Volgens Cavanaugh en Blanchard-Fields (2011:327) is ekstroverte ook geneig om meer te praat as wat hulle luister. Hulle gebruik meer handgebare en gesigsuitdrukkings as introverte.

[19]**Intra-kognitiewe funksie:** Hiermee word verwys na 'n spesifiek vorm van introspeksie. Dit word beskryf as 'n sistematiese denkproses waartydens 'n persoon sy/haar eie gevolgtrekkings maak deur observasie van sy/haar omgewing.

Ekstroverte is volgens Papalia *et al* (2007:403) ook geneig om hulself te herhaal of om iets oor te beklemtoon. Ekstroversie is om die rede 'n inter-kognitiewe funksie.[20] Iemand met 'n ekstroverte persoonlikheid gebruik ander as 'n klankbord in hulle denkproses. Om die rede kan ekstroverte soms begin om te praat sonder om werklik iets van 'n onderwerp te weet. Mens kan sê dat ekstroverte hardop dink deur met ander te praat.

Aan die ander kant sal introverte (gewoonlik die melancholiese en flegmatiese persoonlikheidstipes) wanneer hulle met 'n idee of gebeure gekonfronteer word volgens MacAdams (2009:118) tyd neem om die nuwe inligting te verwerk voor hulle reageer. Waar ekstroverte nuwe inligting verwerk deur daaroor te praat, sal introverte tyd benodig vir refleksie om die nuwe inligting te internaliseer en te assimileer. Introverte sal probeer om alles vooruit te beplan. Hulle sal situasies probeer vermy waar hulle moet optree sonder deeglike refleksie en beplanning. Introverte kan in die kalklig wees, maar hulle sal volgens Cavanaugh en Blanchard-Fields (2011:319) emosioneel getap word. Daarom kan introverte ook in uitgaande beroepe funksioneer. Die onderskeid wat gemaak kan word tussen introverte en ekstroverte hang nie af of hulle skaam of uitgaande is nie, maar eerder of hulle hul denke internaliseer of uitwaarts uitdruk.

Jung waarsku volgens Meyer *et al* (2003:112) daarteen dat mense nie volgens hierdie tipologie in rigiede hokkies geplaas moet word nie. Dit behoort eerder as 'n raamwerk gesien te word waarvolgens individue volgens sielkundige energie van mekaar onderskei kan word. Introverte kry hulle energie van binne deur introspeksie en ekstroverte deur uitwaartse reflekse. Jung onderskei volgens Weiten (2004:486) hierdie tipologie soos volg:

- *Ekstrovert-denktipe (ekstrovert - onemosioneel)*: Volgens Jung lewe hierdie persone volgens vaste objektiewe reëls, terwyl alle subjektiewe gevoelens onderdruk word.
- *Ekstroverte-gevoelstipe (ekstroverte - emosioneel)*: Hierdie persone is volgens Jung emosioneel baie gevoelig, met emosies wat fluktueer soos 'n situasie verander. Hulle is baie sosiaal en het intense verhoudings wat van korte duur is.
- *Introvert-denktipe (introvert - onemosioneel)*: Hierdie persone is volgens Jung baie intellektueel en vertoon min gevoel vir die alledaagse lewe. Die

[20]**Inter-kognitiewe funksie:** Hiermee word verwys na 'n verbale denkproses. Oplossings of persepsies word gevorm deur die insette van ander te verkry.

tipe sluit asketies-filosofiese persone in wat baie onprakties, sosiaal-geïnhibeer en baie privaat en geslote is.

- *Introvert-gevoelstipe (introvert - emosioneel)*: Hierdie persone word deur 'n intense emosionaliteit en hipersensitiwiteit gekenmerk wat nie na buite gereflekteer word nie.

Bogenoemde uiteensetting bevestig die feit dat die vier basiese persoonlikheidstipes nodig is om verskeidenheid en betekenis aan die mensdom te gee. Dit onderstreep die feit dat elke persoon 'n "individu" is. Mens kan volgens Louw en Edwards (2003:516) enige persoon iewers op figuur 2.1 plaas, afhangende van hoe introversies en ekstroversies en hoe vinnig of stadig persone emosioneel reageer. Elk van die vier persoonlikheidstipes vertoon ook interne variasies. Verskillende kombinasies en graadverskille bring volgens LaHaye (1984:37) twaalf persoonlikheidskombinasies binne die vier persoonlikheidstipes mee (sien 2.7 vir uiteensetting van die twaalf kombinasies). Ten spyte hiervan vertoon mense volgens Rolfe (2002:16) 'n patroon van gedrag wat hoofsaaklik neig na een basiese persoonlikheidstipe (sien figuur 1.1).

3.5.5 Persoonlikheid en die trekke benadering

Persoonlikheidstipes kan volgens Louw en Edwards (2003:515) beskryf word deur middel van einskappe waaroor alle mense tot 'n mindere of meerdere mate beskik. Die trekbenadering groepeer om die rede sekere eienskappe of trekke in kategorieë. Hier word volgens Papalia *et al* (2007:400) gepoog om dimensies te identifiseer wat uit verskillende kombinasies van bepaalde eienskappe of trekke bestaan. Die trekke benadering bied volgens Berens en Nardi (1998:5) 'n buigsame benadering tot die klassifikasie van persoonlikheid. Die trekke benadering is 'n uitbreiding van die wyse waarop die meeste mense in die alledaagse lewe oor persoonlikheid dink. Omdat iemand se persoonlikheid uit bepaalde einskappe bestaan, is dit moontlik om te veronderstel hoe iemand in die toekoms mag optree. Maar die trekke benadering tot persoonlikheidseidsontleding is egter eendimensioneel en identifiseer nie duidelike beskrywende persoonlikheidstipes nie. 'n Bekende trekke benadering tot persoonlikheid is 'Die Vyf Faktor Model' van Costa en McCrae wat ekstroversie, neurotisisme, ontvanklikheid, pligsgetrouheid en openheid tot ervaringe op afsonderlike skale meet (sien 3.4.4.2 vir uiteensetting van die Vyf Faktor Model).

3.5.6 Temperament en geaardheid

Krebs-Hirsh en Kummerow (1993:8) beskryf temperament as "'n ingebore geneigdheid tot sekere tipe gedrag" asook "die karakteristieke verskynsel van 'n individu se emosionele natuur." Volgens Smit (2011:29) bied temperament perspektief op die mense se "ingebore denke-, gevoelens-, en gedragsvoorkeure. Omdat temperament volgens Papalia *et al* (2008:84) reeds in babas waargeneem word, kan geredeneer word dat temperament hoofsaaklik oorerflik is. Volgens Rolfe (2002:4) word temperament meer algemeen gesien as patrone van gedrag en gemoedstemming wat saam met persoonlike ervaring verskillende persoonlikheidseienskappe vorm. Hoe hierdie ingebore geneigdheid ontwikkel in stabiele persoonlikheidstipes, hang volgens Steiner (2008:3) af van beide genetiese- en omgewingsfaktore tydens ontwikkeling. Hoe iemand teenoor ander optree word grootliks deur temperament bepaal. Volgens Colman (2009:758) bepaal temperament ook hoe mense persepsies oor ander vorm. Larsen en Buss (2010:8) noem hierdie invloed die "persoon-omgewing" interaksie. Twee persone wat blootgestel word aan dieselfde gebeurtenis sal aandag gee aan verskillende aspekte van die situasie en op verskillend maniere beïnvloed word.

Navorsing in hierdie gebied is volgens Montgomery (2011:22) meer gefokus op die "hoe" as op die "waarom" van persone se reaksies. By temperament wil ons nie weet of iemand gereeld toesprake lewer nie, maar eerder of iemand vinnig of stadig praat of met groot entoesiasme of beskeidenheid 'n toespraak lewer. Steiner (2008:5) maak die opmerking dat temperament eerder breë persoonlikheidstrekke as spesifieke persoonlikheidseienskappe verteenwoordig. Weiten (2004:478) noem dat opmerkings soos "hy is baie pligsgetrou" of "hy is altyd suksesvol" meestal na persone se temperament verwys.

Temperament is volgens Strelau (1998:340) 'n bestendige geneigdheid tot bepaalde gedrag in 'n verskeidenheid situasies. Adjektiewe soos: eerlikheid, betroubaarheid, buierig, impulsief, agterdogtig, angstig, opgewondenheid, dominerend en vriendelikheid beskryf die geneigdheid wat temperament verteenwoordig. Burger (2004:254) identifiseer drie dimensies van temperament wat beide op kinders en volwassenes van toepassing is. Hierdie drie dimensies is (1) emosionaliteit, (2) aktiwiteitsvlak, en (3) sosialiteit. In hierdie model verwys *emosionaliteit* na die intensiteit van emosionele reaksies. Iemand wat maklik huil, bang word, kwaad word of ontsteld raak meet hoog in die emosionaliteit dimensie. *Aktiwiteitsvlak* verwys na persone se algemene energie vlakke. Persone hoog in aktiwiteit sukkel om vir lang

tye op een ding te konsentreer en is altyd aan die gang. *Sosialiteit* verwys na persone se algemene geneigdheid om hom- of haarself met ander te affilieer. Sosiale persone verkies om eerder iets saam met ander te doen eerder as alleen, hulle geniet ander se teenwoordigheid, het baie vriende en geniet sosiale kontak.

Volgens Derlega *et al* (2005:75) gaan meeste persoonlikheidsteorieë van die aanname uit dat sekere eienskappe meer fundamenteel as ander is. Volgens hierdie aanname sal 'n klein hoeveelheid fundamentele eienskappe die ander meer subtiele eienskappe bepaal (sien 3.4.4.1 vir Eysenck se biologiese teorie van persoonlikheidsontwikkeling). Persone se geneigdheid om impulsief, rusteloos, geïrriteerd, oordrewe en ongeduldig te wees mag byvoorbeeld alles voortvloei uit die basiese geneigdheid tot prikkelbaarheid. Meyer *et al* (2003:12) sluit hierby aan deur daarop te wys dat temperament meer spesifiek dui op mense se emosies en die wyse waarop hulle gevoelens wys en hanteer. Beide het dus met die emosionele aspek van die mens te make. Die verskil tussen "temperament", "geaardheid" en "karakter" is volgens Perven *et al* (2005:14) daarin geleë dat temperament en geaardheid op die oorgeërfde, biologiese aspekte van die mens dui, terwyl karakter op sekere aspekte dui wat deur sosialisering en opvoeding bepaal word, naamlik 'n persoon se morele beskouings en waardes (sien 3.5.2 vir 'n uiteensetting van persoonlike karakter en persoonlikheid).

3.5.7 Persoonlikheid en pasgraad

Navorsing in verband met persoonlikheid poog volgens Burger (2004:267) om 'n kritiese vraag te beantwoord: "Watter tipe omgewing is mees van pas vir persone met bepaalde persoonlikhede?" Hierdie vraag poog om te bepaal wat persone se "pasgraad" is. Hierdie model wys volgens Colman (2009:323) daarop dat 'n persoon eise besonder goed kan hanteer indien hy/sy 'in pas' met sy/haar omgewing is. Dit verwys na persone se vermoëns, eienskappe asook hulle styl van gedrag binne 'n spesifieke konteks. Met ander woorde, nie alle persone wat in dieselfde omstandighede is, het dieselfde reaksies nie. Wanneer take op so 'n wyse aangebied word wat in pas met 'n persoon se gedrag, belangstellings, of persoonlike styl is, kan optimale funksionering plaasvind. 'n Persoon se interaksie met 'n spesifieke omgewing het 'n sterk invloed op gedrag. Wanneer persone nie in pas is met hulle omgewing nie sal hulle ook nie optimaal funksioneer nie.

Pasgraad sal ook persone se belewenis van selfwaarde beïnvloed. Om die rede wys Heller *et al* (2002:829) dat pasgraad 'n direkte invloed op werk- en lewenstevredenheid het. Persone wat swak funksioneer in 'n bepaalde omgewing

blameer gewoonlik hulleself. Dit het met ander woorde negatiewe self-evaluering tot gevolg. Hierdie negatiewe evaluasie word volgens Engelbrecht in Maartens (2002:143) nog verder deur kritiek versterk. Die persoon se klaarblyklike onbevoegdheid kan egter aan pasgraad toegeskryf word. Hierdie omstandighede kan verdere interpersoonlike konflik tot gevolg hê.

3.6 DIE VIER PERSOONLIKHEIDSTIPES

Die vier persoonlikheidstipes soos in figuur 1.1 uiteengesit gaan nou hier breedvoerig bespreek word. Volgens Bennett en Bennett (2005:XV) kan die gebruik van die vier persoonlikheidstipes nie bloot as "Pop Sielkunde" of as "'n Self-help" medium afgemaak word nie. Hierdie persoonlikheidstipes wys duidelik op die bron van die mens se motivering. Dit is belangrik om te verstaan hoe 'n individuele persoonlikheidstipering die mens op fisiese en geestelike vlak affekteer asook hoe te werk gegaan moet word met spesifieke sterk en swak punte van die individu. Dit is volgens Mischel *et al* (2008:54) belangrik om te onthou dat persoonlikheidsontleding nie beteken dat daar 'n etiket om iemand se nek gehang word nie. Persoonlikheid kan nooit as 'n verskoning gebruik word vir sonde of swak gedrag nie.

Persoonlikheidsontleding het "selfkennis" tot gevolg. Beter selfkennis help persone om op interpersoonlike en geestelik gebied te groei. Wanneer persone hul eie persoonlikheid verstaan, kan hulle hul uitwaartse gedrag aanpas om sodoende die liefde van Christus sigbaar te maak. Die begrip van selfkennis motiveer volgens Berens en Nardi (1998:7) die ontwikkeling van persoonlike sterkpunte. Dit is die begin van transformasie van die hart, gedagtes en gedrag deur die genade van God. In kort kan gesê word dat die vier persoonlikheidstipes aan persone die sleutel verskaf om die verborgenhede van hulleself en ander se gedrag of optrede te verstaan. Hierdie kennis gee persone ook 'n wyse om verhoudings te verbeter deur die natuurlike neigings van mense te kan antisipeer en te verstaan.

3.6.1 Sanguiniese Persoonlikheidstipe

Om 'n deeglike begrip van die Sanguiniese persoonlikheidstipe te verkry gaan hierdie afdeling spesifiek fokus op die omskrywing van die Sanguiniese persoonlikheidstipe (3.6.1.1); asook die Sanguiniese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes (3.6.1.2); beroepsgewoontes (3.6.1.3); sterkpunte (3.6.1.4); en swakpunte (3.6.1.5).

3.6.1.1 Omskrywing van die Sanguiniese persoonlikheidstipe

Die Sanguiniese persoonlikheid is volgens LaHaye (1994:13) 'n warm, lewendige en plesiersoekende persoonlikheid. Die Sanguiniese persoonlikheid is van nature

ontvanklik en oop. Om ’n indruk op ander te maak is vir hierdie persone van groot belang. Hulle neem volgens Bennett en Bennett (2005:21) ander se reaksies ter harte. Besluitneming geskied op grond van hulle emosies en nie so seer op logiese beredenering nie. Hulle het ’n buitengewone vermoë om hulself te geniet. Littauer (1992:29) omskryf hierdie eienskap soos volg: “Wanneer Sanguiniese persone ’n vertrek binnetree lig hulle almal teenwoordig se gemoed en kan maklik gesprekke met ander aan knoop.” Steiner (2008:10) wys daarop dat Sanguiniese persone goeie storievertellers is. Die rede hiervoor is hulle warm en emosionele aard wat dit vir hulle luisteraars maklik maak om hulself in die vertelling in te leef.

Volgens Montgomery (2011:25) het Sanguiniese persone nie normaalweg ’n tekort aan vriende nie. Die spontaniteit waaraan Sanguiniese persone gekenmerk word maak dit vir ander moontlik om hulle harte vir hulle oop te maak. Dit is moontlik vir Sanguiniese persone om ander se blydskap en hartseer te ervaar asook ander belangrik te laat voel. Hulle hou volgens Littauer en Sweet (2011:40) nie daarvan om afgesonder of alleen te wees nie. Hulle is op hulle gelukkigste wanneer hulle omring word deur mense en goeie vriende. Hulle geniet dit veral as hulle die middelpunt van aandag is. Hulle het altyd stories of iets interessants en dramaties om te vertel wat aanklank by beide kinders en volwassenes vind. Sanguiniese persone is volgens Littauer (2005:26) aan die een kant nooit sonder woorde nie maar aan die ander kant praat hulle soms sonder om hulle woorde mooi te deurdink.

Smith (2011:43) maak die opmerking dat Sanguiniese persone se openlike opregtheid ander se houding teenoor hulle positief beïnvloed. Vanweë hulle ekstroverte leefwyse maak hulle die meer versigtige en teruggetrokke persoonlikheidstipes afgunstig. Sanguiniese persone vind dit ook belangrik om met ander mense oor die weg te kom. Om die rede is hulle hoogs aanpasbaar by hulle omstandighede en by ander. Volgens Mischel *et al* (2008:54) mag Sanguiniese persone - sonder om moedswillig te wees - reëlings, afsprake en verpligtinge vergeet. Die rede vir hierdie vergeetagtigheid is omdat hulle reeds in hulle gedagtes besig is met die volgende avontuur. Hierdie geneigdheid mag hulle volgens Rolfe (2002:71) onbetroubaar laat voorkom.

3.6.1.2 Die Sanguiniese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes

Volgens Berens en Nardi (1999:3) beïnvloed persoonlikheid veral persone se lewensgewoontes. Hierdie lewensgewoontes is opmerklik in alle aspekte van ’n mens se lewe, onder andere bestuurstyl, huishouding, eetgewoontes en banksake. Sanguiniese persone se bestuurstyl is volgens Montgomery (2011:28) wisselvallig.

Volgens Hills (2010:32) sal hulle baie vinnig ry en dan weer om geen rede nie weer stadig. Omdat Sanguiniese persone persoongeoriënteerd is, is hulle aandag gewoonlik verdeel, veral as daar ander persone in die voertuig is. Wanneer hulle bestuur sal hulle meer aandag aan passasier gee as aan hulle eie bestuursvermoë. Wat hulle huishouding betref sal Sanguiniese persone met ywer 'n taak begin maar gou belangstelling verloor en met iets anders wat hulle aandag trek begin. Volgens Parrott en Parrott (2010:139) is Sanguiniese persone by uitstek uitstellers, hulle sal altyd 'n verskoning hê oor hoekom hulle nie 'n projek kon afhandel nie. In 'n restaurant kyk Sanguiniese persone volgens Bennett en Bennett (2005:66) gewoonlik nie na die spyskaart tot die kelner gekom het om die bestelling te neem nie. Die rede hiervoor is dat hulle die geselskap te veel geniet. Met betrekking tot banksake sukkel Sanguiniese persone volgens Steiner (2008:11) gewoonlik om die bedrag op die regte plek op 'n tjek te skryf en om dokumentasie korrek te voltooi.

3.6.1.3 Die Sanguiniese persoonlikheidstipe en beroepsgewoontes

In pas met Sanguiniese persone se vrolike en charismatiese karakter kies hulle volgens Smith (2011:43) beroepe waarin hulle hulself kan uitleef. Om ander mense gelukkig te maak is volgens LaHaye (1994:16) Sanguiniese persone se hoofdoel in die lewe. Hulle maak byvoorbeeld goeie verkoopspersone. Volgens Lauberte *et al* (2006:489) is twee derdes van alle verkoopspersone gewoonlik Sanguinies. Gewoonlik word Sanguiniese persone predikante, akteurs, verpleegsters, dokters of word selfs in die politiek gesien. Volgens Krebs-Hirsh en Kummerow (1993:8) is persone met 'n Sanguiniese persoonlikheid goeie leiers en seremoniemeesters. Hulle kies beroepe waar hulle kontak met mense het, veral in die helpende professies.

3.6.1.4 Sterkpunte van die Sanguiniese persoonlikheidstipe

Die onderstaande positiewe eienskappe: genotvol (3.6.1.4.1); optimisties (3.5.1.4.2); vriendelikheid (3.5.1.4.3); en barmhartigheid (3.5.1.4.4), is die vernaamste sterkpunte wat Sanguiniese persone kan weerspieël.

3.6.1.4.1 Sanguiniese persone is genotvol

Volgens Moerdyk (2009:134) geniet Sanguiniese persone die lewe. Dit wil voorkom of hierdie persone nooit hulle kinderlike entoesiasme vir die dinge wat rondom hulle gebeur verloor nie. Volgens Rolfe (2002:72) is Sanguiniese persone so positief dat hulle in staat is om negatiewe dinge in die lewe te vergeet of mis te kyk. Volgens Littauer (1992:37) sal hulle normaalweg vroeg opstaan met 'n lewendige en wakker gemoed. Hulle is gelukkig deur die loop van hulle lewe omdat hulle in staat is om op

positiewe gedagtes te fokus. Verveeldheid is nie deel van Sanguiniese persone se persoonlikheidsamestelling nie. Wanneer hulle terneerdruk raak kan hulle volgens Littauer en Sweet (2011:98) spoedig hul gedagtes op nuwe inspirerende dinge fokus.

3.6.1.4.2 Sanguiniese persone is optimisties

Die Sanguiniese persoonlikheid se natuurlike eienskappe gee aan hierdie persone beide ŉ hartlike en optimistiese karakter. Hulle word deur Bennett en Bennett (2005:37) beskryf as persone met "ŉ Godgegewe vermoë om in die teenwoordige lewe te leef." Sanguiniese persone vergeet die verlede maklik, en word nie deur hartseer en teleurstellings van die verlede beïnvloed nie. Volgens Hills (2010:43) word hulle ook nie maklik gefrustreer en beangs vir moontlike toekomstige probleme nie. Sanguiniese persone leef hoofsaaklik vir die teenwoordige wat hulle van natuurlik optimisties maak. Hulle het die vermoë om optimisties te wees oor die klein sowel as die groot dinge in die lewe. Volgens LaHaye (1994:62) is Sanguiniese persone gewoonlik ook oor die dag van môre optimisties: "wat môre ook al sal inhou, dit sal so goed wees soos vandag of selfs beter." Hulle laat die lewe self ontvou sonder enige werklike beplanning. Dit is waarskynlik die rede waarom hulle lewens nie maklik deur onverwagte gebeure belemmer word nie. Sanguiniese persone mag onverwagte gebeure opwindend vind, maar hulle geliefdes kan dit soms as spannend ervaar. Volgens Mischel *et al* (2008:54) raak Sanguiniese persone maklik by nuwe projekte betrokke. Hulle grenslose entoesiasme inspireer ander ook om saam met hulle betrokke te raak. As gister se projek misluk het, is hulle altyd optimisties dat die een waaraan hulle vandag werk ŉ sukses sal wees.

3.6.1.4.3 Sanguiniese persone is vriendelik

Volgens Steiner (2008:13) sal Sanguiniese persone altyd gesien word waar daar mense is. Hulle sal altyd fisiese kontak maak deur ŉ handdruk of aanraking. Hierdie gedrag is waarskynlik as gevolg van hulle saggeaardheid en liefde vir ander. Hulle deel ook in die blydskap en hartseer van ander. Volgens Montgomery (2011:28) maak hulle om hierdie rede ook maklik vriende. Hulle ervaar dit spanningvol as hulle sien dat ander hulleself nie geniet nie, en sal uit hulle pad gaan om mense deel te maak van die groep. Hulle liefdevolle en entoesiastiese karakter lok ook liefde by ander uit. Sanguiniese persone is volgens Rolfe (2002:70) gewoonlik opsoek na kwantitatiewe eerder as kwalitatiewe vriendskappe.

3.6.1.4.4 Sanguiniese persone is barmhartig

Sanguiniese persone het sagmoedige en barmhartige harte. Volgens LaHaye (1994:63) reageer niemand met meer medelye op die behoeftes van ander as Sanguiniese persone nie. Dit is vir hulle maklik om hul eie emosies met ander te deel. Hulle kan van nature Romeine 12:15 uitleef: “Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.” Hulle opregtheid en natuurlike medelye is soms moeilik vir die ander om te begryp, dat hulle met sóveel opregtheid die geluk en hartseer van ander kan deel. Geen van die ander persoonlikheidstipes kan volgens Littauer (2005:52) ander mense met soveel liefde aanvaar en so vinnig vergewe as hierdie persone nie. Dit is ook nie vreemd dat Sanguiniese persone ander persone maklik vergeet nie. Indien hulle iemand vergeet is dit volgens Montgomery (2011:29) nie hulle bedoeling nie. Hulle het eenvoudig die vermoë om in die teenwoordige te leef en sommige mense word eenvoudig as deel van die verlede vergeet. Hulle vriendelike karakter ontlok volgens Bennett en Bennett (2005:37) positiewe reaksies by ander en het die vermoë om blydskap in ander se lewes te bring.

3.6.1.5 Swakpunte van die Sanguiniese persoonlikheidstipe

Die volgende negatiewe eienskappe word as deel van die Sanguiniese persoonlikheidstipe weerspieël: rusteloosheid (3.6.1.5.1); swak wilskrag (3.6.1.5.2); egosentrisme (3.6.1.5.3) en emosionele onstabiliteit (3.6.1.5.4).

3.6.1.5.1 Sanguiniese persone is rusteloos

Sanguiniese persone se skynbare onbeperk aktiwiteit is volgens Burger (2004:220) niks meer as rusteloosheid nie. Hulle is van nature onprakties en ongeorganiseerd. Vanweë hulle emosionele karakter word hulle maklik opgewonde. Voor hulle werklik die groot prentjie kan analiseer maak hulle reeds gevolgtrekkings. As gevolg van hierdie rusteloosheid maak hulle gewoonlik nie goeie studente uit nie. Hierdie rusteloosheid word volgens Strelau (1998:63) ook in hulle geestelike lewes oorgedra, waar hulle dit moeilik mag vind met stiltetyd. Hulle rusteloosheid lei ook mettertyd tot onproduktiwiteit. Tydens studiejare sien ander hulle as persone wat die grootste kans op sukses het, maar in die lewe misluk hulle soms makliker as die ander persoonlikheidstipes. Hulle vind dit volgens Littauer en Sweet (2011:99) soms moeilik om hulle talente produktief te gebruik. Indien hulle nie gedissiplineerd werk nie verskuif hulle gereeld van een doelstelling of een projek na die volgende. Dit lei tot onproduktiwiteit wat hulle verhoed om hulle eie potensiaal te bereik.

3.6.1.5.2 Sanguiniese persone het swak wilskrag

Volgens LaHaye (1994:72) is Sanguiniese persone se mees basiese probleem hulle swak wilskrag. Hulle het volgens Hills (2010:32) ŉ geweldige groot behoefde aan goedkeuring. Wanneer Sanguiniese persone genader word vir ŉ projek of hulp sal hulle onmiddellike reaksie "ja" wees, sonder om aan hulle ander verpligtinge of hulle beskikbare tyd te dink. Hulle is volgens Littauer (1992:88) lief daarvoor om ander tevrede te stel om sodoende goedkeuring te ontvang. Hulle weet ook nie wat hulle persoonlike beperkings is nie. Alhoewel hulle normaalweg goed funksioneer vind hulle dit moeilik om die nodige voorbereidings te tref om hulle werk doeltreffend te kan doen. Die gevolg is dat hulle bloot situasionele te werk gaan. Sonder om dit te bedoel, vergeet hulle hul eie besluite, verpligtinge en afsprake. Hulle vind dit ook moeilik om ŉ sperdatum te haal. As gevolg van hulle swak wilskrag tref hulle volgens Smith (2011:43) maklik kompromieë, en word hulle maklik deur hulle omgewing beïnvloed. Vanweë hulle swak wilskrag weerstaan hulle ook moeilik versoekings. Hulle dink net aan die voordele en dink nie noodwendig aan die gevolge daarvan of die impak van hulle optrede op ander nie.

3.6.1.5.3 Sanguiniese persone is egosentries

Lauberte *et al* (2009:491) noem dat Sanguiniese persone meer charisma as die ander persoonlikheidstipes het. Daarom kom dit voorkom of hulle meer selfvertroue het as ander. As gevolg van hierdie klaarblyklik selfvertroue vervul hulle van jongs af reeds prominente rolle, wat hulle natuurlike egosentrisme mag versterk. Hulle kan volgens Hills (2010:42) ander aanstoot gee deur uit hulle beurt te praat of die gesprek te domineer. Soos Sanguiniese persone ouer word is hulle volgens Littauer (2005:78) geneig om meer en meer van hulleself te praat en word behep met hulle eie persoonlike belangstellings. Hulle verwag gewoonlik dat ander hulle belangstellings moet deel. As gevolg van hulle egosentriese karakter vind hulle dit moeilik om naby God te voel.

3.6.1.5.4 Sanguiniese persone is emosioneel onstabiel

Volgens LaHaye (1994:73) is Sanguiniese persone "noot ver van trane" nie. Hulle word maklik emosioneel ten spyte daarvan dat hulle persoonlikheid as die "gelukkigste" persoonlikheid gekenmerk word. Hulle word volgens Sewell (2008:48) maklik ontmoedig en kan hulleself ook maklik jammer kry. Hulle warm karakter kan spontaan in woede verander. Maar nadat hulle woedeuitbarsting verby is vergeet hulle gewoonlik ook vinnig daarvan. Hulle vergeet maklik maar ander nie! Steiner (2008:12) maak die opmerking: "*They never get ulcers, they give them to everybody*

else." As gevolg van hulle emosionele onstabiliteit beleef hulle tog volgens Montgomery (2011:92) ware gevoelens van spyt, en sal gewoonlik opreg verskoning vra. Hulle sal ook dieselfde oortreding oor en oor bely. Volgens Bennett en Bennett (2005:38) is hulle behoefte aan goedkeuring so intensief dat hulle hul eie norme en waardes mag versaak bloot om in te pas.

3.6.1.6 Gevolgtrekking van die Sanguiniese persoonlikheidstipe

Net soos die ander drie persoonlikheidstipes is Sanguiniese persone se grootste nood om met die Heilige Gees vervul te word. Selfbeheersing kan Sanguiniese persone slegs vind in 'n verdiepte geestelike lewe. Hulle primêre geestelike nood is om vyf van die nege dele van die vrug van die Heilige Gees soos in Galasiërs 5 weergegee in hulle lewens te inkorporeer, naamlik: selfbeheersing, geduld, geloof, vrede en goedhartigheid. Volgens Bennett en Bennett (2005:39) moet Sanguiniese persone ontdek dat Jesus Christus hulle enigste ware deelgenoot is. Deur geestelike verdieping kan hulle ontdek wie hulle werklik is en wie hulle werklik moet tevrede stel. Sanguiniese persone is van groot waarde vir die kerk omdat hulle selfopofferend, vrygewig, samewerkend en liefdevol is. Wanneer Sanguiniese persone deur die liefde van Christus gemotiveer word sal hulle geweldig baie passie, energie en sensitiwiteit vir die koninkryk van God vertoon.

3.6.2 Choleriese Persoonlikheidstipe

Om 'n deeglike begrip van die Choleriese persoonlikheidstipe te verkry sal hierdie afdeling spesifiek fokus op die omskrywing van die Choleriese persoonlikheidstipe (3.6.2.1); die Choleriese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes (3.6.2.2); beroepsgewoontes (3.6.2.3); asook sterkpunte (3.6.2.4) en swakpunte (3.6.2.5).

3.6.2.1 Omskrywing van die Choleriese persoonlikheidstipe

Sewell (2008:46) noem die Choleriese persoonlikheidstipe die "wankelrige" persoonlikheid. Choleriese persone word deur vurige, vinnige, aktiewe, praktiese eienskappe en sterk wilskrag gekenmerk. Hulle is gewoonlik selfgenoegsaam en selfstandig. Hulle neem volgens Burger (2004:220) maklik standpunt in, gee vrylik kritiek, neem maklik besluite en gee maklik hulle persoonlike mening. Hulle floreer in aktiwiteite wat hulle voortdurend besig hou en uitdaag. Volgens Strelau (1998:62) is dit nie nodig dat Choleriese persone deur hulle eksterne omgewing geïnspireer word nie, hulle stimuleer die omgewing deur hulle idees, planne en ambisies.

Choleriese persone is volgens Louw en Edwards (2003:516) prakties aangelê en is in staat om doelgerig langtermyn besluite te neem en planne te maak. Hulle gee

volgens Hills (2010:52) nie sommer in onder druk nie. Hulle is ook nie soos Sanguiniese persone bekommerd oor wat ander van hulle dink nie. Hulle neem sterk standpunt in en kan gewoonlik gevind word waar daar teen sosiale dilemmas opgestaan word. Hulle word ook nie afgeskrik deur teëspoed nie. Moerdyk (2012:135) noem dat probleme en teëspoed hulle eerder sal motiveer as ontmoedig. Volgens Allen (2010:16) is Choleriese persone baie vasberade en in staat om sukses te behaal waar meeste gewoonlik misluk. Die rede hiervoor is nie omdat hulle beter kan beplan of meer intelligent is nie maar omdat hulle steeds "vorentoe dryf" nadat ander tou op gegooi het.

By Choleriese persone word daar volgens Krebs-Hirsh en Kummerow (1993:8) 'n hardnekkige gemotiveerdheid gevind. Hulle gee waarheid aan die frase: "*ware leiers word gebore en nie gemaak nie*." Emosionaliteit is volgens Smith (2011:44) die mees onderontwikkelde deel van die Choleriese persoonlikheid. Hulle simpatiseer nie maklik met ander nie, en toon van nature nie maklik medelye of empatie nie. Hulle voel ook ongemaklik wanneer ander huil. Hulle heg volgens Littauer (1992:118) min waardering aan kuns en vind eerder hulle primêre belangstellings in bruikbare lewensvaardighede. Hulle verwag normaalweg nie dat hulle pogings sal misluk nie. Liefde is 'n emosie wat ook nie hoog op hulle prioriteitslys verskyn nie.

'n Verdere kenmerk van die Choleriese persoonlikheid is volgens Montgomery (2011:92) dat hulle geleenthede vinnig raaksien en net so vinnig weet wat om daarmee te doen. Hulle het volgens Sewell (2008:46) 'n goed georganiseerde verstand, maar te veel besonderhede maak hulle verveeld. Hulle sien ook maklik die einddoel van dit wat hulle aanpak, maar is geneig om moontlike probleme en struikelblokke in die pad mis te kyk. Sodra hulle dit moeilik vind om hulle doelwitte te bereik sal hulle op ander wat in hulle pad staan trap. Hulle is volgens Rolfe (2002:73) ook geneig om dominerend en baaspelerig te wees. Hulle huiwer ook nie om ander tot hulle eie voordeel te misbruik nie. Baie mense mag hulle as opportuniste beskou.

3.6.2.2 Die Choleriese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes

Wat lewensgewoontes betref is Choleriese persone volgens Montgomery (2011:43) in meeste opsigte gejaagd. Agter die stuurwiel van 'n motor vat hulle gewoonlik gevaarlike kanse. Hulle probeer altyd om meer te bereik as wat moontlik is in die beskikbare tyd. Hulle is daarom gejaagd en probeer om verlore tyd in te haal deur verwoed te bestuur. Volgens LaHaye (1994:18) hou Choleriese persone nie van tuinwerk nie en as hulle dit wel doen is dit met teenkanting en probeer hulle dit so gou moontlik afhandel. Hulle is volgens Littauer en Sweet (2011:108) nie meganies

aangelê nie en verpes dit om gebreekte dinge te herstel, waarskynlik omdat detail hulle verstreur. Netheid is ook nie een van hulle sterk punte nie. Hulle familielede sal hulle byvoorbeeld nie toelaat om hulle struike, bome of lanings te snoei nie want hulle het gewoonlik net een idee: “As ek dit moet doen, dan kan ek net so wel alles op een slag doen.” Volgens Bennett en Bennett (2005:25) lewe hulle ook meestal met die persepsie dat hulle meer intelligent as ander is. Volgens Hills (2010:76) het Choleriese persone stereotipiese eetgewoontes. Hulle verander nie hulle eetgewoontes van die een dag na die volgende nie. Choleriese persone eet gewoonlik ook gejaagd en praat terwyl hulle kou en is gewoonlik eerste klaar. Omdat hierdie persone nie van detail hou nie sal hulle volgens Sewell (2008:46) iemand anders nader om hulle finansiële sake te hanteer.

3.6.2.3 Die Choleriese persoonlikheidstipe se beroepsgewoontes

Choleriese persone sal volgens Steiner (2008:23) beroepe met leierskap verkies of beroepe waar hulle nie te veel aandag aan detail en beplanning hoef te spandeer nie. Komiteevergaderings en langtermyn beplanning verveel hulle. Dominante Choleriese persone sal selde gevind word in beroepe soos tandheelkunde, argitektuur of enigiets wat gedetaileerde werk vereis. Hulle sal volgens Parrott en Parrott (2010:142) normaalweg nie vakmanne word nie, omdat hierdie beroep ’n mate van perfeksionisme vereis wat nie hulle voorkeur is nie. Hulle sal wel bestuurders of toesighouers in hierdie beroepe wees.

Choleriese persone is volgens LaHaye (1994:19) van nature ontwikkelaars. Wanneer hulle deur die platteland ry, sal hulle nie noodwendig die natuurskoon soos ander geniet nie. Hulle sal eerder geboue, paaie, huise en winkelsentrums in hulle gedagtes beplan. Volgens Moerdyk (2009:134) is meeste van die stede en buurte aanvanklik deur Choleriese persone beplan, maar sal heelwaarskynlik ander persone met die analitiese en kreatiewe vermoëns kry om hulle planne uit te voer. Wyse Choleriese persone sal Melankoliese persone kry as hulle besigheidsvennote. Choleriese en Melancholiese persone sal mekaar aanvul.

Meeste entrepreneurs het ’n Choleriese persoonlikheid. Hulle ontwikkel volgens Briggs-Myers *et al* (2003:48) idees en het ambisie om hulle idees in die praktyk uit te voer. Wanneer hulle ’n nuwe besigheid begin word hulle volgens Littauer (1992:127) gou daarmee verveeld wanneer hulle sukses behaal het. Soos die besigheid groei skep dit meer gedetaileerde werk wat hulle verveel. Hulle is normaalweg nie goed om verantwoordelikhede te delegeer nie. Die rede hiervoor is volgens Montgomery (2011:44) dat hulle daarvan hou om hulle eie sukses te sien. Omdat hulle hulself in

die kalklig wil sien evalueer hulle ander se insette negatief. Hulle sal alles self wil doen maar gevolglik uitbrand. Wanneer Choleriese persone ontdek dat hulle “net te besig” geword het, kyk hulle na iemand ander om hulle verantwoordelikhede oor te neem. Daar kan verwag word dat Choleriese persone verskeie besighede begin of in verskeie rigtings studeer en verskillende beroepe in hulle leeftyd sal beoefen.

Wanneer Choleriese persone volgens Hills (2010:89) leer om verantwoordelikhede te delegeer sal hulle vind dat hulle in staat is om meer te doen. Volgens LaHaye (1994:20) is Choleriese persone natuurlike motiveerders. Die rede hiervoor is dat hulle gewoonlik baie selfvertroue het. Hulle is normaalweg ook doelgerig, hulle doelgerigtheid is gewoonlik ’n bron van inspirasie vir ander. Ander sal vind dat hulle meer produktief is indien hulle deur Choleriese persone gelei word. Hulle primêre swakpunt as leiers is volgens Littauer en Sweet (2011:109) dat hulle moeilik tevrede gestel word. Indien hulle besef dat mense na hulle kyk vir leierskap sal hulle meer tyd spandeer om ander te motiveer, maar ongelukkig dink hulle gewoonlik dat ander se produktiwiteit sal afneem indien hulle gekomplimenteer word. Choleriese persone verkies eerder om ander te kritiseer met die hoop dat dit produktiwiteit sal verhoog.

Volgens Strelau (1998:6) het Choleriese persone ’n natuurlike potensiaal vir die volgende beroepe: verkope, onderwys, politiek, militêrediens en sport. Net soos Sanguiniese persone maak Choleriese persone goeie predikante. Volgens Mischel *et al* (2008:54) word die mees suksesvolste gemeentes deur Choleriese predikante gelei. Hulle is dinamiese predikers met sterk organiserende leierskapgawes. Hulle is nie bang om nuwe projekte te begin nie, en met genoegsame motviering en die seën van die Here beleef hulle normaalweg ’n suksesvolle bediening. Steiner (2008:15) wys daarop dat as daar so iets soos ’n “geneigdheid tot sukses” bestaan het, het Choleriese persone dit besit. Dit beteken volgens Rolfe (2002:106) egter nie dat hulle slimmer as ander is nie maar dat hulle sterk wilskrag hulle dryf om sukses te behaal waar ander mense tou op sal gooi.

3.6.2.4 Sterkpunte van die Choleriese persoonlikheidstipe

Die volgende positiewe eienskappe, naamlik: sterk wilskrag (3.6.2.4.1); prakties (3.6.2.4.2); leierskap (3.6.2.4.3) en optimisme (3.6.2.4.4) is die vernaamste sterkpunte wat deur Choleriese persone weerspieël word:

3.6.2.4.1 Choleriese persone het sterk wilskrag

Choleriese persone het gewoonlik volgens Louw en Edwards (2003:516) sterk wilskrag en goeie selfdissipline met ’n sterk geneigdheid tot volharding. Hulle het baie

vertroue in hulle eie vermoëns en is vasberade en selfs aggressief. Hulle is voortdurig aan die gang en besig, hulle aktiwiteite is gewoonlik goed deurdink en doelgerig. Wanneer hulle 'n projek begin het, het hulle die vermoë om daarmee vol te hou en dit te voltooi. Van die Choleriese persoonlikheid kan gesê word soos wat Paulus in Filippense 3:13 skryf: "[13]Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is." Choleriese persone se doelgerigtheid en wilskrag lewer volgens Moerdyk (2012:10) normaalweg resultate. Ander mag dink dat Choleriese persone beter vermoëns het, maar in werklikheid word hulle sukses bepaal deur wilskrag en volharding.

3.6.2.4.2 Choleriese persone is prakties

Volgens Allen (2010:13) is Choleriese persone normaalweg totaal toegewy aan die praktiese sy van die lewe. Alles in die lewe word in terme van gebruikswaarde beoordeel. Hulle is op hulle gelukkigste as hulle besig is met een of ander praktiese projek. Choleriese persone hou volgens McAdams (2009:118) van organisasie maar detail mag hulle frustreer. Hulle het gewoonlik ook die vermoë om 'n situasie op te som en praktiese oplossings te vind. Meeste van hulle besluite is ook gebaseer op intuïsie eerder as analitiese beredenering.

3.6.2.4.3 Choleriese persone is sterk leiers

Choleriese persone het volgens Strelau (1998:63) sterk leierskapsvermoëns. Hulle sterk wilskrag domineer gewoonlik 'n groep. Hulle kan vinnig in noodgevalle optree en leiding neem. Hulle is volgens Smith (2011:42) normaalweg nie bang om leiding te neem nie, en sal maklik na vore tree as leierskap van hulle verwag word. Volgens Krebs-Hirsh en Kummerow (1993:8) staan Choleriese persone gewoonlik bekend as persone "wat beheer neem" of "in beheer is." Indien hulle nie arrogant of baasspelerig is nie sal ander positief op hulle leierskap reageer en hulle navolg.

3.6.2.4.4 Choleriese persone is optimisties

Choleriese persone se uitkyk op die lewe is volgens Burger (2004:220) gebaseer op hulle natuurlike selfvertroue wat hulle optimisties maak. Hulle is avontuurlustig en sal selfs een ding los vir iets wat meer uitdagend is. Hulle is van nature baanbrekers. Wanneer hulle met 'n nuwe situasie gekonfronteer word sien hulle selde die potensiële probleme raak en hou hulle oë op die finale doel. Somtyds is hulle só vol selfvertroue en só selfversekerd dat hulle die vermoë het om enige probleem wat na vore tree op te los. Teëspoed breek volgens Feist en Feist (2009:413) nie maklik

hulle gemotiveerdheid nie. Teëspoed sal hulle eerder motiveer om hulle doelwitte te bereik.

3.6.2.5 Swakpunte van die Choleriese persoonlikheid

Saam met die Choleriese persoonlikheidstipe se lofwaardige karaktereienskappe word daar ook swakpunte gevind. Meeste van hierdie swakpunte is gebonde aan die Choleriese persoonlikheid se hardkoppigheid. Dit sluit die volgende in: woede (3.6.2.5.1); onstuimigheid (3.6.2.5.2) en selfvergenoegsaamheid (3.6.2.5.3). Van nature het Choleriese persone volgens LaHaye (1994:74) ’n ernstige gebrek aan emosionaliteit. Choleriese persone sal bykans nooit huil nie. Hulle sal byvoorbeeld slegs huil indien hulle met die mees droewigste omstandighede gekonfronteer word.

3.6.2.5.1 Choleriese persone worstel met woede

Volgens Bennett en Bennett (2005:31) spruit meeste van die energie wat Choleriese persone dryf vanuit hulle geneigdheid tot woede. Hulle kan in oomblikke gewelddadig word. Nadat hulle in woede uitgebars het is hulle ook daartoe geneig om ’n wrok te koester. Hulle is volgens Hills (2010:85) bekend daarvoor om wraak te neem self tot die punt waar hulle die gereg in eie hande wil neem. Hierdie geneigdheid tot woede veroorsaak baie ongemaklikheid vir ander naby aan hulle. Om die rede sal Choleriese persone gereeld kla dat hulle nie “geliefd” voel nie. Volgens LaHaye (1994:74) is dit vir Choleriese persone moeilik om te besef “dat jy liefde moet gee om liefde te ontvang.” Anders as die Sanguiniese persoon veroorsaak Choleriese persone volgens Littauer (2005:44) nie net maagsere in ander nie maar ontwikkel dit ook self. Hulle weerspieël klassieke Tipe-A persoonlikheidseienskappe (sien 3.7.3). Hulle brand hulle self uit deur die spanning en stres wat hulleself veroorsaak.

3.6.2.5.2 Choleriese persone kan wreed wees

Choleriese persone is volgens McAdams (2009:118) normaalweg dikvellig en onsensitief. Mense beskryf hulle gewoonlik as onsimpatiek of wreed. Hierdie onsensitiewe karakter het tot gevolg dat hulle oor ander loop en nie ander se gevoelens respekteer of in ag neem nie. Indien hulle volgens LaHaye (1994:75) nie sterk morele standaarde ontwikkel nie, sal hulle maklik die wet oortree of met twyfelagtige praktyke betrokke raak. Choleriese persone mag redeneer dat die doel die middel regverdig. Hulle vind dit ook moeilik om verskoning te vra, of ander persone goed te keur. Hierdie onsimpatieke eienskap kan volgens Rolfe (2002:69) baie hartseer in huwelike veroorsaak. Sommige Choleriese persone sal ander tot hulle eie voordeel misbruik.

3.6.2.5.3 Choleriese persone is onstuimig

Volgens Allen (2010:16) is Choleriese persone impulsief en onstuimig. Hulle vertoon tipiese eienskappe wat Eysenck beskryf het as Neurotisisme[21] (Sien Figuur 2.8). Choleriese persone se vermoë om op die ingewing van die oomblik besluite te neem het later innerlike konflik tot gevolg. Hulle begin projekte waaroor hulle later spyt is, maar omdat hulle hardkoppig en vasberade is sal hulle die projek met baie innerlike wroeging voltooi. Vanweë Choleriese persone se vasbeslote geaardheid sal hulle volgens Montgomery (2011:46) soms wrede en sarkastiese dinge sê wat ander diep seer kan maak.

3.6.2.5.4 Choleriese persone is selfgenoegsaam

Choleriese persone word volgens Louw en Edwards (2003:516) gekenmerk aan hulle selfgenoegsaamheid. 'n Klein bietjie sukses maak hulle trots, hoogmoedig en dominerend tot die punt waar hulle ander aanstoot gee. Hierdie eienskap kan ander irriteer, wat tot gevolg het dat mense hulle geselskap vermy. Mense wat saam met Choleriese persone woon of werk word volgens Littauer (1992:127) soms frustreer omdat hulle voel of hulle hierdie persone nooit tevrede kan stel nie. Hierdie selfgenoegsaamheid gaan ook in Choleriese persone se geestelike lewe oor. Dit mag voorkom of hulle dink dat hulle God nie nodig het nie. Hulle weeg volgens Sewell (2008:47) hulle prestasies en goeie dade teen hulle mislukkings op en probeer hulleself so regverdig. Selfs na bekering vind Choleriese persone dit moeilik om te besef dat hulle op die Here moet vertrou. Hulle moet die woorde van Sagaria 4:6 in hulle lewens leer toepas: "Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige." Omdat hulle heeltyd in hulle gedagtes besig is, mis hulle die doel van persoonlike Bybelstudie en gebed. Choleriese persone kan 'n toegewyde Christelike lewe soms as 'n mors van tyd sien.

3.6.2.6 Gevolgtrekking van die Choleriese persoonlikheidstipe

Choleriese persone benodig volgens LaHaye (1994:76) veral om liefde, vreugde, vrede, nederigheid, geduld en sagmoedigheid as vrugte van die Gees te ontwikkel. Omdat Choleriese persone gedryf word deur hulle idees en doelwitte is hulle van nature goeie leiers. Hiervan was die apostel Paulus 'n voorbeeld. Hy was beide 'n leier met die vervolging van die kerk en na sy bekering 'n passievolle uitbreider van die kerk (sien 3.5 vir 'n eksegetiese uiteensetting van Paulus as Choleriese persoon).

[21]**Neurotisisme:** 'n Persoonlikheidseienskap wat gekenmerk word deur senuweeagtigheid, angstigheid en gemoedsomkering. Is deel van die Groot Vyf persoonlikheidspatrone (sien 3.4.4.2).

Choleriese persone moet besef dat hulle impulsief, onsensitief en ongeduldig mag wees. Vanweë hulle gejaagde karakter is hulle geneig om foute te maak. Hulle is ook volgens Bennett en Bennett (2005:32) geneig om hulle onsekerheid weg te steek deur ander te blameer en van hulle eie verantwoordelikhede weg te skrum. Choleriese persone is ook waardevolle persone vir die kerk. Hulle ŉ selfgemotiveerd, taakgeoriënteerd, flinkdenkers, pragmaties en vol energie. Hulle hou van hulle werk, en hou daarvan om leiding te neem maar moet gereeld daaraan herinner word dat ander nie noodwendig so vinnig soos hulle werk nie. Ook moet hulle leer om ander se gevoelens in ag te neem en hulle geneigdheid om op ander te trap met selfbeheersing en nederigheid te vervang. Om die rede benodig Choleriese persone ŉ sterk gedissiplineerde geestelike lewe. Hulle moet leer om ander mense te respekteer. Maar dit sal eerstens nodig wees om Choleriese persone te oorreed dat hulle ŉ geestelike lewe benodig, dat hulle op geestelike leiding kan vertrou, en dat hulle hulself in nederige gehoorsaamheid voor God moet verootmoedig. Hulle moet ook leer om hulle medemens te vergewe, en dat hulle natuurlike sterkpunte genadegawes van God is en nie iets is waarop hulle moet roem nie.

3.6.3 Melancholiese Persoonlikheid

Om ŉ deeglike begrip van die Melancholiese persoonlikheidstipe te verkry gaan hierdie afdeling spesifiek op die omskrywing van die Melancholiese persoonlikheidstipe (3.6.3.1) fokus; ook gaan hier gefokus word op die Melancholiese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes (3.6.3.2); beroepsgewoontes (3.6.3.3); sterkpunte (3.6.3.4) en swakpunte (3.6.3.5).

3.6.3.1 Omskrywing van die Melancholiese Persoonlikheid

Moerdyk (2012:134) verwys na die Melancholiese persoonlikheid as die “donker” of “swart” persoonlikheid. Hulle reageer stadig op die eksterne wêreld. Hierdie persoonlikheid is die rykste met eienskappe van al vier persoonlikheidstipes. Melancholiese persone is volgens Burger (2004:220) analities, selfopofferend, begaaf, perfeksionisties en het ŉ sensitiewe en emosionele geaardheid. Melancholiese persone is volgens Feist en Feist (2009:413) sterk introverte en koester gewoonlik ŉ ideale lewe. Hulle ervaar soms emosionele skommeling. Soms sal hulle gemoedstoestande hulle tot in die wolke lig, maar op ander tye is hulle weer neerslagtig en depressief. Gedurende hierdie tye is Melancholiese persone teruggetrokke en soms vyandig. Hulle maak volgens Littauer (1992:132) baie betroubare vriende, maar anders as Sanguiniese persone maak hulle nie maklik

vriende nie. Hulle sal hulself nie opdring aan ander nie maar sal ander wel toelaat om na hulle toe te kom.

Melancholiese persone is volgens Montgomery (2011:24) waarskynlik die mees betroubare persone van die vier persoonlikheidstipes. Melancholiese persone se perfeksionistiese aard laat hulle nie toe om ander teleur te stel nie. Die teruggetrokke geaardheid van Melancholiese persone beteken volgens Sewell (2008:50) nie dat hulle nie van mense hou nie. Hulle hou in werklikheid van meeste mense, en het ook ŉ sterk begeerte om van ander liefde te onvang. Wanneer Melancholiese persone deur ander teleurgestel word is hulle geneig om agterdogtig te wees en vind hulle dit moeilik om ander se opregtheid te waardeer. In skrille kontras met Choleriese persone stel Melancholiese persone se besondere analitiese vermoë hulle volgens Smith (2010:96) in staat om al die struikelblokke en gevare in ŉ beplande projek raak te sien. Hierdie eienskap het tot gevolg dat hulle nuwe projekte laat vaar omdat hulle glo hulle sal in elk geval misluk.

LaHaye (1994:23) wys daarop dat Melankoliese persone, wanneer hulle in ŉ goeie gemoedstoestand is, uitstekende werk of kuns kan lewer. Hierdie fase word gewoonlik opgevolg deur ŉ periode van diepe depressie. Volgende Parrott en Parrott (2010:168) vind Melancholiese persone die diepste vorm van lewensbetekenis in persoonlike opoffering. Dit mag wees dat hulle ŉ behoefte het aan selfopofferende werk en sal soms beroepe kies wat selfopoffering vereis. Volgens Littauer en Sweet (2011:118) lewer hierdie persone oor die algemeen baie deeglike werk en sal altyd streef om hulle gestelde doelwitte te bereik. As ŉ reël het nie een van die ander drie persoonlikheidstipes so ŉ hoë kreatiewe verbeelding as die Melancholiese persoonlikheid nie. Nie een van die ander is in staat om so hoë kwaliteit en "perfeksionistiese" werk te lewer nie.

3.6.3.2 Die Melancholiese persoonlikheid se lewensgewoontes

Voor Melancholiese persone hul ouerhuis verlaat, het hulle volgens McAdams (2009:119) reeds hulle lewensreis deeglik beplan. Hulle bestudeer kaarte en ken presies die roetes van punt A tot punt B. Meer as al die ander persoonlikheidstipes hou Melancholiese persone gedetaileerde rekord. Hulle het ŉ hoë sin vir reg en geregtigheid. Melancholiese persone sal byvoorbeeld nie sommer die spoedgrens oorskry nie. Volgens LaHaye (1994:24) het Melancholiese persone ŉ natuurlike aanvoeling om plante te kweek en het normaalweg die netjieste tuine in die buurt. Hulle is die tipe persone wat hulle plante versorg en met hulle praat. Hulle is mense wat hulle naweke handeviervoet in die tuin spandeer. Melancholiese persone het

volgens Hills (2010:99) baie kieskeurige eetgewoontes. By ’n restaurant mag hulle lank neem om te besluit wat hulle wil bestel om te eet. Wat finansies betref is hulle volgens Littauer (2005:47) baie netjies en perfeksionisties. Melancholiese persone sal gewoonlik hulle finansies op ’n rekenaar doen en ’n deeglike begroting opstel. Hulle weet ook gewoonlik presies wat alles hulle sal kos en of dinge in hulle begroting sal inpas of nie.

3.6.3.3 Die Melancholiese persoonlikheid se beroepsgewoontes

Volgens Lauberte *et al* (2009:489) is die wêreld se beste komponiste, kunstenaars, musikante, ontwerpers, filosowe, teoloë, wetenskaplikes en toegewyde onderwysers hoofsaaklik Melancholiese persone. Bekende persone soos Rembrandt, Van Gogh, Beethoven en Mozart het onder ander Melancholiese persoonlikheidseienskappe vertoon. Volgens Sewell (2008:55) sal ’n predikant met musikale vermoëns hoogswaarskynlik ’n Melancholiese persoonlikheid hê. Melancholies persone is daardie persone wat ’n “aanvoeling” vir musiek het. Volgens Strelau (1998:63) is daar een beroep wat vreemd genoeg Melancholiese persone trek en dit is toneelspel, wat normaalweg met ekstroverte geassosieer word. Maar wanneer Melancholiese persone op die verhoog is kan hulle hul persoonlikheid aanpas, maak nie saak hoeveel ekstroversie dit mag verlang nie. Maar sodra die vertoning verby is neem Melancholiese persone weer hulle normale introverte persoonlikheid aan. Hulle het volgens Littauer (1992:45) die vermoë om hulleself met die mense of take waarmee hulle besig is te vereenselwig.

Omdat Melancholiese persone sterk op detail gefokus is, kies hulle volgens Rolfe (2002:118) beroepe as ambagsmanne, timmermanne, bouers, loodgieters, wetenskaplikes, tuinboukundiges, motorwerktuigkundiges en amper enige beroep waar hulle ’n betekenisvolle diens aan hulle medemens kan lewer. Hulle word amper in enige mensgerigte beroep gevind. Volgens Bennett en Bennett (2005:33) vertoon meeste mediese dokters Melancholies eienskappe omdat die mediese professie perfeksionisme, analitiese denke en mensliewendheid verlang. Melancholiese persone kan volgens Matthews *et al* (2003:7) basies gevind word in enige beroep wat perfeksionisme, selfopoffering en kreatiwiteit verlang. Melancholiese persone word volgens McAdams (2009:118) gefrustreer deur onnetheid en onordelikheid omdat hulle geneig is om “onrealisties perfeksionisties” te wees. Hulle kan maklik op die detail van iets gefikseer wees. Daarom sal dit beter wees vir Melancholiese persone om nie self ’n projektete bestuur nie maar eerder iemand te kry wat die detail nie só oorbeklemtoon dat die projek nie voltooidheid bereik nie.

3.6.3.4 Sterkpunte van die Melancholiese persoonlikheid

Die onderstaande positiewe eienskappe naamlik sensitiwiteit (3.6.3.4.1); perfeksionisme (3.6.3.4.2); getrouheid (3.6.3.4.3) en selfopoffering (3.6.3.4.4) is die vernaamste sterkpunte wat Melancholiese persone weerspieël.

3.6.3.4.1 Melancholiese persone is sensitief

Melancholiese persone het volgens Louw en Edwards (2003:517) by verre die mees sensitiewe natuur van die vier persoonlikheidstipes. Hulle heg groot waarde aan kultuur en die waarde van lewe. Hierdie persone is emosioneel, maar - anders as Sanguiniese persone - internaliseer hulle gewoonlik hulle gevoelens. Hierdie internalisering van gevoelens en emosies beïnvloed hulle denkprosesse gewoonlik negatief. Wanneer hulle in positiewe gemoedstemming is kan hulle volgens McAdams (2009:118) op 'n kreatiewe wyse vir ander behulpsaam wees. Maar tydens lae emosionele ervarings word hulle maklik pessimisties en trek in hulleself terug. Hulle is sensitief vir kritiek en ander se gedrag teenoor hulle.

3.6.3.4.2 Melancholiese persone is perfeksionisties

Volgens Moerdyk (2012:134) het Melancholiese persone sterk perfeksionistiese neigings. Hulle hoë standaarde vir sukses oorskry gewoonlik die van ander. Hulle vereistes van aanvaarbare standaarde is soms onmoontlik vir ander en selfs vir hulleself om te bereik. Hulle bekommer hulself maklik oor mislukte pogings van die verlede deur te dink hoe hulle dinge beter of anders sou kon doen as hulle 'n tweede kans gegun sou word. Matthews *et al* (2003:96) wys daarop dat Melancholiese persone se analitiese vermoëns gekombineer met hulle perfeksionisme hulle fanaties op detail maak. Dit gee hulle 'n diep behoefde aan reg en geregtigheid. Wanneer Melancholiese persone volgens Puică en Florea (2013:4) 'n nuwe projek aanpak, kan hulle gewoonlik vinnig elke potensiële probleem raaksien. As gevolg van hulle konstante verwysing na potensiële probleme, mag ander dink dat hulle moeilik of moedswillig is, maar volgens hulle is hulle "bloot realisties!" Flegmatiese persone spandeer volgens Littauer en Sweet (2011:124) te veel tyd aan beplanning en voorbereiding, en te min tyd aan die uitvoering van hul planne. Mense mag dink dat hierdie persone altyd rede het om te kla. Wanneer Melancholiese persone nie aan hulle hoë standaarde kan voldoen nie kan dit tot 'n gebrek aan selfvertroue aanleiding gee.

3.6.3.4.3 Melancholiese persone is getroue vriende

Persone met ’n Melancholiese persoonlikheid is volgens Fulmer (2007:11) van nature getroue vriende. Hulle het gewoonlik nie ’n groot aantal vriende nie, maar behou die vriende wat hulle het. Melancholiese persone is die tipe vriende wat volgens LaHaye (1994:66) letterlik gewillig is om hulle lewens vir hulle vriende af te lê. Om een goeie vriend te hê is vir hulle beter as baie mense wat bloot kennisse is. Hulle sal gewoonlik die geselskap van een vriend opsoek eerder as die van ’n groep. Volgens Rolf (2002:99) maak Melancholiese persone vanweë hulle getrouheid goeie predikante en maatskaplike werkers.

3.6.3.4.4 Melancholiese persone is selfopofferend

Volgens Bok (2009:3) word Melancholiese persone gekenmerk as mense wat selfopofferend is. Melancholiese persone sal altyd hulle werk op tyd voltooi en hulle deel van die werkslading dra. Hulle verkies volgens Casali (2008:27) gewoonlik om in die agtergrond besig te wees eerder as op die voorgrond. Melancholiese persone kies volgens Nodoushan (2011:39) ook gewoonlik beroepe wat selfopoffering vra. Hulle word gedryf deur die begeerte om die lewe vir ander beter te maak. Melancholiese persone het die kapasiteit om te weet wat hulle persoonlike beperkings is, en sal selde hulle eie vermoëns oorskry. Hulle is volgens Montgomery (2011:32) gewoonlik meer gereserveerd as ander, en sal selde hulle opinies of idees op ander afdwing. Wanneer ander hulle opinie vra sal hulle wel bykans altyd hulle opinie gee. Die opinie wat hulle gee getuig gewoonlik daarvan dat hulle die situasie goed geanaliseer het. Hulle mors ook nie hulle woorde nie, en sal gewoonlik presies sê wat hulle bedoel.

3.6.3.5 Swakpunte van die Melancholiese persoonlikheid

Saam met die Melancholiese persoonlikheidstipe se positiewe karaktereienskappe word daar ook swakpunte gevind. Melancholiese persone kan selfgesentreerd (3.6.3.5.1); pessimisties (3.6.3.5.2) en temperamenteel wees (3.6.3.5.3); hulle soek maklik vergelding of neem maklik wraak (3.6.3.5.3).

3.6.3.5.1 Melancholiese persone is selfgesentreerd

Melancholiese persone vertoon volgens Lumsden en MacKay (2006:4) meer selfgesentreerdheid as die ander drie persoonlikheidstipes. Hulle spandeer geweldig baie energie aan introspeksie, tot so ’n mate dat dit hulle lewens kan lamlê. Hierdie onophoudelike introspeksie kan nadelig wees omdat Melancholiese persone maklik in ’n morbiede toestand kan verval. Omdat hulle die hele tyd in hulleself gekeer is, is

dit volgens Louw en Edwards (2003:515) die persoonlikheidstipe wat maklik met depressie worstel. Hierdie selfgesentreerde eienskap kan Melancholiese persone se lewens beheer of oorheers. Lestari *et al* (2013:5) wys daarop dat as gevolg van die Melancholiese persone se sensitiewe aard en selfgesentreerdheid neem hulle maklik aanstoot en voel maklik beledig. Volgens LaHaye (1994:77) "*dra hulle, hulle gevoelens op hulle mou*." Hulle is ook geneig om agterdogtig te wees. Wanneer twee mense fluister sal melancholiese persone heel waarskynlik tot die gevolgtrekking kom dat daar oor hulle geskinder word. Hierdie vorm van denke kan volgens Littauer (1992:55) tot paranoia aanleiding gee.

3.6.3.5.2 Melancholiese persone is pessimisties

Vanweë hulle perfeksionisme en analitiese vermoë is Melancholiese persone volgens Vorkapić (2011:86) geneig tot pessimisme. Hulle sien nie net die eindpunt van 'n projek nie maar ook al die probleme wat op die pad mag opduik. Vanuit hulle oogpunt weeg die potensiële probleme swaarder as die potensiële uitkoms. Om die rede stel hulle volgens Fahey (2008:11) lae verwagtinge vir hulleself om te verhoed dat hulle teleurgestel word. Vir die Melancholiese persone lei teleurstelling tot selfbejammering en depressie. Hierdie selfbejammering kan weer aanleiding gee tot selfgesentreerdheid. Hulle pessimistiese uitkyk op die lewe maak hulle volgens Chiappelli *et al* (2005:455) vreesbevange, besluitloos en skepties. Daarom is dit vir hulle ook moeilik om in 'n span saam te werk. Hulle is bang om verkeerd te wees en stel daarom uiters hoë standaarde vir hulleself. Hierdie huiwering en pessimisme kan kritiek by ander uitlok wat hulle nog meer selfgesentreerd maak. Volgens Bennett en Bennett (2005:25) kan Melancholiese persone nie help om die onvolmaaktheid in hulself en in ander raak te sien nie.

Volgens Othman *et al* (2007:4) is niemand meer krities as Melancholiese persone nie. Omdat hulle uiters hoë standaarde stel, vind hulle dit moeilik om minder as die beste van ander te aanvaar. Baie huwelike is volgens Parrott en Parrott (2009:171) verwoes omdat hulle huweliksmaats nooit kon opweeg teen die standaarde wat die Melancholiese persone aan hul huweliksmaats gestel het nie. In plaas daarvan om die goeie raak te sien, fikseer Melancholiese persone volgens Lauberte en Ginters (2008:58) op die slegte. Indien hulle nie hul kritiek verbaliseer nie, word dit deur hulle houding teenoor ander gewys. Hulle sien mense wat nie aan hulle standaarde kan voldoen nie as ondergeskik aan hulle. Melancholiese persone is volgens Jo en Jo (2013:2) net so krities teenoor hulleself as wat hulle teenoor ander is. Dit kan hulle verhoed om hulle lewens te geniet en om saam met ander aan projekte te werk.

Wat verhoudings betref vind Melancholiese persone dit volgens Lestari *et al* (2013:5) moeilik om verhoudings te bou. Hulle bewonder ander van 'n afstand maar sodra hulle nader aan ander beweeg is hulle teleurgestel as hulle uitvind dat daardie persone ook net mense met foute is. Dit is egter vir Melancholiese persone volgens Parrott en Parrott (2009:170) moontlik om iemand anders onvoorwaarlik lief te hê. Om die rede kan hulle huiwerig wees om in die huwelik te tree as gevolg van die ander persoon se klaarblyklike tekortkominge. Baie Melancholiese persone bly ongetroud omdat hulle volgens LaHaye (1994:78) glo: "Mr./Mrs. Perfect never came along."

3.6.3.5.3 Melancholiese persone is temperamenteel

Volgens Vorkapić (2011:72) beleef geen van die ander persoonlikheidstipes groter fluktuasie in emosies as Melancholiese persone nie. Per geleentheid kan Melancholiese persone ekstase vertoon, maar meeste van die tyd voel hulle om geen rede nie, mismoedig en depressief. Melancholiese persone se geneigdheid tot depressie gee volgens Bok (2009:1) betekenis aan Hippocrates se vergelyking van hierdie persone met swartgal. Hierdie depressiewe toestand veroorsaak 'n afwaartse spiraal. Omdat Melancholiese persone uiters pessimisties en depressief word, word hulle vriende soms volgens Nodoushan (2011:35) geïrriteerd of selfs onthuts. Wanneer sensitiewe Melancholiese persone agterkom dat hulle vriende hulle vermy verval hulle in selfs nog dieper depressie. Hierdie temperamentele gedrag is volgens Casali (2008:28) gewoonlik as gevolg van Melancholiese persone se selfgesentreerde denkpatrone. Wanneer Melancholiese persone in hulle negatiewe denkpatroon vasgevang word kan dit volgens LaHaye (1994:79) tot skisofrenie aanleiding gee. Volgens Briggs-Myers *et al* (2003:48) is hulle om die rede nie goed met menslikehulpbron bestuur nie. Hulle ontbreek dikwels die vaardighede om span te bou en vind dit moeilik om ander te motiveer omdat hulle selde self gemotiveerd is.

3.6.3.5.4 Melancholiese persone soek vergelding

Alhoewel Melancholiese persone kalm en rustig voorkom, kan hulle volgens Bok (2009:3) innerlik baie woede en wraak koester, selfs oor dinge wat nie noodwendig van enige belang is nie. Hulle sal nie noodwendig hulle hartseer, woede of vyandigheid in dade laat oorgaan nie, maar hulle sal volgens Fahey (2008:15) die begeerte vir wraak vir jare koester. Dit kan gebeur dat hulle so baie woede deur die jare opkrop dat hulle later in woede uitbars en ander of hulleself skade berokken. Hierdie karaktertrek van onvergeeflikheid weeg volgens Onuka en Durowoju (2011:7) gewoonlik swaarder as hulle analitiese vermoë. Hierdie eienskap veroorsaak dat

hulle bevooroordeelde besluite neem. Hulle kan byvoorbeeld ŉ projek laat misluk bloot omdat die persone wat in beheer is hulle op een of ander tyd in die verlede aanstoot gegee het.

3.6.3.6 Gevolgtrekking van die Melancholiese persoonlikheidstipe

Bennett en Bennett (2005:35) som die Melancholiese persoonlikheid soos volg op: "The Melancholic has a strong will coupled with talent and power, but he/she can be overly cautious to the point that he/she has no courage." Melancholiese persone het volgens LaHaye (1994:80) ŉ groot behoefte aan veral die volgende ses dele van die vrug van die Gees soos in Galasiërs 5 weergegee: "liefde, vreugde, vrede, goedhartigheid, geloof en selfbeheersing." Melancholiese persone moet hulle selfvertroue verbeter deur hulle vertroue in God te plaas. Hulle moet ook daarna streef om meer sensitief teenoor ander se behoeftes te wees. Dit impliseer dat ŉ noue verhouding met Christus gebou moet word. Slegs deur so ŉ verhouding met Christus kan Melancholiese persone hulle oorkritiese verwagtings van ander beheer. Deur volkome vertroue in God kan Melancholiese persone hulle geneigdheid tot teneergedruktheid ook oorkom.

Dit is ook van belang dat hulle versigtig moet wees vir die ontwikkeling van selfbejammering. Selfbejammering kan Melancholiese persone in ŉ onproduktiewe leefwyse laat vasval. Melancholiese persone moet pastoraal-terapeuties begelei word om selfvertroue, optimisme en entoesiasme te ontwikkel. Psalm 42:6 is veral in die pastoraat met die Melancholiese persoon van uiterse belang: "[6]Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom ŉ loflied sing. Hy is my helper en my God!" Melancholiese persone moet gelei word om hulle selfvertroue en optimisme te bou. Dit is duidelik dat Melancholiese persone van groot waarde vir enige projek wat besonderse detail, organisasie en in diepte analise verlang sal wees, maar hulle moet veral teen pessimisme, selfbejammering en terneergedruktheid waak.

3.6.4 Flegmaties Persoonlikheid

Om ŉ deeglike begrip van die Flegmatiese persoonlikheidstipe te verkry sal hierdie afdeling spesifiek fokus op die omskrywing van die Flegmatiese persoonlikheidstipe (3.6.4.1); die Flegmatiese persoonlikheidstipe se lewensgewoontes (3.6.4.2); beroepsgewoontes (3.6.4.3); asook sterkpunte (3.6.4.4); en swakpunte (3.6.4.5).

3.6.4.1 Omskrywing van die Flegmatiese persoonlikheid

Volgens Chiappelli *et al* (2005:454) kry die Flegmatiese persoonlikheidstipe die naam van Hippocrates. Dit verteenwoordig die liggaamsvloeistof wat 'n kalm, rustige, gemaklike, goed gebalanseerde persoonlikheid beskryf. Flegmatiese persone is volgens Jo en Jo (2013:2) persone wat op hulle gemaklikste is wanneer hulle soveel as moontlike betrokkenheid kan vermy. Hierdie kalm en rustige eienskap van Flegmatiese persone gee hulle volgens Lumsden en MacKay (2006:7) die vermoë om in verskeie omstandighede kalm en rustig op te tree. Hier kan gesê word dat Flegmatiese persone 'n baie hoë kookpunt het en baie selde in woede of lag sal uitbars. Hulle word dus nie maklik kwaad of geïrriteerd nie. Hulle hou hulle emosies goed onder beheer. Hierdie is volgens Rolfe (2002:101) die een persoonlikheidstipe wie se gemoedstoestand taamlik konstant bly. Flegmatiese persone is volgens Lauberte en Ginters (2008:58) normaalweg goedhartig, sensitief, respekvol, simpatiek, betroubaar en akkommoderend. Hulle wys egter ook nie maklik hulle ware gevoelens vir ander nie. Flegmatiese persone voel ook volgens Puică en Florea (2013:4) baie meer emosioneel as wat op die oppervlak mag voorkom. Flegmatiese persone het die kapasiteit om die "fyner dinge" in die lewe te geniet.

Flegmatiese persone het volgens Hills (2010:99) gewoonlik nie 'n tekort aan vriende nie omdat hulle die teenwoordigheid van ander geniet. Hulle het ook volgens LaHaye (1994:27) 'n droë sin vir humor wat ander mense geniet, maar hulle lag nie sommer saam nie. Flegmatiese persone het 'n unieke vermoë om iets humoristies in ander se doen en late raak te sien. Hulle vind groot vreugde om grappe te maak met die ander persoonlikheidstipes. Vorkapić (2011:79) maak die opmerking dat Flegmatiese persone maklik deur die energieke entoesiasme van Sanguiniese persone frustreer word. Hulle word ook soms ontsteld deur die warm en goedhartige eienskappe van Melancholiese persone. Flegmatiese persone vind volgens Fahey (2008:22) vreugde daarin om "koue water" op die "warm" humeurige en trotse eienskappe van Choleriese persone te gooi.

Tog is Flegmatiese persone geneig om volgens Littauer en Sweet (2011:131) toeskouers van die lewe te wees en probeer hulle om nie te veel betrokke te raak by die aktiwiteite van ander nie. Hulle vind dit ook volgens Montgomery (2011:39) moeilik om uit hulle daaglikse roetine te beweeg. Buiten die kalm, rustige en ingetoë voorkoms van Flegmatiese persone het hulle nog ander vermoëns. Wanneer hulle tot aksie aangespoor word is Flegmatiese persone volgens LaHaye (1994:27) baie effektief. Volgens Bennett en Bennett (2005:40) besit hulle 'n wil van staal. Hulle

neem nie sommer leiding op hulle eie nie, maar wanneer hulle leierskap opgelê word, kan hulle goeie leiers wees. Nodoushan (2011:36) noem Flegmatiese persone egter “huiwerige leiers.” ’n Verder eienskap van Flegmatiese persone is dat hulle byvoorbeeld graag bevordering sal wil hê, maar sal nie sommer self daarvoor vra nie. Ongelukkig kan dit gebeur dat Flegmatiese persone in sommige gevalle hulle totale loopbaan wag vir ’n geleentheid vir bevordering omdat hulle nooit aan die deur gaan klop het nie.

Casali (2008:29) maak die opmerking dat alhoewel werkgewers Flegmatiese persone se vermoëns waardeer word hulle nie maklik as leiers gesien nie. Volgens Lestari (2013:5) het Flegmatiese persone ’n kalmerende effek op ander en kan daarom as natuurlike vredemakers beskou word. As gevolg van hierdie eienskap het hulle volgens Lumsden en MacKay (2006:4) ’n natuurlike vermoë om gespanne situasies te ontlont. As gevolg van hulle stil en toegeeflike wyse van doen vervul hulle ander se drome in plaas van hulle eie. Om die rede noem Littauer (1992:81) die Flegmatiese persoonlikheidstipe die barmhartige persoonlikheidstipe. Hulle word soms ook as humaniste beskryf. Hulle sal hulself tekort doen terwille van ander.

3.6.4.2 Die Flegmatiese persoonlikheid se lewensgewoontes

Volgens LaHaye (1994:28) is Flegmatiese persone die stadigste bestuurders van die vier persoonlikheidstipes. Flegmatiese persone sal laaste ry by ’n kruising, sal selde van bane verander, en is besluitlose wanneer hulle by die vloei van die verkeer op die hoofweg moet aansluit. Flegmatiese persone sal byvoorbeeld skielik stop wanneer hulle saam met die verkeer moet beweeg. Hulle word beskou as rustige “Sondagmiddag” bestuurders vir sewe dae van die week. Hulle kry selde boetes en is min in ongelukke betrokke, maar kan ’n hindernis op die pad wees. Wat tuinwerk aanbetref is hulle tuin en gras altyd netjies. Flegmatiese persone is selfbewuste eters en is gewoonlik die wat laaste hulle maaltyd klaar maak. Op finansiële gebied is hulle volgens Othman *et al* (2007:7) normaalweg baie akkuraat en deeglik. Hulle hou gedetailleerde rekord van hulle finansiële sake en is in staat om hulle bankbalans tot op die laaste sent te laat klop.

3.6.4.3 Die Flegmatiese persoonlikheid se beroepsgewoontes

Volgens Othman *et al* (2007:6) presteer Flegmatiese persone gewoonlik in beroepe waarin ’n mens kalm onder stresvolle omstandighede moet werk. Volgens Littauer en Sweet (2011:113) wil dit voorkom of Flegmatiese persone na die onderwys getrek word. Meeste laerskool onderwysers het ’n Flegmatiese persoonlikheid. Rolfe

(2002:116) vra in hierdie verband: “Wie anders as Flegmatiese persone het die geduld om ’n groep graad een leerlinge te leer om te lees?” Sanguiniese persone sal stories gebruik om kinders te leer. Melancholiese persone sal die kinders so kritiseer dat hulle bang sal wees om hardop te lees. Choleriese persone sal moeilik in die onderwys aanpas omdat hulle onbedagsaam en onemosioneel is. Daarteenoor skep die rustige natuur van Flegmatiese persone die ideale atmosfeer om kinders te leer.

’n Ander beroepsveld waar Flegmatiese persone volgens Steiner (2008:22) aanklank vind is die ingenieurswese. Hulle is aangetrokke tot die beginsel van beplanning en berekening. Hulle kalm analitiese vermoë maak van hulle goeie kontrakteurs, gesondheidsinspekteurs, argitekte, tekenaars, wiskundiges, rekenmeesters en ouditeurs. Hulle rustigheid maak hulle ook goeie voorsitters, opsigters en bestuurders. Omdat hulle diplomaties en toegewend is, werk Flegmatiese persone volgens Littauer (1992:82) goed met ander in werksomstandighede saam. Hulle is goeie luisteraars en werk maklik in groepsverband. Wanneer Flegmatiese persone in ’n leierskapsposisie geplaas word, het hulle die vermoë om chaos in orde te omskep deur ’n produktiewe en vreedsame werksomstandigheid te stel. Flegmatiese persone is volgens Onuka en Durowoju (2011:6) goed georganiseerd en kom selde laat of onvoorbereid by geleenthede aan. hHierdie eienskap maak hulle effektiewe bestuurders. Hulle kan dinge maklik baasraak as hulle tyd, geduld en ’n daaglikse roetine het.

Flegmatiese persoon neem volgens LaHaye (1994:30) nie maklik risiko’s nie. Hulle sal normaalweg vir hulle hele loopbaan by een werkgewer of organisasie bly. Volgens Littauer (2005:49) sal Flegmatiese persone selde hulle volle lewenspotensiaal bereik maar tog sal hulle aan die ander kant ook selde ’n mislukking van hulle lewens maak. Die rede hiervoor is dat Flegmatiese persone met hulle eie onvergenoegsaamheid worstel. Hulle het nie altyd genoegsame vertroue in hulle eie vermoëns nie. Hulle sal volgens Briggs-Myers *et al* (2003:60) beroepe kies met aftrede en persoonlike sekuriteit in gedagte, en nie noodwendig beroepsukses nie. Daarom sal hulle volgens Hills (2010:101) beroepe of werksgeleenthede wat hoë sekuriteit bied verkies. Om die rede verpes hulle dit om risiko’s te neem. Hulle sal selde ’n besigheid van hulle eie begin, al is hulle daarvoor gekwalifiseerd. Finansiële gewin is nie noodwendig vir hulle belangrik nie en hulle is gewoonlik met ’n gemiddelde leefstyl gelukkig.

3.6.4.4 Sterkpunte van die Flegmatiese persoonlikheid

Die onderstaande positiewe eienskappe, naamlik ’n skerp sin vir humor (3.6.4.4.1); betroubaarheid (3.6.4.4.2); en effektiwiteit (3.6.4.4.3) is die vernaamste sterkpunte wat deur Melancholiese persone weerspieël word.

3.6.4.4.1 Flegmatiese persone het ’n skerp sin vir humor

Flegmatiese persone raak gewoonlik nie maklik opgewonde nie maar het volgens Louw en Edwards (2003:515) ’n goeie sin vir humor. Hierdie sin vir humor weerhou hulle om nie ooremosioneel betrokke te raak in verhoudings nie. Hulle droë sin vir humor ontlok gewoonlik positiewe emosies by ander. As dit by humor kom het hulle het volgens McAdams (2009:118) ’n ingebore vermoë vir goeie tydsberekening. Hulle is ook verbeeldingryk tydens humoristiese gesprekke, en is daarom goeie storievertellers. Anders as Melancholiese persone sal Flegmatiese persone nie grappies vertel nie, hulle sal eerder net snaakse dinge op die regte tyd sê. Volgens Fahey (2008:25) het meeste komediante Flegmatiese persoonlikhede.

3.6.4.4.2 Flegmatiese persone is betroubaar

Flegmatiese persone is volgens Allen (2010:16) van nature betroubaar. Daar kan van hulle verwag word om hulle werk op tyd af te handel en hulle verpligtinge op tyd na te kom. Mense kan van hulle verwag “om die regte ding te doen.” Soos Melancholiese persone maak Flegmatiese persone volgens Sewell (2008:550) getroue vriende. Hulle ondersteun hulle vriende gewoonlik ook heelhartig en is geduldig met moeilike mense. Hulle is normaalweg uiters bedagsaam teenoor ander. Alhoewel hulle nie maklik by ander betrokke raak nie, is hulle selde dislojaal. Volgens Fulmer (2007:18) is Flegmatiese persone van nature goeie beraders. Hulle gemaklike en tydsame houding maak dit vir hulle maklik om te luister. Hulle is nie net goeie luisteraars nie, hulle het ook die vermoë om met empatie te luister. Hulle handhaaf volgens Puică en Florea (2013:4) maklik persoonlike grense wat hulle verhoed om oorbetrokke te raak by ander. As berader is hulle gewoonlik ook objektief. Hulle weerhou hulleself om te vinnig advies te gee, maar indien hulle advies gee is dit gewoonlik goed deurdink en waardevol. Volgens Lumsden en MacKay (2006:4) deurdink Flegmatiese persone hulle woorde goed voor hulle praat of skryf. Hulle is gewoonlik ook getrou aan tradisies en kan goed funksioneer in ’n burokratiese sisteem.

3.6.4.4.3 Flegmatiese persone is effektief

Flegmatiese persone is ook volgens Onuka en Durowoju (2011:7) prakties, effektief en goed georganiseerd. Omdat Flegmatiese persone versigtig en spaarsamig is met

hulle energie, ontwikkel hulle makliker as ander die kapasiteit om situasies te analiseer voor hulle betrokke raak. Omdat hulle volgens Nodoushan (2011:37) nie emosioneel reageer nie, maak hulle nie op die ingewing van die oomblik besluite nie. Montgomery (2011:44) maak die opmerking dat Flegmatiese persone praktiese oplossings en doelstellings soek wat die minste energie verg. Hulle werk volgens Steiner (2008:14) goed onder druk. Hulle doen hulle beste werk onder omstandighede wat die ander persoonlikheidstipes as stresvol mag ervaar. Hulle werk is gewoonlik ook netjies, op tyd, goed georden en effektief uiteengesit. Alhoewel hulle nie perfeksionisties is nie, handhaaf hulle volgens Littauer (1992:79) hoë standaarde vir akkuraatheid. Die netheid van hulle werksomgewing (bv. lessenaar, werksoppervlakte of studeerkamer) in die middel van ŉ groot projek is ŉ bron van verwondering vir die meer aktiewe persoonlikheidstipes. Flegmatiese persone is gewoonlik van mening dat netheid meer effektiwiteit tot gevolg het en tyd spaar. Hierdie eienskap bring volgens Bennett en Bennett (2005:41) harmonie in ŉ groep wat aan ŉ projek werksaam is.

3.6.4.5 Swakpunte van die Flegmatiese persoonlikheid

Saam met die Flegmatiese persoonlikheidstipe se positiewe karaktereienskappe word daar ook swakpunte gevind. Flegmatiese persone kan traag (3.6.4.5.1); tergend (3.6.4.5.2); hardkoppig (3.6.4.5.3) en besluitloos (3.6.4.5.4) wees.

3.6.4.5.1 Flegmatiese persone is traag

Flegmatiese persone is volgens Chiappelli *et al* (2005:455) kenmerklik traag. As gevolg van hulle rustige voorkoms sien ander hulle gewoonlik as lui. Hulle word gereeld beskuldig dat hulle “voete sleep” en nie genoeg entoesiasme, spontaniteit of belangstelling het nie. Hulle hou volgens Rolfe (2002:139) veral nie daarvan dat ander hulle in ŉ rigting in dwing nie. Hulle sal wel doen wat ander hulle beveel, maar hulle sal dit so stadig as moontlik doen. Hulle tekort aan motivering maak hulle volgens Lauberte *et al* (2009:429) toeskouers van die lewe. Hulle sal waarlik net doen wat nodig is en nie maklik ekstra moeite doen nie. Hierdie eienskappe verhoed hulle om die projekte in werking te sit. Hulle glo gewoonlik dat dit “te veel werk is.” Die rusteloosheid van Sanguiniese persone en energievlakke van Choleriese persone frustreer volgens Steiner (2008:17) Flegmatiese persone wat nie so prestasiegedrewe is nie. Hierdie eienskap kan ook spanning in verhoudings tot gevolg hê. In hulle geestelike lewe aanvaar Flegmatiese persone volgens Littauer (2005:49) dogmatiese uitsprake en kerklike beginsels makliker en sal nie so maklik die meriete van ŉ saak beredeneer soos die ander persoonlikheidstipes nie. Maar

hulle benodig volgens LaHaye (1993:195) ekstra motivering om hulle geloof te verpersoonlik en te internaliseer. Doelgerigte geestelike leiding deur ’n predikant of mentor kan Flegmatiese persone help om ’n aktiewe rol in die kerk en hulle geloof te speel. Hierdie persone moet volgens Bennett en Bennett (2005:42) egter daarteen waak dat hulle geloofslewe nie uit blote roetine bestaan nie, maar dat hulle hul geloof in daadwerklike vreugde en liefde vir die koninkryk van God beoefen.

3.6.4.5.2 Flegmatiese persone is tergend

As gevolg van hulle skerp sin vir humor vind Flegmatiese persone dit volgens Casali (2008:27) maklik om ander te terg. Flegmatiese persone gebruik hulle humor om ander aan te spoor maar hulle sal self nie opgewonde raak nie. Wanneer hulle met Choleriese of Sanguiniese persone te doen kry word Flegmatiese persone volgens LaHaye (1994:81) meer teruggetrokke. Sommige mense kan die tergende karakter van Flegmaties persone as onvanpas sien wat spanning in verhoudings tot gevolg kan hê.

3.6.4.5.3 Flegmatiese persone is selfsugtig en hardkoppig

Selfsugtigheid is volgens Montgomery (2011:30) ’n basiese swakpunt van al vier persoonlikheidstipes, maar die Flegmatiese persoon vertoon hierdie eienskap die duidelikste. Flegmatiese persone is volgens Puică en Florea (2013:4) veral selfsugtig met hulle moeite. Hierdie eienskap word mettertyd meer duidelik omdat Flegmatiese persone hulleself wil beskerm deur nie “oorbetrokke” te raak nie. Hulle is ook hardkoppig en hou nie van verandering nie. Fahey (2008:19) wys daarop dat Flegmatiese persone van nature konserwatief is. Hulle is volgens Chiappelli *et al* (2005:455) veral spaarsamig met hul energie. Hulle verskuil hul hardkoppigheid soms met hulle skerp sin vir humor. Volgens Rolfe (2002:62) word hulle met ouderdom meer hardkoppig maar sal nie noodwendig blatant wees of hulle hardkoppigheid op ander afdwing nie. In ekstreme gevalle kan hulle rebelleer teen verandering. Hoe meer hulle gedwing word hoe meer sal hulle weerstand bied. Hulle hardkoppigheid saam met hulle natuurlike selfsugtigheid maak hulle egoïsties. Lauberte en Ginters (2008:58) maak die opmerking dat Flegmatiese persone ander kan lief hê, maar dit selde vir ander sal sê.

3.6.4.5.4 Flegmatiese persone is besluitloos

Volgens Littauer en Sweet (2011:132) is daar verskeie redes waarom Flegmatiese persone besluitloos is. Eerstens, vanweë hulle analitiese vermoë wil hulle altyd “’n beter plan” vind om iets te doen, maar dit sal hulle langer neem as ander om met ’n

alternatiewe plan vorendag te kom. Teen die tyd wat hulle op ’n alternatiewe plan kom het iemand anders reeds ’n alternatiewe plan in werking. Maar omdat hulle glo dat hulle plan beter is as enige iemand anders se plan, sal hulle so min as moontlik energie spandeer of net doen wat nodig is om die ander persoon se plan uit te voer. Tweedens probeer Flegmatiese persone altyd om ander mense tevrede te stel. Hulle is volgens Briggs-Myers *et al* (2003:61) veral bang dat hulle ander mense aanstoot sal gee. Hierdie vrees verhoed hulle om besluite te neem.

Volgens Krebs-Hirsh en Kummerow (1993:8) sal hulle te alle tye konflik of konfrontasies probeer vermy. Derdens het Flegmatiese persone volgens Rolfe (2002:181) die geneigtheid om die alternatiewes waarom hulle betrokke wil raak teen mekaar moet op weeg. Hulle worstel ook met die keuse om betrokke te raak of nie. Dit beïnvloed hulle gewilligheid om hulle energie en tyd te spandeer. Hierdie besluitloosheid kan ’n diep gewortelde gewoonte word wat swaarder weeg as hulle natuurlike praktiese beredenering. Soms is hulle so besluitloos dat dit mag voorkom dat hulle nie eers weet wat hulle eie begeertes is nie.

3.6.4.6 Gevolgtrekking oor die Flegmatiese persoonlikheidstipe

Flegmatiese persone se introversie gekombineer met die hoë waarde wat hulle aan verhoudings heg, help hulle om eienskappe soos liefde, geloof en getrouheid te vertoon. As gevolg van hulle besluitloosheid moet Flegmatiese persone volgens LaHaye (1994:83) gelei word om selfvertroue te bou. Ook moet hulle leer om hulle lewens in God se hande te plaas en dat hulle nie elke aspek van hulle lewens self kan beheer nie. Aan die positiewe kant sal Flegmatiese persone selde probleme met woedeuitbarstings beleef, maar hulle moet leer hoe om konflik te hanteer en konstruktief op te los. Waar Choleriese persone selfbeheersing moet aanleer om hulle gedagtes en optrede in toom te hou, moet Flegmatiese persone weer opgewondenheid en spontaniteit aanleer.

3.6.5 Die Vier Persoonlikheidstipes en die hantering van stres

Volgens Strelau (1998:365) speel persoonlikheid ’n betekenisvolle rol in die bepaling van die impak wat stres op ’n persoon het. Die impak van stres op ’n persoon kan veral in die volgende domeine waargeneem word: (1) die intensiteitsvlak waarop karaktereienskappe vertoon word, (2) optimale vlak van stimulasie soos nodig vir normale funksionering, (3) emosioneelgeoriënteerde persoonlikheidstipes wat veral neig tot die ontwikkeling van negatiewe emosies. Volgens Smit (2009:6) dra beide deprivasie en oormatige stimulasie tot die ervaring van spanning en stres by. Alle

lewensgebeure kan gemeet word in terme van die intensiteit, maar die impak van gebeure op persone word bepaal in terme van die intensiteit waarop sekere persoonlikheidseienskappe vertoon word. Die tipe persoonlikheidseienskappe wat 'n rol speel by die belewenis van stres hang van die tipe lewensgebeurtenis af. Die belewenis van stres word dus bepaal deur die vlak van stimulus asook die individu se stimuleerbaarheid. Om die rede is dit moontlik om te voorspel wat die impak in 'n bepaalde situasie op 'n persoon met 'n bepaalde persoonlikheidstipe sal wees.



Figuur 3.17: Kapasiteit vir stres hantering in verhouding met hoë en lae vlakke stimulasie (Strelau, 1998:365).

Persone wat deur hoë stimulasie vlakke beïnvloed word (bv. persone met 'n voorkeur vir ekstroversie en sensasie) sal hoë vlakke van spanning ervaar in 'n situasie wat uit deprivasie of isolasie bestaan. In kontras hiermee sal persone wat deur lae stimulasie vlakke beïnvloed word (bv. persone met 'n voorkeur vir introversie en afsondering) deur situasies wat hoë stimulasie vereis - byvoorbeeld dood, trauma of tragedie - spanning ervaar. Figuur 2.3 demonstreer hoedat teenoorgestelde pole van dieselfde eienskappe (by. emosionaliteit) beide gesien kan word as katalisators vir stres, afhangende van die eise wat elke individuele situasie stel.

3.7 DIE TWAALF KOMBINASIES VAN DIE VIER PERSOONLIKHEIDSTIPES

'n Bron van kritiek teen die vier basiese persoonlikheidsteorië is dat dit die indruk kan wek dat alle mense in vier hokkies ingedruk kan word. Volgens LaHaye (1994:35) is dit egter nie die geval nie. Elke mens se persoonlikheidsamestelling is 'n kombinasie van ten minste twee persoonlikheidstipes waar een dominant en die ander sekondêr of ondergeskik is. Al kom dit selde voor, kan daar uitsonderlike gevalle voorkom waar

'n persoon se persoonlikheid saamgestel word uit 'n kombinasie van drie of selfs al vier persoonlikheidstipes. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan daar 'n breedvoerige uiteensetting gegee word van ten minste twaalf kombinasies van die vier genoemde persoonlikheidstipes.

Die rede vir die identifisering van twaalf kombinasies is om die vier persoonlikheidstipes meer prakties en toepasbaar in die alledaagse lewe te maak. Dit maak dit ook moontlik om persone se unieke persoonlikheidstipe meer akkuraat te omskryf as om alleenlik met die vier persoonlikheidstipes te werk. Volgens Bennett en Bennett (2005:200) is dit in meeste gevalle baie waardevol om die primêre persoonlikheidstipe te identifiseer, maar dit sal nog meer behulpsaam wees wanneer die sekondêre persoonlikheidstipe ook verreken word. Byvoorbeeld, die Sanguiniese-Choleriese persoonlikheidskombinasie met hulle kort humeur en skerp tong kan hoogs aggressief en kompeterend wees. Aan die ander kant kan die Sanguiniese-Flegmaties persoonlikheidskombinasie weer meer matig wees. Tog bly die Sanguiniese persoonlikheidstipe die dominante persoonlikheidstipe.

3.7.1 Identifisering en plasing van persone in persoonlikheidskombinasies

Die vraag wat hier gevra kan word is: Kan alle mense presies in hierdie twaalf verskillende kategorieë verdeel kan word? Met ander woorde sal almal perfek in een van hierdie persoonlikheidskombinasies pas? Die antwoord is 'n besliste nee. Geen mens pas presies in hierdie persoonlikheidskombinasies nie. Montgomery (2011:68) gee te kenne dat geen mens presies dieselfde is nie en dat daar verskeie redes gegee kan word waarom daar variasies of verskille tussen mense ontstaan. Verskeie redes kan gegee word waarom alle mense nie noodwendig presies in hierdie twaalf persoonlikheidskombinasies pas nie:

1. Die mate waarop mense 'n spesifieke persoonlikheidseienskap vertoon mag van mekaar verskil. Een persoon kan byvoorbeeld meer sensitief en 'n ander meer impulsief wees.
2. Verskillende agtergronde en kinderopvoeding mag volgens Moerdyk (2009:44) die mate waarop persone dieselfde persoonlikheidskombinasie vertoon beïnvloed. Twee persone met byvoorbeeld 'n Sanguinies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie (sien 3.7.2.1.3) sal heelwat van mekaar verskil as die een deur liefdevolle en warm ouers grootgemaak is en die ander deur meer passiewe ouers. Twee Melankolies-Flegmatiese persone (sien 3.7.2.3.3) mag ook heelwat van mekaar verskil indien die een deur gevoellose en die ander deur sagmoedige ouers grootgemaak

is. Beide mag dieselfde sterkpunte en talente vertoon maar eersgenoemde mag meer vyandigheid, depressie en selfverwyt toon wat sy/haar inherente sterkpunte en talente sal onderdruk.

3. Wanneer persone se persoonlikheidstipes getoets word mag dit gebeur dat persone nie objektief na hulself kyk nie. Alle mense poog om hulle self meer positief te beoordeel as wat hulle werklik is. Baron *et al* (2009:137) noem dit 'n "positiewe of negatiewe illusie." Hierdie sogenaamde positiewe of negatiewe illusie is moeilik om aan te pas omdat dit direk verband hou met die graad van objektiwiteit wanneer 'n persoonlikheidsvraelys voltooi word.
4. Die vlak van onderrig en intelligensie kan volgens Foxcroft en Roodt (2012:51) die plasing van persone se persoonlikheidstipe beïnvloed. Melankolies-Sanguiniese persone (sien 3.7.2.3.1) met 'n hoë intelligensievlak mag eienskappe anders vertoon as 'n Melancholies-Sanguiniese persoon met 'n gemiddelde of lae intelligensie vlak. As 'n reël neem onopgevoede persone langer as opgevoede persone om volwassenheid te bereik. Vlak van opvoeding kan direk aan persone se selfbeeld en selfvertroue verbind word. Iemand wat 'n vaardigheid bemeester het is soms meer uitgaande, selfversekerd en het meer vrymoedigheid as wat andersins die geval sou wees. Op hierdie vlak kan geslag, ouderdom, en die tipe beroep wat 'n persoon beoefen ook 'n rol speel. Hierdie verskille kan die individu ook op die vlak van persoonlikheid beïnvloed.
5. Die verskil in gesondheid en metabolisme kan ook 'n invloed hê op die mate waarop persoonlikheidseienskappe vertoon word. Choleries-Flegmatiese persone (sien 3.7.2.2.3) in top fisiese toestand kan byvoorbeeld meer aggressie vertoon as Choleries-Flegmatiese persone wat gesondheidsprobleme het. Flegmaties-Melancholiese persone (sien 3.7.2.4.3) met 'n hoë bloeddruk sal meer aktief wees as Flegmaties-Melancholiese persone wat byvoorbeeld met 'n lae bloeddruk sukkel. Hoë bloeddruk is soms die oorsaak van hoë aktiwiteitsvlakke in van die meer aktiewe persoonlikheidstipes.
6. Motiveringsvlak kan volgens Moerdyk (2009:54) ook bydra tot variasies in persoonlikheidstipes. Motiveringsvlak kan verskil van persoon tot persoon ongeag persoonlikheidstipe. 'n Persoon kan byvoorbeeld die dag van die persoonlikheidsontleding nie lus wees om die vraelys in te vul nie of nie belangstel in die navorsing wat gedoen word nie.

7. Volwasse Christenskap is ook ’n moontlike oorsaak van variasies in persoonlikheidstipes. Persone met ’n Geesvervulde lewe vind dit soms moeiliker om hulle persoonlikheidseienskappe te identifiseer. Hierdie persone maak soms die fout om ideale gedrag te evalueer in plaas daarvan om hulself te ondersoek oor hoe hulle oor die algemeen dinge doen en optree. Foxcroft en Roodt (2012:50) noem hierdie verskynsel die sogenaamde “sosiale wenslikheid bevooroordeling.” Volgens LaHaye (1994:58) is persoonlikheid gebaseer op die natuurlike persoon (wat Sigmund Froud die “werklike self” genoem het). As persone se persoonlikheid getoets word moet hulle na hulle werklike self kyk, en nie hoe hulle as Christene behoort op te tree nie.
8. Meyer *et al* (2003:195) noem dat selfbeeld ook ’n impak het op variasies in persoonlikheidseienskappe. Erik Erikson noem hierdie verskynsel “ego-sterkte” wat ook bekend staan as psigososiale sterkte. ’n Persoon met ’n lae selfbeeld sal sekere eienskappe soos vertroue of wantroue in ’n ander mate vertoon as ’n persoon met hoë selfbeeld.

3.7.2 Twaalf variasies in die persoonlikheidskombinasies

Hier moet ’n ander faktor van die kombinasies van die vier persoonlikheidstipe in gedagte gehou word. Volgens Briggs-Myers *et al* (2003:63) is daar ’n variërende skaal van persoonlikheidstipes binne in die kombinasies. ’n Voorbeeld hiervan is dat persone wat 60 persent Sanguinies en 40 persent Choleries is heelwat sal verskil van persone wat 80 persent Sanguinies en 20 persent Choleries is. Vir die doeleindes van hierdie studie gaan die persoonlikheidstipes nie verder opgebreek word as in twaalf kombinasie nie. Die twaalf kombinasies wat hier uiteengesit word sal ’n verhouding van 60 persent vir die dominerende persoonlikheid wat eerste aangedui word en 40 persent vir die sekondêre persoonlikheidstipe wat tweede aangedui word. Die Sanguinies-Choleriese kombinasie verteenwoordig dus ’n 60-40 verhouding.

3.7.2.1 Groep een: Sanguiniese persoonlikheidstipe as dominante eienskap

Met die eerste groep persoonlikheidskombinasies word die Sanguinies persoonlikheidstipe as dominante eienskappe weerspieël. Die Sanguiniese persoonlikheidstipe is hoofsaaklik ’n ekstroverte-emosionele persoonlikheid. Omdat die Sanguiniese persoonlikheidstipe by elk van hierdie kombinasies dominant is weerspieël hierdie verskeidenheid kombinasies ook in ’n minder of meerdere mate ’n ekstroverte-emosionele karakter.

3.7.2.1.1 Die Sanguinies-Choleriese persoonlikheidskombinasie

Die Sanguinies-Choleries kombinasie bestaan uit ŉ kombinasie van die Sanguiniese en Choleriese persoonlikheidstipes. In hierdie kombinasie in die Sanguiniese persoonlikheidstipe dominant. Die Sanguinies-Choleries kombinasie ŉ mengsel van twee ekstroverte persoonlikheidstipes. Die blymoedige charismatiese eienskap van die Sanguiniese persoonlikheidstipe maak hierdie persone volgens Lauberte en Ginters (2008:58) mensgeoriënteerd en entoesiasties. Maar die Choleriese karakter maak hierdie persone weer meer georganiseerd as suiwere Sanguiniese persone. Sanguinies-Choleriese persone kan ŉ goeie bydrae lewer by projekte mits hulle daaraan belangstel.

Wat die Sanguinies-Choleries kombinasie se beroepskeuses betref sal hierdie persone gewoonlik begin as verkoopspersone en later bevorder word tot verkoopsbestuurders. Volgens Puică en Florea (2013:4) is bykans enige mensgeoriënteerde beroep vir hierdie persone aantreklik. Maar om Sanguinies-Choleries persone se belangstelling by hulle huidige beroep te behou moet dit ŉ groot verskeidenheid opwindende aktiwiteite bevat. Manlike Sanguiniese-Choleriese persone is normaalweg beleefde sportentoesiaste. Gewoonlik is hulle finansieel suksesvol mits hulle genoegsame opleiding ontvang het. Sanguinies-Choleriese persone is ook gewoonlik persone wat geliefd is deur familie en vriende en word ook nie maklik deur hulle swakhede belemmer nie.

Die swakpunte van Sanguinies-Choleriese persone is volgens Littauer (1992:151) maklik opmerkbaar. Normaalweg praat hulle hopeloos te veel. Hulle laat woorde uitglip voor hulle al die feite het. Hierdie dominerende eienskap verwoes soms eerste indrukke omdat ander hulle maklik as “vol van hulself” tipeer. Wanneer hulle agterkom dat mense hulle vermy sal hulle selfs nog sterker of meer kras voorkom wat sake vererger. Wanneer hulle die middelpunt van aandag is kom Sanguinies-Choleriese persone meer gematig voor. Maar wanneer hulle bedreig voel kom hulle maklik hoogmoedig en onbeskof voor.

Volgens Rolf (2002:71) is Sanguinies-Choleriese persone se grootste probleem onbeheerde woede. Hulle tree vyandig op wanneer hulle tenagekom voel. Die kombinasie van die Sanguiniese persoonlikheid se vergeetagtigheid en die Choleriese persoonlikheid se wraaksug het tot gevolg dat Sanguinies-Choleriese persone koud kan voorkom.

Volgens Oswald en Kroeger (1999:63) is Simon Petrus die beste voorbeeld van ’n Sanguinies-Choleriese persoonlikheidskombinasie. Die redes hiervoor is dat Petrus as die selfaangestelde leier van Jesus se dissipels optree. Petrus kom deur die loop van die evangelies baie egosentries voor, hy het ook swak wilskrag, en is vinnig om te praat en te reageer. In Handelinge kan opgemerk word dat Petrus ’n transformasie ondergaan het. Met die vervulling deur Heilige Gees is Petrus meer effektief en produktief (Sien meer oor Petrus en transformasie deur die Heilige Gees by 4.4.2.8).

3.7.2.1.2 Die Sanguinies-Melancholiese persoonlikheidskombinasie

Die Sanguinies-Melancholiese kombinasie is ’n kombinasie van die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidstipes, waar die Sanguiniese persoonlikheidstipe ook dominant is. Volgens Michel *et al* (2008:54) ervaar Sanguiniese-Melancholiese persone baie emosionele skommeling. Hulle kan een oomblik histeries lag en die volgende oomblik in trane uitbars. Hulle ervaar geweldig baie medelye vir ander. Dit is volgens Bartenova *et al* (2006:3) vir hulle moeilik om ’n hartseer verhaal te hoor of ’n tragedie waar te neem sonder om in trane uit te bars. Sanguinies-Melancholiese persone is om die rede in staat om werklik die hartseer van ander te beleef.

Volgens Casali (2008:27) betoon Sanguinies-Melancholiese dokters byvoorbeeld altyd medelye teenoor hulle pasiënte. Normaalweg is hulle ook goeie onderwysers en professore. Dit is vir hulle belangrik dat hulle altyd met mense werk. Dat ander van hulle hou is vir hulle só belangrik dat dit hulle dryf om beter te presteer. Sanguinies-Melancholiese persone sal volgens Lumsden en MacKay (2006:4) beroepe in openbare optrede, toneelspel, musiek en die kunste verkies. Hulle weerspieël ’n groot mate perfeksionisme wat veroorsaak dat hulle kritiek aan ander verbaliseer. Hulle is normaalweg mensgeoriënteerd wat konkrete bydraes in ander mense se lewens kan lewer mits hulle volgens Nodoushan (2011:36) hul egosentrisme en arrogansie leer beheer.

Omdat Sanguiniese en Melancholiese persone beide “dagdromers” is, is dit volgens Rolfe (2002:74) een van die swakpunte waarmee hulle lewenslank sal worstel. Beide van hierdie persoonlikheidstipes ervaar onsekerheid wat hulle bang maak om na hulle volle potensiaal te streef. Vanweë hulle emosionele aard sal hulle wraak vir lang tydperke koester. Hulle emosionele geaardheid gee hulle egter volgens Bennett en Bennett (2005:188) ’n merkwaardige vermoë om ’n noue verhouding met God te hê. Koning Dawid dien volgens LaHaye (1994:39) as ’n voorbeeld van ’n Sanguiniese-Melancholiese persoon. Dawid was ’n uiters geliefde persoon wat beide mans en vrouens met sy charisma gelok het. Dawid was ’n dramatiese en

emosionele persoon. Hy was ŉ musikant (1 Samuel 18:10), ŉ digter (Psalm 8:1; 16:1; 32:1), en het besluite impulsief geneem deur owerspel en moord te pleeg (2 Samuel 11:1-27). Vanweë die Sanguiniese-Melancholiese persoonlikheidskombinasie se emosionele aard, het Dawid ŉ reeks verkeerde besluite geneem wat sy lewe drasties beïnvloed het (1 Samuel 24:1-13). Tog het Dawid vanweë sy emosionele aard ook selfbeheersing getoon (1 Samuel 25:1-8). Nie alle Sanguinies-Melancholiese persone is soos Dawid in staat om die skerwe van hulle lewens op te tel. Swak wilskrag maak dit moeilik vir hulle om hulself weer uit die moeilikheid op te tel. Volgens Littauer (2005:79) sal dit goed wees vir Sanguinies-Melancholiese persone om daagliks hulle krag in die Heilige Gees te soek.

3.7.2.1.3 Die Sanguinies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie

Die Sanguinies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie bestaan uit die kombinasie van die Sanguiniese en Flegmatiese persoonlikheidstipes, waar die Sanguiniese persoonlikheidstipe hier ook dominant is. Hulle is volgens Quenk en Kummerow (2011:17) persone waarvan ander maklik hou. Die dominerende en selfgesentreerde eienskappe van die Sanguiniese persoonlikheid word volgens Steiner (2008:10) versag deur die gemaklike en sagmoedige Flegmatiese persoonlikheid. Sanguinies-Flegmatiese persone het ŉ "happy-go-lucky" en kommervrye gesindheid en het ook ŉ goeie sin vir humor. Hulle het ŉ eindelose lys van grappies en vind vreugde daarin om ander te laat lag, soms ook wanneer ŉ situasie erns verlang. Van die Sanguiniese persoonlikheidskombinasies weerspieël hulle die minste ekstroversie. Hierdie eienskap veroorsaak dat hulle eerder buite ŉ omgewing van konflik wil optree as om pro-aktief daaraan deel te neem.

Onuka en Durowoju (2011:7) wys daarop dat Sanguinies-Flegmatiese persone gewoonlik mense is wat hulle gesinne en kinders bestraal met liefde. Indien hulle deur Christelike waardes gedryf word, leef hulle ook die liefde tot buite die grense van hul eie gesinne uit. Volgens Chiappelli *et al* (2005:456) is Sanguinies-Flegmatiese persone se grootste swakpunte ŉ tekort aan motivering en selfdissipline. Hulle sal volgens Lumsden en MacKay (2006:8) eerder verkies om te sosialiseer as om te werk, en neem die lewe nie so ernstig soos ander op nie. Hulle werkgewers het soms gemengde gevoelens oor hulle. Werkgewers geniet hulle teenwoordigheid maar sal meer produktiwiteit van hulle verlang. LaHaye (1994:40) haal die woorde van ŉ werkgewer aan om te illustreer: "Hy was die oulikste persoon wat ek ooit moes afdank." Sanguinies-Flegmatiese persone word volgens Puică en Florea (2013:4) nie maklik ontsteld nie en is geneig om die goeie in alles raak te sien.

Wanneer Christus die objek van Sanguinies-Flegmatiese persone se liefde word, kan dit hulle transformeer in meer buigsame, doelgerigte en pro-aktiewe mense. Volgens LaHaye (1994:40) is Apollos die naaste aan ŉ Nuwe Testamentiese voorbeeld van ŉ Sanguinies-Flegmatiese persoon (Handelinge 18:24-28; 1 Korintiërs 3:5-6; Titus 3:13). Hy was ŉ bekwame leier en predikant wat Paulus en ander kerkplanters opgevolg het. Hy het ŉ verskeidenheid van kerke onder leiding van die Heilige Gees met prediking en leierskap bedien. Hy was geliefd onder almal en sommige het hom passievol nagevolg (1 Korintiërs 1:12). Die gemeente in Korinte was besonder geheg aan hom (1 Korintiërs 4:6). Dit blyk dat Apollos ŉ bekwame en passievolle persoon was wat baie rondgeswerf het (1 Korintiërs 16:12).

3.7.2.2 Groep twee: Die Choleriese persoonlikheidstipe as dominante eienskap

In hierdie groep persoonlikheidskombinasies word die Choleriese persoonlikheidstipe as dominante eienskappe weerspieël. Die Choleriese Persoonlikheidstipe is ŉ ekstroverte-onemosionele persoonlikheidstipe. Omdat die Choleriese persoonlikheid die dominant persoonlikheid in elk van die volgende persoonlikheidskombinasies is sal hierdie persoonlikheidskombinasies ook tot ŉ mindere of meerdere mate ekstroverte-onemosionele eienskappe vertoon.

3.7.2.2.1 Die Choleries-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie

Die Choleries-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie bestaan uit die kombinasie van die Choleriese en Sanguiniese persoonlikheidstipes waarvan die Choleriese persoonlikheidstipe hier die dominante persoonlikheidstipe is. Die Choleries-Sanguiniese kombinasie is volgens Lestari *et al* (2013:5) die tweede sterkste ekstroverte persoonlikheidstipe tussen die verskillende kombinasies. Choleries-Sanguiniese persone word bykans totaal gedomineer deur aktiwiteit. Meeste van hulle inspanning is volgens Lauberte *et al* (2009:489) produktief en doelgerig, maar hulle kan vinnig ongeduldig word. Hulle is natuurlike aanmoedigers en kan bykans enigiets aan iemand verkoop. Choleries-Sanguiniese persone het ook genoegsame charisma om ander tot hulle aangetrokke te maak. Hulle kom ook maklik met ander oor die weg.

Volgens Briggs-Myers *et al* (2003:63) is Choleries-Sanguiniese persone die mees gemotiveerde persone en floreer op uitdagings. Hulle pak elke nuwe uitdaging vreesloos en met grenslose energie aan. Hulle het normaalweg volgens LaHaye (1994:41) ŉ "alles of niks" houding. Omdat hulle goeie oorredingsvermoë het, is hulle goeie advokate en verkoopspersone. Hulle is volgens Lestari *et al* (2013:5) ook

mense wat altyd raakgesien word en maklik vriende maak. As predikante is Choleries-Sanguiniese persone volgens Oswald en Kroeger (1999:12) beide aangelê vir praktiese Bybelonderrig en kerklike administrasie. As politikusse is hulle in staat om die mense van 'n saak te oortuig. As onderwysers en dosente is hulle uitstekende kommunikeerders veral in die sosiale wetenskappe. Hulle word egter nie maklik in Wiskunde, Wetenskap en abstrakte vakdissiplines aangetref nie. Wat ook al hulle beroepskeuse mag wees, hulle gedagtes is altyd besig.

Die vernaamste swakpunt van Choleries-Sanguiniese persone is volgens Burger (2004:220) vyandigheid. Hierdie persoonlikheidskombinasie kombineer volgens Rolfe (2002:97) die ontploffende woede van die Sanguiniese persoonlikheidstipe en die brandende wraakkoestering van die Choleriese persoonlikheidstipe. Hulle is ongeduldig met ander wat nie dieselfde dryfkrag as hulle het nie. Hulle is soms trots daarop om op 'n sarkastiese wyse reguit met ander te wees. Volgens Lauberte en Ginters (2008:58) is dit vir Choleries-Sanguiniese persone moeilik om op slegs een ding op 'n slag te fokus. Dit is soms die rede waarom hulle ander persone aanstel om dit wat hulle begin het klaar te maak. Hulle spreek hulle opinie vrylik uit en is onnadenkend en poog om noodgedwonge projekte af te handel wat hulle in die eerste plek nie moes aanpak nie. Littauer (2005:79) noem dat indien Choleries-Sanguiniese persone se lewens nie deur die Heilige Gees beheer word nie mag hulle poog om hulle onnadenkende gedrag te regverdig. Hulle sal nie twee keer dink om ander te manipuleer of om oor ander te loop om hulle doel te bereik nie.

Meeste Choleries-Sanguiniese persone word volgens Jo en Jo (2013:2) so diep in hulle werk weggevoer dat hulle persoonlike verhouding in die slag kan bly. Om die rede kan hulle huweliksmaats voel of hulle nie meer belangrik en geliefd is nie. Hulle huweliksmaats sal hulle gewoonlik aanhang maar terselfde tyd vrees. Indien so 'n huwelik volgens Littauer en Sweet (2011:150) ontbind kan die eggenote van Choleries-Sanguiniese persone voel dat hulle menswaardigheid aangetas is. Wanneer Choleries-Sanguiniese persone egter leer hoe belangrik hulle liefde vir hulle gesinne is, kan dit hulle totale huishouding transformeer.

Volgens LaHaye (1994:42) is Jacobus, die skrywer van die Nuwe Testamentiese brief, 'n voorbeeld van 'n Choleries-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie. Die fokus van sy brief is dat geloof wat nie in dade oorgaan nie, dood is (Jacobus 2:2-8). Een van die menslike swakhede wat Jacobus in Jacobus 3:1-12 beskryf is dat die tong nie deur die mens beheer kan word nie. Dit is een van die eienskappe wat direk aan die Choleries-Sanguiniese persone gekoppel kan word. Hulle het gewoonlik 'n

vlymskerp en aktiewe tong. Wanneer hulle egter in Christus oorwinning behaal oor hulle wreedheid, sarkasme en oordrewe soeke na produktiwiteit kan hulle 'n totale lewensverandering ondergaan en baie in Christus behaal.

3.7.2.2.2 Die Choleries-Melancholiese persoonlikheidskombinasie

Die Choleries-Melancholiese persoonlikheidskombinasie is 'n kombinasie wat uit die Choleriese en Melancholiese persoonlikheidstipes bestaan. Die optimisme en praktiese werksaamheid van die Choleriese persoonlikheid domineer die nukkerigheid van die Melancholiese persoonlikheidstipe. Hierdie kombinasie maak Choleries-Melancholiese persone beide doelgeoriënteerd en gefokus op detail. Hierdie persone doen gewoonlik volgens Rolfe (2002:56) goed op skool, het 'n skerp en analitiese verstand en kan deurdinkte besluite neem. Choleries-Melancholiese persone kan vooraanstaande leiers wees. Leiers waarop mens altyd kan staat maak om hulle werk deeglik te doen. Volgens Vorkapić (2011:86) is hulle gewoonlik uitstekende advokate omdat hulle uitstekende redenaars is.

Volgens Littauer en Sweet (2011:105) is Choleries-Melancholiese persone uiters kompeterend en passievol. Hulle is gewoonlik suksesvol met enigiets wat hulle aanpak. Hierdie persoonlikheidskombinasie is heelwaarskynlik die mees natuurlikste leiers. Montgomery (201169:43) wys daarop dat hulle swakpunte net so merkwaardig soos hulle sterkpunte is. Hulle is geneig om outokraties te wees, en word veral gevind onder diktators wat bewondering en haat gelyktydig kan inspireer. Hulle gee maklik en vrylik hulle opinie en sal selde huiwer om te sê wat in hulle gedagtes is. Hulle is lief daarvoor om te argumenteer, al sou hulle teen hulle eie sieninge ingaan sal hulle steeds argumenteer net ter wille van die argument.

Volgens Steiner (2008:9) is Choleries-Melancholiese persone skerp en vinnige praters. Hulle sarkasme kan ander egter seermaak. Hulle is meestal gevoelloos en probeer nie net om ander seer te maak nie maar om regtig skade te berokken. Hulle kan gesien word as natuurlike stryers. Volgens Boeree (2006:3) koester die Choleries-Melancholiese persone taamlik baie woede en wraak. Buiten 'n liefdevolle verhouding met 'n huweliksmaat, is dit vir hulle moeilik om interpersoonlike verhoudings te kweek. Volgens Littauer (2005:123) kombineer hulle die rigiede eienskap van die Choleriese persoonlikheidstipe met die perfeksionistiese eienskap van die Melancholiese persoonlikheidstipe. Hulle metodes om hul kinders te dissiplineer kan om hierdie rede baie streng en selfs oordrewe wees. Hulle ontwikkel volgens Nodoushan (2011:36) maagsere en hoë bloeddruk wat nie noodwendig onderliggende biologiese oorsake het nie. Na die ouderdom van vyftig het hulle 'n

hoë risiko vir koronêre hartsiektes. Wanneer Choleries-Melancholiese persone ŉ geesvervulde lewe lei, kan hulle ŉ uitstekende bydrae tot die Christendom lewer.

Volgens LaHaye (1994:44) is Paulus (wat in 3.5 van hierdie studie as 'n primêr Choleriese persoon beskryf word) meer spesifiek ŉ Choleries-Melancholiese persoonlikheidskombinasie. Voor Paulus se bekering was hy vyandig en wreed in sy vervolging van die Christendom (Handelinge 8:1-3). Selfs na sy bekering weerspieël Paulus ŉ sterk wilskrag waar hy byvoorbeeld na Jerusalem toe gegaan het ten spyte daarvan dat God hom daarteen gewaarsku het (Handelinge 20:22-24). Paulus se briewe en bediening weerspieël die prakties-analitiese vermoë en selfopofferende dog gedrewe natuur van die Choleries-Melancholiese persoonlikheidstipe (1 Timoteus 4:6-8). Paulus is ŉ uitstekende voorbeeld van God se transformerende krag in die lewe van ŉ Choleries-Melancholiese persoon wat totaal en al aan sy wil toegewy kan word (Galasiërs 1:11-24).

3.7.2.2.3 Die Choleries-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie

Die Choleries-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie is ŉ kombinasie tussen die Choleriese en Flegmatiese persoonlikheidstipes. Hier is die Choleriese persoonlikheidstipe ook dominant. Volgens Lumsden en MacKay (2006:4) is die Choleries-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie die mees saggeaarde ekstroverte kombinasie. Hierdie kombinasie bestaan uit die aktiewe en temperamentele eienskappe van die Choleriese persoonlikheidstipes en die rustige, kalm en min gesteurde Flegmatiese persoonlikheidstipes. Hulle is nie soos die Choleries-Melancholiese kombinasies geneig om te vinnig te reageer nie, hulle is meer bedagsaam en subtiel.

Volgens Lauberte en Ginters (2008:58) is Choleries-Flegmatiese persone goed georganiseer. Hulle het die vermoë om dinge noukeurig te beplan en hard te werk. Ander persone geniet dit gewoonlik om saam met hulle te werk omdat hulle weet waarheen hulle oppad is en omdat hulle werk deeglik vooraf beplan is. Hulle het die vermoë om die beste gebruik te maak van hulle vaardighede. Hulle vat ander nie maklik in die gesig nie en misbruik ander ook nie. Hulle sal nie alles self wil doen nie maar sal sake so reël dat ander persone se bydrae ingereken word. Hulle sal oor die algemeen die sienswyse hê: "Waarom moet ek alleen tien mense se werk doen terwyl tien mense die werk kan doen." Hulle is mense wat verpligtinge kan delegeer en werk verdeel. Hulle glo in die stelling "vele hande, ligte werk!" Bennett en Bennett (2005:211) wys daarop dat Choleries-Flegmatiese persone gewoonlik goeie huweliksmaats en ouers maak. Hulle is ook uitstekende administrateurs. Maar hulle

deel die swak punte van al die ander ekstroverte personlikheidstipes. Alhoewel hulle nie so impulsief is soos ander ekstroverte nie, is hulle tog geneig om wraak te koester en kan in bitterheid verval. Die sarkasme van die Choleriese persoonlikheid word versag met die sagmoedige benadering van die Flegmatiese persoonlikheid. Hulle woede en wraak word op 'n subtiele wyse vermom. Dit is soms moeilik om te onderskei of hulle ernstig is of net 'n grap maak.

Lestari *et al* (2013:5) toon aan dat nie een van die ander Choleriese kombinasies so hardkoppig is soos die Choleriese-Flegmatiese persone nie. Dit is vir hulle moeilik om hulle eie foute te erken. Titus kan volgens LaHaye (1994:46) dien as 'n voorbeeld van 'n Choleries-Flegmatiese persoon. Titus wat beskou word as Paulus se "geestelike seun" was 'n geestelike leier vir 'n verskeidenheid gemeentes (Titus 1:4). Titus was die tipe persoon waarop Paulus kon reken om in sy afwesigheid die evangeliebediening getrou voort te sit. Paulus se brief aan Titus is om die rede ideale studiemateriaal vir die Choleries-Flegmatiese predikant.

3.7.2.3 Groep drie: Melancholiese persoonlikheidstipe as dominante eienskap

Die volgende groep persoonlikheidskombinasies het die Melancholiese persoonlikheidstipe as dominante eienskap. Die Melancholiese persoonlikheidstipe is 'n introverte-emosionele persoonlikheidstipe. Om die rede vertoon die onderstaande persoonlikheidskombinasies ook tot 'n mindere of meerdere mate hierdie introverte-emosionele eienskappe.

3.7.2.3.1 Die Melancholies-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie

Die Melancholies-Sanguiniese kombinasie bestaan uit 'n kombinasie van die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes met die Melancholiese persoonlikheidstipe as die dominante eienskappe. Melancholies-Sanguiniese persone is volgens Chiappelli *et al* (1994:46) goeie leermeesters en goeie onderwysers, veral Hoërskoolonderwysers en Universiteitsdosente. Die Melancholiese kenmerke laat hierdie persone kennis feitelik weergee waar die Sanguiniese kenmerke hulle weer in staat stel om goed met studente te kommunikeer. Hulle verkies gewoonlik sosiale wetenskappe, teologie, filosofie, letterkunde of menswetenskappe as vakgebied. Volgens Littauer en Sweet (2011:120) sal die Melancholies-Sanguiniese persone ook verkope verkies wat die weergee van feite en besonderhede vra. Hulle maak ook goeie prokureurs uit en voel tuis in die mediese professie. Bykans enige beroep in die handel- en nywerheidsektor sal vir die Melancholies-Sanguiniese gepas wees. Alhoewel hulle

volgens Chiappelli *et al* (2005:455) tot baie in staat is, blyk dit dat hulle eerder verkies om vir iemand anders te werk as op eie risiko ’n besigheid te begin. Mits hulle hul huweliksmaats en kinders aanvaar vir wie hulle is, maak hulle volgens Rolfe (2002:127) gewoonlik getroue huweliksmaats en betroubare ouers uit. Melancholies-Sanguiniese persone is dikwels goeie musikante. Hulle maak ook stylvolle seremoniemeesters uit en indien hulle die bediening betree is hulle gewoonlik geliefd.

Volgens Moerdyk (2012:134) beleef Melancholies-Sanguiniese persone emosionele skommeling. Wanneer die omstandighede waarin hulle hulself bevind tevredenheid skep, sal hulle uitermatig gelukkig wees. Maar wanneer dinge vir die slegte uitwerk, verval hulle in selfbejammering. Soos enige dominante Melancholiese persoon moet hulle volgens Louw en Edwards (2003:515) die wag hou oor hulle denkprosesse. As gevolg van hulle emosionele karakter kom trane baie maklik. Hulle kan egter ook op ’n onrealistiese wyse krities wees teenoor ander. Melancholies-Sanguiniese persone is geneig om onbuigsaam te wees en sal net saam met ander werk as dinge gereël word soos hulle dit wil hê. Volgens Lestari *et al* (2013:5) is Melancholies-Sanguiniese persone soms vreesagtig, onseker en het ’n lae selfbeeld wat hulle potensiaal kan beperk. Hulle is gewoonlik tot meer in staat as wat hulle besef. Hulle versteek soms hulle vaardighede, tot so mate dat ander ook nie hulle potensiaal raaksien nie.

Volgens LaHaye (1994:48) vertoon baie van die profete ’n Melancholies-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie. Voorbeelde hiervan is onder andere Johannes die Doper, Elia en Jeremia. Hulle het die merkwaardige vermoë gehad om met God te kommunikeer. Hulle was selfopofferend en het genoegsame charisma gehad om mense na hulle toe aan te trek. Hierdie persone het ’n sterk wettiese aanslag met hulle prediking gehad en mense tot bekering geroep. Hulle reaksies ten opsigte van hulle omstandighede was soms gedramatiseer. Hulle het in hulle eie vermoëns getwyfel en het ook met depressie geworstel.

3.7.2.3.2 Die Melancholies-Choleriese persoonlikheidskombinasie

Die Melancholies-Choleriese persoonlikheidskombinasie bestaan uit ’n kombinasie van die Melancholiese en Choleriese persoonlikheidstipes met die Melancholiese persoonlikheidstipe as dominante eienskap. Volgens Allen (2010:16) word die Melancholiese “donker” gemoedstemming “verlig” deur die sterk wilskrag en toewyding van die Choleriese persoonlikheid. Melancholies-Choleriese persone kan byna in enige beroep suksesvol wees. Hulle is volgens Sewell (2008:50) beide perfeksionisties en vooruitstrewend. Hulle is suksesvolle advokate omdat hulle twee

keer so hard werk om vir ’n saak voor te berei - wat hulle kanse op sukses ook verhoog. Volgens Smith (2011:44) besit hulle sterk leiereienskappe. Hulle geniet dit om “voorsitter” te wees en sal nooit onvoorbereid by ’n vergadering opdaag nie. Hulle sal soms ook beroepe in die politiek verkies. Wat sport betref kan Melancholies-Choleriese persone aangetref word in sportsoorte wat presisie en akkuuraatheid verg soos krieket en gholf. Anders as Melancholies-Sanguiniese persone begin Melancholies-Choleriese persone hulle eie besighede en bestuur dit gewoonlik ook doeltreffend.

Melancholies-Choleriese persone se natuurlike swakpunt is volgens Bennett en Bennett (2005:207) dat hulle nie hulle eie emosies en gedagtes verwoord nie. Hulle sê nie maklik wat hulle wil hê nie en is uiters moeilik om te vrede te stel. Wanneer hulle negatiewe denke het vind ander dit moeilik om met hulle saam te leef. Hulle gemoedstemming volg gewoonlik ook hulle gedagtegang. Alhoewel hulle nie soos die ander Melancholiese persoonlikheidskombinasies vir lang tye in depressie verval nie, word hulle volgens Puică en Florea (2013:4) steeds maklik depressief. Beide Melancholiese en Choleriese persoonlikheidstipes word deur self-verwyt, self-woede en self-kritiek geteister. Daarom verval Melancholies-Choleriese persone maklik in depressie wanneer dinge skeef loop. Hulle sal maklik vra: “Here, waarom ek?” Volgens Montgomery (2011:77) is dit nie vreemd dat Melancholies-Choleriese persone God of hulle medemens vir hulle probleme blameer nie. Indien hulle hierdie gedagtes vir lang tydperk koester verhoog dit hulle risiko vir die ontwikkeling van Bipolêre depressie.

Volgens Lauberte en Ginters (2008:58) kan Melancholies-Choleriese persone se oordrewe fokus op detail ander teen die mure uitdryf. Niemand is meer bewus van hierdie feit as hulle huweliksmaat en kinders nie. LaHaye (1994:50) maak in hierdie opsigte die opmerking dat hierdie persone dringend die liefde van God in hulle lewe nodig het. Melancholies-Choleriese persone bereik nie altyd hulle volle potensiaal nie juis omdat hulle geneig is om woede en wraak te internaliseer. Maar tog toon van die groot Bybelskrywers Melancholies-Choleriese persoonlikheidseienskappe. Volgens Hills (2010:145) sluit dit onder ander Moses en Lukas, die skrywer van die Lukas evangelie en die Handelinge van die apostels, in (sien 4.6 vir uitgebreide uiteensetting oor Moses).

3.7.2.3.3 Die Melancholies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie

Die Melancholies-Flegmatiese persoonlikheidskombinasie bestaan uit die kombinasie van die Melancholiese en Flegmatiese persoonlikheidstipes met die

Melancholiese persoonlikheidstipe as die dominante eienskap. Hierdie introverte persoonlikheidskombinasie kombineer die analitiese en perfeksionistiese eienskappe van die Melancholiese persoonlikheidstipe met die georganiseerde en effektiewe eienskappe van die Flegmatiese persoonlikheidstipe. Hulle het normaalweg ŉ sagte natuur wat blom in ŉ stil en afgesonderde omgewing. Hulle is volgens Chea *et al* (2009:22) nie geneig tot woede en wraak soos die voorafgaande Melancholiese persoonlikheidskombinasies nie en kom normaalweg goed oor die weg met ander.

Melancholies-Flegmatiese persone blink volgens Rolf (2002:117) gewoonlik uit in die onderwys en meer spesifiek Taalkunde en Wiskunde. Buiten ŉ beroep in hoër onderwys blink hulle ook uit in die mediese- en farmaseutiesevelde, tandheelkunde, argitektuur, teologie en ander analitiese velde wat hoë voorbrein funksie vereis. Hulle is ook hoë gerespekteerde skrywers, filosowe, wetenskaplikes, kunstenaars en musikante. Omdat hulle volgens Allen (2010:16) uiters perfeksionisties is en op detail ingestel is maak hulle ook goeie rekenmeesters en ouditeure uit. As Melancholies-Flegmatiese persone die mediese- of tandheelkundige velde betree is dit nie ongewoon dat hulle sal spesialiseer nie.

Ten spyte van die Melancholies-Flegmatiese persoonlikheidstipe se begaafdheid het hulle soos al die ander persoonlikheidstipes ook swakpunte. Melancholies-Flegmatiese persone word maklik ontmoedig en ontwikkel negatiewe denkpatrone. Hulle is volgens Littauer (2005:43) kwesbaar vir die ontwikkeling van vrees, angs en ŉ negatiewe selfbeeld. Hulle is normaalweg stil en kalm maar is wel in staat om woede en wraak te koester. Buiten konstante gemoedsveranderinge kan hulle ook onbuigsaam en hardkoppig wees. Sodra hulle egter leer om nie krities teenoor ander te wees nie kan hulle lewens en hul menseverhoudinge volgens Krebs-Hirsh en Kummerow (1993:8) verbeter. As gevolg van hulle pligsgetrouheid kan ander hulle dwing om verpligtinge aan te gaan wat hulle nie werklik wil nie. Hierdie oordrewe pligsbesef het ook tot gevolg dat hulle soms te veel tyd weg van die huis en gesin spandeer. Maar wanneer hulle fokus verskuif is hulle uiters geliefd deur hulle gesinne omdat hulle ŉ voorbeeld van selfdissipline en toewyding stel. Indien Melancholies-Flegmatiese persone nie leer om hulle gesondheid eerste te stel nie mag hulle aan uitbranding en koronêre hartsiektes begin ly.

Volgens Hills (2010:145) is die beste Bybelse voorbeeld van ŉ Melancholies-Flegmatiese persoon die apostel Johannes. Tydens een geleentheid het Johannes so kwaad geword vir die Samaritane dat hy Jesus gevra het om vuur uit die hemel af te roep om hulle te verteer (Lukas 9:51-55). As gevolg van hulle kort humeure word

Johannes saam met Petrus die “manne van die donder” genoem (Markus 3:17). Maar tog vertoon Johannes ook sensitiewe eienskappe toe hy tydens ete met sy kop op Jesus se bors gelê het (Johannes 13:23-25). By Jesus se kruisiging was hy ook die enigste dissipel wat toegewyd gebly het. Johannes word ook deur Jesus aangewys om sy na dood sy moeder te versorg (Johannes 19:25-27). Later in Johannes se lewe word hy een van die grootste kerkleiers en laat vyf Nuwe Testamentiese boeke vir die kerk na (Johannes evangelie, Openbaring en die drie briewe van Johannes). Johannes was ook ’n lewende getuie van die transformerende werking van die Heilige Gees. Johannes wat eers bekend gestaan het as ’n “man van die donder” word die apostel van liefde (Handelinge 8:14-15). Liefde is juis die hooftema in sy evangelie en briewe (1 Johannes 3:11-17; 2 Johannes 1:4-11).

3.7.2.4 Groep 4: Die Flegmatiese persoonlikheidstipe as dominante eienskap

Die volgende groep persoonlikheidskombinasies het die Flegmatiese persoonlikheid as dominante persoonlikheidstipe. Die Flegmatiese persoonlikheidstipe is ’n introverte-onemosionele persoonlikheidstipe. Om die rede vertoon die onderstaande persoonlikheidskombinasies ook tot ’n mindere of meerder mate hierdie introverte-onemosionele eienskappe.

3.7.2.4.1 Die Flegmaties-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie

Die Flegmaties-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie bestaan uit ’n kombinasie van die Flegmatiese en Sanguiniese persoonlikheidstipe. Volgens Louw en Edwards (2003:518) is dit die een kombinasie waarmee ander die beste mee oor die weg kom, selfs na ’n lang tydperk van blootstelling. Hulle word volgens Montgomery (2011:76) beskou as aangenaam, gelukkig, bedagsaam, mens-georiënteerd, diplomaties, betroubaar en liefdevol. Hulle het ook ’n goeie sin vir humor. Flegmaties-Sanguiniese persone is gewoonlik geliefd.

Volgens Rolfe (2002:50) sal Flegmaties-Sanguiniese persone nie graag ’n beroep in verkope verkies nie. Hulle hou nie daarvan om onder hoë druk te werk nie. Baie Flegmaties-Sanguiniese persone verkies onderwys of administrasie, boekhouding, meganika of ingenieurswese. Volgens Bartenova *et al* (2006:5) is baie Flegmaties-Sanguiniese persone ook begrafnisondernemers, wetenskaplikes, wiskundiges, radio omroepers, sielkundiges, pastorale beraders, bouers of konstruksiewerkers. Hulle het volgens Nodoushan (2011:39) gewoonlik ook goeie gesinsverhoudings en toon baie liefde teenoor hulle huweliksmaats en kinders. Hulle verkies ’n stil en rustige lewenspas. Indien hulle toegewyde Christene is en iemand het wat hulle motiveer

kan hulle heel moontlik ’n aktiewe rol in die kerk speel. Die swakpunte van die Flegmatiese-Sanguiniese persoonlikheidskombinasie is volgens Boeree (2006:3) net so subtiel soos hulle persoonlikheidstipe self. Die Flegmatiese persoonlikheidstipe se te tekort aan motivering en die Sanguiniese persoonlikheidstipe se tekort aan dissipline kan hierdie persone verhoed om hulle volle potensiaal te bereik. Dit gebeur soms dat hulle hul studies staak en goeie geleenthede laat verbygaan. Hulle vermy enige iets wat “te veel inspanning” verg.

Hulle is volgens Lumsden en MacKay (2006:4) geneig om onstantvastig te wees, eensaamheid te geniet, en gee nie werklik om as die jare verbygaan nie. Hulle is ook nie geneig om rond te swerf nie en bereik nie werklik baie in hulle lewens nie. Volgens LaHaye (1994:53) is die gesegde “opposites attract” vir Flegmaties-Sanguiniese persone waar. ’n Flegmaties-Sanguiniese dame sal soms aangetrokke wees tot ’n aktiewe man wat haar deur die lewe kan dra. Maar hulle passiwiteit frustreer hulle huweliksmaats. Hulle huweliksmaats sal vir hulle elke moontlike self-bevordering boek op die mark koop maar hulle sal aan die slaap raak terwyl hulle dit lees. Een van die mees algemene vrae wat eggenote van Flegmaties-Sanguiniese persone vra is volgens Bennett en Bennett (2005:72) “Hoe kan ek my huweliksmaat motiveer?” Hulle sien vrees en bekommernis volgens Littauer (1992:131) as addisionele probleme wat onnodige onsekerheid ontlok. Hulle verkies om eerder ’n muur van beskerming om hulleself te bou. Hulle sal op ’n selfsugtige wyse enige soort van betrokkenheid by aktiwiteite vermy wat ’n groot bydrae tot hulle gesinne se wel en weë sou kon maak.

Volgens LaHaye (1994:53) is Timoteus die beste voorbeeld van ’n Flegmaties-Sanguiniese persoon. Timoteus is saggeaard, betroubaar en is goedhartige. Timoteus word ook beskryf as Paulus se gunsteling geestelike seun (1 Timoteus 1:2). Hy was betroubaar en standvastig maar ook skaam en vreesagtig. Paulus laat Timoteus die werk van ’n evangelis doen (2 Timoteus 4:5) maar moedig hom konstant aan om meer passievol te wees. Om passievol te wees is God se uitdaging aan enige Flegmaties-Sanguiniese persoon.

3.7.2.4.2 Die Flegmaties-Choleriese persoonlikheidskombinasie

Die Flegmaties-Choleriese kombinasie bestaan uit die kombinasie van die Flegmatiese en Choleriese persoonlikheidstipes met die Flegmatiese persoonlikheid hier ook as die dominante persoonlikheidstipe. Volgens Vorkapić (2011:19) is die Flegmaties-Choleriese persoonlikheidskombinasie die mees aktiefste van al die Flegmatiese persoonlikheidskombinasies, maar hulle is beslis ook nie aktief en vol

energie nie. Soos met die ander Flegmatiese persoonlikheidskombinasies is dit maklik om met Flegmaties-Choleriese persone oor die weg te kom. Om die rede word hulle maklik as leiers verkies. Indien hulle volgens Chiappelli *et al* (2005:456) genoegsame opleiding ontvang kan hulle ook goeie voorsitters, adjunkpresidente, rekenmeesters en onderwysers wees.

Flegmatiese persone is oor die algemeen goeie luisteraars met 'n werklike belangstelling in ander mense. Daarom het hulle die potensiaal om goeie beraders of sielkundiges te wees. Flegmaties-Choleriese persone het volgens Lestari *et al* (2013:5) geweldig baie geduld en is soms in staat om mens te help wie se probleme nie deur ander beraders opgelos kon word nie. Hulle saggeaarde eienskappe laat ander gemaklik voel. Volgens Fahey (2008:12) bied hulle nie maklik hulle persoonlike dienste vir ander aan nie. Hulle hou van hulle eie persoonlike ruimte. In hierdie persoonlike ruimte kan hulle gewoonlik professioneel funksioneer. Die advies wat hulle gee is gewoonlik prakties, behulpsaam, en - indien hulle Christelik opgevoed is - ook betroubaar.

Volgens Fulmer (2007:12) is Flegmaties-Choleriese persone se swakpunte nie onmiddellik sigbaar nie, maar kom stelselmatig na die oppervlakte, veral in hulle huislike omgewing. Buiten die tekort aan motivering en probleme met vrees en angs kan hulle ook hardkoppig en ontoegeeflik wees. Hulle sal volgens Jo en Jo (2013:3) nie in woede uitbars nie, maar bloot weier om hulle samewerking te gee. Hulle is nie sommer vyandig nie en is ook nie vegters nie maar sal hulle innerlike woede en hardkoppigheid in stilte beleef. Na konflik sal hulle volgens Casali (2008:27) gewoonlik in stilswye verkeer. Hulle sal ontvlug na hulle private plekkie of sal tot na middernag televisieprogramme kyk. Hoe ouer Flegmaties-Choleriese persone word hoe meer word hulle geneig om 'n passiewe lewenshouding in te neem. As gevolg van hulle rustige natuur sal hulle gewoonlik 'n lang en vreedsame lewe hê.

LaHaye (1994:55) wys egter daarop dat geen ander persoon in die Bybel die eienskappe van 'n Flegmaties-Choleriese persoon beter as Abraham vertoon nie. Vroeg in Abraham se lewe het vrees alles wat hy aangepak het gedomineer. Met sy roeping kon hy nie die veiligheid van die stad Ur agter laat nie (Genesis 12:1-20). Uit vrees het hy by twee geleenthede voorgegee dat sy vrou sy suster is (Genesis 12:11-12; Genesis 20:1-5). Later het Abraham sy hele lewe in God se hande oorgegee. (sien 4.7 vir breedvoerige uiteensetting van Abraham as Flegmatiese persoon). By Abraham word dit duidelik hoe sy swakste punt deur 'n lewe in afhanklikheid van God aan die einde sy sterkste punt word. In Genesis 15:6 staan:

“Abraham het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abraham volgens die wil van die Here gehandel het.” Romeine 4:3 staaf die gevolgtrekking: Wat sê die Skrif? “Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek.”

3.7.2.4.3 Die Flegmaties-Melancholiese persoonlikheidskombinasie

Die Flegmaties-Melancholiese persoonlikheidskombinasie bestaan uit ’n kombinasie van die Flegmatiese en Melancholiese persoonlikheidstipes met die Flegmatiese persoonlikheid hier ook die dominante persoonlikheidstipe. Smith (2011:44) wys daarop dat die Flegmaties-Melancholiese persoonlikheidskombinasie die mees sagmoedige, saggeaarde en stil persoonlikheidstipe is. Hulle word volgens Carter (2007:2) selde kwaad of vyandig en sal bykans nooit iets sê waarvoor hulle later sal moet om verskoning vra nie. Dit is waarskynlik omdat hulle oor die algemeen selde iets sê. Hulle sal hulself bykans nooit in verleentheid stel nie. Hulle sal meestal die aanvaarbare dinge doen en sê en gepaste klere aantrek. Volgens Onuka en Durowoju (2011:7) het Flegmaties-Melancholiese persone die gawe om genade te betoon en behulpsaam te wees. Hulle het die vermoë om op ander se nood te reageer mits hulle hulself toelaat om uit hulle eie gemaksone te beweeg en in die lewe en situasie van ander in te beweeg.

Flegmaties-Melancholiese persone is volgens Burger (2004:220) gewoonlik netjiese en georganiseerde mense. Hulle doen goed in beroepe soos fotografie, voorraadopname en beroepe wat analise en uitleg bevat. Verder kan hulle ook volgens Briggs-Myers *et al* (2003:61) gevind word in beroepe soos bemarking, meganika, onderwys, aptekerswese, tandheelkunde, skrynwerkery of enige beroep wat besonderse detail en geduld verg. Soos meeste Flegmatiese persone is Flegmaties-Melancholiese persone veral geneig om huisvas te wees. Indien hulle energie dit toelaat het hulle die vermoë om hulle huise netjies in stand te hou. Wat hulle swakpunte betref noem Montgomery (2011:112) dat Flegmaties-Melancholiese ouers die nodige dissiplinering van hulle kinders kan nalaat. Hierdie passiwiteit het tot gevolg dat hierdie ouers hulle kinders toelaat om aan hulle ongehoorsaam te wees wat swak selfdissipline in hulle kinders tot gevolg het. Dit kan gebeur dat hulle kinders teen hulle in opstand kom (Efesiërs 6:4).

Ander swakpunte van die Flegmaties-Melancholiese persoonlikheidskombinasie draai rondom hulle vrees, selfsug en lae selfbeeld. Alhoewel hulle goed gekwalifiseer kan wees, mag hierdie eienskappe veroorsaak dat hulle geleenthede laat verbygaan uit vrees vir mislukking. Hulle vrese verhoed hulle volgens Chae *et al* (2009:22) om hulle natuurlike potensiaal te bereik. Meeste Flegmaties-Melancholiese persone skop

sterk teen enige betrokkenheid by instansies. Omdat hulle volgens Lauberte en Ginters (2008:59) nie innerlik gemotiveerd is nie, wil hulle nie verantwoordelikheid aanvaar. Uitwendige stimulering kan hulle motiveer om na groter doelwitte te streef. Volgens Puică en Florea (2013:4) werk meeste Flegmaties-Melancholiese persone goed onder druk, maar hierdie druk moet van buite op hulle toegepas word. As gevolg van hulle passiwiteit moet hulle spesifiek aandag gee aan hulle liggaamsgesondheid. Fisiese aktiwiteite kan 'n geweldige groot impak op hulle lewens hê.

Volgens Hills (2010:101) is Flegmaties-Melancholiese persone se grootste bron van motivering die Heilige Gees. Barnabas wat Paulus op sy eerste sendingreis vergesel het is 'n goeie voorbeeld van 'n Bybelse ekwivalente Flegmaties-Melancholiese persoon. Barnabas het helfte van sy besittings aan die armes gegee. Hy was volgens Branch (2007:296) ook die man wat met Paulus in 'n dispuut betrokke geraak het om sy neef Johannes Markus nog 'n kans te gee om Paulus op sy tweede sendingsreis te vergesel (Handelinge 15:35-39). Hierdie dispuut tussen Paulus en Barnabas het so heftig geword dat Barnabas self die reis aangepak het sonder Paulus. Barnabas was ongemaklik met konfliksituasies. Hy het na die konfrontasie met Paulus sy eie reis saam met Markus aangepak.

3.7.2.5 Gevolgtrekking: Twaalf persoonlikheidskombinasies

Uit die bostaande uiteensetting is dit duidelik dat die twaalf kombinasies van die vier persoonlikheidstipes van Hippocrates die reikwydte en klassifikasie moontlikhede van hierdie model verbreed. Die toepassing van hierdie kombinasies op die spesifieke konteks van die predikant is uiters relevant. 'n Deeglike verstaan van 'n persoon se persoonlikheidsamestelling, swak en sterk punte sal selfkennis bevorder. Hierdie kombinasies help om individue se uniekheid, persoonlike styl en spesifiek voorkeure te beskryf. Hierdie fyner klassifikasie beskryf ook in meer besonderhede hoe persone in bepaalde situasies mag optree asook die wyse waarop persone inligting verwerk of verskillende situasies mag benader. Ook bied dit vir persone 'n beter begrip van hoe hulle in sosiale- en werksomgewings funksioneer.

3.7.3 Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes

Met die studie van persoonlikheid en die effek van persoonlikheid op spesifiek gedragspatrone is dit noodsaaklik om te kyk na Tipe-A en Tipe-B persoonlikheidstipes. Hierdie klassifikasie van Tipe-A en Tipe-B persoonlikhede geskied op grond van die gedrag wat persone spesifiek in werksomgewings vertoon.

Dit kan beter omskryf word as die gedrag agter persone se werkmetode of benadering tot aspekte van hulle werk.

3.7.3.1 Tipe-A Persoonlikheid

Die Tipe-A persoonlikheid staan ook bekend as die koronêr-geneigde persoonlikheid. Hierdie klassifikasie is deur Friedman en Rosenman (1974) met hulle destydse publikasie getiteld "*Type A behavior and you hart*" ontwikkel. Hierin het hulle die moontlike risikofaktore vir koronêre hartsiektes en gedragspersone wat daartoe aanleiding kan gee, geïdentifiseer. Van Wyk *et al* (2009:1) noem ses gedragspatrone wat kenmerkend is aan Tipe-A persoonlikheid: (1) Swak gedefinieerde doelwitte; (2) Kompeterend; (3) Voortdurende strewe na bevordering en erkenning; (4) Betrokkenheid by verskeie take; (5) Werk op 'n versnelde fisiese en verstandelike tempo, en; (6) 'n hoë fisiese paraatheid.

Volgens Prinsloo (2014:11) loop persone met hierdie eienskappe toenemend risiko tot gesondheidsprobleme soos byvoorbeeld hoë bloeddruk, hartvaatsiektes, koronêre hartaanvalle en obesiteit. Om 'n deegliker begrip oor die Tipe-A gedragspatrone te verkry gaan hier verder gefokus word op die sleutelgedragskenmerke van hierdie persoonlikheidstipe.

- **Oordrewe tydsbesef:** Volgens Derlega *et al* (2005:467) is persone met Tipe-A persoonlikheid geneig om gejaagd te wees en hou hulle horlosie voortdurend dop. Daar word verwys na hierdie toestand as "hurry sickness." Hierdie persone sal altyd vinnig beweeg, loop en eet. Volgens Van Jaarsveld (2003:119) is hierdie persone geneig om ongeduldig met stadige mense te wees. Volgens Louw en Edwards (2003:596) is persone met Tipe-A gedrag ongeduldig met die pas waarteen die meeste dinge gebeur. Hulle probeer dikwels persone aanjaag en voltooi soms ander se sinne. Hulle is dus voortdurend in worsteling met tyd, selfs al is hulle uitgeput of moeg. Burger (2004:216) wys daarop dat persone met Tipe-A gedrag al hoe meer in al hoe korter tyd skeduleer. Hulle maak ook nie voorsiening vir onvoorsiene gebeure in hulle skedule nie. Volgens Utami en Nahartyo (2012:568) het persone met Tipe-A persoonlikheid langer werkdae, maar ervaar meer werksontevredenheid as die Tipe-B persoonlikheid.
- **Meerfasige gedrag:** Persone met Tipe-A persoonlikheid vertoon meerfasige gedrag. Hiermee word bedoel dat hulle twee of meer take gelyktydig wil aanpak en/of uitvoer. Volgens Weiten (2004:538) wil persone met 'n Tipe-A

persoonlikheid meer bereik in ŉ korter tyd. Om die rede neem hierdie persone ook vinnige en soms ondeurdagte besluite.

- **Oormatige verantwoordelikheidsgevoel:** Persone met Tipe-A gedrag vertoon normaalweg ŉ oormatige verantwoordelikheidsgevoel. Hulle dink selfs oor werk terwyl hulle veronderstel is om te ontspan. Volgens Larsen en Buss (2010:577) het persone met Tipe-A persoonlikheid ŉ onwrikbare geloof in hulle eie vermoëns en vind dit uiters moeilik om take afwaarts te delegeer. Hulle glo dat hulle in staat is om andere se laste te dra. Tipe-A persone beleef ŉ mate van hoogmoed en trots. Volgens Louw en Edwards (2003:596) voel hierdie persone ook skuldig as hulle probeer ontspan of selfs net vir ŉ paar uur niks doen nie. Hulle smag na erkenning en het ŉ behoefte om in beheer te wees.
- **Hoë mate van aggressiwiteit:** Volgens Minnaar (2001:17) is persone met Tipe-A gedrag sterk op kompetisie ingestel en sal maklik en vryelik kritiek lewer. Hulle toon ook ŉ redelike lae frustrasietoleransie. Indien hulle tenagekom word, sal hulle op ŉ impulsiewe of aggressiewe wyse reageer. Volgens Bruck en Allen (2003:459) word Tipe-A persone vyandig as hulle bedreig voel, kommunikeer op skerp, aggressiewe wyse, en is oor die algemeen baie mededingend en selfgesentreerd.
- **Intense gedrag:** Prinsloo (2014:12) maak die opmerking dat persone met Tipe-A persoonlikheid ŉ vinnige lewenstempo het wat deurgaans gehandhaaf word. Hulle is gewoonlik swak luisteraars en is geneig om mense in die rede te val. Hulle praat vinnig en is lief om uitroepe soos “Nooit;! Beslis!; Absoluut!” te gebruik. Woorde of idees word ook soms beklemtoon deur met die vuis op die tafel te slaan of met die vingers of hande te beduie. Hulle is geneig om hulself oor normale grense te stoot en voel soms gefrustreerd met hulle werk.

Die kenmerke van Tipe-A persoonlikheid is duidelik die van selfgedrewe, uiters taakgeoriënteerde mense. Om die rede is hulle hoogs vatbaar vir die belewenis van stres, uitbranding en interpersoonlike konflik. Aangesien hulle volgens ŉ streng daaglikse skedule werk, is dit volgens Baron *et al* (2009:357) nodig om aanpassings te maak ten einde tyd in te ruim vir ontspanning, die Here, kinders en huweliksmaats en tyd om bloot net weg te breek. Utami en Nahartyo (2012:571) beskryf Tipe-A persoonlikheid as “*Gestres vir sukses*!” Baie mense met Tipe-A persoonlikheid glo dat hulle slegs effektief kan funksioneer wanneer hulle onder uiterste tydsdruk verkeer, oorlaai is met werk of teen ŉ geweldige tempo werk. Wat Tipe-A persoonlikheid betref kan ŉ hoë pligsbesef valse skuldgevoelens tot gevolg hê.

Hierdie skuldgevoelens volg gewoonlik wanneer hulle nie aan alle verwagtinge kan voldoen nie. Verder kan interne stresfaktore ook tot moedeloosheid aanleiding gee. Grobbelaar (2007:109) het met haar studie rondom stres by Gereformeerde predikante bevind dat predikante geweldige innerlike konflik beleef, juis omdat hulle voel dat hulle passie om die evangelie te verkondig in konflik is met wat hulle dink die verwagtinge van uiterlike strukture is.

3.7.3.2 Tipe-B Persoonlikheid

Aan die ander kant van die skaal word Tipe-B persoonlikheid nie deur Tipe-A gedrag gekenmerk nie. Tipe-B persoonlikheid is gemakliker mense, minder aan druk onderhewig, geduldiger, in staat om te ontspan sonder om skuldig te voel en minder geneig om vyandiggesind te wees. Volgens Baron *et al* (2009:357) is Tipe-B meer geïnteresseerd in ander en sal ook geneig wees om meer erkenning te gee aan dit wat ander ten spyte van beperkinge bereik. Teenoor Tipe-A persoonlikheid vertoon persone met Tipe-B persoonlikheid die volgende eienskappe:

- Hulle interpersoonlike verhoudings is warm en vriendelik.
- Hulle kompeteer by wyse van sosiale interaksie en dit is nie vir hulle belangrik om te wen nie.
- Hulle is gewoonlik nie gedruk vir tyd nie.
- Hulle word nie maklik ongeduldig met ander nie.
- Hulle sal geen vyandigheid koester nie, en nie ’n behoefte hê om ander met hulle prestasies te beïndruk nie.
- Hulle sal sonder skuldgevoel kan ontspan en tyd maak om pret te hê.
- Tipe-B persone is gewoonlik beter luisteraars as Tipe-A persone.
- Hulle is geneig om stadiger as Tipe-A persone te praat.
- Hulle dink of werk aan een ding op ’n slag.
- Hulle projekteer kalmte en is meer op hulle gemak.
- Hulle plaas meer klem op sosiale interaksie en het nie so ’n groot behoefte om in beheer te wees.
- Hulle is emosioneel meer gematig en sal nie sommer in woede uitbars nie.
- Hulle is bereid om ‘n breek te neem wanneer die druk te veel raak.
- Hulle sal makliker handdoek ingooi indien hulle gefrustreerd word.
- Hulle toon nie uitermate emosies wanneer hulle vertel van hulle frustrasie nie.

Volgens Van Wyk (2014:60) moet Tipe-A en Tipe-B persoonlikhede nie as twee absolute kategorieë beskou word nie. Dit moet eerder gesien word as ’n kontinuum

waar sterk Tipes-A gedrag aan die een pool en sterk Tipe-B gedrag aan die ander lê. Sterk Tipes-A persone se moontlikheid op 'n hartaanval is egter dubbel die van Tipe-B persone.

3.7.3.3 Verhouding tussen Tipe-A persoonlikheid en locus van beheer

Tipe-A gedrag word gewoonlik in die werksituasie versterk. Diegene wat die meeste werk verrig en die beste presteer, word gewoonlik beter beloon (finansieel en sosiaal). Colman (2009:428) definieer locus van beheer as die oortuiging dat 'n persoon se prestasies die gevolg van persoonlike beheer is (Interne locus van beheer), en nie die gevolg van eksterne faktore wat op iets of iemand anders se invloed berus nie (eksterne locus van beheer). Prinsloo (2014:12) verduidelik dat diegene met 'n interne locus van beheer glo dat dit hulle eie pogings is wat die verskil maak in die uitkoms van hulle werk. Aan die ander kant glo persone met 'n eksterne locus van beheer dat hulle pogings geen verskil aan die uitkoms sal maak nie. Persone met 'n interne locus van beheer soek aktief inligting wat relevant is vir hulle eie planne, werk beter saam met ander, staan sosiale druk teen, en het beter streshanteringsvaardighede. In kontras hiermee voel persone met 'n eksterne locus van beheer gefrustreerd en blameer ander vir dinge wat verkeerd loop omdat hulle self nie beheer oor hulle werk kan uitoefen nie. Persone met 'n eksterne locus van beheer vind dit ook moeilik om hulle eie doelwitte en drome na te streef.

Om in beheer te wees blyk 'n belangrike eienskap in die Tipe-A gedragspatroon te wees. Dit speel egter volgens Van Wyk *et al* (2009:60) ook 'n groot rol by emosionele reaksies wat aanleiding gee tot spanning en angs. Tipe-A gedrag word veral geaktiveer wanneer persone se sin van beheer bedreig word. Die drang om in beheer te wees lei tot intense gedrag (woede, angs of vyandigheid) wat deel vorm van 'toksiese' Tipe-A gedrag wat tot koronêre hart- en bloedvattoestande aanleiding kan gee. Eksterne locus van beheer saam met Tipe-A persoonlikheidseienskappe hou direk verband met verlaagde werkstevredenheid. Die mate waarop persone interne of eksterne locus van beheer ervaar het 'n negatiewe of positiewe effek op persone se selfkonsep.

3.7.3.4 Tipe-A persoonlikheid en gesin-werk konflik

Met 'n empiriese studie het Bruck en Allen (2003:457) bevind dat Tipe-A gedrag direk verband hou met gesin-werk konflik. Persone wat Tipe-A gedrag vertoon (kompeterend, ongeduldig, aggressiwiteit, vyandigheid en gejaagdheid) is meer geneig om in konflik betrokke te raak, om oorlaai te wees en oorbetrokke te raak by

hulle werk. Gesin-werk konflik vind plaas wanneer ’n individu se pogings om een rol te vervul inmeng in die pogings om ’n ander rol te vervul (beroepverantwoordelikhede teenoor gesinsverantwoordelikhede). Gesin-werk konflik vind ook plaas wanneer gedrag wat in die een rol plaasvind (angs, aggressie of vyandigheid) oorvloei in die uitvoering van ’n ander rol. Konflik wat in werksomstandighede ontstaan (byvoorbeeld ervarings tydens kerkraadsvergaderings) kan met die gesonde funksionering van die gesin inmeng. Hierdie eienskappe het ‘n direkte invloed op familiebetrokkenheid. Persone wat oorlaai en oorbetrokke is in hulle beroep kan afsydigof afwesig word by gesinsverantwoordelikhede en aktiwiteite wat die gesinsverhoudings en intimiteit beïnvloed.

3.7.3.5. Terapeutiese intervensie by die Tipe-A persoonlikheid

Terwyl die meeste werkgewers Tipe-A gedrag aktief aanmoedig omdat dit klaarblyklik tot prestasie lei, blyk dit volgens Weiten (2004:539) dat persone met Tipe-B eienskappe net so effektief in die werksituasie kan wees as die Tipe-A persone. Tipe-A persone moet bewus word van die feit dat Tipe-A gedrag nie noodwendig ’n vereiste vir beroepsukses is nie. Hierdie persone moet ook bewus gemaak word van die feit dat Tipe-A gedrag negatief inwerk op fisiese, geestelike en emosionele gesondheid. Die negatiewe gevolge weeg gevolglik baie swaarder as die klaarblyklike voordele. Van Wyk *et al* (2009:60) stel voor dat Tipe-A persone bewus moet word van bepaalde stresverwante faktore asook hulle reaksies daarop. Ook moet hierdie persone bewus word van hulle persepsies aangaande interne en eksterne locus van beheer (sien 3.7.3.3). Hierdie persone word sodoende meer vaardig in die strewe na persoonlike doelwitte terwyl hulle die negatiewe effek van Tipe-A gedrag op hulleself en interpersoonlike verhoudings verminder.

Dit blyk dus dat suksesvolle intervensiestrategieë by Tipe-A gedrag op die bevordering van selfkennis berus. Hierdie intervensiestrategieë gee dus aanleiding tot psigologiese bewustheid (denkprosesse, besluitnemingsprosesse en gedrag). Betekenisvolle intervensies behoort daarop gefokus te wees om individue te help om produktiewe lewens te kweek sonder om die fisiese, geestelike, en interpersoonlike prys te betaal. Die gevolge van die hoë vlakke van stres wat Tipe-A gedrag veroorsaak kan volgens Niemann (2010:219) deur middel van ’n gebalanseerde dieet en oefenprogram teengewerk word. Dit is egter noodsaaklik dat Tipe-A persone geïdentifiseer word voordat intervensie kan plaasvind. Dit is ook belangrik om die oorsake van Tipe-A gedrag tydens intervensie aan te spreek. Om die oorsake van gedrag na te laat, mag pogings tot intervensie onsuksesvol laat. Ook moet elemente

in die werksomgewing aandag geniet. Dit is juis die wisselwerking tussen Tipe-A gedrag en omstandighede wat gesondheidsrisikofaktore verhoog. Dit is daarom belangrik om elemente van individue se spesifieke beroepsomstandighede in ag te neem wat moontlik tot Tipe-A gedrag aanleiding gegee het.

3.8 GEVOLGTREKKING

Die gebruikmaking van persoonlikheidsontleding maak vanuit die bogenoemde uiteensetting die deur oop tot verbeterde selfkennis en selfinsig. Die verstaan van eie persoonlikheidstipe en interne sielkundige prosesse wat aanleiding gee tot bepaalde gedrag, kan werkstevredenheid asook inter- en intrapersoonlike verhoudings verbeter. Hierdie selfkennis dra ook tot die ontdekking van swak en sterkpunte by. Kennis van persoonlikheidstipes verhoog ook die verstaan van hoe iemand ander persone in ‘n bepaalde omgewing benader. Gevolglik kan ’n deeglike selfkennis predikante bemagtig om hulle uniek eienskappe te benut. ’n Deeglike kennis van persoonlikheidstipe kan lewens dus op verskillende maniere verryk:

- ✓ **Verbeterde selfkennis:** Verstaan van persoonlikheidstipe kan individue help om verantwoordelikheid vir hulle reaksies en gedrag te neem.
- ✓ **Verbeterde kennis van ander:** Kennis van persoonlikheidstipes kan individue help om te erken dat mense van mekaar verskil. Hierdie kennis kan help om verkille tussen mense nuttig te gebruik in plaas daarvan om dit as irritasie of hindernis te sien.
- ✓ **Verbeterde interpersoonlike perspektief:** Om individuele verskille in die konteks van persoonlikheidstipes te verreken help individue om die geldigheid van ander se standpunte in te sien.

Selfkennis en selfinsig is uiters noodsaaklik vir suksesvolle interaksie met mense. Indien persone bewus is van hulle individuele waarde, eienskappe, wyse van optrede, tekortkominge - veral vanuit ’n Christelike perspektief gesien, sal hulle bemagtig word om stabiliteit in hulle lewens en verhoudings te bring. Verder is dit duidelik dat persoonlikheid ’n groot invloed het op alles wat die mens doen. Persoonlikheid beïnvloed persone se optrede, beroepskeuse, asook die persepsies wat persone van hulleself en ander vorm. Persoonlikheid beïnvloed ook persone se besluitnemingsprosesse en die mate van verantwoordelikheid wat mense vir hulle gedrag neem. Persoonlikheid bepaal ook hoe afhanklik of onafhanklik persone van ander funksioneer.

Dit is duidelik dat persone wat hulle vir die bediening voorberei kan baat uit verbeterde selfkennis wat persoonlikheidsontleding bied. Die verstaan van die innerlike werking van persone se gedrag is noodsaaklik. In plaas daarvan om te veroordeel leer persone hoe om gedrag te analiseer en te verstaan. Kennis van persoonlikheidstipes help veral om te sien hoe God die mens geskape het en hoe Hy spesifieke persone wil gebruik. Vanuit die verskillende persoonlikheidsteorieë verstaan ons ten eerste dat God die mens geskape het met sekere voorkeure en eienskappe wat die mens se natuurlike neigings bepaal. Tweedens, dat die interaksie tussen die mens en sy/haar omgewing die vertoning van persoonlikheidseienskappe beïnvloed. Derdens, dat die innerlike sterk en swak punte van persoonlikheidstipes gedrag op verskillende wyse bepaal en beïnvloed.

Die bostaande uiteensetting van die verskillende persoonlikheidstipes verskaf insig dat verskillende mense met verskillende persoonlikheidstipe op verskillende wyses in dieselfde omstandighede optree. Mense met verskillende persoonlikheidstipes sal verskillend op ’n stresvolle omstandigheid reageer. Persoonlikheid het veral ’n invloed op persone se beroep. Beroepskeuse, persoonlik benadering, die prediking, interpersoonlike verhoudings, gewoontes, motiveringsvlak, onderlinge motiewe en selfs godsdiensbeoefening is alles eienskappe wat deur persoonlikheidstipe beïnvloed word. Om die rede is dit duidelik dat ’n deeglike kennis van individuele persoonlikheidstipe uiters noodsaaklik is vir predikante in die GKSA.

Diensverlating kan aktief teengewerk word indien predikante verstaan hoe hulle individuele persoonlikheidstipe hulle werk- en leefwêreld beïnvloed en die impak wat dit op hulle persoonlike lewens uitoefen. Dit is egter ook duidelik dat kennis van persoonlikheid inter- en intrapersoonlike verhoudings positief kan beïnvloed. Om die uniekheid van persone te erken help om persone se uniek gawes maksimaal te benut. Dit help verder om persone tot aktualisering te begelei.

HOOFSTUK 4

SKRIFPERSPEKTIEWE TEN OPSIGTE VAN DIE GEROEPE DIENAARS SE PERSOONLIKHEIDSTIPES

4.1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Met hierdie hoofstuk gaan gepoog word om bepaalde Skrifperspektiewe ten opsigte van geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidtipes te omskryf. Hierdie ondersoek na geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidtipes word gebaseer op die vier basiese persoonlikheidstipes soos dit in hoofstuk 3 uiteengesit is (sien 3.6). Hierdie hoofstuk sal daarom poog om die derde navorsingstaak wat Osmer (2008:133) identifiseer, naamlik die *normatiewe taak* te beantwoord. Hierdie taak poog om die vraag "*wat behoort te gebeur*" te beantwoord Deur middel van eksegese gaan die unieke verhouding tussen God en sy geroepe dienaars ondersoek word. Die doel is om tot dieper insig van hoe God met sy geroepe dienaars met verskillende persoonlikheidstipes te werk gaan, te kom. Ook gaan vasgestel word hoe God verskillende mense roep om in sy koninkryk diensbaar te wees. Hierdie eksegetiese ondersoek behoort 'n bydrae te lewer tot die toerusting van predikante in die GKSA om hulle roeping en persoonlike worstelinge in die bediening vanuit Gods Woord te verstaan en in hulle persoonlike lewe te integreer.

4.2. PASTORAAL-EKSEGETIESE VERTREKPUNT VAN DIE HOOFSTUK

Met hierdie hoofstuk gaan gepoog word om vanuit die Woord van God te illustreer hoe God gewone individue met verskillende persoonlikheidstipes gebruik om sy dienswerk te verrig. Vir die doeleinde gaan daar vier verskillende Bybelse figure geïdentifiseer word wat elk die vier persoonlikheidstipes vertoon. Elk van hierdie persone word op 'n besondere wyse deur God geroep en gebruik tot die opbou van sy koninkryk. Elk vertoon kenmerke eie aan hulle persoonlikheidstipe asook inherente sterk en swakpunte. Deur eksegese sal aangetoon word hoe God hierdie individue deur die werking van die Heilige Gees transformeer om effektiewe en gehoorsame diensknegte te wees. Deur die werking van die Heilige Gees in hierdie persone se lewe voer hulle die wil van God op wonderbaarlike wyse uit.

'n Belangrike vraag wat aandag moet kry is: Kan bepaalde Bybelse figure se persoonlikheidstipes eksegeties geïdentifiseer word? Dit is volgens Sewell (2008:36) moontlik om deur middel van eksegese persoonlikheidseienskappe by bepaalde Bybelse figure te identifiseer. Die redes hiervoor is dat persoonlikheidstipes

waargeneem kan word (4.2.1), persoonlikheidstipes is ŉ God gegewe kwaliteit (4.2.2), persoonlikheidstipes is voorspelbaar (4.2.3), persoonlikheidstipes het elk waarneembare sterk en swak punte (4.2.4), persoonlikheidseienskappe kan verbeter word (4.2.5). Elk van hierdie voorveronderstellings is ŉ funksie van eksegese. Die eksegeet word die spreukwoordelike "waarnemer" van die genoemde eienskappe van persoonlikheid.

4.2.1 Persoonlikheidstipes kan waargeneem word.

Volgens Littauer en Sweet (2011:18) kan persoonlikheidseienskappe en daarom persoonlikheidstipes in persone waargeneem word. Persoonlikheidseienskappe kan waargeneem word omdat dit in menslike gedrag na vore kom. Om die rede kan basiese waarnemings gemaak word wanneer ŉ bepaalde persoon op ŉ bepaalde wyse kenmerkend aan ŉ bepaalde persoonlikheidstipe optree, byvoorbeeld impulsief, versigtig, passief of passievol. Om die rede kan gesê word dat ŉ persoon se gedrag sy/haar persoonlikheid openbaar. Op die soortgelyke wyse kan gedrag in bepaalde Bybelse figure deur middel van eksegese waargeneem en persoonlikheidstipes geïdentifiseer word. Maar veral kan ook waargeneem word hoe God met elk van hierdie persone van dag tot dag werksaam is. Parrott en Parrott (2010:25) maak die opmerking: "*You can observe a lot just by watching others*." Deur middel van eksegese word die eksegeet die waarnemer, en word op die wyse bewus van die inherente persoonlikheidseienskappe van Bybelse figure. Die navorser erken dat daar genoeg inligting van ŉ bepaalde Bybelse figuur ter sprake moet wees om ŉ eksegetiese ondersoek vir hierdie doelstelling te kan uitvoer. Die eksegeet word op die wyse ŉ getuie van elk van hierdie Bybelse figure se optrede en gedrag asook God se werking in hulle lewens.

4.2.2 Persoonlikheidstipes is ŉ God gegewe kwaliteit.

Om die doeleindes van hierdie eksegetiese studie te bereik moet die oorsprong van individuele persoonlikheid duidelik gestel word. Volgens Sewell (2008:39) is ŉ mens se persoonlikheid ingebore, en daarom ŉ Godgegewe kwaliteit. Psalm 139:4-16 getuig van God se inherente skeppingswerk van die mens:

> "U ken my gedagtes nog voor dit by my opkom... [4]Daar is nog nie ŉ woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees... [13] U het my gevorm, my aan mekaargeweef in die skoot van my moeder... Dit weet ek verseker: [15]Geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is nie... [16]U het my al

gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is."

God het om die rede aan elke mens volgens Oswald en Kroeger (1999:33) bepaalde persoonlikheidstrekke gegee wat elke individuele persoon uitmaak (Genesis 1:27). Natuurlik kan persone bepaalde aspekte van hulle gedrag aanpas maar elkeen se inherente persoonlikheid bly teenwoordig en bepaal hoe mens lewenslank optree. Deur die werking van die Heilige Gees vernuwe God daardie aspekte van die mens se persoonlikheid om die gelowige te omskep in die persoon wat God hom/haar oorspronklik bedoel het om te wees (Burke, 2013:24). God se inherente betrokkenheid by elke persoon se persoonlikheid kan daarom deur 'n eksegetiese proses waargeneem word. Die eksegetiese proses ondersoek hoe God elk van hierdie persone se persoonlikhede gevorm en, in en deur geloof, vernuwe het.

4.2.3 Persoonlikheidstipes is voorspelbaar.

Met betrekking tot persoonlikheid kan 'n mens volgens Quenk (2009:6) sekere reaksies en optrede in persone antisipeer. Die rede hiervoor is volgens Oswald en Kroeger (1999:31) dat persone met 'n bepaalde persoonlikheid op 'n bepaalde wyse sal optree. Daar kan van introverte verwag word om byvoorbeeld hoë innerlike aktiwiteitvlakke, relatief hoë sensitiwiteit vir stimulus, en lae behoefte aan energie vanuit die eksterne omgewing vertoon. Aan die ander kant kan daar van Ekstroverte verwag word om byvoorbeeld hoë uiterlike aktiwiteitsvlakke, lae sensitiwiteit vir stimulus en groter behoefte aan energie vanuit die eksterne omgewing te vertoon. Gedrag kan voorspel word as kennis gedra word van persoonlikheidstipes. Gedrag is voorspelbaar omdat persone met verskillende persoonlikheidstipes kenmerkend aan hulle persoonlikheid sal optree.

4.2.4. Persoonlikheidstipes het inherente sterk en swak einskappe

Elke persoonlikheidstipe het volgens Sewell (2008:43) bepaalde kenmerklike waarneembare sterk en swak punte. Elke persoonlikheidstipe het ook unieke behoeftes. Wanneer hierdie behoeftes vervul word vind elke persoon binne sy unieke persoonlikheid bevrediging. Om die rede wys Carter (2012:2) daarop dat persone se sterkste punte ook hulle swakste punte kan wees. Persone se optrede word in 'n groot mate bepaal deur die mate waarin hul behoeftes bevredig word. Persone kan byvoorbeeld die behoefte hê aan deeglike beplanning en 'n streng skedule. Maar dit kan hulle ongeduldig maak as dinge nie volgens plan verloop nie (beide 'n sterk en 'n swakpunt). Persone kan ook 'n behoefte hê aan spoedige resultate. Hulle kan met

vertroue vinnig werk en kan spoedig probleme oplos sonder om veel te kla. Maar wanneer ander mense hulle proses vertraag deur te veel vrae te vra kan hulle weer ongeduldig wees (beide ’n sterk en ’n swak punt). Elke persoon word volgens Löhken (2015:7) gemotiveer deur die behoeftes van hulle persoonlikheid te bevredig. Wanneer interne behoeftes nie bevredig word nie, bring dit soms die slegte in mense uit. Hierdie kenmerke kan deur eksegese waargeneem en geïdentifiseer word.

4.2.5 Persoonlikheidseienskappe kan verbeter word

Volgens Littauer en Sweet (2011:29) kan sekere aspekte van persone se persoonlikheid beklemtoon of versag word. As persone weet dat hulle taamlik uitgesproke of impulsief is, kan hulle leer om hierdie aspek van hulle persoonlikheid te beheer. Persone kan daarom sekere aspekte van hulle persoonlikheid inhibeer of self stimuleer. Persone kan leer om hulle swakpunte in ag te neem in sekere situasies. Die punt is dat persone kan leer hoe om hulle persoonlikheid te verbeter. Dit kom neer op die ontwikkeling van natuurlike sterkpunte en die beheer van swak punte. Dit is volgens LaHaye (1994:221) hierdie proses van transformasie wat deur eksegese waargeneem kan word. God transformeer persone deur die werking van die Heilige Gees. God transformeer verskillende diensknegte se individuele persoonlikhede om hulle doeltreffende en effektiewe diensknegte te maak (sien 3.3 vir ’n breedvoerige uiteensetting).

4.3. GOD GEBRUIK GEWONE PERSONE VIR ’N ONGEWONE TAAK

Volgens Littauer (2005:3) word die stelling “God gebruik gewone mense in sy diens” veral in Jesus se verkiesing van die twaalf dissipels uitgebeeld. Met die verkiesing van die twaalf dissipels wys Neethling *et al* (2000:73) daarop dat Jesus se optrede moderne logika weerspreek. Die meer logiese redenasie sou wees dat Jesus sy gewildheid gebruik om sy boodskap verder te neem. Maar Jesus het twaalf dissipels persoonlik uitgekies en aangewys om sy verteenwoordigers te wees (Lukas 5:1-11; Matteus 4:18-22; Markus 1:16-20). Die twaalf wat Jesus as sy dissipels gekies het was doodgewone manne en nie buitegewoon nie. Jesus se bedieningstrategie berus op die twaalf gewone manne eerder as op die aandringende massas. Paulus beskryf in 1 Korintiërs 1:26-30 Jesus se benadering tot die mens wat Hy roep om sy Naam te verkondig:

> “[26]Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie. [27]En tog, wat vir die wêreld onsin is,

het God uitgekies om geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam, [28]en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak. [29]Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie. Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiligheid en die verlossing."

Volgens McKnight (2001:207) het Jesus 'n paar feilbare maar getroue individue verkies as sy metgeselle eerder as 'n miltêre mag of persoonlike populariteit. Die sukses en toekoms van die kerk op die langtermyn en die verkondiging van die evangelie het totaal afgehang van 'n handjievol getroue dissipels. Jesus se bedieningstrategie vir die kerk is in pas met die tipiese karakter van die koninkryk van God. In die bergpredikasie beklemtoon Jesus hierdie karakter: "Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koningryk van die hemel (Matteus 5:3)." Die karakter van die koninkryk van God word veral duidelik in Matteus 19:14 waar Jesus die kindertjies seën: "[14]Maar Jesus het vir hulle gesê: "Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koningryk van die hemel is juis vir mense soos hulle." Jesus se bedieningsplan berus op die gebruik van eenvoudige en feilbare persone wat in afhanklikheid van God lewe.

Dit is volgens Maasen (2009:2) twaalf doodgewone manne wat meer kon verrig deur die krag van die Heilige Gees as 'n massa mense wie se aanvanklike entoesiasme blote nuuskierigheid was. Jesus kies die twaalf persoonlik en belê die meeste van sy energie in hulle. Jesus kies hulle voordat hulle Hom kies - soos Jesus self in Johannes 15:16 bevestig: "[16]Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou." Hierdie selfde gedagte vind ons ook by die roeping van talle Ou Testamentiese persone, onder andere Moses (Eksodus 4:1-16) en Jesaja (Jesaja 6:1-13).

Willig en Bundy (2001:18) wys daarop dat die twaalf dissipels wat Jesus geroep het, niks meer as doodgewone werkersklas manne was nie. Tog het hulle te midde hiervan die sleutelrol in die uitbou van die kerk gespeel. In die midde van vervolging en selfs marteling, het hulle hul taak vervul. Teen alle logika in het die toedoen van hierdie gewone manne die inhoud van die evangelie deur die wêreld versprei (Handelinge 2:38-41). Burke (2013:194) maak die opmerking dat die verkondiging van die evangelie na twee duisend jaar steeds voortbou op die twaalf se aanvanklike

verkondiging. Dit is ’n bewys van ’n bedieningstrategie wat God geïmplementeer het deur eenvoudige en gewone mense as draers van die evangelie te gebruik.

Oswald en Kroeger (1999:30) wys op die feit dat, toe Jesus sy dissipels geroep het om die evangelie uit te dra, Hy vissermanne, ’n tollenaar, en ander gewone mense vir sy bedieningswerk gekies het. Jesus het ’n lang en droewige stryd met die godsdienstige leiers van sy tyd gehad wat hulleself as godsdienstig eksklusief beskou het. Hulle het Jesus en sy boodskap verwerp. Johannes stel dit in sy evangelie soos volg: “Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie” (Johannes 1:11).

Volgens Van der Walt (2007:71-73) het die godsdienstige leiers wat die kern van Israel verteenwoordiging, Jesus verwerp. Die gevolg was dat hulle die leer van genade ook verwerp het. Dit alles ten spyte van genoegsame getuienis van Jesus se Messiasskap. Jesus het wonderwerke verrig, bose geeste uitgedryf, alle soorte siektes genees en mense uit die dood op gewek (Matteus 15:29-31; Markus 10:46-52; Markus 5:1-20), maar die godsdienstige leiers het Jesus net eenvoudig nie as die Seun van God en as Verlosser aanvaar nie. Hulle was desperaat om Hom dood te maak (Lukas 9:44-45). Daarom, toe dit tyd geword het dat Jesus sy twaalf dissipels kies, was dit logies dat Jesus nie persone vanuit die huidige godsdienstige kringe gekies het nie. Jesus het toe vanuit sy volgelinge twaalf eenvoudige werkersklas manne gekies. Manne wat in Jesus se verlossingsboodskap geglo het.

Dit staan in kontras met die latere Roomse konsep ten opsigte van die dissipels. Deur die loop van die jare is die dissipels verhef tot mense met bomenslike vermoëns, wat nie die geval was nie. Dit het volgens McKnight (2001:209) aanleiding gegee tot die dehumanisering van die persone wat God tot sy diens geroep het, asof ’n bo-menslike vermoë ’n voorvereiste vir diensbaarheid is. Jesus roep twaalf dissipels wat in elke opsig honderd persent menslik was. Daarom is dit belangrik dat die menslikheid van die wat God roep nie misgekyk of ontken word nie. Jesus het hulle gekies sonder dat hulle enige buitengewone vermoëns of geestelikheid vertoon het. Die logiese vraag is: Wat kwalifiseer hierdie persone om dienaars van God te wees? Duidelik was geen besondere vermoëns of talente volgens MacArthur (2002:18) ’n vereiste nie. Jesus het hulle dus vir hulle bereidwilligheid gekies.

Natuurlik is daar bepaalde morele en geestelike kwaliteite waaraan hierdie persone moes voldoen. Persone wat waardig is om leierskapsposisies in die kerk van Christus te beklee behoort die agting van die gemeente te verdien. Paulus gee in 1

Timoteus 3:2-7 ’n breedvoerige uiteensetting van hierdie kwaliteite. Paulus fokus hier veral op die amp van ouderling:

> “[2]’n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry, en bekwaam om te onderrig, [3]hy moenie aan drank verslaaf of ’n rusiemaker wees nie, maar inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. [4]Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen. [5]Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem? [6]Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland. [7]Ook by die mense buite die gemeente moet hy as ’n goeie man bekend staan, sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in ’n strik van die duiwel van nie.”

Ook in Titus 1:6-7 word ’n soortgelyke lys gegee. Hebreërs 13:7 wys ook daarop dat kerklike leiers ’n voorbeeldige geestelike en morele lewe moet lei. Hulle geloof moet van so aard wees dat ander hulle voorbeeld kan volg. Volgens Burke (20013:201) is hierdie baie hoë standaarde wat aan ’n geestelike leier gestel word, maar dat die standaard vir lidmate geensins “laer” is nie. Geestelike leiers is voorbeelde vir almal. Daar is geen aanvaarbare “laer” standaard vir enige ander gelowiges nie. In Matteus 5:48 sê Jesus dat alle gelowiges die beeldskap van God moet weerspieël: “[48]Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”

Maar die feit bly staan dat geen mens weens sy sondige natuur werklik aan hierdie standaard kan voldoen nie. Menslik gesproke “kwalifiseer” niemand nie. Paulus getuig in Romeine 3:23 hiervan, dat niemand werklik waardig is om in God se diens te staan nie. Ook in Romeine 3:10 word genoem dat niemand regverdig is nie. Paulus bely verder in Romeine 7:18 “[18]Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, nie in my sondige aard nie. Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie.” In 1 Timoteus 1:15 noem Paulus homself die “grootste sondaar” maar dat God hom nogtans deur die Gees vernuwe het getuig hy: “Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek ’n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry” (1 Timoteus 1:16).

Volgens Joubert (2003:18) is dit God self wat sondaars regverdig en hulle verander en waardig maak om in sy diens te stel. Deur Jesus Christus se verlossingswerk

kwalifiseer gelowiges om diensbaar te wees. Diensbaarheid is 'n basiese eienskap van en opdrag aan gelowiges. Dit blyk duidelik uit Johannes 15:16 "[16]Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou." Elk van die twaalf dissipels was volgens MacArthur (2002:23) soos enige ander gewone gelowige, hulle was gekies ten spyte van hulle geestelike onwaardigheid. Met Jesus se verkiesing van die dissipels was dit soos wat Jakobus ook Elia beskryf: "[17]Elia was 'n mens net soos ons... (Jakobus 5:17)" Selfs die Ou Testamentiese leiers was nie diensbaar omdat hulle op een of ander manier begaafd of anders was nie. God het hulle getransformeer in bruikbare instrumente (Jakobus 1:17-18).

Volgens Bennett en Bennett (2005:24) word baie Christene ontmoedig omdat hulle geestelike lewe en dienswerk onder die sonde en mislukking gebuk gaan. As sondaars is mense geneig om te dink dat hulle nie vir God bruikbaar is nie. Maar gewone mense wat hulle afhanklikheid besef, is presies die tipe mens wat God wil gebruik (Lukas 14:33). Die dissipels en latere apostels het die wêreld op sy rug gedraai (Handelinge 17:6). Dit was volgens Henry (2010:2064) nie omdat hulle buitengewone talente, bo normale intelligensie, sterk politieke invloed of spesiale sosiale status gehad het nie. Hulle het die wêreld op sy rug gedraai vanweë God se kragtige werking in en deur hulle.

Volgens Burke (20013:197) kies God die nederiges en sagmoediges, wat nie die bron van hulle krag bevraagteken nie. Volgens Sewell (2008:42) handel dit dus nie oor die mens nie, maar die krag van God wat in die mens werksaam is. Dit is dus nie persone se spesifieke bekwaamheid of besonderse persoonlikheidstipe wat hulle geslaagde predikante maak nie. Alle persone, ongeag hulle persoonlikheidstipe en vermoëns, het swakpunte vanweë die sonde, maar het ook inherente sterkpunte. God transformeer die mens se swakpunte in sterkpunte deur die werking van sy Gees.

Predikante se krag lê dus in die Woord wat hulle verkondig en nie in hulself nie. Paulus getuig hiervan in 2 Korintiërs 12:9 waar hy God se woorde aan hom aanhaal: "My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is." Op verskeie plekke bevestig die Apostels dat hulle nie op hulle eie krag en insigte tot hulle dienswerk in staat is nie. In Handelinge 3:12-16 spreek Petrus die toeskouers in die Pilaargang van Salomo toe:

> "...Israeliete, hoekom is julle hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of vroomheid gemaak het dat hierdie man loop? [13]Die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jacob, die God van ons voorvaders, het aan Jesus, sy Dienaar, goddelike eer gegee... [16]Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat hulle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal."

Volgens MacArthur (2002:12) het die apostels 'n merkwaardige rol gespeel in die geskiedenis van die verkondiging van die evangelie. Maar dit verander nie die feit dat hulle gewone mense was soos enige ander nie. Dit is belangrik dat alle persone in die Bybel as ware mense beskou moet word en dat hulle op geen manier verskil van predikante en lidmate van vandag nie. Maar om die rede moet hulle belangrikheid ook nie onderskat word nie. Met die verkiesing van die twaalf apostels het hulle in werklikheid die ware geestelike leiers van Israel geword. Hulle was die eerste predikers van die nuwe verbond. Hulle was die persone aan wie Christus die verkondiging van die evangelie toevertrou het. Hulle het die ware verloste Israel van God verteenwoordig. Hulle het self die fondasie van die Christelike kerk gevorm (Efesiërs 2:20).

Die resultate van die Apostels se prediking was op geen wyse sonder gesag omdat hulle blote gewone mense was nie. Paulus verduidelik in 1 Korintiërs 1:20-21 die werking van God deur hulle prediking: "[20]Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? [21]Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo."

Volgens McKnight (2001:219) gee 1 Korintiërs 1:21 presies die rede waarom Jesus geen bekende filosoof, sprekers of vooraanstaande leraar as een van die twaalf verkies het nie. Die twaalf apostels het besondere predikers en leiers geword deur die krag van die Heilige Gees, en nie omdat hulle noodwendig voorheen besondere predikers was, of besondere leierskapvermoë en akademies kwaliteite gehad het nie. Hulle invloed in die kerk is as gevolg van een ding en een ding alleen: Die krag van die boodskap van hulle prediking. Volgens Henry (2010:2064) het die apostels Christus verkondig as die gekruisigde en opgestane Here. Hierdie prediking van die

gekruisigde Christus was duidelik, direk en in eenvoudige taal. Dit word deur Paulus in 1 Korintiërs 2:1-5 beskryf:

> "[1]Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. [2]Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde. [3]Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom. [4]Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die karagtige werking van die Gees. [5]Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God."

Dit was met ander woorde nie nodig om die waarheid in te kleur asof dit meer glans of glorie nodig gehad het nie. Die Woord se eie effektiwiteit en goddelike gesag verander mense sonder effektiewe menslike hulp (Psalm 119:9 & 11). Die duidelike en direkte prediking van die gekruisigde Christus is meer kragtig as enige woord van die beste redenaars of filosowe.

God kies wie Hy kies sodat Hy al die glorie kan ontvang. God kies die "swakkeres" as instrumente sodat niemand hulle dade aan menslike krag kan toeskryf nie maar eerder aan die krag van God (Johannes 9:3). Joubert (2003:10) maak melding daarvan dat elke geroepe Bybelse figuur tog geworstel het met eie trots net soos enige sondige mens. Die passie van hulle lewens het die glorie van Christus geword (Filippense 1:21). Hulle passie was onderhewig aan die invloed van die Heilige Gees. Om die rede voeg Paulus in 1 Korintiërs 1:31 die woorde by: "Die wat wil roem, moet in die Here roem." Want dit is alleenlik goddelike wysheid wat die weg van verlossing baan. Dit is alleenlik deur goddelike genade wat dit bekend gemaak word. Maar dit is deur die nietige mense wat God sy wysheid aan die mensdom bekend maak. Dit is deur sondaars wat God gekies het om sy verlossing te verkondig.

4.4. BYBELSE SANGUINIESE PERSOONLIKHEID

Hills (2010:144) is van mening dat die Apostel Petrus 'n Sanguiniese persoonlikheidstipe weerspieël. Van der Watt *et al* (2010:26) wys daarop dat die noukeurigheid van die Bybel se vertellinge van Petrus se lewe hom 'n uitstekende kandidaat vir 'n ondersoek na sy persoonlikheidstipe maak. Maasen (2009:13) is van mening dat Petrus se lewe 'n "oop boek" is wat die leser toelaat om die detail van sy lewe waar te neem. Daar word so baie detail van Petrus beskryf omdat hy volgens

MacArthur (2002:31) baie naby aan Jesus gelewe het. Dit is maklik om Petrus se sterk en swak punte vanuit die evangelies te identifiseer. Die boek Handelinge gee weer ŉ gedetaileerde beskrywing van hoe die Heilige Gees Petrus se swakpunte in sterkpunte getransformeer het. Volgens LaHaye (1993:39) was Petrus só versterk toe hy met die Heilige Gees vervul is (Handelinge 2:14-36) dat hy een van die mees suksesvolle Sanguiniese persone geword het. Nie alleenlik was hy een van die mees invloedryke persone in die vroeë Christelike kerk nie, hy dien ook vir Christene as ŉ voorbeeld van wat die Heilige Gees kan doen in die lewe van enige persoon wat die Heilige Gees ontvang.

4.4.1 Petrus as Bybelse Sanguiniese persoon

Wanneer Petrus op die toneel verskyn, het hy volgens Smit (2002:25) altyd iets te sê gehad. Willig en Bundy (2001:4) maak die opmerking dat Petrus meer praat as al die ander dissipels saam. Jesus was ook meer in gesprek met Petrus as met enige van die ander dissipels. Jesus het ook nie vir een van die ander dissipels meer bevestiging moes gee as vir Petrus nie. Sover vasgestel kan word het geen van die ander dissipels so onbeskaamd teen Jesus se woorde ingegaan as Petrus nie (Van der Watt *et al* ,2010:26). Aan die ander kant, het geen van die dissipels so ŉ uitgesproke belydenis van sy getrouheid aan Christus gegee nie (Matteus 26:33). Ook het nie een van die dissipels volgens France (2002:586) soveel persoonlike lof en teregwysing by Jesus ontvang soos Petrus nie (Markus 14:37-38).

LaHaye (1993:36) maak die opmerking dat Petrus menslik was in alle opsigte. Dit was hierdie samestelling van swak- en sterkpunte wat Petrus ŉ geliefde karakter by lesers van die Nuwe Testament maak. Petrus is ŉ sterk ekstrovert en om die rede is sy tekortkominge oop vir almal om te sien. Deur die loop van die evangelies vertoon Petrus tipiese Sanguiniese eienskappe. Die een oomblik is hy geliefd en selfs humoristies, maar die volgende oomblik is sy optrede allermins lofwaardig. Om die rede is Petrus sekerlik die mees Sanguiniese persoon wat in die Bybel beskryf word. Volgens Willig en Bundy (2001:3) was Petrus ywerig, aggressief, geesdriftig en uitgesproke.

Volgens MacArthur (2002:35) loop Petrus “mond eerste” by ŉ vertrek in. Petrus praat volgens Bennett en Bennett (2005:38) soms vinniger as wat hy dink. Dit was hierdie uitgesprokenheid wat hom al te gereeld in die verleentheid gestel het. Sanguiniese persone se praterige en vriendelike eienskap laat dit voorkom of hulle meer selfvertroue het as wat werklik die geval is (sien 3.6.1.4.2). Maar hulle energieke en liefdevolle ingesteldheid dra hulle deur die moeilike tye van die lewe (sien 3.6.1.4.1).

Maasen (2009:6) maak die opmerking dat Petrus as Sanguiniese persoon natuurlike leierskapvermoë vertoon het. Petrus se leierskap word veral duidelik in die feit dat hy as die dissipels se woordvoerder optree. Petrus is altyd op die voorgrond en het ŉ natuurlike dominante persoonlikheid wat die Here met groot vrug onder die dissipels gebruik het.

Volgens Neethling *et al* (2000:25) was alles wat Petrus voor sy vervulling met die Heilige Gees gedoen en gesê het "onbetroubaar" - buiten sy belydenis van Jesus Christus in Matteus 16:16 "[16]Simon Petrus het geantwoord: "U is die Christus, die Seun van die lewende God." Petrus se optrede en sy reaksie "met trane" in Matteus 26:69-75 was tipiese van ŉ Sanguiniese persoon. Sanguiniese persone mag sleg voel nadat hulle iets verkeerds gedoen of gesê het (sien 3.6.1.4.4). Aanvanklik ontken Petrus heelhartig dat hy Jesus sal verloën: "Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie" (Matteus 26:31-35). Maar nadat Petrus Jesus verloën het kom hy spoedige tot ŉ skuldbesef waar sy emosies hom oorweldig "Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: "Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën." En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil" (Matteus 26:75).

By Petrus word die tipiese warm, vriendelike, uitgaande karakter van Sanguiniese persone gevind (sien 3.6.1.4.3). Soos by Petrus opgemerk kan word, is Sanguiniese persone sterk en optimistiese sprekers. Petrus is vrymoedig, sagmoedig en is konstant met sy omgewing in interaksie. Maar soos die ander drie persoonlikheidstipes het Sanguiniese persone natuurlike sterk- en swakpunte. Alhoewel dit wil voorkom of Sanguiniese persone vanweë hulle ekstroversie "die grootste kans op sukses het," voldoen hulle nie altyd aan die verwagting wat aan hulle gestel word nie. Sanguiniese persone vind dit moeilik om gedetaileerde take uit te voer, maar gooi nie maklik tou op nie (sien 3.6.1.5.2). Agter die "kommerlose" masker wat voorgehou word, mag Sanguiniese persone soms onseker, beangs en selfs kleingelowig wees (sien 3.6.1.5.4). Van der Watt *et al* (2010:26) maak die opmerking dat Petrus se lewe ŉ vissermanstorie van ŉ totale ander aard was.

Volgens Willig en Bundy (2001:11) is Petrus naas Jesus Christus die mees prominente figuur in die vier evangelies, en daar word ook baie ruimte aan Petrus afgestaan in die eerste tien hoofstuk van Handelinge. Petrus het ook die "charisma" wat mense na hom toe trek, ongeag of dit ŉ leser is uit die eerste eeu of uit die een en twintigste eeu. By Petrus kan gesien word waarom Hippocrates die Sanguiniese persoonlikheid met "warm bloed" vergelyk het. Petrus vertoon definitief warm, intensiewe en dinamiese eienskappe. Volgens Lepori (2010:14) kom meeste van

Petrus se foute juis vanuit sy warm hart. Petrus word gesien as te “warmhartig,” te impulsief, en te entoesiasties. Sy “warm hart” was volgens MacArthur (2002:29) altyd in sy mond, en hy praat baie kere wanneer hy eerder moes stilbly (sien 4.4.2.3). Petrus se gedrag is deursigtig, hy het nie sy gedagtes van ander weerhou nie. Petrus het sy gedagtes bloot geverbaliseer.

Volgens Littauer en Sweet (2011:95) vind Sanguiniese persone dit moeilik om hulle eie swakpunte te erken. Die rede hiervoor is dat Sanguiniese persone swak analitiese vermoëns het en nie werklik aandag aan selfondersoek of introspeksie gee nie. Om die rede dwing Jesus Johannes tot selfondersoek (Johannes 21:15-19). As gevolg van Sanguiniese persone se trotse en selfgenoegsame karakter is hulle volgens LaHaye (1993:39) persone “*wat geskiedenis maak eerder as om dit te skryf*.” Dit is persone wat gewoonlik elke situasie wil domineer, soos Petrus talle maal bewys het.

4.4.2 Petrus vertoon Sanguiniese persoonlikheidseienskappe

Noudat vasgestel is dat Simon Petrus Sanguiniese persoonlikheidseienskappe vertoon kan daar verder ondersoek ingestel word na die besondere Sanguiniese persoonlikheidseienskappe wat Petrus vertoon. Hierdie eienskappe sluit volgens Van der Watt *et al* (2010:27) verskeie swak- en sterkpunte in. Petrus vertoon volgens Bennett en Bennett (2005:30) impulsiwiteit, onbeheerstheid, uitgesprokenheid en egosentrisiteit. Petrus is ook selfsoekend en worstel met selftrots, swak wilskrag, ontkenning, en inkonsekwentheid. Maar wanneer daar na Petrus se lewensverhaal op ’n holistiese wyse gekyk word kan opgemerk word dat hy ook eienskappe soos: konsekwentheid, moed, wysheid, blydskap, menslikheid, sterk gebedslewe, liefde, opregte geloof, leierskap en martelaarskap vertoon wanneer hy met die Heilige Gees vervul is.

4.4.2.1 Die Sanguiniese Petrus is impulsief

Toe Jesus vir Petrus die eerste keer gesien het, het Petrus nie enigsins na ’n vooraanstaande toekomstige leier gelyk nie. Inteendeel was hy volgens MacArthur (2002:35) ’n bombastiese visserman wat veels te maklik sy opinie gelug het en besonder impulsief was. Wanneer Petrus gereageer het, was dit onmiddellik, sterken oordrewe. Sodra ’n gesprek begin afplat sal Petrus volgens Smit (2002:25) dit weer optel deur iets te sê. Petrus word ook op verskeie plekke die “woordvoerder van die dissipels” genoem. Die woorde “...en Petrus het gesê...” het meer gesprekke ingelei as al die ander dissipels saam.

Toe Jesus in Matteus 4:20 Petrus as dissipel geroep het, het hy volgens Simonetti (2001:72) impulsief gereageer deur “dadelik” sy net te los en Jesus te volg. Toe Jesus en sy dissipels in Markus 1:29-30 naby Petrus se huis verby gereis het, het hy hulle impulsief na sy huis toe genooi, sonder om rekening te hou met die feit dat sy skoonmoeder siek in die bed was. Hierdie gebeure wys volgens Willig en Bundy (2001:5) daarop dat God die impulsiwiteit karakter van die Sanguiniese dienaar gebruik om die evangelie uit te dra. Jesus genees by bogenoemde geleentheid Petrus se skoonmoeder op ’n wonderbaarlike wyse wat tot die uitbreiding van die evangelie bygedra het.

Die Sanguiniese impulsiwiteit kan duidelik gesien word in Petrus se gedrag toe Jesus in Matteus 14:28-29 op die water na sy dissipels toe geloop het. Petrus reageer tipies aan die Sanguiniese persoonlikheid met skeptiesisme en selfvertroue: “[28]Toe sê Petrus vir Hom: “Here, as dit regtig is, beveel my om op die water na U toe te kom.” [29]“Kom” sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom.” LaHaye (1993:41) vra die vraag: “Wie anders as ’n Sanguiniese impulsiewe persoon sal die veiligheid van ’n boot verlaat om op die water te loop?” Hierdie gebeure illustreer nog ’n algemene eienskap van die Sanguiniese persoonlikheid (sien 3.6.1.2). Ten spyte van Sanguiniese persone se selfversekerde voorkoms word hulle maklik beangs. Hierdie eienskap word volgens Maasen (2009:47) ook by Petrus gevind. Hy neem besluite voordat hy mooi daaroor nadink het en word dan beangs. Nadat hy ’n paar tree op die water gegee het, het hy tot besef gekom dat hy oorhaastig opgetree het: “Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: Here, red my!” (Matteus 14:30). Toe Petrus met die realiteit van sy omstandighede gekonfronteer is (die wind, golwe en swaartekrag) neem hy sy oë weg van Jesus af.

Hier moet volgens MacArthur (2002:42) in gedagte gehou word dat alhoewel Petrus getwyfel en gesink het, was hy die enigste dissipel wat die moed en geloof gehad het om die veiligheid van die skuit te verlaat om op die water na Jesus toe te loop. Toe Jesus vir Petrus sê “kom na my toe” is Petrus die volgende oomblik uit die skuit besig om op die water na Jesus toe te loop. Die res van die dissipels het nog vir lewe en dood aan die skuit vasgeklou. Volgens Lepori (2004:34) is dit belangrik om te let op Petrus se woorde in Matteus 14:28 “Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom.” Petrus wil sy optrede op Jesus se bevel baseer. Telkens as Petrus sy optrede op Jesus se bevel baseer was hy suksesvol. Al was die daad wat Petrus moes verrig nie vir hom menslik uitvoerbaar nie, het hy tog besef dat Jesus se

woorde hom op een of ander manier sal vorentoe dra. Dit was hoe die Sanguiniese Petrus die onmoontlike kon verrig omdat hy op Jesus se woorde vertrou het.

Volgens LaHaye (1993:41) kan die Sanguiniese impulsiewe karakter verander wanneer hierdie persone met die Heilige Gees vervul word. Hulle kan op die wyse die gevolge van hulle optrede vooraf evalueer. Sanguiniese persone het deur die werking van die Heilige Gees die vermoë om met selfbeheersing op te tree. Sanguiniese persone sal "op die Here wag" in plaas daarvan om doelloos in 'n rigting in te beweeg. In plaas daarvan om met vrees oorval te word, sal Sanguiniese persone hulle oë op die Here hou eerder as om bloot op hulle omstandighede te fokus. Maar tog sal enige persoon wat hom- of haarself in Petrus se omstandighede bevind hulle bedenkinge hê en twyfel. Volgens Willig en Bundy (2001:28) dien Petrus as 'n voorbeeld van wat Sanguiniese persone moet doen wanneer hulle in onsekerheid en twyfel verval. Die oomblik toe Petrus deur vrees en angs oorval is het hy uitgeroep: "Here, red my!" en Christus het "Dadelik sy hand uitgesteek, hom gegryp..." (Matteus 14:30). Petrus het duidelik geweet waar sy redding lê. Alhoewel Petrus volgens Smit (2002:27) met vrees en angs oorval was, moet hy krediet ontvang vir sy aanvanklike genoegsame geloof om uit die boot te klim en op die onstuimige see te begin loop. Dit is volgens Turner *et al* (2005:205) meer as wat daar van die dissipels gesê kan word. Petrus vertoon 'n ambisieuse eienskap waarby die ander dissipels kon leer.

Lepori (2010:61) verwys na Matteus 17:1-13 wat 'n humoristiese gebeure weergee van Petrus se impulsiewe spraaksaamheid. Petrus saam met Jakobus en sy broer Johannes het saam met Jesus na die berg van verheerliking gegaan. Jesus was voor hulle oë verheerlik en "sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig." Hierdie dissipels het die voorreg gehad om Jesus in sy Goddelike glorie te sien. Skielik het Moses en Elia, twee van die mees gerespekteerde figure in die geskiedenis van Israel, aan hulle verskyn en met Jesus gepraat. Petrus reageer deur vir Jesus te sê: "Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, sal ek hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia." Volgens Smit (2002:43) is dit duidelik dat Petrus nie sy woorde mooi deurdink het nie. Volgens LaHaye (1993:43) kan daar van Sanguiniese persone verwag word om soms op ongeleë tye die stilte te breek en soms op 'n totaal en al verkeerde wyse, soos Petrus in Matteus 17:1-13, die situasie benader het. Niemand het aan Petrus 'n vraag gevra nie, maar tog het hy hulle "geantwoord."

Willig en Bundy (2001:50) maak die stelling: “As daar ’n beter tyd vir Petrus was om sy mond te hou was dit juis hier in Matteus 17:1-13.” Niks sou die Sanguiniese Petrus verhinder het om iets te sê nie. Petrus bevind homself volgens Turner *et al* (2005:229) in die bevoorregte posisie om twee persone wat reeds honderde jare tevore geleef het en ook Jesus Christus wat van heerlikheid straal te sien, maar Petrus rammel die woorde af: “Dit is goed dat ons hier is...” Maar die impulsiewe Petrus gaan selfs verder om voor te stel dat hy “drie hutte sal bou...” waarin Moses, Elia en Jesus in kan bly. Dit vir drie persone wat duidelik nie huise nodig het nie. Dit blyk dat Petrus op die ingewing van die oomblik nie besef het dat die geeste van die dooies, en Jesus in sy Goddelike natuur nie in hutte bly nie. Verder, om op die berg in hutte te bly pas nie by Jesus se bedieningstrategie en doel waarvoor Hy aarde toe gekom het in nie. Petrus het dit goed bedoel maar dit verander nie die feit dat sy impulsiewe besluitneming hom met die verkeerde perspektief gelaat het nie. LaHaye (1993:44) maak die opmerking dat Petrus moes leer om by verskeie geleenthede eerder te luister as te praat.

’n Verdere illustrasies van Petrus se impulsiwiteit word in Johannes 18:1-11 en Matteus 26:47-56 gevind met die gebeure waar Jesus in die tuin van Getsemane inhegtenis geneem is. Nadat Jesus in “doodsbenoudheid” gebid het, het Hy sy dissipels wat by Hom was geroep en gesê: “[46]Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is hier naby (Matteus 26:46).” In Matteus 26:47 word beskryf: “[47]Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog praat, kom Judas, een van die twaalf, daar aan, en saam met hom was ’n groot klomp mense met swaarde en stokke. Hulle is deur die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk gestuur.” Johannes 18:10 beskryf Petrus se reaksie: “[10]Simon Petrus het ’n swaard by hom gehad. Hy ruk dit uit, slaan daarmee na die slaaf van die hoëpriesters en kap sy regteroor af...”

Impulsiwiteit is volgens Turner *et al* (2005:345) Petrus se probleem, hy dink nie voor hy doen nie. Dit is waarskynlik waarom Jesus teenoor Petrus gereageer het met ’n met die woorde: “Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom. [53]Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? (Matteus 26:52-53)” Volgens LaHaye (1993:45) is Sanguiniese persone van nature doeners en nie denkers nie. Wanneer hulle onder druk is, moet hulle op een of ander manier optree. Hulle voel hulle moet iets doen. Die Evangelies beskryf dat daar “’n groot menigte met swaarde en stokke” was wat Jesus kom arresteer het (Matteus 26:47). Onder die menigte was gewapende Romeinse soldate wat gereed was vir enige geveg. Sonder om te huiwer het Petrus na sy swaard gegryp en die slaaf van die hoëpriester se oor af gekap. Hierdie tekort aan reflektiewe denke is tipiese aan

Petrus se Sanguiniese gedrag. Petrus se impulsiwiteit laat hom soms die groter prentjie miskyk. Mens sou kon vra: Want het Petrus gedink sal hy alleen teen die "menigte" kon doen?

Nog 'n illustrasie van Petrus se impulsiwiteit word volgens Just (2003:377) in Lukas 24:9-11 gevind. Petrus saam met die ander dissipels was verslae oor Jesus se dood. Vroue bring aan hulle die boodskap dat Jesus se graf leeg is en dat engele vir haar gesê het: "Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek... (Matteus 28:6)." In lyn met sy karakter het "[12]Petrus egter opgespring en na die graf toe gehardloop... (Lukas 24:12)." Petrus het vinniger as Johannes by die graf gekom, en beide Petrus en Johannes het in die leë graf inkyk. Maar anders as Johannes wat onmiddellik geglo het dat Jesus opgestaan het, het Petrus verward daarvandaan weggegaan (Johannes 20:9). Eers nadat Jesus aan Petrus en die ander dissipels verskyn het, was Petrus daarvan oortuig.

'n Bevestiging van Petrus se impulsiewe karakter word in Johannes 21:1-11 na Jesus se opstanding gevind. Jesus sê vir sy dissipels om Galilea toe te gaan, waar Hy aan hulle sal verskyn. Ongeduldig om te wag besluit Petrus om te gaan visvang. Neethling *et al* (2000:101) merk op dat die ander dissipels soos normaalweg hulle leier pligsgetrou gevolg het. Net soos van te vore het hulle heel nag probeer om vis te vang maar was onsuksesvol. Jesus het 'n derde keer aan hulle verskyn en gesê: "Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry (Johannes 21:6)." Hulle het dan ook so gedoen. Hulle het so baie vis gevang dat hulle die nette nie kon ingetrek nie. Toe Johannes opmerk dat dit Jesus was wat op die oewer staan, het Petrus onmiddellik van die vis vergeet en in die see gespring en na Jesus te geswem: "Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek - want sy bolyf was kaal - en in die water gespring. [8]Hulle was nie ver van die land af nie, net omtrent honderd tree. Die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep (Johannes 21:7-8)."

Soos kenmerklik aan die Sanguiniese persoonlikheidstipe het Petrus sy werk onafgehandel gelos toe iets ander wat meer aanloklik is na vore kom. Petrus kan geprys word vir sy liefde vir Christus in hierdie gebeure, maar hy los die werk vir ander om klaar te maak, die ander dissipels moes sonder hom die nette uit trek. Volgens Sewell (2008:47) is Sanguiniese persone nie lui nie, maar hulle is geneig om van een ding na die volgende te spring en vertoon slegs vir kort tye belangstelling in een onderwerp.

4.4.2.2 Die Sanguiniese Petrus is openhartig

LaHaye (1993:47) maak die opmerking dat nie al Petrus se impulsiewe optrede en woorde altyd ŉ negatief effek gehad nie. By verskeie geleenthede het hy die mees onverwagte en wonderlikste ding gedoen of gesê wat die hart van die evangelieleser met verwondering vervul. Sanguiniese persone het ŉ gemaklike en openhartige karakter (sien 3.6.1.4.4). Net voor mense ongeduldig word met wat Sanguiniese persone onnadenkend doen of sê doen hulle weer iets wat ander inspireer. By Petrus word hierdie eienskap ook waargeneem. Petrus het die vermoë om ten spyte van sy eie opinie ook na ander te luister en daarvolgens op te tree.

In Lukas 5:1-11 word ŉ voorbeeld van Petrus se openhartigheid gevind. Die gebeure speel vroeg in Jesus se bediening af. Mense het rondom Jesus saamgedrom langs die see van Galilea. As gevolg van die opdringing van die skare klim Jesus in "Simon Petrus" se skuit en vra hom om dit ŉ entjie van die oewer af te stoot. Nadat Jesus sy boodskap gebring het, het hy vir Petrus in Lukas 5:4 gesê: "Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang." Die mismoedige Petrus het Jesus geantwoord: "Meneer... ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang..." In hierdie gebeure word ŉ Sanguiniese eienskappe weerspieël, naamlik die behoefte om ander tevrede te stel.

Volgens Green (1997:232) is dit juis Petrus wat aan Jesus die rede gee waarom hulle heel moontlik onsuksesvol sal wees. Maar in dieselfde asem gee hy erkenning aan Jesus se gesag: "ons doen wat U sê." Volgens MacArthur (2002:23) het Petrus heel beleefd gereageer, as mens in gedagte hou dat Jesus van ŉ klompie moeë manne verwag het om ŉ vrugtelose nag se werk te herhaal. Volgens Bennett en Bennett (2005:37) vind Sanguiniese persone vreugde daarin om ander mense te akkommodeer en sal hulle uit hulle pad gaan om ander tevrede te stel. So tree Petrus ook op deur te sê: "...maar op u woord sal ek die nette uitgooi" (Lukas 5:5). Nie veel later nie het Petrus sy nette uitgegooi en "...het hulle so baie vis gevang dat hulle nette wou skeur" (Lukas 5:6).

Petrus tree in Lukas 5:1-11 verder openhartig teenoor Jesus op. Onbeskaamd voor die oë van sy vriende oorval emosie hom waar hy op sy knieë voor Jesus neerval en sê: "Gaan weg van my af, Here, want ek is ŉ sondige mens" (Lukas 5:8). Hierdie nederige openhartig wyse van ontbloting van die "self" is tipies aan die Sanguiniese persoonlikheidstipe. Volgens Lepori (2010:25) word Petrus se oë geopen vir wie Jesus werklik is. Petrus is vol bewondering oor wat hy sien gebeur het. "Meneer" word skielik "Here." Ook Petrus se sondebelydenis is ŉ teken daarvan dat hy Jesus

se Goddelike gesag erken. Ander kan Sanguiniese persone volgens Smit (2002:12) as skynheilig beskou as gevolg hulle openlike publieke optrede, maar dit is egter nie die geval nie. Sanguiniese persone is bloot grootliks openhartig en is geneig om dit wat in hulle gedagtes opkom impulsief uit te voer. Sanguiniese persone se optrede sal hulle waarskynlik later pla, maar in die hitte van die oomblik vertoon hulle in opregtheid die innerlike self. Volgens Henry (2010:1638) was dit ongetwyfeld die geval met Petrus, hy vergeet totaal van die ander mense rondom hom en betoon lof aan die Here. Die bewys van Petrus se opregtheid word gevind in die feit dat hy kort hierna sy nette net so gelos het om Jesus te volg.

4.4.2.3 Die Sanguiniese Petrus is uitgesproke

Die positiewe effek van Petrus se impulsiwiteit spraaksaamheid word in Matteus 16:13-20 gevind. Met die bedoeling om uit te vind of die mense Hom as die Messias erken, vra Jesus in ongeveer die middel van sy drie en ’n half jaar bediening aan sy dissipels wie die mense sê Hy is: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?” Jesus vra nie die dissipels “Wie sê die Fariseërs of Skrifgeleerdes is ek?” nie. Maar “Wie sê die mense is ek?” Jesus verwys na die gewone mense, die mense wat deur die Fariseërs en Skrifgeleerdes verafsku word. Volgens Nolland (2005:659) wou Jesus weet wat die mense se afleidings oor Jesus se identiteit was.

Die ander dissipels was nog besig om Jesus se vraag te prosesseer toe Petrus antwoord: “Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete.” Volgens Turner *et al* (2005:220) was hierdie sienings van Jesus positief maar telkens onvoldoende. Herodes Antipas het gespekuleer dat Jesus Johannes die Doper was wat uit die doop opgestaan het (Matteus 14:2). Die siening dat Jesus Elia was, was gebaseer op Maleagi 4:5 wat daarvan getuig dat God Elia sal stuur voor die dag van die Here kom. Die spekulasie dat Jesus Jeremia of een van die profete was is volgens Van den Brink *et al* (2003:387) waarskynlik gebaseer op die ooreenkomste tussen Jesus en Jeremia se prediking ten opsigte van bekering. Die mense het Jesus wel as profeties gesien, maar hulle verstaan en begrip van Jesus was volgens France (2007:623) nog uiters kunsmatig en oppervlakkig (Matteus 16:15-26).

Jesus stel die vraag oor sy identiteit ook aan sy dissipels: “Maar julle... wie, sê julle, is Ek?” Petrus het weer eerste geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God (Matteus 16:16).” Binne die groepsdinamika is Petrus volgens Henry (2010:1481) die passievolle en dapper een. Daarom ontvang Petrus die reg om vir die groep te antwoord. Petrus se antwoord verbind Jesus se Messiasskap volgens

Van der Watt *et al* (2012:27) direk aan sy goddelike karakter. Volgens Smit (2002:9) beklemtoon Petrus met die gebruik van hierdie titel Jesus as Middelaar. Die dissipels kon 'n beter konsep van Jesus se identiteit vorm omdat hulle meer intiem met Jesus saamgeleef het as enige iemand anders. Hulle het ook meer kennis van Jesus ontvang en was daarom meer in staat om 'n ware opinie van Jesus se identiteit te vorm. Op hierdie belydenis van Petrus gereageer Jesus: "[17]Gelukkig is jy, Simon Barjona... want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die Hemel is" (Matteus 16:17). Petrus se belydenis was tot op hierdie punt die duidelikste belydenis van Jesus. Volgens Van der Watt *et al* (2010:27) weerklink Petrus se belydenis van Jesus deur die eeue. Volgens LaHaye (1993:49) demonstreer hierdie gebeure dat God tot Petrus se hart gespreek het. Volgens France (2007:411) weerspieël Petrus se antwoord op die vraag Jesus se ware identiteit (Matteus 16:16). Dit was nie as gevolg van Petrus se briljantheid nie maar van God se besondere openbaring in hom (Matteus 11:25-27; Matteus 13:10-17).

Die "mense" noem Jesus Elia of een van die profete (Johannes 6:14), maar by monde van Petrus erken die dissipels Jesus as "die Christus die Seun van die lewende God." Petrus glo volgens MacArthur (2002:41) in Jesus as die Messias al was dit in stryd met die algemene Joodse verwagting van wie die Messias sal wees. Volgens Michaels (20010:351) reageer Jesus positief teenoor Petrus se antwoord omdat dit absoluut korrek was: "Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou." Hierdie belydenis wat die Heilige Gees in die impulsiewe Petrus verwek het, het 'n onwankelbare getuienis geword.

Volgens Longman (2013:1307) gee Jesus nie bloot vir Petrus 'n nuwe naam "Petrus" nie. Die naam Petrus beteken ook "rots." Die naam gee Jesus met 'n spesifieke rede. Van nature was "Simon" impulsief en onbetroubaar deurdat hy iets heelhartig sou begin maar nie noodwendig sou voltooi nie. "Simon" was gewoonlik eerste by die deur in maar ook eerste by die deur uit. Net soos 'n rots gevorm moet word voordat daarmee gebou kan word, het Jesus Petrus gevorm om 'n Apostel te word wat die kerk moes uitbou. Die naam "Petrus" in plaas van "Simon" dien volgens MacArthur (2002:34) as herinnering vir Petrus van wie hy kan word. Elke maal wat Jesus hom "Petrus" genoem het, het Hy hierdie subtiele boodskap aan Petrus gestuur. Wanneer Jesus Petrus as "Simon" aangespreek het, het Hy hom daarop gewys dat hy meer soos die "ou mens" opgetree het (Matteus 16:18).

Omdat Petrus se belydenis van Jesus volgens Henry (2010:1481) nie uit homself voortgekom het nie, maar deur "sy Vader wat in die Hemel" uit genade aan hom

gegee is, is dit duidelik dat reddende geloof ŉ gawe van God is. Omdat Sanguiniese persone ŉ goeie kapasiteit het om met entoesiasme hulle hartsinhoud uit te spreek, kan hulle heelhartige getuies van Christus word. LaHaye (1993:49) is van mening dat die mens se gedagtes bepaal wat die hart voel. Om die rede is dit belangrik dat Sanguiniese persone versigtig moet wees waarmee hulle hul gedagtes besig hou. Petrus sou waarskynlik nie sy antwoord aan Jesus deurdink het nie. Petrus was van nature nie ŉ analiseerder nie, hy het Jesus se onbetwisbare prediking gehoor en het Jesus se uniek en heilige lewe vir bykans twee jaar gesien. Petrus het in sy hart gevoel dat hierdie man meer as net menslik is. Toe Jesus die vraag vra, het Petrus eenvoudig geantwoord wat hy in sy hart gevoel het. Volgens Henry (2010:1481) word Petrus as instrument gebruik wat vir die kerk van alle eeue tot voordeel strek.

ŉ Verdere voorbeeld van Petrus se opregtheid word gevind in Johannes 6:66-69. In hierdie Skrifgedeelte word gesien dat baie mense Jesus bloot uit nuuskierigheid gevolg het. Maar Jesus het volgelinge gesoek wat Hom uit ŉ honger vir die waarheid wou volg. Daarom lê Jesus klem op die ontberinge wat sy volgelinge terwille van sy Naam sal verduur. As iemand Jesus navolg moet dit in ware opregtheid wees: "[66]Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie" (Johannes 6:66). Hierna het Jesus na sy twaalf dissipels toe omgedraai en vra: "Will julle nie ook weggaan nie?" Weer eens is Petrus eerste aan die woord: "[68]Simon Petrus het Hom geantwoord: "Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee. [69]En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is" (Johannes 6:68-69).

LaHaye (1993:51) maak die opmerking dat Petrus se twee belydenisse selfs na twee duisend jaar nog steeds in dieselfde vorm gebruik word. Lepori (2010:46) som Petrus in hierdie verband soos volg op: "Petrus doen alles vanuit sy hart. Daarom was Petrus se hart eenhonderdpersent op Jesus gerig." Die sukses van enige Christen se lewe word bepaal deur die rigting van sy hart. Daarom beveel die Heilige Gees elke gelowige: "Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie" (Kolossense 3:2).

4.4.2.4 Die Sanguiniese Petrus is egosentries

Volgens Casali (2008:31) is egosentrisiteit ŉ verdere eienskap van die Sanguiniese persoonlikheid (sien 3.6.1.5.3). Eie aan Petrus se persoonlikheid kan hy nie sukses ervaar sonder dat dit sy ego streel nie. Na Petrus se belydenis van Jesus as die "Christus die Seun van die lewende God" gee Jesus In Matteus 16:17 aan Petrus lof. Jesus gee aan die kerk op grond van Petrus se belydenis ook "die sleutels van die

koninkryk van die hemel" (Matteus 16:19). Dieselfde episode bring egter 'n ander, impulsiewe kant van Petrus na vore. Na Petrus se belydenis van Jesus in Matteus 16:13-20, het Jesus in Matteus 16:21-23 begin om sy dissipels voor te berei vir die rede vir sy koms. Jesus vertel aan sy dissipels: "...dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word (Matteus 16:21)."

Volgens Willig en Bundy (2001:3) het Petrus tot op hierdie stadium alles aanvaar wat Jesus vir hulle gesê het, maar die vooruitsig dat Jesus moet sterf het Petrus geskok. Hy het die gedagte van Jesus se toekomstige dood só sterk ontken dat hy nie gehoor het wat Jesus beloof het nie: "...en die derde dag uit die dood opgewek moet word (Matteus 16:21)." Petrus was so oorweldig oor hierdie gedagte van Jesus se komende dood dat hy Jesus opsy neem en Hom probeer teregwys: "[22]Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: "Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie" (Matteus 16:22).

Petrus se optrede staan lynreg teen dit wat hy enkele oomblikke gelede van Jesus bely het, nou wil hy Jesus teregwys. Die egosentriese Petrus gaan voort om "die Seun van die lewende God" voor te skryf! Petrus uiter die woorde: "Dit sal beslis nie met U gebeur nie." Petrus se persepsie was gebrekkig, want dit moes gebeur. Jesus moes gekruisig word en moes sterf. Volgens Maasen (2009:43) is dit ondenkbaar om te dink dat 'n mens die Here sal wil teregwys. Dit was Petrus se bedoeling om Jesus by hom te hou. Petrus gaan teen die goddelike wil van die Vader in. Jesus het gekom om te sterf om sodoende die sonde van die wêreld deur sy volmaakte offer te betaal (Hebreërs 2:9,10; Johannes 1:29). En as dit nie sou gebeur nie, soos Petrus van mening was, sou die mensdom nie vergewing van sondes kon ontvang nie.

Volgens LaHaye (1993:53) was Petrus deur sy egosentrisme gemotiveerd. Deur hierdie optrede ontvang Petrus die skerpste teregwysing wat Jesus vir enigiemand gegee het: "[23]Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: "Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê" (Matteus 16:23). As Sanguiniese persoon het hierdie teregwysing Petrus waarskynlik in sy diepste wese getref het (MacArthur, 2002:45). Die een oomblik noem Jesus Petrus "geseënd" (Matteus 16:17-19). In die volgende paragraaf noem Jesus Petrus "Satan!" Volgens Willig en Bundy (2001:3) sou Petrus waarskynlik vanweë sy Sanguiniese persoonlikheid emosioneel gewees het (sien 3.6.1.5.4).

Volgens Onuka en Durowoju (2011:7) bied hierdie gebeure 'n uitstekende illustrasie van 'n algemene probleem wat Sanguiniese persone ervaar. Petrus se geneigdheid tot egosentrisme laat hom kwesbaar vir selftrots. Volgens Lepori (2010:49) kyk Petrus bloot uit 'n menslike perspektief na Jesus se opmerking. Petrus het God se plan nog nie verstaan nie. Soos gewoonlik praat Petrus wanneer hy veronderstel was om te luister (Turner *et al*, 2005:225). Hier het Petrus geleer dat hy ook tekortkominge het en dat sy impulsiewe gevolgtrekkings nie noodwendig korrek is nie. Volgens MacArthur (2002:45) het Petrus besef dat sy sondige natuur hom ook kan beïnvloed. Jare later het Petrus in sy eerste brief terugverwys na die les wat hy geleer het. In 1 Petrus 5:5-9 beklemtoon Petrus die saak van nederigheid teenoor hoogmoed:

> "Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." [6]Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het. [7]Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle. [8]Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind. [9]Bly standvastig in die geloof en staan hom teë..."

Die egosentriese Petrus se optrede dien as 'n waarskuwing vir Sanguiniese persone. Deur egosentrisiteit en selftrots teen te staan word die Satan ook beveg. Volgens Smit (2002:37) is hierdie waarskuwing nie net vir Sanguiniese persone nie maar vir al die persoonlikheidstipes. Volgens Willig en Bundy (2001:4) het Petrus die potensiaal gehad vir beide die goeie en slegte. Dit is egter sy keuse waarvoor hy sy potensiaal en energie gaan inspan.

Sanguiniese persone het ook die geneigdheid om onseker te voel oor hulleself (sien 3.6.1.5.1). Hierdie onsekerheid kan tot angs aanleiding gee. Hierdie angs saam met die begeerte vir erkenning het waarskynlik veroorsaak dat Petrus 'n selfgerigte versoek aan Jesus gerig. In Matteus 19:16-30 gebruik Jesus die gelykenis van die ryk jongman om sy dissipels te onderrig oor hoe moeilik dit is vir iemand wat hulle besittings lief het om in die koningryk van God in te gaan. Volgens Simonetti (2002:101) het Petrus gewillig sy lewe afgelê om Jesus te volg, maar Petrus skroom nie om vir Jesus te vra nie: "Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons daarvoor kry (Matteus 19:27)?"

Hierdie selfgerigte gedagte is waarskynlik nie uniek aan Petrus nie. Die behoefte, om te behoort en deur ander goedgekeur te word, is volgens Maslow se hiërargie van behoeftes een van die mens se mees basiese behoeftes (Niemann, 2010:94). Maar dit is veral Sanguiniese persone wat hulle selfgerigtheid sal verbaliseer. Jesus se respons ontbloot die gebrek in Petrus se vraag: "[30]Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, sal eerste wees (Matteus 19:30)." Petrus se probleem was dat hy erkenning en status wou hê. Petrus se onsekerheid het hom waarskynlik laat wonder: "Beteken ek iets? Is ek iets werd?" Die impulsiewe Petrus verbaliseer dan sy emosies: "Maar kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons daarvoor kry (Matteus 19:27)?" Met die bedoeling: Maar ons voldoen dan aan die vereistes wat Jesus stel. Ons het alles agtergelaat, dit moet darem beteken dat ons iets verdien? Toe Petrus die ryk jongman sien wegloop, het angs om goedkeuring te ontvang hom oorval. Petrus het op daardie oomblik waarskynlik gedink: omdat hy alles agtergelaat het om Jesus te volg, moet dit hom op een of ander manier belanglik laat lyk. Petrus het duidelik 'n groot behoefte gehad om te behoort, om te voel dat daar iemand in die wêreld hom goedkeur. Op hierdie oomblik was Petrus se soeke na goedkeuring en status so sterk dat dit angs ontlok het. Petrus het die versekering dat ander hom goedkeur nodig gehad.

4.4.2.5 Die Sanguiniese Petrus is grootpraterig

Volgens Jo en Jo (2013:3) is Sanguiniese persone se mees voor die hand liggende swakpunt die geneigdheid om te spog (sien 3.6.1.5.3). Die eienskap van grootpratery word ook by Petrus opgemerk. Wanneer Petrus iets gedoen het dan is dit "die beste." Wanneer hy suksesvol was het hy daaroor gepraat en selfs oordryf. LaHaye (1993:56) maak die opmerking: "Gee Petrus genoeg tou en hy sal homself met sy eie woorde ophang." 'n Illustrasie hiervan word in Matteus 26:31-35 gevind. Dit was die aand waar Jesus saam met sy dissipels aan tafel was vir die paasmaaltyd. Terwyl hulle nog aan tafel was het Jesus vir sy dissipels gesê: "Julle almal sal my vannag nog in die steek laat (Matteus 26:31)." Petrus kon hierdie voorspelling nie onuitgedaag laat nie. Weer eens is Petrus se reaksie strydig met Jesus se uitspraak: "Daarop het Petrus vir Hom gesê: "Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie (Matteus 26:33)." Jesus gaan dan voort om vir Petrus te sê: "Dit verseker Ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën (Matteus 26:34)." Petrus reageer op 'n tipiese impulsiewe wyse op Jesus se antwoord: "[35]Petrus sê vir Hom: Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie (Matteus 26:35)!" Volgens Henry (2010:1542) is dit Petrus se poging om 'n positiewe indruk te skep.

France (2007:1001) lê egter klem op die feit dat Petrus se reaksie tog opreg was. Hierdie opregtheid kan maklik deur ander getipeer word as grootpratery. Soos kenmerklik aan Sanguiniese persone maak Petrus impulsief beloftes en verbind homself aan verpligtinge voor hy deeglik daaroor nagedink het. Maar aan die nagmaaltafel was Petrus toegewyd aan Jesus, en hierdie toewyding was vir Petrus uiters belangrik want hy was in sy Here se teenwoordigheid. Sanguiniese persone is uiters sensitief vir die omgewing waarin hulle hulself bevind (sien 3.6.1.4.2). Aan tafel was Petrus intensief bewus van die Here en sy verbintenis met Hom. Maar toe hy volgens Van der Watt *et al* (2010:28) nie meer in die Here se teenwoordig was nie, was hy nie meer in staat om sy belofte te hou nie. Later die aand toe Jesus voor die Joodse Raad verskyn het, het Petrus in die binnehof gesit (Matteus 26:69-75). Daar het 'n diensmeisie by hom verby geloop en hom herken en vir Petrus gesê: "Jy was ook saam met Jesus die Galileër. Die impulsiewe Petrus reageer onmiddellik op die diensmeisie se opmerking: "Maar hy het dit voor almal ontken: "Ek weet nie waarvan jy praat nie (Matteus 26:70). "[70]Toe Petrus na die uitgang van die binnehof beweeg sien 'n ander diensmeisie hom en sê vir die mense wat daar staan: "Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret (Matteus 26:71b)." Vir 'n tweede keer het Petrus dit ontken: "Ek ken die man nie!" (Matteus 26:72).

4.4.2.6 Die Sanguiniese Petrus se ontkenning

Soos wat Judas bekend is dat hy Jesus verraai het, is Petrus bekend dat hy Jesus verloën het (Matteus 26:69-75). Al vier van die evangelies gee hierdie gebeurtenis weer. LaHaye (1993:60) maak die opmerking dat hierdie tragiese gebeure juis vier keur opgeteken is om gelowiges te wys dat God selfs die mees onperfekte persone in sy dienaars kan verander. Die gebeure waar Petrus Jesus verloën in Matteus 26:69-75 verskaf besonderhede oor Sanguiniese persone se geneigdheid tot ontkenning. Geen van die ander persoonlikheidstipes word so sterk deur hulle omgewing beïnvloed soos die Sanguiniese persoonlikheidstipe nie (sien 3.6.1.1). Sanguiniese persone kan in 'n situasie baie sterk en selfs oorweldigend voorkom wat die indruk skep dat hulle die situasie bemeester. Maar dit is nie noodwendig die geval nie (sien 3.6.1.4.1).

Volgens van Houwelingen (1997:351) het Petrus se probleem begin toe hy die teenwoordigheid van sy mededissipels verlaat en die teenwoordigheid van sy teenstander betree het (Johannes 18:25). Die aand waarop Petrus Jesus verloën sluit hy by die mense aan wat teen Jesus gekant was: "[18]Die slawe en die wagte het hulle gestaan en warm maak by die vuur wat hulle gemaak het omdat dit koud was.

En Petrus het hom ook saam met hulle gestaan en warm maak (Johannes 18:18)." Omdat Sanguiniese persone sterk deur hulle omgewing beïnvloed word is hulle geneig om die standpunt van die groep eerder as hulle eie standpunt in te neem. Sanguiniese persone kan binne 'n groep op een wyse optree en weer totaal anders wanneer as hulle alleen is (sien 3.6.1.5.2).

Matteus 26:69-70 vertel dat terwyl Petrus sy hande warm gemaak het, het 'n diensmeisie vir hom gesê: "Jy was ook saam met Jesus die Galileër." Die groepsdruk was vir Petrus net te veel. Petrus het weggeloop na die uitgang van die binnehof. Daar het 'n ander diensmeisie hom gesien en gesê: "Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret." [72]Weer het Petrus dit ontken en met 'n eed gesê: "Ek ken die man nie!" Om teëspoed te ontkom is Sanguiniese persone volgens LaHaye (1984:60) geneig om toegewings te maak. Maar klein kompromieë ontwikkel in groter toegewings. Petrus reageer instinktief en verloën Jesus nie net nie, hy ontken sy verbondenheid met Hom "met 'n eed." Petrus gebruik "'n eed" as bewys om sy leuen toe te smeer. 'n Oomblik later kom die manne wat daar gestaan het na Petrus toe en sê: "Dit is waar, jy is ook een van hulle." 'n Mens kan dit aan jou spraak hoor." Petrus reageer vir 'n derde keer baie kras: "[74]Toe begin hy vloek, en hy sweer: "Ek ken die man nie!" (Matteus 26:73-74). Petrus se impulsie om te praat verhoed hom om stil te bly selfs in die teenwoordigheid van sy teenstanders. Meeste mense wat daar was, was van Jerusalem afkomstig. In teenstelling was Petrus soos Jesus uit Galilea afkomstig en het met 'n ander aksent gepraat.

Volgens Lepori (2010:105) illustreer hierdie gebeure ook die progressiewe aard van die sonde. By die eerste konfrontasie verloën Petrus vir Jesus. By die tweede konfrontasie verloën Petrus Jesus weer maar voeg die sonde teen die 9 ste gebod by deur 'n valse eed af te lê. By die derde konfrontasie verloën Petrus Jesus weer maar voeg "vloek" en "sweer" as sonde by (Matteus 26:74). Om die leemtes in hulle argument te oorkom tree Sanguiniese persone kras op (sien 3.6.1.5.3). Turner *et al* (2005:350) noem dat Petrus nie noodwendig hierdie tipe taal in die teenwoordigheid van die Here sou gebruik nie. Hy sou dit waarskynlik vir 'n geruime tyd nie gebruik het nie. Maar vanweë groepsdruk en Petrus se sterk behoefte aan goedkeuring en aanvaarding, het Petrus onbewustelik sy gewoontes van die verlede laat herleef.

Soos kenmerklik aan Petrus stimuleer die eksterne omgewing hom met die haan wat kraai. Volgens Turner et al (2005:341) was Petrus se reaksie hierop kenmerkend van 'n Sanguiniese persoon. Die vier evangelies beskryf Petrus se reaksie soos volg: "En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil (Matteus 26:75)." Volgens Littauer en

Sweet (2011:101) is daar twee persoonlikheidstipes waar mans geneig is om te huil - naamlik Sanguiniese en Melancholiese mans. Hierdie kenmerk dien as teken dat die Sanguiniese persone makliker uitdrukking gee aan hulle emosies as die ander persoonlikheidstipes. Petrus se bitterlike trane illustreer ook ŉ verdere kenmerk van Sanguiniese persone. Sanguiniese persone kom weens hulle emosionele aard maklik tot inkeer. Bennett en Bennett (2005:38) wys daarop dat Sanguiniese persone heelhartige tot inkeer kom wanneer hulle met die realiteit van hulle sonde of die gevolge daarvan gekonfronteer word. Dit wil voorkom of hierdie gebeure Petrus in sy diepte wese geraak het.

4.4.2.7 Die Sanguiniese Petrus se inkonsekwentheid

Petrus se optrede soos hierbo uiteengesit (Matteus 26:31-35; Matteus 26:69-75; Markus 14:27-31; Markus 14:66-72; Lukas 22:31-34; Lukas 22:56-62; Johannes 13:36-38; Johannes 18:15-18, 25-27) wys in geheel daarop dat Sanguiniese persone inkonsekwente gedrag vertoon. Soos by Petrus waargeneem kan word bestaan sy gedrag soms uit ekstreme teenstrydighede. Vir Sanguiniese persone is hierdie teenstrydighede in hulle gedrag waarskynlik ŉ daaglikse stryd. Maar Burke (2013:32) lê klem op die feit dat persone deur Jesus Christus “nuwe mense” mense word (Romeine 12:2; Efesiërs 4:22). Petrus se twee name is volgens MacArthur (2002:35) kenmerkend van hierdie onderskeid (sien 4.4.2.3). Die nuwe Petrus word die meer stabiele persoon wat deur die Heilige Gees uit die Sanguiniese klei gevorm word.

Soos dit uit die lewe van Petrus geïllustreer word is hierdie verandering van ŉ ou na nuwe mens nie ŉ onmiddellike verandering nie, dit is ŉ proses van groei. Die ou mens kan slegs in Christus oorkom word (Romeine 6:1-14). Volgens LaHaye (1993:67) is hierdie verandering meer sigbaar in die Sanguiniese persoonlikheidstipe as in enige van die ander persoonlikheidstipes. Die rede hiervoor is dat Sanguiniese persone se doen en late, goed of sleg, uiters opsigtelik is (sien 4.4.2). Die ander persoonlikheidstipes se gedrag is minder opsigtelik en ekstreem. Na vervulling met die Heilige Gees het Petrus volgens Fernando (1998:53) nie meer sóveel onbeheerste gedrag as in sy verlede vertoon nie. Petrus het met meer selfbeheersing begin optree. Die dinamiese en geliefde karakter van Petrus was nog teenwoordig maar die swakpunte was omskep in sterkpunte (sien 4.4.2.8).

4.4.2.8 Die Sanguiniese Petrus se vervulling met die Heilige Gees

Van der Watt *et al* (2010:26) vergelyk Petrus se lewe met ŉ voor-en-na foto soos wat dikwels in tydskrifte gevind word om die effek van sogenaamde wondermiddels te

demonstreer. Petrus se "voor-foto" is impulsief, inkonsekwent en egosentries. Die "na-foto" lyk totaal anders. In Petrus se lewe word hierdie verskil duidelik gesien nadat hy op Pinkster met die Heilige Gees vervul is (Johannes 14:16). Volgens Van Eck (2009:47) het die werking van die Heilige Gees Petrus se lewe duidelik beïnvloed. Die werking van die Heilige Gees het Petrus se swakpunte in sterkpunte verander. Die eerste teken van verandering in Petrus word volgens Adeyemo (2006:1301) gevind in Handelinge 1:15 "Petrus het die leiding geneem" by 'n byeenkoms van sowat honderd en twintig gelowiges. In Handelinge 1:16-17 word Petrus se eerste opgetekende preek gevind. Hierdie preek blyk om 'n begrafnispreek vir Judas Iskariot te wees. Petrus het gesê: "Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word. Hy is as een van ons gereken en is ook gekies om 'n aandeel in ons werk te hê..."

Nadat Petrus met die Heilige Gees vervul was word minder impulsiewe, selfgesentreerde, egosentriese of inkonsekwente gedrag volgens Van den Brink *et al* (2001:25) by hom waargeneem. Petrus se woorde getuig van deurdagte oplossings om 'n plaasvervanger vir Judas te vind: "Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is" (Handelinge 1:21-22). Petrus wou volgens Farmer (2001b:1739) duidelik maak dat die twaalfde apostel iemand moes wees wat van die begin af saam met hulle was. Met goeie begrip stel Petrus voor dat die nuwe apostel wat Judas sou vervang 'n geloofwaardige getuie moet wees. Hy moes soos die ander apostels 'n oor- en ooggetuie van Jesus wees en iemand wat homself as 'n getroue volgeling van Jesus bewys het. Petrus begrond nie sy plan op sy eie insigte nie, maar op insig vanuit die Woord van God, Petrus sê: "In die boek van die Psalms staan daar: [22]Laat sy woonplek leeg word; laat niemand daarin woon nie, en Laat 'n ander sy amp oorneem" (Handelinge 1:20).

Met die uitstorting van die Heilige Gees ontvang die apostels die vermoë om die evangelie in verskillende tale aan besoekers in Jerusalem te verkondig sodat almal in hulle "eie taal" die evangelie kon aanhoor (Handelinge 2:11). Die inwoners van Jerusalem het met hulle die spot gedryf omdat hulle nie verstaan het wat aan die gebeur was nie. Hulle het die apostels beskuldig dat hulle "dronk" was. Dit was egter 'n geesvervulde Petrus wat op die aanmerkings gereageer het: "[14]Toe staan Petrus

[22]Met sy toespraak in Handelinge 2:15-26 haal Petrus Psalm 69:26 en Psalm 109:8 aan om sy argument te staaf.

saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe" en lewer die eerste preek in die kerklike era (Handelinge 1:14-20). Die wysheid in Petrus se preek getuig volgens Maasen (2009:97) van kennis wat hy verkry het deur drie jaar in Jesus se teenwoordigheid te wees. Petrus was voorheen 'n visserman en het nie hierdie kennis en insig gehad nie. Hierdie preek was 'n boodskap van God deur sy instrument - die Sanguiniese prediker.

Die resultate van Petrus se geesvervulde preke word in Handelinge 2:37 beskryf: "[37]By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: "Wat moet ons doen, broers?" Uit hierdie prediking ontstaan die eerste gemeente: "[41]Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg. [42]Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid..." Die hardkoppige, inkonsekwente en emosioneel onstabiele Petrus was verander in 'n geesvervulde prediker. Volgens Bennett en Bennett (2005:189) maak Sanguiniese persone goeie sprekers, maar dit is slegs geesvervulde Sanguiniese persone wat invloedryke predikers word. Dit is uit Petrus se lewe duidelik dat Geesvervulde Sanguiniese predikante hulle gawes tot groot aanwins in God se koninkryk kan aanwend. Volgens Fernando (1998:106) is dit eenvoudig om raak te sien wanneer Sanguiniese persone in die "Gees" of in die "vlees" praat. Onder die invloed van die Sanguiniese persoonlikheid sal die "ek" beklemtoon word. Maar Sanguiniese persone onder die leiding van die Heilige Gees sal volgens Smit (2002:73) Christus met hul woorde eer.

4.4.2.9 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se konsekwentheid

Handelinge 3:1-26 wys daarop dat Petrus se optrede na die uitstortings van die Heilige Gees op Pinkster nie 'n blote emosionele uitbarsting of 'n impulsiewe vertroue in God was nie. In plaas daarvan om soos normaalweg op die ingewing van die oomblik op te tree is Petrus saam met Johannes oppad om in die tempel te gaan bid. Vir Sanguiniese persone kom godsdienstige dissipline volgens Sewell (2008:47) nie maklik nie. LaHaye (1993:72) wys verder daarop dat 'n getroue godsdienstige program egter die enigste manier is om inkonsekwentheid by hierdie persoonlikheidstipe te elimineer. Die Melankoliese Johannes (sien 3.7.2.3.3) sal van nature die regte ding doen. Johannes gaan op die bestemde tyd na die tempel om te bid. Maar 'n gebedsontmoeting mag slegs vir Sanguiniese persone aanloklik wees indien hulle met die Heilige Gees vervul is.

Hierdie nuwe geesvervulde Sanguiniese optrede van Petrus word ook in Handelinge 3:1-10 gevind. Wanneer die Heilige Gees Sanguiniese persone se lewe beheer, word hulle meer buigsaam en minder impulsief. Toe Petrus en Johannes by die tempel kom om te bid, vind hulle 'n man wat van sy geboorte af verlam was, besig om te bedel (Handelinge 3:1-2). Handelinge 3:4-7 toon aan dat hulle diep in hulle harte aangeroer was en hulle planne onmiddellik verander het. Hulle het hul aandag op die man in nood gevestig: "[4]Petrus en Johannes kyk hom toe stip aan, en Petrus sê: "Kyk na ons." [5]Toe kyk die man na hille in die hoop dat hy iets van hulle gaan kry. [6]Maar Perus sê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop! [7]Hy vat toe die man se regterhand en help hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword."

Petrus se woorde in Handelinge 3:4-7 wys weg van homself af. Petrus sê nie "ek sê vir jou staan op en loop" nie. Petrus het geleer dat Jesus Christus die bron van sy krag is. Daarom gebruik hy eksplisiet die woorde: "...in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!" As die verlamde man opstaan en loop, hang dit van die krag van God af en nie sy eie nie. Dit stel Petrus verder in staat om oor die kragtige werking van Jesus Christus te getuig. So ontvang God volgens Arnold (2002:242) die eer en nie Petrus nie. Petrus het wel sy hand uitgesteek na die verlamde man, maar dit is die Heilige Gees wat elke gelowige by die hand vat en lei (Handelinge 3:7). Dit was met ander woorde die krag van die Gees wat deur die Sanguiniese Petrus tot uitdrukking gekom het.

In Handelinge 3:1-26 is Petrus se kenmerkende Sanguiniese swakpunte afwesig. Deur die genesing van die verlamde man soek Petrus op geen wyse sy eie belang nie maar slegs die glorie van Jesus Christus. Ook in die res van Handelinge is dit kenmerklik aan Petrus. Onder leiding van die Heilige Gees gebruik Petrus die geleentheid om die skare te laat deel aan die evangelie van Jesus Christus deur dit kragtig aan hulle te preek (Handelinge 3:11-26). Die doel van die preek was volgens Willig en Bundy (2001:5) om op grond van Jesus se kruisiging en opstanding die skare tot bekering en geloof te roep (Handelinge 3:12-23). Die Heilige Gees se deelname kan waargeneem word in die eindresultaat: "Tog het baie van die mense wat hulle prediking gehoor het, gelowig geword; en die getal gelowiges het aangegroei tot omtrent vyf duisend (Handelinge 4:4)."

In hierdie gebeure kan Petrus se transformasie ook verder waargeneem word. Dit wil voorkom of Petrus en Johannes na die opstanding van Jesus 'n besondere noue band met mekaar gehad het (Johannes 20:2). Petrus se goeie vriendskap met die

Melankoliese Johannes, dien as bewys dat Petrus meer konsekwent in sy optrede geword het. Goeie vriendskappe met ander word volgens Henry (2010:1884) in en deur aanbinding van God gevorm. So 'n band kan slegs voortbestaan indien daar konsekwentheid in hulle vriendskap bestaan het.

4.4.2.10 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se dapperheid

Die nuus dat duisende Jode tot bekering gekom het, het die godsdienstige leiers van die Jode geweldig ontstel: "[1]Petrus en Johannes was nog besig om met die mense te praat toe die priesters, die bevelvoeder van die tempelwag en die Sadduseërs op Petrus-hulle afstorm. [2]Die priesters en die ander was onthuts omdat die apostels die mense geleer het en verkondig het dat die opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding 'n werklikheid geword het. [3]Hulle het Petrus en Johannes gevange geneem... (Handelinge 4:1-3)" Die volgende oggend het hulle voor die godsdienstige leiers verskyn waar hulle onder kruisverhoor geplaas is. Volgens Fernando (1998:152) was dit Petrus wat die aantygings teen hulle beantwoord het. Handelinge 4:13 gee weer dat: "[13]Die Joodse Raad verbaas was toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelinge van Jesus." Al was Petrus en Johannes "ongekwalifiseerde" predikers, het hulle volgens Van der Watt *et al* (2010:27) vreesloos en met groot wysheid hulleself voor die Joodse Raad verdedig.

Nie lank voor hierdie gebeure nie het Petrus Jesus drie maal verloën. Nou in Handelinge 4:10, onder selfs groter druk, erken en bely Petrus met vrymoedigheid Jesus Christus as die gekruisigde en opgestane Here. Petrus se woorde aan die Joodse Raad vertoon nie die grootprater Sanguiniese persoonlikheidseienskappe nie. Petrus vertoon vreeslose toewyding aan Jesus Christus sy Here. Met reg kan nou gevra word: Wat het die verskil in Petrus se reaksies onder druk veroorsaak? Handelinge 4:8 verduidelik: "Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê..." Petrus het nie meer onder druk na eiewaarde gestreef nie, maar eerder na vrede wat deur die Heilige Gees geïnisieer word. Volgens van Eck (2009:117) is hierdie een van talle geleenthede in Handelinge waar God sy apostels met die Heilige Gees vervul het om 'n spesifieke uitdaging te kan hanteer (Handelinge 4:8, 4:31, 7:55 & 13:9).

Wanneer Sanguiniese persone die evangelieboodskap verkondig is dit volgens Littauer (2005:52) vir hulle die beste om in geloof "die self" aan die Heilige Gees oor te gee. Dit is om beskikbaar te wees as instrument vir die Here. Om met ander woorde die Here se hande, voete en lippe te wees. Hierdie manier van getuienis is

meer effektief want dit laat die Heilige Gees toe om in beheer te wees van die woordbedienaar se woorde en dade. Sanguiniese persone moet daarom leer dat - wanneer hulle onder druk verkeer - hulle die "druk" op die Heilige Gees moet verplaas, want alleenlik die Heilige Gees kan onder druk die mens met wysheid toerus. Paulus getuig hiervan in 2 Timoteus 1:7 "[7]Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing."

4.4.2.11 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se wysheid

Volgens Chapman (2010c:16) dink meeste mense normaalweg nie helder onder druk nie. Die beste argument kom gewoonlik eers in ons gedagtes op lank na die argument verby is. Maar dit was egter nie die geval met Petrus toe hy met die Heilige Gees vervul was nie. Onder die geweldige druk van 'n kruisverhoor deur die godsdienstige leiers in Handelinge 4 was Petrus se verstand glashelder. Die Joodse Raad het Petrus en Johannes beveel "om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie" (Handelinge 4:18). Maar Petrus en Johannes vervul met die Heilige Gees was nie geïntimideer nie, ook het Petrus nie emosioneel uitgevaar nie. Petrus antwoord die Joodse Raad in wysheid "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan God. [20]Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie" (Handelinge 4:19-20). Volgens LaHaye (1993:79) is hierdie vorm van wysheid en emosionele stabiliteit ietwat vreemde gedrag vir die Sanguiniese Petrus. Die twee apostels het hulle verdrukkers verlaat, saam met hulle medegelowiges gaan bid en aangehou om die Woord van God te verkondig: "[31]Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig" (Handelinge 4:31).

'n Volgende voorbeeld van Petrus se geesvervulde wysheid word gevind waar hy vir 'n tweede keer voor die Joodse Raad verskyn het. Omdat Petrus aangehou het om met toewyding die Naam van Jesus te verkondig het dit die hoëpriester ontstel: "[28]Het ons julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie? En nou lê die hele Jerusalem vol van julle leer! Boonop wil julle ons ook nog verantwoordelik hou vir hierdie man (Jesus) se dood" (Handelinge 5:28). Petrus het nie kwaad geword soos kenmerklik van Sanguiniese persone nie, maar het weer onder leiding van die Heilige Gees 'n wyse geantwoord gegee: "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense" (Handelinge 5:29)! Verdere getuienis van geesvervulde wysheid by Petrus word volgens Fernando (1998:205) in sy unieke

hantering van Ananias en Saffira se saak in Handelinge 5:1-11 gevind. Daar was geen bitterheid of vyandigheid in die wyse waarop Petrus hulle hanteer het nie. Ananias en Saffira het die Heilige Gees bedroef deur oneerlik te wees oor hulle kerklike bydrae. Petrus het die hele saak op 'n kalm wyse hanteer.

Met betrekking tot Sanguiniese persone se geneigdheid tot woede moet hulle volgens LaHaye (1993:80) die volgende altyd in gedagte hou: "Omdat God se genade onder alles omstandighede genoeg is, hoef geesvervulde persone nie in woede uit te bars en sodoende hulle christelike getuienis in gedrang te bring nie (2 Korintiërs 12:9). Menslik gesproke, kan persone om goeie rede kwaad word, maar Sala (2010:32) noem dat Christene die Heilige Gees het wat hulle in staat stel om met selfbeheersing te kan optree (Titus 3:5). Littauer (2005:65) wys daarop dat alhoewel Sanguiniese persone met selfbeheersing kan optree, gaan hulle steeds, soos eie aan hulle persoonlikheid, ekstroverties en entoesiasties optree.

4.4.2.12 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se vreugde

Vreugde is 'n natuurlike eienskap van die Sanguiniese persoonlikheid (sien 3.6.1.4.1). Normaalweg put Sanguiniese persone groot vreugde uit dit wat hulle doen. Hulle het die vermoë om die teenwoordigheid van die mense rondom hulle te geniet (sien 3.6.1.3). Maar Sanguiniese persone voel volgens Sewell (2008:47) maklik beledig. Hulle vreugde kan vinnig in negatiwiteit of pessimisme verander. Petrus se reaksie selfs nadat hy deur die hoëpriester laat slaan is, is strydig met wat kenmerklik van die Sanguiniese Petrus verwag kan word (Handelinge 5:40). Volgens Henry (2010:1897) het die Joodse Raad gepoog om hulle te verneder. Deur die apostels "...te laat slaan..." is hulle afgemaak as kwaaddoeners. Die Joodse Raad het gehoop dat die apostels as gevolg van die vernedering sal ophou om die Naam van Jesus te verkondig. Maar Petrus saam met die ander apostels het die vernedering verdra. Die apostels het egter blydskap ervaar omdat "...hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly (Handelinge 5:41)." Om hulle roeping te verloën sou meer pynvol wees as die fisiese pyn en emosionele vernedering wat hulle moes verduur. Die vernedering en mishandeling wat hulle verduur het, het waarskynlik tot die apostels se geloofwaardigheid bygedra.

In Handelinge 5:41 en 42 staan daar: "[41]Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly. [42]En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie." Volgens Fernando (1998:217) sal persone nie maklik 'n instelling teenstaan nie. Maar

wanneer die instelling se oortuigings in stryd is met die waarheid kan geesvervulde gelowiges dit nie bloot aanvaar nie, so het Petrus se woorde aan die Joodse Raad ook getuig: "'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as mense" (Handelinge 5:29). In Galasiërs 5:22-26 wys Paulus dat vreugde een van die vrugte van die Gees is. Dit is die rede waarom Petrus saam met die ander apostels in Handelinge 5:41 en 42 vreugde ervaar het in plaas van verbittering (Joubert, 2003:63). Petrus self getuig hiervan in 1 Petrus 4:1 en 14 "[13]Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid... Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlikheid behoort, die Gees van God, op julle bly." In 1 Petrus 2:21-23 beskryf Petrus die rede waarom hy die lyding terwille van Jesus Christus verdra:

> "Om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. [21]Juis hieroor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg. [22]"Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie." [23]Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel."

Die Heilige Gees gee volgens Henry (2010:1897) aan geesvervulde Sanguiniese persone 'n spontane begeerte na vreugde. Om die rede het Petrus en die ander apostels nie opgehou om "...elke dag in die tempel en hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie" (Handelinge 5:42). Die kern van hulle verkondiging was "...dat Jesus die Christus is..." (Handelinge 5:42). Dit was presies die prediking wat die Joodse Raad ontstel het, maar Petrus het nie sy prediking verander om die Joodse Raad tevrede te stel nie. Volgens Henry (2010:1897) moet die verkondiging van Jesus Christus juis die basiese gedagte agter enige woordbedienaar se prediking wees. So getuig Paulus ook in 1 Korintiërs 2:2 "[2]Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde." Ook noem Paulus dit aan Timoteus in 2 Timoteus 1:12 "[12]Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou."

4.4.2.13 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se nederigheid

Volgens Strelau (1998:63) is nederigheid gewoonlik nie 'n eienskap van die Sanguiniese persoonlikheidstipe nie. Sanguiniese persone is van nature egosentries (sien 3.6.1.5.3). Om hierdie rede sal hulle baie selde iets doen bloot om iemand te

help. Sanguiniese persone verkies om self in die kalklig te wees. Maar dit was nie meer die geval met die geesvervulde Petrus nie. 'n Bewys hiervan word in Handelinge 9:36-42 gevind. In hierdie gedeelte vind daar nog 'n wonderwerk plaas wat selfs die van die genesing van die verlamde man oortref. Die gebeure in Handelinge 9:36 handel oor 'n vrou met die naam Tabita: "Sy was altyd besig om goed te doen en armes te help." Sy het siek geword en gesterf. Omdat Petrus naby Joppe was, die dorp waar sy gewoon het, het die gelowiges hom laat haal. In Handelinge 9:39-42 het Petrus aan hulle versoek gehoor gegee. Petrus se optrede getuig daarvan hoe die Heilige Gees 'n egosentriese persoon in 'n nederige persoon kan verander:

> "[39]Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom na die bokamer toe geneem... [40]Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: "Tabita, staan op!" Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit. [41]Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring. [42]Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom."

LaHaye (1993:83) merk op dat daar nie 'n beter geleentheid as hierdie vir Petrus was om sy reputasie te bevorder nie. Van nature kon Petrus die situasie vir sy eie eer gebruik het. Maar tog laat Petrus almal teenwoordig eers die vertrek verlaat voordat Tabita opgewek word. Volgens Cammeraat (1999:794) is Petrus se daad gebaseer op nederigheid. Petrus bid in totale privaatheid. Petrus laat sy ego terugstaan sodat God aan Wie al die eer behoort die eer kon ontvang. Petrus het geweet dat dit nie deur sy eie krag is nie, maar deur die krag van die opgestaande Christus. Fernando (1998:292) kom tot die gevolgtrekking, dat hierdie optrede van Petrus só ver verwyder was van sy natuurlike persoonlikheid dat dit slegs die werking van die Heilige Gees in Petrus kon gewees het. Volgens Henry (2010:1917) kan Petrus se nederigheid in Handelinge 9:36-42 op drie vlakke waargeneem word:

- ✓ *In Privaatheid*: Petrus stuur almal uit die vertrek uit. Petrus neem alles uit die weg wat hom in 'n goeie lig kan plaas. Die mense wat teenwoordig was het gekom om te sien, maar Petrus het nie gekom om gesien te word nie.
- ✓ *Deur gebed*: Met die verrigting van die wonderwerk is en bly God die Een wat die wonderwerk verrig. Petrus as gewone sondige mens weet dat dit slegs God is wat die dooies kan opwek tot lewe. Petrus bid met die onderdanigheid van 'n dienaar (Hebreërs 3:5-6).

- ✓ *Deur die Woord*: Nadat Petrus gebid het, het hy na die liggaam van Tabita gedraai en gesê: “Tabita, staan op!” Die krag van God het hierdie woorde vergesel.

4.4.2.14 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se gebedslewe

’n Algemene probleem waarmee meeste Sanguiniese gelowiges worstel is konsekwentheid in hulle geloofslewe (Sewell, 2008:48). Omdat Sanguiniese persone van nature rusteloos is, word daar van een aktiwiteit tot die volgende gespring (sien 3.6.1.5.1). Hulle raak betrokke by allerhande “aktiwiteite vir die Here” sonder om self veel persoonlike tyd aan gebed en Bybelstudie te bestee. Handelinge 10:1-33 gee hiervan ’n voorbeeld uit Petrus se lewe. Op ’n dag het Petrus opgegaan na die dakstoep van die huis waar hy by Simon die leerlooier tuis gegaan het om te bid. Dit wil voorkom of Petrus buite die normale voorgeskrewe tye vir gebed ’n aktiewe gebedslewe gehad het. Na ’n tyd het hy honger geword en gaan eet. Terwyl sy gasheer die ete klaar gemaak het, het Petrus in geesvervoering geraak. Hy het die hemel sien oopgaan soos ’n groot doek wat aan sy vier punte neergesak word met allerhande viervoetige diere en wilde voëls daarop. Petrus hoor toe ’n stem wat vir hom sê: “Kom, Petrus, slag en eet” (Handelinge 10:13). Sodoende het die Here alle diere rein verklaar (Handelinge 10:15; Markus 7:5-23).

Volgens Van den Brink (2001:299) was alle diere wat volgens Joodse opvatting onrein was, vir Petrus onaanvaarbaar om te eet. Tipies aan Petrus se impulsiewe karakter reageer hy onmiddellik: “Nooit nie, Here! Ek het nog nooit iets geëet wat onheilig of onrein is nie.” Petrus weier om die opdrag uit te voer omdat die gedagte om onrein diere te eet vir hom walglik was, self al is die opdrag van die Here afkomstig. Hier moet in gedagte gehou word dat die Joodse wette van reinheid nie net ’n saak van etiket of gewoonte was nie, maar ’n saak van lewe en dood. Petrus se weiering bring God se standpunt duidelik na vore: “Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie” (Handelinge 10:15).

Handelinge 10:19-20 vertel dat: “[19]Terwyl Petrus nog nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: “Daar is drie mans wat jou soek.” [20]Kom, gaan ondertoe en moenie aarsel om saam met hulle te gaan nie, want Ek het hulle gestuur.” Petrus wat die sleutels van die koningryk van God in Matteus 16:19 ontvang het word weer eens geroep om die deur van die koninkryk van God oop te sluit. Petrus gehoorsaam die Here deur na Sesarea toe te gaan en die evangelie vir die Heidene te bring. Petrus moes volgens Adeyemo (2006:1319) besef dat enige groep mense waardig is om die evangelie te ontvang.

Volgens LaHaye (1993:83) mag baie Sanguiniese gelowiges 'n tekort aan 'n verdiepte geestelike lewe hê omdat hulle vanweë hulle rustelose aktiwiteite nie tyd maak om met die Here te praat of te luister nie. Maar die geesvervulde Sanguinies Petrus het egter geleer om 'n konstante en volhoubare gebedslewe te handhaaf. Vanuit sy gebedslewe vloei 'n intieme verhouding met sy Here. Die geesvervulde Sanguiniese Petrus dien hier as 'n voorbeeld dat 'n aktiewe en toegewyde godsdienstige lewe Sanguiniese gelowiges tot diensbaarheid kan aanmoedig. Ook dien die gebeure as 'n voorbeeld dat Sanguiniese persone deur 'n toegewyde godsdienste lewe 'n belangrike rol in die verspreiding van die evangelie kan speel.

4.4.2.15 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se liefde

Handelinge 10:1-33 weerspieël 'n verdere verandering wat deur die werking van die Heilige Gees in Petrus se lewe plaasgevind het. Sanguiniese persone is geneig om bevooroordeeld te wees (sien 3.6.1.5.3). Sanguiniese persone kan volgens Löhken (2015:22) van nature onverdraagsaam teenoor ander wees. Sanguiniese persone mag ook argumente verwelkom om sodoende hulle mening te lug. Wanneer hulle 'n bepaalde standpunt ingeneem het verander hulle dit ook nie maklik nie. Om die rede kan dit moeilik wees om Sanguiniese persone se vooropgestelde idees te verander. Voor die uitstorting van die Heilige Gees het Petrus hierdie eienskap ook vertoon (sien 4.4.2.4), maar vervul met die Heilige Gees tree hy anders op. Soos alle Hebreërs het Petrus ook 'n vyandskap teen die heidene, en in besonder teen die Romeinse soldate gehad.

In Handelinge 10:1-33 het die Here Petrus gelei na Kornelius, 'n kaptein in die Romeinse weermag, om aan hom die evangelie te verkondig. Petrus se reaksie getuig van onmiddellike gehoorsaamheid (Handelinge 10:21). Kornelius onder die invloed van die Heilige Gees het Petrus verwelkom: "[25]Toe Petrus daar kom, het Kornelius hom tegemoet gegaan en eerbiedig voor hom geknie. [26]Maar Petrus het hom laat opstaan en gesê: "Staan op! Ek is self ook maar net 'n mens" (Handelinge 10:25 en 26). Hierdie nederige reaksie van Petrus getuig van die Heilige Gees se invloed op sy gedrag. Voor Petrus homself kon vind was hy reeds besig om sy doel met die Romeinse kaptein Kornelius te bereik:

> "[27]Terwyl Petrus met Kornelius praat, gaan hy die huis binne, waar hy baie mense bymekaar aantref, [28]en hy sê vir hulle: "Julle weet dat 'n Jood nie met iemand van 'n ander volk mag omgaan of by hom in die huis mag kom nie, maar God het vir my gewys dat ek geen mens as onheilig of onrein mag

beskou nie. [29]Daarom het ek sonder om teë te stribbel, gekom toe julle my laat haal het." (Handelinge 10:27-29).

Volgens LaHaye (1993:86) getuig hierdie gebeure dat Petrus se totale houding en lewensmotivering verander het. Petrus was vasbeslote om in totaliteit vir die Here beskikbaar te wees. Handelinge 10:28 bevat die sleutel vir hierdie verandering: "...maar God het vir my gewys..." Hierdie woorde waarborg hulp aan enige Sanguiniese persoon met swak wilskrag, swak selfdissipline en egosentrisme. Omdat Petrus beskikbaar was vir die Heilige Gees, het hy verlossing gebring aan die voorheen "heidense" mense. Die gevolg van Petrus se onbaatsugtige optrede en prediking was merkwaardig: "[44]Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het" (Handelinge 10:44). Die Jode wat saam met Petrus was het met verbasing hierop gereageer: "Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?" Maar Petrus het "beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word" (Handelinge 10:47&48).

4.4.2.16 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se saggeaardheid

Nadat Petrus in Jerusalem aangekom het, het die Jode hom gekritiseer omdat hy mense besoek het wat nie Jode was nie (Handelinge 11:1-3). Maar noudat Petrus met die Heilige Gees vervul is, vertoon hy nie meer soos tipies aan sy Sanguiniese persoonlikheid ongeduld nie. Petrus se lewe het so verander dat hy saggeaardheid vertoon. In Handelinge 11:1-18 keer Petrus terug na Jerusalem. Die apostels en ander gelowiges in Juda het gehoor dat mense wat nie Jode was nie ook die Woord van God aangeneem het:

> "[2]Toe Petrus dan in Jerusalem kom, het die Joodse gelowiges hom verwyt: [3]"Jy het mense besoek wat nie besny is nie en selfs saam met hulle geëet." Die Joodse gelowiges het nie die belangrikheid van die nuwe gelowiges vir die Koninkryk van God begryp nie. In plaas daarvan dat Petrus teen hulle uitgevaar tree Petrus saggeaard op: "[4]Petrus het toe vir hulle alles mooi uiteengesit" (Handelinge 11:4).

Petrus verduidelik aan hulle die waarheid in al sy besonderhede op 'n kalm en saggeaarde wyse. As gevolg van Petrus se saggeaarde verduideliking, het die Joodse gelowiges positief teenoor die nie-Joodse gelowiges gereageer: "[18]Toe die gelowiges dit hoor, was hulle tevrede. Hulle het God geprys en gesê: "God het self mense wat nie Jode is nie tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee"

(Handelinge 11:18). Die Sanguiniese Petrus het volgens LaHaye (1993:87) aanvanklik nie begryp dat saggeaardheid woede laat bedaar nie. Maar deur die Heilige Gees kon hy dit ten volle begryp en uitleef. In plaas daarvan om konflik en verdeeldheid te saai, het Petrus mense nader aan mekaar getrek. Op die wyse kan baie konflik in Sanguiniese persone se lewe vermy word indien hulle deur die Heilige Gees sagmoedig lewe.

4.4.2.17 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se geloof

Een van die nege karaktereienskappe van 'n geesvervulde lewe is geloof (Galasiërs 5:22-23). Sanguiniese persone het die geneigdheid om maklik senuweeagtig te word (sien 3.6.1.5.1). Maar Handelinge 12:1-11 skets Petrus in 'n nuwe lig. Herodes het party van die gemeentelede gevange geneem en hulle mishandel. Nadat Herodes vir Petrus laat vang het, het hy hom in die tronk gesit en hom deur vier afdelings van vier soldate elk laat bewaak. In plaas daarvan dat Petrus volgens Willig en Bundy (2001:6) deur vrees en angs oorval is, het hy rustig tussen twee soldate geslaap voor 'n engel hom uit die gevangenisskap bevry het (Handelinge 12:6-7). Om onder hierdie omstandighede rustig te slaap beteken volgens Smit (2002:91) alleenlik dat Petrus rustig en vreesloos in geloof op sy Vader in die hemel vertrou het.

4.4.2.18 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se geduld

Sanguiniese persone het volgens Burger (2004:220) die geneigdheid om sarkasties te wees tot op die punt wat dit emosionele skade aan vriende of familie kan veroorsaak (sien 3.6.1.5.3). Sanguiniese persone hou nie maklik hulle sarkasme vir hulleself nie. Hulle sal bykans enige gedagte verbaliseer sonder om die gevolge daarvan in gedagte te hou (sien 3.6.1.2). Na die gebeure toe Petrus in Handelinge 12:1-11 deur die engel van die Here uit die tronk bevry is, is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is. Daar was baie gelowiges saam om te bid. Petrus het aan die voordeur geklop, en 'n diensmeisie met die naam Rodé het gaan kyk wie dit was. Toe sy Petrus se stem herken, was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak het nie, maar binnetoe gehardloop het om te vertel dat Petrus by die deur staan (Handelinge 12:13&14). Maar die wat in die huis was het vir haar gesê: "Jy is mal" (Handelinge 12:15a). Rodé het egter daarmee volgehou, maar die wat in die huis was het daarop gereageer deur te sê: "Dan is dit sy gees" (Handelinge 12:15b). Maar Petrus wat van nature ongeduldig was, het rustig "aangehou om te klop." Toe hulle die deur opmaak en hom daar sien staan, "was hulle baie verbaas." In plaas daarvan dat Petrus met sarkasme en woede teenoor hulle uitbars lees ons: "Hy het met sy hand vir hulle gewys om stil te bly en

vir hulle vertel hoe die Here hom uit die tronk uitgelei het." Petrus kon volgens Fernando (1998:363) hulle gekritiseer het oor hulle kleingeloof. Maar hy was eerder daarop gesteld om hulle geestelik aan te moedig en die genade aan God aan hulle te wys (Handelinge 12:16&17). Handelinge 12:1-15 verskaf 'n duidelike prentjie van die Heilige Gees se werking in Sanguiniese persone se lewens.

4.4.2.19 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se leierskap

Volgens MacArthur (2002:39) versinnebeeld Petrus die gesegde: "Leiers word gebore en nie gemaak nie." Volgens MacArthur (2002:39) is Petrus se natuurlike leierskapvermoë 'n Godgegewe gawe wat met sy persoonlikheid verweef is. Petrus het ook die voorreg gehad om een van die eerste dissipel te wees wat Jesus geroep het (Matteus 4:18-22). Dit dien volgens Willig en Bundy (2001:5) as aanwyser dat Jesus Petrus se leierskapsgawes wou gebruik in die opbou van sy kerk. Jesus kies Petrus as leier van die dissipels, die kerk en ook as ambassadeur vir die heidene deur "vissers van mense" te wees (Lukas 5:10). Hierdie natuurlike gawe het volgens Van der Watt *et al* (2010:27) deur die loop van die Evangelies ontwikkel. Volgens LaHaye (1993:91) is een van die eienskappe wat Sanguiniese persone verhoed om goeie leiers te wees die geneigdheid tot onvolwassenheid. In die hitte van die oomblik kan hulle dit moeilik vind om objektief te wees. Sanguiniese persone mag emosioneel meegevoer word met die omstandighede (sien 3.6.1.5.4). Hierdie eienskap beperk volgens Maasen (2009:27) gewoonlik hulle leierskapsvermoë.

Die geesvervulde leierskap van Petrus word duidelik sigbaar in Handelinge 15:1-21. Tydens 'n kritiese oomblik in die geskiedenis van die vroeë kerk, het Petrus tydens die vergadering in Jerusalem leierskap getoon. Paulus en Barnabas het so pas teruggekeer na Jerusalem van hulle eerste sendingreis onder die nie-Jode. Die Fariseërs het vir die gelowiges gesê: "[1]As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie" (Handelinge 15:1). Paulus en Barnabas het hulle daarteen verset en in 'n heftige meningsverskil betrokke geraak. Petrus het hier na vore getree (Handelinge 15:7). Deur Petrus se toespraak binne hierdie situasie bewerk die Heilige Gees eenheid binne die vroeë Christelike kerk:

> "[7]Na 'n lang bespreking het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: "Broers, julle weet dat God my lankal uit julle geledere gekies het om die evangelie aan die heidennasies te verkondig sodat hulle kan glo. [8]En God, wat die harte ken, het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te gee net soos aan ons. [9]Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie: Hy het ook

hulle harte deur die geloof gereinig [10]Waarom wil julle dan nou God se geduld op die proef stel deur op die nek van die gelowiges uit die heidennasies ŉ juk te lê wat ons voorvaders nie in staat was om te dra nie en ons ook nie (Handelinge 15:7-10)?"

Petrus kom tot ŉ geesvervulde gevolgtrekking oor die Fariseërs se opmerking: "[11]Nee! Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word" (Handelinge 15:11). Die normale impulsiewe en uitgesproke Petrus tree so op dat gemoedere bedaar. Nadat Petrus klaar gepraat en getuig het, het almal bedaar: Handelinge 15:12 "[12]Daarmee het al die mense stilgebly en na Barnabas en Paulus geluister. Hulle het vertel van die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidennasies gedoen het."

ŉ Verdere bewys van Petrus se effektiewe leierskapsvermoë word in Galasiërs 2:7 en 8 deur Paulus beskryf. Paulus was ŉ hoogs opgeleide en intellektuele persoon wat met hoë erkenning van Petrus se leierskapsvermoë praat. Paulus wys daarop dat God nie na die uiterlike van die leiers van die verskillende gemeentes kyk nie: "[7]Inteendeel, hulle het ingesien dat die taak aan my toevertrou is om die evangelie aan die nie-Jode te verkondig, net soos dit aan Petrus toevertrou is om die evangelie aan die nie-Jode te verkondig. [8]Dieselfde God wat van Petrus ŉ apostel vir die Jode gemaak het, het vir my ŉ apostel vir die nie-Jode gemaak." Paulus verskaf hier ŉ getuienis van die resultaat van Petrus se geesvervulde leierskap. Volgens MacArthur (2002:40) vertoon Petrus tien eienskappe wat hom ŉ suksesvolle leier gemaak het. Deur die Heilige Gees het God Petrus se natuurlike Sanguinies leierseienskappe getemper om hom ŉ ware Christelike leier te maak:

1. **Nuuskierigheid:** Volgens MacArthur (2002:40) vra goeie leiers altyd baie vrae. Leiers moet ŉ onstuitbare nuuskierigheid hê. Volgens Brittz (2013:113) moet leiers mense wees wat honger vir antwoorde is. In die evangelies vra Petrus meer vrae as al die ander dissipels saam. Normaalweg is dit Petrus wat vir Jesus vra om sy woorde te verduidelik (Matteus 15:15; Lukas 12:41). Dit was byvoorbeeld Petrus wat gevra het hoeveel keer ŉ mens ŉ ander moet vergewe (Matteus 18:21). Dit was ook Petrus wat Jesus gevra het oor die beloning wat hulle sal ontvang (Matteus 19:27). Hy het ook vrae gevra oor die opstanding uit die dood (Johannes 21:20-22). Petrus wou altyd meer weet om beter te verstaan. Dit was waarskynlik hierdie nuuskierigheid wat veroorsaak het dat Petrus die woordvoerder van die dissipels was.

2. **Inisiatief:** ’n Leier is volgens Atwater *et al* (2006:49) iemand met dryfkrag, ambisie en energie. ’n Ware leier moet die tipe persoon wees wat dinge laat gebeur. Petrus het nie net vrae gevra nie, hy was gewoonlik ook die eerste om antwoorde op Jesus se vrae te gee. In Matteus 16:16 was Petrus eerste om Jesus se vraag te beantwoord oor sy identiteit. Omdat Petrus altyd gewillig was om geleenthede aan te gryp het dit hom as natuurlike leier gekenmerk. Toe Jesus gevange geneem is, het Petrus die voortou geneem om Jesus te verdedig (Matteus 26:51). Dit blyk dat Petrus die geneigdheid gehad het om altyd vorentoe te beweeg. Volgens Michael (2010:137) wou Petrus te wete kom van dit wat hy nie geweet het nie, en om te verstaan wat hy nie verstaan het nie.
3. **Betrokkenheid:** Ware leiers is volgens Brittz (2013:73) altyd in die middel van dit wat gebeur. Hulle sit nie op die agtergrond en vertel ander wat om te doen nie. MacArthur (2002:42) maak die opmerking: “True leaders goes through life with a cloud of dust around them.” Volgens Waters *et al* (2003:10) kan mense nie iemand navolg wat op ’n afstand bly nie. Ware leiers wys die weg aan. Matteus 14:29 illustreer hierdie leierskap ook by Petrus. Petrus was die een wat uit die skuit geklim en op die water na Jesus geloop het. Petrus neem die inisiatief terwyl die ander dissipels nog in die skuit bly. Petrus en Johannes was die enigste dissipels wat Jesus in Johannes 18:15 tydens sy inhegtenisname vergesel het. Lank nadat die ander dissipels Jesus tydens sy inhegtenisname verlaat het, kon Petrus ten spyte van sy vrees Jesus nie verlaat nie. Petrus het so na aan Jesus probeer bly as wat hy kon.
4. **’n Christelike karakter:** Volgens Piccolo *et al* (2010:259) maak ’n goeie karakter leierskap moontlik. Mense vind dit moeilik om iemand met ’n tekort aan karakter te vertrou. Karakter bring volgens Gilley *et al* (2009:40) respek voort en respek bring vertroue voort terwyl vertroue mense motiveer. Ware leiers word volgens Zhu *et al* (2009:594) gewoonlik geassosieer met karaktereienskappe soos integriteit, menswaardigheid, geloofwaardigheid, respek, onbaatsugtigheid, selfdissipline, selfbeheersing, selfvertroue en dryfkrag. Hierdie eienskappe reflekteer volgens Oswald (1991:26) die beeld van God in die mens. Jesus Christus is die spieëlbeeld van hoe ’n ware leier behoort te lyk. Volgens Youssef (2013:12) het Jesus al die eienskappe van ’n ware leier weerspieël. Jesus het vertroue, reinheid en eerbaarheid van ware leierskap beliggaam. Die doel met geestelike leierskap is juis om mense tot beeldskap van Christus te bring. Om die rede moet ’n leier die karakter van Christus weerspieël. Dit is volgens Sewell (2008:20) waarom die standaard vir

leierskap in die kerk van Christus so hoog is (1 Timoteus 3:1-13). Deur die tyd wat Petrus saam met Jesus deurgebring het, het Jesus hom gevorm tot 'n leier met karakter.

5. **Onderworpenheid aan Christus:** Alles wat ware geestelike leiers doen behoort gekenmerk te word deur onderwerping aan die gesag van Christus. Volgens MacArthur (2002:49) het Petrus as 'n natuurlike leier hierdie les om homself aan Christus te onderwerp nie maklik geleer nie. Maar Jesus het hom geleer om hom in nederigheid aan Hom te onderwerp. In sy tweede brief skryf Petrus oor hierdie onderworpenheid: "[5]En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, [6]die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, [7]die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense" (2 Petrus 1:5-7).
6. **Selfvertroue en aggressie:** Petrus was vinnig om te praat en vinnig om te reageer (sien 3.6.1.1). Hy het op verskeie geleenthede inisiatief geneem (sien 4.4.2.8). Hy het volgens Hanekom (2004:200) altyd gepoog om beheer te neem van elke situasie. 'n Voorbeeld hiervan word in Matteus 17:24-27 gevind. Hierdie gebeure het plaasgevind toe Jesus en sy dissipels teruggekeer het na Kapernaum. 'n Tollenaar was besig om die jaarlikse tempelbelasting in te vorder. Hierdie belasting was in Eksodus 30:11-16 en 2 Kronieke 24:9-10 voorgeskryf. Volgens Bruckner (2008:270) was hierdie belasting ongeveer twee dragma wat gelyk was aan twee dae se werk. Matteus 17:24 gee weer: "[24]By hulle aankoms in Kapernaum het die amptenare wat die tempelbelasting invorder, na Petrus toe gegaan en gesê: "Wat van julle leermeester? Betaal hy dan nie tempelbelasting nie." Petrus verseker die amptenaar onmiddellik dat Jesus wel tempelbelasting betaal (Matteus 17:25). Maar hierdie vorm van belasting het Petrus laat wonder. Was die Seun van God verplig om soos 'n gewone mens vir die instandhouding van die tempel belasting te betaal? Die Seun van God betaal nie belasting in sy Vader se koninkryk nie, waarom sal Jesus belasting op aarde betaal? Maar Jesus het geweet wat Petrus gedink het: "Toe Petrus in die huis inkom, was Jesus kom voor met die vraag: "Simon, hoe dink jy: Van wie vorder die konings van die wêreld tol of belasting in? Van hulle seun of van ander mense?" (Matteus 17:25). Petrus kom dan tot die logiese gevolgtrekking: "Van ander mense" (Matteus 17:26). Maar as Jesus nie betaal het nie sou Hy die verkeerde boodskap aan die wêreldse gesagstrukture stuur. Jesus betaal tempelbelasting om die sitasie te vermy wat meeste

mense op daardie stadium nie sou verstaan nie. Al was Jesus regtens nie verplig om tempelbelasting te betaal nie sê Hy aan Petrus: "[27]Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou" (Matteus 17:27). Die wonderwerk wat Jesus verrig bewys sy absolute soewereiniteit. As Jesus die Here oor die natuur is sou hy beslis ook gesag oor die tempel hê. Maar tog is Jesus terselfde tyd 'n voorbeeld van gewillige gehoorsaamheid. Petrus tree volgens Turner *et al* (2005:234) in hierdie gebeure met inisiatief op en doen die regte ding. Petrus het heelwaarskynlik oorweeg wat Jesus in die situasie sou doen en tree daarvolgens op. Petrus leer hierdie les ook aan ander gelowiges: In 1 Petrus 2:13-16 skryf hy: "[13]Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is [14]of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys. [15]Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat. [16]Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien." Die les wat Petrus van Jesus geleer het is: Dat gelowiges hulleself as bondgenote van Christus moet sien. As gelowiges is hulle burgers van die koninkryk van God en nie net bywoners op aarde nie. Gehoorsaam die wat gesag oor jou het vir die Here se ontwil.

7. **Selfbeheersing:** Nog 'n eienskap wat Petrus by Jesus geleer het, was selfbeheersing. Volgens Purvanova en Bono (2006:7) is selfbeheersing 'n integrale deel van leierskap. Selfbeheersing, dissipline en matigheid mag soms moeilik wees vir iemand wat altyd leiding neem. Om die rede worstel natuurlike leiers met passie wat buite beheer raak. Petrus het soortgelyke worsteling gehad. Impulsiwiteit gaan natuurlik saam met Sanguiniese leiers se passie (sien 3.6.1.4.2). Hierdie leiers word maklik ongeduldig en geïrriteerd met mense wat nie dieselfde passie as hulle deel nie. Daarom moet hulle selfbeheersing aanleer sodat hulle besonderse leierskapsvermoë kan vertoon. Jesus het by baie geleenthede die regte woorde in Petrus se mond geplaas. Dit is die rede waarom Jesus vir Petrus so baie tereggewys het wanneer hy te vinnig gepraat of oorhaastig gereageer het. Jesus was volgens MacArthur (2002:51) konstant besig om Petrus selfbeheersing te leer. Die gebeure in die tuin van Getsemane waar Petrus die hoëpriester se slaaf se oor afgekap het, is 'n voorbeeld van 'n tekort aan selfbeheersing (Matteus

26:51-54). Maar later in sy lewe skryf Petrus oor Jesus as voorbeeld van selfbeheersing vir alle gelowiges. In 1 Petrus 2:21-23 skryf hy: "[21]Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg: [22]"Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. [23]Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel."

8. **Nederigheid:** Volgens Zaccaro (2007:13) staar leiers al te gereeld selftrots en selfgenoegheid in die gesig. Leiers kan maklik meer van hulself dink as wat nodig is. Wanneer ander mense leiers navolg, prys en na hulle opkyk, kan selftrots volgens Hanekom (2004:199) leiers maklik oorval. Mens kan in Petrus se gedrag selfvertroue waarneem. Dit is duidelik in die wyse hoe Petrus ander voorspring met antwoorde en hoe hy in Matteus 14:22-33 uit die skuit geklim en op die water geloop het (sien 4.4.2.13). Petrus se oordrewe selfvertroue word veral waargeneem in sy reaksie toe Jesus aan sy dissipels sê dat al sy dissipels Hom in die steek sal laat. Jesus het gesê: "Julle almal sal My vannag nog in die steek laat" (Matteus 26:31). Maar Petrus was vol selfvertroue en het geantwoord: "Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie" (Matteus 26:33). Maar Petrus het Jesus voor die einde van die aand drie keer verloën. Die Here gebruik hierdie ervaring Volgens Van der Watt *et al* (2010:27) om Petrus nederig te maak. In sy eerste brief skryf Petrus: "[5]En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want "God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade." [6]Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het" (1 Petrus 5:5-6). Petrus waarsku kerklike leiers om: "[3]ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees" (1 Petrus 5:3). Nederigheid het volgens Willig en Bundy (2001:72) een van die eienskappe geword wat Petrus se lewe, boodskap en leierskap gekenmerk het.
9. **'n Voorliefde om ander te dien:** Volgens MacArthur (2002:52) moes al die dissipels leer dat ware geestelike leierskap uit 'n voorliefde om ander te dien bestaan. 'n Ware leier is iemand wat dien, nie iemand wat wag om bedien te word nie. Leiers is soms geneig om meer taakgeoriënteerd as mensgeoriënteerd te wees. Om die rede misbruik sommige leiers mense om hulle doel te bereik. Volgens Stone *et al* (2003:351) is ware leiers lief om die

wat hulle navolg te dien. Jesus het in Markus 9:35 vir sy dissipels gesê “As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.” Jesus het hierdie konsep konstant aan sy dissipels gewys. Jesus demonstreer ware nederigheid by die Paasmaaltyd die aand voor sy inhegtenisname (Johannes 13:1-11). In daardie tyd het almal by ’n lae tafel geëet wat vereis het dat mens eerder op die grond as op ’n regop stoel sit. Dit het beteken dat een persoon se voete naby aan die volgende persoon se kop moes wees. Die paaie was stowwerig wat mens se voete taamlik vuil gelaat het. Daarom was dit volgens Turner *et al* (2005:338) ’n algemene praktyk om jou voete te was voor die maaltyd. Maar dit was ’n taak vir slawe. Dit was beskou as een van die laagste en mees vernederendste werke. Gedurende die besige Paasfees in Jerusalem was daar waarskynlik nie ’n slaaf beskikbaar om die gaste se voete te was waar Jesus en die dissipels oornag het nie. Die dissipels was volgens Van der Walt (2007:267) eerder bereid om mekaar se vuil voete te verdra as om aan te bied om mekaar se voete te was. Die dissipels het aan tafel gaan sit sonder gewaste voete: “[4]Toe het Jesus van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en ’n handdoek gevat en om Hom vasgemaak. [5]Daarna het Hy water in ’n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handboek wat Hy omgehad het” (Johannes 13:4-5). Jesus neem volgens Willig en Bundy (2001:60) die plek van ’n slaaf in. In Lukas 22:24-33 het die dissipels onder mekaar begin argumenteer oor wie van hulle die belangrikste is (Lukas 22:24). Dit was volgens Neethling *et al* (2000:70) vir die dissipels belangriker om verhef as verneder te word. So doen Jesus, die belangrikste onder hulle, dit wat nie een van hulle bereid was om te doen nie. Jesus gee sy dissipels ’n les van ware liefde en nederigheid. Toe Jesus Petrus se voete wou was sê hy onmiddellik: “U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie” (Johannes 13:8)!” Hier is die impulsiewe Petrus weer, sonder om sy woorde te deurdink, aan die woord. Daarom verseker Jesus Petrus dat hy alreeds deur geloof “skoon” is (Johannes 13:10).

10. **Dapperheid:** Laastens moes Petrus ware dapperheid aanleer. Hierdie vorm van dapperheid beteken volgens MacArthur (2002:75) nie die tipe dapperheid wat hom met ’n swaard na die hoëpriester se slaaf laat swaai het nie, maar onverskrokke bereidheid om vir Christus se ontwil lyding te verduur (Michael, 2010:91). Jesus sê aan Petrus in Johannes 21:18 dat die prys wat hy vir die evangelie sal betaal vervolging, verdrukking, moeilikhede en eindelik ’n martelaarseinde inhou (Johannes 21:18-19). Petrus het rotsvaste dapperheid

nodig gehad om daarin te kan volhard. Ware dapperheid kan by Petrus gesien word na die uitstorting van die Heilige Gees (Handelinge 4:18-19). Vervul met die Heilige Gees en kennis dat Jesus die dood oorwin het, het Petrus hierdie rotsvaste dapperheid getoon. In sy eerste brief beskryf Petrus waarom God hierdie dapperheid gegee het (1 Petrus 1:3-7). Hy het sekerheid in Christus gehad. Die pad was moeilik, soms pynvol, en altyd stresvol. Maar dit het nie opgeweeg teen die hoop van 'n ewige heerlikheid wat kom nie.

Soos Petrus by Jesus geleer het, is sy karakter getransformeer. So het Petrus die man geword wat Jesus wou hê het hy moes wees. Petrus het homself aan Christus toegewy. Hy het selfbeheersing, nederigheid, diensbaarheid en dapperheid aangeleer. Omdat die Heilige Gees hierdie eienskappe in sy hart gewerk het, het Petrus 'n goeie en suksesvolle leier geword.

4.4.2.20 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se terugslag

Volgens LaHaye (1993:92) sal dit 'n fout wees om aan te neem dat Petrus na die uitstorting van die Heilige Gees in alle opsigte perfek was. Volgens Hogan *et al* (2007:82) stel Christene soms idealistiese standaarde wat onrealisties en bykans onmoontlik is om aan te voldoen. Vanweë hierdie onvermoë word sommige Christene dan ontmoedig. Die Nuwe Testament getuig dat Petrus na die uitstorting van die Heilige Gees nie altyd perfek in sy optrede wees nie. Christenskap is nie 'n waarborg teen foute nie. Koning Dawid is volgens Smit (2004:85) bekend as "'n man na God se hart," nie omdat hy perfek was nie, maar omdat hy telkens sy sonde bely en God se genade opgesoek het (Psalm 51:4). Selfs Elia het so depressief geword dat hy wou sterf (1 Konings 19:1-18). God het genade aan Elia bewys en hom steeds op 'n kragtige wyse gebruik (Niemann, 2010:22). Omdat Christene nie van sonde gevrywaar is nie moedig Paulus die gelowiges in Galasiërs 5:16 aan: "Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van die sondige natuur nie." Volgens LaHaye (1993:93) was hierdie opdrag nie gegee aan goddelose mense nie, maar aan Christene. In plaas daarvan om magteloos te voel oor sonde, moet gelowiges hulself tot God se onvoorwaardelike vergifnis wend: "[9]Maar as ons ons sonde bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sonde en reinig ons van alle ongeregtighede." (1 Johannes 1:9).

Petrus se terugslag word deur Paulus in Galasiërs 2:11-14 weergegee. Toe Petrus saam met Paulus na Antiogië was "het Paulus gewoonweg saam met die nie-Joodse gelowiges geëet" (Galasiërs 2:12). Maar toe Jakobus se mense daar aankom, "het

Petrus hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis" (Galasiërs 2:12). Petrus se optrede het later van die ander gelowiges wat daar was beïnvloed: "[13]Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep" (Galasiërs 2:13). Paulus het hom hierteen verset en Petrus voor almal tereg gewys (Galasiërs 2:14).

Petrus keer vanweë vrees na die "ou mens" terug. Vrees vir wat ander mense mag dink het gewoonlik 'n groot invloed op Sanguiniese persone (sien 3.6.1.5.3). Petrus wou nie sy Joodse vriende in die gesig vat nie, daarom onttrek hy hom stilletjies aan die geselskap om 'n konfrontasie wat hom moontlik in 'n slegte lig kan stel te vermy. Omdat Petrus in die hitte van die oomblik homself nie kon handhaaf nie het hy eintlik die standpunt van die voorstanders van die besnydenis bevorder. Om die rede wys Paulus volgens MacArthur (2002:59) Petrus tereg. Maar hierde gebeure wys nie daarop dat God Hom teen Petrus verset het of opgehou het om Petrus te gebruik nie. Petrus het sy twee briewe geskryf lank na hierdie gebeure. Dit wys egter daarop dat selfs geesvervulde Christene die gevaar loop om vanweë hulle sondige natuur foute te maak, en in die hitte van die oomblik tot die swakheid van die "vlees" ingee.

4.4.2.21 Die geesvervulde Sanguiniese Petrus se geestelike volwassenheid

Petrus se geestelike volwassenheid word veral waargeneem na die gebeure wat in Galasiërs 2:11-14 beskryf word. In plaas daarvan dat Petrus aanstoot geneem het oor Paulus se sterk teregwysing, vertoon hy liefdevolle waardering. In Petrus se eerste brief na aan die einde van sy lewe, skryf hy 'n heelhartige huldeblyk oor Paulus. Uit die pen van die Sanguiniese Petrus skryf hy: "[15]En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe" (2 Petrus 3:15). Petrus skryf ook verder oor Paulus se briewe wat hoë aansien geniet (2 Petrus 3:16). Petrus se lewe kan opgesom word met die woorde in sy tweede brief: "[18]Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlikheid, nou en tot in ewigheid! Amen (2 Petrus 3:18)!"

4.4.3 Gevolgtrekking oor die Sanguiniese Petrus

Uit die voorafgaande uiteensetting word dit duidelik dat Petrus soos enige Christen gelowige beide vleeslik en geestelik was. Petrus dien as merkwaardige voorbeeld vir alle voornemende Sanguiniese predikante. Met die studie oor Petrus se

persoonlikheid word dit veral duidelik hoe die Here hierdie persoonlikheidstipe met groot vrug in die kerk kan en wil gebruik. Indien voornemende predikante deur persoonlikheidsontleding bewus word van hulle Sanguiniese persoonlikheid kan hierdie agtergrond uit Petrus se verhouding met die Here uiters insiggewend wees. Petrus het gereeld met sy sondige natuur geworstel maar was ook deur die Heilige Gees gelei. Petrus het somtyds met sonde geworstel maar op ander tye het hy die regverdiging deur geloof in Jesus Christus uitgeleef. Dit is duidelik dat beide Petrus se swak en sterk eienskappe 'n ryk verhouding met Jesus tot gevolg gehad het. Hy wou in meeste omstandighede die beste voet voorsit, maar praat meestal sy mond verby of laat sy sondige natuur beheer oor hom kry. Petrus het in geloof op water geloop, maar sink in twyfel. Die aand van Jesus se inhegtenisname ontken hy van harte dat hy Jesus ooit in die steek sal laat. Maar kort daarna verloën Petrus vir Jesus. Nogtans gebruik God Petrus met sy Sanguiniese persoonlikheidseienskappe om sy koninkryk uit te brei. In Petrus kry die spreekwoord "God kan met 'n krom stok 'n reguit hou slaan" ware betekenis. Daarom gee Petrus se lewe hoop vir die evangelieleser. Veral die hoop dat God die vermoë het om mense te verander om bruikbaar te wees in God se koninkryk, ten spyte van tekortkominge, sondige natuur en feilbaarheid.

Petrus se transformasie skets God se werkswyse deur sy Gees aan die voornemende Sanguinies predikant. God verander Sanguiniese persone om diensbaar te wees. Die Heilige Gees gee 'n sterkpunt vir elke swakpunt van die Sanguiniese persoon. Daarom het elke Sanguiniese persoon voortdurend die aanmoediging nodig: "...laat die Gees julle vervul..." (Efesiërs 5:18). Uit Petrus se lewe as dissipel word dit duidelik dat die Here Petrus gekies het om 'n leier van die kerk te wees. Petrus word deur Jesus gevorm en toegerus om God se soewereine wil uit te voer. Wanneer na die geheelprentjie van Petrus se lewe gekyk word, word gesien hoe God hom as geesvervulde leier uit die Sanguiniese klei vorm. As geheel transformeer die Heilige Gees Petrus om die leier te word wat Hy wou hê hy moes wees. God het Petrus, 'n doodgewone mens met 'n impulsiewe en egosentriese persoonlikheid, gebruik en hom omvorm in 'n rotsvaste leier wat leiding kon neem in die vroeë Christelike kerk. In Petrus kan gesien word dat die voornemende predikant se tekortkominge nie 'n hindernis is nie. Predikante met tekortkominge word opgebou tot instrumente vir Christus. Petrus moes leer dat hy in sy swakheid werklik die krag van sy Here nodig het. Terselfde tyd moes hy leer dat - ten spyte van sy swakhede en sondige natuur - die Here hom wil gebruik in sy koninkryk. Soms was Petrus se

ervaring bitter, stresvol, vernederend en self pynvol. Maar ander tye was sy ervaringe motiverend, positief en opbouend.

4.5. BYBELSE CHOLERIESE PERSOONLIKHEID

Volgens LaHaye (1993:96) is die Apostel Paulus die beste voorbeeld van 'n Choleriese persoon wat in die Bybel gevind kan word. Paulus is ook die beste illustrasie van hoe die Heilige Gees iemand met 'n Choleriese persoonlikheid kan transformeer. Paulus dien volgens Littauer (2005:31) ook as uitstekende voorbeeld waarom die Here Choleriese persone met hulle natuurlike wilskrag wil gebruik. Baie min van Paulus se lewe voor sy bekering word egter in die Bybel beskryf. Meer as 95% van wat oor Paulus geskryf is handel oor sy lewe na sy bekering. Nogtans vertoon Paulus deur die boek Handelinge sterk Choleriese eienskappe. Paulus was aanvanklik die primêre vervolger van die kerk. Voor Paulus tot bekering gekom het beskryf Handelinge 9:1 dat Paulus "...soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig." Later het Paulus egter onophoudelik die evangelie aan die wêreld verkondig. Toe Paulus met die Heilige Gees vervul is vertoon hy sagmoedigheid en medelye wat in kontras was met sy optrede in die verlede.

Choleriese persone is gewoonlik praktiese aktiviste (sien 3.6.2.4.2). Hulle het sterk wilskrag, en is natuurlike en optimistiese leiers (sien 3.6.2.4.3). Persone met 'n Choleriese persoonlikheid se gedagtes is altyd besig met idees en sal dit ook gewoonlik deursien (sien 3.6.2.4.1). Soos Sanguiniese persone is Choleriese persone ekstroverte. Alhoewel Choleriese persone van nature baie produktief is, het hulle steeds natuurlike swakpunte (sien 3.6.2.5). Hulle is selfgenoegsaam, onstuimig, buierig, humeurig en het die geneigdheid om kras en wreed te wees (sien 3.6.2.5.2). Niemand kan volgens Smit (2011:43) so sarkasties wees of emosioneel so diep sny soos Choleriese persone nie. Hulle maak gewoonlik goeie bestuurders, afrigters, soldate en polisiebeamptes uit maar is gewoonlik nie in staat om noukeurige en gedetailleerde werk te verrig nie.

Paulus was nie alleenlik 'n sterk Choleriese persoon nie, maar was ook hoogs opgelei en godsdienstig. Die eerste kennismaking met Paulus in die Nuwe Testament was tydens Stefanus, een van die eerste Christen martelaars, se steniging (Handelinge 7:54-60). Nadat Stefanus as geesvervulde diaken 'n kragtige toespraak gelewer het, het die lede van die Joodse Raad teen hom uitgevaar. In Handelinge 7:54 word dit weergegee: "Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners." Toe Stefanus sy visioen van die hemel

en Jesus wat aan die regterhand van God is aan die Joodse Raad vertel "...het hulle hard geskreeu en hulle ore toe gedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm, [58]hom uit die stad uitgesleep en gestenig.

Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam [23]Saulus" (Handelinge 7:57-58; Fernando, 1998:261-262). Die feit dat die getuies hulle klere by Paulus se voete neergesit het is volgens Pilch (2000:691) moontlike 'n aanduiding dat hy die leier van die groep was. Volgens Comfort en Elwell (2001:996) was dit 'n eer om aan die party van die Fariseërs te behoort. Vir 'n jongman sou dit 'n besondere eer gewees het. Hierdie interpretasie word uit Handelinge 26:9-10 verkry waar Paulus getuig hoedat hy vroeër die kerke van Christus vervolg het: "[9]Ek het self gedink dat ek alles in my vermoë moes doen teen die Naam van Jesus van Nasaret.[10]Dit het ek toe ook in Jerusalem gedoen. Met die magtiging van die priesterhoofde het ek baie van die gelowiges in tronke gestop, en as hulle die doodstraf opgelê word, het ek daarmee saamgestem." Vanuit Handelinge 8:1 kan ook gesien word dat Paulus met die steniging van Stefanus saamgestem het. "[1]Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur."

4.5.1 Paulus vertoon Choleriese persoonlikheidseienskappe

Deur die loop van die Nuwe Testament vertoon Paulus kenmerklik Choleriese persoonlikheidseienskappe. Paulus se gedrag word gekenmerk deur vurige, vinnige, aktiewe sowel as praktiese eienskappe. Paulus tree aanvanklik gevoelloos (4.5.1.1) en vyandig op (4.5.1.3). Soos kenmerklik aan die Choleriese persoonlikheid het Paulus 'n sterk wilskrag (4.5.1.2), is selfgenoegsaam (4.5.1.4), dinamies (4.5.1.5), prakties (4.5.1.6) en selfs kontroversieel (4.5.1.8). Na sy bekering is Paulus 'n krygsman ter wille van Christus (4.5.1.7) en was gemotiveerd om Christus te verkondig (4.5.1.9). Met sy vervulling met die Heilige Gees vertoon Paulus vanuit sy persoonlikheid tipiese geesvervulde eienskappe (4.5.1.10).

4.5.1.1 Die Choleriese Paulus se gevoelloosheid

Na die wrede begin met die steniging van Stefanus, het Paulus vir 'n tyd aangehou met sy wrede en vyandige optrede. Hierdie vyandigheid is volgens Comfort en Elwell, (2001:997) kenmerklik aan die Choleriese persoonlikheidstipe. LaHaye (1993:98)

[23]**Die name Saulus en Paulus:** Die twee name word in die Nuwe Testament in wisselwerking gebruik. Die naam Saul(us) is die Hebreeuse weergawe en die naam Paulus die Latynse weergawe van dieselfde naam wat "Klein" beteken. Paulus was ook 'n Romeinse burger asook 'n "egte" Jood. Paulus was oorspronklik 'n Fariseër afkomstig uit die stam van Benjamin (Filippense 3:5). Hierdie verskillende kontekste gee 'n moontlike verduideliking van die tweetalige gebruik van die naam (Comfort & Elwell, 2001:996-997).

noem dat van die wêreld se wreedste diktators en kriminele meestal Choleries persoonlikhede het. Volgens Matthews *et al* (2003:56) is goedhartigheid een van die moeilikste eienskappe vir Choleriese persone om te ontwikkel. Choleriese persone is geneig om afgestomp, sarkasties en skerp met die tong te wees. Volgens LaHaye (1993:99) is dit gewoonlik maklik om op te merk wanneer Choleriese persone met die Heilige Gees vervul is. In plaas van afbrekende opmerkings sal hulle woorde goedhartigheid en genade weerspieël.

In die begin van die boek Handelinge word gesien hoedat Paulus die kerk op 'n wrede wyse vervolg. Die dryfkrag agter Paulus se aanvanklike haat vir die Christendom en sy passie om die kerk uit te roei blyk volgens Fernando (1998:295) godsdienstig gemotiveerd te wees. Handelinge 9:1 beskryf Paulus soos volg: "[1]Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig." Hierdie beskrywing bevestig Paulus self in Galasiërs 1:13 "Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei." Volgens Kern (2003:63) was Paulus aanvanklik deur haat en gewetenloosheid gemotiveer: "Hy het na die hoëpriester toe gegaan en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring" (Handelinge 9:1-2; Handelinge 26:9-10). Met hierdie gesagsdokument in die hand was Paulus volgens Comfort en Elwell (2001:997) 'n bykans onstuitbare vervolger van die kerk. 'n Man met die naam Ananias wat in Damaskus gebly het Paulus erken as 'n man wat baie kwaad gedoen het aan die mense wat in die Here glo (Handelinge 9:13). As gevolg van die wreedheid waarvoor Paulus volgens Fernando (1998:595) bekend was, het Ananias aanvanklik gehuiwer om die boodskap te glo dat hierdie vyand van die Christendom tot bekering gekom het (Handelinge 9:10-19).

Die bostaande is bykans al inligting wat weergegee word van Paulus se aktiwiteite voor hy tot bekering gekom het. Maar dit is volgens Oswald en Kroeger (1999:26) genoegsame inligting om Paulus te identifiseer as iemand met 'n Choleriese persoonlikheid. Volgens LaHaye (1993:101) is Paulus se sekondêre persoonlikheid waarskynlik Melancholies. Hierdie sekondêre persoonlikheid word veral is Paulus se briewe waargeneem. Paulus se briewe is hoogs prakties wat daarop wys dat die Choleriese persoonlikheidstipe sy dominante persoonlikheidstipe is. Persone wat Melancholiese persoonlikheidstipe het, is volgens Matthews *et al* (2003:67) meer teoreties en filosofies van aard (sien 3.6.3.1).

Volgens Littauer (1992:63) was Paulus 'n natuurlike leier wat baie ywerig en aktief was. Maar hy was ook 'n vyandige en bitter individu wat geneig was tot woede. Verder was hy ook roekeloos en wreed (Handelinge 9:1). Volgens Littauer en Sweet (2011:7) sou Paulus 'n uitstekende leier gewees het of hy nou 'n Christen geword het of nie. Paulus se ontmoeting met Jesus Christus op die pad na Damaskus het die fokus van sy leierskap verander. Die Heilige Gees het sy leierskapsvermoë gebruik tot die eer van Jesus Christus. Hills (2010:147) maak die opmerking dat dit belangrik is om in gedagte te hou dat God nie persone se persoonlikhede uitwis wanneer hulle met die Heilige Gees vervul word nie. Elke gelowige behou sy of haar kenmerklike individualisme. Die Heilige Gees versterk die gelowiges se sterkpunte om God te verheerlik en demp hulle swakheid deur dit te oorkom met 'n geesvervulde lewe. So dien Paulus na sy bekering as 'n klassieke voorbeeld van 'n geesvervulde Choleriese leier.

4.5.1.2 Die Choleriese Paulus se sterk wilskrag

Een van die mees primêre aspekte van die Choleriese persoonlikheid is volgens Littauer en Sweet (2011:104) 'n sterk wilskrag. Wanneer Choleriese persone hulle wilskrag op die regte dinge fokus, kan hulle uiters suksesvol wees. As 'n reël is Choleriese persone bykans in enige beroep suksesvol. Dit is nie omdat hulle verstandelik meer begaafd is as ander persoonlikheidstipes nie. Choleriese persone se sukses kan toegeskryf word aan wilskrag eerder as inherente vermoë. Wanneer ander tou op gegooi het, het Choleriese persone die vermoë om aan te hou tot hulle hul doelwit bereik het. Paulus verwys 1 Korintiërs 9:24-27 in hierdie verband na volharding en selfdissipline:

> "[24]Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen. [25]Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike. [26]Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie. [27]Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie."

Hierdie Skrifgedeelte gee insig in die sterkte van die wilskrag van die Choleriese Paulus. Paulus beklemtoon: "[26]Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie..." Dit wys daarop dat hy geweet het presies waar hy is, waar hy was

en waarheen hy oppad was. Alles wat hy gedoen het, het ’n doel en bepaalde betekenis.

Paulus wys ook daarop dat hy nie sy liggaam misbruik het nie: “[27]Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer...” Die doel hiermee is “sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie” (1 Korintiërs 9:27). Paulus maak die sleutel tot oorwinning van sy swakpunte duidelik. Paulus weet dat selfdissipline in die mens se gedagtes begin. As mens nie toegewyd en hardwerkend is nie, sal die mens nie sy doelwitte bereik nie. In 2 Korintiërs 10:5 beskryf Paulus hoedat selfbeheersing in die mense se gedagtegang begin: “Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.” Sukses in Christene se lewe begin in hulle gedagtes en word gevorm deur hulle wilskrag. Slegs deur op die waarheid van Christus ag te gee kan persoonlike oorwinning behaal word, Paulus skryf: “[13]Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee” (Filippense 4:13).

Hierdie sterk wilskrag het van die Choleriese Paulus ’n dinamiese persoon gemaak. Paulus se optrede was deurslaggewend en hy was hoogs gemotiveerd. Hy het ook die vermoë gehad om ander te lei en te motiveer. In ’n sekere sin was Paulus onvermoeibaar en vol geloof. Choleriese persone se grootste worstelinge is om op die Here te vertrou in plaas van hulle eie vermoëns. Choleriese persone moet in gedagte hou dat hulle sukses nie deur hulle eie krag of toedoen is nie, maar deur die krag en werking van die Heilige Gees. Paulus was intensief bewus daarvan dat hy ’n goddelike hulpbron benodig: “Hy wat roem, moet in die Here roem.” [18]Die man wat die proef deurstaan het, is nie die een wat homself prys nie, maar die een wat deur die Here geprys word” (2 Korintiërs 10:17&18).

Onder beheer van die Heilige Gees vertoon Paulus volharding as bewonderwaardige eienskap. Maar Paulus kan nie na vervulling met die Heilige Gees as foutloos getipeer word nie. Ook by die geesvervulde Paulus word ’n misleide volharding gevind. Na aan die einde van Paulus se derde sendingsreis in Handelinge 20 is Paulus só toegewyd om in Jerusalem te kom dat hy besluit het om by Efese verby te vaar, sodat hy nie tyd in die provinsie Asië sou verloor nie, want hy was haastig om, as dit kon, op Pinksterdag in Jerusalem te wees (Handelinge 20:16).

Die Heilige Gees het sy wil aan Paulus bekend gemaak met betrekking tot sy reis na Jerusalem. Handelinge 21:4 wys in verband met die gelowiges “Deur die Gees gelei, het hulle vir Paulus gesê om nie Jerusalem toe te gaan nie.” Maar steeds het Paulus vasbeslote volhard. ’n Paar dae later het Paulus in Sesarea aangekom. Hy het by die

evangelis Filippus tuis gegaan. Daar het ŉ profeet met die naam Agabus van Judea na Paulus toe gekom. “Hy het Paulus se gordel gevat, sy eie hande en voete daarmee vasgebind en gesê: “So sê die Heilige Gees: Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie gordel net so vasbind en hom aan die heidene uitlewer” (Handelinge 21:11). Toe die gelowiges dit hoor het hulle “vir Paulus gesmeek om nie na Jerusalem toe te gaan nie” (Handelinge 21:12). Maar Paulus het steeds na Jerusalem toe gegaan ten spyte van hulle waarskuwings en smeking: “[13]Toe antwoord Paulus: “Waarom wil julle my hart sag maak met julle trane? Ter wille van die Naam van die Here Jesus is ek bereid om in Jerusalem nie net gevange geneem te word nie, maar selfs ook te sterwe” (Handelinge 21:13).

Paulus se begeerte om Jerusalem toe te gaan in Handelinge 20:16 is ŉ aanduiding dat selfs volwasse gelowiges hulle eie begeertes bo die wil van God kan stel. Handelinge 20:23 wys dat Paulus reeds bewus was van die onaangename gevolge van sy roeping: “[23]Ek weet dat die Heilige Gees my in elke stad verseker dat gevangenskap en vervolging op my wag.” Maar Paulus word nie daardeur afgeskrik nie, hy bely: “[24]Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig” (Handelinge 20:24).

Dit is volgens Rolfe (2002:73) vir Choleriese persone moeilik om hulle foute te herken want hulle floreer juis deur opposisie of teenkanting. Hoe meer Choleriese persone teengestaan word, hoe harder sal hulle hul standpunt verdedig, selfs al weet hulle dat hul standpunt verkeerd is. Volgens Kern (2003:74) sal geesvervulde Choleriese persone altyd beter presteer as vleesgedrewe Choleriese persone. Soos ook by die ander persoonlikheidstipes gesê kan word, het Choleriese persone ŉ behoefte om met die Heilige Gees vervul te word. Handelinge 21:27-36 beskryf die gevolge van Paulus se optrede ten spyte van die Heilige Gees se waarskuwings:

> “[27]Toe die sewe dae van die reiniging byna om was, het Jode van die provinsie Asië vir Paulus by die tempel gesien. Hulle het die skare aangehits en vir Paulus gegryp. [28]“Istaeliete, kom help!” het hulle geskreeu. “Hier is die man wat ons volk, die wet van Moses en die tempel oral aanval... [31]Die mense wou hom net doodmaak... [35]By die trap van die kaserne het die gepeupel so saamgedrom dat die soldate Paulus moes dra, [36]want al die mense het agterna gekoop en geskreeu: “Weg met hom!”

Paulus tref toe 'n kompromie. Hy wys op sy Joodse geboortereg om sy lewe te red. Normaalweg is die tref van kompromieë nie 'n eienskap van Choleriese persone nie, maar hulle is vatbaar vir kompromieë as hulle dink dat 'n klein verkeerde daad 'n groter verkeerde daad regverdig. Dit was waarskynlik Paulus se denke toe hy na Jerusalem toe gegaan het om die Joodse feestyd waar te neem. Paulus het volgens Arnold (2002:434) waarskynlik 'n geweldig las gehad wat op sy hart gedruk het om die Jode met die evangelie te bereik.

God het Paulus geroep om die evangelie aan die heidene te bring maar Paulus se eie mense het 'n las op sy skouers geword. Paulus gaan na Jerusalem waarskynlik met die hoop dat hy met die viering van Paasfees homself weer in 'n goeie lig met sy volksgenote kan plaas om sodoende die evangelie ook aan hulle te kan bring. Paulus moes egter leer dat die doel nie die middele heilig nie. Paulus het duur betaal vir hierdie kortstondige periode van selfgedrewenheid. Die Jode het 'n komplot teen Paulus gesmee om hom te laat doodmaak. Paulus moes hierna telkens vir sy lewe veg (Handelinge 23:1-22). Maar tog het Paulus 'n waardevolle les geleer uit sy persoonlike ervaring. Hy moes sy wilskrag tot God se beskikking stel. Wat in die lewe van die Sanguiniese Petrus gesien is word nou ook in die lewe van die Choleriese Paulus gesien. God het voortgegaan om hierdie manne op 'n kragtige manier te gebruik. Hulle was Jesus se getuies in die tronk, voor regeerders, konings en selfs die Keiser.

4.5.1.3 Die Choleriese Paulus se vyandigheid

Die vyandigheid en woede wat die lewe van Paulus gekenmerk het was nie meer só prominent na sy bekering nie. Maar hy het steeds gereeld daarmee geworstel. Barnabas wil die jong Markus op hierdie sendingsreis saamgeneem. Maar op hulle eerste sendingsreis kon Markus nie die reis voltooi nie. Om die rede het Paulus daarop aangedring om Markus nie vir die tweede sendingsreis saam te neem nie (Handelinge 13:13). Choleriese persone vind dit volgens Bosman (1999:286) moeilik om die mislukkings van ander te verdra. Van nature sou Paulus nie verdraagsaam gewees het teenoor diegene wat nie sy stamina en dapperheid deel in die aangesig van teëspoed en gevaar nie.

Die Melankolies-Flegmatiese Barnabas (sien 3.7.2.3.3) het egter daarop aangedring dat Markus met hulle saamgaan. Maar Paulus was absoluut onbuigsaam. Handelinge 15:38-39 verwys na Paulus se verset hierteen: "[38]Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem nie wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen het nie. [39]Hieroor het hulle so skerp verskil

dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met ’n skip na Siprus toe vertrek.”

Nog ’n woede uitbarsting van Paulus word in Handelinge 23:1-11 gevind. Paulus is gearresteer en is voor die Joodse Raad gebring. Hy het net begin om homself te verdedig “Broers, ek het heeltemal ’n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het” toe die hoëpriester Ananias die mense langs Paulus beveel het om hom op die mond te slaan. Toe reageer Paulus daarop: “God sal jou slaan, jou skynheilige!” Paulus het instinktief gereageer deur uit te bars teen die veroordeling en onreg wat hy ervaar het wat ’n tipiese uitdrukking van die Choleriese vyandigheid is. Hierdie gebeure diskrediteer Paulus nie as ’n apostel nie, maar wys dat Choleriese Christene met woede kan worstel. Hulle hoef volgens Henry (2010:1981) nie daardeur gedomineer te word nie. Choleriese persone kan woede deur die krag van die Heilige Gees oorwin. Volgens LaHaye (1993:114) kan Choleriese persone woede en vyandigheid oorwin indien hulle bereid is om hulle sonde te konfronteer, dit te bely en God te vra om hulle die gawe van vrede en selfbeheersing te gee. Wanneer Choleriese persone uit selfgedrewenheid optree is hulle kwesbaar om terug te val op hulle vleeslike swakhede.

4.5.1.4 Die Choleriese Paulus se selfgenoegsaamheid

As gevolg van hulle sterk wilskrag is Choleriese persone geneig om uiters selfgenoegsaam te wees. Hoe meer suksesvol hulle word hoe meer sal hulle selfgenoegsaamheid weerspieël. Handelinge 20:17-38 dien as ’n voorbeeld van Paulus se selfgenoegsaamheid. Alhoewel dit toelaatbaar was weier Paulus om finansiële versorging te ontvang van die Efesiërs gemeente. In Handelinge 20:33-34 gee Paulus sy gevoelens aan die ouderlinge weer: “[33]Ek het niemand se geld of klere begeer nie. [34]Julle weet self dat ek vir myself en vir die mense wat saam met my was, gesorg het deur met hierdie twee hande van my te werk.” Volgens Cammeraat (1999:886) is daarmee niks verkeerd dat ’n man sy inkomste wil genereer deur harde werk nie, maar hierdie optrede van Paulus is ’n tipiese Choleriese eienskap. Selde sal Choleriese persone hulp aanvaar selfs in groot nood.

Omdat Choleriese persone ’n sterk gevoel van onafhanklikheid ervaar is hulle gewoonlik nie ongemaklik om alleen te wees nie. Om die rede word Choleriese persone soms as “alleenlopers” getipeer. Dit is nie omdat hulle nie van ander mense hou nie, maar omdat hulle verkies om dinge op hulle eie te doen (sien 3.6.2.5.4). Hierdie eienskap kan ook gesien word in Paulus wat homself alleen bevind het in Athene, ’n stad gevul met afgode en skeptiese mense (Handelinge 17:16-34). Meeste

mense sou nie alleen in so ’n omstandighede wil wees nie, maar nie die Choleriese Paulus nie. In Handelinge 17:16-34 word gesien hoedat Paulus op sy eie die stryd aanpak en met die mense in die Areopagus in debat tree en selfs later die hele stad toespreek. Paulus het op sy eie “die onbekende god” verkondig. Ongestoord oor sy eensame posisie verkondig Paulus die evangelie op so ’n wyse wat vandag as ’n klassieke voorbeeld van sending beskou word. Alhoewel sommige van sy aanhoorders hom uitgelag het oor die verkondiging van die opstanding uit die dood was sy optrede in Atene nie totaal vrugteloos nie: “...party het gesê: “Ons sal jou weer hieroor wil hoor” (Handeling 17:32).

Die houding van selfgenoegsaamheid en onafhanklikheid mag Choleriese Christene volgens Littauer en Sweet (2011:108) se effektiwiteit beperk omdat hulle nie noodwendig die belangrikheid van ’n persoonlike en toegewyde verhouding met God vir hulle dienswerk besef nie. Hulle voel normaalweg só effektief en suksesvol op hulle eie dat hulle die persepsie mag huldig dat hulle selfgenoegsaam is. Mense sien en erken hulle effektiwiteit wat hulle ego kan versterk, selfs tot op die punt waar hulle sonder die hulp van God hulle Christelike dienswerk wil verrig. Alleenlik wanneer Choleriese persone volgens Littauer (1992:123) hulle afhanklikheid van die Here besef sal hulle werklik suksesvolle diensknegte van God word.

Paulus se bekering is volgens Pilch (2000:693) kenmerkend van die ekstreme maatstaf wat nodig mag wees om Choleriese persone te bring om in nederigheid Jesus Christus te ontvang. Dit word ook geïmpliseer deur die Here se woorde aan Paulus: “Jy maak jou net seer deur jou te verset” (Handelinge 26:14). Dit wil voorkom of Choleriese persone vanweë selfgenoegsaamheid geweldig deursettingsvermoë vertoon in die teenkanting van eksterne invloed. Handelinge 9:1-19 weerspieël hierdie ekstreme intervensie wat nodig is om selfgenoegsame Choleriese persone tot inkeer te bring. In Handelinge 9:4 is dit nodig dat die Here Paulus op sy knieë dwing en hom direk konfronteer: “[4]Hy het op die grond neergeval en ’n stem vir hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My?”

4.5.1.5 Die Choleriese Paulus is dinamies

Nog ’n Choleriese persoonlikheidseienskap wat by die Apostel Paulus gevind word, is sy natuurlike leierskapsvermoë (sien 2.6.2.4.3). Hierdie leierskapseienskap word veral vertoon in sy werksaamhede onder die heidene (Handelinge 13:13-52). Barnabas het die jong bekeerde Paulus genooi om saam met hom te werk in die gemeente in Antiogië (Handelinge 11:25-26). Paulus het daar vir ’n jaar lank saam

met Barnabas gewerk "...en baie mense onderrig." Die gevolg van hulle werk in die gemeente was dat die gelowiges in Antiogië "die eerste keer Christene genoem" is.

Van hierdie punt af word Paulus se leierskap in die kerk meer prominent. In Handelinge 16:16-18 word sy leierskap duidelik weerspieël: "[16]Terwyl hulle eendag na die bidplek toe oppad was, het hulle 'n slavin teëgekom in wie daar 'n waarsêersgees was... [17]Sy het agter Paulus aangeloop en aanhoudend geskreeu: "Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste! Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word." [18]Sy het dit baie dae na mekaar gedoen totdat Paulus dit nie langer kon hou nie. Hy het omgedraai en vir die gees gesê: "Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!" Hierdie aggressiewe leierskap kom duidelik na vore vanweë die werking van die Heilige Gees.

Nog 'n illustrasie van Paulus se leierskapsvermoë word gevind in Handelinge 27:21-25. Paulus was 'n gevangene aan boord 'n skip op pad na Rome. In die middel van 'n geweldige storm op die see het die bemanning die vrag oorboord gegooi uit vrees dat die skip oorweldig sal word. Uiteindelik het hulle alle hoop laat vaar om gered te word. Nadat hulle vir 'n lang tyd nie meer geëet het nie, het Paulus na vore getree om hulle te bemoedig: "Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta af weggevaar het nie. Dan sou ons hierdie ramp en skade vrygespring het. [22]Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed!" Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan." [23]Verlede nag het daar 'n engel aan my verskyn van die God aan wie ek behoort en wat ek dien. [24]Die engel het vir my gesê: 'Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is.' [25]Daarom, hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het." Hier kan volgens Fernando (1998:612) gemerk word hoedat die "gevangene" die outoriteit op die skip van die wat hom gevange geneem het oorneem en hulle lewens red. Hierdie optrede van Paulus was meer as blote inisiatief in 'n uitdagende situasie, sy optrede was vanuit 'n Godgegewe vertroue.

Dit wil voorkom of hierdie eienskap van dapperheid in leierskap Paulus se hele lewe gekenmerk het. Paulus was volgens Kern (2003:77) heel moontlik een van die dapperste getuie op rekord in die vroeë Christelike kerk. Handelinge 22 getuig van hoe Paulus met dapperheid oor sy bekering en verhouding met Jesus Christus voor die Joodse Raad in Jerusalem getuig het. As gevolg van Paulus se prediking het daar opstand plaasgevind. Paulus was tydens verskeie geleenthede gevange

geneem, en elke keer het hy die evangelieboodskap vreesloos verkondig. Op die wyse was Paulus ’n kragtige prediker van God se Woord.

’n Illustrasie van die Paulus se dapper getuienis was toe hy ’n gevangene in Rome was. Terwyl Paulus die evangelie aan die gemeente verkondig sê hy in Filippense 4:22 “[22]Ook al die gelowiges en veral dié wat aan die huis van die keiser verbonde is, stuur vir julle groete.” Die vraag kan gevra word: Hoe word iemand verbonde aan die huis van die keiser, ’n gelowige? Alle gelowiges word gelowig wanneer hulle die evangelie boodskap hoor en daarop ag slaan. Hier kan dus aangeneem word dat Paulus aan die wagte wat hom opgepas het die evangelie verkondig het en dat hulle daardeur gelowig geword het. Wanneer ’n gevangene verhoorafwagtend was, is hy volgens Alexander en Alexander (2004:722) gewoonlik aan ’n Romeinse bewaarder se hand vasgeboei. Die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat Paulus selfs in hierdie omstandighede die evangelie boodskap aan die wag verkondig het. Hierdie vorm van dapperheid, geïnspireerd deur die Heilige Gees, het verseker vrugte afgewerp, selfs binne die huishouding van die Keiser self. Die feit dat Paulus groete aanstuur van die gelowiges wat aan die huishouding van die keiser verbonde was impliseer dat hulle selfs in die geloofsgemeenskap geïntegreer was.

4.5.1.6 Die Choleriese Paulus is prakties

As ’n reël het die Choleriese persone min estetiese karaktereienskappe, maar is hoogs prakties aangelê. Vir meeste Choleriese persone moet alle besluite normaalweg praktiese uitvoerbaar wees (sien 3.6.2.4.2). Om die rede is dit vir Choleriese persone moeilik om te ontspan en ontspanningstyd te geniet. Die rede hiervoor is omdat ontspanning nie ’n praktiese meetbare doelstelling het nie. Normaalweg werk Choleriese persone hulle vingers tot die been en voorsien goed in hulle gesin se fisiese behoeftes, maar hulle gesinslede se grootste behoeftes, naamlik liefde en kwaliteit-tyd, kan soms volgens Bennett en Bennett (2005:178) deur hulle toegewyde beroepslewe verwaarloos word.

Volgens Bosman (1999:283) is Paulus se briewe vol praktiese opmerkings en voorskrifte. Die laaste twee hoofstukke van Paulus se briewe word gewoonlik gevolg deur praktiese beplanning en antwoorde op vrae wat die gelowiges mag hê (Romeine 15-16; 1 Korintiërs 16; Galasiërs 6; Efesiërs 5-6; Filippense 4). Hierdie opmerkings het hoë praktiese implikasies en waarde vir die gelowiges. Volgens Oswald en Kroeger (1999:30) is dit ook taamlik maklik om ’n Choleriese predikant uit te ken, want sy/haar preke bevat oorvloedige praktiese riglyne. Die Melancholiese predikant daarteenoor fokus in sy prediking meer op abstrakte teologiese begrippe.

Sanguiniese predikante se prediking getuig weer van welsprekendheid en emosionaliteit.

Hierdie geneigdheid maak volgens LaHaye (1993:123) Choleriese persone "kompulsiewe kommunikeerders"[24] omdat hulle vanuit 'n praktiese gesigspunt weet dat slegs die verkondiging van die evangelie die mensdom se probleme kan oplos. Dit blyk die rede agter Paulus se motivering te wees in Handelinge 20:7-12 tydens sy derde sendingsreis. Paulus het saam met die gelowiges bymekaar gekom vir die gemeenskaplike maaltyd "en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou" (Handelinge 20:7). Omdat Sondag 'n werksdag was, het hulle waarskynlik laatmiddag bymekaar gekom. Onder die gelowiges wat na Paulus se prediking geluister het, was daar 'n jongman met die naam Eutigus. Hy het op die vensterbank gesit. "Hoe langer Paulus gepraat het, hoe vaker het Eutigus geword. Hy het naderend vas aan die slaap geraak en uit die derde verdieping tot op die grond geval. Toe hulle hom optel, was hy dood" (Handelinge 20:9). Hierdie tragedie het die hoogsgemotiveerde Paulus nie afgeskrik nie: "Paulus het ondertoe gegaan, hom oor Eutigus uitgestrek en hom teen hom vasgedruk en gesê: "Moet julle nie ontstel nie. Hy lewe" (Handelinge 20:10)!

Nadat 'n man tot sy dood geval het weens Paulus se langdurende prediking, het dit die kompulsiewe kommunikasie van die Paulus nie gestop nie. In plaas daarvan om sy prediking te staak het Paulus weer voortgegaan: "[11]Paulus het weer boontoe gegaan, brood gebreek en geëet. Hy het nog lank met hulle gepraat, tot dagbreek, en daarna vertrek" (Handelinge 20:11). Maar die gevolgtrekking van sy prediking en hierdie gebeure was tog uiters positief: "[12]Die mense het toe die seun lewend weggebring huis toe. Hulle was buitengewoon bemoedig deur alles" (Handelinge 20:12). LaHaye (1993:124) kom tot 'n gevolgtrekking oor hierdie karaktereienskap van Paulus wanneer hy die opmerking maak dat Paulus nie bloot 'n Choleriese prediker was nie, maar duidelik 'n Geesvervulde Choleriese prediker met 'n sterk begeerte om die waarhede van die evangelie aan mense te verkondig.

4.5.1.7 Die Choleriese Paulus is 'n krygsman

Volgens Littauer (1992:64) is Choleriese persone gebore krygsmanne. Persone met 'n Choleriese persoonlikheidstipe is gewoonlik eerste om onreg aktief teen te staan (sien 3.6.2.4.1). Wanneer Choleriese persone sosiale onreg waarneem, is hulle nie

[24]**Kompulsiwiteit:** 'n Herhalende patroon van gedrag of verstandelike aktiwiteit van 'n persoon wat verplig voel om iets uit te voer, byvoorbeeld reëls of rituele, met die doel om angs te verlig of om 'n gevreesde uitkoms te vermy (Colman, 2009:156).

net daaroor besorg nie, hulle sal ook onmiddellik reageer deur teenkantingsprosesse te organiseer. Volgens LaHaye (1993:125) word die krygsman eienskap van Choleriese persone nie soseer gemotiveer deur gevoelens van medelye nie, maar deur intrinsieke wilskrag. Choleriese persone kom gewoonlik uiters dikvellig voor. Mense kan hulle sien as persone wat nie werklik gesteur word deur die opinies en gevoelens van ander nie. Dit is die een persoonlikheidstipe wat volgens Rolfe (2002:97) nie werklik omgee wat ander mense van hulle dink nie.

Choleriese Christene mag daartoe geneig wees om dit wat hulle as reg beskou aktief na te streef ongeag op wie se tone hulle mag trap of wie hulle aanstoot mag gee. Dit kan 'n prysenswaardige eienskap wees as dit vanuit die regte prinsiep gemotiveer word. Galasiërs 2:11-14 gee insig in die krygsvegter in Paulus. Paulus het homself "openlik teen Petrus verset" omdat hy oortuig was dat sy optrede verkeerd was (Galasiërs 2:11). Petrus het saam met die nie-Joodse Christene geëet, maar toe die Joodse Christene daar aankom het hy opgestaan en eenkant gaan staan om hulle nie in die gesig te vat nie: "[12]Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis. [13]Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep" (Galisiërs 2:12-13).

Die feit dat Paulus van die jongste onder die gelowiges was en ook saam met die ander apostels daar was, het hom nie verhinder om aksie teen Petrus se optrede te neem nie. Paulus het homself "openlik teen hom verset" omdat Petrus volgens hom "duidelik verkeerd was." Paulus het verder die rede vir sy optrede gegee: "[14]Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: "Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?" Paulus het die onreg waargeneem en wou dit onmiddellik reg stel. Strydig met Jesus se riglyne in Matteus 18:15 wys hy Petrus nie in privaatheid tereg nie.

4.5.1.8 Die Choleriese Paulus is kontroversieel

Enige persoon ryk aan Choleriese persoonlikheidseienskappe is geneig om kontroversieel te wees (Matthews *et al*, 2003:69). Sommige mense het Paulus liefgehad en ander het hom gehaat. Die toegewyde Jode het hom gehaat en mense teen hom opgesweep. Hulle het hom by Listra gestenig en vir dood agtergelaat

(Handelinge 14:19-20). Sommige Jode in Jerusalem het hom so gehaat dat hulle optrede teen hom irrasioneel was. Een groep het selfs saamgesweer om niks te eet of te drink nie tot hulle hom doodgemaak het (Handelinge 23:12-15). Maar Paulus het nie net vyandigheid ontlok nie, hy het mense ook tot liefde en lojaliteit aangespoor. Timoteus het Paulus byvoorbeeld oral vergesel (Handelinge 16:1). Die wat die evangelie liefgehad het, het ook vir Paulus lief gehad. In die boek Handelinge word mense gevind wat hartseer is wanneer Paulus hulle moes verlaat (Handelinge 20:38). Omdat Paulus se sending so wyd was het hy aan duisende mense die verlossing in Jesus Christus verkondig. Kern (2003:72) noem in hierdie opsigte dat Paulus om die rede heelmoontlik een van die mees geliefde Bybelse figure van die Christendom is. Die wat hom gehaat het, het hom volgens Henry (2010:1983) gehaat omdat hy 'n toegewyde Christen was. Dit was juis die wêreld wat Christus verwerp het wat Paulus as kontroversieel ervaar het.

4.5.1.9 Die Choleriese Paulus se motivering

Volgens Littauer (2005:31) word Paulus gekenmerk deur optimisme. Sy optimisme het oorgegaan in motivering. Sonder enige menslike hulpmiddele, het Paulus vol optimisme uitgegaan om sendingwerk te doen alleenlik met die toerusting en krag van die Heilige Gees. Paulus het meer lyding verduur as enige Christen op rekord. In 2 Korintiërs 11:23-29 vertel Paulus van sy fisiese, emosionele en geestelike lyding wat hy moes verduur ter wille van Jesus Christus:

> "Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar. [24]Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf van nege en dertig houe gekry, [25]drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring. [26]Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op die see en gevare onder valse broers. [27]Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue. [28]Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes. [29]As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan."

Die bogenoemde lys was nie al lyding wat Paulus terwille van Christus en die evangelie moes verduur nie. Paulus gee hierdie lys volgens Comfort en Elwell (2001:1000) nog voor sy gevangenskap in Jerusalem. Nadat Paulus hierdie lys opgestel het, was hy ten minste nog drie maal in die gevangenis (Handelinge 21:27:36; Handelinge 25:1-12). Menslik gesproke is dit natuurlik om tou op te gooi na voortdurende lyding en teenstand. Dit is egter nie die geval met die geesvervulde Choleriese Paulus nie. Verdere illustrasie van Paulus se motivering word gesien nadat hy met klippe gegooi is en vir dood agtergelaat is by Listra tydens sy eerste sendingsreis (Handelinge 14:19-21). Meeste mense sou gevlug het na so 'n traumatiese konfrontasie en nooit weer met sendingwerk voortgegaan het nie. Maar Paulus se optrede in Handelinge 14:19-22 was anders:

> "Hulle het Paulus met klippe gegooi en hom uit die stad gesleep onder die indruk dat hy dood is. [20]Daar het die gelowiges rondom hom kom staan, en hy het opgestaan en weer die stad ingegaan." Paulus se vervolgers het opgehou om hom met klippe te gooi omdat hulle gedink het hy is dood. Dit beteken dat Paulus geweldige fisiese trauma beleef het. Hy sou ernstige wonde, kneusplekke en selfs gebreekte bene gehad het. Die pyn van sy wonde moes ondraaglik gewees het. Maar in plaas daarvan om tou op te gooi het hy opgestaan en teruggegaan na die plek van gevaar: "[21]Paulus en Barnabas het die evangelie ook in Derbe verkondig, en baie mense het gelowige geword. Daarna het hulle na Listra, Ikonium en Antiogië teruggegaan. [22]Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof."

Die vraag bly egter: "Wat motiveer 'n persoon om op te staan nadat hy met klippe gegooi is om die evangelie te verkondig vir presies dieselfde mense wat dit aan jou gedoen het?" Hiervoor is daar nie 'n menslike antwoord nie, maar wel 'n Skriftuurlike antwoord. Salomo skryf in Spreuke 29:18 "Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk." Paulus moes terug gaan terwille van die gelowiges wat daar wel in hierdie stede was. Paulus het 'n verpligting teenoor hulle gehad. Volgens Bennett en Bennett (2005:179) kan geen persoon gemotiveer wees sonder 'n visie nie. Om sonder 'n visie te wees is die rede waarom mense belangstelling in die lewe verloor. Optimistiese persone streef voortdurend hulle doelwitte na. Paulus se visie is eenvoudige en duidelik: Verkondig die evangelie aan almal! Om hierdie doelwit te bereik het Paulus besef: "Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom..." (Handelinge 14:22).

Maar dit was die Here wat Paulus bemoedig en gemotiveer het. In Handelinge 23:11 na Paulus voor die Joodse verskyn het, word weergegee: "[11]Daardie nag het die Here by Paulus gestaan en vir hom gesê: "Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen." Om die rede was Paulus se bron van motivering na sy bekering, aan hom gegee deur die Heilige Gees. In Filippense 3:13-14 getuig Paulus dat al was hy nie in die minste perfek nie, een ding doen hy: "...ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is. [14]Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus."

Dit het vir Paulus moontlik geword om nie te fokus op sy lyding en wat in die verlede was nie, omdat hy begin het om op die pad vorentoe te fokus, sy roeping in Jesus Christus. Vervulling deur die Heilige Gees en motivering loop hand aan hand in Paulus se lewe: "[15]Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê" (Filippense 3:15). Wanneer persone in die verlede lewe deur konstant aan die moeilikhede wat hulle in die verlede beleef het te dink, is hulle nie produktief nie en kan selfs demoraliserend wees. Volgens LaHaye (1993:133) is die mens 'n doel-sterwende wese. As die mens nie 'n doel het nie, het hulle niks om na te streef nie. Persone het min tot geen motivering as hulle nie weet waarheen hulle op pad is nie. Die afwagting om 'n spesifieke taak te verrig, motiveer mense.

Paulus het vir homself 'n duidelike doelwit gestel. In die nastreef van hierdie doelwit het hy sy moeë en stukkende liggaam opgetel en teruggegaan om die evangelie van Jesus Christus te verkondig, ongeag sy persoonlike koste. Dit was hierdie duidelike doelstelling wat hom gemotiveer het om van die een opdrag na die volgende te beweeg. Na 'n lewe gemotiveer deur die evangelie kon Paulus sê: "Die tyd van my dood is voor die deur. [7]Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik' ek het gelowig end-uit volgehou. [8]Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God" (2 Timoteus 4:7-8). Paulus het 'n lewensdoelwit gehad. Die kwaliteit en duidelikheid van sy doelwit het sy motivering bepaal.

4.5.1.10 Die Choleriese Paulus se transformasie

Volgens Comfort en Elwell (2001:997) bestaan die grootste deel van Paulus se transformasie daaruit dat hy deur God in 'n nuwe rigting gelei is. Met sy transformasie het Paulus in 'n sekere sin teenstrydig met sy natuurlike Choleriese eienskappe opgetree. Paulus se onmiddellike gehoorsaamheid aan Christus na sy bekering is volgens LaHaye (1993:139) in stryd met die Choleriese selfgenoegsaamheid. Sy nuwe nederige karakter wat die ou hoogmoedige karakter vervang het, kan nie deur

enige natuurlike gebeure beskryf word nie, dit is slegs deur die werking van die Heilige Gees verklaarbaar. Galasiërs 5:22-23 onthul geesvervulde eienskappe wat deur die Choleriese persoon benodig word. Die volgende eienskappe word in die lewe van Paulus gevind na sy bekering:

4.5.1.10.1 Die Choleriese Paulus se transformasie: Liefde

Die eerste Geesvervulde karaktereienskap is liefde, wat volgens McDowell (2002:8) waarskynlik die eienskap is waaraan Choleriese persone die grootste behoefte het (Galasiërs 5:22). Van nature is Choleriese persone gevoelloos en onemosioneel wat dit vir hulle uiters moeilik mag maak om liefde aan ander te betoon. Selfs wanneer Choleriese persone liefde betoon, vind dit normaalweg gestalte deur geskenke eerder as verkoestering. Hulle mag verwag dat die geskenk as 'n betoning van liefde geïnterpreteer moet word. Dit is egter belangrik dat die geskenk volgens Chapman en White (2011:92) waarlik liefde kommunikeer en nie net die Choleriese persoon se gewete sus nie. Na Paulus se bekering word 'n liefdevolle Choleriese persoon gevind. Die Heilige Gees het hom getransformeer van 'n onverbiddelike en bitter individu na 'n persoon met deernis en 'n warm hart. Hy het die sterk karakter van die Choleriese persoonlikheid behou, maar hy het deurentyd deernis en liefdevolle belangstelling aan mense betoon. Volgens Chapman (2010b:23) is liefde die sleutel tot suksesvolle verhoudings.

Daar is verskeie voorbeelde in hierdie verband uit Paulus se briewe en uit Handelinge om hierdie punt te illustreer. In Romeine 10:1 skryf Paulus met deernis oor sy volksgenote: "[1]Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word..." Ook in Romeine 9:1-3 word Paulus se liefdevolle hart en deernis uitgebeeld wanneer hy skryf: "[1]In my verbondenheid met Christus praat ek die waarheid, ek lieg nie; en my gewete, wat deur die Heilige Gees gelei word, getuig saam met my, [2]dat daar by my groot droefheid en voortdurende hartseer is [3]oor my broers, my eie volksgenote. Ek sou self vervloek wou wees, afgesny van Christus, as dit tot hulle voordeel kon wees." Volgens Mischel *et al* (2008:54) sal geen Choleriese persoon wat die begrip verdoemenis verstaan, vrywillig die opoffering maak waarna Paulus hier verwys nie. Die selfgesentreerdheid wat Choleriese persone van nature kenmerk, maak Paulus se hartstogtelike begeerte volgens Henry (2010:2033) buitengewoon. Hierdie transformasie is slegs moontlik deur die werking van die Heilige Gees. Paulus se medelye word ook aangetref teenoor gemeentes as geheel, teenoor individue, en selfs teenoor sy vyande (Handelinge 16:10).

4.5.1.10.2 Die Choleriese Paulus se transformasie: Vreugde

Vanuit dieselfde Choleriese Paulus se pen beveel die Heilige Gees alle gelowiges: "[4]Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly (Filippense 4:4)!" Hy het die gelowiges ook beveel: "[15]Sorg dat niemand 'n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense. [16]Wees altyd bly. [17]Bid gedurig. [18]Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag. [19]Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie (1 Tessalonisense 5:15-19)." Paulus onder die invloed van die Heilige Gees beveel en vermaan die gelowiges om altyd bly te wees en in alle omstandighede aan God dank te bewys. Paulus maak dit duidelik dat blydskap 'n Geesvervulde gawe is. In plaas daarvan om oor struikelblokke te kla, kan die gelowige in en deur gebed versekering van God se genade ondervind. Dit is volgens LaHaye (1993:143) God se wil dat gelowiges hulle moet verheug in beide die dinge wat hulle verstaan en die dinge wat hulle nie verstaan nie.

4.5.1.10.3 Die Choleriese Paulus se transformasie: Vrede

Vrede is ook 'n eienskap wat vir natuurlike Choleriese persone vreemd is. Choleriese persone ontbreek nie alleenlik aan innerlike vrede nie, maar neem ook aanstoot as ander vrede ervaar wat hulle nie self ervaar nie. Volgens Rolfe (2002:96) vind Choleriese persone alleenlik vrede wanneer hulle op hulle eie aktiwiteite fokus. Die oomblik wanneer hulle hierdie aktiwiteite staak mag hulle rusteloosheid ervaar. Om die rede kan verwag word dat die hoogsgemotiveerde Paulus in sy aktiwiteite vrede sou vind. Maar met Paulus se bekering het dit verander. Paulus het geleer dat geen omstandighede ideaal kan uitwerk nie. Volgens Burke (2013:28) vind gelowiges juis nie innerlike vrede in uitwendige omstandighede nie. Innerlike vrede word juis nie gebaseer op 'n aangename situasie of ervaring nie. Ondanks negatiewe ervaringe ervaar gelowiges steeds innerlike vrede as gawe van die Heilige Gees.

Min dinge frustreer Choleriese persone meer as wanneer hulle ingeperk word nie (sien 3.6.2.5.3). Maar tog het Paulus toe hy gevange geneem is omdat hy die evangelie van Jesus Christus verkondig het, 'n bonatuurlike innerlike vrede ervaar. Dit was dieselfde Choleriese Paulus wat gesê het: "[11]Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp. [12]Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervind: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. [13]Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee (Filippense 4:11-13)."

Paulus is in die tronk en is verhoorafwagtend wat moontlik tot die doodstraf kon lei. Maar tog beleef die Geesvervulde Paulus innerlike vrede ten spyte van moeilike omstandighede. As Paulus innerlike vrede bloot in sy omstandighede gesoek het sou hy nie hierdie Godgegewe vrede kon ervaar nie. Indien persone deur vrees en bekommernis gedryf word, kan hulle maklik beheer oor hulle lewens verloor. Daarom kom Paulus tot die gevolgtrekking: "[6]Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. [7]En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus (Filippense 4:6-7)." Ook hierdie uitspraak skryf Paulus terwyl hy in die tronk is.

4.5.1.10.4 Die Choleriese Paulus se transformasie: Vriendelikheid

As gevolg van Choleries persone se selfgesentreerde natuur vertoon hulle volgens Matthews *et al* (2003:58) normaalweg nie veel vriendelikheid nie. Choleriese persone mag dit moeilik vind om vriendelik, bedagsaam of sagmoedig teenoor ander te wees (sien 3.6.2.5.2). Hierdie eienskappe vloei gewoonlik voort vanuit 'n sagmoedige en barmhartige hart, wat slegs kan bestaan deur die vervulling deur die Heilige Gees. Volgens Bosman (1999:282) het Paulus al hierdie eienskappe na sy bekering vertoon. Die boek Filemon is deur Paulus geskryf as 'n uitdrukking van vriendelikheid. Paulus se vriendelikheid word veral sigbaar in 2 Timoteus 4:11 "Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees." Dit is in skrille kontras met sy aanvanklik evaluering van Markus in Handelinge 15:38 en 39. Omdat Markus tydens Paulus se tweede sendingsreis tou o gegooi het evalueer hy hom soos volg: "[38]Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem nie wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen het nie. [39]Hieroor het hulle so skerp verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met 'n skip na Siprus toe vertrek."

Die selfvertroue van Choleriese persone mag die persepsie skep dat hulle hoogmoedig is. Omdat Choleriese persone skerp met die tong en sarkasties kan wees, is hulle geneig om vrees by ander te ontlok. Choleriese persone dien daarom volgens Rolfe (2002:70) meer emosionele wonde as enige van die ander persoonlikheidstipes toe. Choleriese persone is ook daartoe geneig om dominerend te wees (sien 3.6.2.4.3). Die gevolg is dat hulle ander nie toelaat om insette te lewer nie, juis omdat hulle selfvertroue gebaseer is op hulle persoonlike prestasies. Christen Choleriese persone moet leer om ander te akkommodeer en om ander te aanvaar vir wie hulle is. Volgens LaHaye (1993:148) is dit moeilik om Choleriese

persone tevrede te stel. Omdat hulle uitgesproke is, kyk hulle die positiewe dinge in ander mis, deur net op die foute te fokus. Wanneer Choleriese persone met die Heilige Gees vervul is, word hulle meer sensitief vir die ander se gevoelens.

Die mees opmerklike gebeure waar Paulus vriendelikheid demonstreer word in Handelinge 16:11-15 gevind. In Masedonië het Paulus 'n groep Joodse vroue wat besig was om te bid ontmoet. By hierdie ontmoeting het Paulus die evangelie aan die groep vroue verkondig. Die hele verhaal weerspieël Paulus se respek en bekommernis oor die vroue se wel en weë. Paulus se optrede is nie net teenstrydig met die norme van die tyd nie, maar ook teenstrydig met die normale gedrag van die Choleriese persoonlikheidstipe: "[14]Een van dié wat geluister het, was 'n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak. [15]Sy en haar huisgesin is gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: "Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis." En sy het ons oorreed om dit te doen."

4.5.1.10.5 Die Choleriese Paulus se transformasie: Geloof

Geloof is nog 'n Geesvervulde eienskap wat Choleriese persone daagliks nodig het. Choleriese persone het normaalweg baie geloof in hulle eie vermoëns (sien 3.6.2.5.4). Dit word gewoonlik in die vorm van selfvertroue waargeneem. In alle aspekte van hulle lewe benodig hulle egter geloof en vertroue in God. Paulus dien as 'n klassieke voorbeeld van 'n Geesvervulde Choleriese persoon wat nie meer op homself vertrou nie, maar met sy hele lewe op God vertrou. 'n Voorbeeld hiervan word gevind in Paulus se woorde in Handelinge 27:25 toe hy aanboord 'n skip was tydens 'n hewige storm: "Daarom, hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het." Volgens Fernando (1998:612) is hierdie vorm van geloof net moontlik deur die werking van die Heilige Gees.

4.5.1.10.6 Die Choleriese Paulus se transformasie: Nederigheid

Verskeie tekste in Handelinge en in sy briewe bevestig Paulus se nederigheid. In Handelinge 14:8-20 verkondig Paulus en Barnabas die evangelie in Listra. Toe die mense die wonderwerke sien wat die twee apostels verrig, het die inwoners van Listra hulle as gode verhef. Onmiddellik het die apostels hulle klere in protes geskeur en daarop aangedring dat hulle maar blote mense was. Kort daarna is Paulus gestenig en vir dood agtergelaat, heelmoontlik omdat van die mense ontnugter was deur die feit dat die wonderwerke wat hulle gesien het deur blote mense van vlees en bloed verrig is. Volgens LaHaye (1993:151) sou die natuurlike Choleriese persoon

die geleentheid om as ’n god vereer te word nie verby laat gaan nie. Maar in 2 Korintiërs 12 beskryf Paulus sy posisie:

> “[6]Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie... Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my ’n doring in die vlees gegee, ’n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan. [8]Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word. [9]Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees” (2 Korintiërs 12:6-9).

Alhoewel Paulus gebid het dat die Here die “doring” van ellende van hom af moet wegneem, gee God hom die belofte van genade wat genoeg sal wees om die beproewing te deurstaan. Paulus is volgens Joubert (2003:85) ’n voorbeeld van Geesgeïnspireerde nederigheid en afhanklikheid van God. Dit is dus duidelik dat Paulus soos enige ander Choleriese persoon geworstel het om nederig te wees. Volgens Pilch (2000:701) het Paulus soos enige Choleriese persoon die Heilige Gees nodig om die “koue water” van nederigheid op die “warm kole” van selfgenoegsaamheid te doof. Toe Jesus in Handelinge 9:5-6 vir Paulus gesê: “Ek is Jesus... Dit is vir My wat jy vervolg” het Paulus geantwoord: “Here, wat wil U hê moet ek doen?” Paulus het die Here se opdrag onmiddellik gehoorsaam. Van hierdie punt af was Paulus se lewe gekenmerk deur gehoorsaamheid wat ’n bewys was dat hy voortaan onder beheer van die Heilige Gees sou lewe.

Op die pad na Damaskus het Paulus sy sterk Choleriese wilskrag oorgegee aan die wil van Jesus Christus. Om die rede kon hy ander in Romeine 6:13 aanmoedig met die woorde: “[13]Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as ’n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.” Paulus het Christus se wil bo sy eie wil gestel. As ’n lid van die Sanhedrin en as ’n Fariseër het hy volgens Fernando (1998:262) ’n klaarblyklik blink toekoms gehad en sou hy waarskynlik ’n prominente leier van Israel word. Die oomblik toe hy homself aan Christus oorgegee het, het hy sy rug gedraai op alles wat hy in die verlede voor gewerk het omdat dit teen die wil van Jesus Christus was. Aanvanklik lyk dit of Paulus ’n groot opoffering moes maak. Paulus is onvoorwaardelik uit die Sanhedrin geskors en sy naam was deur die hele

Israel verag. Maar as ŉ apostel onder leiding van die Heilige Gees het Paulus ŉ groot naam in die Christendom geword. Paulus is daarom ŉ klassieke voorbeeld van Jesus se woorde in Matteus 10:39 “Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind.”

4.5.2 Samevatting oor die Choleriese Paulus

Net soos Petrus dien Paulus ook as ŉ duidelike voorbeeld van transformasie deur die Heilige Gees. Uit Paulus se lewe word mens bewus daarvan dat God die transformerende werk in sy geroepe dienaars laat plaasvind. Paulus se aanvanklike passievolle vervolging van die kerk word deur God omskep in passie vir die evangelie. Paulus dien ook as voorbeeld hoedat God spesifiek Choleriese persone se swakpunte omskep in sterkpunte tot nut en uitbouing van die evangelie. Paulus wat aanvanklik ongevoelig en wreed was, word die mees passievolle getuie van God se genade. Paulus se persoonlike ervaring en prediking word gekenmerk deur God se genade en liefde vir die sondaarmens. Om die rede is Paulus vir voornemende Choleriese predikante ŉ voorbeeld hoe God sondaars roep en transformeer om sy koninkryk en kerk uit te bou.

God gebruik Paulus se natuurlike Choleriese leierskapsvermoë om ŉ primêre rol in die vroeë Christelike kerk te speel. Paulus het onder leiding van die Heilige Gees sy krag en vermoë in Christus gevind. Paulus skryf sy sukses nie aan homself toe nie maar aan God se genade in sy lewe. Paulus getuig daarvan dat God se krag juis in hom tot volle werking gekom het wanneer hy swak is. God roep Paulus, “die groot vervolger van die kerk,” spesifiek om die evangelie onder die heidene uit te dra. Paulus word die praktiese voorbeeld van hoe God die mees geharde persoon tot ŉ nederige dienaar maak.

4.6. BYBELSE MELANCHOLIESE PERSOONLIKHEID

Die rykste aan eienskappe van al die persoonlikheidstipes is volgens Rolfe (2002:108) die melancholiese persoonlikheidstipe. Melancholiese persone is gewoonlik geseënd met goeie verstand en ŉ wye spektrum van emosies. Die grootste gevaar vir Melancholiese persone is negatiewe denkpatrone wat aanleiding gee tot ŉ oordrewe pessimisme. Volgens Joseph (2011:29) is die sleutel tot motivering gesetel in die mens se denkpatroon. Maar die sleutel tot ŉ positiewe denkpatroon is ŉ Geesvervulde lewe. Vir Melancholiese persone om nie in negatiewe denke of pessimisme te verval nie, kan hulle negatiewe gedagtes teenstaan met positiewe gedagtes. Dit beteken dat hulle Filippense 4:4 waarlik moet navolg: “Wees

altyd bly in die Here! Ek herhaal: wees bly!" Deur die geskiedenis gebruik God verskeie Melancholiese persone se potensiaal om sy raadsplan uit te voer. LaHaye (1993:157) noem Bybelse figure wat Melancholiese eienskappe vertoon. Elkeen van hierdie persone was bruikbare instrumente in die hand van die Here. Melancholiese persone in die Bybel is onder ander: Jakob, Salomo, Elia, Elisa, Jeremia, Jesaja, Daniël, Esegiël, Obadja, Jona, Johannes die Doper en Tomas. Een Melancholiese persoon wat volgens Littauer (2005:31) as dienskneg van God besonder uitstaan, is Moses.

4.6.1 Moses vertoon Melancholiese persoonlikheidseienskappe

Melancholiese persone is volgens Mischel *et al* (2008:54) die mees talentvolste van die vier persoonlikheidstipes. Hulle is van nature perfeksionisties, uiters sensitief, analities, selfopofferend en getrou aan vriende (sien 3.6.3.1). Hulle is gereserveerd en sal die kalklig vermy. Melancholiese persone se natuurlike begaafdheid word soms gedemp omdat hulle in hulleself gekeer is (sien 3.6.3.2). Hulle is ook geneig om buierig, krities, pessimisties en selfgesentreerd te wees (sien 3.6.3.5). Steiner (2008:17) wys daarop dat die wêreld se beste kunstenaars, digters, filosowe en uitvinders gewoonlik 'n Melancholiese persoonlikheidstipe het.

Omdat die Bybel baie inligting oor Moses weergee maak dit hom 'n uitstekende keuse vir die ondersoek na hoe God Melancholiese persone in sy koninkryk gebruik. Wat duidelik in Moses se lewe na vore kom is sy donker Melancholiese gemoed. Moses se lewe illustreer die verskil wat die krag van geloof in 'n mens se lewe kan maak. Na jare se opvoeding in Egipte, het Moses volgens Comfort en Elwell (2001:911) 'n verdere veertig jaar spandeer om die volk van God in die woestyn geestelik te versorg. God roep Moses uit 'n brandende bos waarna hy volgens Swindoll (1999:10) een van die grootste leiers in die geskiedenis word.

4.6.1.1 Die Melancholiese Moses is begaafd

Die inherente talent en begaafdheid van Moses is regdeur Eksodus duidelik. In Handelinge 7:22 getuig Stefanus, een van die eerste Christen martelaars, in sy toespraak oor Moses: "[22]Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en hy het uitgeblink in woord en daad." In die tydperk waartydens Eksodus afspeel was Egipte die kern van die beskaafde wêreld. Volgens Barrett (1998:355) sou Moses sonder kennis van die Egiptiese kultuur oorweldig gewees het met die uittog en bevryding van die volk van God uit Egipte. Die Egiptiese samelewing was deurdrenk met mitologie en bygeloof. Maar niks hiervan word in Moses se geskrifte gevind nie.

Dit dien as ŉ getuie van Moses se onderskeidingsvermoë, maar ook van die Heilige Gees se kragtige werking deur hom in sy geskrifte. Moses se geskrifte, gewoonlik gesien as die Pentateug, is deur die Heilige Gees geïnspireer, maar Moses se persoonlikheid straal ook uit in hierdie narratiewe tekste.

Volgens Rolfe (2002:107) het die Melancholiese persone die kapasiteit om vanuit enige situasie hoogtes te bereik. Eksodus 5:1-11:9 illustreer hierdie feit waar Moses God se waarskuwingsboodskap onemosioneel aan die farao gebring het. Na verskeie ontmoetings met die farao, het Moses volgens Comfort en Elwell (2001:911) die volk Israel suksesvol en veilig uit Egipte uit gelei. Normaalweg funksioneer Melancholiese persone goed onder hierdie vorm van druk. Die rede hiervoor is dat eksterne druk Melancholiese persone se onderliggende begaafdheid na vore laat kom. Kirsch (1998:11) wys daarop dat, sodra die druk verminder of verdwyn, Melancholiese persone weer die kenmerklik Melancholiese pessimisme en selfbejammering vertoon, tensy hulle daagliks deur die Heilige Gees gemotiveer word. Moses se vermoë om die volk vir veertig jaar in die woestyn te lei, te regeer en as profeet en middelaar op te tree wys volgens Ellsworth (2005:9) verder op sy besondere begaafdheid.

4.6.1.2 Die Melancholiese Moses is selfopofferend

Volgens Montgomery (2011:107) is ŉ begeerte tot selfopoffering een van die eienskappe wat Melancholiese persone kenmerk. Meeste Melancholiese persone vind dit moeilik om hul eie sukses te vier sonder om skuldig te voel. Hulle sal van tyd tot tyd hulleself toewy aan een of ander projek of saak wat selfopoffering verlang. Hierdie opoffering is volgens Littauer (1992:111) gewoonlik op ŉ persoonlike vlak en teen ŉ hoë persoonlike koste. Om die rede is dit belangrik vir Melancholiese persone om bewus te wees van hulle eie besluitnemingsprosesse. Hulle moet sorgvuldig let op hulle geneigdheid tot selfopoffering (sien 3.6.3.4.4). In hierdie opsigte moet die Melancholiese persoon bewus wees van die verskil tussen diens en opoffering. Daarom is selfondersoek hier belangrik om seker te wees of hulle selfopoffering Godgedrewe of selfgedrewe is.

Daar word min weergegee van Moses se lewe tussen sy aanneming deur die farao se dogter en tot hy weer kennis gemaak het met sy eie volk. Die Hebreërs boek wys hoe Moses tot die besluit gekom het om homself weer by sy eie volk aan te sluit: "[24]Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die faro se dogter. [25]Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê.

[26]Die smaad ter wille van die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het. [27]Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien" (Hebreërs 11:24-27). Moses as die aangenome seun van die farao se dogter kon volgens Kirsch (1998:59) moontlik 'n gesagsposisie in Egipte beklee het. Maar hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God, 'n duidelike selfopofferende optrede.

Vanuit Hebreërs 11:24-27 word dit duidelik dat Moses die geestelike vermoë gehad het om die waarde van die tydelike wêreld op te weeg teen die lewe wat deur geloof verkry kan word. Op grond hiervan was Moses volgens Du Toit (2002:199) gewillig om die wêreldse vreugdes en voorspoed te veruil sodat hy 'n man van God kan wees en die beloning van geloof kan verkry. Volgens Smit (2011:43) wil dit voorkom of die Melancholiese gelowige verby die materiële voordele van die wêreld kan kyk en die waarde daarvan kan evalueer. LaHaye (1993:163) wys ook verder daarop dat toegewyde sendelinge meestal baie Melancholiese eienskappe toon deurdat hulle gewillig is om hul lewe op te offer om Christus te dien. Moses se lewe wys daarop dat God die natuurlike eienskappe van mense tot sy doel en uitbouing van sy koninkryk gebruik.

4.6.1.3 Die Melancholiese Moses het 'n minderwaardigheidskompleks

Alhoewel Melancholiese persone begaafd is en oor talente beskik wat hulle duidelik van die ander persoonlikheidstipes onderskei, word hierdie begaafdheid en talente soms verwaarloos omdat Melancholiese persone volgens Bennett en Bennett (2005:33) onderliggende gevoelens van minderwaardigheid koester (sien 3.6.3.5.2). Verder is Melancholiese persone volgens Littauer (2005:43) ook perfeksionisties. Die gevolg van hierdie perfeksionisme is dat hulle maklik ontevrede word met hulself of ander as gevolg van buitensporige hoë standaarde wat hulle aan hulself en ander stel (sien 3.6.3.4.2). Sonder die kragtige werk van die Heilige Gees vind Melancholiese persone dit moeilik om goedgunstiglik lof uit te deel of gelukwensing te ontvang. Die rede hiervoor is dat Melancholiese persone eerder op hulle foute konsentreer as op hulle algehele sukses. Gevolglik is hulle gereeld ontevrede met hulself en die mylpale wat hulle behaal. Om die rede kan persoonlike kritiek 'n diep negatiewe indruk op die Melancholiese persone laat. Kritiek, alhoewel nie negatief bedoel nie, kan Melancholiese persone in hulle eie vermoëns laat twyfel en hulle volgens Littauer en Sweet (2011:125) selfs ontmoedig.

Wanneer Melancholiese persone gevra word om ’n projek aan te pak, sal hulle as gevolg van hulle Melancholiese minderwaardigheidsgevoel volgens Rolfe (2002:73) ’n reeks verskoning aanbied waarom hulle nie geskik is vir die taak nie. As hulle gedwing word om te probeer, lewer hulle gewoonlik uitstekende werk. Wanneer hulle hierop attent gemaak word kan hulle besef dat hulle onwilligheid in werklikheid vanuit verdedigingsmeganismes voortvloei. Maar Melancholiese persone se begeerte om kritiek te vermy kan selfs sterker wees as hulle behoefte om ’n taak te voltooi. Die verskonings wat Moses aan God voorgehou het, toe God met hom vanuit die brandende bos gepraat het, is volgens LaHaye (1993:165) ’n klassieke voorbeeld van Melancholiese persone se lae selfbeeld (Eksodus 3:1-5).

Maar tog het Moses ten spyte van sy verskonings God se roepstem gehoorsaam. Later het Moses bewys dat hy die dinge kán doen wat hy aanvanklik gedink het hy nie kon doen nie. Om die rede moet Melancholiese persone altyd op God vertrou vir leiding in hulle besluitnemingsproses. Vir Melancholiese persone is dit belangrik om die woorde in Filippense 4:13 te glo en te weet dat God ook Melancholiese persone in hulle dienswerk bystaan: “[13]Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.” Elk van die verskonings wat Moses bied gaan nou verder in meer besonderhede bespreek word om aan te toon hoedat ’n begaafde man aanvanklik ver onder sy potensiaal gelewe het. Swindoll (1999:203) wys daarop dat Moses hier soos ’n hardkoppige donkie teëstribbel (Psalm 32:9). Op ’n soortgelyke wyse het Moses aanvanklik probeer weghardloop en God se roepstem weerstaan.

1. ***<u>Ek het nie die vermoë nie!</u>*** Nadat God met Moses vanuit die brandende bos begin praat en sy verlossingsplan vir sy volk aan Moses verduidelik het, gee Hy Moses die opdrag: “Ek stuur jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry” (Eksodus 3:10). Op hierdie opdrag reageer Moses met minderwaardigheid: “Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?” Hierdie verskoning is volgens Ellsworth (2005:37) gebaseer op Moses se minderwaardigheidsgevoel. Moses glo dat hy nie die vermoë of gawes het vir die taak nie. Volgens Swindoll (1999:206) weier Moses om sy natuurlike Godgegewe gawes tot God se beskikking te stel. Volgens Kirsch (1998:113) bevraagteken Moses homself: “Wie is ék?” of “Is ek ooit goed genoeg?” Maar God het vir Moses ’n eenvoudige tweeledige opdrag gegee. Ten eerste sê God aan Moses: “Ek wil jou stuur.” Tweedens: “Jy moet my volk uitlei.” Dit was God se soewereine plan. Ross *et al* (2008:310) wys daarop dat dit nie ’n veelvoudige keusevraag was wat God aan Moses gestel het nie, ook was dit nie ’n uitnodiging nie. Dit

was ’n roeping! God se antwoord aan Moses is net so geldig vir Melancholiese persone vandag. God beloof: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het” (Eksodus 3:12).

Maar die vraag waarom Moses God se roepstem teengestaan het bly nog onbeantwoord. Dit mag wees dat Moses God verkeerd verstaan het. Volgens Hamilton (2011:55) kon Moses gedink het dat God van hom verwag het om uit eie krag die volk te bevry. Maar dit is volgens Bruckner (2008:40) nie wat God van Moses verwag het nie. God het aan Moses gesê dat hy ’n instrument sal wees in die proses van bevryding, dit is God wat sal bevry. Met ander woorde, die dienskneg getuig maar dit is God wat sal oortuig. Moses moet bloot die dienskneg in aksie wees.

Melancholiese gelowiges mag ’n les in die voorsienigheid van God benodig om hulle te leer dat hulle nie op hulle eie vermoë alleen hoef te vertrou nie (Sondag 10 HK). Reg deur sy woord beloof God sy diensknegte dat Hy hulle altyd die krag sal verleen om hulle diens te doen (Johannes 1:17). Dit was so met Noag, Abraham, Moses, die profete en die konings. Voordat Jesus sy dissipels die wêreld ingestuur het om die evangelie te verkondig het Hy hulle herinner: “En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld” (Matteus 28:20). Ook in Lukas 24:49 bevestig Jesus dit ook aan sy dissipels deur te sê: “[49]En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur.” Hierdie is ’n duidelike versekering aan alle gelowiges wat hulself minderwaardig ag. Indien Melancholiese persone die geneigdheid het om geleenthede tot Christelike dienswerk te verwerp, moet hulle gewys word op die belofte van God: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het... (Eksodus 3:12).”

Omdat die Heilige Gees in die gelowiges teenwoordig is, rus God hulle toe vir hulle dienswerk (Handelinge 1:8). Melancholiese persone moet daarom die leiding van die Heilige Gees navolg. Paulus herinner Timoteus as jong dienskneg ook aan hierdie feit: “[7]Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing. [8]Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie... (2 Timoteus 1:7-8).”

2. ***<u>Ek het nie die kennis nie!</u>*** Moses se tweede verskoning aan God was net so ongeldig soos die eerste. Volgens Bruckner (2008:41) wys Moses se reaksie

hoe diep sy vrese gewortel was. Hy het aangeneem dat Israel die opdrag wat hy van God ontvang het sal bevraagteken: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur’, en hulle vra my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê (Eksodus 3:13)?” Moses was met ander woorde bang dat hy soos ’n idioot voor ander sal lyk. Moses gebruik ’n gebrekkige kennis as rede om nie diensbaar te wees nie. In plaas daarvan dat hy getuig oor wat God in sy persoonlike lewe doen, word hy volgens Hamilton (2011:57) skepties oor teologiese vraagstukke waaroor hy homself moontlik nie oor kan verantwoord nie. Toe Jesus sy dissipels uitgestuur het, berei Hy hulle voor vir hulle dienswerk met die woorde: “[19]Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê. [20]Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat (Matteus 10:19-20).” Volgens Ross *et al* (2008:312) stel God Homself aan Moses bekend as die Almagtige, Onveranderlike, Soewereine God deur te sê: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle gestuur.” Dit is dus duidelik dat God roep, toerus en uitstuur.

God gaan dan voort om aan Moses te verduidelik dat Hy die God van Abraham, Isak en Jakob is maar dat dit Moses is wat God se beloftes aan sy volk moet weergee. Dit is in essensie wat die prediking behels. Die dienskneg van God bedien God se volk deur sy beloftes soos God dit in sy Woord openbaar. Deur die prediking bevestig God telkens sy beloftes. Met die Heilige Gees as Instrukteur en met die Woord van God kan enige persoon, ongeag beperkings, as getuie dien van die veelvoudige genade van God. Volgens LaHaye (1993:169) is die kennis van Johannes 3:16 voldoende om ’n getuie van Christus te wees. Dit gaan daarom nie net oor hoeveel die gelowige weet nie, maar dat hy/sy genoeg omgee om Jesus Christus ook aan ander te gee. Die sleutel tot sukses as dienskneg gaan volgens Joubert (2003:87) nie oor vermoë nie maar oor beskikbaarheid en bereidwilligheid.

Om Moses gerus te stel gee God aan hom twee beloftes. Eerstens dat Hy hom sal help om die volk te oorreed “Die leiers van Israel sal na jou luister...” (Eksodus 3:18). Tweedens dat God self met die farao sal afreken “Dan sal Ek sal my hand uitsteek en Egipte teister met die wonderdade wat Ek in hom sal doen. Eers daarna sal die farao julle laat gaan” (Eksodus 3:20). Volgens Swindoll (1999:215) gee God aan Moses ’n geweldige versekering: Die volk

sal Moses glo en die farao sal die volk laat gaan. Daarom het Moses volgens Paul *et al* (2011:565) 'n belofte om op te staan.

3. ***Niemand sal my glo nie!*** Die derde verskoning wat Moses aan God voorhou is: "Sê nou die Israeliete glo my nie en hulle luister nie na my nie en sê die Here het nie aan my verskyn nie (Eksodus 4:1)?" Dit is volgens Hamilton (2011:58) duidelik dat Moses dit wat God oomblikke gelede vir hom gesê het nie geglo het nie. Moses antwoord met: "Sê nou net?" Vrees vir verwerping is deel van die minderwaardigheidsgevoel wat Melancholiese persone mag kenmerk. Moses weerspieël duidelik hierdie vrees in sy verskoning wat hy aanbied. Hy gee hierdie derde verskoning in teenstryd met God se belofte. In Eksodus 3:18 het God hom beloof: "[18]Die leiers van Israel sal na jou luister..." - met ander woorde Moses moes net getuig, dit is God wat sal oortuig. So het God volgens Adeyemo (2006:91) hom verseker dat sy volk gehoor sal gee. Bruckner (2008:45) wys daarop dat Moses waarskynlik gedink het dat hy in afsondering in die woestyn ten minste nog sy trots sal oorhê. Hy mag dalk in sy afsondering niemand wees nie maar hy sal veilig wees. Ten minste sal niemand hom uitlag of verneder nie. Al het Moses God se krag tot sy beskikking, huiwer hy steeds. Swindoll (1999:217) stel Moses se reaksie soos volg: "Moses was in his mule mode. And you can't reason with a mule."

   Moses se vrees vir verwerping het volgens Farmer (2001b:474) moontlik voortgevloei uit die verwerping wat hy vroeër beleef het in Exodus 2:11-15. Nadat Moses lede van die volk aangespreek het, het Moses die volgende reaksie ontvang: "[13]Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreeuse manne aan die baklei. "Waarom slaan jy aan jou broer?" vra hy vir die een wat die rusie begin het. [14]"Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons?" vra die ander. "Wil jy my miskien ook doodmaak, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het?" (Exodus 2:13-14). Na die gebeure is dit verstaanbaar dat Moses bang sal wees dat hy 'n soortgelyke reaksie kon verwag. Strelau (1998:135) maak in hierdie verband die opmerking dat mislukking vir Melancholiese persone traumaties kan wees. Mislukking kan hulle gevoel van minderwaardigheid verhoog. Melancholiese persone sal geneig wees om die herhaling van vernedering ten alle koste te vermy. Dit is op hierdie punt dat Melancholiese persone hulle natuurlike reaksies moet verstaan en verby hulself kyk na die saak van Christus en die behoeftes van ander.

Volgens Hamilton (2011:58) fokus Moses sy gedagtes op die onsekerheid van die toekoms met die woorde: “sê nou net?” Moses was volgens Ellsworth (2005:40) so bekommerd en bang vir wat moontlik kan gebeur dat dit hom verhinder om vir God diensbaar te wees. Een manier hoe Melancholiese persone die gevangenisskap van hulle minderwaardigheid kan ontsnap is om te fokus op die voorbeeld wat Jesus gebruik het: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes” (Lukas 10:2; Matteus 9:37). Hulle fokus moet dus op die dringendheid om die evangelie teverkondig en die behoeftes van ander wees. Volgens Rolfe (2002:68) onderdruk Melancholiese persone die werking van die Heilige Gees om valslik die persepsie te huldig dat niemand hulle sal glo nie. Duidelik is Moses met homself gepreokkupeer. Moses se reaksie is verder volgens Hills (2010:142) ’n selfsugtige en onredelike vrees. Melancholiese predikante moet dit in gedagte hou dat hulle nie verantwoordelik vir die sukses of mislukking van hulle getuienis is nie. Die dienskneg is net verantwoordelik om van Christus te getuig, en daarvoor gee God die woorde ook.

4. ***Ek kan nie in die openbaar praat nie!*** Die vierde verskoning wat Moses voorhou is: “Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou nie, hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel” (Eksodus 4:10). God se antwoord aan Moses is volgens Meyers (2005:62) net so geldig vir die predikant vandag as wat dit toe vir Moses was: “[11]Wie het aan die mens ’n mond gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? [12]Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê (Eksodus 4:11-12).” Volgens Swindoll (1999:226) impliseer God se woorde aan Moses die volgende: “I will be in between your lips. I will be right on your tongue. And I will give you the necessary words as you need them.” Dit gaan volgens Ellsworth (2005:41) daarom nie oor wat die dienskneg kan doen nie, maar wat God deur hom/haar kan doen.

   Alhoewel Melancholiese persone nie so dinamies soos Sanguiniese persone voorkom nie, kan hulle deur die werking van die Heilige Gees effektiewe sprekers wees. As gevolg van Moses se vierde verskoning, verleen God aan hom ’n hulp, sy broerskind Aäron. Maar Aäron was soms meer van ’n las as ’n hulp. Moses was volgens Hamilton (2011:70) dalk nie ’n begaafde spreker nie, maar die roeping om die Woord van God te verkondig gaan nie oor welsprekendheid nie, maar oor gehoorsaamheid aan God se roeping. God se

antwoord aan Moses maak God se uitdruklik krag bekend. Dit is daarom nie die dienskneg se talente en potensiaal of vermoë wat geestelike sukses beteken nie. Melancholiese predikante, soos Moses, kan die krag van God in hulle lewe ervaar, indien hulle op God vir insig vertrou eerder as op hulle eie gevoelens van onvergenoegsaamheid. God gee aan Moses hierdie belofte maar volgens Bruckner (2008:44) moes Moses leer om in enige situasie op God vir woorde te vertrou.

Melancholiese persone mag valslik dink dat hulle nie geskik is vir prediking en bediening nie, gewoonlik omdat hulle hulself met uitgaande Choleriese en Sanguiniese medegelowiges vergelyk. Wat Melancholiese persone moet besef is dat welsprekendheid aangeleer kan word. Strelau (1998:63) maak die opmerking dat waar Sanguiniese en Choleriese persone moet leer *wat* om te sê, moet Melancholiese persone leer *hoe* om iets te sê. Van nature stel Melancholiese predikante hoë standaarde met betrekking tot studies en die skryf van preke, maar vrees dat hulle onvoldoende is as dit by die prediking self kom. Melancholiese persone moet onthou: Die mens se onvermoë kan nie opgeweeg word teen God se voorsienigheid nie.

5. ***Ek wil nie gaan nie!*** Die self-vertwyfelde karakter van die Melancholiese persoonlikheidstipe word volgens Ross *et al* (2008:314) duidelik vertoon in die laaste verskoning wat Moses God bied (Eksodus 4:13). Moses wend 'n laaste poging aan om homself van God se roeping te verskoon: "Asseblief tog, Here, stuur liewer iemand anders (Eksodus 4:13)." Moses probeer om die taak waarvoor die Here hom geroep het op iemand anders te verskuif. Hierdie verskoning illustreer die ware rede waarom Moses nie God se roeping opvolg nie, hy wou dit eenvoudig nie doen nie! Volgens Rolfe (2002:17) mag Melancholiese persone die geneigdheid toon om vas te hou aan vooropgestelde persepsies ten spyte dat die teendeel bewys is. Selfs al het Moses volgens Hamilton (2011:73) wonderwerke van God aanskou, die brandende bos waaruit God met hom praat het, die kierie wat 'n slang geword het, sy hand wat melaats en weer gesond geword het, al het God al sy vertwyfelinge beantwoord, en al het God vir Moses die vermoë gegee om self wonderwerke te verrig, vra Moses steeds of iemand anders nie in sy plek die taak kan doen nie. Slegs nadat God daarop aangedring en aan Moses 'n assistent gegee het, maak hy homself beskikbaar. Langston (2006:239) wys daarop dat die mens se wil duidelik ondergeskik is aan diė van God. Dit was Aäron wat ongeduldig geword het toe Moses lank op die berg gebly en 'n

goue kalf gemaak het vir die volk om te aanbid: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel (Eksodus 32:4)!”

Melancholiese persone se sensitiwiteit vir kritiek en vrees vir vervolging veroorsaak soms hulle eie nadeel. Moses se onvermoë om ’n besluit in die teenwoordigheid van God te neem was volgens Meyers (2005:259) waarskynlik vanweë ’n foutiewe denkpatroon wat voortgevloei het vanuit sy verlede. Hierdie foutiewe denkpatroon benadeel die emosionele welstand van Melancholiese persone oor die algemeen. Volgens Smit (2011:19) begin geestelike en emosionele gesondheid wanneer persone weier om deur negatiewe denke beheer te word (1 Tessalonisense 5:18). Melancholiese persone is geneig om bitterheid te kweek en maklik ’n wrok te koester (sien 2.6.3.5.4). Hierdie soort gedrag kan ’n negatiewe omgewing skep en ander self ontmoedig. Moses se bitterheid van die verlede roep die saak van vergiffenis na vore. Wanneer iemand met wraak gevul is, word dit moeilik om rasioneel te dink. Maar vergiffenis maak mens vry. Wanneer Melancholiese persone leer om te vergewe en te breek met die negatiwiteit van die verlede, kan ’n nuwe denkpatroon gebou word deur op die goeie en positiewe dinge en God se roeping in hulle lewe te fokus. Filippense 4:8 is hier vir Melancholiese persone ’n riglyn: “Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle, julle gedagtes rig.”

Die verskonings wat Moses telkemaal aan God bied is alles gebaseer op subjektiewe valshede. Alhoewel Moses se verskonings vir homself redelik voorgekom het, was dit op geen wyse geldig of behulpsaam nie. Hierdie valse gevoelens van minderwaardigheid beperk die effektiwiteit van enige individu. Daarom is Melancholiese persone se grootste behoefte, ’n ware geloof (Sondag 7 Vraag & Antwoord 21 HK). Geloof is ’n gawe aan elke gelowige, want dit wat deur God beloof is sal deur geloof verkry word. Branch en Willson (2010:98) waarskuwing egter dat die terapeut nie ontmoedig moet word as verandering stadig by Melancholiese persone plaasvind nie. Volharding soos deur God in die bogenoemde gebeure gedemonstreer word is die antwoord om ’n deurbraak te verkry met Melancholiese persone.

4.6.1.4 Die Melancholiese Moses se woede

Buiten vrees is Melancholiese persone volgens Rolfe (2002:71) ook geneig om woede te vertoon. Volgens Kirsch (1998:77) word Moses se geneigdheid tot woede by verskeie geleenthede deur sy lewe getoon. Moses se mislukking om hierdie emosie te beheer het hom die voorreg ontneem om die volk van God die beloofde land in te lei (Numeri 20:10-12). Deur die loop van Exodus word frases gevind soos "Moses was woedend oor wat hulle gedoen het" (Eksodus 16:20) en "Toe Moses naby die kamp kom en die kalf en die dansery sien, het hy woedend geword..." (Eksodus 32:19). Toe Moses sien dat die volk Israel 'n afgod dien en immorele optree: "het hy woedend geword en die twee plat klippe in sy hand flenters gegooi teen die voet van die berg" (Eksodus 32:19).

Nadat Moses die volk uit Egipte gelei het, ontvang hy die wet van God op Sinai. Terwyl Moses op die berg was het die volk ongeduldig geword. In die volk se ongeduld het hulle vir Aäron gesê: "Kom maak vir ons 'n god ('n goue kalf) dat hy ons kan lei" (Eksodus 32:1). Soos ongelowiges het die volk om die goue kalf gedans en dit aanbid. Terwyl die volk "losbandig te kere gegaan het" (Eksodus 32:6), het Moses van die berg af terug gekom by die kamp en die gebeure waargeneem: "Toe Moses naby die kamp kom en die kalf en die dansery sien, het hy woedend geword en die twee plat klippe in sy hande flenters gegooi teen die voet van die berg" (Eksodus 32:19). Hier word dit volgens Farmer (2001a:506) duidelik dat Moses se Melancholiese woede sy godsdiens beïnvloed. Die klipplate wat Moses stukkend gegooi het, was met God se "eie hand" geskryf: "Aan weerskante was daar op hulle geskryf, en dit was die werk van God." Paul *et al* (2004:341) merk op dat die inskripsie op die klipplate "God se eie hande werk was" (Eksodus 32:15-16). Moses hou hierdie God geskrewe dokument in sy hande maar sy woede kry die oorhand oor hom.

Hier kan met reg gevra word: "Het Moses nie rede gehad om kwaad te word nie?" Volgens Bruckner (2008:284) het Moses 'n defensiewe rede gehad om kwaad te word. Hierdie tipe woede staan bekend as "geregmatigde woede." Dit is die tipe woede wat 'n vader beleef as hy sien dat sy kind doelbewus ongehoorsaam is. 'n Vader het rede om in so omstandighede kwaad te word. Maar die wyse waarop woede uitgedruk word, is hier belangrik. Die wyse waarop Moses sy woede uitdruk kom duidelik oorbodig voor. Nadat Moses die klipplate waarop die wet staan stukkend gegooi het, gaan Moses se woede selfs verder. In Eksodus 32:20 word weergegee: "Daarvan vat hy (Moses) die kalf wat hulle gemaak het, gooi dit in die

vuur, maal dit fyn soos stof en strooi dit op die water. Toe laat hy die Israeliete die water drink." Dit wil voorkom of Moses se dade gebaseer is op woede wat buite beheer geraak het. Nêrens in die gedeelte word God se goedkeuring van Moses se optrede weergegee het nie.

'n Ander geleentheid waar Moses se woede na vore kom word in Eksodus 2:11-22 gevind. Toe Moses ongeveer veertig jaar oud was, het hy 'n Egiptiese slawedrywer 'n Hebreeuse man sien slaan. Hierdie gebeure was in Moses se oë onregmatig (Eksodus 2:11). Woede het in Moses oorval. Eksodus 2:12 gee dit soos volg weer: "Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap." Vanweë sy woede het Moses moord gepleeg en die Egiptenaar in 'n vlak graf in die sand begrawe. Met die eerste oogopslag mag dit voorkom of Moses se optrede regverdig was. Moses het 'n mede-Hebreër se lewe gered. Maar Moses het volgens Kirsch (1998:77) geregtigheid in sy eie hande geneem deur wraak te neem. Hierdie vorm van woede was 'n oordrewe vorm van geregtigheid. Onmiddellik na hierdie gebeure het Moses vir sy eie lewe die woestyn in gevlug.

Nadat Moses na Egipte terug gekeer het, het hy tien ontmoetings met die farao gehad. Tydens die ontmoeting tussen die negende en tiende plaag het Moses briesend kwaad geword. Dit ten spyte daarvan dat God aan Moses gesê het: "Ek sal die farao hardkoppig maak, en hy sal die volk nie laat gaan nie." (Eksodus 4:21) het Moses steeds tot woede oorgegaan (Eksodus 11:8). Volgens Langston (2006:107) het Moses se onbeheersde woorde amper veroorsaak dat hy nie God se boodskap aan die farao oorgedra het nie.

Volgens Borquez (2009:108) veroorsaak woede gedrewe gedragsprobleme en vererger die situasie. Moses het volgens LaHaye (1993:178) in die woestyn vir 'n lang tydperk onder geweldige druk verkeer. Die honger en ontevrede Israeliete het hulle frustrasies op Moses uitgehaal. Hulle het hulle bitterheid op hom gereflekteer omdat hulle ontevrede was met God se voorsienigheid. Na aan die einde van die volk se rondswerwe in die woestyn, kom die volk teen Moses en Aäron in opstand. Numeri 20:2-5 gee die volk se aanslag teen Moses en Aäron weer: "[2-3]Omdat die volk geen drinkwater gehad het nie, het hulle saam teen Moses en Aäron rusie gemaak en gesê: "As ons maar liewer ook omgekom het toe ons volksgenote deur die Here om die lewe gebring is! [4]Waarom het julle die volk van die Here na hierdie woestyn toe gebring, dat ons en ons vee hier moet sterwe? [5]Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek en ons na hierdie ellendige plek toe gebring? Hierdie plek deug nie..." Dit was

die selfde ou refrein waarmee die volk by Moses kom. Hulle kla steeds oor hulle lot. Wat die volk nie besef het nie is dat hulle besig was om hulle leier oor die afgrond te druk.

Moses se reaksie hierop word in die verse wat volg weergegee: "[6]Moses en Aäron het weggedraai van die volk af, en toe hulle by die by die ingang van die tent van ontmoeting kom, het hulle op hulle knieë geval terwyl die magtige teenwoordigheid van die Here vir hulle sigbaar word. [7]Die Here sê toe vir Moses: "[8]Vat Aäron se kierie en roep jy en jou broer Aäron die volk bymekaar. Julle moet dan in hulle teenwoordigheid **met die rots praat**, en daar sal water uitkom sodat die volk en hulle vee kan drink (Numeri 20:7-8). Toe het Moses in woede uitgebars: "Moses het vir hulle gesê: "Luister, julle wat julle teen die Here verset! Luister! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?" [11]Toe lig Moses sy hand op en hy **slaan die rots twee keer** met sy kierie. Daar het baie water uitgekom, en die volk en hulle vee het gedrink (Numeri 20:10-11)."

Alhoewel Moses se heftige optrede onbeduidend mag voorkom, was hy aan God se instruksies ongehoorsaam. God het Moses uitdruklik opdrag gegee om met die rots te praat, maar Moses slaan die rots twee maal uit woede. In Numeri 20:6 sonder Moses en Aäron hulself juis afom God te raadpleeg. Volgens Adeyemo (2006:192) was God se plan om sy genadige voorsienigheid aan sy volk te toon deur aan hulle behoeftes te voorsien. Maar Moses se driftige gedrag kommunikeer dit nie. Hy vat die glorie van die wonderwerk vir homself: "Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom?" asof die wonderwerk deur homself verrig word (Numeri 20:10). Moses se optrede het volgens Cole (2000:329) veroorsaak dat hy nie die beloofde land sou beêrwe nie: "[12]Maar toe sê die Here vir Moses en Aäron: "Omdat julle My nie erken het en My, die Heilige, voor die Israeliete gehoorsaam was nie, sal julle hierdie volk nie inlei in die land wat Ek aan hulle gee nie." Voor sy dood het Moses net die beloofde land van veraf aanskou (Numeri 20:12).

Onbeheerste woede veroorsaak hartstog in die lewe van mense. Melancholiese persone kan uit Moses se optrede leer om hulle Godgegewe gawes maksimaal te benut deur onbeheerste woede te beheer. Dit is duidelik dat God Moses se woede verdra het terwyl Hy hom as instrument gevorm het. Maar Moses het sy woede nooit werklik onder beheer gekry nie. Volgens Swindoll (1999:549) het God Moses se woede geduldig verdra. Maar soos Moses se woede die oorhand oor hom gekry, het God tot op die punt gekom het om Moses toegang tot die beloofde land te ontsê. Dit

was op die einde van die dag Moses se hartstog soos dit veral in Psalm 90:7-11 beskryf word.

4.6.1.5 Die Melancholiese Moses se depressie

Volgens Swindoll (1999:513) is Moses een van drie profete wat so depressief geword het dat hulle God gevra het om te sterf (Numeri 11:15). Die tweede is Elia onder die besembos (1 Konings 19:4) en die derde is Jona (Jona 4:3). Al drie hierdie manne het op die punt gekom waar hulle gereed was om tou op te gooi. Al drie vra die Here vir 'n spoedige dood. Maar die Here het geweier om enigeen van hulle se lewe te neem. God het hulle gehelp om die probleem te hanteer. LaHaye (1993:182) maak die stelling dat van al die persoonlikheidstipes die Melancholiese persoon die meeste met depressie kan worstel. Hierdie probleem met depressie is waarskynlik as gevolg van Melancholiese persone se negatiewe denkpatrone. Hulle kan innerlik baie selfbejammering koester. Moses se ervaring van depressie word in Numeri 11:10-15 weergegee:

> "[10]Moses het die volk hoor kla, elke familie by die ingang van sy tent... [11]Moses sê toe vir die Here: "Waarom behandel U my so sleg, waarom is U my nie goedgesind nie, dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het....? Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie, want dit is te swaar vir my. [15]As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring as U my goedgesind is. Hierdie slegte behandeling kan ek nie meer verduur nie."

Volgens Adeyemo (2006:181) was Moses diep gefrustreerd deur die volk se klagtes. Hy het die volk se klagtes en probleme vir hom persoonlik aangetrek. In plaas daarvan dat hy na God se leiding soek, begin hy homself jammer kry en begin self kla. Moses skat God se vermoë om hom te lei gering. Hy sien die las wat God op hom geplaas het as te swaar. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat God nie vir Moses gevra het om hierdie las te dra nie. Moses interpreteer die volk se probleme verkeerdelik as sy eie verantwoordelikheid "Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie, want dit is te swaar vir my" (Numeri 11:14). Moses fokus op sy eie lyding en slegte omstandighede. Hy reageer asof hy die volk se persoonlike versorger en instandhouer is: "[12]Het ek dan swanger geword en hierdie hele volk in die wêreld gebring, dat U vir my sê: 'Dra hulle aan jou bors soos 'n oppasser met 'n suigeling doen...?' [13]Waar sal ek die vleis vandaan haal om aan hierdie hele volk te gee, hulle wat by my kla en sê: 'Gee vir ons vleis dat ons kan eet!' (Numeri 11:12-

13).” Volgens Swindoll (1999:513) is die volgende spreekwoord op Moses van toepassing: “The faster the pace, the heavier the anchor.”

Moses het so baie selfbejammering gekoester dat hy God gevra het: “...kan U my gerus maar om die lewe bring as U my goedgesind is.” Moses vergeet God se persoonlike beloftes aan hom met sy roeping: “Ek sal by jou wees... (Eksodus 3:12)” en “...Ek sal jou help... (Eksodus 4:12)”. Hy vergeet ook God se genade en voorsienigheid. Volgens Ortberg (2011:73) vorm mense se houding hulle denkpartoon, wat op sy beurt weer hulle gevoelens voortbring. Indien persone se houding bepaal word deur dankbaarheid teenoor God, lei dit nie tot negatiewe denke nie. Maar indien persone konstant op die onaangename omstandighede rondom hulle fokus, kan hulle depressief word.

Moses se reaksie teenoor sy omstandighede het aanleiding gegee tot sy depressie, nie die omstandighede self nie. Soos God aan Moses beloof het, beloof Hy ook alle diensknegte dat Hy hulle onder alle omstandighede sal versorg (Romeine 8:31-39). God het nie gehoor gegee aan Moses se versoek om te sterf nie. God het aangehou om Moses vir baie jare te gebruik om sy volk te lei. Swindoll (1999:513) maak die opmerking dat God Moses se werkslading verdeel het (Numeri 11:16-25). Hierdie feit bring hoop aan die dienskneg wat, soos Moses, depressief geword het. God het dieselfde gedoen met Elia en Jona. Melancholiese persone staar egter die besluit in die gesig, dat hulle dank aan God sal bewys ongeag die omstandighede waartoe God hulle geroep het. Dit is volgens Henry (2010:172) belangrik om in gedagte te hou dat dienaars van God in hulle menslikheid ook van tyd tot tyd met probleme soos woede en depressie kan worstel.

4.6.1.6 Die Melancholiese Moses se perfeksionisme

Volgens LaHaye (1993:184) was Moses as Melancholiese persoon perfeksionisties (sien 2.6.3.4.2). Deur die tweede helfte van Eksodus, asook die boeke Levitikus en Numeri kan gesien word hoe God hierdie eienskap van Moses gebruik. Ellsworth (2005:112) wys daarop dat God spesifiek aan Moses die noukeurige besonderhede van die wet gegee het wat die seremoniële wete, die tien gebooie en die instruksies aan die priesterdom ingesluit het. God het ook aan Moses die spesifieke afmetings vir die bou van die tabernakel as aanbiddingsentrum vir Israel gegee. Om hierdie hoë standaarde met presisie toe te pas gebruik God Moses as instrument. Een van die volk se belangrikste godsdienstige aspek in die Ou Testament was juis die tabernakel. God gee die tabernakel in sy genade aan die volk as plek van ontmoeting. Volgens Littauer en Sweet (2011:118) gebruik God deur die werking van

die Heilige Gees die perfeksionistiese eienskap van Moses om hierdie doel te bereik. Volgens Paul *et al* (2011:723) is Moses se perfeksionisme waarskynlik die rede waarom dit vir hom moeilik is om verantwoordelikhede te delegeer.

Hierdie perfeksionistiese eienskap van Moses word in Eksodus 18:13-27 gevind. Toe sy skoonpa Jetro Moses en sy dogter kom besoek, is Moses só besig met die administrasie van die volk dat hy nie tyd saam met sy familie kon spandeer nie. Volgens Kirsch (1998:234) was Moses so pligsgetrou dat hy probeer het om alle sake van die volk self te hanteer. Hy het van die môre tot die aand gewerk, en uitgeput by die huis gekom. Vir Melancholiese persone is dit volgens (LaHaye 1994:76) belangrik om in gedagte te hou dat ander mense se insig goeie perspektief kan bied of lig op 'n onderwerp kan werp. Dit was presies die rol wat Moses se skoonpa Jetro gespeel het. Jetro het die chaos in Moses se lewe waargeneem en aan Moses 'n tweeledige vraag gevra: (1) "Wat is jy besig om te doen?" (2) "Hoekom doen jy dit alleen?" Jetro se eerste vraag handel oor Moses se prioriteite. Die tweede fokus meer op Moses se persoonlike lewe. Op hierdie vrae gee Moses sy skoonpa 'n eerlike antwoord: "Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra. [16]As hulle in sake betrokke raak, kom hulle na my toe. Ek lewer dan uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle bekend" (Eksodus 18:15-16). Moses probeer nie sy optrede regverdig nie. Moses sê bloot dat dit sy werk en verantwoordelikheid is. Hy is deur God geroep om as die volk se middelaar te dien. Die raad wat Moses se skoonpa aan hom gee is ook van toepassing op voornemende predikante vandag. "[17]Maar Moses se skoonpa sê vir hom: "Jy maak nie reg nie. [18]Jy en al hierdie mense by jou sal totaal uitgeput raak. Die werk is te veel vir jou. Jy kan dit nie alleen behartig nie (Eksodus 18:17-18)." Hy adviseer Moses om van sy verantwoordelikhede te delegeer aan bekwame manne.

Littauer (2005:44) maak die opmerking dat baie kreatiwiteit verlore gaan deur die onvermoë om verantwoordelikhede te delegeer. As 'n reël vertrou Melancholiese persone nie die vermoëns van ander nie, en probeer hulle om alles self te doen. LaHaye (1993:186) gee in die opsigte die advies: "Instead of doing the work of ten men, get ten men to work." Melancholiese persone kan leer om prioriteite te balanseer. Deur op die prioriteit te fokus, kan Melancholiese persone 'n hoër premie plaas om ander tot diensbaarheid te motiveer in plaas daarvan om alleen voort te worstel. Die herorganisering van Moses se program het hom bevry van detail. Hierdie herorganisering en delegering van take maak tyd vir meer belangrike sake. Melancholiese persone moet leer dat hulle meer kan bereik deur verantwoordelikhede ook aan ander bekwame mense toe te vertrou. Die onvermoë

om verantwoordelikheid te delegeer kan wees as gevolg van Melancholiese persone se lae selfbeeld. Deur self iets te bereik, verkry Melancholiese persone selfvertroue.

In hierdie opsigte was dit belangrik vir Moses gewees om sy swak en sterkpunte te ken. Volgens Farmer (2001a:492) moes Moses leer dat sy perfeksionisme beide homself en sy geliefdes uitput. Jetro beklemtoon die feit dat Moses reeds uitgeput is en dat hy afstuur op 'n ramp. Jetro poog om Moses te leer om sy verpligtinge op 'n beter manier na te kom. Wanneer addisionele lading op reeds oorlaaide persone geplaas word kan dit selfs hulle beste pogings verswak. Die uitvoering van wat werklik essensieel is, begin daar onder ly, en dit kan selfs hulle lewens ontspoor.

4.6.1.7 Die Melancholiese Moses se lojaliteit

Een van die Melancholiese persoonlikheid se lofwaardige eienskappe is lojaliteit en getrouheid (sien 3.6.3.4.3). Alhoewel Melancholiese persone nie maklik vriende maak nie, is hulle uiters lojaal aan die vriende wat hulle het. Hierdie eienskap maak Melancholiese gelowiges veral lojaal en toegewyd aan God. Toe Moses homself tot God se beskikking gestel het, het hy 'n voorbeeld van gelowige toewyding geword. Moses se transformasie deur die Heilige Gees het hom volgens Bennett en Bennett (2005:235) verander van 'n onseker, wyfelende, pessimistiese en depressiewe man na die verantwoordelike vaderfiguur en leier van die volk van God. Moses se Godgegewe leierskap en toewyding het hom die vermoë gegee om vir jare aan die volk leiding te gee.

Moses se toewyding het volgens Langston (2006:176) gegroei deur die veertig jaar as dienskneg van God in die woestyn. As probleme na vore kom het Moses na God gedraai vir leiding. Wanneer die volk gekla het van honger, het Moses gebid en God het geantwoord met manna uit die hemel (Eksodus 16:1-21). Toe die volk water nodig gehad het slaan hy die rots waaruit God vir hulle water voorsien het (Eksodus 17:5). Toe die Israelities deur die Rooi See moes trek, slaan Moses die water met sy kierie in die Naam van die Here en die Rooi See gaan voor hulle oop (Eksodus 14:1-31). Moses is 'n voorbeeld hoedat God 'n bevreesde en negatiewe Melancholiese persoon kan toewy tot die uitvoering van sy wil. Dit beteken nie dat Moses perfek was nie.

Alhoewel die leiding deur die Heilige Gees duidelik in Moses se lewe na vore kom, het hy in sy menslikheid ook gereeld foute gemaak. So is Moses 'n voorbeeld hoedat God die onvolmaakte mens gebruik in sy diens. Elke suksesvolle dienskneg van God moes volgens LaHaye (1993:189) hom- of haarself van tyd tot tyd van een of ander

mislukking optel en weer God se genade opsoek. Moses is ’n goeie voorbeeld van ’n Geesvervulde Melancholiese persoon, nie omdat hy perfek was nie, maar omdat hy deur die hande van God gevorm is. Alhoewel Moses van tyd tot tyd misluk het, het hy telkens sy sonde voor God bely en sy lewe weer opnuut in God se genadige hande geplaas.

4.6.2 Gevolgtrekking oor die Melancholiese Moses

Moses bied ’n uitstekende voorbeeld van hoe Melancholiese persone van tyd tot tyd met selfvertroue, perfeksionisme, woede en depressie tydens sleutel momente in hulle lewe kan worstel. Aan die een kant het Moses die vermoë en talent gehad om die leier van die volk te wees, maar aan die ander kant het hy met geloof geworstel en was hy selfs in staat om bloed te vergiet. Maar God het ook deur hom wonderwerke verrig, maar sonder leiding van die Heilige Gees kon Moses se gedrag oordrewe en selfs onregmatig gewees het. Ten spyte van Moses se tekortkominge en vertwyfeling het God Moses gebruik om sy soewereine wil uit te voer. Nogtans kies God vir Moses ten spyte van sy gebrokenheid. Moses kry die voorreg om God “persoonlik te ken” (Deuteronomium 34:10). Moses is die spreekwoordelike voorbeeld dat God sondaarmense gebruik om sy wil uit te voer. Moses het ure in God se heilige teenwoordigheid spandeer: “Die Here het direk met Moses gepraat soos ’n man met sy vriend” (Eksodus 33:11).

Menslike swakhede verhoed geen mens om met God ’n verhouding te hê nie. Moses se lewe dien ook as voorbeeld vir Melancholiese persone wat deur hulle eie swakhede verhinder word om diensbaar te wees. In plaas daarvan dat Melancholiese persone met hul eie swakhede gepreokkupeer word, moet hulle leer om God se kragtige werking deur sy Gees te soek en hulle lewe opnuut in sy hande te plaas. Vertroue op God is die kernsaak wat die deurslaggewende faktor is in Melancholiese persone se pad na sukses. Op die wyse bied die studie van Moses se persoonlikheid aan voornemende predikante met ’n Melancholiese persoonlikheidstipe ’n uitstekende voorbeeld van hoe God ’n persoon met ’n Melancholiese persoonlikheidstipe kan en wil gebruik. Moses dien ook as ’n voorbeeld aan alle gelowiges van hoe God sondaars met hul gebrokenheid gebruik tot uitbou van sy koninkryk.

4.7. BYBELSE FLEGMATIESE PERSOONLIKHEID

Volgens Mischel *et al* (2008:55) kom meeste mense maklik met Flegmatiese persone oor die weg. Flegmatiese persone se kalm en gemaklike natuur en droë sin vir humor maak hulle ’n plesier om in enige geselskap te hê. Flegmatiese persone word

gewoonlik gesien as “goeie” mense. Hulle word gewoonlik gesien as effektief, betroubare, skerp en praktiese. Omdat Flegmatiese persoonlikheidstipe ’n introverte persoonlikheid is, is hulle swak- en sterkpunte volgens Littauer (2005:47) nie so opsigtelik soos by die ander persoonlikheidstipe nie. Maar die mees opmerklike eienskap by Flegmatiese persone is ’n tekort aan motivering. As gevolg van hierdie lae motivering, mag hulle werkverpligtinge ontwyk.

Volgens Bennett en Bennett (2005:40) is Flegmatiese persone geneig om steeks en hardkoppig te wees. Hulle het die vermoë om na die lewe te kyk deur die oë van toeskouers en probeer om nie “te veel betrokke” te raak nie. Flegmatiese persone word soms gesien as vredemakers en hulle probeer te alle tye om konflik te vermy. Wanneer Flegmatiese persone vanuit die eksterne omgewing gemotiveer word, maak hulle goeie leiers. Littauer (1992:83) maak die opmerking dat wanneer Flegmatiese persone deur die Heilige Gees gemotiveer word, hulle suksesvolle diensknegte vir Christus word. Die Flegmatiese persoonlikheidstipe is ’n introverte persoonlikheid (sien 3.6.4.1).

Flegmatiese persone mag verkies om nie in leierskapposisies te wees nie. Maar hulle het gewoonlik goeie leierskap vermoëns as gevolg van die sagmoedige wyse waarop hulle mense hanteer. Hierdie saggeaardheid verminder wrywing en konflik. Hulle saggeaardheid maak hulle daadwerklike helpers. Maar wanneer hulle in ’n rigting gedwing word kan hulle selfs die mees dringende versoek teenstaan. Flegmatiese persone raak ook nie maklik opgewonde nie (sien 3.6.4.5.1). ’n Belangrike eienskap van Flegmatiese persone is dat hulle hulself emosioneel oorbeskerm, wat besluitloosheid tot gevolg mag hê. Volgens Littauer en Sweet (2011:132) vertoon Abraham duidelike Flegmatiese eienskappe.

4.7.1 Abraham vertoon Flegmatiese eienskappe

Volgens Littauer (2005:31) vertoon verskeie Bybelse figure ’n hoë mate van Flegmatiese eienskappe: Noag, Samuel, Daniel, Josef, Nataniël, Filippus en die apostel Jacobus. Maar Abraham se lewe vorm die beste voorbeeld van Flegmatiese persoonlikheidseienskappe. Omdat daar genoegsame inligting van Abraham in die Bybel weergegee word, maak dit hom ook ’n geskikte Bybelse figuur vir ’n studie na persoonlikheid. Volgens LaHaye (1993:201) sou Abraham nooit sukses kon behaal sonder die transformasie van die Heilige Gees nie. Abraham se lewenslange worsteling met Flegmatiese eienskappe verskaf ’n ideale illustrasie van wat God met Flegmatiese persone kan doen wanneer hulle met die Heilige Gees vervul is. Deur

die leiding van die Heilige Gees was Abraham suksesvol, maar wanneer hy deur vrees en vertwyfeling beheer was, was hy egter minder suksesvol.

4.7.1.1 Die Flegmatiese Abraham is huiwerig

Flegmatiese persone se natuurlike geneigdheid tot huiwering, besluitloosheid en vrees word by Abraham waargeneem (sien 3.6.4.5.4). Abraham het in Ur, die land van die Galdeërs, gebly. God roep Abraham om uit sy eie land uit weg te trek: “Die Here het vir Abraham gesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys” (Genesis 12:1). Maar Abraham was volgens Wiersbe (2010:20) só afhanklik van sy familie dat hy eerder by sy familie in Haran gaan bly het. Eers nadat sy pa gesterf en God weer met hom gepraat het, het Abraham gehoor gegee. Maar Dunn en Rogerson (2003:49) merk op dat Abraham sy broerskind Lot, sy vrou Sarai en al sy besittings en slawe wat hy in Haran bymekaar gemaak het saam met hom Kanaän toe gevat het. Toe hy uit Haran vertrek het was hy reeds vyf en sewentig jaar oud (Genesis 12:4).

Volgens Puică en Florea (2013:4) mag dit vir Flegmatiese persone moeilik wees om God ten volle te vertrou. Hulle geneigdheid tot angs en vertwyfeling is nie so sterk soos die van Melancholiese persone nie, maar kan steeds hulle funksionering beperk. Sommige Flegmatiese persone is huiwerig om nuwe geleenthede aan te gryp (sien 3.6.4.5.4). Dit is volgens Rolfe (2002:96) nie as gevolg van ’n tekort aan vermoë nie, maar ’n huiwering om die onbekende te betree. Abraham se huiwering om na die onbekende land te trek asook die feit dat hy Lot as ’n vorm van “sekuriteit” saamneem illustreer Abraham se Flegmatiese vertwyfeling. Volgens LaHaye (1993:203) kan Flegmatiese persone beslis deur God op ’n dinamiese wyse gebruik word, hulle moet egter leer om op God alleen te vertrou.

Die beloftes wat God aan Abraham maak in Genesis 12:1-3 word in die verledetyd weergegee wat daarop dui dat God reeds hierdie beloftes aan hom gemaak het en nou besig is om dit te vervul. Dit het egter verskeie jare geneem vir die Abraham om op God te vertrou. God het aan Abraham ses beloftes gemaak (1) “Ek sal jou ’n groot nasie maak,” (2) “Ek sal jou seën,” (3) “Ek sal jou ’n man van groot betekenis maak,” (4) “Ek sal seën wie jou seën,” (5) “Ek sal hom vervloek wat jou vervloek,” (6) “In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.” As Abraham op God vertrou het, sou dit hom volgens Ross *et al* (2008:95) baie hartseer en verwarring gespaar het. Geloof is om op God te vertrou en te weet dat God sy beloftes sal vervul (Sondag 7 vraag & antwoord 21 HK). Soos Abraham moet baie Flegmatiese gelowiges hierdie waarheid opnuut vertrou. God het later weer met Abraham gepraat en nog ’n belofte aan hom

gemaak: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land” (Genesis 12:7). Abraham was op daardie stadium reeds vyf en sewentig jaar oud wat ’n nageslag menslik gesproke onwaarskynlik sou maak, maar God gee hierdie belofte van ’n nageslag en vervul dit op ’n wonderbaarlike wyse.

In Abraham se lewe was die beginsel van Jakobus 1:2-4 toepaslik: “[2]My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, [3]want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. [4]En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkominge.” Gelowiges kan om die rede beproewings verwag. In plaas daarvan om in wanhoop of ongeloof te verval kan hulle juis op God vertrou wat die uitkoms waarborg. Genesis 12:10 getuig volgens Henry (2010:30) van Abraham se beproewing: “[10]Daar was hongersnood in die land, ’n baie swaar hongersnood en Abram het na Egipte toe getrek om daar ’n heenkome te vind.” Soos Lot was Egipte vir Abraham ’n vorm van sekuriteit. Sonder om die wil van God in sy optrede te ken neem Abraham met sy gesin toevlug in Egipte. Hierdie vreesgedrewe optrede was geensins produktief nie.

God se roeping van Abraham was volgens Wiersbe (2010:21) verweef met God se bediening van genade en verlossing. Die sondige mens antwoord op God se roeping in geloof. Dit is juis weens hierdie gebrek aan geloof dat Abraham sy roeping nie onmiddellik opgevolg nie. God roep Abraham om drie redes: (1) In sy liefde was God besorg oor Abraham se verlossing. (2) In God se soewereine genade gaan Abraham se roeping verder as net sy eie persoonlike verlossing. God gee in Abraham die belofte dat Hy die wêreld sal verlos (1 Johannes 2:2; 4:14). (3) Abraham se geloof moes dien as voorbeeld vir ander gelowiges.

4.7.1.2 Die Flegmatiese Abraham is vredeliewend

Een van die Flegmatiese persoonlikheidstipe se mees lofwaardige eienskappe is ’n liefde vir vrede (sien 3.6.4.2). Flegmatiese persone se natuurlike sensitiwiteit en kalmte skep ’n kalm omgewing vir ander. Volgens Nodoushan (2011:39) is Flegmatiese persone se begeerte na vrede en harmonie sterker as hulle begeerte na persoonlike besittings. Hierdie vredeliewendheid word ook by Abraham waargeneem. ’n Voorbeeld hiervan word in Genesis 13:1-12 gevind waar Abraham en Lot se veewagters stry gekry het. Omdat beide Abraham en Lot hoofde van hulle families was en beide ’n groot hoeveelheid vee besit het moes die kuddes uit mekaar gehou word. Maar as gevolg van die afwesigheid van grensdrade was dit volgens Hartley (2000:143) ’n natuurlike bron van konflik veral rondom weiding en waterbronne. Vir

hierdie konflik het Abraham die volgende oplossing aangebied: "[8]Toe sê Abram vir Lot: "Daar behoort nie 'n getwis te wees tussen my en jou en tussen my veewagter en joune nie, want ons is familie. [9]Die hele land lê oop voor jou. Gaan liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links (Genesis 12:8-9)." Dit was volgens Paul *et al* (2011:131) 'n vreedsame oplossing vir hierdie onaangename situasie. Maar dit is moontlik dat Abraham baie hartstog moes verduur deur homself van sy sekuriteit te skei.

Nadat Abraham en Lot se paaie geskei het gee God getrou aan sy verbond Kanaän as land vir Abraham. Dit wil volgens Dunn en Rogerson (2003:49) voorkom of Abraham eers van sy eie menslike sekuriteit moes afsê voor God se beloftes ten volle tot vervulling kom: "[14]Nadat Lot van Abram af weg is, het die Here vir Abram gesê: "Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste. [15]Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag. [16]Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word (Genesis 13:14-16)." Volgens LaHaye (1993:206) moet meeste predikante die traumatiese besluit neem om hulself los te maak van dinge en mense wat vir hulle belangrik is om sodoende God se roeping te gehoorsaam. Maar dit gaan egter nie primêr daaroor om iets agter te laat nie maar oor die beloning wat elke gelowige ontvang wat God se soewereine wil in geloof gehoorsaam (Hebreërs 11:6).

4.7.1.3 Die Flegmatiese Abraham is betroubaar

Chapman (2010c:14) maak die stelling: "Who you are under pressure is who you truly are." Spanning verander nie wie mense is nie, maar openbaar ons ware karakter. Van al die persoonlikheidstipes funksioneer Flegmatiese persone volgens Chiappelli *et al* (2005:455) die beste onder druk. Sanguiniese persone probeer die situasie ontvlug, Melancholiese persone is geneig om onder druk te ontspoor, maar Choleriese en Flegmatiese persone gryp die geleentheid met ope arms aan. Flegmatiese persone is geneig om kalm en effektief in krisistye te funksioneer. Genesis 14:1-24 gee so 'n beskrywing in Abraham se lewe. Kort nadat Lot in Sodom gaan woon het, het daar oorlog onder die konings uitgebreek. Koning Kedorlaomer van Elam en van die ander konings het Sodom en Gomorra oorwin en baie inwoners as slawe weggevoer, wat Lot en sy familie ingesluit het. Een van die gevangenis het ontsnap en aan Abraham gaan vertel wat gebeur het.

Genesis 14:14-16 gee Abraham se reaksie weer: "[14]Toe Abraham hoor dat sy familielid weggevoer is, het hy sy volgelinge, drie honderd en agtien slawe wat by

hom gebore is, hulle wapens laat vat en die konings agtervolg tot by Dan. [15]Die nag het Abram en sy manne hulle van verskillende kante af aangeval en verslaan... [16]Abram het al die besittings teruggekry. Hy het ook vir Lot, sy familielid, met al sy besittings teruggekry, ook die vrouens en al die ander mense." Volgens Brett (2000:55) weerspieël hierdie gebeure verskeie eienskappe van Abraham en die Flegmatiese persoonlikheid oor die algemeen. Flegmatiese persone se liefde vir geliefdes in tye van nood kry voorrang oor hulle persoonlike veiligheid. Toe Abraham tot aksie oorgaan en homself tot die geveg verbind het, toon hy duitelike leierseienskappe. Abraham se kalm en onemosionele reaksie op die oorwinning is volgens Wiersbe (2012:45) kenmerklik aan die Flegmatiese persoonlikheidstipe. Nêrens word gesien waar hy oor homself spog of grootpraat nie. Hierdie nederigheid word nie net aan sy geestelike lewe toegeskryf nie, maar is ook 'n duidelike Flegmatiese eienskap.

Abraham was volgens Ross *et al* (2008:106) al te bewus dat hierdie oorwinning 'n seëning uit God se hand was. Om die rede bring Abraham 'n dankoffer aan God. LaHaye (1993:211) wys daarop dat Flegmatiese gelowiges heelwaarskynlik die mees getroue persone is met die gee van hulle dankoffers. Hulle mag ook meer geneig wees as die ander persoonlikheidstipes om te doen wat God van hulle verwag. Maar die ander persoonlikheidstipes sal meer spontaan skenkings gee in tye van nood as Flegmatiese persone. Maar Flegmatiese persone sal waarskynlik meer konstant bly in vrygewigheid.

4.7.1.4 Die Flegmatiese Abraham is Passief

Flegmatiese persone se liefde vir vrede is nou verband aan hulle geneigdheid om passief te wees veral om konfrontasies te vermy (sien 3.6.4.5.1). Hierdie passiwiteit mag tot gevolg hê dat hulle ondergeskik aan hulle huweliksmaats voorkom, Abraham was ook hierin nie 'n uitsondering nie. Genesis 16:1-16 weerspieël Sara se invloed oor haar man. Ongeduldig om te wag dat God sy belofte vir 'n nageslag vervul, beraam Sara haar eie plan. Omdat sy nie self vir Abraham 'n kind in die wêreld kon bring nie, gee sy haar Egiptiese slavin met die naam Hagar aan Abraham: "Gaan slaap by my slavin" (Genesis 16:2). Genesis 16:2 gee Abraham se dispuutlose instemming weer: "En Abraham het saamgestem met sy vrou."

Abraham se instemming met Sara se voorstel bring later volgens Wenham (1994:6) hartseer, konflik en verwerping. Toe Isak vir Sara gebore is beveel sy op 'n dag vir Abraham om vir Hagar en haar seun Ismael weg te jaag: "Jaag hierdie slavin en haar seun weg. Die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erf nie"

(Genesis 21:9-10). Abraham het hulle met groot hartseer weggestuur (Genesis 21:14). Abraham se instemming hiermee skets volgens Wiersbe (2010:122) 'n duidelike prentjie van sy passiwiteit. Abraham het sy seun Ismael wat Hagar vir hom in die wêreld gebring het baie lief gehad. Maar Abraham het nie die moed gehad om sy vrou teen te staan nie. Abraham moes baie emosionele trauma ervaar om twee geliefdes uit te ban, bloot omdat hy nie teen sy vrou kon opstaan nie (Genesis 21:11).

Dit is volgens Lestari *et al* (2013:5) belangrik vir Flegmatiese persone om te leer dat dit nie altyd die enigste uitweg is om kompromieë te tref nie. Om vrede te maak is 'n Geesvervulde gawe, maar wanneer Flegmatiese persone hul Christelike waardes in die proses misken kan dit later tot komplikasies aanleiding gee. Flegmatiese persone is daartoe geneig om ander toe te laat om hulle lewens te beheer bloot om konfrontasie te vermy. Volgens Casali (2008:32) is dit gewoonlik vir hierdie persone moeilik om diepgaande verhoudings te ontwikkel. Die gevolg is dat Flegmatiese persone 'n weersin teen dominerende persone mag ontwikkel. Flegmatiese persone moet altyd hulle Christelike beginsels gebruik om besluite te neem, en hulle streng daarvolgens inrig. Dit is uiters belangrik om te besef dat wedersydse respek verlore gaan wanneer een 'n ander domineer. Abraham dien as is 'n goeie voorbeeld van hoe die Heilige Gees Flegmatiese persone kan transformeer. 1 Petrus 3:1-6 getuig daarvan dat Abraham deur middel van die werking van die Heilige Gees as hoof van sy gesin opgetree het en dat Sara hom gevolglik as geestelike hoof van hulle huisgesin erken het.

4.7.1.5 Die Flegmatiese Abraham is vreesbevange

Beide Melancholiese en Flegmatiese persone is taamlik geneig om vreesbevange te word (sien 3.6.4.2). Beide Moses en Abraham vertoon vrees by verskeie geleenthede. Hierdie persone kan alleenlik hulle vrees oorkom deur op die soewereine krag van God te vertrou. Moses en Abraham is volgens Brett (2000:50) beide voorbeelde van hoe God vreesbevange individue kan transformeer wanneer die Heilige Gees beheer van hulle lewens neem. Tydens twee geleenthede word Abraham absoluut deur vrees gedryf. Genesis 12:10-20 getuig van Abraham se vrees. Omdat daar hongersnood was vlug Abraham teen God se wil Egipte toe. Voordat Abraham met sy vrou Sara Egipte binnegaan maak hy uit vrees die volgende plan: "Ek weet jy is 'n mooi vrou. [12]Wanneer die Egiptenaars jou sien, sal hulle sê: 'Dis sy vrou' en hulle sal my doodmaak, maar vir jou sal hulle laat bly lewe. [13]Sê tog maar jy is my suster dat dit met my goed kan gaan oor jou, en my lewe deur

jou toedoen gespaar word" (Genesis 12:11-13). Uit vrees dat die Egiptenaars hom sal doodmaak kies hy om sy lewe om 'n leuen te bou. Hierdie besluit speel later op 'n skandaal af. Inderdaad het die Egiptenaar Sara se skoonheid waargeneem en haar na die farao toe geneem. Maar omdat die farao gedink het dat Abraham haar broer is en nie haar man nie, was hy Abraham ter wille van Sara goedgunstig: "[16]Hulle het aan Abram goed gedoen oor haar en vir hom kleinvee en beeste gegee; ook donkies, slawe en slavinne, donkiemerries en kamele" (Genesis 12:16).

Maar in die oë van die Here was hierdie daad egbreuk en die farao se huis is met swaar plae getref (Genesis 12:17). Toe word die farao bewus van die waarheid. Abraham se vreesgedrewe leuen bring skande oor die huis van die farao en ook oor hom en Sara. Die farao se reaksie in Genesis 12:18-19 het die waarheid ontbloot: "[18]Toe roep die farao vir Abram en vra hom: "Wat het jy my aangedoen? Waarom het jy my nie gesê sy is jou vrou nie? [19]Waarom het jy gesê sy is jou suster, sodat ek haar as my vrou gevat het? Hier is jou vrou dan. Vat haar en maak dat jy wegkom!" Abraham se irrasionele en vreesgedrewe optrede het volgens Hartley (2000:139) negatiewe gevolge: Eerstens word Abraham verban uit Egipte en tweedens lewer hy 'n swak getuienis van God. Hierdie stempel sou volgens Ross *et al* (2008:97) nooit op Abraham se lewe afgedruk gewees het as hy in die eerste plek op God vertrou het vir sy behoeftes en veiligheid nie.

'n Geruime tyd later kom Abraham weer vir Sara te na op 'n soortgelyke wyse. In Genesis 20:1-17 gee Abraham weer eens uit vrees voor dat Sara sy suster is en nie sy vrou nie. Hierdie keer om in die guns van koning Abimelek te kom. Soos met die gebeure in Genesis 12:10-20 met die farao het koning Abimelek Sara se skoonheid waargeneem en wou hy haar as sy vrou neem. Maar hierdie keer het God ingegryp om die herhaling van Abraham se skandelike egbreuk te verhoed. Een nag het God in 'n droom met Abimelek gepraat en hom gewaarsku dat Sara reeds getroud is en dat God hom om die lewe sal bring om te verhoed dat hy met haar trou (Genesis 20:3). God verhoed die herhaling van Abraham se fout juis sodat God sy beloftes aan Abraham, die belofte van 'n nageslag, kan vervul. Net soos in die farao se reaksie kan die gevolge van Abraham se vrees in Abimelek se reaksie waargeneem word: "Wat het jy ons aangedoen? Wat het ek aan jou gedoen wat verkeerd is dat jy hierdie groot ellende oor my en my koninkryk gebring het? Wat jy my aangedoen het, is onbehoorlik" (Genesis 20:9). Omdat Abraham deur vrees gedryf word is sy gedrag irrasioneel. Hierdie irrasionaliteit het Abraham teenoor Abimelek herken: "[11]Toe het Abraham gesê: "Ek het gedink hier is niemand wat vir God dien nie en die mense sal my doodmaak oor my vrou" (Genesis 20:11). Wat Abraham moes besef is dat sy

voorveronderstellings en kompromieë nie God se voorsienigheid en plan met hom kan verander nie.

Ongeloof was volgens Paul *et al* (2011:195) Abraham se grootste probleem. Maar soos hy in kennis van die genade van God gegroei het word hy getransformeer. Soos die gebeure in Genesis 20:1-18 verloop, bevry God Abraham van sy vrees deur Homself op 'n magtige wyse aan hom bekend te maak. Abraham se reaksie hierop was: "[17]Abraham het toe tot God gebid, en Hy het vir Abimelek gesond gemaak, ook sy vrou en sy slavinne, en toe kon hulle weer kinders hê. [18]Dit was nadat die Here elke vrou in die huis van Abimelek daarvan weerhou het om kinders te hê. Die Here het dit gedoen oor wat gebeur het met Sara die vrou van Abraham" (Genesis 20:17-18). Hoe meer Abraham van God geleer het, hoe meer het hy op God vertrou en hoe minder was hy deur vrees gedryf.

Abraham moes leer om God se belofte te glo: "Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees" (Genesis 15:1). Maar Abraham se reaksie op God se bemoedigende belofte weerspieël sy diepgaande vrees en vertwyfeling: "[2]Toe sê Abram: "Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf..." (Genesis 15:2). In plaas daarvan dat Abraham sy vertroue in God stel soek hy telkens menslike oplossings. Wanneer Abraham sy menslike vernuf gevolg het, het hy gestruikel. Maar wanneer hy sy vertroue in God gestel het, het hy wonderwerke beleef. Uiteindelik het God 'n biologiese wonder in Sara verrig sodat hulle ouers kon word. Tot en met Isak se geboorte was Abraham se geloof volgens LaHaye (1993:219) 'n groeiende ervaring, soms wankelrig maar het voortbly groei. Op die ou einde staan Abraham bekend as die "vader van die gelowiges", 'n voorbeeld vir gelowiges wat hulle geloof in God plaas. Dit beteken nie dat Abraham se geloof onwankelbarar was nie. God het Abraham as instrument gebruik ongeag sy mislukkings.

4.7.1.6 Die Flegmatiese Abraham se transformasie

Abraham se geloof word op 'n dramatiese wyse getoets in die gebeure waar hy deur God beveel word om sy geliefde seun Isak te offer. Genesis 22:1 gee weer dat God Abraham op die proef gestel het deur hom te beveel om vir Isak te offer: "Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek jou sal aanwys" (Genesis 22:2). In geloof en vertroue op God het Abraham sy geliefde seun gevat om hom op versoek van God te gaan offer. Toe Isak sy pa vra waar die lam is wat hulle gaan offer antwoord Abraham: "My seun, God sal sy eie offerlam voorsien" (Genesis

22:8). Toe hulle op die plek kom, het Abraham vir Isak op die altaar vasgebind. Net toe Abraham die mes vat om sy seun om die lewe te bring roep God na Abraham: “Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie” (Genesis 22:12). Net soos Abraham vertrou het, verskaf God in die plek van Isak ’n ram om te offer. In die gebeure word die hoop van Christus volgens Henry (2010:45) geskets wat as sondelose lam as offer in die plek van gelowiges die volmaakte offer sal word vir die sonde van die mensdom. Abraham, die vader van die gelowiges, word gevra om sy enigste seun te offer, maar God het in werklikheid sy Eniggebore Seun geoffer om sy verbond van verlossing te vervul.

Abraham se geloof het gegroei in vertroue in God se voorsienigheid. Abraham word getransformeer van ’n man met huiwering in Genesis 12 na ’n man wat in totaliteit op God vertrou het (Hebreërs 11:19). Waar het Abraham se geloof vandaan gekom? Ross *et al* (2008:141) skryf Abraham se versterkte geloof aan God toe. God het eksplisiet deur Abraham aan Isak ’n nageslag belowe. Om die rede het Abraham geweet dat God nie sy verbond sou breek nie. Volgens LaHaye (1993:221) vra geloof ten eerste nie na antwoorde nie, maar na koers. Abraham se transformasie het hom ’n voorbeeldige gelowige gemaak, nie omdat hy ’n Flegmatiese persoonlikheid gehad het nie, maar ten spyte van sy persoonlikheid deur die Heilige Gees getransformeer is.

4.7.2 Gevolgtrekking oor die Flegmatiese Abraham

Die proses van Abraham se transformasie illustreer die daaglikse worsteling van Flegmatiese persone. Flegmatiese predikante kan die oplossing vir hul vreesgedrewe optrede vind in onvoorwaardelike vertroue in God. Flegmatiese persone moet egter nie in die pastorale proses op enige wyse gedwing of forseer word nie, maar ruimte gegun word om in ’n gemaklike ruimte in geloof en vertroue te groei. Voor Flegmatiese persone geleenthede afwys, moet hulle leer om hulle besluite te evalueer in die lig van God se beloftes. Hulle moet leer om God te vertrou om hulle die vermoë te gee om die regte besluite te neem en ’n sukses te kan maak. Filippense 4:13 getuig daarvan dat God hulle die vermoë kan gee om take uit te voer. Omdat meeste Flegmatiese persone hulle vermoëns onderskat is dit belangrik dat hulle leer om werklik op God te vertrou in plaas daarvan om in vrees hulleself te na te kom. Met betrekking tot die Flegmatiese persoonlikheidstipe se geneigdheid tot lae motivering is selfbeheersing as vrug van die Gees vir Flegmatiese persone besonder belangrik (Galasiërs 5:22-23). Om die rede is ’n Geesvervulde lewe noodsaaklik om

hulle tot diens te motiveer. ’n Duidelike visie en doelstellings is Flegmatiese persone se hulpmiddel tot motivering. Abraham dien as voorbeeld hoe dat God Flegmatiese persone se huiwering en vrees deur die proses van vertroue en opregte geloof transformeer.

4.8. SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In beantwoording van die navorsingsvraag: “Watter Skrifperspektiewe kan geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidstipes die beste omskryf?” het dit uit hierdie eksegetiese studie duidelik geword dat God doodgewone sondaarmense tot sy diens roep. Mense wat selfs tot dade soos moord, egbreek en verraad in staat is, word deur God se Gees getransformeer om doelgerigte en bruikbare instrumente in sy hand te wees. Dit blyk duidelik dat God nie ’n spesifieke prototipe persoon roep nie. Maar, God roep elke persoon binne sy eie individualiteit en persoonlikheid om ’n deurslaggewende rol in sy koninkryk en verlossingsplan te speel. Met elk van die bestudeerde persone kom die “wie ek is” in die uitvoering van hulle roepings duidelik na vore. Nie vir een oomblik het God hulle in iemand verander wie hulle nie was nie. Hulle transformasie deur die Heilige Gees het hulle juis gevorm tot die goeie wat God vir hulle in gedagte gehad het.

Ook het dit uit hierdie eksegetiese studie duidelik geword dat bepaalde persoonlikheidseienskappe aanleiding gee tot bepaalde gedrag of emosionele reaksies. Tog gebruik God hierdie eienskappe van elke unieke individu om op ’n bepaalde wyse die evangelie te verkondig. Dit is egter ook duidelik dat God waarneembare verandering in mense te weeg bring. Elk van hierdie persone kon slegs sukses in hulle roeping behaal deur die leiding van die Heilige Gees. Hulle swakpunte moes in sterkpunte verander om God se besondere roeping en wil te kon uitvoer. Nie een van hierdie vier persone het op hulle eie krag of vermoëns hierdie Godgegewe opdragte uitgevoer nie. Alhoewel hulle dienaars van God was, het hulle steeds met hulle swakhede en sonde geworstel. Hulle dienaarskap het hulle nie in buitengewone mense verander nie, maar wel in verloste mense. Hulle krag het nie in hulleself gelê nie maar in hulle prediking en vertroue in God. Ook getuig hierdie persone dat hulle belangrikheid vir God ook nie onderskat moet word nie. Deur hierdie persone het God sy volk verlos en sy kerk gebou. Hulle dien as voorbeelde van die tipe mense wat God wil gebruik. Die boublokke van hulle sukses was egter geloof, vertroue en liefde vir God.

Hierdie eksegetiese studie is waardevol vir die voorbereiding van voornemende predikante. Persone met verskillende persoonlikheidstipes kan insig verkry hoe God

ander met dieselfde persoonlikheidstipe benut, gebruik en transformeer. Ongeag swakpunte en die worsteling met sonde word dit duidelik dat God juis gewonde mense in staat tel om buitengewone resultate te verkry. God slaan duidelik ag op die individualiteit van elke persoon wat Hy roep en rus daardie persoon ook sodanig toe om vanuit sy/haar individualiteit op 'n uniek wyse en op bepaalde plekke 'n impak te maak. Hierdie studie kan om die rede vir die voornemende predikant 'n basis van vergelyking word om tot die insig te kom van hoe God hom/haar kan en wil gebruik.

HOOFSTUK 5
’N PASTORALE TOERUSTINGMODEL MET BEHULP VAN PERSOONLIKHEIDSONTLEDING

5.1 INLEIDENDE OPMERKINGS

In hierdie hoofstuk gaan daar op Osmer (2008) se *pragmatiese of strategiese* taak gefokus word. Die pragmatiese taak het praktiese toerusting, hulp of leiding ten doel. Hierdie taak poog om die vraag “*hoe kan op die waargenome probleem reageer word*?” te beantwoord. In ’n poging om predikante in die GKSA met selfkennis te bemagtig gaan hierdie hoofstuk primêr fokus op die ontwikkeling van ’n pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding. Die doel met hierdie toerustingsmodel is om toekomstige diensverlating aktief teen te werk deur predikante in die GKSA sistematies met selfkennis te bemagtig. Met hierdie hoofstuk gaan daar dus ’n prakties uitvoerbare kortkursus in die vorm van ’n toerustingsmodel geformuleer word. Die persoonlikheidsmodel wat in hoofstuk 1, 3 en 4 van hierdie studie nagevors is sal in hierdie toerustingsmodel as primêre verwysingstuk geïntegreer word. Hierdie toerustingsmodel sal nie net die teoretiese aspekte van persoonlikheid behandel nie maar ook verskeie persoonlike en interaktiewe aktiwiteite insluit wat intra- en interpersoonlike bewustheid fasiliteer. Laastens sal stof verskaf word sodat predikante in die GKSA toegerus kan word met doelgerigte selfsorg wat uit die individuele predikant se unieke persoonlikheidstipe voortvloei.

5.2 DIE VERTREKPUNT EN OOGMERK VAN HOOFSTUK 5

In die proses om predikante in die GKSA met intra- en interpersoonlike vaardighede toe te rus, sal persoonlikheidsontleding ’n sentrale rol speel. Persoonlikheidsontleding en die bewustheid van bepaalde persoonlikheidseienskappe is die primêre fokus van hierdie toerustingsmodel. Self-bewustheid is ’n lewenslange proses, maar persoonlikheidsontleding is ’n hulpmiddel wat hierdie proses help fasiliteer. Die self-bewustheid en selfversorging van predikante kan moontlike diensverlating pro-aktief teenwerk. Hierdie kortkursus het nie net self-bewustheid en selfversorging nie, maar ook geestelike groei ten doel. Geestelike groei kan plaasvind deurdat hierdie kortkursus ook sal fokus op hoe die Here persone met uiteenlopende persoonlikheidstipes in die Bybel gebruik het.

Aandag sal dus geskenk word aan persoonlike toerusting en ontwikkeling van predikante in die GKSA. Die volgende aspekte sal spesiale aandag geniet: (1)

Ontdekking van die predikant se unieke persoonlikheidstipe, (2) Omskrywing van die predikant se unieke persoonlikheidstipe, (3) Die predikant se persoonlikheidstipe en sy/haar verhouding met die Here, (4) Die predikant se persoonlikheidstipe en sy/haar verhoudings met ander, (5) Die predikant se persoonlikheidstipe en hoe dit tot sy/haar voordeel kan strek, en (6) Die predikant se persoonlikheidstipe en selfsorg. Na die afloop van die kortkursus behoort predikante toerusting te besit wat hulle pro-aktief in die bediening kan benut.

5.3 'N PASTORALE TOERUSTINGMODEL MET PERSOONLIKHEIDSONTLEDING

5.3.1 Leerafdeling A: Inleiding en kursusinhoud

Welkom by hierdie kortkursus! Met hierdie kortkursus begin u 'n pad van selfontdekking en geestelike groei stap. Hierdie kursus is so ontwerp om u te begelei om 'n beter perspektief van uself, ander en interpersoonlike verhoudings te ontwikkel. Met behulp van persoonlikheidsontleding gaan hierdie kortkursus help lig werp op wie u as individu is, hoe u verkies om ander te benader, asook u persoonlike verhouding met ander en natuurlik die Here. Laastens gaan u ook toegerus word om na uself op 'n persoonlike vlak in die bediening om te sien.

Dit is 'n kursus vol ontdekkings, aktiwiteite en belangrikste van alles - persoonlike groei.

Geniet die reis!

5.3.1.1 Kursus doelstellings

Hierdie kortkursus het een oorkoepelende doelstelling: om u as predikant in die GKSA op 'n persoonlike vlak toe te rus. Ons kan dit 'n essensieel persoongefokusde toerusting vir die bediening noem. Hierdie kortkursus sal u deur middel van persoonlikheidsontleding met selfkennis toerus en bemagtig om sodoende diensverlating pro-aktief in die toekoms teen te werk. In die bediening is dit essensieel om u eie asook ander se gedrag en voorkeure deeglik te verreken. Hierdie kennis, van uself en ander, sal u in staat stel om konflik beter te bestuur en om te weet hoe die Here verskillende mense met uiteenlopende persoonlikhede in die bediening wil en kan gebruik.

5.3.1.2 Kursus inhoud

Hierdie kursus is so ontwerp om u te begelei met indiepte introspeksie. U gaan begelei word om te ontdek hoe u normaalweg optree, wat u natuurlike sterk en swakpunte is, hoe ander u sien, en hoe die Here u as individu wil gebruik. Dit is

moontlik dat u na uself vanuit ’n nuwe perspektief kan kyk. Deur die loop van hierdie kortkursus gaan daar op die volgende aspekte fokus word:

Leerafdeling A: Inleiding en kursusinhoud
Leerafdeling B: Die hoe, wat en waarom van persoonlikheid.
Leerafdeling C: My persoonlikheid en die vraag “wie ek is?”
Leerafdeling D: Omskrywing van my persoonlikheid.
Leerafdeling E: My persoonlikheid en my verhouding met die Here.
Leerafdeling F: My persoonlikheid en my verhoudings met ander.
Leerafdeling G: My persoonlikheid en hoe dit vir my kan werk.
Leerafdeling H: My persoonlikheid en selfsorg.

Nadat u die bogenoemde aspekte goed deurgetrap het behoort u in staat wees om met meer objektiwiteit en met beter begrip na uself in die bediening om te sien.

5.3.1.3 Studie Ikone

Die onderstande ikone dui verskeie aktiwiteite deur die loop van die kursus aan:

	Maak notas
	Bestudeer
	Praktiese oefening

5.3.1.4 Die proses wat die kursus volg

Hierdie kursus is ’n geleentheid om dinge van uself te ontdek wat u moontlik onbewus van is, dinge wat u moontlik van ander weerhou, en dinge wat u moontlik van bewus is maar wat u miskien nie benut nie.

5.3.1.5 Die Johari huis

Die Johari huis is ’n tegniek wat in 1955 deur twee Amerikaanse Sielkundiges - Joseph Luft (1916-2014) en Harrington Ingham (1914-1995) - ontwikkel is. Hulle het dit ontwikkel om persone te help om hulself en hulle verhoudings met ander beter te verstaan.



Die Johari huis het vier vertrekke. Vertrek 1 is ’n oop of publieke area. Dit is die deel van onsself wat ons ken en vir ander wys. Venster 2 is ’n blinde area. Dit is aspekte van onsself wat ander sien maar waarvan ons onbewus is. Vertrek 3 is ’n onbekende area. Dit is die mees misterieuse vertrek omdat dit die deel verteenwoordig waarvan nie ons of ander van bewus is nie. Vertrek 4 is ’n versteekte area. Dit is ’n private spasie, wat ons van bewus is maar van ander weerhou.

Deur die loop van die kursus gaan u die dinge wat u van uself ontdek in die verskillende vertrekke in die Johari huis invul:

Die oop area: In die eerste kwadrant, gaan u eienskappe van uself inskryf waarvan u reeds bewus is. Dit is met ander woorde nie iets nuuts wat u van uself geleer het nie.

Die blinde area: In hierdie area gaan u eienskappe inskryf waarvan u nie bewus was nie, maar wat ander moontlik van bewus was.

Die onbekende area: Hierdie area verteenwoordig eienskappe en gedrag waarvan nie uself of enige iemand anders bewus van was nie. Skryf die eienskappe waarvan u nie bewus was nie in hierdie area in. Hierdie area verteenwoordig ons potensiaal, veral potensiaal wat ons nie van bewus was nie. Ons potensiaal kom veral na vore in nuwe omstandighede wat nuwe vaardighede van ons vereis.

Die versteekte area: In hierdie area skryf u die eienskappe neer wat u van bewus was, maar van ander versteek.

5.3.2 Leerafdeling B:Die hoe, wat en waarom van persoonlikheid.

5.3.2.1 Wat is persoonlikheid?

Hierdie vraag klink makliker as wat die antwoord noodwendig is. Wanneer ons hierdie vraag aan 'n groep mense vra sal almal in die groep heelmoontlik verskillende antwoorde hê. Tog het ons almal tot 'n mate 'n idee wat persoonlikheid is en wat dit behels. Meeste van ons gebruik in ons alledaagse lewe woorde om ons eie of ander mense se persoonlikheid te beskryf.

	Skryf kortliks 'n paar dinge neer wat in u gedagtes opkom wanneer u aan die woord "persoonlikheid" dink. Bespreek dan kortliks u gedagtes in die groep en probeer 'n enkele definisie van persoonlikheid formuleer.
My gedagtes oor die woord persoonlikheid	
Die groep se definisie van persoonlikheid	

	Om 'n deeglike begrip te verkry van wat met persoonlikheid bedoel word kan u 'n paar minute deur 3.3 van die handleiding te lees. Maak 'n paar kernnotas oor wat persoonlikheid is. Kyk veral na dit wat die groep vroeër gemis het.

5.3.2.2 Waarom is kennis van my persoonlikheidstipe belangrik?

Soos u tot dusver ontdek het, het persoonlikheid 'n ingrypende invloed op wat ons doen, dink en sê. Persoonlikheid beïnvloed byvoorbeeld hoe ons besluite neem, hoe ons verhoudings gevorm is, hoe ons konflik hanteer en selfs hoe vatbaar ons vir die belewing van depressie en stres is.

Die antwoord op die vraag waarom kennis van my persoonlikheidstipe belangrik is, is dat dit ons lei tot self-bewustheid. Ons sou dit ook kon beskryf as selfkennis. Wanneer ons bewus word van ons eie denke en ons eie wyse van doen verhoog ons intra- en interpersoonlike sensitiwiteit. Self-bewustheid verhoog ons vermoë om onsself en ons verhoudings of interaksie met ander te verstaan. Met 'n deeglike self-bewustheid sal u beter verstaan wat u motiveer, hoe u verkies om u werk te benader, hoe u verkies om probleme op te los, en hoekom u sekere dinge bo ander verkies. Goleman (1996:39) definieer self-bewustheid soos volg:

"Die vermoë om inwaarts te fokus. Dit is om 'n akkurate model van jouself te vorm en dit so te gebruik om suksesvol in die lewe te funksioneer."

	Self-bewustheid bestaan uit verskeie onderdele. Lees die onderstaande onderdele van self-bewustheid aandagtig deur. Maak seker dat u die kerngedagtes goed verstaan.

Self-bewustheid sluit die vermoë in....

1. **Om jou emosies te ken:** Om ons gevoelens en emosies te erken soos ons dit ervaar is die kernsaak van self-bewustheid. Om ons eie emosies en gevoelens van een oomblik tot die volgende te monitor is 'n belangrike stap in die proses tot selfkennis. Die onvermoë om ons ware emosies te verstaan maak ons die prooi van ons emosies soos woede, vrees en angs. Persone met groter sekerheid oor hulle emosies en gevoelens is beter navigators van hulle lewens.

2. **Om jou emosies te bestuur:** Om ons emosies op ’n toepaslike wyse te toon en te beheer is ’n vermoë wat op self-bewustheid voortbou. Die vermoë om ons emosies onder beheer te bring, oormatige angs in toom te hou of geïrriteerdheid te monitor is noodsaaklike emosionele vaardighede. Persone wat hierdie vaardigheid bemeester hanteer probleme en konflik beter en kom vinniger oor die terugslae in hulle lewens.
3. **Om jouself te motiveer:** Om te verstaan wat ons motiveer sal ons help om ons aandag doeltreffend te fokus en ons kreatiwiteit te benut. Selfbeheersing onderlê persoonlike sukses op alle gebiede. Persone wat weet wat hulle motiveer is geneig om meer produktief en effektief te wees in wat hulle onderneem.
4. **Om ander se reaksies teenoor jou te begryp:** Empatie is nog ’n vaardigheid wat op selfbewustheid bou. Empatie staan bekend as die “fundamentele menswaardigheid.” Persone met hoë empatie is meer ingestel op die subtiele sosiale behoeftes van ander. Om mense se gedrag teenoor ons te verstaan en te antisipeer help om konflik te bestuur en verhoudings te bou.
5. **Om jou verhoudings goed te hanteer:** Die kuns van enige verhouding, steun grootliks op die vermoë om emosies van ander te bestuur. Hierdie is ’n vaardigheid wat leiers van mekaar onderskei. Ons kan dit ook interpersoonlike effektiwiteit noem. Persone wat hierdie vaardigheid bemeester, het suksesvol interaksie met ander.

Mense verskil natuurlik van mekaar en nie elkeen is ewe vaardig met hierdie onderdele van self-bewustheid nie. Sommige van ons is goed daarmee om ons eie angs te beheer, maar nie noodwendig so vaardig om ander se emosies te laat bedaar nie. Die doel met persoonlikheidsontleding in hierdie kortkursus is om u sensitiwiteit vir inter- en intrapersoonlike verhoudings te verhoog.

5.3.2.3 Hoe beïnvloed my persoonlikheid my lewe?

Ons persoonlikheidstipes beïnvloed ons lewens op absoluut alle gebiede. Ons persoonlikheidstipe beïnvloed byvoorbeeld die omgewing wat ons verkies, die persone waarmee ons assosieer, die wyse waarop ons besluite neem, hoe ons mense benader, hoe ons probleme oplos, hoe ons teenoor ander optree of hoe ons op ander se gedrag reageer, ons bedieningstyl en selfs wat ons sê en hoe ons dit sê. Indien ons die invloed van ons persoonlikheidstipe goed begryp sal dit ons help om ons lewens en bediening meer doeltreffend te bestuur. Malan Nel skryf in sy boek - “Ek is die verskil” - dat persoonlikheid alles wat ons as predikante doen en sê

deurgrond. Selfs ons prediking, ons styl en wyse, word bepaal deur ons persoonlikheid. Hy beskryf die belangrikheid van die “ek” of “persoon” van die predikant: “Enige prediker weet dat daar meer as ’n preek op die kansel is. Niemand is meer sigbaar as die “ek” wat daar “is” nie. Nog voor daar ’n preekteks aangekondig is, is ’n mens reeds deel van die ontmoetingsgebeure wat ons “erediens” en “preek” noem (Nel, 2001:14). Om die rede is dit belangrik om te besef dat God deur ons as unieke individue, deur die Bybelteks, aan die woord kom.

	Lees punte 3.5.3 asook 3.5.7 wat onderskeidelik oor “patrone van reaksie” sowel as “pasgraad” handel. Hierdie afdelings beskryf die geweldige invloed wat ons persoonlikheid op ons lewens uitoefen. Maak enkele notas oor elk hier onder.

Persoonlikheid en patrone van reaksie

Persoonlikheid en pasgraad

5.3.3 Leerafdeling C: My persoonlikheid en die vraag “wie ek is?”

In hierdie afdeling gaan u – deur ’n vraelys te voltooi - ontdek wat u persoonlikheidstipe is. Nadat u die vraelys voltooi het gaan u ’n werkbare idee kry van u normale gedrag, of anders gestel, hoe u normaalweg geneig is om op te tree of dinge te doen. Dit is belangrik om te onthou dat hierdie persoonlikheidsvraelys

normale menslike gedrag wil ondersoek. Dink aan uself hoe u meestal optree of hoe u normaalweg van dag tot dag optree.

5.3.3.1 Ontdek u persoonlikheidstipe

Hierdie is ’n aantal vrae om te bepaal hoe u DINK, VOEL en OPTREE. Langs elke vraag is daar ruimte vir ’n JA, NEE, of ? respons (wat beteken: “ek weet nie” of “onseker”). Besluit hoe u NORMAALWEG sou reageer wanneer u alleen of in die teenwoordigheid van u huweliksmaat en / of lede van u gesin is. Merk dan u antwoord dienooreenkomstig.

Moenie te veel tyd aan ’n vraag bestee nie. U *eerste reaksie* is gewoonlik korrek. Probeer om soveel as moontlik “JA” of “NEE” te antwoord. Kies slegs “onseker” wanneer u regtig nie seker is nie of wanneer die korrekte antwoord beslis êrens tussen “JA” en “NEE” lê.

L.W. Maak seker dat u *elke vraag* beantwoord en onthou dat daar geen korrekte of verkeerde antwoorde is nie. Hierdie is nie ’n toets van u vermoëns nie – dit is slegs ’n aanduiding van hoe u DINK, VOEL en sal OPTREE binne bepaalde omstandighede.

Maak ’n (X) om u keuse aan te toon. Indien u ’n respons wil verander maak seker dat u die verkeerde respons duidelik kanselleer.

1. Eet jy normaalweg vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie?	Ja	?	Nee
2. Glo jy mense gewoonlik wanneer hulle jou komplimenteer?	Ja	?	Nee
3. Sal jy oor die algemeen verkies om by die huis te bly en jou met jou eie dinge besig te hou eerder as om by vriende te gaan kuier?	Ja	?	Nee
4. Voel jy soms dat jy nie omgee wat met jou gebeur nie?	Ja	?	Nee
5. Arriveer jy dikwels op die laaste nippertjie wanneer jy ’n afspraak het?	Ja	?	Nee
6. Het jy oor die algemeen ’n maklike geaardheid en raak jy nie maklik ontsteld/kwaad nie?	Ja	?	Nee
7. Dink jy gewoonlik sorgvuldig oor ’n saak voordat jy ’n besluit neem?	Ja	?	Nee
8. Vererg jy jouself vinnig wanneer ’n ding nie op sy regte plek is nie?	Ja	?	Nee
9. Beduie jy dikwels met jou hande terwyl jy praat?	Ja	?	Nee
10. Vind jy dit gewoonlik betreklik maklik om jou emosies onder beheer te hou?	Ja	?	Nee
11. Wantrou jy dikwels ander mense se motiewe?	Ja	?	Nee
12. Voel jy dikwels dat mense geneig is om die dinge wat jy sê en doen af te keur?	Ja	?	Nee
13. Raak jy gewoonlik maklik gefrustreerd wanneer jy jouself in ’n verkeersknoop bevind?	Ja	?	Nee
14. Is jy oor die algemeen tevrede met jou fisiese voorkoms?	Ja	?	Nee
15. Vind jy dit normaalweg moeilik by ’n sosiale funksie om jouself aanvreemdelinge voor te stel en te gesels?	Ja	?	Nee
16. Voel jy dikwels rusteloos – asof iets jou jaag, maar jy is nie seker wat nie?	Ja	?	Nee

17. Is mense wat oormatig stadig bestuur *gewoonlik* vir jou 'n bron van irritasie?	Ja	?	Nee
18. Kom jy normaalweg self tot 'n besluit, ongeag van wat mense daarvan mag dink?	Ja	?	Nee
19. Kan jy oor die algemeen geduldig spaar vir 'n duur artikel wat jy wil koop?	Ja	?	Nee
20. Het jy 'n paar slegte gewoontes wat jy soms voel jy lankal van ontslae moesgeraak het?	Ja	?	Nee
21. Weet ander mense gewoonlik wat in jou gedagtes en gemoedaangaan?	Ja	?	Nee
22. Sou jy sê dat jy oor die algemeen tevrede is met wat jy tot dusver in jou lewe bereik het?	Ja	?	Nee
23. Beplan jy die meeste van jou aktiwiteite lank vooruit?	Ja	?	Nee
24. Bekommer jy jou dikwels oor finansiële sake?	Ja	?	Nee
25. Toon jy gewoonlik jou ongeduld wanneer iemand laat opdaag vir 'n afspraak?	Ja	?	Nee
26. Probeer jy normaalweg iemand vind om jou op te beur wanneer jy terneergedruk voel?	Ja	?	Nee
27. Verkies jy oor die algemeen om 'n dokumentêre stuk op die televisie te kyk eerder as 'n blyspel?	Ja	?	Nee
28. Word jy dikwels deur 'n skuldige gewete gehinder?	Ja	?	Nee
29. Vind jy dikwels dat jy geneig is om 'n besige straat oor te steek terwyl ander mense nog aan die anderkant staan en wag?	Ja	?	Nee
30. Kan jy normaalweg 'n sosiale blaps wat jy gemaak het, maklik vergeet?	Ja	?	Nee
31. Hou jy meestal jou mening vir jouself indien jy dink dit sou iemand teenwoordig ontstel?	Ja	?	Nee
32. Wanneer jy 'n skildery skeef sien hang, vind jy dit gewoonlik moeilik omte konsentreer alvorens jy dit reggeskuif het?	Ja	?	Nee
33. Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelens te ontleed?	Ja	?	Nee
34. Het jy normaalweg spesifieke doelwitte en 'n besliste sin van rigting vir jou lewe?	Ja	?	Nee
35. Indien iemand in 'n sosiale groep 'n mening uitspreek en jy beslis daarmee verskil, sou jy *normaalweg* stilbly eerder as om te sê dat jy nie saamstem nie?	Ja	?	Nee
36. Voel jy *dikwels* dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy kan trots wees nie?	Ja	?	Nee
37. Is jy gewoonlik baie spraaksaam wanneer jy saam met bekende personeverkeer?	Ja	?	Nee
38. Voel jy *meestal* dat jou lewe nuttig is en 'n bydrae tot die gemeenskap maak?	Ja	?	Nee
39. Lees jy gewoonlik die waarborg alvorens jy 'n elektriese toestel koop?	Ja	?	Nee
40. Verkies jy *meestal* om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat niemand anders dalk nie die taak so goed soos jy kan doen nie?	Ja	?	Nee
41. Doen en sê jy dinge dikwels op die ingewing van die oomblik?	Ja	?	Nee
42. Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, kan jy *normaalweg* gou daarvan vergeet en op die toekoms konsentreer?	Ja	?	Nee
43. Is jy oor die *algemeen* kalm en tydsaam in jou optrede?	Ja	?	Nee
44. Bly jy *soms* stil uit vrees dat mense vir jou sal lag of jou sal kritiseer vir jou standpunte?	Ja	?	Nee
45. Vertel jy *dikwels* grappe en snaakse stories aan vriende?	Ja	?	Nee
46. Lyk jou toekoms vir jou oor die algemeen belowend en rooskleurig?	Ja	?	Nee
47. Dink jy dikwels oor jou verlede en die koers wat jy tans inslaan?	Ja	?	Nee
48. Nadat jy 'n belangrike taak uitgevoer het, voel jy *dikwels* dat jy dit beter kon gedoen het?	Ja	?	Nee

5.3.3.2 Berekening van u persoonlikheidstipe

Volg die instruksies hieronder uiteengesit nougeset om die resultate van u persoonlikheidsvraelys te bereken. Maak seker dat u die regte punte by die regte vraagnommer toeken en korrek bereken.

E-A: Gee 2 punte vir 'n *ja* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

1, 5, 9, 13, 17, 21, 25, 29, 33, 37, 41, 45 ☐

F-B: Gee 2 punte vir 'n *nee* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

3, 7, 11, 15, 19, 23, 27, 31, 35, 39, 43, 47 ☐

1.Tel die E-A en F-B tellings bymekaar vir die introvert – ekstrovert-telling horisontale as. ☐

O-A: Gee 2 punte vir 'n *ja* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

2, 6, 10, 14, 18, 22, 26, 30, 34, 38, 42, 46 ☐

O-B: Gee 2 punte vir 'n *nee* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

4, 8, 12, 16, 20, 24, 28, 32 ,36 ,40 ,44 , 48 ☐

2. Tel die O-A en O-B tellings bymekaar vir die emosioneel – onemosionele-telling vertikale as. ☐



My primêre persoonlikheidstipe:_____

Volg nou die volgende stappe om ’n persoonlikheidstipe aan te toon:

1. Nadat u die Introvert-Ekstrovert en Emosioneel-Onemosioneel tellings bereken het teken die totale vir beide op onderstaande die diagram aan.
2. Vind u Introvert-Ekstrovert telling op die horisontale as van die diagram en merk dit.
3. Vind ook u Emosioneel-Onemosioneel telling op die vertikale as van die diagram en merk dit.
4. Verbind u telling op die Introvert-Ekstrovert skaal met u telling op die Emosioneel-Onemosioneel skaal.
5. Kleur die binnekant van die verbinding tussen u twee tellings in. Die hoek wat u ingekleur het verteenwoordig u persoonlikheidstipe.
6. Dui u geïdentifiseerde persoonlikheidstipe onder die diagram aan. Onthou, u persoonlikheidstipe kan Flegmaties, Choleries, Melancholies of Sanguinies wees.

5.3.3.3 Persoonlike eienskappe kieslys

Hierdie afdeling word gebruik om u persoonlikheidstipe wat deur die vraelys hierbo bepaal is te bevestig. Hierdie vraelys word ook gebruik om u sekondêre persoonlikheidstipe te bepaal.

Lees eers die beskrywing hier onder: Elke afdeling beskryf kortliks die vier verskillende persoonlikheidstipes. Oorweeg hoe goed hierdie beskrywing by u pas. Dit mag soms moeilik wees om een te kies maar kies die een wat u oor die algemeen die beste beskryf. Maak ’n nota van die afdeling waarop u besluit het. Gaan dan na die opeenvolgende lys van eienskappe. Volg die instruksies en voeg ’n waarde daaraan toe.

Afdeling A	Afdeling B
Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van 'n Ekstroverte en Emosionele Persoonlikheidstipe. Persoonlikheidsbeskrywing: Persone met hierdie persoonlikheidstipe is gewoonlik warm, lewendig en plesiersoekende persone. Hulle is van nature ontvanklik en oop. Om 'n indruk op ander te maak is vir hulle belangrik. Hulle neem ook ander se reaksies ter harte. Besluitneming geskied op grond van hulle emosies en nie so seer op logiese beredenering nie. Hulle het 'n buitengewone vermoë om hulself te geniet. Hierdie persone het normaalweg baie vriende. Die spontaniteit waaraan hierdie persone gekenmerk word maak dit vir ander moontlik om hulle harte vir hulle oop te maak. Dit is moontlik vir hierdie persone om ander se blydskap en hartseer te ervaar asook om ander belangrik te laat voel. Hulle hou nie daarvan om afgesonder of alleen te wees nie. Hulle is op hulle gelukkigste wanneer hulle omring word deur mense en goeie vriende. Hulle geniet dit veral as hulle die middelpunt van aandag is. Hulle het altyd stories of iets interessants en dramaties om te vertel. Hierdie persone is aan die een kant nooit sonder woorde nie maar aan die ander kant praat hulle soms sonder om hulle woorde mooi te deurdink. Hierdie persone vind dit ook belangrik om met ander mense oor die weg te kom. Om die rede is hulle hoogs aanpasbaar by hulle omstandighede en by ander. Hierdie persone mag - sonder om moedswillig te wees - reëlings, afsprake en verpligtinge vergeet.	Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van 'n Ekstroverte en Onemosionele Persoonlikheidstipe. Persoonlikheidsbeskrywing: Hierdie persone word deur vurige, vinnige, aktiewe, praktiese eienskappe en sterk wilskrag gekenmerk. Hulle is gewoonlik selfgenoegsaam en selfstandig. Hulle neem maklik standpunt in, gee vrylik kritiek, neem maklik besluite en gee maklik hulle persoonlike mening. Hulle floreer in aktiwiteite wat hulle voortdurend besig hou en uitdaag. Dit is nie nodig dat hierdie persone deur hulle eksterne omgewing geïnspireer word nie, hulle stimuleer die omgewing deur hulle idees, planne en ambisies. Hulle is prakties aangelê en is in staat om doelgerig langtermyn besluite te neem en planne te maak. Hulle gee ook nie sommer in onder druk nie. Hulle is nie bekommerd oor wat ander van hulle dink nie. Hulle word ook nie afgeskrik deur teëspoed nie. By hierdie persone word daar 'n hardnekkige gemotiveerdheid gevind. Hulle simpatiseer nie maklik met ander nie, en toon van nature nie maklik medelye of empatie nie. Hulle voel ook ongemaklik wanneer ander huil. Hulle heg min waardering aan kuns en vind eerder hulle primêre belangstellings in bruikbare lewensvaardighede. Hulle verwag normaalweg nie dat hulle pogings sal misluk nie. Hulle is ook geneig om dominerend en baasspelerig te wees. Baie mense mag hulle as opportuniste beskou.
Afdeling C	Afdeling D
Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van 'n Introverte en Emosionele Persoonlikheidstipe. Persoonlikheidsbeskrywing: Hierdie persone is analities, selfopofferend, begaaf, perfeksionisties en het 'n sensitiewe en emosionele geaardheid. Hulle is introverte en koester gewoonlik 'n ideale lewe. Hulle ervaar soms emosionele skommeling Soms sal hulle gemoedstoestande hulle tot in die wolke lig, maar op ander tye is hulle weer neerslagtig en depressief. Gedurende hierdie tye is hulle teruggetrokke en soms vyandig. Hulle maak baie betroubare vriende, maar maak nie noodwendig maklik vriende nie. Hulle sal hulself nie opdring aan ander nie maar sal ander wel toelaat om na hulle toe te kom. Hulle hoë persoonlike standaarde laat hulle nie toe om ander teleur te stel nie. Hulle het 'n sterk begeerte om van ander liefde te onvang. Wanneer hierdie persone deur ander teleurgestel word is hulle geneig om agterdogtig te wees en vind hulle dit moeilik om ander se opregtheid te waardeer. Hierdie persone vind veral diep lewensbetekenis in persoonlike opoffering. Hulle lewer oor die algemeen baie deeglike werk en sal altyd daarna streef om hulle gestelde doelwitte te bereik.	Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van 'n Introverte en Onemosionele Persoonlikheidstipe. Persoonlikheidsbeskrywing: Hierdie persone is kalm, rustig en gemaklik. Hulle is persone wat op hulle gemaklikste is wanneer hulle nie soveel by ander betrokke is nie. Hierdie kalm en rustige eienskap gee hulle die vermoë om in verskeie omstandighede kalm en rustig op te tree. Hulle word nie maklik kwaad of geïrriteerd nie. Hulle gemoedstoestand bly taamlik stabiel. Hierdie persone is normaalweg goedhartig, sensitief, respekvol, simpatiek, betroubaar en akkommoderend. Hulle wys egter ook nie maklik hulle ware gevoelens vir ander nie. Hierdie persone het 'n unieke vermoë om iets humoristies in ander se doen en late raak te sien. Tog is hulle geneig om toeskouers van die lewe te wees. Hulle vind dit ook moeilik om uit hulle daaglikse roetine te beweeg. Hulle neem nie sommer leiding op hulle eie nie, maar wanneer hulle leierskap opgelê word, maak hulle tog goeie leiers. Hierdie persone het 'n kalmerende effek op ander en kan daarom as natuurlike vredemakers beskou word. As gevolg van hierdie eienskap het hulle 'n natuurlike vermoë om gespanne situasies te ontlont. Hulle is van nature barmhartig. Hulle word soms ook as humaniste beskryf. Hulle sal hulself maklik tekort doen terwille van ander.

Die afdeling wat my die beste beskryf_____

INSTRUKSIES: Daar is 4 afdelings in die tabel hieronder. In elke afdeling sal u ’n reeks beskrywende woorde of frases vind. U taak is om elke woord of frase na te gaan en ’n getalwaarde aan elkeen toe te ken. Die getalwaarde wat u aan elke woord toeken is om aan te toon hoe goed die woord of frase die “WARE JY” beskryf.

ONTHOU: Dit is baie belangrik dat u eerlik en objektief na uself kyk. Moet nie ’n getalwaarde toeken soos u graag deur ander gesien wil word nie, maar ken die waardes toe soos u werklik is. Dink hoe u gewoonlik optree of geneig is om op te tree. Sommige woorde in die lys is aangenaam en ander is weer minder aangenaam. Alle mense het beide aangename en onaangename eienskappe! Moet nie die waardes toeken soos u graag wil of nie wil wees nie. Wees 100% eerlik met jouself en met wie u werklik is.

ANTWOORD KRITERIA: Merk die mate hoe elke woord u persoonlik beskryf			
1 =	“Dit is definitief NIE ek nie!”	2 =	“Dit is gewoonlik NIE ek nie!”
3 =	“Dit IS gewoonlik ek!”	4 =	“Dit IS definitief ek!”

AFDELING A	AFDELING B	AFDELING C	AFDELING D
__emosioneel	__optimisties	__liggeraak	__stil
__egosentries	__vasbeslote	__krities	__selfsugtig
__onderbreek ander	__baasspelerig	__onseker	__onentoesiasties
__goedhartig	__doelgerig	__sensitief	__negatief
__impulsief	__beslissend	__besluitloos	__gewoontevas
__gedisorganiseerd	__op die man af/direk	__hoë standaarde	__huiwerig
__onprakties	__vol selfvertroue	__selfgesentreerd	__skaam
__snaaks	__sarkasties	__pessimisties	__suinig
__vergeetagtig	__’n werkslaaf	__selfbejammerend	__doelloos
__word maklik ontmoedig	__selfstandig	__neem maklik aanstoot	__vredeliewend
__kommervry	__prakties	__idealisties	__eiesinnig
__word maklik kwaad	__eiesinnig	__alleenloper	__vreesagtig
__ongedissiplineerd	__aktivis	__selfopofferend	__toeskouer van die lewe
__uitgaande	__uitgaande	__introvert	__werk goed onder druk
__aangenaam	__dominerend	__getroue vriend	__besluitloos
__geesdriftig/entoesiasties	__avontuurlustig	__analities	__aanpasbaar
__swak wilskrag	__aggressief	__bedagsaam	__traag
__spontaan	__kompeterend	__vermy die kalklig	__onderdanig aan ander
__spraaksaam	__leierskap	__agterdogtig	__gemaklik
__genotvol/vrolik	__neem maklik ’n risiko	__respekvol/eerbiedig	__gereserveerd
__vriendelik	__volhardend	__na binne gefokus	__kalm/rustig
__populêr	__dapper	__maak planne	__tevrede
__energiek	__sterk wilskrag	__perfeksionisties	__effektief
__rusteloos	__oortuig ander maklik	__beplan vooruit	__verdraagsaam
__konsentreer moeilik	__humeurig	__wraaksugtig	__betroubaar
__hou van speel	__vindingryk	__netjies	__luisteraar
__hou moeilik by doelwitte	__onsensitief	__kreatief	__skerpsinnig
__lewe in die teenwoordige	__uitgesproke	__noukeurig	__aangenaam
__kom laat vir afsprake	__onsimpatiek	__buierig	__tergend
__praat oor eie gevoelens	__produktief	__begaafd	__konsekwent

5.3.3.4 Persoonlike eienskappe kieslys: Interpretasie

Berekening van jou persoonlikheid

Nadat die kieslys voltooi is, kan dit nagegaan word deur al die beskrywende woorde waaraan daar 'n 1 of 2 toegeken is te kanselleer deur 'n lyn deur die betrokke toekenning te trek. Omdat die toekenning so laag is het dit geen impak op die finale berekening nie. Tel al die oorblywende woorde waaraan 'n 3 of 4 toegeken is se waardes bymekaar en bring die groot totaal onder elke afdeling aan. Die afdeling wat die hoogste totaal het verteenwoordig die primêre persoonlikheidstipe.

Persoonlikheidstipes

Elke afdeling verteenwoordig die 4 persoonlikheidstipes soos volg:

- Afdeling A:Sanguiniese Persoonlikheid (Ekstrovert - Emosioneel).
- Afdeling B:Choleriese Persoonlikheid (Ekstrovert – Onemosioneel).
- Afdeling C:Melancholiese Persoonlikheid (Introvert – Emosioneel).
- Afdeling D:Flegmatiese Persoonlikheid (Introvert – Onemosioneel).

Persoonlikheidskombinasies

Omdat menslike eienskappe en gedrag meer kompleks is as wat 4 persoonlikheidstipes kan beskryf is dit belangrik om persoonlikheidskombinasies te identifiseer. Dit behels die identifisering van beide 'n primêre en sekondêre persoonlikheidstipe. Die afdeling met die hoogste telling verteenwoordig die primêre persoonlikheidstipe, terwyl die afdeling met die tweede hoogste telling die sekondêre persoonlikheidstipe verteenwoordig. Nadat die primêre sowel as die sekondêre persoonlikheidstipes geïdentifiseer is kan die persoonlikheids-kombinasie benoem word deur die twee persoonlikheidstipes saam te voeg (bv. Choleries-Flegmaties).

Indien u primêre en sekondêre persoonlikheidstipes op dieselfde totale eindig, kyk in watter een van die twee afdelings u die meeste nommer 4 toegeken het. Indien u steeds onseker is, kyk wat die primêre persoonlikheidstipe is wat deur die vraelys geïdentifiseer is of gaan weer deur die beskrywende woorde en probeer vasstel watter een van die twee u die beste beskryf.

My Persoonlikheidskombinasie is:_____

5.3.4 Leerafdeling D: Omskrywing van my persoonlikheid.

Geluk! U het ontdek wat u persoonlikheidstipe is. U sal opmerk dat ander persone in die groep moontlik dieselfde persoonlikheidstipe as u mag hê. Dit beteken dat julle soortgelyke voorkeure en geneenthede het. Maar onthou, die wyse en die mate waarop mense persoonlikheidseienskappe vertoon, verskil.

Die persoonlikheidstipe wat geïdentifiseer is beskryf u basiese natuurlike voorkeur vir een van die twee teenoorgestelde pole op die skaal. Ons gebruik beide die pole (bv. Introversie of Ekstroversie) op verskillende tye, maar nie op dieselfde tyd nie en ook nie met dieselfde vertroue nie. Ons verkies gewoonlik ons voorkeurmetode van dink, doen of optree. Wanneer ons hierdie voorkeurmetodes gebruik is ons normaalweg op ons beste en voel ons meer bevoeg en op ons gemak.

	[25]Praktiese oefening: Lees die instruksies vir 'n praktiese oefening hieronder deeglik deur. Die oefening geskied in groepsverband. Vind 'n spasie waar die groep die oefening kan doen. Hierdie oefening sal so 5 minute neem.

Deel 'n aantal tennisballe in die groep uit. Verdeel die groep sodat twee deelnemers 'n tennisbal deel. Staan teenoor mekaar en gooi die tennisbal vir mekaar. Belangrik! U mag slegs die tennisbal met een hand gooi en vang. Gooi die tennisbal 'n paar keer vir mekaar. Let op met watter hand u die tennisbal mee gegooi en gevang het. Ons is geneig om ons dominante- of voorkeurhand te gebruik. Gooi nou weer die tennisbal vir mekaar, maar hierdie keer mag u die tennisbal net met u non-dominante hand gooi en vang - met ander woorde, die hand wat u nie in vroeër gebruik het nie. Gooi die bal weer 'n paar keer vir mekaar.

Hoe sal u die ervaring beskryf toe u die tennisbal met u voorkeur of dominante hand gegooi en gevang het? Hoe sal u die ervaring beskryf toe u die tennisbal met u nie-voorkeur of non-dominante hand gegooi en gevang het?

Meeste mense beskryf die ervaring soos volg:

Dominante hand	Non-dominante hand
Voel natuurlik	Voel onnatuurlik
Doen dit sonder om te konsentreer	Moes meer konsentreer
Sonder inspanning	Voel vreemd en lomp
Maklik	Moeiliker

Met ons persoonlikheidstipe werk dit op 'n soortgelyke wyse. Selfs in die wyse wat ons optree en besluite neem het ons spesifieke voorkeure. Dit is presies wat deur die persoonlikheidsvraelys wat u voltooi het, aangedui word. Ons verkies sekere gedrag

[25]Hierdie oefening kan ook gedoen word deurdat die kandidate 'n bal met hulle dominante en dan non-dominante voete skop. Die oefening kan ook gedoen word deurdat die kandidate hulle name eers met die dominante en dan non-dominante hande skryf. Die hoofdoel van die oefening is om die kandidate te laat verstaan dat hulle natuurlike voorkeure en maniere van doen het. Hierdie praktiese oefening kan ook vooraf as 'n ysbreker gebruik word.

bo ander. Selfs met die vang en gooi van die tennisbal verkies ons een hand bo die ander. Alhoewel ons beide hande gereeld gebruik, is die gebruik van die een meer natuurlik en bevoeg, terwyl die ander meer inspanning vereis. Ons kan wel leer om ons non-dominante hand goed te gebruik om ’n tennisbal te gooi en te vang, maar dit bly nie ons voorkeur nie. Dink net hoe moeilik dit sal wees indien ons alles met ons non-dominante moet doen: skryf, tik, aantrek, eet, ens. Dit neem inspanning en sal ons energie dreineer. Op ’n soortgelyke wyse het ons ’n voorkeur vir een van die twee pole wat ons persoonlikheid uitmaak. Ons gebruik die dominante kant meer en met meer gemak as die ander. In ’n situasie waar ons die non-dominant meer as gewoonlik moet gebruik is dit vermoeiend. Die persoonlikheidsvraelys toon die verskille tussen mense op grond van die volgende aan: Die wyse waarop ons verkies om ons aandag en energie te fokus (Introversie of Ekstroversie) en die wyse waarop ons verkies om ons besluite neem (Emosioneel of Onemosioneel). Dit is belangrik om te onthou dat daar nie ’n regte of verkeerde voorkeur is nie. Daar is ook nie ’n goeie of slegte voorkeur nie. Dit is ook nie meer aanvaarbaar om òf ’n introvert òf ’n ekstrovert te wees nie. Elkeen van die pole maak normale menslike gedrag uit wat die verskille tussen persone aandui.

5.3.4.1 Wat is ’n Introvert en ’n Ekstrovert?

Hierdie skaal fokus op die volgende vrae: Waar verkies u om u aandag te fokus? Waar kry u energie vandaan? Om na die Introvert-Ekstrovert skaal te kyk sal u hierdie vrae kan beantwoord. Kyk na die orderstaande uiteensetting om ’n beter idee te kry.

Ekstroversie	Introversie
Persone wat ekstroversie verkies hou daarvan om hulle aandag op die eksterne wêreld van mense en aktiwiteit te fokus. Hierdie persone fokus hulle energie en aandag uitwaarts. Hulle ontvang energie deur interaksie met mense en in die neem van aksie. Ekstroverte dink gewoonlik hardop en verkies om die insette van ander te verkry.	Persone wat introversie verkies hou daarvan om hulle aandag op die interne wêreld van hulle eie idees en ervaringe te fokus. Hierdie persone fokus hulle energie en aandag inwaarts. Hulle ontvang energie deur refleksie en deur op hulle eie denke, herinneringe en gevoelens te fokus. Introverte verkies gewoonlik om tot hulle eie gevolgtrekking te kom sonder die insette van ander.



Eienskappe wat geassosieer word met persone wat Ekstroversie verkies:	*Eienskappe wat geassosieer word met persone wat Introversie verkies:*
• Gefokus op die eksterne wêreld van mense en gebeure; • Verkies om te kommunikeer deur te praat; • Kry idees deur gedagtes met ander te deel; • Leer die beste deur dinge te doen of deur bespreking; • Het baie belangstellinge; • Is sosiaal en gee maklik hulle opinie; • Neem maklik inisiatief in verhoudings en werk.	• Gevestig op hulle eie interne leefwêreld; • Verkies om te kommunikeer deur te skryf; • Kry idees deur refleksie; • Leer die beste deur refleksie of "verstandelike oefening." • Fokus in diepte op hulle belangstellings; • Privaat en beheers; • Neem inisiatief wanneer die situasie of saak vir hulle baie belangrik is.

	Om 'n nog beter begrip van die Introvert-Ekstrovert skaal te verkry kan u gerus 3.5.4 van die handleiding onder te opskrif "Introversie en ekstroversie as onderdele van persoonlikheid" lees.

5.3.4.2 Wat is Onemosioneel (Denke) en Emosioneel (Gevoelens)?

Hierdie skaal fokus op die vraag: Hoe verkies u om besluite te neem? Dit gaan hier met ander woorde oor of ek besluite neem deur my emosies of deur my logiese denke te gebruik. Deur na die Onemosioneel-Emosioneel pole te kyk sal u op hierdie vrae antwoorde kry. Kyk na die onderstaande uiteensetting om 'n beter idee te kry.

	Om ’n nog beter begrip van die Emosioneel-Onemosioneel skaal te verkry bestudeer die onderstande uiteensetting. U kan ook na 3.5.4 in die handleiding kyk om meer inligting te verkry.

Onemosioneel (Denke)	Emosioneel (Gevoelens)
Persone wat Denke verkies, verkies om besluite te neem deur na die logiese gevolge van ’n besluit of aksie te kyk sonder beïnvloeding deur hulle emosies. Hulle wil hulleself van die situasie verwyder om die voor en nadele van ’n saak objektief te evalueer. Hulle ontvang energie deur dinge kritiese te analiseer en te identifiseer en dan die probleem op te los. Hulle doel is om ’n standaard of prinsiep te ontwikkel wat van toepassing sal wees op soortgelyke probleme en situasies.	Persone wat verkies om hulle gevoelens in besluitneming te gebruik hou daarvan om dit wat vir hulleself en vir ander belangrik is, in ag te neem. Hulle wil hulself binne-in die situasie plaas om hulleself met almal betrokke te vereenselwig. Hulle verkies om hulle besluite op grond van hulle persoonlike waardes te neem. Hulle ontvang energie deur ander te ondersteun en te waardeer. Hulle doel is om harmonie te skep en elke persoon as ’n unieke individu te hanteer.

’n Situasie waarin ’n moeilike besluit gemaak moet word



Eienskappe wat geassosieer word met persone wat denke verkies:	*Eienskappe wat geassosieer word met persone wat gevoelens verkies:*
• Analities; • Maak gebruik van oorsaak-en-gevolg beredenering; • Los probleme op met logika; • Streef na objektiewe standaarde en waarhede; • Streef na redelikheid; • Kan “hardkoppig” wees; • Regverdigheid - wil hê almal moet dieselfde hanteer word.	• Empatie; • Word gelei deur persoonlike waardes; • Assesseer die impak van besluite op mense; • Streef na harmonie en positiewe interaksies; • Tree op met deernis; • Mag “saggeaard” voorkom; • Regverdigheid - wil hê almal moet as individue hanteer word.

5.3.4.3 Die verstaan van my persoonlikheidstipe

Noudat u weet wat u persoonlikheidstipe is en ook hoe die verskeie onderdele van u persoonlikheidstipe funksioneer, gaan u nou in diepte na u persoonlikheidstipe kyk. Elke persoonlikheidstipe het sterk en swak punte, niemand is perfek nie, elkeen van ons het terreine waarin ons goed presteer en ander wat ons moet ontwikkel. Hoe meer ons bewus word van ons eie sterk- en swakpunte hoe beter kan ons hierdie gedrag rig en beheer.

Op figuur 1.1 van die handleiding kan u ’n hele aantal eienskappe van u geïdentifiseerde persoonlikheidstipe besigtig. Die eienskappe aan die buitekant van die diagram dui u persoonlikheidstipe se sterkpunte aan. Die eienskappe aan die binnekant van die diagram dui u persoonlikheidstipe se swakpunte aan. Kyk na beide die sterk- en swakpunte van u persoonlikheidstipe en identifiseer die eienskappe wat u voel die meeste tot u persoonlik spreek. Identifiseer met ander woorde die eienskappe wat vir u persoonlik uitstaan of wat die meeste op u betrekking het. Onthou! Moet nie bekommerd wees nie, almal het beide sterk- en swak punte. Wanneer u egter bewus word van hierdie eienskappe kan u dit aktief begin ontwikkel.

Kyk na figuur 1.1 van die handleiding. Skryf ten minste ses sterk- en ses swakpunte in die onderstaande tabel neer. Kies die ses wat die meeste tot u spreek. Neem u tyd om elke eienskap goed te deurdink. U is welkom om meer as ses neer te skryf.

My persoonlikheidstipe se swakpunte	My persoonlikheidstipe se sterkpunte

Vir meeste van ons is dit 'n wonderlike ontdekking of bevestiging van ons sterkpunte, maar dit is soms 'n taamlike ontnugtering om te besef dat ons inherente swakpunte het. Meeste van ons is tog goed bekend met hierdie swakpunte deurdat ons met sekere van hulle ons lewe lank worstel. Onthou dat ons swakpunte ons nie slegte mense maak nie! Om swakpunte te besit is menslik. Met genoegsame persoonlike groei kan ons hierdie swakpunte positief bestuur. Vir persoonlike groei is dit egter noodsaaklik dat ons deeglike kennis van beide ons sterk- en swakpunte dra. Die bewustheid van hoe ons sterk en swakpunte ons gedrag en interaksie met ander beïnvloed kan opsigself 'n groot impak op verhoudings hê.

	Lees die afdelings in die handleiding wat oor u persoonlikheidstipe se swak- en sterkpunte handel deeglik deur. Maak notas hieronder oor hoe beide u sterk- en swakpunte u daaglikse funksionering kan beïnvloed. Kyk veral na hoe die interaksie tussen sekere sterk- en swakpunte mekaar kan beïnvloed.
	Sanguiniese: Sterkpunte 3.6.1.4 en Swakpunte 3.6.1.5 Choleriese: Sterkpunte 3.6.2.4 en Swakpunte 3.6.2.5 Melancholiese: Sterkpunte 3.6.3.4 en Swakpunte 3.6.3.5 Flegmatiese: Sterkpunte 3.6.4.4 en Swakpunte 3.6.4.5

Noudat u 'n beter begrip van u persoonlikheidstipe sowel as die sterk- en swakpunte van u persoonlikheidstipe het, is dit noodsaaklik om 'n plan van aksie te ontwikkel om u persoonlikheidseienskappe doeltreffender te kan benut en uit te leef.

	Maak vir uself enkele notas oor hoe u beide u sterk- en swakpunte in die bediening en in interaksie met mense kan benut en bestuur. U kan gerus op u grootste struikelblokke en sterkpunte fokus.

My aksieplan vir persoonlike groei	
Hoe gaan ek my sterkpunte benut?	Hoe gaan ek my swakpunte bestuur?

	Praktiese oefening: Lees die instruksies vir 'n praktiese oefening hieronder deeglik deur. Die oefening geskied in groepsverband. Vind 'n spasie waar die groep die oefening kan doen.

Dit is belangrik dat ons verstaan hoe persone van die teenoorgestelde pole as ons, verkies om dinge te doen of probleme op te los. Die doel van hierdie aktiwiteit is die volgende:

- ✓ Om bewus te word van verskille tussen mense;
- ✓ Om die waarde van verskille tussen mense te erken;
- ✓ Integreer verskillende perspektiewe vanuit ander se insette.

Volg die volgende stappe vir hierdie aktiwiteit. Hierdie is 'n groepaktiwiteit. Vir hierdie aktiwiteit benodig u (1) 'n spasie waar die groepe bymekaar kan kom; (2) papier om die reaksies op neer te skryf.

Stap 1: Verdeel in twee groepe. Introverte in een groep en Ekstroverte in die ander.

Stap 2: Kies ’n sekretaris wat notas van die gesprek kan maak.

Stap 3: In u Introvert of Ekstrovert groepe, dink aan drie vrae wat u groep aan die teenoorgestelde pool wil vra. Die vrae moet so geformuleer word dat dit u ’n beter begrip van die ander pool gee.

Stap 4: Verdeel weer in twee groepe: Emosioneel in een groep en Onemosioneel in die ander.

Stap 5: Kies weer ’n sekretaris wat notas van julle gesprek kan maak.

Stap 6: In u Emosioneel of Onemosioneel groepe, dink aan drie vrae wat u groep aan die teenoorgestelde pool wil vra. Weereens, maak seker dat die vrae so geformuleer is dat dit u ’n beter begrip van die ander pool gee.

Praktiese oefening: Die vrae wat in die onderskeie groepe gevormuleer is, gaan in die volgende oefening prakties toegepas word. Vir hierdie oefening het u ’n rol kleefband of iets waarmee ’n streep op die grond getrek kan word, nodig. Volg die volgende stappe.

Stap 1: Kry ’n spasie waar almal bymekaar kan kom.

Stap 2: Gebruik die kleefband en trek ’n streep op die grond sodat die groep in twee verdeel word.

Stap 3: Laat al die Introverte aan die een kant en die Ekstroverte aan die anderkant staan.



Stel nou die vrae wat u in die vorige oefening as groep opgestel het, om die beurt aan mekaar. Vra ook verduidelikende vrae om seker te maak dat u die ander groep se antwoorde goed verstaan. Daar is egter een belangrike reël wat deurgaans tydens hierdie oefening geld: Wanneer u in een pool geplaas is na die assessering, mag u nie oorloop na die ander pool toe nie. Indien u werklik voel dat u beter by die ander pool pas, moet hierdie besluit eers met die fasiliteerder bespreek word.

Stap 4: Verdeel weer die groep in twee. Hierdie keer word die groep verdeel in die ander twee pole: Denke (Onemosioneel) en Gevoel (Emosioneel).

D

G

Stel nou die vrae wat u in die vorige oefening as groep opgestel het om die beurt aan mekaar. Vra ook verduidelikende vrae om seker te maak dat u die ander groep se antwoorde goed verstaan.

Stap 5: Refleksie: Doen die onderstaande oefening nadat die gespreke voltooi is. Dit is belangrik om u ervaringe direk na die oefening neer te skryf.

	Skryf kortliks u ervaring van die praktiese oefening neer. Fokus veral op die interpersoonlike insig wat u tydens die interaksie met persone van die teenoorgestelde pool verkry het. Kon u 'n nuwe perspektief vir die redes kry waarom persone van mekaar verskil?

	Neem 'n paar minute en maak vir uself notas oor hoe u die verskille tussen mense kan benut in die bediening. Bespreek dan as groep hoe persone met 'n voorkeur vir Introversie en Ekstroversie sowel as Denke en Gevoelens mekaar kan aanvul in die uitvoer van u dienswerk.

Hoe ’n Introvert/Ekstrovert u kan aanvul	Hoe ’n Denker/Gevoelsmens u kan aanvul

5.3.5 Leerafdeling E: My persoonlikheid en my verhouding met die Here.

Selfs ons persoonlike verhouding met die Here word deur ons persoonlikheid beïnvloed. Natuurlik - God het ons as unieke individue geskape om Hom vanuit ons uniekheid te kan dien. Om te begryp hoe God u as individu wil gebruik in sy koninkryk is ’n integrale deel van self-bewustheid. Ons kan dit ’n essensiële geestelikebewustheid noem deurdat u geestelike verhouding met God ook uniek is en op ’n unieke wyse gestalte vind. Om die rede kies God nie ’n “prototipe” persoon om in sy koninkryk diensbaar te wees nie, maar uiteenlopende individue met unieke wyses van dink en doen.

	Om ’n beter begripte te kry van die “tipe” persone wat God tot sy diens roep en in sy koninkryk gebruik kan u gerus 4.3 van die handleiding lees. Maak ’n paar notas oor hierdie afdeling sodat u die inligting later kan gebruik.

Die volgende oefening is in die vorm van Bybelstudie. Die doel is om u te laat besef dat God persone met dieselfde persoonlikheidstipe as u deur die geskiedenis op besondere wyse in sy diens gebruik het. Selfs die profete en dissipels het elk met die sterk- en swakpunte van hulle persoonlikheidstipes geworstel. Nogtans het God hulle gebruik en gevorm tot unieke diensknegte. Die sterk- en swakpunte van u persoonlikheidstipe wat u vroeër bestudeer het, word ook by sekere welbekende

Bybelse persone gevind. In die handleiding is daar 'n deeglike uiteensetting van Bybelse persone met een van die vier persoonlikheidstipes wat ons vroeër bestudeer het.

	Vind hieronder die afdeling in die handleiding van die Bybelse persoon met dieselfde persoonlikheidstipe as u. Bestudeer dit sistematies en beantwoord dan die vrae hieronder: ▪ Bybelse Sanguiniese Persoonlikheid 4.4 van die handleiding. ▪ Bybelse Choleriese Persoonlikheid 4.5 van die handleiding. ▪ Bybelse Melancholiese Persoonlikheid 4.6 van die handleiding. ▪ Bybelse Flegmatiese Persoonlikheid 4.7 van die handleiding.
	In die bestudering van u Bybelse persoonlikheid, watter ooreenkomste kon u tussen u en die Bybelse persoonlikheid raaksien? Watter Skrifgedeeltes of Bybelse gebeure is hier in besonder op u van toepassing en hoekom dink u so?

	U Bybelse persoon het duidelik sterk- sowel as swakpunte vertoon. Hoe het sy sterk- en swakpunte sy dienswerk beïnvloed? Maak enkele notas oor hoe dit op u van toepassing is.

Invloed van Sterkpunte	Invloed van Swakpunte

U Bybelse persoonlikheid - hetsy Petrus, Moses, Abraham of Paulus - is deur die Heilige Gees getransformeer. In hierdie verband gee die Bybel van elkeen 'n "voor-" en 'n "na-foto." Met ander woorde, 'n prentjie van voor die ingryping deur die Heilige Gees en na die Heilige Gees hulle getransformeer het. Skets hierdie "voor-" en "na-prentjie" van u Bybelse persoonlikheid.

My Bybelse Persoonlikheid se "voor-foto"	My Bybelse Persoonlikheid se "na-foto"

Kyk weer in geheel na u Bybelse persoonlikheid, maak vir uself enkele notas oor die leierseienskappe wat hy vertoon het. Dink in besonder hoe die Here hierdie eienskappe benut het tot sy diens.

5.3.6 Leerafdeling F: My persoonlikheid en my verhoudings met ander.

Een van die gebiede waar ons persoonlikheid besondere invloed het, is op ons interpersoonlike verhoudings. Inteendeel, meeste konflik en misverstande ontstaan juis vanweë 'n gebrek aan interpersoonlike insig.

	Kyk weer na figuur 1.1 in die handleiding. Maak 'n lys van u persoonlikheidseienskappe wat u interpersoonlike verhoudings kan beïnvloed. Maak vir uself notas oor hoe hierdie eienskappe in 'n konfliksituasie kan manifesteer en die situasie beïnvloed.

Persoonlikheidseienskap	Invloed op my interpersoonlike verhoudings

Elke persoonlikheidstipe het ook sekere hindernisse om te oorkom. Introverte en Ekstroverte het eienskappe wat noodsaaklik is vir interpersoonlike kommunikasie. Met ander woorde, beide het die vermoë om met die teenoorgestelde pool in hul professionele sowel as hul persoonlike lewe oor die weg te kom. As Introvert of Ekstrovert kan u leer hoe om u eie kommunikasiestyl aan te pas afhangende van u gehoor of situasie. Sekere Introverte of Ekstroverte eienskappe bring hindernisse mee wat effektiewe kommunikasie negatief kan beïnvloed. In hierdie afdeling gaan u kyk na die mees algemene hindernisse waarmee Introverte en Ekstroverte mag worstel. Alhoewel dit met die eerste oogopslag na slegte nuus mag lyk omdat ons geneig is om hindernisse as negatief te beskou en sekere hindernisse wel nadelig mag wees, dien dit as belangrike waarskuwingstekens in die interaksie tussen mense met verskillende persoonlikheidstipes.

In die onderstaande afdeling gaan daar nie gekyk word na die rede waarom Introverte en Ekstroverte van mekaar verskil nie, maar hoe mense hierdie verskille tydens interpersoonlike interaksie mag interpreteer en hoe dit interpersoonlike kommunikasie kan beïnvloed. Wanneer ons met persoonlike hindernisse te doen het is dit noodsaaklik om te besef dat ander ons gedrag heelwaarskynlik anders sal interpreteer as wat ons noodwendig bedoel. Daarom is dit belangrik om die moontlike gevolge van u hindernisse vir interpersoonlike kommunikasie uit te spel om sodoende u bewustheid daarvan op te skerp.

	Introverte en Ekstroverte is nie dieselfde nie, maar is ewe waardevol en verkies om mense op verskillende wyses te benader. Met inagname van u persoonlikheidstipe en onderstaande uiteensetting, maak vir uself notas oor hoe u verkies om interpersoonlike verhoudings te vorm en hoe dit u interpersoonlike kommunikasie beïnvloed.

Introverte hindernisse	Ekstroverte hindernisse
Angs: Introverte mag oorversigtig in interpersoonlike verhoudings wees. Hulle mag ook huiwerig wees om interpersoonlike risiko's te neem. Dit mag besluitneming belemmer.	Onverskillig: Ekstroverte mag onverskillige of ondeurdagte risiko's neem en as gevolg daarvan interpersoonlike verlies of skade ly.
Gevolge vir interpersoonlike kommunikasie: Oordrewe angs mag tot vermyding van interpersoonlike kontak aanleiding gee. Vermyding vanweë angs spruit veral uit situasies waarvan die uitkoms onseker is (Borquez, 2009:130). Dit mag situasies soos konfrontasie, konflik, onderhandeling en debatvoering insluit. Afwesigheid in hierdie situasies mag aanleiding daartoe gee dat die evangelie nie tot sy reg kom nie. Aan die ander kant kan onverskilligheid weer tot onnodige risikoneming aanleiding gee. Onverskilligheid kan ander persone, veral in sensitiewe situasies, aanstoot gee, konflik kan in sulke omstandighede maklik ontvlam (Palmer & Cooper, 2010:40).	
Fokus op detail: Introverte raak soms verlore in die detail. Dit is daarom maklik om sig oor die groter prentjie te verloor. Oor analisering van die detail kan introverte lam lê of in die detail laat vassit. Dit gee aanleiding tot dit wat (Briggs-Myers *et al*, 2003:93) "analyses paralyses" noem.	Fokus oppervlakkig: Ekstroverte mag soms slegs op dit wat voor-die-hand-liggend is fokus en nie genoegsaam aandag aan die detail skenk nie. Dit gebeur soms dat die belangrike sake wat aandag behoort te geniet nagelaat word.

<table>
<tr><td colspan="2">Gevolge vir interpersoonlike kommunikasie: Introverte wat geneig is om op die detail te fokus kan bewustelik aanleer om slegs aandag aan die noodsaaklike inligting te gee. Wanneer Introverte op te veel detail fokus, kan hulle ander se aandag of belangstelling verloor (Krebs-Hirsh & Kise, 2011:4). Aan die ander kant kan Ekstroverte weer belangrike detail miskyk wat tot foutiewe besluite aanleiding kan gee (Chamorro-Premuzic, 2011:34). Ekstroverte kan weer leer om bewustelik op detail te fokus veral wanneer moeilike besluite geneem word. Ekstroverte wat nie ’n poging aanwend om die dieper detail te verken nie kan ook ander se belangstelling en aandag in ’n gesprek verloor. Wanneer dit voorkom of hulle nie weet waarvan hulle praat nie kan hulle ook hulle geloofwaardigheid verloor (Quenk & Kummerow, 2011:10). Ekstroverte kan dit ook uitputtend vind indien Introverte op te veel detail van ’n saak wil ingaan (Kozak, 2015:8). Ekstroverte mag soms nie die geduld of behoefte hê vir uitgerekte besonderhede nie. Introverte kan Ekstroverte weer as oppervlakkig of lusteloos sien omdat hulle nie tyd aan die fynere detail gee nie. Introverte kan Ekstroverte as onbetroubaar sien omdat hulle die klaarblyklike detail uitlos en die saak, wat vir die introvert belangrik is, nie mooi wil deurdink nie (Löhken. 2015:19).</td></tr>
<tr><td>Oorstimulasie: Introverte mag oorweldig voel in raserige omgewings of waar dinge teen ’n vinnige pas beweeg. Hulle mag dit uitputtend vind om vir lang tye met ander mense kontak te hê.</td><td>Onderstimulasie: Indien Ekstroverte te lank vir iets moet wag mag hulle verveeld raak en addisionele stimulasie opsoek.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Gevolge vir interpersoonlike kommunikasie: Introverte wat maklik oorgestimuleer raak, vind dit soms moeilik of stresvol om met groot groepe mense te werk, veral as daar baie dinge is wat hulle aandag verg. Dit kan veroorsaak dat hierdie Introverte die kalklig vermy. Ekstroverte voel weer op hulle gemak in groot groepe. Maar Ekstroverte is geneig om ander in die rede te val om hulle opinie te gee (sien 3.5.4). Ekstroverte kan ook geïrriteerd voorkom veral wanneer ’n Introvert die gesprek lei. Indien Introverte nie Ekstroverte se aandag kan hou nie sal hulle belangstelling verloor of selfs ’n alternatief soek. Hierdie eienskappe kan verhoudings benadeel.</td></tr>
<tr><td>Passiwiteit: Introverte is geneig om vir lang tydperke in dieselfde beroep te bly. Hulle vermy dit om in hulle beroepsvordering inisiatief te neem al sou dit tot hulle eie voordeel wees.</td><td>Self-dramatisering: Ekstroverte is geneig om ten koste van ander hulleself te bevoordeel om die middel van belangstelling te wees.</td></tr>
</table>

<table>
<tr><td colspan="2">Gevolge vir interpersoonlike kommunikasie: Met passiwiteit word hier na “die donker kant” van kalm verwys. Iemand wat passief is weier om iets te doen of stappe te neem om iets te verander. Hierdie persone kan hardkoppig, moedswillig of bang wees of deur vrees lam gelê word (Löhken, 2015:21). Passiewe persone sal verkies om onaktief lyding te verduur eerder as om stappe te neem om die omstandighede te verander of te verbeter. Die donkerste kant van passiwiteit is wanneer persone weier om hulle eie lewens te vorm en ander toelaat om beheer van hulle lewe te neem (Chamorro-Premuzic, 2011:32). Ekstroverte is weer geneig om ter wille van hulle selfkonsep afhanklik van interpersoonlike terugvoer te wees. In ekstreme gevalle kan hulle hulself op ander forseer in ’n poging om erkenning te kry (Hadacek-Chaplin, 2013:64). In kort kan gesê word: Waar ’n passiewe persoon te min doen om hom- of haarself te bevorder, doen die self-gedramatiseerde persoon te veel. Ekstroverte is geneig om passiewe persone te onderskat, waarskynlik as gevolg van hulle tekort aan dryfkrag. Omdat passiewe persone geneig is om hulle opinies vir hulself te hou kan dit tot misverstande aanleiding gee. Passiewe persone handhaaf ook lae interpersoonlike grense en laat ander makliker toe om oor hulle te loop (Cloud & Townsend, 1992:43). Introverte kan Self-gedramatiseerde persone weer as stresvol ervaar. As die meer stiller persoonlikheid ervaar introverte hulle as opdringerig en uitputtend. Introverte is geneig om self-gedramatiseerde persone as “vol van hulself te sien (Löhken, 2015:21).</td></tr>
<tr><td>Ontvlugting: Onder druk of wanneer hulle met probleme gekonfronteer word mag sommige Introverte hulself onttrek in plaas daarvan om dit te hanteer of te konfronteer.</td><td>Konfronterend: Onder druk mag sommige Ekstroverte aggressief word en ander konfronteer in plaas daarvan om die situasie na behore te analiseer. Hulle mag met ander woord reageer voor om deeglik daaroor na te dink.</td></tr>
<tr><td colspan="2">Gevolge vir interpersoonlike kommunikasie: Wanneer persone ontvlug, vermy hulle die druk of probleem. Ongelukkig elimineer ontvlugting nie die druk of probleem nie, dit stel slegs die konfrontasie uit (sien 3.5.4). Ekstroverte reageer onder druk weer met ’n teen-response of met aggressie. Hulle reageer op impuls om te verdedig of aan te val. Dit korreleer met die feit dat Ekstroverte hulle energie uitwaarts gebruik (sien 3.5.4). Aggressie kan egter verhoed dat die probleem opgelos word deurdat die persone betrokke dan eerder op die aanval as op die probleem fokus (Chapman, 2007:60). Beide hierdie hindernis het ’n besonderse negatiewe effek op interpersoonlike verhoudings, veral wanneer verhoudings reeds sensitief is. In ieder geval dra ontvlugting of aggressie nie by tot die oplossing van die probleem nie.</td></tr>
</table>

Kontakvermyding: Baie Introverte beperk hulle persoonlike verhoudings tot slegs ’n paar persone. Dit maak hulle vatbaar vir sosiale isolasie.	Selfvermyding: Ekstroverte is geneig om verhoudings te gebruik om hulself te evalueer. Om die rede vorm hulle baie interpersoonlike verhoudings.
Gevolge vir interpersoonlike kommunikasie: Vir Introverte is kontakvermyding ’n metode om energie te bespaar, want interpersoonlike interaksie tap energie (Kozak, 2015109). Meeste Introverte voel gemaklik met net ’n paar intieme verhoudings. Hulle sal ook mense begin vermy wanneer interaksie te veel van hulle eis (Löhken, 2015:25). Te veel vermyding kan egter tot sosiale isolasie aanleiding gee. Kontakvermyding het tot gevolg dat persone nie belangrike insette van ander tydens probleemoplossing kry nie. In komplekse probleemoplossing kan dit ’n negatiewe effek op persoonlike prestasie hê. Dit kan ook mense se persepsies van hierdie persone negatief beïnvloed. Wanneer persone ander konstant vermy mag hulle deur hierdie persone as koud, vreemd, arrogant of skaam beskou word. Aan die ander kant kan Ekstroverte weer self-evaluasie vermy deur hulle aandag hoofsaaklik op die eksterne wêreld van mense te fokus (sien 3.5.4). Ekstroverte wat ’n neiging het tot selfvermyding mag afhanklik wees van ander se terugvoer. Selfvermydende persone plaas klem op die impak wat hulle op ander maak asook persone se persepsie van hulle. As ander dink hulle is goed dan voel hulle goed. Die probleem met selfvermyding is dat hierdie persone ’n tekort het aan onafhanklikheid as gevolg van hulle behoefte aan konstante terugvoer van ander. Ekstroverte wil goed, suksesvol en aantreklik voorkom, om die rede kan hulle sensitief wees wanneer hulle negatiewe terugvoer ontvang (sien 3.5.4). Dit gee aanleiding daartoe dat Ekstroverte addisionele druk op hulleself plaas tydens onderhandelinge of interpersoonlike interaksie met ander.	

Uit die bostaande uiteensetting is dit duidelik dat verskillende persoonlikheidstipes verskillende sterkpunte het wat kan bydra tot die sukses van enige geloofsgemeenskap. Elke dag het elke geloofsgemeenskap die vier persoonlikheidstipes nodig om die uitdagings van die moderne wêreld te kan oorkom. Elke geloofsgemeenskap het mense nodig om te beplan en ander om die planne prakties te implementeer. Net so het elke geloofsgemeenskap ook mense nodig wat rasioneel besluite neem en ander wat die kwessies vanuit die hart kan benader. Saam maak hierdie individue ’n suksesvolle span.

5.3.7 Leerafdeling G: My persoonlikheid en hoe dit vir my kan werk.

Wie en wat u as individu is, is die belangrikste en u mees effektiewe gereedskapstuk in die bediening. U werksaamheid is die evangelie, die gereedskapstuk is uself. Wie u as persoon in die bediening is, spreek om die rede baie duideliker as woorde. Daarom dit is ook belangrik om uself binne verskillende omstandighede met verskillende mense effektief te kan handhaaf. Die kuns om u persoonlikheid tot u voordeel te laat werk, is om die verskille tussen uself en ander mense te erken en herken en dit tot u voordeel te gebruik. Maar hoe kan persone verskillende persoonlikheidstipes, of dit nou Sanguinies, Flegmaties, Choleries of Melankolies is, tot persoonlike voordeel in gespan word? Hoe kan persone wedersyds by die verskille tussen mense baat? Die vrae kan in drie dele beantwoord word:

Erken die verskille



Balanseer die struikelblokke

Kombineer sterkpunte om by mekaar te baat

1. **Ken die verskille:** Sanguinies, Flegmaties, Choleries of Melankoliese persone moet van mekaar se verskille bewus wees sodat elkeen kan weet dat hulle verskillende behoeftes, prioriteite, sterkpunte en hindernisse het. Dit sal tot u eie voordeel wees om u eie behoeftes te ken maar ook terselfdertyd ander se behoeftes te respekteer. Om ’n voorbeeld te gebruik dit is ’n goed wanneer Introverte weet dat Ekstroverte van tyd tot tyd gesprekke nodig het om idees te ontwikkel. Netso is dit voordelig vir Ekstroverte om te weet dat Introverte hulle beste idees ontwikkel wanneer hulle op ’n stil plek kan sit en dink. ’n Span kan net suksesvol saamwerk indien elkeen weet wat die spesifieke kwaliteite en behoeftes is wat elke lid besit.
2. **Balanseer die struikelblokke:** Verskillende persoonlikheidstipes moet seker maak dat struikelblokke binne sekere grense bestuur word en nie skade veroorsaak nie. Voorbeelde hiervan is konflik, onwilligheid of moedswilligheid. Om hier ook ’n voorbeeld te gebruik - Introverte se versigtigheid kan

Ekstroverte se onverskillig uitbalanseer. Net so kan die Ekstrovert se dryfkrag die Introvert se huiwerigheid laat uitbalanseer. Hierdie interaksie word volgens Löhken (2015:50) mooi geïllustreer in die verhaal van Moses en Aäron. Aäron was 'n elegante Ekstrovert wat die huiwerige Moses vergesel het om met die farao in Egipte te onderhandel (Eksodus 5:1-21). Moses moes weer sy duim op Aäron hou omdat Aäron geneig was om impulsief en onnadenkend op te tree om sodoende goedkeuring te verkry. Die gebeure met die goue kalf is hiervan 'n voorbeeld. Toe Moses weg was om die gebooie van die Here te ontvang, reël Aäron - in die afwesigheid van Moses se toesig - dat die volk vir hulle 'n goue kalf maak om te aanbid. Dit het ook in losbandigheid en uitspattigheid ontaard (Eksodus 32:19).

3. **Kombineer sterkpunte om by mekaar te baat:** Wanneer persone met verskillende persoonlikheidstipes hulle verskillende sterkpunte of gawes kombineer, kan hulle baie meer bereik as wanneer hulle slegs op hulle eie sterkpunte staatmaak. Hierdie strategie kan aanleiding gee tot enorme kreatiwiteit en verbeterde resultate. Om hier 'n voorbeeld te gebruik - meeste Introverte het die sterkpunt om op die teoretiese detail te fokus, dit kan as 'n goeie vertrekpunt dien vir die spontane en praktiese ekstroverte. Ekstroverte se buigsaamheid gekombineer met Introverte se kalm en versigtige natuur kan die geleentheid skep vir nuwe idees en moontlikhede. Deur die entoesiasme en dryfkrag van 'n Ekstrovert kan 'n Introvert se idees prakties geïmplementeer word.
4. **Die voorwaarde is begrip:** Die eerste punt hierbo (ken die verskille) vorm die fondasie vir die tweede en derde punte. Verskillende persoonlikheidstipes moet mekaar se eienskappe en verskille tussen hulle ken. Selfs die beste vermoëns en die beste spanne kan misluk wanneer hulle dink dat hulle vanweë hulle verskille nie kan saamwerk nie. Elke mens bring unieke kwaliteite in 'n verhouding wat mekaar kan aanvul. Dit is van toepassing op almal - jonk, oud en persone met verskillende persoonlikheidstipes. Mense kan bymekaar se verskille baat, maar hulle moet bewus wees van mekaar se verskille. Die onvermoë om ander se positiewe eienskappe te benut kan spoedig in probleme verander, veral as die oplossing van 'n probleem samewerking vereis. Daarom speel die vermoë om ander na waarde te ag 'n groot rol in sukses. Die belangrikste saak hier is om die verskille tussen persoonlikheidstipes rasioneel te verstaan. Dit kan impulsiewe reaksies en gevolgtrekkings verminder en sistematiese gedrag verbeter. Mense is geneig om aangetrokke te wees tot persone wat op 'n soortgelyke wyse as hulle

reageer of optree. Maar as daar rasioneel gekyk word na die verskille en geleer word om hulle te verdra kan dit 'n verskil maak. Daar moet egter ook geleer word dat ons eie eienskappe nie absoluut is nie en nie op ander geprojekteer moet word nie. Selfs wanneer mense dieselfde dinge verlang kom hulle op verskillende maniere daarby uit. As dit kom by interpersoonlike samewerking is verdraagsaamheid, kennis en waardering die voorwaarde vir sukses.

	Skep u eie geleenthede! Die bostaande uiteensetting behoort u te motiveer om geleenthede te vind deur die verskille tussen persoonlikheidstipes te benut. Die beantwoording van die onderstaande vrae behoort u hierin te begelei.

Watter van u Introverte of Ekstroverte eienskappe kan u benut om die dinamiek van 'n groep te verbeter?

Watter van u Denke of Gevoelseienskappe kan u benut om die dinamiek in 'n groep diverse mense te verbeter?

Watter van u persoonlikheidseienskappe kan u gebruik om 'n balans in 'n diverse omgewing te bring?

5.3.8 Leerafdeling H: My persoonlikheid en selfsorg

As predikant is dit belangrik om nie net na die kerk van die Here nie maar ook na uself as leraar om te sien. Natuurlik is “balans” hier die sleutelwoord. Maar hoe gaan u dit regkry om ’n balans te handhaaf tussen die roeping waartoe die Here u geroep het en u persoonlike lewe? Buitendien, as predikant sal u daagliks besig wees met dit wat die lewe die diepste betekenis gee: U sal by mense betrokke wees in ’n saak wat groter en belangriker as uself is, die koninkryk van God. Hierdie diep omgee en verbintenis kom natuurlik met ’n prys. Met tye gaan hierdie roeping en diep liefde met die opoffering van u persoonlike gesondheid en welstand gepaard.

As predikant is u gefokus om mense na geestelike heelheid te begelei. Hoe beter u persoonlike gesondheid is hoe meer effektief sal u in bediening aan ander wees. U gesondheid as predikant moet tegelyk op vier gebiede plaasvind: fisies, geestelik, emosioneel en intellektueel. Alhoewel ’n predikant primêr op die geestelike fokus, beïnvloed hy/sy ook die fisiese wanneer daar siekebesoek gedoen word, die emosionele wanneer daar berading gedoen word, en die intellektuele wanneer prediking en onderrig plaasvind. Om die rede is ’n predikant se effektiwiteit op elkeen van hierdie gebiede direk proporsioneel afhanklik van sy/haar eie gesondheid. Enigiets wat u doen om u gesondheid op een van hierdie gebiede te verbeter het outomaties ’n invloed op die ander drie. Om gesonde gemeentes te ontwikkel, moet daar gesonde predikante in hulle midde wees. As predikant is dit u taak om gemeentes te begelei om ’n gesonde funksionerende liggaam te wees waar gebroke en disfunksionele persone heling kan vind. Die effektiwiteit van ’n gemeente om ’n gebroke gemeenskap tot heling te begelei is ook in direkte verhouding tot ’n gemeente se gesondheid as geheel asook die individuele gesondheid van die predikant wat leiding gee.

Elke persoon maak ’n duidelike indruk die oomblik wanneer hy/sy ’n vertrek binnekom. Mense kan onmiddellik afleidings van u selfbeeld maak. Dit is baie moeilik om ’n goeie verteenwoordiger van die evangelie te wees wanneer u uitgeput of uitgebrand is. In hierdie situasie mag u al die regte goed sê maar die teenoorgestelde kommunikeer. U mag byvoorbeeld tydens hospitaalbesoek die regte dinge sê en die regte woorde bid, maar in werklikheid kommunikeer u dat u eerder elders sou wou wees. Dit is twee boodskappe waar die nie-verbale gewoonlik domineer. Toegewyde predikante gee soms oor ’n lang periode só baie van hulself sonder om hulle bekers weer kans te gee om vol te word. Predikante wat uitbrand voel leeg en verloor passie vir die bediening. Dit is om die rede belangrik om uself

voortdurent te vra: Wat is ek op hierdie oomblik besig om te kommunikeer? Kommunikeer ek moegheid of dankbaarheid? Indien u energievlakke laag is, sal u ten spyte van die regte woorde, eenvoudig nie 'n oortuigende impak maak nie. Die enigste manier om 'n gesonde teenwoordigheid tussen gemeentelede te handhaaf, is om uself gesond te hou. Dit is waar selfsorg inkom: om soveel as moontlik te kan doen en steeds die twee groot gevare in die bediening - stres en uitbranding - te voorkom.

Selfsorg is niks anders as om u unieke gawes te bewaar nie. Om met dankbaarheid u gawes ten volle te benut en om bewus te wees van u lewe en hoe u besluit om u lewe te lei. Selfsorg is 'n belofte wat u aan God maak wanneer u die roeping aanvaar om 'n verteenwoordiger van God se genade te wees. Dink so hieraan: Wanneer 'n lugwaardin die noodprosedure op 'n vliegtuig verduidelik, sê sy gewoonlik: "In die geval van nood sit eers die suurstofmasker op jou gesig voor jy iemand anders help." As u nie kan asemhaal nie, hoe kan u iemand anders help om asem te haal. Vir u as predikant is dit belangrik om hierdie beginsels van selfsorg te implementeer om sodoende ander effektief te kan versorg. Roy Oswald (1991:6) skryf in sy boek Clergy self-care: "Finding a balance for effective ministry" die volgende oor die selfsorg van predikante:

> "Self-care is for the sake of the kingdom of God. I take care of myself, not only for my sake, or in gratitude for the gift of life given to me by God, but also for the sake of others. If I don't take care of myself, I not only hurt myself, but I let others down as well."

Dit hier belangrik om te dink aan Paulus se woorde in Filippense 1:23-15

> "[23]...ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste; [24]maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe. [25]Omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan toeneem in geloof, en blydskap in julle geloof kan hê."

Paulus het ook die integrale verband tussen sy behoud en die verkondiging van die evangelie besef. Gemeentelede sal uiters teleurgestel staan wanneer hulle predikant te moeg en uitgebrand is om na hulle te luister of werklik om te gee.

Hoe lyk goeie selfsorg? Die term optimale gesondheid beskryf dit goed. Optimale gesondheid beteken om u lewe op so wyse te bestuur dat u voortdurend na u fisiese, emosionele, intellektuele en geestelike welstand sal omsien. Om u rol as predikant

so doeltreffend as moontlik te kan vervul is dit noodsaaklik om na u gesondheid in al vier dimensies om te sien. Dit is soms makliker om net in een of twee van die vier dimensies gesond te wees, terwyl dit harder werk in die ander vereis. Indien daar nie ŉ balans tussen die vier dimensies is nie, sal een of meer van die dimensies u waarskynlik terughou om optimale gesondheid te bereik. Om hierdie vier dimensies te visualiseer mag behulpsaam wees in die proses. Dink aan u gesondheid op ŉ skaal van een tot tien.

	Lees die onderstaande gedeelte aandagtig deur. Gebruik ook die meetinstrument hieronder om u huidige gesondheidsplan te ondersoek. U kan hierdie hulpmiddel gereeld in die bediening gebruik om u gesondheid te evalueer.

Fisiese gesondheid

-1 _____5_____10 +

Emosionele gesondheid

-1 _____5_____10 +

Intellektuele gesondheid

-1 _____5_____10 +

Geestelike gesondheid

-1 _____5_____10 +

Op die skaal van 1 tot 10 - met 1 ver na links aan die negatiewe kant, 5 in die middel, en 10 ver na regs aan die positiewe kant - kan u u persoonlike siening van u gesondheid op elk van die bogenoemde dimensies klassifiseer. Dit sal u help om u aandag te fokus op wat aan die gebeur is met u gesondheid in geheel en op die gebiede waarop daar spesifiek gefokus moet word.

Onthou, wanneer u uself minder as vyf op enige van die dimensies kan klassifiseer bestaan daar ŉ ongesonde wanbalans, en mag u professionele intervensie benodig. Wanneer u gesondheid op een of meer dimensie verswak dan beïnvloed dit ook die oorblywende dimensies negatief.

	Neem ŉ paar minute en bestudeer die onderstaande Skrifgedeeltes. Maak vir uself ŉ paar notas van hoe u persoonlik uit Jesus se voorbeeld in u bediening kan baat. Let spesifiek op die geheelprentjie van Jesus se selfsorg.

Jesus is ŉ uitstekende voorbeeld van hoe iemand na hom- of haarself in die bediening kan omsien. Jesus het nie toegelaat dat sy energie só getap word dat Hy nie meer sy primêre funksies kan verrig nie. Jesus moes Homself as offer terwille van die gebroke wêreld gee, maar ten spyte van sy ontsaglike taak het Hy nooit toegelaat dat Hy sy verhouding met God uit die oog verloor nie. Skrifgedeeltes hieronder handel oor Christus se stiltetyd of *κενόσις*. Die Griekse woord *κενόσις* beteken letterlik "om te ontvlug" of "om te weerhou." Hierdie stiltetye beskryf hoe Jesus terwille van sy eie effektiwiteit Homself die geleentheid gee om te ontvlug van die oorweldiging van sy taak.

- **Lukas 5:15-16** "[15]Tog het die nuus oor Hom nog verder versprei, en groot menigtes het saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. [16]Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."
- **Lukas 9:10** "[10]Toe die apostels terugkom, het hulle Jesus alles vertel wat hulle gedoen het. Daarna het Hy hulle saamgeneem in die rigting van die dorp Betsaida waar hulle alleen kon wees."
- **Lukas 6:12** "[12]In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God."
- **Matteus 14:22-23** "[22]Net daarna het Jesus sy dissipels in die skuit laat klim om solank voor Hom uit te vaar na die oorkant toe terwyl Hy nog eers die mense huis toe laat gaan. [23]Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen."

Die *κενόσις* van Christus bestaan daarin dat Hy ter wille van die wêreld van tyd tot tyd ontvlug het. Oswald (1991:18) stel dit soos volg: "We must learn to choose our fights and stay healthy for the battles that really count." Die kleiner en minderbelangrike dinge moet nie bo die belangrikste beplaas word nie. Wanneer die minderbelangrike dinge u uitput het u dalk nie meer energie vir die belangrikste dinge nie. Jesus het *κενόσις* in plaas van uitbranding gekies. Dit het Hom in staat gestel het om sy energie op die primêre saak, verlossing, te fokus. Dit is belangrik om duidelik onderskeid te maak tussen dit wat die moeite werd is en dit wat bloot u energie tap en nie tot die eer van God is nie.

Totale gesondheid behels die besef van u gebrokenheid en tekortkominge. Heelheid beteken nie perfeksionisme nie, maar eerder die erkenning en aanvaarding van gebrokenheid. Dit mag behels dat u u eie pyn en emosionele wonde moet

konfronteer om u effektiwiteit te verhoog. Daar is nie kortpaaie tot heelheid nie, en die pad na gesondheid hou nooit op nie. Ons eie worstelinge help ons met empatie en insig in ander se emosies. Dit mag die belangrikste van alles wees.

Om u te help om die gevare van stres en uitbranding in die bediening te verhoed is dit noodsaaklik om te weet hoe vatbaar u daarvoor is. Volg die onderstaande instruksies en voltooi die vraelys wat daarop volg.

Ons persoonlikheidstipe maak ons ook meer of minder vatbaar vir die belewing van stres. Die onderstaande vraelys identifiseer Tipe-A of Tipe-B persoonlikheidstipes. Evalueer hierdie stellings om aan te dui tot watter mate elkeen op u betrekking het. Probeer om die middelste respons-opsie sover moontlik te vermy, gebruik dit slegs indien u werklik voel dat u tussen die twee respons-opsies val.

5.3.8.1 Stres: Persoonlikheidskaal

Die onderstaande vraelys is deur Prof Pieter Joubert (2005) ontwikkel en help ons om ons stres-persoonlikheidstipe te identifiseer. Lees elke stelling versigtig deur en reageer dan op elke stelling deur u antwoord volgens die onderstaande skaal op die aparte antwoordblad te omkring. Beantwoord asseblief al die vrae. Indien 'n bepaalde item/vraag nie pertinent op u van toepassing is nie, dink hoe u in die spesifieke situasie sou reageer het en beantwoord dan dienooreenkomstig.

SKAAL	BETEKENIS
1	Verskil beslis
2	Verskil matig
3	Stem matig saam
4	Stem beslis saam

OMKRING DIE NOMMER VAN U KEUSE (VOLGENS DIE SKAAL SOOS HIERBO UITEENGESIT) OP DIE AFSONDERLIKE ANTWOORDBLAD IN DIE BETROKKE BLOKKIE DIREK NA ELKE VRAAGNOMMER:

1.	Ek voel verplig om die meeste dinge haastig te doen.
2.	Ek is gewoonlik eerste klaar met 'n ete.
3.	Ek vind dit moeilik om te ontspan, selfs net vir 'n kort tydjie.
4.	Ek haat dit om, selfs net vir 'n paar minute, in 'n ry te wag (bv. by 'n fliek, bank of winkel).
5.	Ek probeer dikwels 'n paar dinge gelyktydig doen.

6.	Ek is oor die algemeen nie baie tevrede met wat ek tot dusver in die lewe bereik het nie.
7.	Ek geniet dit gewoonlik om mee te ding/te kompeteer.
8.	Ek voel altyd dat ek moet wen.
9.	Ek vind dikwels dat ek mense probeer aanjaag deur hulle sinsnedes vir hulle te voltooi.
10.	Ek raak ongeduldig wanneer iemand ’n taak te stadig na my sin uitvoer.
11.	Ek raak geïrriteerd wanneer iets nie deeglik gedoen word nie.
12.	Ek jaag gewoonlik deur my take om dit so gou moontlik af te handel.
13.	Ek voel dat ek konstant onder druk is om meer gedoen te kry.
14.	Ek het minder as my regmatige verlof oor die afgelope paar jaar geneem.
15.	Ek vind dikwels dat my gedagtes afdwaal na ander onderwerpe terwyl ek na ander mense luister.
16.	Ek voel gewoonlik verplig om met aggressiewe mense mee te ding.
17.	Ek neig om te vinnig te praat.
18.	Ek is te besig met my werk om tyd te hê vir stokperdjies, kulturele aktiwiteite, sport of ander buitemuurse aktiwiteite.
19.	Ek is trots op my prestasievermoë wanneer ek onder druk moet werk.
20.	Ek hou nie daarvan om vir ander te wag om eers húlle werk te voltooi alvorens ek met my eie werk kan voortgaan nie.
21.	Mense sê ek raak maklik geïrriteerd.
22.	Ek is geneig om oorhaastig met ’n taak te begin; dikwels voordat ek die prosedures/handleiding deeglik bestudeer het.
23.	Ek neem gewoonlik werk saam wanneer ek met verlof/vakansie gaan.
24.	Ek voel skuldig om tyd af te neem van my werksverpligtinge.
25.	Mense sê dat ek ’n slegte humeur het in mededingende situasies.
26.	Ek neig dikwels om my humeur te verloor onder druk.
27.	Ek neig om teen tyd te jaag.
28.	Ek het geen geduld met onstiptelikheid nie.
29.	Ek vind dikwels dat ek onnodig jaag.
30.	Wanneer ek eers iets begin het, voel ek dat dit voltooi móét word.
31.	Ek is byna nooit laat vir afsprake nie.
32.	Ek maak my gevoelens selde bekend.
33.	Ek stel altyd teikendatums aan myself.
34.	Ek neig om prestasie in terme van getalle (hoeveelheid/persentasie) te meet.
35.	Ek is altyd haastig.

Stres: Persoonlikheidskaal Antwoordblad

VRAAG NOMMER	U ANTWOORD			
1	1	2	3	4
2	1	2	3	4
3	1	2	3	4
4	1	2	3	4
5	1	2	3	4
6	1	2	3	4
7	1	2	3	4
8	1	2	3	4
9	1	2	3	4
10	1	2	3	4
11	1	2	3	4
12	1	2	3	4
13	1	2	3	4
14	1	2	3	4
15	1	2	3	4
16	1	2	3	4
17	1	2	3	4
18	1	2	3	4
19	1	2	3	4
20	1	2	3	4
21	1	2	3	4
22	1	2	3	4
23	1	2	3	4
24	1	2	3	4
25	1	2	3	4
26	1	2	3	4
27	1	2	3	4
28	1	2	3	4
29	1	2	3	4
30	1	2	3	4
31	1	2	3	4
32	1	2	3	4
33	1	2	3	4
34	1	2	3	4
35	1	2	3	4

Stres Persoonlikheidskaal: Interpretasie

Kry u telling op die Stres Persoonlikheidskaal deur die totaal van u antwoorde op die antwoordblad op te tel:

U TELLING

INTERPRETASIE

SKAAL	SIMBOOL	U TELLING	BETEKENIS
35-60	B+		U is ietwat passief en toon nie baie dryfkrag nie.
61-88	B-		U benader take op 'n sistematiese en planmatige wyse (Ideale kategorie), u neig tipies tot: • Onderdrukking van persoonlike gevoelens. • Rustigheid. • Neem nie oorhaastige besluite nie. • Planmatig.
89-110	A-		U is in staat tot dryfkrag en ambisie. U handel take vinnig en deeglik af.
111-140	A+		Tipiese drywer-persoonlikheid. U neig tot werkoholisme of is reeds 'n werkoholis. U is op 'n uitbrandingspad en 'n tipiese kandidaat vir 'n hartaanval; (as u nie alreeds 'n angina-lyer is of hartverwante siekte-toestande het nie). U neig tipies tot: • 'n Gejaagde lewenspatroon. • Oordrewe pligsbesef. • Aggressiwiteit. • Humeurig met tye. • Neem dikwels impulsiewe besluite. • Doen verskeie dinge gelyktydig. • Ongeduldig. • Kompeterend. • Dryf uself voortdurend.

Alle mense toon van tyd tot tyd beide A-Tipe en B-Tipe karaktertrekke. Hierdie vraelys kan onmoontlik die totale kompleksiteit van die mens weerspieël en dien slegs as hulpmiddel om u te help om bepaalde insigte aangaande u eie komplekse persoonlikheid en temperament te verkry. U kan nie u temperament **verander** nie, u kan egter leer om self u temperament te "bestuur" ("manage").

GEMIDDELDE LEWENSVERWAGTING:

- A-Tipe persoonlikheidsprofiel = 59-62jr
- B-Tipe persoonlikheidsprofiel = 71-75jr

	Om 'n beter begrip van Tipe-A en Tipe -B persoonlikheidstipes te verkry lees 3.7.3.1 en 3.7.3.2 van die handleiding aandagtig deur en maak vir uself notas van die eienskappe van u persoonlikheidstipe. Onthou Tipe-B is die teenpool van Tipe-A persoonlikheid. Dit is belangrik om in u notas te let op die impak wat u persoonlikheidstipe het op u vatbaarheid vir die belewing van spanning of stres.

Die lewe van 'n predikant bestaan uit interaksie met mense. Natuurlik verskil elke verhouding en konteks waarin predikante mense ontmoet. Wanneer hierdie interaksies plaasvind, is dit noodsaaklik om uself af te vra of u betrokke moet raak of by die huis moet bly? Beide hierdie besluite het gevolge. In 'n sekere mate bevind u uself in 'n dilemma: Indien u gaan sal dit waardevolle "energie kapitaal" verbruik. Indien u nie gaan nie kan u "sosiale kapitaal" moontlik afneem. Dit kan moeilik wees om te weet watter besluit die regte een is. Om die rede mag dit nodig wees om tyd te bestee om oor hierdie besluit na te dink om vas te stel wat op daardie oomblik die regte keuse vir u is. Om u met hierdie tipe besluite te help kan u die onderstaande sosiale besluitneming kalkulasietabel gebruik.

	Voeg 'n waarde by elk van die onderstaande stellings op 'n skaal van 1 tot 10. Besluit tot watter mate elke stelling op u van toepassing is. Hoe meer u met die stelling saamstem of hoe meer dit op u van toepassing is, hoe hoër sal die waarde wees wat u by elke stelling plaas.

_____ 1. Het u genoeg energie om die dinge te doen wat u graag wil?

_____ 2. Hoe belangrik is hierdie geleentheid vir u geliefdes (bv. familielede, huweliksmaat of kinders)?

_____ 3. Hoe belangrik is hierde geleentheid vir ’n saak wat vir uself van persoonlike waarde is?

_____ 4. Stel u belang daarin om ’n nouer verhouding te hê met die persone betrokke by die geleentheid?

_____ 5. Is daar vir u die keuse om enige tyd die geleentheid te verlaat indien die behoefte sou ontstaan?

_____ 6. Sal u die geleentheid geniet? Wat was u ervaring van soortgelyke gebeure in die verlede?

_____ 7. Sal u na die afloop van die geleentheid tyd hê om te herstel?

Totaal_____

Tel u telling by elke item op om ’n groot totaal te verkry. Indien u totaal in die hoë 40, 50, of 60 is, sal u waarskynlik die geleentheid kan bywoon sonder veel persoonlike spanning. Indien u totaal in die lae 20 of 30 is, moet u dit deeglik oorweeg of u werklik die geleentheid moet bywoon. Dink na oor die vrae voor u tot ’n besluit kom. Dink ook goed na oor die moontlike gevolge vir uself of ander wat betrokke is.

5.3.8.2 Interaksie met mense: U sosiale energie

Soos u reeds hierbo geleer het, gebruik interaksie met mense baie energie. Natuurlik het predikante net soos ander mense net ’n beperkte hoeveelheid energie en tyd beskikbaar. Hieronder is ’n interaksie en energie tabel: Lys die mense in u lewe op hierdie tabel. Oorweeg dan hoeveel energie u vir elk benodig. Bou of dreineer hierdie persone u energie? Vir elke verhouding is daar ook ’n “diskresie” kolom, let op of u interaksie met hierdie persone noodsaaklik of vrywillig is - met ander woorde, kan u met diskresie optree binne die beskikbare tyd wat u aan die verhouding bestee? As die persoon baie aandag verg, kan u nie veel diskresie gebruik nie, maar as dit iemand is wat nie dringende aandag verlang nie kan u meer diskresie gebruik omdat u ’n keuse het. In die laaste kolom kan u dink aan ’n strategie wat u kan help om die verhouding te bestuur. Indien die persoon u energie opbou kan u beplan om meer tyd saam met die persoon te bestee. Indien die persoon u energie tap, kan u tydlimiete stel aan die kontak met die persoon.

Interaksie en energie tabel

Persoon se naam	Bou of dreineer energie?	Vlak van diskresie	Strategie

5.3.8.3 Toon u beskikbaarheid aan

U sal u werk en persoonlike omgewing beter kan bestuur indien u vir die mense rondom u duidelike instruksies gee met betrekking tot u beskikbaarheid.

Dink aan u beskikbaarheid in terme van 'n verkeerslig wat u beskikbaarheid aantoon. 'n Groen lig wys dat u rustig is en nie omgee om lastig geval te word nie. 'n Geel lig toon aan dat u taamlik besig is en dat u slegs op afspraak gepla kan word. Die rooi

lig wys dat u onder geweldig druk verkeer en nie gesteur moet word nie tensy dit ’n noodgeval is. Hierdie sisteem benodig ’n visuele kommunikasie platform en ’n verduideliking aan die gemeente van hoe dit werk. Natuurlik moet u die meriete van elke saak eers goed evalueer voor u besluite neem.

5.3.8.4 Skep ’n lewensvisie

Die beste manier om u lewe met vervulling te kan lewe is om vir uself ’n lewensvisie te skep wat in u persoonlike sterkpunte gegrond is.

	Skets u persoonlike lewensvisie hieronder. Vul die wie, wat, wanneer en waar van u lewensvisie in. Om u hiermee te help kan u die volgende vrae beantwoord:

Maak vir uself notas oor u lewensvisie. Dink aan wat die einddoel van u lewe moet wees. Met ander woorde, as u aan die einde van u lewe op u lewenspad terug kyk wat sal u graag in u lewe wou bereik het?

Wanneer u aan u lewensvisie dink, wat sal u die gelukkigste maak en u die meeste betekenis gee?

Waar speel u lewensvisie af? Is dit ’n rustige of chaotiese omgewing? Hoe bestuur en beheer u die chaos?

Waarom is hierdie lewensvisie vir u belangrik? Wat is u persoonlike waardes wat hier ter sprake kom?

Wie is saam met u op hierdie reis? Watter rol vervul hierdie persone in u lewensvisie? Hoeveel tyd spandeer u saam met ander en hoeveel in afsondering?

Wanneer speel u lewensvisie af? Wat moet nog plaasvind voor dit vir u ’n realiteit kan word?

Watter stappe moet u vandag neem om u lewensvisie te bewerkstellig? Hierdie stappe kan prakties of emosioneel wees.

Koördineer u gedagtes en beskryf u lewensvisie. Hoe meer u lewensvisie in pas is met u persoonlikheid, hoe meer tevrede sal u met u lewensvisie wees. Byvoorbeeld, u wou dalk reeds vir ’n geruime tyd ’n langgekoesterde begeerte vervul, maar u het uself nog nie toestemming gegee om dit te doen nie. Dalk is dit om ander te dien of om ’n musiek talent te ontwikkel. Omskryf u lewensvisie deur ’n primêre stelling te formuleer.

5.3.8.5 Omhels u kwesbaarheid

'n Toenemende self-bewustheid help ons om te fokus op dit wat vir ons kosbaar is. Met hierdie bewustheid kom die erkenning dat ons kwesbaar is. Meeste van ons het in 'n kultuur grootgeword waarin ons nie graag oor ons eie kwesbaarheid wil praat nie. Daar is gewoonlik geen ruimte vir kwesbaarheid nie. Ons samelewing verwag 'n "ek kan alles doen" houding wat weier om "stop" of "nee" te sê. Kwesbaarheid word as 'n swakheid gesien. Maar 'n groter bewustheid van ons kwesbaarheid kan aanleiding gee tot versigtigheid en 'n meer sorgsame besluitnemingsproses. Elke oomblik van ons lewens het die potensiaal waarin ons iets kan doen of sê wat ons eerder nie moes nie. Indien ons hierdie dinge ontken sny ons onself van die werklikheid af en mors ons energie om van die realiteit van ons kwesbaarheid te probeer ontsnap.

Om ons eie kwesbaarheid te omhels vereis van ons om ons eie onvolmaaktheid te aanvaar. Kwesbaarheid is nie 'n swakheid nie! Alleenlik wanneer ons dapper genoeg is om ons eie donkerkant te ondersoek sal ons in staat wees om die oneindige krag van die Lig te omhels! Dit is soms moeilik om "nee" te sê vir mense omdat hulle probleme nie nou u aandag kan geniet nie of bloot omdat u net nie die energie daarvoor het nie. Dit kan soms ook dapperheid verg om stil te bly en niks te sê wanneer die geleentheid nie reg is nie. Ons moet onsself egter nie die geleenthede ontsê om te leer om ons eie kwesbaarhede en imperfeksies te verstaan nie. Sonder om hierdie probleem te te erken, hoe sal ons dit kan oorwin? Sukses is nie om al die antwoorde te hê of die vermoë te besit om alles te kan doen en grenslose energie te hê nie. Sukses is om sensitief te wees vir die beperkings van ons vermoë en dit effektief te bestuur.

	Met inagname van u persoonlikheidstipe en dit wat u van die Bybelse persoon met dieselfde persoonlikheidstipe as u geleer het: Hoe sal u uself beskryf indien u die waarheid oor uself sonder vrees vir veroordeling aan ander kan vertel?

5.3.9 Ten slotte

Dankie dat u tyd afgestaan het om hierdie kursus te voltooi. Ek vertrou dat die kennis wat u hieruit gekry het van onskatbare waarde sal wees.

Onthou, slegs wanneer u uself ken en u eie behoeftes in ag neem kan u optimaal u dienswerk verrig en optimaal funksioneer. Selfkennis moet die konstante bewustheid van u persoonlikheidseienskappe insluit. 'n Doelgerigte lewe moet ook in verhouding met u persoonlikheid plaasvind. Wanneer daar nie 'n effektiewe balans tussen u doelstellings en persoonlikheid is nie sal frustrasie, stres en ongelukkigheid die resultaat wees.

	Neem 'n paar minute om na te dink oor hoe hierdie kursus bygedra het tot u eie self-bewustheid. Wat het u oor uself ontdek? Hoe voel u nou oor uself as predikant. Gaan bestudeer weer die inligting oor die Johari huis in 5.3.1.5 en kyk weer na wat u van uself geleer het, veral u potensiaal waarvan u onbewus was.

5.4 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

Hierdie hoofstuk het gepoog om 'n pastorale toerustingmodel met behulp van persoonlikheidsontleding daar te stel. Die oorkoepelende doelstelling met hierdie hoofstuk was om predikante in die GKSA met selfkennis te bemagtig om sodoende moontlike toekomstige diensverlating te voorkom. Om hierdie doelstelling te bereik bestaan hierdie hoofstuk uit 'n prakties-uitvoerbare kortkursus om die genoemde predikante sistematies tot 'n beter selfkennis te begelei. Hierdie kortkursus het teoretiese sowel as praktiese oefeninge ingesluit om inter- en intrapersoonlike bewustheid te verhoog. Met die kursus word die deelnemers sistematies begelei om 'n beter begrip te hê oor vrae soos "wie is ek", "hoe tree ek op", "hoe behoort ek op te tree" en "hoe kan die Here my gebruik."

As 'n pastorale toerustingsmodel het hierdie kortkursus ook aandag geskenk aan die deelnemers se geestelike bewustheid en persoonlike verhouding met die Here.

Hierdie bewustheid bestaan spesifiek daaruit dat die Here gewone mense tot sy diens roep maar ook Bybelse persone wat dieselfde persoonlikheidstipe as die deelnemer het. Hierdie geestelike verryking behoort ’n dieper en meer persoonlike verhouding met die Here tot gevolg te hê. Die deelnemer word bewus van die wyse waarop die Here die mense met bepaalde persoonlikheidseienskappe kan en wil gebruik om op ’n besondere maar tog unieke wyse op te tree.

’n Belangrike doelstelling van die gevolgtrekkings was om die deelnemer toe te rus met interpersoonlike bewustheid. Die deelnemers word spesifiek begelei om hulle eie persoonlikheidseienskappe in sosiale en interpersoonlike integrasie in ag te neem en spesifieke gevolge van spesifiek gedrag te antisipeer. Hierdie bewustheid behoort die deelnemer toe te rus met genoegsame bewustheid om interpersoonlike konflik te bestuur asook mislukte kommunikasie te voorkom.

In ’n poging om selfkennis en persoonlike effektiwiteit te verhoog word die deelnemers ook toegerus om hulle unieke persoonlikheidseienskappe te benut om die nuwe wêreld van kerk te kan bemeester. Hierdie indiepte begrip van hulle persoonlikheidstipe en watter impak dit op hulle lewens en verhoudings het behoort predikante in staat te stel om beter beheer te neem oor hulle omgewing en die mense daarbinne.

Laastens het hierdie kortkursus ook gepoog om die deelnemers tot effektiewe selfsorg te begelei. Hiermee is spesifiek gepoog om predikante in die GKSA toe te rus ten einde pro-aktief gevaartekens of rooi ligte in hulleself waar te neem en intervensiestrategieë in werking te stel. Hierdie selfsorgstrategie is gebaseer op fisiese, emosionele, intellektuele en geestelike gesondheid. Om predikante vir toekomstige effektiewe selfsorg toe te rus word hulle ook begelei om vanuit hulle persoonlikheidstipe hulle eie vatbaarheid vir die belewing van stres te bepaal en dienooreenkomstig te bestuur. Ook is daar gefokus op die bewuswording van hulle eie kwesbaarheid en die belangrikheid om dit in hulle bedieningswerk te verken.

Die kursus word afgerond deur predikante te begelei om in verhouding met hulle persoonlikheidstipe hulle eie lewensvisie te formuleer en ook doelstellings te formuleer om dit na te streef.

In retrospeksie, dien die verskillende afdelings van hierdie kortkursus as pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA. Na voltooiing van die kortkursus behoort predikante genoegsame selfkennis te besit om hulself in die bediening so te handhaaf dat diensverlating voorkom kan word.

HOOFSTUK 6
GEVOLGTREKKING

6.1 INLEIDING

Hierdie studie het gepoog om ’n pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA ter voorkoming van diensverlating daar te stel. Om hierdie doel te bereik het hierdie studie gebruik gemaak van persoonlikheidsontleding as hulpdissipline. Omdat diensverlating die afgelope tien jaar in die GKSA toegeneem het, het hierdie studie gepoog om diensverlating pro-aktief aan te spreek. Die toenemende diensverlating van predikante bring die woordverkondiging in gedrang. Die noodsaak om diensverlating aan te spreek raak die eer van God en die koms van die koninkryk. Hierdie interdissiplinêre studie het dus gedien as ’n heelhartige poging om die saak so effektief moontlik aan te spreek. Die pastoraat en die sielkunde is deur hierdie studie gebruik as komplimentêre dissiplines om die saak van die koninkryk van God te dien.

Die navorsingsmodel van Osmer (2008) is deur die loop van die studie toegepas en die volgende navorsingsvrae is beantwoord: (1) Hoe kan persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot ’n pastorale toerustingsmodel meewerk? (2) Kan die persoonlikheidsmodel van Hippocrates geldige en betroubare resultate oplewer en op die predikante in die GKSA as unieke groep toegepas word? Hier is *empiriese navorsing* gedoen om die navorsingsvraag te beantwoord. Hier is Osmer (2008) se eerste navorsingstaak, die beskrywende taak of die vraag “wat is besig om te gebeur?”, beantwoord. (3) Hoe kan persoonlikheidsontleding as hulpmiddel gebruik word om predikante in die GKSA met selfkennis toe te rus? Meer spesifiek, hoe kan die persoonlikheidsmodel van Hippocrates hiertoe bydra? Hier is Osmer (2008) se tweede navorsingstaak, die interpretiewe taak of die vraag “waarom is dit besig om te gebeur”, beantwoord. (4) Watter Skrifperspektiewe kan geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidstipes die beste omskryf? Hier is Osmer (2008) se derde navorsingstaak, die normatiewe taak of die vraag “wat behoort te gebeur”, beantwoord. (5) Watter pastorale toerusting kan met behulp van persoonlikheidsontleding daargestel word om predikante in die GKSA met selfkennis te bemagtig? Hier is Osmer se vierde navorsingstaak, die pragmatiese of strategiese taak beantwoord. Hierdie taak is daarop gefokus om die vraag: “hoe kan hierop gereageer word?”, te beantwoord.

6.2 DIE VERTREKPUNTE EN OOGMERKE VAN HIERDIE HOOFSTUK

Hierdie hoofstuk sal poog om ’n samevattende gevolgtrekking van die totale studie met sy onderafdelings daar te stel. ’n Oorsigtelike gevolgtrekking van die verskillende navorsingsvrae sal telkens aan die orde gestel word. Hier sal spesifiek aandag geskenk word aan die volgende: Persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot ’n pastorale toerustingsmodel (6.2.1); Persoonlikheidstipes as geldige intervensiemodel vir predikante in die GKSA (6.2.2); Die gebruik van persoonlikheidsontleding in die pastoraat (6.2.3); Skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaar se persoonlikheidstipe (6.2.4); ’n Pastorale toerustingsmodel met behulp van persoonlikheidsontleding (6.2.5).

6.2.1 Persoonlikheidsontleding as hulpdissipline tot ’n pastorale toerustingsmodel.

Hierdie navorsingsafdeling het gedien as inleiding tot die studie om predikante in die GKSA met behulp van persoonlikheidsontleding toe te rus om intra- en interpersoonlike vaardighede te bevorder. Hier is gepoog om Osmer (2008:32) se eerste navorsingsvraag: “*Wat is besig om te gebeur*?” te beantwoord. Hier is vasgestel dat predikante hulself in ’n krisis bevind. ’n Groot aantal predikante verlaat die bediening vanweë faktore soos stres, moedeloosheid, hoë eise wat die bediening stel, skuldgevoelens, negatiewe denke, uitbranding, verlies van passie, verlies van werkvreugde, interpersoonlike konflik, innerlike konflik asook eensaamheid en isolasie. Om die rede is dit noodsaaklik om predikante vir die uitdagings van die hedendaagse bediening toe te rus deur hulle emosionele en geestelike welstand te bevorder.

Hier is vasgestel dat die persoon van die predikant of “wie hy/sy is” ’n integrale rol in elke aspek van sy/haar dienswerk en lewe speel. Die predikant se persoonlikheid is met ander woorde met alle aspekte van sy/haar ampswerk verweef. God roep persone met verskillende persoonlikheidstipes tot sy diens en rus hulle vir hulle dienswerk toe. Hier is ook vasgestel dat persoonlikheidsontleding gebruik kan word om predikante met selfkennis en selfinsig toe te rus. Die pastoraat en die sielkunde deel in hierdie studie dieselfde navorsingsveld. Die pastoraat neem met ander woorde persoonlikheidsontleding as afdeling van die sielkunde “in diens” om die navorsingsdoelstelling te bereik. Hier is aangetoon dat die wisselwerking tussen die pastoraat en sielkunde in ’n toerustingsmodel kan voortvloei om predikante in die GKSA vir die uitdagings in die hedendaagse bediening toe te rus. Crabb (2013) se “twee boeke” benadering tot navorsing en Joubert (2005) se Trigotomiese

terapeutiese model het aangetoon dat die integrasie van die sielkunde en pastoraal met ’n studie soos hierdie inderdaad moontlik is.

Hierdie studie het ook vasgestel dat die persoonlikheid van ’n predikant met elke aspek van sy dienswerk verweef is en om dié rede noodsaaklik is om te ondersoek. Dit is daarom ook noodsaaklik om persoonlikheidsontleding in die toerusting van predikante in te sluit. Die uiteensetting van verskillende persoonlikheidsmodelle het die deur oopgemaak om predikante met verbeterde selfkennis en selfinsig toe te rus. Die verstaan van eie persoonlikheidstipe en interne sielkundige prosesse wat aanleiding gee tot bepaalde gedrag, dra by tot werkstevredenheid. Dit behoort predikante te bemagtig om hulle unieke eienskappe te benut. Hierdie studie het ook vasgestel dat ’n deeglike kennis van persoonlikheidstipes die lewens van predikante kan verryk deur verbeterde selfkennis en interpersoonlike vaardighede te verhoog.

6.2.2 Persoonlikheidstipes as geldige intervensiemodel vir predikante in die GKSA

In hierdie afdeling van die studie is persoonlikheidsontleding as hulpmiddel in ’n pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA om diensverlating te verhoed, ondersoek. Die persoonlikheidsmodel van Hippocrates is in die spesifieke konteks van die predikante in die GKSA deur middel van ’n *empiriese studie* ondersoek. In die lig van die verspreiding van persoonlikheidstipes onder predikante is risikofaktore geïdentifiseer wat bepaalde persoonlikheidstipes kwesbaar maak vir moontlike diensverlating. In geheel beoordeel is die verteenwoordiging van die persoonlikheidskombinasie onder predikante in die GKSA verspreid en word elk van die vier primêre persoonlikheidstipes in ’n mindere of meerdere mate verteenwoordig. Die grootste persentasie van predikante sorteer binne die Flegmatiese persoonlikheidskombinasies. Die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes word die laagste onder predikante verteenwoordig. Daar is dus vasgestel dat daar ’n algemene gerigtheid na die onemosionele persoonlikheidstipes bestaan.

Daar blyk ’n verband te bestaan tussen die soort werksaktiwiteite wat persone vervullend vind en die tipe omgewing wat persone verkies. Wanneer daar ’n dinamiese interaksie tussen die persoon en die omgewing bestaan, blyk dit beroepservaring positief te beïnvloed. Persoonlikheidstipes verskaf waardevolle inligting wat uit interaksie met die werksomgewing voortvloei. Dit blyk dat verskillende werksomgewings verskillende belonings en geleenthede vir verskillende persoonlikheidstipes bied. Dit blyk ook dat verskillende persoonlikheidstipes deur verskillende werksomgewings gemotiveer word en dit wat interessant en

bevredigend is, verskillend beleef. Dit blyk dat bepaalde persoonlikheidseienskappe persone aangetrokke tot sekere beroepe maak. Binne hierdie voorkeurberoep het persone dan die geleentheid om gemaklik met hulle voorkeurgedrag te funksioneer. Om die rede deel persone in dieselfde beroep soortgelyke persoonlikheidstipes. Omdat daar 'n geneigdheid in die GKSA na die Flegmatiese persoonlikheidstipe bestaan, blyk die rolvereistes van predikante in die GKSA ook in lyn te wees met die kenmerke van hierdie persoonlikheidstipe.

Persoonlikheidstipes wat 'n groter verteenwoordiging binne 'n gegewe beroep het vertoon normaalweg ook 'n groter mate van werkstevredenheid omdat hierdie persoonlikheidstipes gewoonlik ook meer "in-pas" met hulle gekose beroep is. Die persoonlikheidstipes wat 'n lae verteenwoordiging binne 'n gegewe beroep het, loop 'n groter risiko vir die ervaring van sielkundige spanning. Persone met hierdie persoonlikheidstipes vertoon ook 'n groter intensie om 'n beroep te verlaat as die persoonlikheidstipes wat meer verteenwoordig word. Persoonlikheidstipes blyk 'n bepalende rol te speel by positiewe of negatiewe beroepservaring. By die predikante in die GKSA is vasgestel dat die Flegmatiese persoonlikheidskombinasie die meeste verteenwoordig word wat beduidend is van die feit dat persone met hierdie persoonlikheidskombinasies die groep verteenwoordig wat die meeste tot die bediening in die GKSA aangetrokke is. Daar kan dus aanvaar word dat hierdie persone om dié rede oor die algemeen ook positiewe beroepservaring behoort te beleef. Aan die teenoorgestelde pool is die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidskombinasies wat die laagste verteenwoordig word, moontlike risiko groepe. Hierdie groepe behoort oor die algemeen ook die laagste werkstevredenheid aan te toon. Hierdie studie het ook vasgestel dat die vraelys wat gebruik word om die vier persoonlikheidstipes te identifiseer, akkurate en geldige resultate oplewer. Die geldigheid van die resultate is met behulp van die rapportering en verifiëring metode bepaal.

Uit hierdie studie is die Sanguiniese en Melancholiese persoonlikheidstipes ook as risiko groep geïdentifiseer vir die belewing van lae lewensukses en lewenstevredenheid sowel as die belewing van depressie. Die belewing van lae lewensukses en lewenstevredenheid mag ook 'n rol by die predikant se beroepservaring speel. Weens die emosionele aard van die Melancholiese en Sanguiniese persoonlikheidstipes mag hierdie persone meer deur stresfaktore in die bediening geaffekteer word. Stresfaktore soos moedeloosheid, oorsensitiwiteit, verpersoonliking van kritiek, voortdurende skuldgevoelens en negatiewe denke beïnvloed hulle ervaring van stres in die bediening. Met inaggenome stresfaktore

onder predikante in die GKSA, blyk hierdie persoonlikheidstipes besonder kwesbaar vir die ervaring van spanning en moontlike diensverlating te wees.

Die verhouding tussen die verskillende persoonlikheidskombinasies en die twee stres-persoonlikheidstipes is ook ondersoek. Die resultate wat op die stres-persoonlikheidskaal verkry is toon dat die meerderheid predikante in die GKSA ten tyde van die navorsing 'n Tipe B- stres-persoonlikheid getoon het. Die rede vir die verspreiding van die Tipe B- persoonlikheidstipe onder predikante in die GKSA korreleer positief met die geneigdheid na die Flegmatiese persoonlikheidstipe wat soortgelyke verspreiding onder predikante in die GKSA toon. Die Tipe B- stres-persoonlikheidstipe blyk geneig te wees tot die internalisering van emosies. Dit verhoog die risiko vir koronêre hartsiektes, maagsere, depressie en ander psigosomaties simptome. Hier loop veral die Melancholiese persoonlikheidstipe die risiko vir oormatige selfkritiek en depressie tydens stresbelewing. Met hierdie studie is bevestig dat die emosionele persoonlikheidstipes, veral die Melancholiese predikante met 'n introverte-emosionele persoonlikheidstipe, besondere risiko loop vir die belewing van negatiewe emosies en veral die verlies van lewensbelangstelling.

Die Tipe A- stres-persoonlikheid blyk taamlik verspreid onder die vier primêre persoonlikheidstipes voor te kom. Die meerderheid predikante wat Tipe A-persoonlikheid getoon het, het aan die Melancholiese persoonlikheidstipe behoort. 'n Groot minderheid van die respondente het met die stres-persoonlikheidstudie aan die ekstreme punte van die stres-persoonlikheidskaal gesorteer. Slegs respondente met 'n Flegmatiese persoonlikheidstipes het Tipe B+ gedragspatrone getoon. Predikante wat Tipe B+ gedrag toon loop die risiko om afsydig te wees en mag moontlik belangstelling in hulle werk of in die lewe oor die algemeen verloor. Hierdie groep predikante kan ook as 'n risikogroep beskou word. Tipe A+ stres-persoonlikheid het onder die vier primêre persoonlikheidstipes verspreid voorgekom. Dit blyk dat daar onder predikante in die GKSA 'n geneigdheid tot selfstandigheid en die onvermoë of onwilligheid om take of werk te delegeer te bestaan. Hierdie behoefte om take self te hanteer en onvermoë om take te delegeer maak predikante oor die algemeen kwesbaar vir die belewing van stres en uitbranding.

Die navorsing in hierdie studie verskaf aan predikante 'n konseptuele raamwerk van effektiewe gedrag en individuele verskille. Hierdie hoofstuk het vasgestel dat daar 'n verhouding tussen persoonlikheidstipes, rolvereistes en persoonlike ingesteldheid bestaan wat perspektief bied oor die positiewe funksionering van predikante in die GKSA. Hierdie studie lewer ook 'n bydrae tot die passing van inherente

persoonlikheidsbehoeftes by eksterne vereistes van die roeping by predikante in die GKSA. Deur middel van pastorale toerusting met behulp van persoonlikheidsontleding kan nuwe benaderings vir die individu ontwikkel word wat binne 'n bepaalde werksomgewing meer effektief en belonend mag wees. Die uiteindelike gevolg moet die predikant se positiewe werkservaring wees. Dit is veral belangrik dat daar tydens die pastorale gesprek ondersoek ingestel moet word na elke persoonlikheidstipe se voorkeurgedrag en inherente persoonlikheidsbehoeftes - veral gedrag en behoeftes wat aanleiding tot interpersoonlike konflik of sielkundige spanning kan gee.

6.2.3 Die gebruik van persoonlikheidsontleding in die pastoraat

In 'n poging om vas te stel of persoonlikheidsontleding as hulpdissipline in die pastoraat kan meewerk, het hierdie studie vasgestel dat persoonlikheidsontleding inderdaad 'n aktiewe rol in die toerusting van predikante kan speel. Met die ondersoek na persoonlikheid is gepoog om Osmer (2008) se tweede navorsingsvraag: "*waarom is dit besig om te gebeur*?" te beantwoord. Om die kompleksiteit van persoonlikheid en die rol daarvan in die bedieningswerk van die predikant te verreken is 'n breedvoerige ondersoek na persoonlikheid as teoretiese konsep ingestel. Hier is aandag geskenk aan Hippocrates se vier persoonlikheidstipes en die algemene persoonlikheidsteorie insluitend Tipe-A en Tipe-B stres-persoonlikheidstipes. Die gebruikmaking van persoonlikheidsontleding maak die deur oop tot verbeterde selfkennis en selfinsig. Die verstaan van eie persoonlikheidstipe en interne sielkundige prosesse wat aanleiding gee tot bepaalde gedrag, kan werkstevredenheid asook inter- en intrapersoonlike verhoudings verbeter. Hierdie selfkennis dra ook tot die ontdekking van swak en sterkpunte by. Kennis van persoonlikheidstipes verhoog ook die verstaan van hoe iemand ander persone in 'n bepaalde omgewing benader. Gevolglik kan 'n deeglike selfkennis predikante bemagtig om hulle unieke eienskappe te benut.

Selfkennis en selfinsig is uiters noodsaaklik vir suksesvolle interaksie met mense. Indien persone bewus is van hulle individuele waarde, eienskappe, wyse van optrede en tekortkominge - veral vanuit 'n Christelike perspektief gesien - sal hulle bemagtig word om stabiliteit in hulle lewens en verhoudings te bring. Verder is dit duidelik dat persoonlikheid 'n groot invloed het op alles wat die mens doen. Persoonlikheid beïnvloed persone se optrede, beroepskeuse, asook die persepsies wat persone van hulleself en ander vorm. Persoonlikheid beïnvloed ook persone se besluitnemingsprosesse en die mate van verantwoordelikheid wat mense vir hulle

gedrag neem. Persoonlikheid bepaal ook hoe afhanklik of onafhanklik persone van ander funksioneer.

Dit is duidelik dat predikante kan baat by die verbeterde selfkennis wat persoonlikheidsontleding bied. Die verstaan van die innerlike werking van persone se gedrag is noodsaaklik. In plaas daarvan om te veroordeel leer persone hoe om gedrag te analiseer en te verstaan. Kennis van persoonlikheidstipes help veral om te sien hoe God die mens geskape het en hoe Hy spesifieke persone wil gebruik. Vanuit die verskillende persoonlikheidsteorieë verstaan ons ten eerste dat God die mens geskape het met sekere eienskappe wat die mens se natuurlike neigings bepaal. Tweedens - dat die interaksie tussen die mens en sy/haar omgewing die vertoning van persoonlikheidseienskappe beïnvloed. Derdens - dat die innerlike sterk en swak punte van persoonlikheidstipes gedrag op verskillende wyses bepaal en beïnvloed.

Die verskillende persoonlikheidstipes verskaf insig dat verskillende mense met verskillende persoonlikheidstipes op verskillende wyses in dieselfde omstandighede optree. Mense met verskillende persoonlikheidstipes sal verskillend op 'n stresvolle omstandigheid reageer. Persoonlikheid het veral 'n invloed op persone se beroep. Beroepskeuse, persoonlik benadering, die prediking, interpersoonlike verhoudings, gewoontes, motiveringsvlak, onderlinge motiewe en selfs godsdiensbeoefening is alles eienskappe wat deur persoonlikheidstipe beïnvloed word. Om die rede is dit duidelik dat 'n deeglike kennis van individuele persoonlikheidstipe uiters noodsaaklik in die toerusting van predikante in die GKSA is.

Diensverlating kan aktief teengewerk word indien predikante verstaan hoe hulle individuele persoonlikheidstipe hulle werk- en leefwêreld beïnvloed en die impak wat dit op hulle persoonlike lewens uitoefen. Dit is egter ook duidelik dat kennis van persoonlikheid inter- en intrapersoonlike verhoudings positief kan beïnvloed. Om die uniekheid van persone te erken help om persone se unieke gawes maksimaal te benut. Dit help verder om persone tot aktualisering te begelei.

6.2.4 Skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaar se persoonlikheidstipe

In beantwoording van die navorsingsvraag: "Watter Skrifperspektiewe kan geroepe dienaars se spesifieke persoonlikheidstipes die beste omskryf?" het dit uit 'n eksegetiese studie duidelik geword dat God doodgewone mense tot sy diens roep. Hier is Osmer se derde navorsingstaak, die normatiewe taak of die vraag "*wat*

behoort te gebeur", ondersoek. Mense wat selfs tot dade soos moord, egbreek en verraad in staat is, word deur God se Gees getransformeer om doelgerigte en bruikbare instrumente in sy hand te wees. Dit blyk duidelik dat God nie 'n spesifieke prototipe persoon roep nie: God roep elke persoon binne sy eie individualiteit en persoonlikheid om 'n deurslaggewende rol in sy koninkryk en verlossingsplan te speel. Met elk van die bestudeerde persone kom die "wie ek is" in die uitvoering van hulle roepings duidelik na vore. Nie vir een oomblik het God hulle in iemand verander wie hulle nie was nie. Hulle transformasie deur die Heilige Gees het hulle juis gevorm tot die goeie wat God vir hulle in gedagte gehad het.

In 'n poging om spesifieke skrifperspektiewe ten opsigte van die geroepe dienaars se persoonlikheid te identifiseer, is Hippocrates se persoonlikheidsmodel ook in hierdie studie gebruik om God se werksaamhede vir verskillende persoonlikheidstipes te ondersoek. Die rede vir hierdie ondersoek was om te illustreer hoe God uiteenlopende mense tot sy diens roep, toerus en gebruik. Hierdie ondersoek word dan gebruik om predikante geestelik toe te rus deur vergelykings tussen hulself en die spesifieke Bybelse persoon met dieselfde persoonlikheidstipe as hulle, te trek. Die studie het Petrus as Bybelse Sanguiniese persoonlikheidstipe, Paulus as Bybelse Choleriese persoonlikheidstipe, Moses as Bybelse Melancholiese persoonlikheidstipe en Abraham as Bybelse Flegmatiese persoonlikheidstipe eksegeties ondersoek. God het elk van hierdie persone met vrug in sy koninkryk gebruik. Elk van hierdie persone is deur die Heilige Gees getransformeer in bruikbare instrumente.

Ook het dit uit die eksegesetiese studie duidelik geword dat bepaalde persoonlikheidseienskappe aanleiding gee tot bepaalde gedrag of emosionele reaksies. Tog gebruik God hierdie eienskappe van elke unieke individu om op 'n bepaalde wyse die evangelie te verkondig. Dit is egter ook duidelik dat God waarneembare verandering in mense te weeg bring. Elk van hierdie persone kon slegs sukses in hulle roeping behaal deur die leiding van die Heilige Gees. Hulle swakpunte moes in sterkpunte verander om God se besondere roeping en wil te kon uitvoer. Nie een van hierdie vier persone het op hulle eie krag of vermoëns hierdie Godgegewe opdragte uitgevoer nie. Alhoewel hulle dienaars van God was, het hulle steeds met hulle swakhede en sonde geworstel. Hulle dienaarskap het hulle nie in buitengewone mense verander nie, maar wel in verloste mense. Hulle krag het nie in hulleself gelê nie maar in hulle prediking en vertroue in God. Ook getuig hierdie persone se dienswerk dat hulle belangrikheid vir God ook nie onderskat moet word nie. Deur hierdie persone het God sy volk verlos en sy kerk gebou. Hulle dien as

voorbeelde van die tipe mense wat God wil gebruik. Die boublokke van hulle sukses was egter geloof, vertroue en liefde vir God.

Hierdie eksegetiese studie is waardevol vir die toerusting van predikante. Persone met verskillende persoonlikheidstipes kan insig verkry hoe God ander met dieselfde persoonlikheidstipe benut, gebruik en transformeer. Ongeag swakpunte en die worsteling met sonde word dit duidelik dat God juis gewone mense in staat stel om buitengewone resultate te verkry. God slaan duidelik ag op die individualiteit van elke persoon wat Hy roep en rus daardie persoon ook sodanig toe om vanuit sy/haar individualiteit op 'n unieke wyse en op bepaalde plekke 'n impak te maak. Hierdie studie kan om die rede vir die predikant 'n basis van vergelyking word om tot die insig te kom van hoe God hom/haar kan en wil gebruik.

6.2.5 'n Pastorale toerustingsmodel met behulp van persoonlikheidsontleding.

In 'n poging om 'n pastorale toerustingsmodel met behulp van persoonlikheidsontleding vir predikante in die GKSA daar te stel is daar in hierdie studie 'n kortkursus ontwikkel om die genoemde predikante sistematies met selfkennis toe te rus. Hier is op Osmer (2008) se *pragmatiese of strategiese* taak gefokus. Die pragmatiese taak het praktiese toerusting, hulp of leiding ten doel. Hierdie taak poog om die vraag "*hoe kan op die waargenome probleem gereageer word*?" te beantwoord. Die einddoel was om sodoende moontlike toekomstige diensverlating te voorkom. Om hierdie doelstelling te bereik het hierdie kortkursus gepoog om deur middel van beide teoreties sowel as praktiese oefeninge inter- en intrapersoonlike bewustheid te verhoog. Met die kursus word die deelnemers sistematies begelei om 'n beter begrip te hê oor die vrae: "wie is ek", "hoe tree ek op", "hoe behoort ek op te tree" en "hoe kan die Here my gebruik."

As 'n pastorale toerustingsmodel het hierdie kortkursus ook aandag geskenk aan die predikant se geestelike bewustheid en persoonlike verhouding met die Here. Hierdie bewustheid bestaan spesifiek daaruit dat die Here gewone mense tot sy diens roep en ook persone roep wat dieselfde persoonlikheidstipe as die predikant het. Hierdie geestelike verryking behoort 'n dieper en meer persoonlike verhouding met die Here tot gevolg te hê. Die predikant word begelei om bewus te word van die wyse waarop die Here mense met bepaalde persoonlikheidseienskappe op 'n unieke wyse kan en wil gebruik.

In 'n poging om toekomstige diensverlating pro-aktief aan te spreek het die pastorale toerustingsmodel in hierdie studie ook spesifiek gefokus om predikante toe te rus met

interpersoonlike bewustheid. Die deelnemers word spesifiek begelei om hulle eie persoonlikheidseienskappe in sosiale en interpersoonlike interaksie in ag te neem en gevolge van bepaalde gedrag te antisipeer. Hierdie bewustheid behoort die deelnemer toe te rus met genoegsame bewustheid om interpersoonlike konflik te bestuur asook kommunikasievaardighede te verhoog.

In die poging om selfkennis en persoonlike effektiwiteit te verhoog word predikante ook toegerus om hulle unieke persoonlikheidseienskappe te benut om sodoende probleme in hulle werksomgewing te kan bemeester. Met hierdie in-diepte begrip van hulle persoonlikheidstipe en watter impak dit op hulle lewens en verhoudings het, behoort hulle in staat te wees om beter beheer te neem oor hulle omgewing en die mense daarbinne.

In ’n verdere poging om diensverlating pro-aktief teen te werk het hierdie pastorale toerustingsmodel gepoog om predikante tot effektiewe selfsorg te begelei. Hiermee is spesifiek gepoog om predikante in die GKSA toe te rus ten einde gevaartekens of rooi ligte in hulleself waar te neem en intervensiestrategieë in werking te stel. Hierdie selfsorgstrategieë is gegrond in fisiese, emosionele, intellektuele en geestelike gesondheid. Om die deelnemers vir toekomstige effektiewe selfsorg toe te rus word hulle ook begelei om vanuit hulle persoonlikheidstipe hulle eie vatbaarheid vir die belewing van stres te bepaal en dienooreenkomstig te bestuur. Ook is daar gefokus op die bewuswording van hulle eie kwesbaarheid en die belangrikheid om dit in hulle bedieningswerk te verken.

Die predikant word ook spesifiek begelei om hulle eie sterk- en swakpunte te begryp en te ontwikkel. Die eindresultaat van die studie is om die genoemde predikante tot indiepte introspeksie te begelei. Predikante word met hierdie toerustingsmodel pastoraal begelei om die vraag “wie is ek binne die wêreld van my roeping”, te beantwoord. Die predikante wat hierdie toerustingsmodel deurgewerk het behoort die bediening te benader met ’n verbeterde inter- en intrapersoonlike bewustheid. Met ’n verbeterde inter- en intrapersoonlike bewustheid behoort predikante konfliksituasies, stres en emosies beter te hanteer en te bestuur.

6.3 SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKING

In retrospeksie, dien hierdie studie as ’n pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA. Indien hierdie pastorale toerustingsmodel aktief benut kan word in die toerusting van predikante van die GKSA, kan diensverlating pro-aktief help voorkom

word. Persoonlikheidsontleding wat in ’n pastorale toerustingsmodel meewerk skep ’n groter ruimte vir terapeutiese intervensie en pastorale begeleiding.

Hierdie studie het egter enkele beperkings in die toepasbaarheid van die toerustingsmodel op persone wat nie teologiese agtergrond besit nie, geïdentifiseer. Die sielkundige konsepte wat in die studie gebruik is kan ook die toepasbaarheid van die toerustingsmodel belemmer indien hierdie aspekte nie deeglik verken of verstaan word nie. ’n Deeglike begrip van die sielkundige sowel as teologiese onderbou is daarom ’n voorvereiste vir die suksesvolle toepassing daarvan.

Voorstel vir verdere navorsing: Hierdie studie het die weg gebaan vir verdere interdissiplinêre studies om predikante vir hulle dienswerk in ’n snel-veranderende en uitdagende wêreld te bemagtig. Sielkundige konsepte soos emosionele intelligensie, kognisie, gedrag en integriteit kan moontlike gebiede vir navorsing wees. Om hier ’n spesifieke voorbeeld te noem: Integriteit-ontleding is besig om in die korporatiewe wêreld pos te vat. Integriteit-ontleding bestaan daaruit dat persone met bepaalde voorkeurwaardes en morele integriteit geïdentifiseer word om spesifieke rolle binne ’n organisasie te vervul. Op hierdie gebied het die Christelike etiek, asook die pastoraat, nie net in die kerk nie maar in die samelewing as geheel, ’n uiters belangrike rol te speel.

BIBLIOGRAFIE

Adeyemo, T. 2006. Africa Bible Commentary. A One-Volume Commentary Written by 70 African Scholars. Grand Rapids: Zondervan.

Alexander, P. & Alexander, D. 2004. Handboek by die Bybel. Kaapstad: Lux Verbi.

Allen, R. 2010. The complete book of Personality Tests. Learn about and develop your Personakity Quotient. London: Carlton Books.

Almanak van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2015. Volgens opdrag van die Sinode. Jaargang 141. Potchefstroom: Administratiewe Buro.

Angleitner, A. & Ostendorf, F. 1994. Temperament and the big-five factor of personality. The developing structure of temperament and personality from infancy to adulthood. Hillsdale: Erlbaum.

Arnold, C.E. 2002. Zondervan Illustrated Bible Commentary. Volume 2. Grand Rapids: Zondervan.

Atwater, L., Wang, M., Smither, J.W. & Fleenor, J.W. 2009. Are Cultural Characteristics Associated With the Relationship Between Self and Others' Ratings of Leadership? *Journal of Applied Psychology*. American Psychological Association 94 (4):876–886.

Bartenova, D., Lau, N. & Reis, L.P. 2006. Implementation of Emotional Behaviours in Multi-Agent system using Fuzzy Logic and Temperament Decision Mechanism. The College of Information Sciences and Technology. The Pennsylvania State University: Pennsylvania.

Badenhorst, C. & Fleischmann, J. 2008. Predikante kan ook aan stres ly. *Die Kerkblad*, 110(3207):40-41, Jan.

Baron, R.A., Branscombe, N.R. & Byrne, D. 2009. Social Psychology. Twelfth Edition. Pearson International Edition. Boston: Allyn and Bacon.

Barrett, C.K, 1998. The International Critical Commentary on the Holy Scriptures of the Old and New Testaments. Acts Volume 1. Edinburg: T & T Clark.

Becvar, D.S. & Becvar, R.J. 2009. Family Therapy. A Systemic Integration. Seventh Edition. Boston: Pearson.

Bennett, A. & Bennett, L. 2005. The Temperament God Gave You. The Classic Key to Knowing Yourself, Getting Along with Others, and Growing Closer to the Lord. Manchester: Sophia Institute.

Berens, L.V. & Nandi, D. 1999. The sixteen personality types. Descriptions for self-discovery. California: Telos Publications.

Bilsky, W. & Schwartz, S.H. 1994.Values and Personality. *European Journal of Personality*. 8(1):163-181.

Boeree, C.G. 2006. Abraham Maslow. Personality Theories. Psychology Department Shippensburg University: George Boeree.

Bok, M.J. 2009. Was Hendrick ter Brugghen a Melancholic? *Journal of Historians and Netherlandish Art*. 1(2):1-8.

Bosman, P.R. 1999. Paulus se gewetenskap. *Skrif en Kerk*. 20(2):282-297.

Bornman, M. 2013. Die invloedverlies van die kerk as geloofsgemeenskap op Christen adolessente se besluit rondom seksualiteit. *In die Skriflig.* 47(1):1-9.

Borquez, M. 2009. Overcoming the Seven Deadly Emotions. Vereeniging: Christian Art Publishers.

Branch, R.G. 2007. Barnabas: Early Church leader and model of encouragement. *In die Skriflig.* 41(2):295-322.

Branch, R. & Willson, R. 2010. Cognitive Behavioural Therapy for Dummies. 2nd ed. Chichester: John Wiley & Sons.

Breed, D.G., Van Rensburg, F.J. & Jordaan, G.J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: Geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Brett, M.G. 2000. Genesis. Procreation and the politics of identity. Old Testament Readings. New York: Routledge.

Briggs-Myers, I. 1998. Introduction to Type. 6th ed. California: CPP.

Briggs-Myers, I., McCaulley, M.H., Quenk, N.L., Hammer, A.L. 2003. MBTI Manual. A guide to the development and use of the Myers-Briggs Type Indicator Instrument. 3rd ed. California: CPP.

Brittz, L. 2013. Born to win. Cape Town: Struik Christian Books.

Bruck, C.S. & Allen, T.D. 2003. The relationship between big five personality traits, negative affectivity, type A Behaviour, and work-family contact. *Journal of Vocational Behaviour*. 63(1):457-472.

Bruckner, J.K. 2008. Understanding the Bible Commentary Series. Exodus. Michigan: Baker Books.

Burke, J. 2013. Mud and the Masterpiece. Seeing yourself and others through the eyes of Jesus. Michigan: Baker Books.

Burger, J.M. 2004. Personality. 6th ed. Belmont: Wadsworth.

Burger, J.M. 2008. Personality 7th Edition. Belmont: Wadsworth.

Cammeraat, P. 1999. Leren en Leven. No 3. Handboek voor bijbelonderwijs. Mattheüs tot en met Handelingen. Kampen: De Groot Goudriaan.

Carter, P. 2007. IQ and Personality Tests. Assess your creativity, aptitude and intelligence. London: Kogan Page.

Casali, G.L. 2008. Creating Managerial Ethical Profiles: An Exploratory Cluster Analysis. *Electronic Journal of Business Ethics & Organization Studies.* 13(2):27-34.

Cavanaugh, J.C. & Blanchard-Fields, F. 2011. Adult Development and Aging. International Edition. 6th ed. Belmont: Wadsworth.

Clark, L.A. 2005. Temperament as a Unifying Basis for Personality and Psychopathology. *Journal of Abnormal Psychology*. 114(4):505-521.

Cloud, H. & Townsend, J. 1992. Boundaries. When to say yes, how to say no, to take contral of your life. Grand Rapids: Zondervan.

Chae, H., Park, S.H., Lee, S.J., Kim, M., Wedding, D. & Kwon, Y. 2009. Psychological Profile of Sanang Typology: A Systematic Review. *Evidence-Based Complementary Alternative Med*. 6(1):21-9.

Chamorro-Premuzic, T. 2011. Personality and Individual Differences. 2nd ed. Chichester: British Psychological Society & Blackwell Publishers.

Chapman, G. 2007. Woede is 'n keuse. Hoe om 'n kragtige emosie op 'n gesonde manier te hanteer. Vereeniging: Christelike uitgewersmaatskappy.

Chapman, G. 2010a. Desperate Huwelike. Hoop en herstel van julle verhouding. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Chapman, G. 2010b. Vyf Tale van die liefde vir Enkellopend. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Chapman, G. 2010c. Woede is 'n keuse. Hoe om 'n kragtige emosie op 'n gesonde manier te hanteer. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Chapman, G. & White P. 2011. The 5 Languages of Appreciation in the Workplace. Empowering, Organizations by Encouraging People. Chicago: Northfield Publishing.

Cherniss, C. & Goleman, D. 2001. The Emotionally Intelligent Workplace. How to select for, measure, and improve Emotional Intelligence in individuals, groups and organizations. San Francisco: Jossey-Bass.

Chess, S. & Thomas, A. 1996. Temperament Theory and Practice. New York: Brunner Mazel.

Chiappelli, F., Prolo, P., & Cajulis, O.S. 2005. Evidence-based Research in Complementary and Alternative Medicine I: History. *Advance Access Publication*. 2(4):453-458.

Cloud, H. & Townsend, J. 1992. Boundaries. When to say yes. How to say no. To take control of your life. Grand Rapids, Michigan: Zondervan.

Coetzee M. & Schreuder A.M.G. 2002. The relationship between career patterns and personality types. *SA Journal of Industrial Psychology*. 28(1):53-59.

Coetzer, W. 2005. Uitgebrande beraders. Medelye moegheid en sekondêre trauma. Potchefstroom: Ongepubliseer.

Coetzer, W. 2008. Geestelike en emosionele gesondheid van die leraarsgesin. Potchefstroom: Ongepubliseer.

Cole, R.D. 2000. The New American Commentary. An Exegetical and Theological Exposition of the Holy Scripture. Numbers. Nashville: Broadman & Holman Publishers.

Colman, A.M. 2009. Oxford Dictionary of Psychology. New York: Oxford University Press.

Coleman, D. 1996. Emotional Intelligence. Why it can matter more than IQ. London: Bloomsbury.

Comfort, P.W. & Elwell, W.A. 2001. Tyndale Bible Dictionary. A comprehensive guide to the people, places, and important words of the Bible. Tyndale Reference Library. Carol Stream: Tyndale House Publishers.

Corsini, R.J. & Wedding, D. 1995. Current Psychotherapies. 5th ed. Illinois: Peacock Publishers.

Corey, G. 2009. Theory and Practice of Counseling and Psychotherapy. 9th ed. Canada: Thomston Brooks/Cole Cengage Learning.

Crabb, L. 2013. Understanding People. Why we long for relationship. Grand Rapids: Zondervan.

De Klerk, B.J. en De Wet, F.W. 2013. Met die oog op God. Voorveronderstellings van die reformatoriese invalshoek op Praktiese Teologie. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

De Klerk, B.J. & Janse Van Rensburg, F.J. 2005. Preekgeboorte: 'n Handleiding vir Gereformeerde eksegese en prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Die Bybel: Nuwe Afrikaanse Vertaling. 1983. Bybelgenootskap van Suid Afrika: Kaapstad.

DSM-IV-RT 2009. Diagnostic and Syntactical Manual of Mental Disorders. 4th ed. Text Revision. Arlington: American Psychiatric Association.

Derlega, A.J., Winstead, B.A., Jones, W.H. 2005. Personality. Contemporary Theory and Research. 3rd ed. Belmont: Thomson Wadsworth.

Du Toit. A. 2002. Hebreërs vir vandag. 'n Bybelstudie vir dieper denkers. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Du Toit. L.B.H. Handleiding vir die Jung-persoonlikheidsvraelys (JPV). Katalogusnommer: 1879. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Nunn, J.D.G. & Rogerson, J.W. 2003. Eerdmans Commentary on the Bible. Grand Rapids: Eerdmans Publisering.

Dye, K., Mills, A.J., & Weatherbee, T. 2005. Maslow: Men interrupted: Reading management theory in context. *Management Decision. Emerald Group Publishing*. 43(10):1375-1395.

Ellsworth, R. 2005. Moses. God's Man. For challenging times. Darlington: Evangelical Press.

Erdogan, B. & Bauer, T.N. 2005. Enhancing career benefits of employees proactive personality: The role of fit with jobs and organizations. *Personnel Psychology*. 58(1):859-891

Evans, D.E. & Rothbart, M.K. 2006. Developing a model for adult temperament. *Journal of Research in Personality*. 41(1):868-888.

Eysenck, H.J. 1991. Dimensions of Personality: 16, 5 or 3? – Criteria for a Taxonomic Paradigm. *Person. Individual. Differences,* 12(3):773-790.

Fahey, C.J. 2008. Altogether governed by humours: The four ancient temperaments in Shakespeare. Graduate School Theses and Dissertations. University of South Florida (Thesis PHD): Scholar Commons.

Farmer, W.R. 2001a. Internasionaal Commentaar op die Bijbel. Band 1. Kampen: Uitgeverij Kok.

Farmer, W.R. 2001b. Internasionaal Commentaar op die Bijbel. Band 2. Kampen: Uitgeverij Kok.

Faulkner, B.R. 2001. Leaving – why ministers leave the ministry. Advisory group on why Protestant Ministers leave the ministry. Washington: University of Washington.

Feist, J. & Feist, G.J. 2009. Theories of Personality. 7th ed. New York: McGraw-Hill.

Feldman, J. & Mulle, K. 2007. Put Emotional Intelligence to Work. Equip Yourself for Success. Virginia: ASTD Press.

Frankl, V.D. 1954. The Concept of Man in Psychotherapy. *Proceedings of the Royal Society of Medicine.* 47(1):975-980.

Frankl, V.D. 2000. Men's Search for Ultimate Meaning. New York: MJF Books.

Fernando, A. 1998. The NIV Application Commentary. Acts. From biblical text tot contemporary life. Grand Rapids: Zondervan.

Foxcroft, C. & Roodt, G. 2012. Introduction to Psychological Assessment in the South African context. 3rd ed. Oxford: Cape Town.

France, R.T. 2007. The New International Commentary on the New Testament. The Gospel of Matthew. Grand Rapids: Eerdmans Publishing.

France, R.T. 2002. The New International Greek Testament Commentary. The Gospel of Mark. Grand Rapids: Eerdmans Publishing.

Friedman, M & Rosenman R.F. 1974. Type A behaviour and your hart. New York: Knopf.

Fulmer, R.D. 2007. The relationship between inspiration as a psychological construct, temperament, and positive affect. Manhattan, Kansas: Kansas State University (Dissertation - PHD).

Gilley. A., McMillan, H.S. & Gilley, J.G. 2009. Organizational Change and Characteristics of Leadership Effectiveness. *Journal of Leadership & Organizational Studies*. 16(1):28-47.

Goleman, D. 1996. Emotional Intelligence. Why it matters more than IQ. London: Bloomsbury.

Green, J.B. 1997. The New International Commentary on the New Testament. The Gospel of Luke. Grand Rapids: Eerdmans Publishing.

Grobbelaar, K.G. 2007. Hulpverlening tot streshantering by predikante van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA): 'n Pastorale studie. Potchefstroom: NWU. (Proefskrif – PHD.)

Hadacek-Chaplin, 2013. The road to better parenting. *Catholic Digest*. 13(1):64-67.

Hamilton, V.P. 2011. Exodus. An Exegetical Commentary. Grand Rapids: Baker Publishing Group.

Hammer, A.L., & Yeaklry, F.R. 1987. The relationship between "true type" and reported type. *Journal of Psychological Type*, 13(1):52-55.

Hanekom, B. 2004. Gebede wat leiers bid. Kerngedagtes oor leierskap en gebede wat dit verwoord. Wellington: Lux Verbi.

Hanekom, B. & Hanekom, M. 2010. Ontdek jouself voor God. Leer jouself ken in 'n identiteitlose wêreld. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Hardy, S.A. & Carlo, G. 2005. Religiosity and prosocial behaviour in adolescence: the mediating role of prosocial values. *Journal of Moral Education.* 34(2):231-249.

Heitink, G. 1984. Gids vir het pastoraat. Kampen: Kok.

Hartley, J.E. 2000. Understanding the Bible Commentary Series. Grand Rapids: Baker Books.

Heller, D., Judge, T.A. & Watson, D. 2002. The confounding role of personality and trait affectivity in the relationship between job and life satisfaction. *Journal of Organizational Behafior,* 23(7):815-835.

Henry, M. 2010. The New Matthew Henry Commentary. The Classic Work with Updated Language. Zondervan: Grand Rapids.

Hills, M. 2010. Persoonlikheid. Verstaan Jouself. Verstaan Ander. Pretoria: Zeroplus.

Hoge, D.R. & Wenger, J.E. 2006. Pastors in Transition. Why Clergy Leave Local Church Ministry. Grand Rapids: Eerdmans.

Hogan, R., Hogan, J. & Warrenfeltz, R. 2007. The Hogan Guide. Interpretation and use of Hogan inventories: Hogan Assessment Systems, Inc.

Hogan, R. 2013. Hogan Reflect. A new soft-skills solution. Tulds: Graduate Management Admission Council & Hogan Assessment Systems, Inc.

Hogan, R. 2014. EQ in the healthcare industry: Hogan Assessment Systems Inc.

Hogan, R. 2016. Conflict. The secret to successful teams: Hogan Assessment Systems, Inc.

Holland, J.L. 1996. Exploring careers with typology: what we have learned and some new directions. *American Journal of Psychology* 51(1):397-406.

Houwelingen, P.H.R. 1997. Johannes. Het evangelie van het Woord. Kampen: Uitgeversmaatschappij J.H. Kok.

Howard, J.C. 2012. Basic types of Pastoral Care and Counseling. Resources for the Ministry of Healing and Growth. Nashville: Abingdon Press.

Jo, H.G. & Jo, G.I. 2013. The Origin of personality types develop under selective pressures: Introducing Climatic-Adaption Theory. *Hypothesis*. 11(1):1-5.

John, O.P., Robins, R.W. & Pervin, L.A. 2010. Handbook of Personality. Theory and Research Third Edition. London: Guilford Press.

Johns, G. & Saks, A.M. 2005. Organizational Behaviour. Sixth Edition. Understanding and Managing Life at Work. Toronto: Pearson.

Joubert, P. 2005. Trichotomous Therapy: A Proposed Pastoral Paradigm. Ph.D. NWU: Potchefstroom.

Joubert, P. 2005. The Stress Evaluation Battery. Potchefstroom: North-West University.

Joubert, P 2005. Temperamentsvraelys: Potchefstroom: Noordwes Universiteit.

Joubert, S. 2003. God se roepstem en hoe moderne pelgrims daarop moet antwoord. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Joseph, A. 2011. Cognitive Behavioural Therapy. Your route out of perfectionism, self-sabotage and other everyday habits. Southern Gate, Chichester: Capstone Publishing.

Jung, C.G. 1953. Two essays on analytical psychology. The collected works (vol 7). London: Routledge & Kegan Paul.

Jung, C.G. 1960. The structure and dynamics of the psyche. The collected works (vol 8). London: Routledge & Kegan Paul.

Jung, C.G. 1971. Psychological Types. Prinston: Prinston University Press.

Just, A.A. 2003. Ancient Christian Commentary on Scripture. New Testament. Luke. Illinois: Inter Varsity Press.

Kaplan, K.J. & Schwartz, M.B. 1998. A Psychology of Hope. A Biblical Response to Tragedy and Suicide. Grand Rapids: Eerdmans Publishing Company.

Kay, W.K. 2000. Job satisfaction of British Pentecostal Ministers. *Asian Journal of Pentecostal Studies*, 3(1):83-97.

Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. 2014. Soos gewysig deur verskillende sinodes. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Kern, P.H. 2003. Paul's conversion and Luke's portrayal of character in Acts 8-10. *Tyndale Bulletin.* 54(2):63-80.

Kirsch, J. 1998. Moses. A Biography of his Life. National Bestseller. New York: Ballantine Books.

Kirschenbaum, H. & Jourdan, A. 2005. The current status of Carl Rogers and the Person-centered approach. *Psychotherapy: Theory, Research, Practice, Training*. 42(1):37-51.

Koltko-Revera, M.E. 2006. Rediscovering the later version of Maslow's Hierarchy of Needs: Self-Transcendence and opportunities for theory, research, and unification. *Review of General Psychology. American Psychological Association*. 10(4):302-317.

Kozak, A. 2015. The Awakened Introvert. Practical Mindfulness Skills to Help You Maximize Your Strengths & Thrive in a Loud & Crazy World. Oakland: New Harbinger Publications.

Krebs-Hirsh, A. & Kise, J.A.G. 2009. Introduction to Type and Coaching. A Developmental Resource. Second Edition. California: CPP.

Krebs-Hirsh, A. & Kummerow, J.M. 1993. Introduction to Type in Organizations. Third Edition. California: CPP.

Kristof-Brown, A.L., Zimmerman, R.D. & Johnson, E.C. 2005. Consequences of individuals' fit at work: A meta-analysis of person-job, person-organization, person-group, and person-supervisor fit. *Journal of Personnel Psychology*. 55(2):281-342.

Kübler-Ross, E. & Kessler, D. 2005. On Grief and Grieving. Finding the meaning of grief through the five stages of loss. London: Simon & Schuster.

Kummerow, J.M. & Quenk, N.L. 2003. Understanding Your BMTI Step II Results. A Step-By-Step Guide to Your Unique Expression of Type. California: CPP.

Labuschagne, J.N.R. 2008. Die Ander Vrou – 'n Outo-Etnografiese studie van die beroepsbelewenis van 'n predikant. Johannesburg: UJ. (Proefskrif – D.Phil.)

LaHaye, T. 1984. Why you act the way you do. Illinois: Tyndale House Publishers.

LaHaye, T. 1993. Transformed Temperament. A fresh look at how God changed Peter, Moses, Paul, and Abraham and how he can transform you too. Illinois: Tyndale House Publishers.

LaHaye, T. 1994. Spirit-Controlled Temperament. The Best-Selling Classic on Who You Are and Who You Can Become. California: Tyndale.

Langston, S.M. 2006. Exodus. Through the Centuries. Blackwell Bible Commentaries. Carlton: Blackwell.

Larsen, R.J. & Buss, D.M. Personality Psychology. 2010. Domains of Knowledge About Human Nature. New York: McGraw-Hill.

Lauberte, I. & Ginters, E. 2008. Agent-Based Simulations use in Applicant's Character Recognition. Vidzeme University of Applied Science: ICTE in Regional Development.

Lauberte, I., Ginters, E., Cirulis. 2009. Temperament Identification Methods and Simulation. Paper presented at the Proceedings of the 11th WSEAS International Conference on Automatic Control, Modeling and Simulation: Valmiera.

Lemma, A. 1996. Introduction to Psychopathology. London: SAGE Publications.

Lepori, D.M.G. 2010. Simon, Called Peter. In the company of a man in Search of God. San Francisco: Ignatius.

Lestari, N.M.A., Putra, I.K.G.D. & Cahyawan, A.A.K.A. 2013. Personality Types Classification for Indonesian Text in Partners Searching Website Using Naïve Bayes Methods*. International Jounrnal of Computer Science*. 10(1):1-8.

Littauer, F. 1992. Personality Plus. How to Understand Others by Understanding Yourself. Grand Rapids: Revell.

Littauer, F. & Sweet, R. 2011. Personality Plus at Work. How to Work Successfully with Anyone. Grand Rapids: Revell.

Littauer, M. 2005. Your Spiritual Personality. Using the strengths of your personality to deepen your relationship with God. San Francisco: Jossey-Buss.

Löhken, S. 2015. The Power of Personality. How Introverts and Extroverts Can Combine to Amazing Effect. London: John Murray Learning.

Longman, T. 2013. The Baker Illustrated Bible Dictionary. Grand Rapids: Baker Book.

Lotter, G.A. 2001. The "reformation" of counseling. *In die Skriflig.* 35(2):317-329.

Lounsbury, J.W., Steel, R.P., Gibson, L.W. & Drost, A.W. 2008. Personality Type and Career Satisfaction of Human Recourse Professionals. eCareerFit.com, Inc.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 2003. Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suid-Afrika. Tweede Uitgawe. Johannesburg: Heinemann.

Louw, D. & Louw, A. 2007. Die ontwikkeling van die kind en die adolessent. Bloemfontein: ABC Drukkers.

Lumsden, J. & MacKay, L. 2006. How Does Personality Affect Trust in B2C e-Commerce? Paper presented at the 8th International Conference on Electronic Commerce. NRC Publications Archive: New Brunswick.

Maasen, J. 2009. Peter the Leader. Pre- and Post – Holy Ghost. How an Imperfect Man Became the Leader of the Church. Florida: Creation House.

Maartens, M. 2002. Moeilike Mense. Pretoria: LAPA uitgewers.

MacArthur, J. 2002. Twelve Ordinary Men. How the Master shaped His disciples for greatness, and what He wants to do with you. Nashville: Thomas Nelson.

Maslow, A.H. 1970. Motivation and Personality. 3rd ed. New York: Longman.

Matthews, G., Deary, I.J., & Whiteman, M.C. 2003. Personality Traits. Second Edition. Cambridge: Cambridge University Press.

Melton, A.M.A. & Schulenberg, S.E. 1998. On the Measurement of Meaning: Logotherapy's Empirical Contributions to Humanistic Psychology. *The Humanistic Psychologist.* 36(1):31-44.

McAdams, D.P. 2009. The Person. An Introduction to the Science of Personality Psychology. 5th ed. Hoboken: Wiley.

McDowell, J. 2002. Why True Love Waits. The Definitive Book on How to Help Your Kids Resist Sexual Pressure. Carol Stream: Tyndale House.

McKnight, S. 2001. Jesus and the Twelve. Institute for Biblical Research. *Bulletin for Biblical Research.* 11(2):203-231.

Meyer, W., Moore, C., Viljoen, H. 2003. Personology. From individual to ecosystem. 3rd ed. Cape Town: Heinemann.

Meyers, C. 2005. Exodus. The New Cambridge Bible Commentary. New York: Cambridge University Press.

Michael, L.J. 2010. Spurgeon on Leadership. Key Insight for Christian Leaders from the Prince of Preachers. Grand Rapids: Kregel.

Minnaar, G. 1991. Handleiding vir streshantering. Potchefstroom: (Ongepubliseer).

Mischel, W., Shoda, Y. & Ayduk, O. 2008. Introduction to Personality. Toward an Integrated Science of the Person. John Wiley & Sons: Hoboken.

Moerdyk, A. 2012. The principles and practice of psychological assessment. Pretoria: Van Schaik.

Moorhead, G. & Griffin, R.W. 1995. Organizational Behaviour. Managing people and organizations. Boston: Houghton Mifflin Company.

Mol, A. 1997. Ons teen die probleem. Doeltreffende Konflikhantering. Pretoria: JL van Schaik.

Montgomery, S. 2011. People Patterns. A Popular Culture Introduction to Personality Types and the Four Temperaments. Del Mar: Archer Books.

Mwamwenda, T.S. 1995. Educational Psychology. An African Perspective. 2nd ed. Durban: Butterworths.

Neethling, K., Stander, H. & Rutherford, R. 2000. Dink soos Jesus. Die kreatiewe oplos van probleme en die skep van geleenthede in die 21ste eeu. Vanderbijlpark: Carpe Diem.

Neher, A. 1991. Maslow's theory of motivation: A Critique. *Journal of Humanistic Psychology*. 30(3):89-112.

Nel, M. 2001. Ek is die verskil. Die invloed van persoonlikheid in die prediking. Bloemfontein: CLF – Uitgewers.

Nel, M. 2004. Publieke pastorale leiers 1: Roeping, werwing, keuring, opleiding, ordening. *Verbum et Ecclesia,* 25(2):584-615.

Niemann, G.J. 2010. Die persepsies en belewenis van uitbranding by nagraadse teologiese studente van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika – 'n Pastorale studie. Potchefstroom: NWU. (Skripsie – MTh).

Nikolaou, I. 2003. Fitting the person to the organisation: examining the personality-job performance relationship from a new perspective. *Journal of Managerial Psychology.* 18(7):639-648.

Nodoushan, M.A.S. 2011. Temperament as an indicator of language achievement. *International Journal of Language Studies*. 5(4):33-52.

Nolland, J. 2005. The New International Greek Testament Commentary. The Gospel of Matthew. Grand Rapids: Eerdmans Publishing.

Onoyase, D. & Onoyase, A. 2009. The relationship between Personality Type and career choice of secondary school students in federal government colleges in Nigeria. *Anthropologist*. 11(2): 109-115.

Onuka, A.O.U. & Durowoju, E.O. 2011. Essential Ingredients of Effective Management. Institute of Education, University of Ibadan: Nigeria.

Ortberg, J. 2011. Dit is hoe ek wil wees. Word God se beste weergawe van jouself. Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

Osmer, R. 2008. Practical theology: an introduction. Grand Rapids: MI Eerdmans.
Oswald, R.M. 1991. Clergy self-care. Finding a balance for effective Ministry: The Alban Institute Publications.

Oswald, R.M., & Kroeger, O. 1999. Personality Type and Religious Leadership. The Alban Institute Publications.

Othman, W., Sumarni, R. & Foong, L.M. 2007. The Relationship between Personality Type, Learning Style and Problem Solving Approach of Technical and Vocational Education Students*. Pertanika J. Soc. Sic. & Hum*. 15(1):1-8.

Owens, M. 2015. Personality Type & Career Achievement. Does Your Type Predict How Far You Will Climb? A survey of career outcomes among the Briggs Myers' 16 personality types. San Francisco: Type Finder.

Palmer, S. & Cooper, C. 2010. How to Deal with Stress. Change your thinking. Change your behaviour. Increase your confidence. London: Kogan Page.

Papalia, D.E., Wendkos Olds, S. & Dukskin Feldman, R. 2008. A child's world: infancy through adolescence. 11th ed. New York: McGraw-Hill.

Parrott, L. & Parrott, L. 2010. L.O.V.E (Leader, Optimist, Validator & Evaluator). Putting Your Love Styles to Work for You. Grand Rapids: Zondervan.

Paul, M.J., van den Brink, G. & Bette, J.C. 2011. Studiebijbel Oude Testament. Bijbelcommentaar Genesis & Exodus. Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.

Pervin, L.A., Cervone, D., John, O.P. 2005. Personality Theory and Research. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Pervin, L.A. & John, O.P. 1997. Personality. Theory and Research. 7th ed. New York: John Wiley & Sons, Inc.

Piccolo, R.F., Greenbaum, R., Den Hartog, D.N. & Folger, R. 2010. The relationship between ethical leadership and core job characteristics. *Journal of Organizational Behavior*. 31(1):259-278.

Pilch, J.J. 2000. Paul's ecstatic trance experience near Damascus in Acts of the Apostles. *Hervormde Teologiese Studies*. 58(2):690-707.

Pistorius, M. 2013. Profiling serial killers and other crimes in South Africa. Cape Town: Penguin Books.

Prinsloo, C.R. 2014. An exploratory investigation into the Moneymax profile as predictor of optimal financial attitudes and Behaviour. Stellenbosch. University of Stellenbosch: (M.Com – Dissertation).

Puică, M.A. & Florea, A.M. 2013. Emotional Belief-Desire-Intension Agent Model: Previous work and proposed architecture. *International Journal of Advanced Research in Artificial Intelligence*. 2(2):1-9.

Quenk, N.L. 2009. Essentials of Myers-Briggs Type Indicator Assessment. 2nd ed. New Jersey: Wiley.

Quenk, N.L. & Kummerow, J.M. 2011. MBTI Step II User Guide. Practitioner's Tool for Making Most of Step II Interpretations. California: CPP.

Rogers, C.R. 2007. The necessary and sufficient conditions of therapeutic personality change. *Psychotherapy: Theory, Research, Training.* 44(3):240-248.

Rolfe, R. 2002. The Four Temperaments. A Rediscovery of the Ancient Way of Understanding Health and Character. New York: Marlowe & Company.

Ross, A., Oswalt, J.N., Comfort, P.W. 2008. Cornerstone Biblical Commentary. Volume 1. Genesis & Exodus. New Living Translation. Carol Stream, Illinois: Tyndale.

Rothmann, I. & Cooper, C.L. 2015. Work and Organizational Psychology. Topics in Applied Psychology. London: Routledge.

Rowell, J.L. 2010. Ministerial Attrition: When Clergy Call It Quits. The Relationship of Superintendents and Pastors. Paper presented at ANSR Conference. 25 March 2010. Olivet Nazarene University.

Russell, M.T. & Karol, D.L. 2002. The 16PF Fifth Edition Administrator's Manual. Champions, Illinois: Institute for Personality and Ability Testing. Inc.

Sewell, S.M. 2008. Pastoring The Temperament. A Guide for Pastoral Counselling. United States of America: Xlibris.

Scholtz, D.A. 1996. Die voorspelling van beroepsukses onder 'n groep diensdoenende predikante. Vanderbijlpark: PU vir CHO. (Proefskrif –PHD.)

Simonetti, M. 2001. Ancient Christian Commentary on Scripture. New Testament. Matthew 1-13. Illinois: Inter Varsity Press.

Smit, D. 2011. Kopskuif. Om jouself en ander beter te verstaan! Paarl, Tygervallei : Naledi.

Smit, J. 2002. Saam met Petrus op pad. Stap in 16 studies saam met die rotsman op die pad van dissipelskap. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Smit, J. 2004. Dawid. Man Na God se Hart. 'n Bybelstudie met lewenslesse oor koning Dawid. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Smit, J. & Du Plooy, A. LE R. 2008. Reëling van die Gereformeerde predikant se diens – 'n arbeidsregtelike of 'n interne kerklike aangeleentheid? *In die Skriflig*, 42(1):51-74.

Smit, N. 2009. Wanneer 'n vrou treur. Lux Verbi.BM: Wellington.

Southwick, S.M., Gilmartin, R., McDonough, P. & Morrissey, P. 2006. Logotherapy as an Adjunctive Treatment for Chronic Combat-related PTSD: A Meaning-based Intervention. *American Journal of Psychotherapy.* 60(2):161-174.

Spector. P.E. 1994. Using Self-Report Questionnaires in OB Research: A Comment on the use of a Controversial Method. *Journal of Organizational Behaviour*. 15(5):385-392.

Spector, P.E. 2012. Industrial and Organizational Psychology. Research and Practice. International Student Version. Danvers: Wiley.

Strelau, J. 1998. Temperament. A Psychological Perspective. Plenum Press: London.

Steiner, R. 2008. The Four Temperaments. Hillside: Sophia Books.

Sternberg, R.J. 2009. Cognitive Psychology. 5th ed. Belmont: Wadsworth.

Stone. A.G., Russell, R.F. & Patterson, K. 2003. Transformational versus servant leadership: a difference in leader focus. *The Leadership & Organizational Development Journal.* 25(4):349-361.

Stone, H.W. 2008. Defeating depression: real help for you and those who love you. Vereeniging: Christian Art Publishers.

Stone, M.H. 2009. The Anatomy of Evil. New York: Prometheus Books.

Sue, D., Sue, D. W., Sue, S. 2010. Understanding Abnormal Behavior. Boston: Wadsworth.

Swindoll, C. R. 1999. Moses. A man of selfless dedication. Great lives from God's word. New York: Gale.

Terre Blanche, M., Durrheim, K. & Painter, D. 2006. Research In Practice. Applied Methods For The Social Sciences. Cape Town: University of Cape Town Press.

Turner, D.L., Bock, D.L., Comfort, P.W. 2005. Cornerstone Biblical Commentary. The Gospel of Matthew & The Gospel of Mark. Illinois: Tyndale House Publishers.

Utami, I. & Nahartyo, E. 2012. Type Personality Moderating Effect on The Influence of Role Stressor son Burnout. Paper presented at the 2012 International Conference on Business and Management: Phuket, Thailand.

Van Eck, J. 2009. Handelinge. De wereld in het geding. Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.

Van den Brink, G., Bette, J.C. & Zwiep, A.W. 2001. Studiebijble Nieuwe Testament. Bijbelcommentaar Handelingen. Veenendal : Centrum voor Bijbelonderzoek.

Van den Brink, G., Bette, J.C. & Zwiep, A.W. 2003. Studiebijble Nieuwe Testament. Bijbelcommentaar Mattheus. Veenendal: Centrum voor Bijbelonderzoek.

Van Der Walt, T. 2006. Die Messias het gekom! 'n Gids in die evangelie vir toegewyde Bybelstudente. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

Van Der Watt, J., Joubert, S., Tolmie, F., De Villiers, P. 2010. Wie sê julle is Ek? Jesus deur die oë van ander. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

Van Jaarsveld, P. 2003. Die Hart van 'n wenner: ontwikkel jou emosionele intelligensie. Wellington: Lux Verbi.

Van Wyk, R., Boshoff, A.B., Nieman, G., Van Vuuren, J. & Pretorius, M. 2009. Prediction of Type A Behaviour: A Structural Equation Model. *The South African Journal of Industrial Psychology*. 35(1):1-9.

Vorkapić, S.T. 2011. Electrophysiological differences in Sanguine, Choleric, Phlegmatic and Melancholic. *The Romanian Journal for Psychology, Psychotherapy and Neuroscience*. 1(2):67-96.

Walk, C.L. 1992. Psychological type and management research: A review. *Journal of Psychological type*. 24(1):13-23.

Warren, R. 2012. Die doelgerigte lewe. Wat op aarde doen ek hier? Tygervallei: Struik Christelike Media.

Waters, T., Marzano, R.J., & McNulty, B. 2003. Balanced Leadership: What 30 Years of Research Tells Us about the Effect of Leadership on Student Achievement. A Working Paper. Oregon: US Department of education. Educational Resources Information Centre.

Weaver, A.J., Larson, D.B., Flannelly, K.J., Staplebton, C.L. & Koening, H.G. 2002. Mental Health Issues Among Clergy and Other Religious Professionals: A Review of Research. *The Journal of Pastoral Care & Counselling.* 56(4):393-403.

Weiten, W. 2004. Psychology Themes and Variations. Sixth Edition. Belmont: Wadsworth.

Wenham, G. 1994. Word Biblical Commentary No 2. Genesis 16-50. Dallas: Word Books, Publisher.

Ventegodt, S., Merrick, J. & Andersen, N.J. 2003. Quality of Life Theory III. Maslow Revisited. *The Scientific World Journal*. 84(3):1050-1057.

Wiersbe, W.W. 2010. Obedient. Old Testament Commentary. Genesis 12-25. Colorado Springs: David C. Cook.

Willig, J. & Bundy, T. 2001. A retreat with Peter. Growing From Sinner to Saint. Ohio: St. Anthony Messenger Press.

Willcock, S.M., Daly, M.G., Tennant, C.C. & Allard, B.J. 2004. Burnout and psychiatric morbidity in new medical graduates. *Medical journal of Australia*, 181(7):357-360.

Youssef, M. 2013. The Leadership Style of Jesus. How to make a lasting impact. Origon: Harverst House.

Zaccaro, S.J. 2007. Trait-Based Perspective of Leadership. American Psychologist. American Psychological Association 62(1):6-16.

Zhu, W., Avolio, B.J. & Walumbwa. F.O. 2009. Moderating Role of Follower Characteristics With Transformational Leadership and Follower Work Engagement. Group & Organizational Management. 34(1):590-619.

Bylaag A

Navorsing vir Ph.D in Pastoraal

Fakulteit Teologie Noordwes-Universiteit Potchefstroom

GJ. Niemann

"Persoonlikheidsvraelys"

Navorsingstema:

"'n Pastoraal-Terapeutiese model vir die voorkoming van diensverlating van predikante in die GKSA – met behulp van persoonlikheidsontleding."

Naam en Van/Kandidaat No:_____

Geagte respondent

Ek is tans besig met navorsing vir 'n Ph.D studie in Pastoraal. Hierdie studie het ten doel om vas te stel hoe predikante se persoonlikheidsontleding kan help om hulle inter- en intrapersoonlike vaardighede te verbeter ten einde moontlike diensverlating pro-aktief teen te werk.

Sal u asseblief so gaaf wees om die volgende vraelyste te voltooi? Dit behoort u tussen20 tot 25 minute te neem. Daar is 3 vraelyste in totaal. U response sal anoniem voltooi en vertroulik hanteer word.

Ek vertrou dat die inligting wat versamel word, in die toekoms 'n bydrae sal kan lewer tot die volhoubare geestesgesondheid van predikante in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Indien u sou belangstel, sal die resultate van die navorsing na die afloop van die studie aan u beskikbaar gestel kan word.

Indien u terugvoer van u persoonlike resultate wil ontvang kan u ook u naam op die voorblad aanbring sodat u vraelys geïdentifiseer kan word.

Ek wil weereens bevestig dat die resultate wat verkry word, vertroulik en anoniem hanteer sal word!

Afdeling A: Persoonlikheidsvraelys

Hierdie is 'n aantal vrae om te bepaal hoe u DINK, VOEL en OPTREE. Langs elke vraag is daar ruimte vir 'n JA, NEE, of ? respons (wat beteken: "ek weet nie" of "onseker"). Besluit hoe u NORMAALWEG sou reageer wanneer u alleen is of in die teenwoordigheid van u huweliksmaat en / of lede van u gesin is. Merk dan u antwoord dienooreenkomstig.

Moenie te veel tyd aan 'n vraag bestee nie. U *eerste reaksie* is gewoonlik korrek. Probeer om soveel as moontlik "JA" of "NEE" te antwoord. Kies slegs "onseker" wanneer u regtig nie seker is nie of wanneer die korrekte antwoord beslis êrens tussen "JA" en "NEE" lê.

L. W. Maak seker dat u *elke vraag* beantwoord en onthou dat daar geen korrekte of verkeerde antwoorde is nie. Hierdie is nie 'n toets van u vermoëns nie – dit is slegs 'n aanduiding van hoe u DINK, VOEL en sal OPTREE binne bepaalde omstandighede.

Gaan na die volgende bladsy ⟶

1. Eet jy normaalweg vinniger as ander mense, al is daar geen rede tot haas nie?	Ja	?	Nee
2. Glo jy mense gewoonlik wanneer hulle jou komplimenteer?	Ja	?	Nee
3. Sal jy oor die algemeen verkies om by die huis te bly en jou met jou eie dingebesig te hou eerder as om by vriende te gaan kuier?	Ja	?	Nee
4. Voel jy soms dat jy nie kan omgee wat met jou gebeur nie?	Ja	?	Nee
5. Arriveer jy dikwels op die laaste nippertjie wanneer jy 'n afspraak het?	Ja	?	Nee
6. Het jy oor die algemeen 'n maklike geaardheid en raak jy nie maklik ontsteld/kwaad nie?	Ja	?	Nee
7. Dink jy gewoonlik sorgvuldig oor 'n saak voordat jy 'n besluit neem?	Ja	?	Nee
8. Vererg jy jouself vinnig wanneer 'n ding nie op sy regte plek is nie?	Ja	?	Nee
9. Beduie jy dikwels met jou hande terwyl jy praat?	Ja	?	Nee
10. Vind jy dit gewoonlik betreklik maklik om jou emosies onder beheer te hou?	Ja	?	Nee
11. Wantrou jy dikwels ander mense se motiewe?	Ja	?	Nee
12. Voel jy dikwels dat mense geneig is om die dinge wat jy sê en doen af te keur?	Ja	?	Nee
13. Raak jy gewoonlik maklik gefrustreerd wanneer jy jouself in 'n verkeersknoop bevind?	Ja	?	Nee
14. Is jy oor die algemeen tevrede met jou fisiese voorkoms?	Ja	?	Nee
15. Vind jy dit normaalweg moeilik by 'n sosiale funksie om jouself aan vreemdelinge voor te stel en te gesels?	Ja	?	Nee
16. Voel jy dikwels rusteloos – asof iets jou jaag, maar jy is nie seker wat nie?	Ja	?	Nee
17. Is mense wat oormatig stadig bestuur *gewoonlik* vir jou 'n bron van irritasie?	Ja	?	Nee
18. Kom jy normaalweg self tot 'n besluit, ongeag van wat mense daarvan mag dink?	Ja	?	Nee
19. Kan jy oor die algemeen geduldig spaar vir 'n duur artikel wat jy wil koop?	Ja	?	Nee
20. Het jy 'n paar slegte gewoontes wat jy soms voel jy lankal van ontslae moesgeraak het?	Ja	?	Nee
21. Weet ander mense gewoonlik wat in jou gedagtes en gemoedaangaan?	Ja	?	Nee
22. Sou jy sê dat jy oor die algemeen tevrede is met wat jy tot dusver in jou lewe bereik het?	Ja	?	Nee
23. Beplan jy die meeste van jou aktiwiteite lank vooruit?	Ja	?	Nee
24. Bekommer jy jou dikwels oor finansiële sake?	Ja	?	Nee
25. Toon jy gewoonlik jou ongeduld wanneer iemand laat opdaag vir 'n afspraak?	Ja	?	Nee
26. Probeer jy normaalweg iemand vind om jou op te vrolik wanneer jy terneergedruk voel?	Ja	?	Nee
27. Verkies jy oor die algemeen om 'n dokumentêre stuk op die televisie te kyk eerder as 'n blyspel?	Ja	?	Nee
28. Word jy dikwels deur 'n skuldige gewete gehinder?	Ja	?	Nee
29. Vind jy dikwels dat jy geneig is om 'n besige straat oor te steek terwyl ander mense nog aan die anderkant staan en wag?	Ja	?	Nee
30. Kan jy normaalweg 'n sosiale blaps wat jy gemaak het, maklik vergeet?	Ja	?	Nee
31. Hou jy meestal jou mening vir jouself indien jy dink dit sou iemand teenwoordig ontstel?	Ja	?	Nee
32. Wanneer jy 'n skildery skeef sien hang, vind jy dat dit gewoonlik moeilik om te konsentreer alvorens jy dit reggeskuif het?	Ja	?	Nee
33. Vind jy dit sinneloos om jou eie gedagtes en gevoelens te ontleed?	Ja	?	Nee

34. Het jy normaalweg spesifieke doelwitte en 'n besliste sin van rigting vir jou lewe?	Ja	?	Nee
35. Indien iemand in 'n sosiale groep 'n mening uitspreek en jy beslis daarmee verskil, sou jy *normaalweg* stilbly eerder as om te sê dat jy nie saamstem nie?	Ja	?	Nee
36. Voel jy *dikwels* dat daar nie veel in jou lewe is waarop jy kan trots wees nie?	Ja	?	Nee
37. Is jy gewoonlik baie spraaksaam wanneer jy saam met bekende personeverkeer?	Ja	?	Nee
38. Voel jy *meestal* dat jou lewe nuttig is en 'n bydrae tot die gemeenskap maak?	Ja	?	Nee
39. Lees jy gewoonlik die waarborg alvorens jy 'n elektriese toestel koop?	Ja	?	Nee
40. Verkies jy *meestal* om 'n taak self af te handel eerder as om dit te delegeer, uit vrees dat niemand anders dalk nie die taak so goed soos jy kan doen nie?	Ja	?	Nee
41. Doen en sê jy dinge dikwels op die ingewing van die oomblik?	Ja	?	Nee
42. Wanneer jy iets verkeerd gedoen het, kan jy *normaalweg* gou daarvan vergeet en op die toekoms konsentreer?	Ja	?	Nee
43. Is jy oor die *algemeen* kalm en tydsaam in jou optrede?	Ja	?	Nee
44. Bly jy *soms* stil uit vrees dat mense vir jou sal lag of jou sal kritiseer vir jou standpunte?	Ja	?	Nee
45. Vertel jy *dikwels* grappe en snaakse stories aan vriende?	Ja	?	Nee
46. Lyk jou toekoms vir jou oor die algemeen belowend en rooskleurig?	Ja	?	Nee
47. Dink jy dikwels oor jou verlede en die koers wat jy tans inslaan?	Ja	?	Nee
48. Nadat jy 'n belangrike taak uitgevoer het, voel jy *dikwels* dat jy dit beter kon gedoen het?	Ja	?	Nee

Gaan na die volgende bladsy ⟶

Afdeling B: Persoonlike eienskappe kieslys

(Tim LaHaye 1984)

Hierdie afdeling word gebruik om u persoonlikheidstipe wat deur die vraelys in afdeling A bepaal word te bevestig. Hierdie vraelys word ook gebruik om u sekondêre persoonlikheidstipe te bepaal.

INSTRUKSIES: Daar is 4 afdelings in die tabel hieronder. In elke afdeling sal u 'n reeks beskrywende woorde of frases vind. U taak is om elke woord of frase na te gaan en 'n getalwaarde aan elkeen toe te ken. Die getalwaarde wat u aan elke woord toeken is om aan te toon hoe goed die woord of frase die "WARE JY" beskryf.

ONTHOU: Dit is baie belangrik dat u eerlik en objektief na uself kyk. Moet nie 'n getalwaarde toeken soos u graag deur ander gesien wil word nie, maar ken die waardes toe soos u werklik is. Dink hoe u gewoonlik optree of geneig is om op te tree. Sommige woorde in die lys is aangenaam en ander is weer minder aangenaam. Alle mense het beide aangename en onaangename eienskappe! Moet nie die waardes toeken soos u graag wil of nie wil wees nie. Wees 100% eerlik met jouself en met wie u werklik is.

Lees die beskrywing hier onder. Oorweeg hoe goed hierdie beskrywing by u pas. Gaan dan die onderstaande lys van eienskappe na en voeg 'n waarde daaraan toe.

Afdeling A	Afdeling B
Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van ’n Ekstroverte en Emosionele Persoonlikheidstipe. **Persoonlikheidsbeskrywing:** Persone met hierdie persoonlikheidstipe is gewoonlik warm, lewendig en plesiersoekende persone. Hulle is van nature ontvanklik en oop. Om ’n indruk op ander te maak is vir hulle belangrik. Hulle neem ook ander se reaksies ter harte. Besluitneming geskied op grond van hulle emosies en nie so seer op logiese beredenering nie. Hulle het ’n buitengewone vermoë om hulself te geniet. Hierdie persone het normaalweg baie vriende. Die spontaniteit waaraan hierdie persone gekenmerk word maak dit vir ander moontlik om hulle harte vir hulle oop te maak. Dit is moontlik vir hierdie persone om ander se blydskap en hartseer te ervaar asook om ander belangrik te laat voel. Hulle hou nie daarvan om afgesonder of alleen te wees nie. Hulle is op hulle gelukkigste wanneer hulle omring word deur mense en goeie vriende. Hulle geniet dit veral as hulle die middelpunt van aandag is. Hulle het altyd stories of iets interessants en dramaties om te vertel. Hierdie persone is aan die een kant nooit sonder woorde nie maar aan die ander kant praat hulle soms sonder om hulle woorde mooi te deurdink. Hierdie persone vind dit ook belangrik om met ander mense oor die weg te kom. Om die rede is hulle hoogs aanpasbaar by hulle omstandighede en by ander. Hierdie persone mag - sonder om moedswillig te wees - reëlings, afsprake en verpligtinge vergeet.	Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van ’n Ekstroverte en Onemosionele Persoonlikheidstipe. **Persoonlikheidsbeskrywing:** Hierdie persone word deur vurige, vinnige, aktiewe, praktiese eienskappe en sterk wilskrag gekenmerk. Hulle is gewoonlik selfgenoegsaam en selfstandig. Hulle neem maklik standpunt in, gee vrylik kritiek, neem maklik besluite en gee maklik hulle persoonlike mening. Hulle floreer in aktiwiteite wat hulle voortdurend besig hou en uitdaag. Dit is nie nodig dat hierdie persone deur hulle eksterne omgewing geïnspireer word nie, hulle stimuleer die omgewing deur hulle idees, planne en ambisies. Hulle is prakties aangelê en is in staat om doelgerig langtermyn besluite te neem en planne te maak. Hulle gee ook nie sommer in onder druk nie. Hulle is nie bekommerd oor wat ander van hulle dink nie. Hulle word ook nie afgeskrik deur teëspoed nie. By hierdie persone word daar ’n hardnekkige gemotiveerdheid gevind. Hulle simpatiseer nie maklik met ander nie, en toon van nature nie maklik medelye of empatie nie. Hulle voel ook ongemaklik wanneer ander huil. Hulle heg min waardering aan kuns en vind eerder hulle primêre belangstellings in bruikbare lewensvaardighede. Hulle verwag normaalweg nie dat hulle pogings sal misluk nie. Hulle is ook geneig om dominerend en baasspelerig te wees. Baie mense mag hulle as opportuniste beskou.
Afdeling C	**Afdeling D**
Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van ’n Introverte en Emosionele Persoonlikheidstipe. **Persoonlikheidsbeskrywing:** Hierdie persone is analities, selfopofferend, begaaf, perfeksionisties en het ’n sensitiewe en emosionele geaardheid. Hulle is introverte en koester gewoonlik ’n ideale lewe. Maar hulle ervaar soms emosionele skommeling. Soms sal hulle gemoedstoestande hulle tot in die wolke lig, maar op ander tye is hulle weer neerslagtig en depressief. Gedurende hierdie tye is hulle teruggetrokke en soms vyandig. Hulle maak baie betroubare vriende, maar maak nie noodwendig maklik vriende nie. Hulle sal hulself nie opdring aan ander nie maar sal ander wel toelaat om na hulle toe te kom. Hulle hoë persoonlike standaarde laat hulle nie toe om ander teleur te stel nie. Hulle het ’n sterk begeerte om van ander liefde te onvang. Wanneer hierdie persone deur ander teleurgestel word is hulle geneig om agterdogtig te wees en vind hulle dit moeilik om ander se opregtheid te waardeer. Hierdie persone vind veral diep lewensbetekenis in persoonlike opoffering. Hulle lewer oor die algemeen baie deeglike werk en sal altyd daarna streef om hulle gestelde doelwitte te bereik.	Die persoonlikheidseienskappe wat in hierdie kieslys weergegee word is kenmerkend van ’n Introverte en Onemosionele Persoonlikheidstipe. **Persoonlikheidsbeskrywing:** Hierdie persone is kalm, rustig en gemaklik. Hulle is persone wat op hulle gemaklikste is wanneer hulle nie soveel by ander betrokke is nie. Hierdie kalm en rustige eienskap gee hulle die vermoë om in verskeie omstandighede kalm en rustig op te tree. Hulle word nie maklik kwaad of geïrriteerd nie. Hulle gemoedstoestand bly taamlik stabiel. Hierdie persone is normaalweg goedhartig, sensitief, respekvol, simpatiek, betroubaar en akkommoderend. Hulle wys egter ook nie maklik hulle ware gevoelens vir ander nie. Hierdie persone het ’n unieke vermoë om iets humoristies in ander se doen en late raak te sien. Tog is hulle geneig om toeskouers van die lewe te wees. Hulle vind dit ook moeilik om uit hulle daaglikse roetine te beweeg. Hulle neem nie sommer leiding op hulle eie nie, maar wanneer hulle leierskap opgelê word, maak hulle tog goeie leiers. Hierdie persone het ’n kalmerende effek op ander en kan daarom as natuurlike vredemakers beskou word. As gevolg van hierdie eienskap het hulle ’n natuurlike vermoë om gespanne situasies te ontlont. Hulle is van nature barmhartig. Hulle word soms ook as humaniste beskryf. Hulle sal hulself maklik tekort doen terwille van ander.

Gaan na die volgende bladsy ⟶

ANTWOORD KRITERIA: Merk die mate hoe elke woord u persoonlik beskryf			
1 =	"Dit is definitief NIE ek nie!"	2 =	"Dit is gewoonlik NIE ek nie!"
3 =	"Dit IS gewoonlik ek!"	4 =	"Dit IS definitief ek!"

AFDELING A	AFDELING B	AFDELING C	AFDELING D
__emosioneel	__optimisties	__liggeraak	__stil
__egosentries	__vasbeslote	__krities	__selfsugtig
__onderbreek ander	__baasspelerig	__onseker	__onentoesiasties
__goedhartig	__doelgerig	__sensitief	__negatief
__impulsief	__beslissend	__besluitloos	__gewoontevas
__gedisorganiseerde	__op die man af/direk	__hoë standaarde	__huiwerig
__onprakties	__vol selfvertroue	__selfgesentreerd	__skaam
__snaaks	__sarkasties	__pessimisties	__suinig
__vergeetagtig	__'n werkslaaf	__selfbejammerend	__doelloos
__word maklik ontmoedig	__selfstandig	__neem maklik aanstoot	__vredeliewend
__kommervry	__prakties	__idealisties	__eiesinnig
__word maklik kwaad	__eiesinnig	__alleenloper	__vreesagtig
__ongedissiplineerd	__aktivis	__selfopofferend	__toeskouer van die lewe
__uitgaande	__uitgaande	__introvert	__werk goed onder druk
__aangenaam	__dominerend	__getroue vriend	__besluitloos
__geesdriftig/entoesiasties	__avontuurlustig	__analities	__aanpasbaar
__swak wilskrag	__aggressief	__bedagsaam	__traag
__spontaan	__kompeterend	__vermy die kalklig	__onderdanig aan ander
__spraaksaam	__leierskap	__agterdogtig	__gemaklik
__genotvol/vrolik	__neem maklik 'n risiko	__respekvol/eerbiedig	__gereserveerd
__vriendelik	__volhardend	__na binne gefokus	__kalm/rustig
__populêr	__dapper	__maak planne	__tevrede
__energiek	__sterk wilskrag	__perfeksionisties	__effektief
__rusteloos	__oortuig ander maklik	__beplan vooruit	__verdraagsaam
__konsentreer moeilik	__humeurig	__wraaksugtig	__betroubaar
__hou van speel	__vindingryk	__netjies	__luisteraar
__hou moeilik by doelwitte	__onsensitief	__kreatief	__skerpsinnig
__lewe in die teenwoordige	__uitgesproke	__noukeurig	__aangenaam
__kom laat vir afsprake	__onsimpatiek	__buierig	__tergend
__praat oor eie gevoelens	__produktief	__begaafd	__konsekwent

Gaan na die volgende bladsy ⟶

Afdeling C: Stres: Persoonlikheidskaal

© Prof. P. Joubert (2005)

Lees elke stelling versigtig deur en reageer dan op elke stelling deur u antwoord volgens die onderstaande skaal op die aparte antwoordblad te omkring. Beantwoord asseblief al die vrae. Indien 'n bepaalde item/vraag nie pertinent op u van toepassing is nie, dink hoe u in die spesifieke situasie sou reageer het en beantwoord dan dienooreenkomstig.

SKAAL	BETEKENIS
1	Verskil beslis
2	Verskil matig
3	Stem matig saam
4	Stem beslis saam

OMKRING DIE NOMMER VAN U KEUSE (VOLGENS DIE SKAAL SOOS HIERBO UITEENGESIT) OP DIE AFSONDERLIKE ANTWOORDBLAD IN DIE BETROKKE BLOKKIE DIREK NA ELKE VRAAGNOMMER:

1.	Ek voel verplig om die meeste dinge haastig te doen.
2.	Ek is gewoonlik eerste klaar met 'n ete.
3.	Ek vind dit moeilik om te ontspan, selfs net vir 'n kort tydjie.
4.	Ek haat dit om, selfs net vir 'n paar minute in 'n ry te wag (bv. by 'n fliek, bank of winkel).
5.	Ek probeer dikwels 'n paar dinge gelyktydig doen.
6.	Ek is oor die algemeen nie baie tevrede met wat ek tot dusver in die lewe bereik het nie.
7.	Ek geniet dit gewoonlik om mee te ding/te kompeteer.
8.	Ek voel altyd dat ek moet wen.
9.	Ek vind dikwels dat ek mense probeer aanjaag deur hulle sinsnedes vir hulle te voltooi.
10.	Ek raak ongeduldig wanneer iemand 'n taak stadig na my sin uitvoer.
11.	Ek raak geïrriteerd wanneer iets nie deeglik gedoen word nie.
12.	Ek jaag gewoonlik deur my take om dit so gou moontlik af te handel.
13.	Ek voel dat ek konstant onder druk is om meer gedoen te kry.

14.	Ek het minder as my regmatige verlof oor die afgelope paar jaar geneem.
15.	Ek vind dikwels dat my gedagtes afdwaal na ander onderwerpe terwyl ek na ander mense luister.
16.	Ek voel gewoonlik verplig om met aggressiewe mense mee te ding.
17.	Ek neig om te vinnig te praat.
18.	Ek is te besig met my werk om tyd te hê vir stokperdjies, kulturele aktiwiteite, sport of ander buitemuurse aktiwiteite.
19.	Ek is trots op my prestasievermoë wanneer ek onder druk moet werk.
20.	Ek hou nie daarvan om vir ander te wag om eers húlle werk te voltooi alvorens ek met my eie werk kan voortgaan nie.
21.	Mense sê ek raak maklik geïrriteerd.
22.	Ek is geneig om oorhaastig met 'n taak te begin; dikwels voordat ek die prosedures/handleiding deeglik bestudeer het.
23.	Ek neem gewoonlik werk saam wanneer ek met verlof/vakansie gaan.
24.	Ek voel skuldig om tyd af te neem van my werksverpligtinge.
25.	Mense sê dat ek 'n slegte humeur het in mededingende situasies.
26.	Ek neig dikwels om my humeur te verloor onder druk.
27.	Ek neig om teen tyd te jaag.
28.	Ek het geen geduld met onstiptelikheid nie.
29.	Ek vind dikwels dat ek onnodig jaag.
30.	Wanneer ek eers iets begin het, voel ek dat dit voltooi móét word.
31.	Ek is byna nooit laat vir afsprake nie.
32.	Ek maak my gevoelens selde bekend.
33.	Ek stel altyd teikendatums aan myself.
34.	Ek neig om prestasie in terme van getalle (hoeveelheid/persentasie) te meet.
35.	Ek is altyd haastig.

Gaan na die volgende bladsy ⟶

Stres: Persoonlikheidskaal Antwoordblad

VRAAG NOMMER	U ANTWOORD			
1	1	2	3	4
2	1	2	3	4
3	1	2	3	4
4	1	2	3	4
5	1	2	3	4
6	1	2	3	4
7	1	2	3	4
8	1	2	3	4
9	1	2	3	4
10	1	2	3	4
11	1	2	3	4
12	1	2	3	4
13	1	2	3	4
14	1	2	3	4
15	1	2	3	4
16	1	2	3	4
17	1	2	3	4
18	1	2	3	4
19	1	2	3	4
20	1	2	3	4
21	1	2	3	4
22	1	2	3	4
23	1	2	3	4
24	1	2	3	4
25	1	2	3	4
26	1	2	3	4
27	1	2	3	4
28	1	2	3	4
29	1	2	3	4
30	1	2	3	4
31	1	2	3	4
32	1	2	3	4
33	1	2	3	4
34	1	2	3	4
35	1	2	3	4

Bylaag B

Navorsing vir Ph.D in Pastoraal

Fakulteit Teologie Noordwes-Universiteit

Potchefstroom

GJ. Niemann

"Persoonlikheidsvraelys: Interpretasie"

Navorsingstema:

"'n Pastorale toerustingsmodel vir predikante in die GKSA vir die voorkoming van diensverlating – met behulp van 'n persoonlikheidsontleding."

Kandidaat No:_____

Hierdie dokument dien as handleiding om elke respondent se resultate te bereken. Die finale profiel maak dit moontlik om resultate tussen individuele vraelyste van 'n enkele respondent en resultate tussen verskillende respondentete verwerk, vergelyk en statistiese gevolgtrekkings te kan maak.

Hierdie dokument kan ook gebruik word vir individuele terugvoer aan kandidate deurdat dit al die afdelings se resultate stelselmatig aan die orde stel.

Afdeling A
Persoonlikheidsvraelys: Interpretasie

E-A: Gee 2 punte vir 'n *ja* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

1, 5, 9, 13, 17, 21, 25, 29, 33, 37, 41, 45

F-B: Gee 2 punte vir 'n *nee* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

3, 7, 11, 15, 19, 23, 27, 31, 35, 39, 43, 47

1.Tel die E-A en F-B tellings bymekaar vir die introvert – ekstrovert-telling horisontale as.

O-A: Gee 2 punte vir 'n *ja* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

2, 6, 10, 14, 18, 22, 26, 30, 34, 38, 42, 46

O-B: Gee 2 punte vir 'n *nee* antwoord en 1 punt vir 'n *?* antwoord op elk van die volgende vrae:

4, 8, 12, 16, 20, 24, 28, 32 ,36 ,40 ,44 , 48

2. Tel die O-A en O-B tellings bymekaar vir die emosioneel – onemosionele-telling vertikale as.



Duidelik(Introvert) (Emosioneel)	**Redelik** (Introvert) (Emosioneel)	**Verdeeld**	**Redelik** (Ekstrovert) (Onemosioneel)	**Duidelik** (Ekstrovert) (Onemosioneel)
2-15	16-21	22-30	31-36	37-48

My primêre persoonlikheidstipe:_____

Afdeling B
Persoonlike eienskappe kieslys: Interpretasie

BEREKENING

Nadat die kieslys voltooi is, kan dit nagegaan word deur al die beskrywende woorde waaraan daar 'n 1 of 2 toegeken is te kanselleer deur 'n lyn deur die betrokke toekenning te trek. Omdat die toekenning so laag is het dit geen impak op die finale berekening nie. Tel al die oorblywende woorde waaraan 'n 3 en 4 toegeken is se waardes bymekaar en bring die groot totaal onder elke afdeling aan. Die afdeling wat die hoogste totaal het verteenwoordig die primêre persoonlikheidstipe.

PERSOONLIKHEIDSTIPES

Elke afdeling verteenwoordig die 4 persoonlikheidstipes soos volg:

- Afdeling A: Sanguiniese Persoonlikheid (Ekstrovert - Emosioneel).
- Afdeling B: Choleriese Persoonlikheid (Ekstrovert – Onemosioneel).
- Afdeling C: Melancholiese Persoonlikheid (Introvert – Emosioneel).
- Afdeling D: Flegmatiese Persoonlikheid (Introvert – Onemosioneel).

PERSOONLIKHEIDSKOMBINASIE

Omdat menslike eienskappe en gedrag meer kompleks is as wat 4 persoonlikheidstipes kan beskryf is dit belangrik om persoonlikheidskombinasies te identifiseer. Dit behels die identifisering van beide 'n primêre en sekondêre persoonlikheidstipe. Die afdeling met die hoogste telling verteenwoordig die primêre persoonlikheidstipe, terwyl die afdeling met die tweede hoogste telling die sekondêre persoonlikheidstipe verteenwoordig. Nadat die primêre sowel as die sekondêre persoonlikheidstipes geïdentifiseer is kan die persoonlikheids-kombinasie benoem word deur die twee persoonlikheidstipes saam te voeg (bv. Choleries-Flegmaties).

Indien u primêre en sekondêre persoonlikheidstipes dieselfde totale eindig, kyk na watter een van die twee afdelings u die meeste nommer 4 toegeken het. Indien u steeds onseker is, kyk wat die primêre persoonlikheidstipe is wat deur die vraelys geïdentifiseer is of gaan weer deur die beskrywende woorde en probeer vasstel watter een van die twee u die beste beskryf.

My Persoonlikheidskombinasie is:_____

Afdeling C
Stres Persoonlikheidskaal: Interpretasie

Kry u telling op die Stres Persoonlikheidskaal deur die totaal van u antwoorde op die antwoordblad op te tel:

U TELLING

INTERPRETASIE

SKAAL	SIMBOOL	U TELLING	BETEKENIS
35-60	B+		U is ietwat passief en toon nie baie dryfkrag nie.
61-88	B-		U benader take op 'n sistematiese en planmatige wyse (Ideale kategorie) u neig tipies tot: • Onderdrukking van persoonlike gevoelens. • Rustigheid. • Neem nie oorhaastige besluite nie. • Planmatig.
89-110	A-		U is in staat tot dryfkrag en ambisie. U handel take vinnig en deeglik af.
111-140	A+		Tipiese drywer-persoonlikheid. U neig tot werkoholisme of is reeds 'n werkoholis. U is op 'n uitbrandingspad en 'n tipiese kandidaat vir 'n hartaanval; (as u nie alreeds 'n angina-lyer is of hartverwante siekte-toestande het nie). U neig tipies tot: • 'n Gejaagde lewenspatroon. • Oordrewe pligsbesef. • Aggressiwiteit. • Humeurig met tye. • Neem dikwels impulsiewe besluite. • Doen verskeie dinge gelyktydig. • Ongeduldig. • Kompeterend. • Dryf uself voortdurend.

Alle mense toon van tyd tot tyd beide A-Tipe en B-Tipe karaktertrekke. Hierdie vraelys kan onmoontlik die totale kompleksiteit van die mens weerspieël en dien slegs as hulpmiddel om u te help om bepaalde insigte aangaande u eie komplekse persoonlikheid en temperament te verkry. U kan nie u temperament **verander** nie, u kan egter leer om self u temperament te "bestuur" ("manage").

GEMIDDELDE LEWENSVERWAGTING:

- A-Tipe persoonlikheidsprofiel = 59-62jr
- B-Tipe persoonlikheidsprofiel = 71-75j

Bylaag C

Respondent No	Self-Rapportering	Self-Assessering	Stres-Persoonlikheid	Tipe Bevestig	Klaarheid van I-E Skaal	Klaarheid van E-O Skaal
(1)3	Choleries	Choleriese-Melancholies	80 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(2)4	Melancholies	Melancholies-Choleries	88 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Redelik (16-21)
(3)5	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	85 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(4)6	Choleries	Choleriese-Flegmaties	79 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(5)7	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	105 (A-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (2-15)
(6)18	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	76 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(7)19	Flegmaties	Choleries-Flegmaties	79 (B-)	Sekondêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(8)20	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	86 (B-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Verdeeld (22-30)
(9)21	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	74 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(10)22	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	92 (A-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Verdeeld (22-30)
(11)23	Flegmaties	Choleries-Flegmaties	79 (B-)	Sekondêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(12)24	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	66 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(13)25	Sanguinies	Sanguinies-Flegmaties	76 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(14)26	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	55 (B+)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(15)27	Melancholies	Melancholies-Choleries	105 (A-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Verdeeld (22-30)
(16)28	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	89 (A-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(17)29	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	95 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(18)30	Choleries	Choleries-Sanguinies	80 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(19)31	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	87 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(20)32	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	75 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(21)33	Melancholies	Flegmaties-Melancholies	73 (B-)	Sekondêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(22)34	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	72 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)

(23)35	Choleries	Choleries-Sanguinies	90 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(24)36	Melancholies	Choleries-Melancholies	87 (B-)	Sekondêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(25)37	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	101 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(26)38	Flegmaties	Choleries-Flegmaties	78 (B-)	Sekondêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(27)39	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	97 (A-)	Primêr	Redelik (16-21)	Redelik (31-36)
(28)40	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	87 (B-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Redelik (31-36)
(29)41	Flegmaties	Flegmaties-Sanguinies	69 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(30)42	Sanguinies	Sanguinies-Melancholies	90 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (2-15)
(31)43	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	74 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(32)44	Choleries	Choleries-Flegmaties	106 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(33)45	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	78 (B-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Duidelik (37-48)
(34)46	Sanguinies	Sanguinies-Flegmaties	93 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (2-15)
(35)47	Flegmaties	Flegmaties-Sanguinies	66 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(36)48	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	95 (A-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Verdeeld (22-30)
(37)49	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	74 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(38)50	Choleries	Choleries-Melancholies	116 (A+)	Primêr	Redelik (31-36)	Verdeeld (22-30)
(39)51	Melancholies	Melancholies-Choleries	103 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (2-15)
(40)52	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	72 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(41)53	Sanguinies	Choleries-Sanguinies	117 (A+)	Sekondêr	Redelik (31-36)	Verdeeld (22-30)
(42)54	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	87 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Redelik (31-36)
(43)55	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	97 (A-)	Primêr	Redelik (16-21)	Redelik (31-36)
(44)56	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	57 (B+)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(45)58	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	67 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(46)59	Melancholies	Sanguinies-Melancholies	84 (B-)	Sekondêr	Redelik (16-21)	Verdeeld (22-30)
(47)60	Choleries	Choleries-Melancholies	104 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(48)61	Flegmaties	Flegmaties-Sanguinies	81 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Redelik (31-36)

(49)62	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	73 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(50)63	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	77 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(51)64	Sanguinies	Sanguinies-Choleries	109 (A-)	Primêr	Redelik (31-36)	Verdeeld (22-30)
(52)65	Sanguinies	Sanguinies-Flegmaties	109 (A-)	Primêr	Duidelik (37-48)	Redelik (16-21)
(53)66	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	64 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(54)67	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	52 (B-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Redelik (31-36)
(55)68	Sanguinies	Sanguinies-Melancholies	127 (A+)	Primêr	Duidelik (37-48)	Duidelik (2-15)
(56)69	Flegmaties	Flegmaties-Sanguinies	86 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(57)70	Choleries	Choleries-Flegmaties	88 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(58)71	Choleries	Flegmaties-Choleries	78 (B-)	Sekondêr	Verdeeld (22-30)	Verdeeld (22-30)
(59)72	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	74 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(60)73	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	50 (B+)	Primêr	Duidelik (2-15)	Duidelik (37-48)
(61)74	Choleries	Choleries-Melancholies	105 (A-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Redelik (31-36)
(62)75	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	104 (A-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (2-15)
(63)77	Sanguinies	Sanguinies-Choleries	71 (B-)	Primêr	Redelik (31-36)	Verdeeld (22-30)
(64)78	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	111 (A+)	Primêr	Redelik (16-21)	Verdeeld (22-30)
(65)79	Flegmaties	Flegmaties-Choleries	66 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(66)80	Melancholies	Melancholies-Flegmaties	120 (A+)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (2-15)
(67)81	Choleries	Choleries-Sanguinies	77 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)
(68)82	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	66 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(69)83	Flegmaties	Flegmaties-Sanguinies	74 (B-)	Primêr	Duidelik (2-15)	Duidelik (37-48)
(70)84	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	75 (B-)	Primêr	Redelik (16-21)	Duidelik (37-48)
(71)85	Flegmaties	Flegmaties-Melancholies	75 (B-)	Primêr	Verdeeld (22-30)	Duidelik (37-48)